

https://dspace.org/

Elizabeth Eybers Se "Nederlandse" Bundels, 1962-1991.

Jansen, Ena

1992
https://hdl.handle.net/10539/25462

Downloaded from a DSpace repository. https://dspace.org/

ELISABETH EYBERS SE "NEDERLANDSE" BUNDELS 1962 - 1991

ENA JANSEN

A thesis submitted to the Faculty of Arts,
University of the Witwatersrand, Johannesburg,
for the degree of Doctor of Philosophy.

Johannesburg, 1992

ABSTRACT

Since Eybers went to live in Amsterdam in 1961 her poetry has always been simultaneously published in Amsterdam and Cape Town. Nine of her sixteen collections since she made her debut in 1936 can therefore be called "Dutch" in the sense that they have not only been published in the Netherlands, but have also been reviewed there extensively and very positively. She is regarded as a poet belonging to the Dutch literary tradition, and was awarded the highest prize for Dutch literature in 1991. All of this has happened without her losing her South African readership or status as one of the greatest Afrikaans poets.

In this study I present an overview of the situation in Holland with regard to the scant acceptance and lack of knowledge of Afrikaans and of its literature at the time Eybers went to live there. The uniqueness of her Dutch acceptance is analysed against this background. An overview of her Dutch and South African reviews (1962-1992) clearly shows that Dutch reviewers have always been fascinated by the fact that they can understand her work in spite of the fact that Afrikaans is otherwise considered a language from which texts need to be translated into Dutch in order to be readable and marketable.

Because Eybers lives in the Netherlands she shares a frame of reference with her Dutch readers. Her language has incorporated many typical Dutch phrases, allowing her poetry to become more accessible and familiar to Dutch readers. Basically, though, she still writes in Afrikaans and South African readers still read and regard her as an Afrikaans poet. In her poems - which often describe her state of voluntary exile and in which memories of the vast South African landscape are described - South African readers therefore find much which is familiar to them. Her themes - love, loneliness, ageing, death, estrangement - are universal. In spite of this wide acceptance an in depth study of the particularities of the Eybers idiolect and fields of reference clearly shows that both sets of readers are constantly faced with quite severe comprehension problems. I therefore argue that the work of Eybers offers a unique example of "making it strange", the element which the Russian Formalists regarded as the essential difference between natural language and poetic language. The "double world" and "go between" language of Eybers result in a blend of intimacy and strangeness which two sets of readers experience in different ways. I argue that particular "ungrammaticalities" make her "Dutch" volumes "doubly poetical". Formalist, reception and semiotic theories are employed in a descriptive explanation of the Eybers phenomenon.

DECLARATION

I declare that this thesis is my own, unaided work. It is being submitted to the University of the Witwatersrand for the degree of Doctor of Philosophy. It has not been submitted before for any degree or examination at any other university.

E. Jansen.

31st day of March, 1992

VOORAF

Vanaf *Balans* (1962) verskyn Elisabeth Eybers se bundels altyd gelyktydig in Suid-Afrika en Nederland: in twee uitgawes maar in presies dieselfde taalvorm - dus onvertaald na watter kant toe ook al. Dit beteken dat nege van die sestien bundels wat Eybers vanaf haar debuut in 1936 tot en met 1991 publiseer, nie slegs by wyse van spreke nie, maar ook konkreet "Nederlandse" bundels genoem kan word.

Die publikasie en bemarking van hierdie bundels het tot gevolg dat dit nie net in Suid-Afrikaanse koerante en tydskrifte bespreek word nie, maar ook in soortgelyke Nederlandse blaaie. Dit is duidelik dat Eybers se "Nederlandse" poësie 'n baie interessante translatige fenomeen moet wees om resepsie in so 'n mate moontlik te maak dat twee letterkundes Elisabeth Eybers as een van hulle grootste digters beskou en haar met hulle albei se belangrikste letterkundige pryse vereer. Haar aanvaarding deur die Nederlandse letterkundige wêreld het geensins 'n afname in haar toe-eiening deur Afrikaanse lesers tot gevolg gehad nie.

In n artikel in *Uit liefde en ironie. Liber amicorum Elisabeth Eybers* (1990) noem ek Eybers 'n "vreemde eend in de bijt". Hierdie karakterisering van Eybers is gebaseer op die Petrus-eend in "Vriesweer" (VG-274). Hy is so duidelik 'n buitestaander dat ek die eend en die digter aan mekaar gelykgestel: "die Petrus-eend (kan) 'n beeld wees van die digter in nuwe omstandighede" (Jansen in Ester & Lindenberg 1990:56). My gevolgtrekking was: "Miskien sal blyk dat Eybers se vermoë om in haar eie tussentaal 'omhoog' te 'krabbel' die onontbeerlike 'noodluik' is" wat so kenmerkend is van haar poësie. Wat aanvanklik as hoofsaaklik 'n gedig-spesifieke beskrywing bedoel is, het tydens my ondersoek vir hierdie proefskrif steeds meer van toepassing geblyk. Ek meen dat Eybers se twee leserspublieke -omdat ek tien jaar lank in Nederland gewoon het, sluit ek myself by albei in - juis deur die ontwykendheid, die dubbelheid van haar taal en wêreld in die ban gehou word. In die slothoofstuk beskryf ek "dubbele poëtisiteit" as kenmerkend van Eybers se "Nederlandse" bundels en ek beskou dit as die belangrikste rede waarom sy so 'n gelieefde vreemde eend is.

Alhoewel talle akademiese skripsies, artikels en boeke die afgelope dekades aan Elisabeth Eybers se poësie gewy is, is die aspekte wat in hierdie proefskrif aan die orde kom nog nooit voorheen op 'n sistematiese en uitvoerige manier aan die orde gestel nie. Tydens my ondersoek het ek agtergekom dat ek óf slegs 'n selektiewe en dus gedeeltelike aanduiding kon gee waarom Eybers so 'n uitsonderlike posisie het, óf 'n omvattende weergawe van die omstandighede waaronder haar poësie in Nederland ontvang is. Die groot hoeveelheid

materiaal hieroor wat ek tydens studiebesoeke aan Nederland versamel het, het my daarvan oortuig dat 'n so volledig-moontlike dokumentasie van die wêreld waarin Eybers tereggekom het en haar resepsie 'n belangrike onderdeel van hierdie studie moet weer. *Elisabeth Eybers se "Nederlandse" bundels 1962 - 1991* behels dus onder meer geskiedskrywing, die dokumentasie van Eybers-resepsie en interpretasies van spesifieke gedigte. Omdat ek alle gegewens in 'n verband wil aanbied waardeur veral twee doelstellings steeds op 'n argumentatiewe wyse voor oë gehou word, is dit nodig om kortliks my werkwyse en die opeenvolging van hoofstukke te motiveer.

My eerste doel is om 'n beskrywing te gee van die unieke posisie wat Elisabeth Eybers in sowel die Afrikaanse as die Nederlandse letterkundes het (dele I, II en III). Die tweede doel van hierdie proefskrif is om 'n verklaring te vind vir Eybers se toeganklikheid en die waardering vir haar poësie (dele IV en V). Deel 1 bestaan uit vyf hoofstukke, Deel II uit twee, Deel III uit drie, Deel IV uit twee, en Deel V uit een hoofstuk.

In Deel 1 bespreek ek die verband tussen Eybers se lewensloop en oeuvre en stel vas dat haar posisie in die Nederlandse letterkunde 'n ontwikkeling van die afgelope dertig jaar is wat sonder twyfel gekoppel kan word aan die feit dat sy sedert 1961 in Amsterdam woon. Tot en met die eind-vyftigerjare was Eybers "net" 'n Afrikaanse digter, die sogenaamde "vroulike komponent van Dertig", terwyl sy later veel algemener en ook as Nederlandse digter erken word. Dat haar Nederlandse verblyf 'n groot invloed op haar poësie en op die kwaliteit daarvan het, blyk onder meer uit Ester (1988) se formulering dat Nederland as permanente drempel, "als 'Fremderfahrung' nodig (of ten minste belangrijk is) om deze dichteres te laten struikelen en schrijven".

In Hoofstuk 1 word die rol van G.A. van Oorschot in die bekendstelling van Eybers se poësie in Nederland in 1957 en die voortsetting daarvan deur Em. Querido's Uitgeverij vanaf 1962 bespreek. In Hoofstuk 2 loop ek die geskiedenis vooruit deur Eybers se "feesjare" 1990 en 1991 as bevestiging en bewys van haar hoë aansien as digter in twee lande te beskryf. Met hierdie vasstelling, wat tegelykertyd ook 'n bevestiging is van die omvang van Eybers se oeuvre, stel ek in Hoofstuk 3 voor dat 'n tweedeling aangebring kan word met 1962 as markeringsdatum tussen die "Suid-Afrikaanse" en die "Nederlandse" fases in haar poësie. In Hoofstuk 4 word ondersoek in watter mate Eybers as 'n ballingskrywer beskou kan word en watter invloed die ballingskap-topos op die tweede fase van haar werk het. Aangesien dit so selde voorkom dat 'n digter gereken word tot twee tale se nasionale letterkundes, stel ek in Hoofstuk 5 vas wat die konsekwensies hiervan is.

Deel II is 'n historiese terugblik. In Hoofstukke 6 en 7 word oorsigte gegee van die mate waarin onderskeidelik die Afrikaanse letterkunde en taal in die algemeen in Nederla: bekend was teen die tyd dat Elisabeth Eybers daarheen verhuis het. Indien 'n mens in ag neem dat geen ander Afrikaanse digter in onvertaalde vorm 'n konsekwent-waarderende Nederlandse gehoor het nie, en dat Afrikaans teen die begin-sestigerjare as 'n vreemde taal in Nederland beskou is, is dit des te meer merkwaardig dat Eybers se poësie wel as toeganklik ervaar word deur Nederlandse lesers.

In Deel III word die waardering vir Eybers se poësie in besonderhede vasgestel deur 'n oorsig te gee van die Nederlandse resepsie van *Balans* (in Hoofstuk 8) en van alle daaropvolgende bundels (in Hoofstuk 9). In Hoofstuk 10 word die Suid-Afrikaanse resepsie van hierdie "Nederlandse" bundels vergelykenderwys aan die orde gestel.

Die vasstelling dat Elisabeth Eybers 'n figuur van belang in twee letterkundes is, beteken nié dat sy deur twee lesersgroepe in gelyke mate en op dieselfde manier verstaan word nie. In Deel IV word ondersoek ingestel na Eybers se idiolek en verwysingswêreld. Hoofstuk 11 is 'n uiteensetting van verskillende taalprobleme waarvoor onderskeidelik Nederlandse en Afrikaanse lesers te staan kom en in Hoofstuk 12 word referensiële probleme bespreek.

Ek sluit my ondersoek af deur in Deel V redes te bespreek waarom Elisabeth Eybers se poësie in Nederland so 'n waarderende gehoor het. Die belangrikste rede hiervoor én vir die voortgesette Suid-Afrikaanse waardering is dat poëtisiteit in Eybers-bundels dubbel vooropgestel is. Die kombinasie van vertroude elemente en vervreemdende effekte op veral talige en referensiële vlakke dra hiertoe by. Formalistiese, resepsie-teoretiese en semiotiese standpunte oor die belang van vooropgestelde tekselemente word ingespan om 'n verklaring te vind vir Eybers se gunstige ontvangs in twee taalgebiede. Dat vervreemdende elemente in die Eybers-idiolek as ikoniese tekens funksioneer wat basiese temas in haar poësie ondersteun (buitestaanderskap, ontheemdheid, 'n volgehoue soeke na die jutste woord), is myns insiens aantoonbaar. Eybers beskryf algemeen-menslike emosies, maar die "vreemdheid" van die dubbele wêreld in haar gedigte bring albei haar lesersgroepe se gevestigde taal- en denkstrukture aan die wankel. "Het gedicht ontregelt, het ontvoert en ontwricht" (Meijer 1988:11) - in Eybers se geval bowendien omdat haar idiolek 'n afwyking is van twée standaardtale.

In my ondersoek neem verwysings na Elisabeth Eybers se poësie steeds die sentrale plek in en ek verwys voortdurend na veral die "Nederlandse" gedigte. Die titels van haar bundels waaruit ek aanhaal word afgekort:

VG: *Versamelde gedigte*, 1990. Die twee uitgawes (Amsterdam: Querido en Van Oorschot, en Kaapstad: Human & Rousseau en Tafelberg) is identies. VG-269 verwys dus in albei gevalle na "Immigrant".

TS: *Teëspraak*, 1991. Aangesien bladsyverwysings in die Nederlandse (Amsterdam: Stichting P.C. Hooft-prijs en Querido) en Suid-Afrikaanse (Kaapstad: Human & Rousseau) uitgawes verskil, dui ek telkens albei aan; eers uit die Nederlandse en dan die Suid-Afrikaanse uitgawe. TS-10/34 verwys dus na "1 Desember". Aangesien twee gedigte nié in die vroeër Amsterdamse uitgawe verskyn nie, is 'n verwysing na 'n enkelbladsy dus slegs na die Kaapse uitgawe (bv. TS-45 verwys na "Requiem").

Twee studiebesoeke aan Nederland in 1990 en 1991 het my in staat gestel om hierdie ondersoek te doen. My dank aan die volgende instansies wat dit finansieel moontlik gemaak het:

- Die Anderson-Capelli-studiefonds van die Universiteit van die Witwatersrand;
- Stichting Studiefonds voor Zuidafrikaanse Studenten;
- Stichting Neerlandia;
- Van Ewijk-stigting;
- Die Instituut vir Navorsingsontwikkeling (INO) van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing: 'n beurs vir deeltydse studie vir 'n doktorsgraad 1990/1991 en 'n beurs vir gespesialiseerde navorsing in die buiteland 1991/1992. Die gevolgtrekkings waartoe ek in hierdie ondersoek kom, is nie noodwendig verteenwoordigend van standpunte van die INO of die RGN nie.

Ek wil baie graag die volgende persone bedank:

- Gerrit Olivier, vriend en promotor, vir sy skerpsinnige wenke en nouka rige saamlees.
- Jaap Oversteegen en Ernst Lindenberg vir die eerste gesprekke oor hierdie onderwerp.
- Hans Ester vir advies en bystand.
- Miep Nienaber-Luitingh, Pierre H. Dubois en Marlene van Niekerk vir informele gesprekke.
- Anneke Geluk, Marianne de Jong en Sarah Slabbert vir hulle waardevolle hulp in verband met Hoofstukke 11 en 13.
- Wouter van Oorschot, Jaap Goedegebuure en Gert Jan de Vries vir toestemming om die korrespondensie tussen Elisabeth Eybers en G.A. van Oorschot in te sien.
- Ary Langbroek en Rona Millenaar vir die beskikbaarstelling van Em. Querido's Uitgeverij se uitgebreide Eybers-knipselargief.

- Koos Human van Human & Rousseau vir gesprekke oor Elisabeth Eybers en die samewerkingsverband met Querido, asook vir insae in die uitgewer se Eybers-knipselargief.
- Die personeel van die SAI/NZAV-biblioteek in Amsterdam.
- My ouers Johan en Ena Jansen vir hulle ondersteuning.
- Liesbeth Botha, my toeverlaat en persoonlike, steeds gebruikersvriendelike WordPerfect-gids by die totstandkoming van hierdie boekwerk en die keuse van Palatino 10 pt.
- Elisabeth Eybers vir vriendskap en haar - skroomvallige - bereidwilligheid om my van inligting in verband met die "Nederlandse" jare te voorsien. Ek dra graag hierdie proefskrif aan haar op.

Johannesburg, Maart 1992

INHOUD

I DIE VERBAND TUSSEN ELISABETH EYBERS SE LEWENSLOOP EN OEUVRE 1

1 ELISABETH EYBERS SE TOETREDE TOT DIE NEDERLANDSE LETTERKUNDIGE WÊRELD 3
1.1 INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING 3
1.2 BIOGRAFIESE ONDERSOEKMETODE 5
1.3 BIOGRAFIESE GEGEWENS TOT EN MET 1961 8
1.4 DIE ROL VAN DIE AMSTERDAMSE UITGEWER G.A. VAN OORSCHOT 11
1.5 E.M. QUERIDO'S UITGEVERIJ 14
1.6 GEVOLGE VAN EYBERS SE NEDERLANDSE PUBLIKASIE 15
1.7 VOORTGESETTE WAARDERING IN SUID-AFRIKA 17
1.8 OPSOMMEND 17

2 ELISABETH EYBERS SE POSISIE IN NEDERLAND IN 1990 EN 1991 20
2.1 INLEIDING 20
2.2 1990 - PUBLIKASIES TER ERE VAN EYBERS SE 75STE VERJAARDAG 21
2.2.1 SUID-AFRIKAANSE REAKSIES OP EYBERS SE HULDIGINGSBUNDELS 29
2.3 1991 - TOEKENNING VAN DIE P.C. HOOFT-PRYS 31
2.4 OPSOMMEND 35

3 ELISABETH EYBERS SE LANDVERHUISING EN DIE TWEEDELING VAN HAAR OEUVRE 37
3.1 INDELINGS DEUR SUID-AFRIKAANSE KRITICI 37
3.2 INDELINGS DEUR NEDERLANDSE KRITICI 42
3.3 OPSOMMEND 45

4 ELISABETH EYBERS DIE LIG BEVREEMDE VREEMDELING - 'N DIGTER IN BALLINGSKAP 47
4.1 "EXIL"-LITERATUUR 47
4.2 EYBERS SE OPVATTINGS OOR BALLINGSKAP 52
4.3 GEDIGTE WAARIN BALLINGSKAP TEMATIES AAN BOD KOM ... 58
4.4 OPSOMMEND 66

5 ELISABETH EYBERS EN DIE KONSEP VAN 'N NASIONALE LETTERKUNDE 69
5.1 INVOEGING BY 'N NASIONALE LETTERKUNDE 69
5.1.1 DIE ANGLO-IERSE SITUASIE 72
5.2 EYBERS SE STANDPUNT OOR 'N NASIONALE LETTERKUNDE ... 74
5.3 EYBERS SE "DUBBELE NASIONALITEIT" IN TWEE LETTERKUNDES 79

II DIE AFRIKAANSE TAAL EN LETTERKUNDE IN NEDERLAND (CA. 1960) 83

6 HOE BEKEND IS DIE AFRIKAANSE LETTERKUNDE IN NEDERLAND (CA. 1930 - 1960) ? 85
6.1 INLEIDING 85
6.2 'N OORSIG VAN AFRIKAANSE SKRYWERS SE BEKENDSTELLING VAN HULLE LETTERKUNDE IN

NEDERLAND 86
6.3 NEDERLANDSE LITERATORE BEVORDER DIE AFRIKAANSE LETTERKUNDE (CA. 1930 - 1960) 89
6.4 TWEE KRITIESE SIENINGS OOR NEDERLAND SE ONTVANKLIKHEID VIR DIE AFRIKAANSE LETTERKUNDE ... 95
6.5 ANDER INTERKULTURELE KONNEKSIES TUSSEN SUID-AFRIKA EN NEDERLAND (CA. 1930 - 1960) 97
6.5.1 DIE KULTURELE AKKOORD 98
6.5.2 LEERSTOEL VIR AFRIKAANSE TAAL- EN LETTERKUNDE IN AMSTERDAM 98
6.5.3 REINA PRINSEN-GEERLIGSPRYS 100
6.6 VERANDERINGE IN DIE KULTURELE KONTAKTE NÁ 1960 100
6.7 'N VERGELYKING TUSSEN DIE NEDERLANDSE RESEPSIE VAN DIE VAN OORSCHOT-VERSAMELINGS VAN EYBERS, VAN WYK LOUW EN OPPERMAN SE POËSIE 102
6.7.1 DIE EYBERS-VERSAMELING 102
6.7.1.1 RESEPSIE VAN DIE EYBERS-VERSAMELING .. 104
6.7.2 DIE VAN WYK LOUW- EN OPPERMAN-BLOEMLESINGS 107
6.7.2.1 RESEPSIE VAN DIE BLOEMLESINGS VAN N.P. VAN WYK LOUW EN D.J. OPPERMAN .. 109
6.8 OPSOMMEND 113

7 HOE BEKEND IS AFRIKAANS IN NEDERLAND (CA. 1960) ? 116
7.1 AMPTELIKE KONNEKSIES TUSSEN AFRIKAANS EN NEDERLANDS 116
7.2 SIMPOSIUM OOR DIE POSISIE VAN AFRIKAANS: AMSTERDAM 1964 117
7.2.1 ENKELE ANDER OPMERKINGS OOR AFRIKAANS 119
7.3 OPMERKINGS OOR AFRIKAANS IN POËSIERESENSIES 120
7.4 OPSOMMEND 126

III DIE RESEPSIE VAN ELISABETH EYBERS SE "NUDERLANDSE" BUNDELS 129

8 DIE NEDERLANDSE RESEPSIE VAN *BALANS* (1962) 131
8.1 INLEIDING 131
8.2 KOMMENTAAR OOR EYBERS SE TAALGEBRUIK 133
8.2.1 WORD AFRIKAANS AS 'N STRUIKELBLOK ERVAAR? .. 133
8.2.2 WORD EYBERS SE AFRIKAANS AS 'N POSITIEWE FAKTOR ERVAAR? 134
8.2.3 DIE SUBTILITEIT VAN EYBERS SE TAALGEBRUIK WORD BEKLEMTOON, SONDER DAT DIE NODIGE TAALKENNIS AANWESIG IS 135
8.2.4 VOORBEELDE VAN TAALPROBLEME 136
8.3 VERWYSINGS NA DIE EYBERS-REFERENSIEKADER 137
8.3.1 GEDIGTE WAT SPESIFIEK NA DIE NEDERLANDSE WERKLIKHEID VERWYS 137
8.3.2 VERWYSING NA SUID-AFRIKAANS-GESITUEERDE GEDIGTE 138
8.3.3 VERLANGE NA SUID-AFRIKA 139
8.3.4 POLITIEKE BESWARE 139
8.3.5 TEMAS 140
8.4 ALGEMEEN POËTIKALE ASPEKTE 141
8.4.1 NEGATIEWE KRITIEK 141
8.4.2 ONDERSKEID TUSSEN EYBERS EN ANDER AFRIKAANSE DIGTERS 142

8.4.3 VERWANTSKAP MET DIE NEDERLANDSE POËSIE 144
8.4.3.1 DIE DIREKTHEID VAN EYBERS-POËSIE WORD VERGELYK MET DUISTER NEDERLANDSE POËSIE 145
8.4.3.2 EYBERS SE TOE-EIENING TOT DIE NEDERLANDSE LETTERKUNDE 145
8.5 EYBERS WORD BESPREEK SAAM MET NEDERLANDSE DIGTERS IN GEMENGDE RESENSIES 146
8.6 OPMERKINGS OOR DIE BEGIN VAN DIE NEDERLANDSE PERIODE IN EYBERS SE WERK N.A.V. DIE TEMA "ONTHEEMDING" 146
8.7 OPSOMMEND 147

9 DIE NEDERLANDSE RESEPSIE VAN *ONDERDAK* (1968), *KRUIS OF MUNT* (1973), *EINDER* (1977), *BESTAND* (1982), *DRYFSAND* (1985), *RYMDWANG* (1987), *NOODLUIK* (1989) EN *TEËSPRAAK* (1991) 149
9.1 INLEIDING 149
9.2 KOMMENTAAR OOR EYBERS SE TAALGEBRUIK 150
9.2.1 WORD AFRIKAANS AS 'N STRUIKELB[illegible]ERVAAR? .. 150
9.2.2 WORD EYBERS SE AFRIKAANS AS 'N [illegible]RWE FAKTOR ERVAAR? 154
9.2.3 DIE SUBTILITEIT VAN EYBERS SE TAALGEBRUIK WORD BEKLEMTOON SONDER DAT DIE NODIGE TAALKENNIS AANWESIG IS 158
9.2.4 VOORBEELDE VAN TAALPROBLEME 158
9.3 VERWYSINGS NA DIE EYBERS-REFERENSIEKADER 163
9.3.1 GEDIGTE WAT SPESIFIEK NA DIE NEDERLANDSE WERKLIKHEID VERWYS 163
9.3.2 VERWYSING NA SUID-AFRIKAANS-GESITUEERDE GEDIGTE 165
9.3.3 VERLANGE NA SUID-AFRIKA 167
9.3.4 POLITIEKE BESWARE 168
9.3.5 TEMAS 173
9.3.6 'N BEWUSSYN VAN SUID-AFRIKAANSE LESERS SE REFERENSIËLE PROBLEME 175
9.4 ALGEMENE POËTIKALE ASPEKTE 176
9.4.1 NEGATIEWE KRITIEK 176
9.4.2 ONDERSKEID TUSSEN EYBERS EN ANDER AFRIKAANSE DIGTERS 178
9.4.3 VERWANTSKAP MET DIE NEDERLANDSE POËSIE 179
9.4.3.1 DIE DIREKTHEID VAN EYBERS-POËSIE WORD VERGELYK MET DUISTER NEDERLANDSE POËSIE 181
9.4.3.2 EYBERS SE TOE-EIENING TOT DIE NEDERLANDSE LETTERKUNDE 184
9.5 EYBERS WORD SAAM MET NEDERLANDSE DIGTERS IN GEMENGDE RESENSIES BESPREEK 187
9.6 OPMERKINGS OOR DIE NEDERLANDSE PERIODE IN EYBERS SE WERK N.A.V. DIE TEMA "ONTHEEMDING" 188
9.7 OPSOMMEND 192

10 DIE SUID-AFRIKAANSE RESEPSIE VAN ELISABETH EYBERS SE "NEDERLANDSE" BUNDELS 195
10.1 INLEIDING 195
10.2 WERKWYSE 197
10.3 DIE SUID-AFRIKAANSE RESEPSIE 200
10.3.1 KOMMENTAAR OOR EYBERS SE TAALGEBRUIK 200
10.3.1.1 WORD NEDERLANDS AS 'N POSITIEWE

FAKTOR ERVAAR? 201
10.3.1.2 VOORBEELDE VAN TAALPROBLEME 202
10.3.2 VERWYSINGS NA DIE EYBERS-REFERENSIEKADER ... 203
10.3.2.1 GEDIGTE WAT SPESIFIEK NA DIE NEDERLANDSE WERKLIKHEID VERWYS: AANDAG DAARVOOR EN PROBLEME DAARMEE 204
10.3.2.2 VERWYSINGS NA SUID-AFRIKAANS-GESITUEERDE GEDIGTE 207
10.3.2.3 VERLANGE NA SUID-AFRIKA 208
10.3.3 ALGEMENE POËTIKALE ASPEKTE 210
10.3.3.1 NEGATIEWE KRITIEK 210
10.3.3.2 EYBERS SE VERWANTSKAP MET DIE NEDERLANDSE POËSIE EN VERGELYKINGS MET AFRIKAANSE DIGTERS 2
10.3.3.3 ERKENNING VAN EYBERS SE POSISIE IN NEDERLAND 213
10.3.3.4 OPMERKINGS OOR DIE NEDERLANDSE FASE IN EYBERS SE WERK N.A.V. DIE TEMA "ONTHEEMDING" 216
10.4 OPSOMMEND 221

IV 'N SISTEMATIESE LEESVERSLAG VAN ELISABETH EYBERS SE "NEDERLANDSE" BUNDELS 225

11 DIE IDIOLEK VAN ELISABETH EYBERS IN HAAR "NEDERLANDSE" BUNDELS 227
11.1 INLEIDING 228
11.2 KLANK- EN SPELLINGVERSKILLE: PROBLEME VIR NEDERLANDSE LESERS 229
11.3 MORFOLOGIESE VERSKILLE: PROBLEME VIR NEDERLANDSE LESERS 232
11.4 LEKSIKALE VERSKILLE: PROBLEME VIR NEDERLANDSE EN AFRIKAANSE LESERS 234
11.4.1 LEKSIKALE PROBLEME VIR NEDERLANDSE LESERS .. 238
11.4.1.1 "VERBASTERDE" ERFGOED 238
11.4.1.2 LEENGOED 239
11.4.1.3 EIEGOED 240
11.4.2 LEKSIKALE PROBLEME VIR AFRIKAANSE LESERS ... 2
11.4.2.1 WOORDE HEELTEMAL ONBEKEND IN AFRIKAANS 242
11.4.2.2 ONBEKENDE WOORDE BEGRYPLIK BINNE GEDIGKONTEKS 243
11.4.2.3 GEBRUIK VAN NEDERLANDSE SINSNEDES . 245
11.4.3 DIE EYBERS-IDIOLEK: LEKSIKALE PROBLEME VIR NEDERLANDSE EN AFRIKAANSE LESERS 248
11.4.3.1 "WOORDEBOEKAGTIGE" WOORDE 250
11.4.3.2 VERWARRENDE WOORDE WEENS VERSKILLENDE BETEKENISSE IN AFRIKAANS EN NEDERLANDS 251
11.4.3.3 EYBERS-NEOLOGISMES 257
11.4.3.3.1 SELFSTANDIGE NAAMWOORDE ... 257
11.4.3.3.2 WERKWOORDE 258
11.4.3.3.3 BYWOORDE 259
11.4.3.3.4 BYVOEGLIKE NAAMWOORDE 259
11.4.4 OPSOMMEND 259
11.5 VASTE EN IDIOMATIESE UITDRUKKINGS: PROBLEME VIR

NEDERLANDSE EN AFRIKAANSE LESERS 260
11.5.1 IDIOME EN IDIOMATIESE UITDRUKKINGS BEKEND IN ALBEI TALE 260
11.5.2 AFRIKAANSE IDIOMATIESE UITDRUKKINGS: PROBLEME VIR NEDERLANDSE LESERS 261
11.5.3 NEDERLANDSE VASTE EN IDIOMATIESE UITDRUKKINGS: PROBLEME VIR AFRIKAANSE LESERS 262
11.6 SINTAKTIESE VERSKILLE: PROBLEME VIR NEDERLANDSE EN AFRIKAANSE LESERS 263
11.6.1 "DUBBELE ONTKENNING" 263
11.6.2 DIE KONSTRUKSIE MET *VIR* 265
11.6.3 REDUPLIKASIE 265
11.6.4 INFINITIEF-KONSTRUKSIES 266
11.6.5 DIE KONSTRUKSIE *OM TE* 266
11.6.6 VERBONDE VERBALE VORME 267
11.6.7 LIDWOORD EN SUBSTANTIEF 267
11.6.8 ALLERLEI 267
11.6.8.1 VERGELYKENDE KONSTRUKSIES 268
11.6.8.2 ANDER KONSTRUKSIES BEÏNVLOED DEUR NEDERLANDS 268
11.7 DIE OPLOSSING VAN TAALPROBLEME 270
11.7.1 WENKE VAN NEDERLANDSE RESENSENTE 270
11.7.2 BESWARE VAN AFRIKAANSE RESENSENTE 272

12 ELISABETH EYBERS SE TUSSENWÊRELD: REFERENSIËLE PROBLEME ... 276
12.1 INLEIDING 276
12.2 GEOGRAFIESE VERSKILLE TUSSEN NEDERLAND EN SUID-AFRIKA 277
12.2.1 INTERPRETASIEPROBLEME IN VERBAND MET "HIER" - "DAAR" 279
12.2.2 INTERPRETASIEPROBLEME IN VERBAND MET "HULLE" - "ONS" 284
12.2.3 INTERPRETASIEPROBLEME IN VERBAND MET NOORD/SUID 285
12.2.4 INTERPRETASIEPROBLEME IN VERBAND MET PLEKNAME 288
12.3 KLIMAATSVERSKILLE TUSSEN NEDERLAND EN SUID-AFRIKA 291
12.3.1 SPESIFIEKE VERGELYKINGS VAN KLIMAATSOMSTANDIGHEDE 292
12.3.2 NEDERLANDSE KLIMAATSBESKRYWINGS: PROBLEME VIR SUID-AFRIKAANSE LESERS 294
12.3.3 SUID-AFRIKAANSE KLIMAATSBESKRYWINGS: PROBLEME VIR NEDERLANDSE LESERS 296
12.4 SOSIALE VERSKILLE 299
12.4.1 SUID-AFRIKAANSE GEGEWENS: PROBLEME VIR NEDERLANDSE LESERS 299
12.4.2 NEDERLANDSE GEGEWENS: PROBLEME VIR SUID-AFRIKAANSE LESERS 303
12.5 REAKSIES OP VERWYSINGS NA EYBERS SE PERSOONLIKE LEWE IN GEDIGTE 309
12.6 REAKSIES OP LITERÊRE VERWYSINGS 316
12.6.1 MITOLOGIESE VERWYSINGS: EWE VREEMD/BEKEND VIR ALBEI STELLE LESERS 316
12.6.2 BYBELSE VERWYSINGS: EWE VREEMD/BEKEND VIR ALBEI STELLE LESERS 316

12.6.3 INTERTEKSTUELE VERWYSINGS 317
12.6.3.1 VERWYSINGS NA DIE NEDERLANDSE LETTERKUNDE: PROBLEME VIR AFRIKAANSE LESERS 317
12.6.3.2 VERWYSINGS NA DIE AFRIKAANSE LETTERKUNDE: PROBLEME VIR NEDERLANDSE LESERS 319
12.7 OPSOMMEND 319
12.8 RIFFATERRE, CULLER EN MEIJER OOR REFERENSIËLE VERWYSINGS 321

V ELISABETH EYBERS SE DUBBELE WÊRELD: POËTISITEIT DUBBEL VOOROPGESTEL 327

13 LESERGERIGTE VERKLARINGS VIR ELISABETH EYBERS SE POSISIE IN DIE NEDERLANDSE EN AFRIKAANSE LETTERKUNDES 329
13.1 REDES VIR EYBERS SE AANVAARDING IN NEDERLAND 329
13.1.1 NEDERLANDSE PUBLIKASIEGESKIEDENIS VAN ELISABETH EYBERS 330
13.1.2 EYBERS-TEMAS 330
13.1.3 EYBERS SE VERWANTSKAP MET DIE NEDERLANDSE POËTIESE TRADISIE 331
13.1.4 NEDERLANDSE VERWYSINGSWÊRELD 332
13.1.5 OPSOMMEND 333
13.2 DIE VERVREEMDENDE EFFEK VAN POËTIESE TAALGEBRUIK 334
13.2.1 TEKS EN KOMMUNIKASIE: DIE VERHOUDING "ARTEFAK" TOT "ESTETIESE OBJEK" 336
13.2.2 POËTIESE TAALGEBRUIK IN DIE ALGEMEEN EN IN EYBERS SE "NEDERLANDSE" BUNDELS 338
13.2.2.1 SINTAKSIS, VERSREËL EN STROFE 339
13.2.2.2 KLANK 339
13.2.2.3 RITME EN METRUM 341
13.2.2.4 PROBLEME OP DIE GEBIED VAN AFWYKENDE SINTAKSIS 342
13.2.2.5 PROBLEME VERBONDE AAN METAFORIESE TAALGEBRUIK 344
13.2.6 OPSOMMEND 351
13.3 TEORETIESE OPVATTINGS OOR LESERS EN DIE RESEPSIE VAN TEKSTE 351
13.3.1 RESEPSIE-ESTETIKA 353
13.3.1.1 AKKOMMODASIE EN ASSIMILASIE 354
13.3.2 "UNBESTIMMTHEIT" - DUBBEL RELEVANT BY EYBERS 355
13.3.3 JESSURUN D'OLIVEIRA OOR NEDERLANDSE LESERS VAN AFRIKAANSE POËSIE 357
13.3.4 OPSOMMEND 358
13.4 TEKS AS TEKEN: DIE SEMIOTIESE BENADERING 358
13.4.1 PEIRCIAANSE LITERATUURSEMIOTIEK 359
13.4.2 DIE SEMIOTIEK VAN LOTMAN 360
13.4.3 CULLER, RIFFATERRE EN ECO 362
13.5 'N SIENING VAN EYBERS SE "NEDERLANDSE" BUNDELS AS IKONIES 365
13.6 SLOT 368

BIBLIOGRAFIE 375

I

DIE VERBAND TUSSEN ELISABETH EYBERS SE LEWENSLOOP EN OEUVRE

HOOFSTUK 1

ELISABETH EYBERS SE TOETREDE TOT DIE NEDERLANDSE LETTERKUNDIGE WÊRELD

Die feit dat Elisabeth Eybers (gebore 1915, Suid-Afrika) sedert 1961 in Nederland woon, dien as basiese gegewe in hierdie studie. My uitgangspunt is dat Nederland 'n invloed op Eybers se lewe en gevolglik op haar poësie het. Aan die een kant veroorsaak talige en referensiële elemente uit haar onmiddellike omgewing dat Eybers se poësie "Nederlandser" en dus vreemder vir haar Afrikaanse lesers word, maar tog behou sy haar posisie in die Afrikaanse literatuur. Aan die ander kant spreek Eybers se poësie - wat steeds in Afrikaans geskryf word - Nederlandse lesers in so 'n mate aan dat hulle dit inlyf by die Nederlandse letterkunde. Dit geld in die besonder vir die nege van Eybers se eerstien bundels wat hoofsaaklik in Nederland ontstaan het en wat ek as "Nederlands" wil tipeer. Sien veral Bibliografie I, II, III/E en F.

1.1 INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

Die verskille tussen die verwante tale Nederlands en Afrikaans is eeue oud en word met die jaar groter. Ek gaan daarvan uit dat Afrikaans, ten spyte van alle ooreenkomste met Nederlands, 'n volwaardige en afsonderlike taal is (sien Hoofstuk 11). Indien in ag geneem word dat poësie die hiper-georganiseerde gebruik van 'n primêre of natuurlike taal is (sien Hoofstuk 13) wat nie sonder meer deur 'n groep "anderstaliges" adekwaat verstaan sal kan word nie, is dit hoogs uitsonderlik dat in die geval van Elisabeth Eybers se "Nederlandse" digbundels (sien Hoofstuk 3), nóg Afrikaanse nóg Nederlandse lesers besware daarteen het om haar as behorend tot hulle letterkundes te beskou. 'n Interessante vraag met betrekking tot Eybers-bundels vanaf *Balans* (1962) is selfs watter van haar twee groepe lesers die "anderstaliges" en watter die "meer adekwate lesers" is. Van Dis (1977) se karakterisering van Eybers se poësie as 'n "stevige loopplank" in vergelyking met die andersins "ijle luchtbrug tussen het Nederlands en het Afrikaans", is maar een van talle, dikwels metaforiese, pogings om te verklaar waarom twee stelle lesers haar kan volg (sien Hoofstukke 8 en 9).

Wanneer 'n persoons- en 'n pleknaam in die titel van 'n literatuurondersoek in 'n direkte verbinding met mekaar gestel word, roep dit onvermydelik assosiasies met die dikwels gewraakte biografiese rigting op. Dit is inderdaad belangrik om bedag te wees op die probleme van hierdie metode. Om biografiese feite geheel en al te vermy en te betoog dat uitgangspunte soos dié in die eerste paragraaf slegs indirek "legitimeerbaar" sou wees op grond van gedigte soos "Immigrant" (*Balans*, 1962; VG-269) en talle daaropvolgende spesifiek Amsterdam-gesitueerde gedigte, is myns insiens onnodig omslagtig. In onderhoude praat Eybers self oor haar landverhuising (vergelyk besonderhede hieroor in Lieske & Otten 1990). Bowendien is die verspreiding en resepsie van haar poësie in Nederland 'n verdere heenwysing na hierdie bekende feit.

Elisabeth Eybers het 'n uitgesproke mening oor die manier waarop persoonlike omstandighede in haar poësie 'n neerslag vind en hiermee wil ek steeds rekening hou. Dit is duidelik dat sy afkerig is van 'n simplistiese oorsaak- en gevolg-benadering. In 1963 sê sy: "Dit is in baie gevalle misleidend om die besonderhede van 'n digter se lewe uit sy persoonlike liriek te probeer rekonstrueer. Soms dramatiseer 'n gedig 'n denkbeeldige situasie in die eerste persoon, bied dit aan as 'n brokkie belydenis. Of soms verhaal dit in die derde persoon en in 'n objektiewe trant 'n eie ervaring. In watter verhouding Dichtung en Wahrheit ook al tot mekaar staan, elke gedig word op een of ander manier uit die digter se ervaring gefiltreer" (aangehaal deur Hennipman in Nienaber-Luitingh 1975:8-9).

Dát daar 'n verband tussen ervaring en gedig kan bestaan, ontken Eybers dus nie. 'n Uitspraak soos "Mijn bundels vormen geen compleet overzicht van mijn leven, maar de belangrijkste gebeurtenissen en emoties zijn er wel in terug te vinden" (T'Sas 1986), dui daarop dat haar siening van die Wahrheit/Dichtung-verskynsel konsistent gebly het. Dichtung is nie gelyk aan die Wahrheit nie en geen biografiese Wahrheit mag daarom bloot ter verklaring van die Dichtung ingespan word nie. Wat dit betref sluit sy aan by Wellek en Warren se standpunt: "Imaginative literature is a 'fiction', an artistic, verbal 'imitation of life'" (1956:34). Vergelyk Eybers se veelseggende gedig[1] hieroor:

> Dichtung und Wahrheit
>
> Met ledige ywer nr mer sy somtyds:
> sou dit nie sinvol wees as dit só was?
> Afkerig van die skamel werklikheid
> skommel sy woorde om in 'n plan te pas
> wat grillig uit geheuedwarreling stol,
> kalfater dit dan op met fantasie
> en lê dit vlug in rym en ritme vas,
> te lugtig, lyk dit, vir 'n toekomsrol.

Die klein gedig het wortels afgesweer
om in 'n eie dampkring weg te gly.
Min weet sy hoe 'n meesterlike man
wat nie gedlend is van misterie nie
eendag die onverantwoorde patroon
- so impulsief en argeloos ten toon
gespreí - sal uitdaag met ontrafelingsdrang,
streng tot 'n felteraamwerk sal herlei
om oorsprong en verband te konstrueer,
'n onvermoeibare historikus
wat klinkend weet te weet: só was dit dus.

Rede genoeg, sou ek dink, vir misverstand,
tog klamp sy haar nog altyd aan sy hand.

(*Bestand*, 1982; VG-452)

In hierdie Eybers-ondersoek sal ek van 'n verskeidenheid ondersoekmetodes gebruik maak. Empiriese gegewens (byvoorbeeld 'n oorsig van die Eybers-resepsie in Suid-Afrika en Nederland, verkoopsyfers, literêre pryse) sal in 'n interpretatiewe verband gebring word met my waarneming dat Eybers se poësie sedert sy in 1961 in Nederland woon só ontwikkel dat sowel Nederlandse as Afrikaanse lesers dit ontvang, maar ook met spesifieke probleme gekonfronteer kan word.

1.2 BIOGRAFIESE ONDERSOEKMETODE

My ondersoek kan in geen opsig beskou word as simplistiese biografiese kritiek wat sonder meer "een significante relatie veronderstelt tussen een bepaald werk, en de biografische personalia van zijn auteur en zodoende bepaalde verhaalde feiten, obsederende thema's of figuren verklaart binnen deze achtergrond" (Van Gorp 1986:219). Omdat die een enkele biografiese feit - Eybers se verhuising uit Suid-Afrika na Amsterdam in 1961 - egter so 'n sentrale gegewe is waarmee ek voortdurend rekening hou in die afbakening en bespreking van my ondersoekgebied, wil ek kortliks ingaan op enkele aspekte in verband met die sogenaamde biografiese ondersoekmetode.

Om van biografiese besonderhede gebruik te maak wanneer 'n skrywer se oeuvre bespreek word, is 'n werkwyse wat volgens Wellek en Warren (1956:75) beoordeel moet word in verhouding tot die volgende aspekte: "the light it throws on the actual production of poetry; but we can, of course, defend it and justify it as a study of the man of genius, of his moral, intellectual, and emotional development, which has its own intrinsic interest; and finally, we can think of biography as affording materials for a systematic study of the psychology of the poet and of the poetic process". Vir doeleindes van "literary scholarship"

beskou Wellek en Warren slegs die eerste tese, "that biography explains and illuminates the actual product of poetry", as in sommige gevalle relevant.

Alhoewel dit geensins my doel is om 'n biografie oor Eybers te skryf nie, is belangrike vrae van Wellek en Warren in verband met die literêre biografie tog hier ook relevant: "How far is the biographer justified in using the evidence of the works themselves for his purposes? How far are the results of literary biography relevant and important for an understanding of the works themselves?" (1956:76). Hulle antwoord onomwonde dat, selfs indien 'n kunswerk elemente bevat wat sekerlik as biografies geïdentifiseer kan word, hierdie elemente so geherrangskik en getransformeer sal wees dat dit alle spesifieke persoonlike betekenis verloor en eenvoudig konkrete menslike materiaal word. Die standpunt dat kuns eenvoudig "self-expression" is, 'n transkripsie van persoonlike gevoelens en ervarings, is volgens hulle aantoonbaar vals.

Wellek en Warren waarsku teen die biografiese metode:

> The biographical approach actually obscures a proper comprehension of the literary process, since it breaks up the order of literary tradition to substitute the life-cycle of an individual. The biographical approach ignores also quite simple psychological facts. A work of art may rather embody the 'dream' of an author than his actual life, or it may be the 'mask', the 'anti-self' behind which his real person is hiding, or it may be a picture of the life from which the author wants to escape. Furthermore, we must not forget that the artist may 'experience' life differently in terms of his art: actual experiences are seen with a view to their use in literature and come to him already partially shaped by artistic traditions and preconceptions.
>
> (Wellek & Warren 1956:78)

Ná hierdie waarskuwings gee hulle egter toe dat die "problem of personality in literature" nie net tersyde geskuif kan word nie en som op: "Still, there are connecting links, parallelisms, oblique resemblances, topsy-turvy mirrors. The poet's work may be a mask, a dramatized conventionalization, but it is frequently a conventionalization of his own experiences, his own life. If used with a sense of these distinctions, there is use in biographical study" (1956:79).

In die Anglo-Saksiese en ook die Nederlandse literêre wêreld is literêre biografieë wat rekening hou met hierdie oorwegings 'n gerespekteerde genre en elemente hiervan kan ook vrugbaar deurwerk in die kritiek. N.P. van Wyk Louw se reeks artikels oor "Die 'mens' agter die boek" (*Die Huisgenoot*, 1953)[3] was egter so bepalend vir die Afrikaanse kritiek se standpunt oor die gebruikmaking van biografiese gegewens, dat biografieë byna nie voorkom nie (Kannemeyer se *D.J. Opperman. 'n Biografie*, 1986 is 'n uitsondering). Van biografiese feite word ook baie selde in die Afrikaanse literêre kritiek "gebruik" gemaak.

Louw kom tot die slotsom dat alles wat 'n kritikus uit 'n kunswerk oor die skepper aflei, op blote vermoedens en gissings berus. Die mens agter 'n werk, sê hy, "is nie met enige mate van sekerheid te ken nie; 'n kunswerk kan nie 'verklaar' word uit enigiets behalwe sy eie struktuur nie" (Van Wyk Louw 1958:104). Verder kan die "biografiese feit (...) nooit 'n rol speel by die eerste groot taak van die literatuurbeskouing nie: die begryp van die werk as estetiese geheel" (Van Wyk Louw 1958:109).

Oor wat die "eerste groot taak" van "literatuurbeskouers" is, sal min kritici waarskynlik van Louw verskil. Welbekende feite hoef egter nie totaal vermy te word nie. Sedert sy betoog hieroor was selfs die geringste biografiese belangstelling egter in 'n groot mate uit die bose en vermy Afrikaanse kritici dit om in hulle analises besonderhede oor skrywers se lewens te betrek. Hierdie ekstreem teksgerigte literatuurbeskouing kan ook boemerang. Dit is dan soos 'n oogklap wat konstant en angsvallig opgehou word en kritici kan selfs blind word vir belangrike poëtiese insigte wat in 'n digter soos Eybers se oeuvre nie verkry kan word tensy enkele biografiese feite tog betrek word nie. Dit word in Hoofstuk 10 aangetoon en in Hoofstuk 13 verder bespreek.

Wat my eie werkwyse in verband met biografiese gegewens betref wil ek verwys na Mooij (1979:64) se uiteensetting van vyf benaderingswyses vir die interpretasie of waardering van 'n literêre werk.

> 1. Het werk wordt beschouwd in het licht van de buitenliteraire, objectieve werkelijkheid, die het afbeeldt of zou moeten afbeelden.
> 2. Het werk wordt beschouwd in het licht van de ervaringen, de gevoels- en de gedachtenwereld van de auteur, die het uitdrukt of zou moeten uitdrukken.
> 3. Het werk wordt beschouwd in het licht van de reacties, die het bij de lezer wekt of zou moeten wekken.
> 4. Het werk wordt beschouwd in zijn verhouding tot voorafgaande en eventueel volgende werken.
> 5. Het werk wordt als een op zichzelf staand gegeven geanalyseerd.

Volgens Mooij kom hierdie metodes nie steeds in 'n suiwer vorm voor nie. "(D)e regel is veeleer, dat zij worden gecombineerd." Dit doen ek ook in hierdie ondersoek.

Ek hou rekening met die eerste twee benaderingswyses in dié opsig dat ek as bekend veronderstel dat Eybers as domineesdogter opgegroei het in die Wes-Transvaal, dat sy ná 'n huwelik van 25 jaar geskei is en Johannesburg in 1961 verlaat het om haar in Amsterdam te gaan vestig. In dié opsig sluit ek my daarom aan by Van Niekerk (1987:3), ook wanneer sy Stevens en Stewart (1987:53) aanhaal met betrekking tot die literêre biografie: "Very often, simply knowing certain facts can give new insights." Omdat suiwer tekstuele gegewens in talle Eybers-gedigte dit onmoontlik maak om die feit van haar

Nederlandse verblyf te ignoreer, meen ek dat McGann (in Martz & Williams 1978:347) gelyk het in sy artikel "The significance of biographical context: two poems by Lord Byron", opgeneem in *The author in his work*. Hy skryf: "(C)ertain kinds of poems exist which seem positively to require biographical or historical (...) methods of reading."

Daar moet in gedigte, ook Eybers s'n, voortdurend in ag geneem word dat die mate van identifikasie tussen 'n digter en haar poësie voortdurend kan wissel. Daarom speel duidelik aantoonbare gegewens 'n groot rol in die bepaling van die graad van identifikasie tussen die spreker in die gedig en die outeur self. Wimsatt (1954:5) stel dit so: "We ought to impute the thoughts and attitudes of the poem immediately to the dramatic *speaker*, and if to the author at all, only by an act of biographical inference."

In my ondersoek is dit vir my veral belangrik om biografiese uitgangspunte in verband met Eybers se Suid-Afrikaanse herkoms en Nederlandse verblyf steeds te relateer aan lesers se reaksies daarop. Sien Hoofstukke 8, 9 en 10. Patricia Meyer (in Martz & Williams 1978:xiii) beskou dit ook as van belang: "The involvement of the reader becomes an issue directly implicit in any attempt to define the poet in his work. If poets create themselves as figures in their poems, readers choose, consciously or unconsciously, to accept such figures as more or less approximate to reality." Op spesifieke verwysings na Suid-Afrika en Nederland, of na mense en plekke wat verbonde is aan dié twee lande, word deur Eybers se twee stelle lesers dikwels verskillend gereageer. Sien veral Hoofstuk 12.

Wat betref die ander metodes wat Mooij omskryf: in Hoofstukke 8, 9, en 10 word aandag aan die derde metode gegee terwyl van die vierde en vyfde metodes telkens veral in Hoofstukke 3, 11 en 12 gebruik gemaak word.

1.3 BIOGRAFIESE GEGEWENS TOT EN MET 1961

Gegewens oor Elisabeth Eybers se kinder- en jeugjare is redelik uitvoerig in 'n aantal bronne beskikbaar. Mev. M.M. Oberholtzer, haar tante van moederskant, skryf 'n artikel oor haar in *Die Huisgenoot* (7.11.1947), en Eybers skryf self 'n biografiese skets wat opgeneem word in *My Jeugland: Herinneringe van Afrikaanse skrywers* (Van den Heever 1953). D.J. Opperman voer gesprekke met haar oor haar poësie en lewe ten behoewe van die hoofstuk "Elisabeth Eybers: die Vroulike Aanvulling" in *Digters van Dertig* (1953; sien 1962:349-382). Vroeë biografiese besonderhede wat Kannemeyer in sy *Geskiedenis van die*

Afrikaanse literatuur Band 1 (1978: veral 458-459) vermeld, is hoofsaaklik op hierdie drie bronne gebaseer. Sien ook Nienaber-Luitingh 1970.

Insiggewende artikels oor Eybers se leefwyse in Amsterdam is "De dichteres en haar werk" (Hennipman in Nienaber-Luitingh 1975:5-23) en "Elisabeth Eybers in Nederland" (Bax-Botha in Nienaber-Luitingh 1975:24-32). Ter geleentheid van haar vyf-en-sewentigste verjaardag stel die Nederlandse digters Tomas Lieske en Willem Jan Otten voor om "een gesprek te voeren met haar levensloop als chronologische leidraad. Een gesproken fotoboek: de gedichten die wij bespreken zijn de foto's, de gesprekken de begeleidende onderschriften" (1990:3). Eybers stem - skoorvoetend! - toe en die onderhoud vind plaas op 1 en 8 Desember 1989. "Liefde herken je aan het afscheid: Interview met Elisabeth Eybers" word gepubliseer in *Tirade* 326 en dit is die uitvoerigste gepubliseerde bron van persoonlike besonderhede oor haar lewe.

Elisabeth Françoise Eybers is op 26 Februarie 1915 op Klerksdorp gebore waar haar vader, dr. John Eybers, 'n predikant in die Nederduits Gereformeerde Kerk was. Haar moeder, Elisabeth le Roux, was op 26-jarige leeftyd hoof van die Oranjemeisieskool in Bloemfontein toe sy en John Eybers mekaar leer ken het. Hulle was sewe jaar lank verloof; Eybers het eers aan die Vrije Universiteit van Amsterdam gepromoveer voordat hulle getroud is en Klerksdorp hulle eerste gemeente geword het.

'n Jaar na Elisabeth (die tweede van drie dogters) se geboorte het die gesin na Schweizer-Reneke verhuis waar sy haar skoolloopbaan voltooi het. Haar Engelse onderwyser, Lionel T. Bennet, het 'n keer as strafwerk aan die ongeveer 14-jarige Eybers en haar klasgenote opdrag gegee om 'n gedig te skryf; "toen ontdekte ik eigenlijk dat ik dat kon" (in Lieske & Otten 1990:4). Sy is veral deur Engelse poësie geïnspireer en het aanvanklik Engelse gedigte geskryf. "(I)n mijn laatste jaar vertelde een leraar ons iets van de dichters van Tachtig in Nederland. Jacques Perk, Willem Kloos. Wij hebben nooit Nederlandse taal gestudeerd, maar wij moesten een paar Nederlandse boeken lezen. En eigenlijk aan de hand daarvan dacht ik dat ik moest proberen in het Afrikaans verzen te schrijven" (in Lieske & Otten 1990:4).

Sy gaan ná matriek in Johannesburg taie studeer en verwerf in Februarie 1937 'n B.A. Honneurs-graad aan die Universiteit van die Witwatersrand met 'n verhandeling oor *Die ontwikkeling t. . . individualisme in die Afrikaanse liriek*. Sy is verbonde aan die redaksies van *Die moderne vrou* en *Die Brandwag* en trou in 1937 met die later bekend-geworde sakeman, Albert J.J. Wessels. Hy is die skrywer van *Moffie en sy maats* (1938) en *Tog sterker* (1941). Hulle woon in Johannesburg en uit die huwelik word drie dogters en 'n seun gebore.

Toetrede tot die Nederlandse letterkunde

Elisabeth Eybers se belangrikste bydrae tot die letterkunde is ongetwyfeld haar digbundels, maar sy skryf in die laat-dertiger- en vroeë veertigerjare ook enkele sketse en verhale, o.m. "Die wit sakdoek" en "Amos en Tabita", wat van "'n suiwer aanvoeling vir taal en sfeer getuig" (Kannemeyer 1978:458). In hierdie jare skryf sy ook 'n aantal belangrike resensies, o.m. oor tekste van Van Wyk Louw, W.E.G. Louw, C.M. van den Heever, H.A. Mulder, J. van Melle en M.E.R. Van hierdie besprekings is gebundel in *Voetpad van erkenning* (1978). Sy is ook geïnteresseerd in vertalings. In *Die stil avontuur* (1939) is daar vyf vrye vertalings uit Duits en in *Neerslag* (1958) herdig sy tien sonnette van José-Maria de Hérédia. Saam met Olga Kirsch maak sy 'n keuse uit haar eerste vier bundels en vertaal dit in Engels in die bundel *The quiet adventure* (1948). In 1959 verskyn haar vertaling van Jules Supervielle se *Le boeuf et l'âne de la chrèche* onder die titel *Die os en die esel van die krip*. Sy ontvang hiervoor 'n Akademieprys.

Voordat die Eybers-Wessels-huwelik in 1961 ontbind en Elisabeth Eybers Suid-Afrika verlaat, verskyn *Belydenis in die skemering* (Nasionale Pers, 1936), *Die stil avontuur* (J.L. van Schaik, 1939), *Die vrou en ander verse* (Constantia, 1945), *Die ander aspek* (Constantia, 1946), *Tussensang* (Constantia, 1950), *Die helder halfjaar* (Constantia, 1956) en *Neerslag* (Constantia, 1958).

My "biografie" van Eybers wil ek hier onderbreek om in hierdie stadium reeds 'n indruk te gee van die manier waarop opsommend oor Eybers - die eerste gepubliseerde digteres in Afrikaans - se oeuvre tot en met 1958 geskryf word. Volgens Kannemeyer handel die eerste bundels "in hoofsaak oor die gevoelswêreld van die jong meisie in haar jeugdige verliefdheid en relkhalsende verlange na iemand met wie sy die lewe kan deel, die geluk van die jong vrou en die vreugde van die moederskap, selfs al is sy by die geboorte van haar eerste kind reeds bewus van die skeiding en vervreemding wat eendag sal kom en veral van die dood wat uiteindelik triomfeer en wat sy later selfs met 'n 'deernis' bejeën" (Kannemeyer 1978:461). Alhoewel Eybers vanaf haar debuut reeds onmiddellik ernstig opgeneem word en hoog geag word, is besprekings in hierdie styl - ten spyte van die taboe op die gebruikmaking van biografiese gegewens - baie tipies wanneer Eybers se vroeë bundels gekarakteriseer word.

In 1961 verhuis Elisabeth Eybers na Amsterdam. Hierdie feit word sedertdien altyd in oorsigtelike besprekings van haar poësie genoem. Dit bring my by die periode in haar lewe en werk waarop hierdie ondersoek fokus.

1.4 DIE ROL VAN DIE AMSTERDAMSE UITGEWER G.A. VAN OORSCHOT

Dit is van besondere belang vir Eybers se lewe en werk dat die weerspannige en gerespekteerde uitgewer Geert Van Oorschot (1909-1987) van haar poësie gehou het. Volgens inligting wat Eybers op 8 Mei 1990 per brief aan Gert Jan de Vries (skrywer van *Geen grootspraak. G.A. van Oorschots "Vignettenreeks"*, 1989) verstrek, was die Amsterdammer Van Oorschot aan ha. .kend, maar hy het haar werk leer ken deur die ekonoom en *Tirade*-medewerker J.J. Klant wat 'n tyd lank in Suid-Afrika gewoon het. Sy bevestig dit in persoonlike gesprekke (Mei 1991).

Die kontak tussen Eybers en Van Oorschot begin wanneer hy op 17.10.1956 aan haar in Emmarentia, Johannesburg skryf: "Zeer onlangs heb ik nog weer eens de bundels gedichten van Uw hand herlezen en ik ben wederom ten zeerste ontroerd en getroffen. Ik zou graag een door U te maken definitieve keuze uit Uw bundels onder 'Verzamelde Gedichten' van U uitgeven. Uw werk is hier alleen bij een zeer kleine selecte groep bekend." Hy stel voor om so 'n bundel op te neem in sy "Vignetten"-reeks waarin dan reeds die volgende bundels verskyn het: Hans Lodeizen, *Het innerlijk behang en andere gedichten* (1952), Pierre Kemp, *Een bloemlezing uit zijn kleine liederen* (1953), Jac. van Hattum, *Verzamelde gedichten* (1954), M. Vasalis, *Vergezichten en gezichten* (1954), A. van Collem, *Een bloemlezing uit zijn gedichten* (1955), en Richard Minne, *In den zoeten inval en andere gedichten* (1955).

Eybers ervaar, volgens haar brief van 21.10.1956, Van C chot se voorstel as "'n aangename verrassing". Sy verleen alle medewerking en gebruik hierdie geleentheid om te bepaal dat slegs ses verse uit *Belydenis in die skemering* opgeneem word in die versameling. Sy handhaaf hierdie seleksie in hieropvolgende versamelings van haar werk. Die Van Oorschot-*Versamelde gedigte* bestaan uit 126 gedigte wat Eybers self uitkies en dit dra meer die karakter van 'n ruim bloemlesing as 'n versameling.

In 'n brief aan Eybers se Suid-Afrikaanse uitgewer, Gerrit Bakker van Constantia Boekhandel, skryf Van Oorschot: "U begrijpt dat er voor mij geen commerciële redenen aanwezig zijn om de Verzamelde Gedichten van Elisabeth Eybers uit te geven. Men leest in Holland niet of nauwelijks Zuid-Afrikaans. De reden van uitgave voor mij is, dat ik de gedichten zo bijzonder mooi vind en ik toch wil trachten althans *enige* belangstelling voor deze grote dichteres te wekken. Door de kleine oplage, die de 1000 exx. niet te boven gaat, is e n financieel verlies voor mij al een zekere zaak" (30.1.1957). Die afspraak is uitdruklik dat die bundel nie in Suid-Afrika verkoop sal word nie omdat Eybers nie haar Suid-Afrikaanse uitgewer se verkope van haar individuele bundels wil benadeel nie.[3]

In briewe waarin Van Oorschot met veral Gerrit Bakker onderhandel oor Eybers se outeursaandeel, gee hy 'n indruk van haar en ander Afrikaanse digters se "markwaarde" in Nederland: "De verkoop van Zuid-Afrikaanse poëzie in ons land is uitermate minlem. Op mijn voorjaarsreis kent 50% van de boekhandelaren de naam van Mevrouw Eybers niet eens en waar de verkoop van poëzie (op enkele uitzonderingen na) toch al heel slecht is, zult u begrijpen, dat dit voor Zuid-Afrikaanse poëzie helemaal het geval is" (5.3.1957). Op 11.3.1957 stuur Eybers die deur haar ondertekende eksemplaar van die outeur-uitgewerkontrak na Amsterdam en kort daarna skryf Van Oorschot aan Eybers dat haar bundel "zojuist" verskyn het (11.7.1957). Sy vra dat geskenkeksemplare gestuur word aan Vasalis, A. Roland Holst en Maurice Roelants.

Elisabeth Eybers is "besonder ingenome met die voorkoms van die boek. (...) Maar waarom *Gedichten* buite-op in plaas van *Gedigte*?", vra sy (18.8.1957). Hierop antwoord Van Oorschot: "Dat was een bij nader inzien misschien toch niet noodzakelijke concessie aan het publiek, dat 'Gedigte' vreemd vindt staan en onmiddellijk denkt aan een drukfout. Ik vind het nu eigenlijk ook wel jammer." Hy skryf verder dat Jan van Nijlen ("een van onze allergrootste dichters") aan hom geskryf het: "Het is een prachtboek, heel zeker een der gaafste in de laatste jaren verschenen. Zij doet wonderen met dat Afrikaans dat bij vele oudere dichters zo stroef was" (23.8.1957).

Versamelde gedigte is in 1958, 1965 en 1977 herdruk - met die titel in Afrikaans. Verkoopsyfers tot en met 1978 toon aan dat 6632 eksemplare van hierdie Eybers-bundel verkoop is. Van Oorschot het dus in ieder geval nie finansieel gely onder die Eybers-waagstuk nie. In vergelyking hiermee is 2424 van Opperman se *'n Keur uit sy gedigte* (1960, 2de druk 1972) en 1082 van Van Wyk Louw se *'n Keur uit sy gedigte* (1960) verkoop. Interessantheidshalwe kan genoem word dat in die ooreenstemmende tyd waarvoor syfers oor die verkope van die Eybers-bundel verstrek word, van P.C. Boutens se *Een bloemlezing uit zijn gedichten* (1959) slegs 1985 en van Jan Hanlo se *Verzamelde gedichten* (1958) 5076 eksemplare verkoop is (syfers ontleen aan De Vries 1989).

Die feit dat sewe ongebundelde gedigte in *Versamelde gedigte* verskyn het en dat Eybers in die loop van 1957 'n paar nuwe gedigte aan hom stuur, lei daartoe dat Van Oorschot op 10.1.1958 voorstel dat hy "zo'n kleine bundel" wil uitgee met nuwe gedigte. Sy is aanvanklik nie entoesiasties nie: "(O)m die waarheid te sê voel ek 'n soort sentimentele verpligting om my nuwe verse ééns in Suid-Afrika te laat verskyn vóór hulle in Nederland uitgegee word." Van Oorschot begryp hierdie rede, maar hou vol dat "aangezien Zuid-Afrikaanse uitgaven zelden in Holland doordringen is het misschien toch te overwegen Uw nieuw bundellje tegelijk in Zuid-Afrika en in Holland te laten verschijnen. De twee

edities bijten elkaar immers niet" (27.2.1958). In die loop van 1958 stuur Eybers gereeld en skynbaar onmiddellik ná hulle geskryf is, nuwe gedigte aan Van Oorschot. *Neerslag* verskyn in Oktober 1958 in Amsterdam, maar ook by Constantia in Johannesburg.

In *Zuid-Afrika* (Nov. 1958:190) is 'n berig hieroor wat oorgeneem is uit *Die Transvaler*: "Die digteres, Elisabeth Eybers, (mev. A.J.J. Wessels) sal met haar volgende bundel (...) letterkundige geskiedenis maak. Hierdie bundel, wat sy *Neerslag* (...) noem, word gelyktydig vir die eerste keer in Nederland en Suid-Afrika gepubliseer. Hier te lande sal die uitgewer natuurlik 'n Afrikaanse saak wees en in Nederland 'n Nederlandse uitgewer. Sover ek kon vasstel, het dit nog nooit tevore met die eerste verskyning van enige ander Afrikaanse boek gebeur nie. Wel het dit al gebeur dat 'n Afrikaanse boek hier gepubliseer is en daarna 'n oplaag in Nederland beleef het." Alle hieropvolgende Eybers-bundels word op dié manier gepubliseer, terwyl dit steeds nooit in die geval van ander Afrikaanse skrywers, digters óf prosaskrywers, gebeur nie.

Eybers beskryf byna dertig jaar ná haar aankoms in Nederland die omstandighede wat haar keuse vir dié land bepaal het:

> (E)r was hier in Nederland door Van Oorschot in '57 een *Versamelde gedigte* uitgegeven. En toen ik niet lang daarna met mijn man op een zakenreis hierheen kwam, toen heb ik hier mensen ontmoet die ik heel aardig vond. Ik was wel verrast door het feit dat er mensen waren die bekend waren met mijn versjes. Ze hebben me een keer op een diner onthaald van de Penclub. Dus toen een paar jaar later mijn huwelijk echt kapot liep, toen deed ik dus een soort vluchtpoging, naar Nederland, en ik dacht: ik wil in een heel andere omgeving terecht komen. Van Nederland dacht ik: daar zijn lezers van mij, daar zal ik mij wel makkelijk thuis kunnen maken, thuis voelen bedoel ik. Tijdens dat zakenbezoek had ik toch het idee gekregen dat er een cirkel was, van mensen die van alles voor je zouden doen ... (ironisch) (...) Wat ik wou zeggen is dat mijn hoofd toen een beetje op hol is geslagen, door mijn beeld van mij in de Nederlandse literatuur. Weggaan uit Zuid-Afrika was iets krankzinnigs, achteraf. (korte stilte) Als ik de gedichten niet had geschreven, ik weet niet of ik dan naar Nederland gegaan zou zijn.
>
> (Lieske & Otten 1990:18)

In 1985 publiseer Van Oorschot 'n bundel *Gedichten: Een keuze uit eigen werk door Elisabeth Eybers, F. Harmsen van Beek, Hanny Michaelis, Judith Herzberg, Annie M.G. Schmidt, M. Vasalis*. Hierdie topverkoper is 'n bevestiging van die manier waarop Van Oorschot Eybers se gedigte - sonder huiwering oor die feit dat sy steeds in Afrikaans skryf, ondertussen sedert 1962 by Em. Querido's Uitgeverij publiseer, óf die kulturele boikot teen Suid-Afrika - insluit by wat hy as 'n bloemlesing verse deur Nederland se beste digteresse aanbied. G.A. van Oorschot se rol in die feit dat Elisabeth Eybers sedert 1961 in Nederland woon en dat sy so volkome opgeneem is as 'n figuur van die grootste belang in die Nederlandse poësie, kan moeilik óórskat word.

1.5 EM. QUERIDO'S UITGEVERIJ

Nadat Eybers in 1961 in Nederland gaan woon het, verskyn elke daaropvolgende bundel van haar altyd tegelykertyd in Nederland en Suid-Afrika. Ná *Neerslag* gee Eybers egter nie weer 'n bundel uit by haar eerste Nederlandse uitgewer nie. Vanaf *Balans* word alle bundels steeds by Em. Querido's Uitgeverij, Amsterdam gepubliseer. Reinold Kuipers is aanvanklik die hoofuitgewer in samewerking met Tine van Buul. In 1979 neem Ary Langbroek die leiding oor saam met Jacques Dohmen en Jan Kuijper. Eybers-bundels word altyd in 'n samewerkingsverband met Human & Rousseau in Kaapstad gepubliseer.

Om 'n indruk te kry van die manier waarop Eybers voorgestel word aan die Nederlandse leserspubliek is dit interessant om op die Querido-inligtingspamflet van *Balans* (wat in Maart 1963 verskyn) te sien dat met geen woord gemeld word dat sy 'n Afrikaanse digter is nie:

> Het verheugt ons zeer, de nieuwe verzenbundel van de al jaren door ons bewonderde dichteres Elisabeth Eybers te kunnen aanbieden. Elisabeth Eybers dicht met de helderste taal, de eenvoudigste woorden, de concreetste begrippen aan een werk, zo diep, zo algemeen geldig, dat wij hierdoor (in haar eigen formule) *allengs oorreed/ tot wat ons lankal weet* worden. (...) De grootheid onder de groten van Elisabeth Eybers is al dikwijls verkondigd. Met andere coryfeeën van de Nederlandse letteren is zij al vaak op een lijn gesteld. Groter dan haar ook-grootheid en haar in-de-rij-staan is echter haar onvervangbare eigenheid, haar radicale vrouwelijkheid, haar eenvoud-zonder-schaamte.

In *Querido van 1915 tot 1990: Een uitgeverij* vermeld Sötemann (1990:150) Eybers se toetrede tot die uitgewery soos volg wanneer hy die jaar 1963 bespreek: "Voor het eerst ontmoeten we Elisabeth Eybers, de indrukwekkende Afrikaanse dichteres die volkomen ingeburgerd is geraakt in onze literaire context en nu in haar sobere helderheid algemeen erkend wordt als een onvervangbare figuur in de Nederlandse én in de Afrikaanse poëzie." Sötemann beskou die publikasie van *Uit liefde en ironie. Liber amicorum Elisabeth Eybers* en *Versamelde gedigte* in 1990 as "een veelzeggend bewijs van dit unieke integratieproces".

'n Indruk van die geselskap waarin Eybers tereg kom by Querido se poësie-fonds kan gekry word deur te kyk na ander publikasies uit 1963. Van Marsman verskyn die vierde druk van sy *Verzameld werk*, van Achterberg die eerste druk van *Verzamelde gedichten* en van Anthonie Donker die bloemlesing *De grondtoon* (Sötemann 1990:150). K. Schippers debuteer in dié jaar by Querido. Ander digters in die fonds is Gerrit Kouwenaar, J. Bernlef, Wiel Kusters. By geleentheid van Querido se vyf-en-sewentigjarige bestaan in 1990 verskyn die bloemlesing *Dit is poëzie. 72 dichters van Querido met 104 gedichten*, saamgestel deur Jan Kuijper. Selfs Bredero, Hooft, Huygens en Vondel is verteenwoordig

en van Eybers word "Die hoof spreek" (VG-229), "Opstanding" (VG-503) en "Babilonies" (VG-581) opgeneem.

Ongeveer 'n derde van die gedigte in *Balans* het hulle ontstaan in Nederland gehad. Die gedigte in alle daaropvolgende bundels is hoofsaaklik in Nederland geskryf: *Onderdak* (1968), *Kruis of munt* (1973), *Einder* (1977), *Bestand* (1982), *Dryfsand* (1985), *Rymdwang* (1987), *Noodluik* (1989) en die klein geleentheidsbundel *Teëspraak* (1991).

1.6 GEVOLGE VAN EYBERS SE NEDERLANDSE PUBLIKASIE

Slegs twee van die 16 bundels wat Eybers vanaf haar debuut in 1936 tot en met *Teëspraak* in 1991 publiseer, het net in Suid-Afrika verskyn. Weens die feit dat Gerrit Bakker van Constantia sy boeke by die Nederlandse uitgewer A.A.M. Stols laat druk het, het vier Eybers-bundels (dié van 1945, 1946, 1950 en 1956) moontlik reeds 'n klein Nederlandse oplaag gehad. Die verspreidingsgeskiedenis hiervan ... ek nie agterhaal nie.[4]

Neerslag kan weens die publikasiegeskiedenis daarvan - die feit dat hierdie bundel hoofsaaklik op Van Oorschot se aandrang gereed gekom het vir publikasie en dat hy selfs aanvanklik as enkeluitgewer wou optree (sien 1.4) - as 'n oorgangsbundel na die Nederlandse fase beskou word. Die ander nege bundels is in dubbele opsig "Nederlandse" bundels: hulle het in hoofsaak daar ontstaan nadat Eybers in 1961 in Amsterdam gaan woon het en is ook regstreeks daar gepubliseer.

Alhoewel Eybers dus reeds bekendheid in Nederland verkry het voor 1961 danksy veral die twee Van Oorschot-publikasies, is dit eers wanneer sy self ook in Nederland woon dat dit bowendien so vanselfsprekend word dat Eybers se werk in die Nederlandse pers geresenseer word. Een van die belangrikste redes hiervoor is waarskynlik die feit dat Querido haar werk nie as vreemd of buitelands presenteer nie, maar dit aan boekhandelaars en boekeredakteurs aanbied asof dit volkome hoort by die Nederlandse poësie. Natuurlik besef almal dat dit Afrikaanse poësie is, maar dit is tekenend dat Van Dis (1977) byvoorbeeld skryf: "Voor de poëzie-critici hier te lande maken Eybers' bundels deel uit van het te bespreken pakket Nederlandstalige poëzie." Goedegebuure (1991) se oorsigtelike indruk is: "Onder kenners en liefhebbers van poëzie geldt Eybers sinds jaar en dag als een figuur die hoort bij de randstedelijke letterkunde."

Hierdie konstateringe sou nie so opmerklik wees as dit nie was dat Eybers haar gedigte ná 1961 steeds in Afrikaans skryf nie. Daar verskyn ook nooit woordverklarings in haar

bundels ten behoewe van Nederlandse lesers nie. Ten spyte dus van die feit dat Eybers Afrikaans bly skryf, word haar werk vanaf die eerste publikasie daarvan in Nederland gereken tot die Nederlandse poësie. Talle uitsprake in die trant dat sy "een van onze grootste dichters" is (Hendrik de Vries reeds in 1957), kan ter stawing van dié bewering aangevoer word, maar die duidelikste bewys is die feit dat Nederland se belangrikste literêre prys, die P.C. Hooft-prys, in 1991 aan haar vir haar hele oeuvre (dus ook die gedigte wat voor 1961 geskryf is) toegeken word. Ander belangrike Nederlandse pryse het sy vroeër reeds ontvang: Amsterdam se Herman Gorter-prys vir 1974 (Mei 1975) vir haar bundel *Kruis of munt*, en die Constantijn Huygens-prys van Den Haag se Jan Campert-Stichting (Desember 1978) vir haar hele oeuvre.

Die beoordelingskomitee vir die Gorter-prys (H. Michaelis, A. Morriën en K.L. Poll) het by die kwessie of haar Afrikaanse poësie vir 'n Nederlandse prys in aanmerking kon kom, in oorweging geneem dat die tale nou verwant is en dat die gedigte deur hulle inhoud 'n nou binding met Nederland het. Volgens die oordeel van die advieskomitee het Eybers daarin geslaag om "een bewonderenswaardige literaire vorm te vinden voor de ervaringswereld van iemand, die als emigrant en immigrant leeft tussen het verlaten kinderland van vroeger en het vreemde altijd onvertrouwd blijvende land, waarin zij zelf niet is opgegroeid en haar omgeving wel" (*NRC Handelsblad*, 4.4.75).

Die advieskommissie vir die Constantijn Huygens-prys het bestaan uit Gerrit Borgers, Pierre H. Dubois, Jacques den Haan, André Matthijsse, Harry Scholten en Paul de Wispelaere. In "Elisabeth Eybers of Het bezonken evenwicht" vra Dubois hom af waarom Eybers "zoveel aan herkenbaarheid bezit voor een Nederlandse lezer dat zij hier een publiek vindt" (1978:19). Hy meen dat "in de vormaspecten iets tot uitdrukking komt dat zo vertrouwd is dat de taalbarrière bij haar gemakkelijker wordt doorbroken dan bij dichters als Van Wyk Louw en Opperman". Hy het reeds in *Ter wille van die edel spel* (1975:51) geopper dat Eybers se werk soveel aanklank vind in Nederland danksy haar "algemeen menselijke thematiek" en haar "bijzondere verbondenheid met een op transcendentie gericht realisme". In Hoofstuk 13 word meer aandag hieraan gegee.

Die jurie wat die P.C. Hooft-stichting adviseer om die 1991-prys aan Eybers toe te ken, "beklemtoont de uitzonderlijke kwaliteit van Eybers' poëzie binnen de Nederlandse literatuur. Dit is in overeenstemming met het algemeen gevoelen bij poëziekenners, dat het oeuvre van Elisabeth Eybers tot de Nederlandse poëzieschat behoort en van zodanige om ang en kwaliteit is, dat de dichteres bekroning verdient met de hoogste literaire onderscheiding." In 2.3 gaan ek in besonderhede in op die betekenis van hierdie toekenning.

1.7 VOORTGESETTE WAARDERING IN SUID-AFRIKA

Die feit dat Eybers se poësie in die Nederlandse letterkundige wêreld so ruim.koots gewaardeer word, het geensins 'n afname in haar toe-eiening deur die Afrikaanse leserspubliek en letterkundiges tot gevolg gehad nie. Nadat sy voor haar vertrek uit Suid-Afrika reeds die belangrikste literêre toekenning ontvang het (die Hertzogprys in 1943 vir *Belydenis in die skemering* en *Die stil avontuur*), word sy ná haar vertrek uit Suid-Afrika "by herhaling vir haar belangrike bydrae tot die Afrikaanse letterkunde vereer" (Kannemeyer 1978:458). Sy ontvang weer die Hertzogprys - in 1971 vir die tydperk 1968-1970 vir *Onderdak* - terwyl die C.N.A.-prys in 1973 vir *Kruis of munt*, in 1977 vir *Einder* (dit kry ook die W.A. Hofmeyr-prys in 1978), en in 1982 vir *Bestand* aan haar toegeken word. Vir hierdie bundel ontvang sy ook die Louis Luyt-prys in 1983. *Rymdwang* (1987) word in April 1989 met die Ou Mutual Letterkundeprys bekroon. Dié bundel is as wennner aangewys uit 22 digbundels en dramas wat tussen 1986 en 1988 by Human & Rousseau verskyn het. Sy ontvang drie eredoktorsgrade: in 1972 van haar alma mater, die Universiteit van die Witwatersrand, in 1979 van die Randse Afrikaanse Universiteit, en in 1982 van die Universiteit van Pretoria.

By geleentheid van Eybers se sestigste verjaardag in 1975 verskyn 'n huldigingsbundel met twee bydraes in Nederlands en dertien in Afrikaans. *Ter wille van die edel spel* is saamgestel deur die Nederlands-gebore Suid-Afrikaanse literator M. Nienaber-Luitingh en uitgegee deur Eybers se Suid-Afrikaanse uitgewer Human & Rousseau. Om Eybers se vyfensewentigste verjaardag in 1990 te vier word *Uit liefde en ironie. Liber amicorum Elisabeth Eybers* uitgegee. Dit is 'n gesamentlike uitgawe deur twee Suid-Afrikaanse uitgewers (Human & Rousseau en Tafelberg) en Eybers se twee Nederlandse uitgewers (G.A. Van Oorschot en Em. Querido's Uitgeverij). Nasionale Pers se L.W. Hiemstra-trust en die Nederlandse "ministerie voor wvc" (welsyn, volksgesondheid en kultuur) subsidieer die uitgawes. Die redaksie word waargeneem deur Hans Ester en Ernst Lindenberg (onderskeidelik 'n Nederlandse en 'n Afrikaanse literator) en 11 bydraes is in Afrikaans en 15 deur Nederlandse skrywers (een is in Engels).

1.8 OPSOMMEND

Die publikasiegeskiedenis van Eybers se werk en 'n opsomming van die eerbewyse wat sy ontvang in sowel die Suid-Afrikaanse as die Nederlandse literêre wereld, toon duidelik aan dat haar werk deur twee taalgroepe buitengewoon hoog aangeslaan word. Dit maak van Eybers 'n baie uitsonderlike, 'n unieke verskynsel. Daar is nie een ander

Toetrede tot die Nederlandse letterkunde

Afrikaanse skrywer behalwe Eybers wat onvertaald, en dan nog met soveel sukses, tot die Nederlandse letterkunde gereken word nie. Dat dit geen nadelige invloed het op die waardering vir haar werk in Suid-Afrika nie, maak hierdie gegewe des te opmerkliker. Daar is ook geen moderne Nederlandse skrywer wat tot die Suid-Afrikaanse letterkunde gereken word nie. Ester (1983:196) som dit só op: "Elisabeth Eybers is een Zuidafrikaanse dichteres gebleven, en een Nederlandse dichteres geworden." Die biografiese feit dat Eybers in Nederland woon, is hierby van die grootste belang.

VERWYSINGS BY HOOFSTUK 1

1. Vermoedelik verwys "Dichtung und Wahrheit" met sy Goethiaanse titel na Kannemeyer se hoofstuk oor Eybers in *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur Band 1* (1978; veral 477-478) waar hy met blote inleeskunde veral die gedig "Wegwysers" (VG:306) reduseer tot 'n "verklaring" van Eybers se persoonlike onstandighede. Hy koppel die bundel *Onderdak* (1968) direk en indiskreet, met naam en toename, aan "die feit" dat Eybers "bevrind raak met die Utrechtse hoogleraar in psigiatrie, H.C. Rümke (oorlede in Zürich op 22 Mei 1967)". Vergelyk hiermee dan die anonieme manier waarop Eybers self vir die eerste keer in die openbaar oor so 'n verhouding praat (Lieske & Otten 1990:29-30). Al is my inleeskunde moontlik verkeerd (veral op grond van die laaste reël) dat "Dichtung und Wahrheit" 'n teregwysing van die digter aan die literatuurhistorikus is - dit verskyn in die eerste bundel ná Kannemeyer se *Geskiedenis* gepubliseer is - word die biografiese metode hier vanuit die standpunt van die digter in 'n gedig, en bowendien in die Dichtung/Wahrheit-terminologie wat Eybers reeds in 1963 gehanteer het, aangesny. In die tweede uitgawe van *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur Band 1* (1984) word die name weggelaat van persone met wie die digteres 'n verbintenis gehad het of steeds het.

2. Later (sien veral Kannemeyer 1990:298-310) het aan die lig gekom dat Louw se artikels hoofsaaklik 'n reaksie was op D.J. Opperman se *Digters van Dertig* (1953). Kannemeyer meen Van Wyk Louw se uitsprake was die regstreekse oorsaak dat oorsigtelike studies oor oeuvres van Afrikaanse skrywers vanaf die vyftigerjare 'n seldsame verskynsel was. "Biografiese ondersoeke was nou eenmaal in onguns (...) en die toespitsing op die enkele teks die enigste suiwer teoretiese instelling wat 'n literator mag hê" (Kannemeyer 1986:33). Kannemeyer (1986:30-57) regverdig sy ele toenemende belangstelling in die biografiese rigting met hierdie bewering: "Soos dikwels in die verlede dwing nuwe skeppende werk vandag die kritiek tot 'n wysiging van standpunt en perspektief. Met die persoonlike inslag van die latere Elizabeth (*sic*) Eybers, die poësie van Sheila Cussons, Ernst van Heerden sedert *Tyd van verhuising* en Opperman se *Komas uit 'n bamboesstok* is ondersoekers verplig om van biografiese agtergronde kennis te neem, al weet hale letterkundiges nog geen raad hoe om dié gegewe wetenskaplik te akkommodeer of met hulle kritiese apparaat op te vang nie" (Kannemeyer 1986:34). In watter opsig byvoorbeeld Eybers se later werk soveel persoonliker is as haar vroeër werk, is onduidelik. Kannemeyer (1978:460) het self beklemtoon dat haar vroeër werk "in hoofsaak (handel) oor die gevoelswêreld van die jong meisie (...), die geluk van die jong vrou en die vreugde van die moederskap". Die stelling dat .nuwe skeppende werk soms tot nuwe ondersoeksmetodes aanleiding kan gee, is sekerlik waar. Wanneer 'n mens egter in ag neem dat opvallend hale "outobiografiese" elemente reeds ook aanwesig was in Eybers se vroegste gedigte, is dit onjuis om te beweer dat haar meer onlangse werk kwansuis aan ondersoekers 'n nuwe, meer biografiese werkswyse *sou voorskryf. Daar is m.i.* met betrekking tot Eybers *'n ander rede as 'n "persoonlike inslag"* in haar later werk wat Kannemeyer se belangstelling in die biografiese metode mag prikkel: Eybers se wêreld word vir hóm persoonlik as Afrikaanse leser al hoe vreemder sodat hy nou 'n groter behoefte en geneigdheid het tot die agterhaal van biografiese omstandighede. Met betrekking tot die ander skrywers wat hy noem, speel nuuskierigheid en selfs sensasielebelustheid moontlik ook 'n rol.

3. Op 25.11.1957 skryf Van Oorschot aan Eybers dat byna 1000 eksemplare verkoop is, "hetgeen voor Nederland een bijzonder groot aantal is. Gelukkig heb ik in een moment van onverantwoordelijke overmoed 2000 exemplaren laten drukken, zodat we gelukkig voort kunnen"!

4. Volgens J.J. Human (meegedeel in 'n gesprek te Kaapstad, 29.11.1991) impliseer die gemeenskaplike uitgawes - Stols was self mede-uitgewer van *Die vrou en ander verse* - dat kopieë waarskynlik wel in Nederland verkoop is. Elisabeth Eybers weet persoonlik nie van die gang van sake met betrekking tot Stols se bemoeienis met die Constantia-uitgawes nie. "Sover ek weet, is daar geen bundel van my in Nederland verkoop vóór Geert van Oorschot my impresario geword het" (mededeling in 'n persoonlike brief, 7.1.1992).

HOOFSTUK 2

ELISABETH EYBERS SE POSISIE IN NEDERLAND IN 1990 EN 1991

In Hoofstuk 1 is daarop gewys dat Elisabeth Eybers se buitengewone posisie in die Nederlandse letterkunde die vertrekpunt vir hierdie studie oor haar werk is. Die feit dat Nederland se belangrikste literêre pryse aan Eybers toegeken is, is 'n duidelike bewys dat sy as 'n belangrike digter beskou word. Dit het egter nie oornag geheur nie en ek wil 'n kort oorsig gee van Elisabeth Eybers se vordering op die "aanvaardingsleer" in die Nederlandse letterkunde. Hoe gekanoniseer is die "toe-eiening" van Eybers tot die Nederlandse letterkunde in 1990 en 1991 wanneer sy op die hoogtepunt van Nederlandse erkenning is? Staan die kwessie dat sy haar gedigte in Afrikaans skryf nog ter diskussie? Word dit algemeen aanvaar dat haar Afrikaanse gedigte gereken word tot die Nederlandse letterkunde? Ter vergelyking word kortliks gewys op die Suid-Afrikaanse resepsie in die ooreenstemmende jare. Sien veral Bibliografie III/B, H, I en J.

2.1 INLEIDING

Tot en met 1990 kan die opvallendste Nederlandse media-aandag vir Eybers gekoppel word aan vier geleenthede. Die eerste twee was die publikasie in 1957 van die Van Oorschot-*Versamelde gedigte* en die eerste Querido-uitgawe van Eybers se poësie toe *Balans* in Maart 1963 verskyn het. Onmiddellik was dit duidelik dat die Nederlandse kritiek gunstig reageer op haar werk. Die toekenning van die Herman Gorter-prys in 1974 en die Constantijn Huygens-prys in 1975 wys op die toenemende erkenning van Eybers se werk in die Nederlandse literatuur. Dié vier gebeurtenisse het egter nie naastenby so baie media-aandag getrek soos die geleenthede in 1990 en 1991 wat ek wil uitsonder nie.

Byna presies dertig jaar ná Eybers se aankoms in Nederland staan sy volledig in die kollig van die literêre media en dit is vir die beantwoording van vrae in verband met Eybers se posisie in Nederland van die grootste belang. In 1990 word naamlik haar *Versamelde gedigte* en *Uit liefde en ironie. Liber amicorum Elisabeth Eybers* ter geleentheid van haar vyf-en-sewentigste verjaarsdag gepubliseer, en in 1991 word die P.C. Hooft-prys aan haar toegeken.

2.2 1990 - PUBLIKASIES TER ERE VAN EYBERS SE 75STE VERJAARDAG

Soos reeds in 1.5 genoem, het Em. Querido's Uitgeverij deur die jare Eybers se werk op 'n so "Nederlands" moontlike manier aan die pers, boekwinkels en lesers voorgestel. Die klem word steeds geplaas op haar verstaanbaarheid en aansluiting by die Nederlandse poësie. Dit is weer die geval wanneer Eybers se Amsterdamse uitgewer ook in 1990 duidelik sy bes doen om lesers van haar "Nederlandsheid" te oortuig in die persverklaring vir *Versamelde gedigte*. Eers word Dubois aangehaal: "Haar poëzie behoort tot de belangrijkste uit de Afrikaanse, maar ook, ruimer, uit heel de Nederlandse literatuur." Daar word beklemtoon dat sy "het individuele transcendeert naar het algemeen-menselijke", dus aansluit by onder meer die Nederlandse Criterium-generasie waarop Dubois (1975:52) vroeër gewys het. Aan die Nederlandse leser word die versekering gegee dat die "beetje extra" inspanning om Eybers se Afrikaans te verstaan, ryklik beloon word. Sover moontlik word twyfel by Nederlandse lesers oor of hulle Eybers sal verstaan, deur Querido uit die weg geruim.

Die persverklaring wat *Uit liefde en ironie* begelei, volg dieselfde uitgewer-"strategie" wanneer die titel van die boek verduidelik word. Dit is naamlik "toevallig tegelijk Afrikaans en Nederlands, en is dan ook een citaat van Elisabeth Eybers, die dan wel in het Afrikaans schrijft, maar die ook Nederlandse is en tot de Nederlandse literatuur wordt gerekend".

Bykans alle Nederlandse koerante dra oorwegend prominente en lowende resensies van die twee bundels. Voordat ek nader hierop ingaan, wil ek eers op die uitsonderinge wys.

Hans Warren (*Provinciale Zeeuwsche Courant*, 2.6.90) gebruik sy resensie om te reageer op minister Hedy D'Ancona se aankondiging dat 'n nuwe reëling dit moontlik maak om Elisabeth Eybers in ag te neem vir die P.C. Hooft-prys (sien Meijer 1991 vir 'n uiteensetting van die reglement). In "Mooie Afrikaanse regels" ('n-wolf-in-skaapsklere-titel) vra Warren: "Maar maakt haar werk wel deel uit van de Nederlandse literatuur? (...) Daar dienen heel wat vragen bij geplaatst te worden." Warren - die enigste resensent wat ooit deur Eybers van repliek bedien is (in die gedig "Kritiek", *Einder* 1977; VG-384) - gaan hier eksplisiet in debat teen die algemeen-gunstige resepsie van Eybers in Nederland.[1]

Wanneer die waarskynlikheid steeds groter word dat die Hooft-prys aan Eybers toegeken sal word, beklemtoon Warren ineens op 'n aanvallende en polemiese manier die feit dat sy altyd in Afrikaans bly skryf het. Hy wei uit oor die geskiedenis en prestasies van

Afrikaans met die uitsluitlike doel om Eybers as behorend slegs daartoe uit te rangeer en buite spel te plaas vir die Nederlandse prys. Vergelyk:

> Het Afrikaans maakt op Nederlanders vooral zo'n vreemde indruk omdat het een bastaardvorm van onze eigen taal lijkt te zijn. (...) Het gaat echter om een volwaardige taal. De rijkdom ervan komt juist in de lyriek van Elisabeth Eybers sterk naar voren (...) de gedachte dat Afrikaans een raar soort Nederlands zou zijn is misplaatst. Ena Jansen verklaart in *Uit liefde en ironie*: 'Hulle is wel baie beslis twee afsonderlike tale.' Ze wijst er ook op dat het Afrikaans niet zonder meer door een Nederlander begrepen kan worden. Eybers is met enige inspanning goed te volgen, maar de nuances dreigen de lezer te ontgaan. Bijvoorbeeld is zonder 'specialistenkennis' niet te zien waar ernst ophoudt en spot begint.

Deur uiters selektief aan te haal en aan die hoofargument verby te gaan, gebruik Warren die artikel "Eybers die vreemde eend" (Jansen in Ester & Lindenberg 1990:45-61) om 'n argument daarvoor uit te maak dat Eybers glad nie kan of mag behoort tot die Nederlandse letterkunde nie. "Ondanks haar langdurige verblijf in Nederland, haar burgerlijke staat, het feit dat haar bundels tegelijk in Zuid-Afrika en Nederland worden uitgegeven, kan het werk van Elisabeth Eybers niet tot de Nederlandse literatuur worden gerekend. In Nederlandse bloemlezingen zal men haar poëzie dientengevolge niet aantreffen, in Nederlandse naslagwerken wordt aan haar voorbijgegaan. Niet omdat de samenstellers van bloemlezingen en naslagwerken haar dichtkunst onvoldoende zouden waarderen. Maar omdat ze dan genoodzaakt zijn ook alle andere belangrijke in het Afrikaans schrijvende auteurs te vertegenwoordigen en te vermelden. Daar is geen beginnen aan."

Warren gaan hier heeltemal verby aan die baie spesifieke redes waarom Eybers se poësie in Nederland 'n publiek bereik het en die feit dat van haar gedigte wel in sommige bloemlesings is. Hy skaar haar grofweg saam met "alle andere" Afrikaanse outeurs. Vanuit hierdie provoserende standpuntinname skryf Warren verder: "Een kleine, maar invloedrijke groep bewonderaars (hy noem later die name van Pierre H. Dubois, Ed Leeflang, Renate Rubinstein en Vasalis - EJ) hamert er desondanks voortdurend op dat Elisabeth Eybers tot de grootste dichteressen van het Nederlandse taalgebied zou behoren. Over haar plaats in de Afrikaanse letterkunde heeft men niet eens nagedacht."

Dat laasgenoemde posisiebepaling nie 'n saak vir Nederlandse kritici is nie, laat Warren gerieflikheidshalwe buite rekening. "Om nogmaals Ena Jansen aan te halen: een en ander is 'waarskynlik op 'n redelik taalkoloniallistiese uitgangspunt gebaseer'." Hieraan voeg hy toe dat argume[illegible] om Eybers se poësie "bij onze letterkunde in te lijven" heeltemal ongegrond is. Hy sê dat haar werk "tot op zekere hoogte met het werk van Nederlandse collega's" vergelyk kan word: met Ida Gerhardt s'n die meeste, meen hy:

> De dichteressen steken elkaar naar de kroon als het gaat om vormbeheersing. Maar ook hun karakters lijken niet sterk uiteen te lopen. Beiden voelen ze zich ballingen, laten ze zich leiden door een uiterst behouden wereldbeeld. Allebei oordelen ze heel streng over anderen en zijn nogal mild voor zichzelf.

Hierdie vergelyking is duidelik baie denigrerend vir albei digters. Die name van Hanny Michaelis en Fritzi Harmsen van Beek, digters van relatief veel minder allure in die breë Nederlandse letterkunde, word ook ter vergelyking aangevoer.

Warren bespreek ná hierdie polemiese standpuntinname dan tog die *Versamelde gedigte* en beskou as enige verrassing (...) de omstandigheid dat de seizoenen in Zuid-Afrika geheel anders verlopen dan hier". Dat 'n dergelike verrassing met betrekking tot Nederlandse seisoene selfs meer dikwels geld vir Afrikaanse lesers wanneer hulle Eybers se gedigte sedert 1961 lees, word nie in ag geneem nie. (Sien hieroor veral 12.2.) Hy beklemtoon, sekerlik nie onskuldig nie, dat Eybers weens persoonlike omstandighede, en nié op grond van politieke oortuigings nie, na Nederland geëmigreer het. "Zij voelt zich niet thuis in Nederland, de Nederlanders worden beschimpt. Vooral ergert ze zich aan de 'amptelike monomane haat' die ze als blanke Zuidafrikaanse in ons land te verduren krijgt." Hy noem dat sy "een enkele keer (...) heel voorzichtig protest" aanteken teen wat daar in "haar land van herkomst gaande was. Ze haast zich dan echter om toe te voegen: 'Die mense is hier nie minsamer as daar, gewis/ nie toleranter.'"

Dit is baie duidelik hoe selektief en met watter bedoeling Warren sy betoog lewer. Ook die opskrif van sy resensie, "Mooie Afrikaanse regels", is reeds 'n aanset tot sy hoofargument. Die laaste paragraaf van sy bespreking lui: "Ik kan me voorstellen dat lang niet ieder bewondering voor haar instelling (teenoor Nederlanders en die Suid-Afrikaanse politiek - EJ) zal kunnen opbrengen. Er is hier evenwel een groot dichteres aan het woord. Een schrijfster echter waar men niet in het Nederlandse, maar in het Afrikaanse taalgebied trots op mag zijn."

Hierdie vyandig-gesinde resensie uit 1990 was beslis 'n poging om 'n P.C. Hooft-toekenningskomitee te beïnvloed tot die standpunt dat aan Eybers nie die prys toegeken mag word nie. Daar kan sekerlik aangeneem word dat die jurie vir die prys in hoofsaak literêre meriete in ag neem, maar die beslissing om dit wel aan Eybers in 1991 toe te ken, sou deur niemand (behalwe meneer Warren) as 'n politieke verleentheid vir die beoordelingskomitee of 'n klad op die prys se naam bestempel kan word nie.[2]

Michaël Zeeman (*de Volkskrant*, 27.7.90) skryf die enigste resensie van *Versamelde gedigte* wat talle paragrawe van negatiewe kritiek bevat, "Voor de zoveelste keer november". Hier

word uiteraard gesinspeel op J.C. Bloem se gedig "November" (Bloem 1981:131). Voorbeelde van Zeeman se skerper kritiek is:

> Niet eerder dan tijdens het lezen en herlezen van deze verzameling was mij opgevallen hoe huiselijk haar poëzie in feite is (...) Daar zit iets rustgevends in, maar soms ook iets beschamends (...) Er zijn herhalingen te vinden die op het larmoyante af zijn, en dat Elisabeth Eybers het kind van een dominee is zullen we ook weten (...) 'Ek moes deur baie pyn om mens te word' klinkt wel aardig, maar dat komt dan vooral omdat voor ons oor 'baie' zo aardig is. Als zo'n gedicht dan eindigt met 'Ek het my opeens ontdek: voortaan/nie meer, goddankt, half-god, half-gek, maar mens!', inclusief die misselijke uitroeptekens, dan vraag je je van plaatsvervangende schaamte af of een ruimhartig samengestelde bloemlezing niet een beter idee gewees was dan deze verzamelbundel. En al dat loverrag en al die herfst, die avonden en dat gepijnigd liefhebben - het is zoveel en zo matig.

Hierna wys Zeeman wel óók op "prachtige en onvergetelijke regels" en sy eindoordeel is dat dit "grote poëzie" is. In sy laaste paragraaf sluit Zeeman aan by 'n resensie wat hy in 1988 vir die *Vrijdagse Bijlage Leeuwarder Courant* geskryf het wanneer hy wys op die besondere poëtiese krag van Eybers-woorde soos "aanswelnag" en "amperslaap": "Zoals men in die halfslaap sommige dingen helderder ziet dan wanneer men waakt, zo is haar taal soms een verheldering van wat wij minder nauwkeurig kunnen zeggen." (Die Russies-Formalistiese opvatting dat 'n proses van "making strange" werksaam is in goeie poësie sodat 'n nuwe manier van kyk daardeur opgeroep word, word hier gedemonstreer. Sien verder Hoofstuk 13.) Zeeman beskou ten slotte Eybers se *Versamelde gedigte* as

> een monument voor een taal. Het Zuidafrikaans leeft bij ons in halfvergeten kinderliedjes, in groezelig geworden kinderboeken en in enkele begrippen die verwijzen naar de abjecte opvattingen van Eybers' vroegere landgenoten. Er is geen twijfel mogelijk aan Elisabeth Eybers' verbondenheid met de Nederlandse literatuur, daarvoor zijn haar verwijzingen naar een gemeenschappelijke erfenis te talrijk en te belangrijk. Zij is daarin 'die lig bevreemde vreemdeling/ uit 'n onordeliker kontinent' waarvan zij ergens spreekt. Doordat haar taal een soort Nederlands lijkt dat het nèt niet is verrijkt zij ons met woorden waarvan ik hoop dat ze het bij ons ooit halen, omdat zij net iets beter zijn dan wat wij hebben.

Dié laaste paragraaf is vol onnoukeurige en raaiselagtige formuleringe, maar hieruit blyk wel dat Zeeman groot waardering het vir Eybers se Afrikaans wat skynbaar genoegsaam ingebed is in 'n "gemeenschappelijke erfenis" om aantreklik te wees. Hierdie inbedding in 'n bekende tradisie (Zeeman is baie vaag en ek interpreteer sy moontlike bedoeling) is sekerlik die rede waarom Eybers se Afrikaans wel vir hom aanvaarbaar is. Want ek vermoed dat Zeeman nie dink dat Afrikaanse woorde oor die algemeen "net iets beter zijn" as die Nederlandse woordeskat nie.

Alhoewel Zeeman se lang bespreking waarskynlik die negatiefste resensie is wat ooit oor Eybers in Nederland of Suid-Afrika verskyn het, is sy kritiek 'n leidraad waarom Eybers so gewild is by Nederlandse lesers: dít wat hy as "huislikheid" beskryf, maak haar gedigte

vir Nederlandse lesers in die eerste plek toeganklik. So baie aspekte van haar gedigte is herkenbaar, maar die taal verg tog die leser se intense medewerking. Lesers wat die raaisel van haar taal oplos deur hulle intensief met haar gedigte besig te hou, word egter daadwerklik "beloon" op allerlei vlakke: die talige, die emosionele en die verstandelike. In teenstelling dus tot die kriptiese en dikwels serebrale poësie wat sedert die optrede van die "Vijftigers" in Nederland die botoon voer en wat soms min emosionele beloning bied wanneer dit ontrafel is, bied Eybers s'n dit wel. (Met hierdie opmerking loop ek vooruit op my slot. Sien 13.6.)

'n Aantal kere (1982, 1990) wy die joernalis en essayis Renate Rubinstein/ Tamar haar rubriek in *Vrij Nederland* aan Eybers se gedigte. Sy bespreek *Versamelde gedigte* en skryf (10.3.90): "Nederland mag blij zijn met een dichter die in een eigen, aan het Nederlands grenzende taal, schrijft. Een taal die op het Zuidafrikaans lijkt, maar daarvoor toch weer te persoonlijk is." Wat Rubinstein hier bedoel met "te persoonlijk" is onduidelik. Dit is opvallend dat sy 'n onderskeid wil maak tussen Eybers se "tussentaal", Nederlands en wat sy beskou as Afrikaans.

Rubinstein se uitsprake in verband met Vasalis se bydrae tot *Uit liefde en ironie* (in Ester & Lindenberg 1990:155-156) dui op 'n indirekte wyse daarop dat Nederlandse lesers dikwels nie by magte is om 'n gefundeerde oordeel te hê oor die meriete van Eybers se algemene taalgebruik nie. Rubinstein beklemtoon naamlik dat Vasalis se "Vir Elisabeth" "inderdaad in het Zuidafrikaans geschreven is". Talle ander Nederlandse resensente onderskryf hierdie lof. Warren (1990) noem dit "een fraai Afrikaans gedicht". Leeflang (1990) skryf oor "een even prachtige als verrassende bijdrage omdat het in het Afrikaans werd geschreven", en Van Deel (1990) noem dat sy "een lang gedicht in het Zuidafrikaans" bydra. Hans Ester, een van Eybers se enigste Nederlandse kritici (naas Van Dis) wat Afrikaans kan praat, het kom in 'n persoonlike gesprek (Julie 1990) ook baie positief uitgespreek oor Vasalis se "pragtige gedig".

Afrikaanse kritici deel absoluut nie hierdie mening nie. Kannemeyer (1990) meen nie net dat die gedigte van Nederlandse bewonderaars "almal sonder uitsondering swak is en niks minder as 'n verleentheid vir die jubelaris moet wees nie", maar hy beskou Vasalis se gedig as die "verstommendste" omdat sy "'n vers in Afrikaans probeer skryf, 'n taal waaroor sy geen beheer hoegenaamd het nie en wat haar tot 'n stuk gedrogtelikheid verlei". Ook Lucas Malan (1990) noem die gedig 'n "onsuksesvolle eksperiment om in Afrikaans te dig".[3]

Posisie in Nederland 1990 en 1991

Nederlandse menings oor die goed-bedoelde "Vir Elisabeth" is ironies-genoeg sekerlik die duidelikste bewys dat Nederlandse kritici in werklikheid nié die vermoë het om te onderskei tussen 'n "gedrogtelike" Afrikaanse en 'n "ware" Afrikaanse gedig nie. Hieruit kan 'n mens die logiese konklusie trek dat hulle ook nie by magte is om oor die fyner nuanses van Eybers se Afrikaanse taalgebruik in meer as onderdele te oordeel nie. Wat dit betref moet 'n mens Warren op enkele punte gelyk gee, maar Eybers se dertig jaar lange "lewensvatbaarheid" in die Nederlandse letterkunde is sekerlik 'n aanduiding dat daar ook iets anders aan die hand is as maar gedigte wat aan hulle 'n posisie in die Nederlandse letterkunde gegee het. Hier moet natuurlik genoem word dat suiwer taalgebruik volgens byvoorbeeld ABA of ABN-standaarde in ieder geval nie as die mees onderskeidende kenmerk van goeie poësie beskou kan word nie.

Om terug te kom op Rubinstein se bespreking: dit gee nie slegs aan op watter punte Nederlandse lesers nie 'n gefundeerde oordeel oor Eybers se gedigte het nie, maar dui ook aan watter aspek daarvan Rubinstein wel sterk waardeer: die verwoording van menslike emosies wat oor taalgrense heen invoelbaar is. Rubinstein meen Eybers se gedigte "vertellen haar leven zonder omweg. Ze zijn voor de gewone lezer en niet voor de neerlandicus geschreven, reden waarom er over de vaak bekroonde dichteres toch betrekkelijk weinig gepubliceerd is" (Rubinstein 1990).

Wim Vegt (1990) beskryf die *Versamelde gedigte*-publikasie as 'n goeie geleentheid om Eybers se "grootheid als dichter na te lezen of te ontdekken, zonder al te veel bekommernis om de oude discussie of we Elisabeth Eybers wel mogen inlijven als Nederlands dichteres. Ze schrijft immers in het Zuidafrikaans en is dat altijd blijven doen, ook al woont ze sinds 1961 in Nederland en bezit ze intussen de Nederlandse nationaliteit." Volgens Vegt is die menings oor haar "'andere' Nederlands" noulikс verdeel: "Vrijwel unaniem getuigen de critici van de poëtische voordelen van die bondige taal met haar verrassende directheid." Eybers dwing (Nederlandse) lesers volgens hom tot groot konsentrasie "bij het herkennen van op het eerste gezicht onherkenbare woorden en bij het volgen van onverwachte zinswendingen. Je houdt dat merkwaardig lang vol omdat je er niets van wil missen. De andere taal vormt je tot een ideale lezer. Eybers' thematiek dwingt je tot betrokkenheid" (Vegt 1990).

Sowel Vegt ("Terecht eerbetoon voor Elisabeth Eybers") as Wilbert Friederichs ("Eybers krijgt eer die haar toekomt", 1990) is ondubbelsinnig in hulle oordeel dat Eybers, alhoewel Afrikaans "niet meteen voor een Nederlander te bevatten is", dit verdien om in die Nederlandse letterkunde vereer te word. Dat die mooi dundrukuitgawe van Eybers se *Versamelde gedigte* met steun van die Nederlandse "ministerie voor welzijn,

volksgezondheid en cultuur" tot stand kon kom, word deur niemand vreemd gevind nie. "Dat Elisabeth Eybers niet zomaar een verdacht soort koeterwaals schrijft maar een belangrijke dichteres is, naar vormbeheersing, intensiteit en thema's te vergelijken met Ida Gerhardt, is een gedachte die terrein wint en die met de verschijning van deze twee boeken hopelijk gemeengoed zal worden" (Friederichs 1990). Van der Pluijm (1990) meen: "Eybers' oeuvre is uniek, het is Zuidafrikaans én Nederlands, het is particulier én zeer algemeen. Maar bovenal is het toegankelijk, rijk, van hoog niveau."

Johan Oosterman (1990) gee 'n belangrike aanduiding waarom Eybers se werk vir hom so aanvaarbaar is: "De schijnbaar probleemloze omgang van Eybers met de taal - schijnbaar, omdat geen vers écht vanzelf komt - is misschien het opvallendste aspect aan haar werk. Gewend als we zijn aan meer of minder hermetische poëzie, moeilijk doordringbaar, verbazen gedichten als die van Eybers." By Eybers is taal middel en nie doel nie. Hier [illegible]s van Oosterman vestig die aandag op iets wat aansluit by Eybers se afkeer van nasionalistiese gevoelens. Indien Eybers naamlik 'n bewuste taal- en nasionaalgesinde boodskap in haar gedigte uitgedra het, sou sy sekerlik nie op so 'n byna verkleurmannetjie-agtige manier die Nederlandse letterkunde binnegekom het nie.

Gerard Berends (*Dagblad De Noord-Ooster*, 15.6.90) vind *Versamelde gedigte* "een van de mooiste dichtbundels die de laatste tijd verschenen zijn" en meen dat lesers na drie gedigte gewoond is aan Eybers se taal en "liefdevol" beloon word vir die moeite. Ook Zonderland (1990) bekla mtoon die feit dat moeite om Eybers se taal te deurgrond, "beloond" word. Henk Egbers (*De Stem*, 2.6.1990) meen dat Eybers ten spyte van die feit dat sy dikwels saam met Ida Gerhardt beskou word as die "Twee Grote Dames van onze poëzie" 'n bietjie "tussen wal en schip" tereggekom het: "Persoonlijk leeft ze zowel met Nederland als Zuid-Afrika nu in een soort haat-liefde verhouding en wordt er in beide landen (politiek) aan haar getrokken maar evenzeer de schouders over haar opgehaald." Iets dergeliks word ook in Hoofstuk 5 gesuggereer.

Inge van den Blink skryf in *Utrechts Nieuwsblad* (14.4.90) dat Eybers se poësie reeds met die toekenning van die Constantijn Huygensprys "definitief ingelijfd (is) in de hoogste regionen van onze dichtershemel". Sy haal "Eybers die vreemde eend" (Jansen in Ester & Lindenberg 1990:45-61) aan om te motiveer dat Eybers as digter "een vertegenwoordigster van twee culturen" is, en sy wys op die risiko's verbonde aan die aanname dat 'n mens Eybers se werk heeltemal sal begryp as jy slegs een van die kulture ken. Lucie Th. Vermij (*De Groene Amsterdammer*, 21.2.90) beskou, ná 'n waarderende oorsig van Eybers se poësie, die *Liber amicorum* as 'n *statement*: "een boycot van de culturele boycot. Of moeten we het zien als een 'statement' over poëzie als bindende, verzoenende factor?" In *De Lectuurgids*

Posisie in Nederland 1990 en 1991

(Maart 1990) word die verwantskap tussen Nederlands en Afrikaans wat uit Eybers se werk blyk, genoem. "De taal klinkt zo gewoon, nonchalant en bijna middeleeuws opgeruimd." Ook Jaap Goedegebuure (1991) is onder die indruk van die "volstrekt natuurlijk aandoende manier" waarop Eybers uiterstes verenig. Die gedigte "laten (zich) lezen alsof ze altijd al hebben bestaan".

Ed Leeflang (*Vrij Nederland*, 3.3.90) begin sy bespreking van *Versamelde gedigte* en *Uit liefde en ironie* met 'n aanhaling uit Thérèse Cornips se artikel: "Elisabeth Eybers heeft zich (...) teruggetrokken op de eigen sterke basis van haar taal. Van inburgering is geen sprake, tenzij aan de oppervlakte, als een schutkleur (...) Het lijkt me dat Nederland, met de nodige deemoedigheid, al blij mag zijn de dichteres tot contrast te hebben gediend en haar tot zulke prachtige heimweeverzen te hebben gebracht." Na aanleiding van die feit dat Cornips haar enigsins vermanend uitlaat oor die vanselfsprekendheid waarmee Nederland vir Eybers tot sy literatuur reken, skryf Leeflang: "Of je dat gemak onbescheiden moet vinden of juist mag opvatten als een blijk van onbekrompen, oprechte erkenning, vraag ik me af."

'n Vraag wat Vasalis stel in haar huldigingsgedig, "Hoe kan dit, dat ons so diep geniet/ selfs als jij skrijf oor heimwee en verdriet?" beskou Leeflang as heel relevant, maar verstrek self geen antwoord nie. Sy slotparagraaf lui: "Mij lijkt het voorlopig dus niet in orde de latere Eybers te willen zien anders dan als een dichteres van het hier en nu, alsook, uiteraard, van het daar en toen."

T. van Deel se bespreking, "Tot ek word wat ek was en niks my kan deer" (*Trouw*, 1.3.90), beklemtoon dat Eybers haar gedigte "in het Zuidafrikaans" skryf: "Zij is dat blijven doen, tot op de dag van vandaag." Hy ervaar dit glad nie as iets negatiefs nie en meen dat daar tydens haar Nederlandse verblyf "wel het een en ander veranderde aan die taal. Ik kan het niet goed beoordelen, omdat ik geen Zuidafrikaans ken, maar ik merk dat ik met de taal van haar vroegere gedichten meer moeite heb. Het is net alsof in haar latere werk het Zuidafrikaans een beetje is opgeschikt in de richting van het Nederlands."

Die artikel "Eybers die vreemde eend" dien ook vir Van Deel as basis vir die kern van sy betoog dat Eybers 'n uitsonderingsposisie inneem in sowel die Afrikaanse as die Nederlandse literatuur. Hy gee die hoofargumente van die artikel weer en sluit daarby aan: "Haar gedichten uit de Nederlandse periode veronderstellen soms kennis van woordbetekenissen en omstandigheden die een Zuidafrikaanse lezer niet heeft, en, andersom, een Nederlandse lezer begrijpt soms de typisch Zuidafrikaanse betekenissen en referenties niet. Dat kan tot misverstanden aan beide kanten aanleiding geven." Van

Deel het telkens (1973, 1977, 1988) uiting gegee aan sy bewondering vir die werk van Eybers en herhaal dit nou weer: "Het Zuidafrikaans van Eybers heeft voor mij altijd het lezen van haar werk geïntensiveerd."

In verband met Van Deel se indruk dat hy Eybers se later werk beter kan verstaan in die besonder en veranderinge in haar taalgebruik ten opsigte van Afrikaans en Nederlands in die algemeen, wil ek 'n aantal moontlike redes opper:

> 1. Aspekte van Eybers se Afrikaans het deur die jare intak gebly en kom nog redelik suiwer ooreen met die vorm waarin dit dertig jaar gelede in Suid-Afrika gepraat is. Volgens haar Suid-Afrikaanse uitgewer J.J. Human is haar taal, "anders dan bij alle andere Afrikaanse schrijvers, merkwaardig vrij van Engelse invloed" (in *Meijer 1991*).
>
> 2. Weens 'n proses van verandering waaraan Nederlands sekerlik vanaf 1960 onderhewig was - onder meer deur die groter invloed van Engels daarop - het die algemene struktuur van Afrikaans (wat meer as 'n eeu reeds sterk onder invloed van Engels staan) moontlik vir Nederlanders herkenbaarder geword.
>
> 3. Eybers se Afrikaans het opgeskuif in die rigting van Nederlands en sy gebruik minder tipiese Afrikaanse konstruksies en woorde.

Dié redes - wat hier nie in meer besonderhede uitgewerk kan word nie - dra sekerlik by tot die feit dat Eybers beter as enige ander Afrikaanse skrywer deur Nederlandse lesers verstaan word. Op die "tussentaal"-aard van haar poësie en ander moontlike redes vir Eybers se aanvaarding in Nederland word verder ingegaan in Hoofstuk 13.

2.2.1 SUID-AFRIKAANSE REAKSIES OP EYBERS SE HULDIGINGSBUNDELS

In die Afrikaanse pers word *Versamelde gedigte* lowend ontvang; maar sonder enige diskussie oor of Eybers wel of nie (meer) tot die Afrikaanse letterkunde gereken behoort te word nie. Malan (1990), Hambidge (1990) en Kannemeyer (1990) noem almal die belang van die feit dat die herdenkingsbundels op inisiatief van sowel haar Suid-Afrikaanse as haar Nederlandse uitgewers plaasvind. Dis "'n aanduiding van die hoë agting en aansien wat sy in beide taalgebiede geniet" (Kannemeyer 1990).

Posisie in Nederland 1990 en 1991

Die Afrikaanse resensente van *Uit liefde en ironie* neem almal aanstoot aan die kwaliteit van die Nederlandse bydraes. Malan wonder byvoorbeeld of "dié vriende wel weet watter standaard daar gehandhaaf is in vroeëre boeke van hierdie aard, en hoe hoog Eybers deur haar vakgenote in Afrikaans geag word". Rubinstein en Dubois se bydraes lei volgens Malan "tot 'n ongemaklike gevoel by die leser dat daar iewers van 'n onderskatting sprake is". Kannemeyer meen dat die meeste kritiese bydraes uit Nederland "artikeltjies (is) wat by dié besondere geleentheid in dagblaaie gepubliseer kon gewees het".

Wat Kannemeyer veral van hierdie kritici sou wou gehad het, is 'n ondersoek na die redes vir Eybers se gewildheid in Nederland en wie haar leserspubliek daar uitmaak. "Dat vooraanstaande Nederlandse en Vlaamse kritici nog nie tot intensiewe studie van haar poësie gekom het nie, blyk uit die afwesigheid van die prominentste Neerlandici in die bundel," skryf hy. In 'n mondelinge reaksie hierop (Julie 1990) het die samesteller Ester hom afgevra wie Kannemeyer hiermee sou bedoel en of Kannemeyer geen besef het van die spesialisasie-terreine waarop die meeste Neerlandici werksaam is nie. Kannemeyer het die meeste waardering vir Nienaber-Luitingh en Jansen se opstelle "waarmee Eybers se posisie as 'n figuur van betekenis in sowel die Afrikaanse as die Nederlandse literatuur nagegaan word". Hy beskou haar posisie as digter in twee lande as 'n aspek wat "beslis in die toekoms tot 'n vollediger en vrugbare studie van hierdie belangrike poëtiese oeuvre kan uitgroei". Ook Lucas Malan vind hierdie aspek besonder boeiend.

Uit die verskeidenheid reaksies op die publikasies wat in 1990 verskyn het, is dit baie duidelik dat daar 'n verskil is tussen die Nederlandse en Suid-Afrikaanse kritici. Eersgenoemde waardeer Eybers as 'n "vreemde bekende" digter wat hulle ten spyte van haar Afrikaanse gedigte tot die Nederlandse literatuur reken. Hulle is verder heel ingenome met die Nederlandse bydraes tot *Uit liefde en ironie*. "Eybers die vreemde eend" word telkens aangegryp om te "bewys" dat Eybers tot die Nederlandse letterkunde behoort (sien hierbo, asook Friederichs 1990), maar ook om die teendeel mee te probeer onderskryf (Warren 1990). Suid-Afrikaanse kritici het 'n soort *status quo*-benadering tot Eybers en skat die informeler Nederlandse "vriendskaps"-bydraes nie hoog nie. Wel is hulle - vir die eerste keer in dertig jaar - geïnteresseerd in Eybers se Nederlandse resepsie.

2.3 1991 - TOEKENNING VAN DIE P.C. HOOFT-PRYS

Nederland se hoogste literêre prys, die P.C. Hooft-prys, word op 31 Mei 1991 aan Eybers in die Letterkundige Museum in Den Haag uitgereik. Sy kry die prys, waaraan 'n bedrag van 25.000 gulden verbonde is, "vanwege de uitzonderlijke kwaliteit van haar omvangrijk poëtisch oeuvre". Die beoordelingskomitee of jurie staan onder voorsitterskap van Rutger Kopland en die ander lede is Anneke Brassinga, G.J. Dorleijn, Remco Ekkers en Kees van Rees.

Op 14 Februarie 1991, dus kort voor Eybers se ses-en-sewentigste verjaardag, word die toekenning bekend gemaak en berigte daaroor verskyn in feitlik alle Nederlandse koerante. Alhoewel dit in die persberigte genoem word, word byna geen ophef spesifiek oor die feit gemaak dat sy uit Suid-Afrika afkomstig is en steeds in Afrikaans skryf nie. Willem Kuipers van *de Volkskrant* (15.2.91) is hierop 'n uitsondering.

> Degenen die weten dat zij nooit anders dan Zuidafrikaans geschreven heeft, zullen zich wellicht afvragen of met deze bekroning de taal die lang geleden de navelstreng met het Nederlands heeft doorgesneden weer in de moederschoot is opgenomen.

Hy noem dat Breyten Breytenbach ooit daarop gewys het dat die huidige Afrikaans minder verwantskap vertoon met Nederlands as met die Afrika-tale wat in en om Suid-Afrika gepraat word. (Hiervan kan 'n mens natuurlik verskil - EJ) Kuipers vervolg: "Breytenbach zal het om die reden niet eens zijn met de toekenning van een *Nederlandse* letterkundige prijs aan een Zuid-Afrikaanse dichteres." Kuipers maak dan 'n oorgang na 'n politieke redenasie wanneer hy direk hierop vervolg: "Die dingen liggen gevoelig, ot misschien moet ik zeggen lágen gevoelig, want ook een uitgesproken politiek geëngageerde dichter als Breytenbach zal moeten toegeven dat de ijzige verhouding tussen Nederland en Afrika aan warmte en vriendschappelijkheid kan winnen, nu de apartheid (...) haar meest gruwelijke trekken lijkt kwijt te raken." Hy gaan verder: "Wie met deze dooi op de achtergrond de (taal-) politieke problemen laat voor wat ze zijn en zich concentreert op de poëzie - wat de jury terecht óók gedaan heeft - kan er niet om heen dat met deze uitverkiezing een oeuvre van bijzonder niveau is bekroond, dat bovendien Nederlandser is dan de taal doet vermoeden."

Kuipers verwys na 'n artikel in sy koerant waarin geskryf is oor die "ijle luchtbrug tussen twee stamverwante talen" waarvan Eybers 'n "stevige loopplank" gemaak het (Jansen 1981 na aanleiding van Van Dis 1977). Hy meen dat die rede vir Eybers se gewildheid gelee is in die feit dat by al die "ogenschijnlijke huiselijkheid die haar poëzie ademt iets onverzettelijks, eigenzinnigs en dwarsigs de grondtoon bepaalt".

Posisie in Nederland 1990 en 1991

Kuipers se voortvarende konklusie is: "Voor de Nederlandse poëzie is het mooi dat de oude banden, niet met de taal, maar met de poëzie van Zuid-Afrika, als die van N.P. van Wyk Louw en D.J. Opperman, nu officieel hersteld zijn." In 'n voorbladberig het Kuipers die toekenning van die prys aan Eybers selfs omskryf as 'n teken dat Afrikaans uiteindelik uit sy kettings bevry sou wees.

Hiervan verskil ek en sê in 'n onderhoud met *Transvaler* (Goosen 1991): "Dit gee ander (Afrikaanse) skrywers byvoorbeeld geen rede om te meen dat hulle nou ook so 'n bekroning te wagte kan wees nie." Jaap Goedegebuure (1991) reageer ook op Kuipers: "Bij monde van Willem Kuipers leek de Volkskrant er zowaar een politieke beslissing in te zien. Alsof de dichteres, die nu al dertig jaar in Nederland woont, nog zou kunnen gelden als een boegbeeld van de autochtone Zuidafrikaanse cultuur." (Dat dit in sekere sin wel so is omdat die Afrikaanse letterkunde geen haarbreedte afstand gedoen het van Eybers in hierdie drie dekades nie, vermoed Goedegebuure miskien nie.) Hy meen dat 'n politieke bekroning nie 'n totaal ondenkbare saak is nie (Breytenbach het bv. van die Haagse Jan Campert-stigting "eregeld" gekry toe hy uit die gevangenis vrygelaat is), maar beklemtoon dat Eybers die prys om *literêre* redes gekry het: "Onder kenners en liefhebbers van poëzie geldt Eybers sinds jaar en dag als een figuur die hoort bij de randstedelijke letterkunde. Deze inlijving is vergemakkelijkt door haar idioom, waarin het Zuidafrikaans steeds sterker onder de invloed van het Nederlands is geraakt."

Die feit dat Eybers ten spyte van haar Nederlanderskap die band met haar geboorteland nooit wou verloën nie, bring Goedegebuure tot die opmerking: "Misschien dat de bekroning van Eybers alsnog tot een politieke gebeurtenis gemaakt zou kunnen worden. Voelt Den Haag er niet voor iets van haar genuanceerde houding over te nemen, en te bezien of het cultureel akkoord tussen Nederland en Zuid-Afrika op korte termijn hersteld kan worden?"

De Standaard (19.2.91) reageer in 'n hoofartikel deur ene GD op die aankondiging: "Elisabeth Eybers, de dichteres van Zuidafrikaanse herkomst, krijgt in Nederland, tot onze vreugde, de grootste literaire prijs van ons taalgebied." GD meen dat Eybers, "die zich altijd onafhankelijk heeft opgesteld", die prys op "louter artistieke gronden" verdien, maar dat dit 'n saak is van meer as letterkundige belang. "Wellicht zal haar bekroning helpen om het kultuurpolitieke probleem van het Afrikaans ter sprake te brengen in een meer zuivere sfeer dan tot nog toe in de Lage Landen mogelijk was. Ook Vlaanderen moet daarover nadenken." GD verwys na die feit dat Afrikaans se status in die "nuwe Suid-Afrika" ter diskussie staan en meen dat die tyd vir die Nederlandse regering gekom het

om weer "tot een verbreding en verdieping van de kulturele kontakten met de R.S.A. te komen".

Van Deel (1991) prys die intieme aard van Eybers se poësie. "Haar gedichten zijn de hoogstpersoonlijke reactie op wat het leven aandient, maar door hun formulering krijgen ze een algemenere geldigheid en kunnen ze er zelfs toe bijdragen 'om jou met jou lot te versoen'. De grote kracht van Eybers' werk ligt in de subtiele bescheidenheid van haar toon, de schitterende beeldvorming en het raffinement van haar taalgebruik". Hy bespreek as voorbeeld hiervan kortliks "Eerste sneeu" (VG-526) en "Treurkwatryn" (VG-590). Hy maak geen melding van moontlike politieke aspekte van die toekenning nie.

Guus Middag (*NRC Handelsblad*; 15.2.91) meen dat Eybers in die Engelse tradisie staan van "verstaanbare, intelligente, persoonlijke poëzie". Hy beskou haar "tussentaal" as nie te moeilik as 'n mens die moeite neem om "enkele van haar gedichten hardop te lezen". Op grond van hierdie waarnemings heg Middag die volgende interpretasie aan die toekenning:

> Die wetenschap (dat haar taal 'in de richting van het Nederlands is opgeschoven' - EJ) én de overweging dat álle dichters nu eenmaal uit de aard der zaak afwijken van de omgangstaal moeten de Stichting P.C. Hooftprijs ertoe hebben gebracht haar statuten creatief te interpreteren en ook de bekroning van een oeuvre in onze Zuidafrikaanse zustertaal mogelijk te maken. Wie wil kan in deze toekenning dan de officiële bevestiging zien van de gebiedsuitbreiding die de Nederlandse poëzie sinds de komst van Eybers heeft ondergaan: met een gebied waar eigenzinnig, ontroerend, vitaal en geestig gedacht en gedicht wordt, in een taal die nog het meest lijkt op schoongewassen Nederlands: 'glad soos 'n eikel in sy doppie'.

Een van die indrukwekkendste besprekings van Eybers se *Versamelde gedigte* val saam met die aankondiging van die P.C. Hooft-prystoekenning: "Benoemen als een vorm van vervreemden" (*de Volkskrant*, 18.2.91). Hierdie artikel van Kees Fens (die 1990-P.C. Hooft-pryswenner vir sy essayistiese werk) is een van die hoogtepunte van dertig jaar Eybers-resepsie in Nederland. Hy gaan glad nie polemiserend in op die moontlike politieke implikasies van die toekenning nie, maar skryf oor sy waardering vir die feit dat die prys aan Eybers toegeken word:

> Februari, de geboortemaand, de tijd van de hoogzomer, de maand dat alles gerijpt is - de P.C. Hooftprijs had aan Elisabeth Eybers niet op een gelukkiger moment kunnen worden toegekend. Even houdt de evenaar, die grote scheidingslijn en verstoorder, alles in balans. Even worden in elk geval twee literaire werelden één. Vijfenvijftig jaar poëzie (...) Tien gedichten per jaar (...) Het is veel, voor wie op dat niveau de ongerijmdheid van mensen, werelddelen, talen en het hele bestaan tot een betekenisvolle samenklank van tegendelen heeft weten te maken.

Posisie in Nederland 1990 en 1991

Die Hooftprys-"jury" wys met nadruk op die uitsonderlike kwaliteit van Eybers se poësie binne die Nederlandse literatuur en sê dat die prystoekenaing in ooreenstemming is met die algemene gevoel by Nederlandse poësiekenners dat die oeuvre van Eybers tot die Nederlandse poësieskat behoort. Haar werk word beskryf as "van zodanige omvang en kwaliteit, dat de dichteres bekroning verdient met de hoogste literaire onderscheiding".

Die jurie meen dat Elisabeth Eybers haar selfgevonde waarheid nugter en noukeurig stel en dat dit getuig van verset en berusting. "De taal waarin Elisabeth Eybers schrijft, speelt hierbij een belangrijke rol. Het bondige dat het Afrikaans tegenover het Nederlands kenmerkt, past bij de kernachtige wijze waarop Elisabeth Eybers over haar leven dicht. Het wordt daardoor als het ware 'het leven'. Zij heeft de taal van haar jeugd verrijkt met het Nederlands van de tweede eeuwhelft en laten groeien in haar eigen dichterschap. Haar taal is een persoonlijke variant geworden, 'een uitwijktaal'; misschien mogen we spreken van Eybersiaans." (Sien verder "Juryrapport" in Dubois e.a. 1991:15-19. Ook afgedruk in die Human & Rousseau-uitgawe van *Teëspraak*.)[4]

Volgens Dubois beteken die verering van Eybers dat haar Nederlandse lesers 'n geskenk ontvang waarop hulle glad nie outomaties aanspraak kan maak nie omdat sy in Afrikaans skryf. Hy beskryf *Versamelde gedigte* as 'n pragtige en aangrypende mosaïek in haar "onvervreemdbaar eigen, persoonlijk gemoduleerde taal" en hy hoop dat die toekenning van die prys aan haar sal duidelik maak dat dit wat sy gee, met dankbaarheid in Nederland aanvaar word. Hy wys op Eybers se vitale humor, haar stoïsynse berusting en ironiese filosofie wat haar in staat stel tot mededoë, maar ook tot die vermoë om 'n ontluisterende wêreld helder en onverstoorbaar saam te vat.

Volgens Dubois het Eybers se formele Nederlandse burgerskap sedert 1985 min bygedra tot die waardering vir haar poësie. Die "herkenbaarheid" van vorm, die toon en algemeen menslike inhoud het in die eerste instansie Eybers se reputasie by die Nederlandse poësieliefhebbende publiek reeds gevestig, "paradoksaal genoeg eerder omdat het vertrouwd was dan omdat het nieuw klonk". Volgens Dubois was die egtheid van haar werk altyd oortuigend. Haar sterk vormvermoë het so goed by die Nederlandse poëtiese tradisie aangesluit dat lesers soms byna vergeet dat hulle 'n vreemde idioom lees. (Sien verder "Toespraak" in Dubois e.a. 1991:5-14, of in die Suid-Afrikaanse *Teëspraak*-uitgawe, en Hoofstuk 13.)

Elisabeth Eybers spreek haar Dankwoord in Afrikaans uit - 'n bewys dat sy haarself as 'n *Afrikaanse* digter beskou. Sy beklemtoon dat sy 'n "deurgaans doodgewoon gangbare Afrikaans" skryf en dat geen van haar Suid-Afrikaanse lesers beweer dat haar taal "nou

vreemd of ouderwets klink nie". Verwysings na Afrikaans as "die apartheidstaal" keur sy sterk af omdat dit "by uitstek 'n smeltkroestaal is". Sy meen dat verse wat sedert 1961 vanuit 'n nuwe omgewing en 'n later lewensfase ontstaan het, anders uitsien as verse wat sy sou geskryf het as sy tuis sou gebly het en dat Nederland vir haar skryfwerk 'n besondere betekenis het. (Sien verder Eybers in Dubois e.a. 1991:20-27, of in die Suid-Afrikaanse *Teëspraak*.)

2.4 OPSOMMEND

Hierdie seleksie uit kommentare op Eybers se belangrikste "feesjare" in die Nederlands letterkunde bevat aspekte uit die Eybers-kritiek wat telkens weer na vore sal kom. Eybers se hoë aansien in die Nederlandse letterkunde blyk duidelik.

VERWYSINGS BY HOOFSTUK 2

1. Alhoewel Warren self deur die jare Eybers-bundels gerecenseer het (sien Warren 1962, 1965, 1973, 1977, 1982; resensies deur hom van *Drysband* en *Rymdwang* kon ek nie opspoor nie), het hy homself skynbaar nooit voorheen afgevra waarom hy dit gereeld en asof vanselfsprekend gedoen het terwyl hy nooit die werk van ander Afrikaanse digters resenseer nie.

2. In Hoofstuk 5 verwys ek na Meijer (1988:244) se uitspraak dat sy Eybers "politiek vertrouwt". Dit om aan te toon dat 'n ideologies-kritiese literator uit die links-Nederlandse hoek (vergelyk byvoorbeeld haar negatief-kritiese lesing van Opperman se gedig "Boer", 1988:212) geen politieke probleme met Eybers het nie.

3. Vasalis se gedig is inderdaad nie Afrikaans nie, bowendien sentimenteel, en veral taalgewys 'n "gebrekkig oorbetoon" - soos wat die digter met self-kennis toegee. As curiosum is dit wel interessant. Die feit dat Kannemeyer en Malan nog nooit enige beswaar gehad het teen Eybers se hantering van Afrikaans nie, is 'n goeie aanduiding van die feit dat sy haar Nederlandse lesers beslis nie "inpalm" met "gedrogtelike" Afrikaans nie, maar op grond van gedigte wat deur Afrikaanse literatore steeds as Afrikaans beskou word.

4. Volgens die reglement moet die oeuvre van "een levende Nederlandse auteur" bekroon word, waarmee bedoel word "een auteur van de Nederlandse nationaliteit, Nederlands ingezetene, of een auteur die de Nederlandse nationaliteit heeft bezeten." Omdat Eybers sedert 1985 die Nederlandse nasionaliteit het, voldoen sy aan hierdie eis. As aanvulling op "Nederlandse auteur" vervolg die reglement met: "wiens of wier werk hoofdzakelijk geschreven is in de Nederlandse en/of Friese taal." Omdat Eybers sedert haar debuut steeds in Afrikaans skryf, voldoen sy dus nie aan hierdie tweede voorwaarde nie. Op die vraag waarom Eybers wél die Nederlandse prys ontvang, sê die jurielid Remco Ikkers hieroor (Meijer 1991): "Een grensgeval. De jury heeft zich inderdaad eigenwijs opgesteld. Tijdens onze eerste bijeenkomst zelden we onmiddellijk tegen elkaar: het moet Eybers worden, maar het kan niet. We hebben ons afgevraagd of het werkelijk niet kon, zijn ons ter dege gaan documenteren, hebben argumenten verzameld en daarmee hebben we het bestuur overdonderd. Ze hebben de voordracht probleemloos geaccepteerd." Die belangrikste argument was dat Eybers skryf in "wat wel wordt genoemd een tussentaal". Betuurslid Rudolf Geel: "Wij hebben er zeker over gepraat, ons afgevraagd: krijgen we straks een golf kritiek van mensen over ons heen die zeggen dat het niet kan? We kwamen tot de slotsom dat dit in de wereld van de poëzie niet te verwachten viel, en daar hebben we gelijk in gekregen. Vrijwel de meeste literatoren zien het taalprobleem niet als een literair probleem. (...) het argument van de tussentaal leek ons juist. De jury heeft ons overtuigd. In dit geval, dit bijzondere en speciale geval, kan het."

HOOFSTUK 3

ELISABETH EYBERS SE LANDVERHUISING EN DIE TWEEDELING VAN HAAR OEUVRE

Die titel van hierdie proefskrif veronderstel 'n tipologiese onderskeid. Volgens terminologie wat in periodiserings- en genreteorieë ontwikkel is, impliseer 'n onderskeidende benaming binne Eybers se oeuvre - die "Nederlandse" bundels - dat daar (waarskynlik) "Suid-Afrikaanse" bundels is wat in meer opsigte as bloot dat hulle in Suid-Afrika ontstaan het, van eersgenoemde sal verskil. Ek wil inderdaad 'n tweedeling in Eybers se oeuvre oor die boog gooi van haar verbintenis met hierdie twee lande.

Met dié voorstel verskil ek van die gebruiklike verdeling van Eybers se oeuvre. In oorsigtelike besprekings daarvan bring Suid-Afrikaanse literatore naamlik dikwels 'n tweedeling in haar werk aan, maar dan is dit in hoofsaak gebaseer op "suiwer" teksimmanente gronde wat in die vroeë sestigerjare reeds gekanoniseer is. Tradisioneel word Die helder halfjaar *(1956) beskou as grens tussen Eybers se vroeër en later werk. Met Eybers se bundels tot en met* Teëspraak *(1991) tot my beskikking vir 'n oorsigtelike oordeelvorming, wil ek voorstel dat nie* Die helder halfjaar *nie, maar* Belang *(1962) as beginpunt vir die tweede, belangrikste fase in Eybers se poësie beskou moet word.*

Hier volg 'n kort bespreking van kritiri en literatuur-historiel se indeling van die Eybers-oeuvre. Sien veral Bibliografie I, II, III/A :), G en H.

3.1 INDELINGS DEUR SUID-AFRIKAANSE KRITICI

Perspektief en profiel is "'n literatuurgeskiedenis wat by oorsigtelikheid verbystreef" (Nienaber 1982). Aangesien die eerste uitgawe in 1951 gepubliseer is en daarna tot op datum vyf keer hersien is, is dit moontlik om te kyk of aanvullings tot die eerste bydrae oor Eybers ook ' skulwings in die indeling van haar werk aandui. Die openingsparagraaf van P. du P. Grobler (1960) se Eybers-profiel is 'n sterk tematies-gerigte indeling van haar werk in twee fases. Hy beskou *Tussensang* (1950) as inset tot 'n nuwe fase se verander g van toon en tegniek. Hy skryf: "Tot dusver kan ons twee fases of tydperke onderskei. In die eerste is die hooftema die problematiek van die vrou; in die tweede tree die problematiek van die digter duidelik op die voorgrond" (in Nienaber 1982:411).

Landverhuising en tweedeling Eybers-oeuvre

A.P. Grové se aanvulling hierby (1969) is 'n kort oorsigtelike bespreking van die Eybers-oeuvre in die algemeen en van *Balans* in die besonder: "In hierdie titel is 'n mens al klaar geneig om 'n voortsetting te lees van 'n tendens wat sedert *Tussensang* steeds duideliker uit die digteres se werk spreek" (in Nienaber 1982:418). Dis naamlik vir Grové karakteriserend van die twee fases wat hy - in aansluiting by Grobler - handhaaf dat in vroeër bundeltitels die aksent op die vrou is, terwyl die aksent later op die karakter van haar vers geplaas word. "Kortom, die digteres van die belydenis het die digteres van die poësie geword (...). Dis 'n saak van aksentverskuiwing dus. Maar so beslissend was hierdie aksentverskuiwing dat ons met *Die helder halfjaar* van 'n byna totale selfvernuwing kan praat." Hy beskryf *Balans* nie as 'n moontlike nuwe inset nie, maar hy beklemtoon wel "die koeler beheer, die skynbare nugterheid en strenge tug" as gevolg waarvan "die ontroering des te sterker" spreek (in Nienaber 1982:419).

H. Ohloff se aanvulling (1982) sluit 'n bespreking van volgende nuwe bundels tot en met *Einder* (1977) in. Hy beklemtoon die "Nederlandse leefwêreld" van hierdie gedigte en beskryf die bundels sedert 1962 as "tot op sekere hoogte ballingpoësie" (in Nienaber 1982:419). Ten spyte van hierdie aanduidings stel Ohloff nie voor dat 'n ander indeling van haar oeuvre oorweeg kan word nie.

Die helder halfjaar word dus deur al drie opeenvolgende *Perspektief en profiel*-skrywers beskou as die markeringspunt wat Eybers se oeuvre verdeel. Hierdie siening is in die Afrikaanse literêre wêreld bestendig deur M. Nienaber-Luitingh se *Die Vroeëre en Latere Poësie van Elisabeth Eybers* met die volgende openingsparagraaf (1966:3):

> Byna sonder uitsondering het beoordelaars van die werk van Elisabeth Eybers die mening uitgespreek dat daar in die ontwikkeling van haar poësie twee duidelike fases onderskei kan word. Die eerste fase word verteenwoordig deur die bundels *Belydenis in die skemering* (1936), *Die stil avontuur* (1939), *Die vrou en ander verse* (1945) en *Die ander dors* (1946). Die bundel *Tussensang* (1950) vertoon 'n oorgangskarakter, terwyl die vernuwing in haar poësie op verrassende wyse 'n aanvang neem met *Die helder halfjaar* (1956) en - al effens minder verrassend - voortgesit word in die bundels *Neerslag* (1958) en *Balans* (1963).

Alhoewel Nienaber-Luitingh noem dat die verskille tussen Eybers se vroeëre en later werk nie net verstegnies van aard is nie, maar ook 'n verandering van lewensvisie en lewenstemming omvat, vermeld sy in die "Inleiding" tot haar Blokboek nie die feit dat Eybers in 1961 na Nederland verhuis het nie. Wel is die afsluitende opmerking dat dit nie verwonderlik is dat Eybers se poësie so gewild is nie - 'en dit nie net in Suid-Afrika nie maar ook in Nederland" (1966:26).[1]

In "Die digterskap van Elisabeth Eybers" (1975:2) behou Nienaber-Luitingh dieselfde tweedeling gebaseer op 1956 as wending. Vir haar is *Balans*, "waarin die mens geteken word as 'n dualistiese wese", tog 'n nuwe beginpunt: "Voortaan sal Elisabeth Eybers se poësie vir 'n groot deel in die teken staan van haar selfopgelegde ballingskap" (1975:3). In haar artikel "Elisabeth Eybers: tussen Suid-Afrika en Nederland" wys Nienaber-Luitingh uitvoerig op gedigte wat Eybers se verhouding tot hierdie twee lande weerspieël (in Ester & Lindenberg 1990:95-107). Tog stel sy nie op grond hiervan 'n herverdeling van die Eybers-oeuvre aan die orde nie sodat 'n mens van die veronderstelling kan uitgaan dat sy haar tweedeling uit 1966 waarskynlik handhaaf, of in ieder geval nie eksplisiet hersien nie.

Enkele aansette in verband met 'n "Nederlandse" fase is wel in 1975 gemaak. M.A. Bax-Botha (in Nienaber-Luitingh 1975:30) skryf asof vanselfsprekend van die "'Hollandse' bundels" in 'n informele artikel oor Eybers se leefomstandighede in Amsterdam. Lina Spies (in Nienaber-Luitingh 1975: 120-121) sluit aan by haar eie bespreking van *Kruis of munt* (*Standpunte*, Aug.1974) wanneer sy skryf dat die bundels *Balans*, *Onderdak* en *Kruis of munt* "vir my min of meer 'n aparte entiteit, die bundels van haar 'Hollandse periode'" vorm.

Hierdie standpunte word egter nie in *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur* (1978) bestendig nie. Kannemeyer bespreek elf van Eybers se bundels oorsigtelik en ook hy beskou *Die helder halfjaar* (1956) as die beginpunt van die tweede fase in haar werk (1978:460). Die bundel *Tussensang* sluit volgens hom tematies by die eerste fase aan, maar is deur die "groter variasie in strofe- en versbou en die plek-plek ligter toon die aanvelende aanloop tot die tweede fase, wat deur *Die helder halfjaar* en *Neerslag* en die bundels van haar 'Hollandse periode', *Balans*, *Onderdak*, *Kruis of munt* en *Einder*, verteenwoordig word" (Kannemeyer 1978:461. Dit word so behou in Kannemeyer 1984:468, dus selfs wanneer ook *Balans* bespreek word).[3]

Sy spesifieke omskrywing van die vernuwing wat in die "Hollandse' bundels" intree, is dikwels gedetailleerd en dit wil voorkom asof hy wel meen dat die "nuwe ervarings in Nederland" bepalend is vir bykans alles wat die tweede fase van die eerste onderskei. Tog word dit nie uitdruklik gekonstateer nie.

Alhoewel ek met ander kritici se signalering van tegelykertyd 'n groter strakheid en beeldende sintuiglikheid in *Die helder halfjaar* akkoord gaan, meen ek dat dit reeds in 1978 vir Kannemeyer duidelik kon gewees het dat 'n uiters belangrike aanset tot vernuwing met die 1956-bundel begin het, maar dat iemand wat 'n tweedeling in Eybers se werk wil

aanbring, die publikasie van *Balans* (1962) en veral van *Onderdak* (1968) as markeringspunt moet hanteer. Vanuit 'n 1990-perspektief behoort dit vir 'n literatuurhistoriku ...ak nóg duideliker gewees het, maar Kannemeyer (1990) bring in sy resensie van *Versamelde gedigte* nêreas 'n her-"periodisering" van haar werk ter sprake nie.

Ernst Lindenberg (in Ester & Lindenberg 1990:80) handhaaf ook die "status quo" in verband met die tweedeling in Eybers se werk wanneer hy skryf: "Literêr-histories word gewoonlik onderskei tussen 'n vroeër en 'n later periode wat begin met *Die helder halfjaar* (1956)". Sonder dat hy dit ter diskussie stel, gaan hy verder en sê: "Binne die latere fase vorm die 'Hollandse' bundels (vanaf ongeveer die middel van *Balans*, 1962) 'n afsonderlike groep. Die Hollandse periode duur dus nou reeds ongeveer vyftien jaar" (1990:80). Lindenberg beskou Eybers se "Hollandse periode" dus as onderdeel van "die latere fase" wat hy onbetwis oorneem as beginnend in 1956.[3]

Die "Hollandse periode" hanteer Lindenberg dan duidelik as 'n subkategorie wanneer hy probeer vasstel of daar in *Bestand* (1982) - die eerste bund- ná *Einder* (1977) met sy assosiasies van "einde" - bewyse te vinde is "van 'n renaissance, van nuwe temas of tegnieke, of in watter mate gepraat kan word van 'n wending in haar digterskap" (1990:80). Op grond van 'n ontleding van die gedig "Van slak tot skoenlapper" (VG-465) stel Lindenberg voor: "indien sy dr : laag in die nuwe benadering, sal die gedig of poësie wat so ontstaan, 'n triomf en 'n metamorfose wees. Die nuwe poësie sou 'n proses van verinnerliking ondergaan het en uiteindelik nie meer tekens van pyn vertoon nie (...), maar 'n heerlike ligtheid hê wat los kom van die alte menslike neiging om oor eie pyn te praat" (1990:83). 'n Noukeurige lesing van volgende bundels sal volgens hom nodig wees om vas te stel of daar wel 'n "nuwe 'oopwaaiering'" in haar werk is, "'n klein hergeboorte".

Lindenberg toon in hierdie delikate klein opstel nie genoegsaam aan dat Eybers wel vóórheen in haar Nederlandse fase "skaamteloos" blyk gegee het van "'n slym wat niks kan stulp" nie. Sy antisipasie van die moontlike afwyking in 1982 van 'n "voorafgaande fase" - wat as sodanig nie as onderskeidend aantoonbaar is nie - is daarom nie regverdigbaar nie. Alhoewel Eybers inderdaad dikwels oor pyn skryf (vergelyk Eybers in Lieske & Otten 1990: "Zonder pijn zal er weinig motivering zijn"), is die *manier* waarop sy dit doen - óók in die skrynendste gedigte in *Balans* en *Onderdak* - juis reeds so ironiserend en sonder selfbeklag dat 'n "ligter" toon kwalik moontlik is.[4]

Met die verskyning van *Versamelde gedigte* (1990) neem 'n hele paar Suid-Afrikaanse kritici Eybers se oeuvre in oënskou. Die versamelbundel word dikwels in samehang bespreek

met *Uit liefde en ironie* (1990) wat gelyktydig gepubliseer is. Dit is belangrik om dit te vermeld omdat hierdie huldigingsbundel drie bydraes bevat waarin op die een of ander manier onderskei word tussen vroeër bundels en Eybers se "Nederlandse" poësie (sien Jansen, Lindenberg en Nienaber-Luitingh in Ester & Lindenberg 1990). Jansen (45,46) praat spesifiek van Eybers se "Nederlandse" bundels, Lindenberg (80-83) van haar "Hollandse" fase/periode, en Nienaber-Luitingh (95-107) gaan na hoe die geleidelike gewenning aan Nederlandse omstandighede in Eybers se werk tot uiting kom. Opmerkings wat reeds in 1975 in dié verband gemaak is (Bax-Botha, Nienaber-Luitingh en Spies) het bykans geen neerslag in die kritiek in die daaropvolgende jare gekry nie, maar dit wil voorkom asof daar vanaf 1990 ernstig rekening gehou sal word met hierdie aspek van Eybers se werk.

Die belangrikste voorstel om tot 'n eksplisiet-nuwe verdeling van Eybers se oeuvre te kom, is dié van B.J.A. van Niekerk (1987). In 'n boeiende magister-skripsie, *Die digter as immigrant: Elisabeth Eybers se "Nederlandse" bundels* (Universiteit van Pretoria) maak sy 'n saak uit vir 'n derde, afsonderlike "Nederlandse" periode in Eybers se oeuvre "omdat afbakening van Eybers se werk in twee fases (...) nie reg laat geskied aan die eiesoortige kenmerke van haar immigrantepoësie nie" (Van Niekerk 1987:9). Alle bundels vanaf *Balans* beskou sy as bundels van die "Nederlandse" periode.

Van Niekerk (1987:9-22) gee 'n oorsig van Eybers se eerste sewe bundels vanaf *Belydenis in die skemering* tot *Neerslag* en sy handhaaf die tradisionele tweedeling met *Die helder halfjaar* as markering, maar slegs vir die tydperk 1936-1958. Behalwe veranderinge op verstegniese gebied, in beeldende vermoë, sintuiglike bewustheid en woordregister, is daar volgens haar in die tweede periode ook "die toename in lewensvisie en 'n groei vanaf die sentimentele, direkte 'uitsê' van gevoel tot 'n beheerste, objektiewer vergestalting daarvan" (1987:15). Die rede waarom sy 'n derde "Nederlandse" periode wil onderskei

> berus nie net op die biografiese feit dat Elisabeth Eybers na Nederland verhuis het en dat die bundels wat sedertdien verskyn het noodwendig (gedeeltelik in die geval van *Balans*) in Nederland ontstaan het nie. Met die immigrasie voer sy ook 'n nuwe tema in haar verskuns in - die aanpassing in en ervaring van die vreemde land. Hierdie immigrantepoësie toon ooreenkomste met sekere gedigte, veral uit die eerste periode van Eybers se verskuns, wat blyke gee van die plattelandse dogter se aanpassing in en belewenis van die stad. Aanpassing in 'n vreemde milieu is dan ook 'n deurlopende tema in die digteres se oeuvre.
>
> (Van Niekerk 1987:23)

Benewens hierdie tema kom ook die liefde, ouderdom en die dood, en digterskap deurlopend voor in verhouding tot die tema van immigrant-wees. Volgens Van Niekerk (1987:215) is "absolute periodisering op grond van verstegniek onwenslik" want sekere kenmerkende swakhede van die digteres se heel eerste bundels kom ook in die

"Nederlandse" bundels voor. Tussen Eybers se tweede en derde digterskapsfase is daar (volgens Van Niekerk) relatief min verstegniese verskille, wel ontwikkelings en aksentverskuiwings met betrekking tot byvoorbeeld interpunksie, strofebou, rym, die aanwending van metafore en idiome. Die hoofrede waarom Van Niekerk meen dat 'n derde fase vasgestel kan word, is op grond van die invloed wat Nederlands op Eybers se woordgebruik het.

In hoofsrekke is ek dit eens met Van Niekerk se waarnemings. Na my gevoel is *Die helder halfjaar* en *Neerslag* binne die groter omvang van Eybers se oeuvre egter 'n te klein groep bundels om as 'n afsonderlike *fase* af te baken. Ek sou hierdie bundels saam as 'n oorgangsfase wil tipeer. Die eerste fase bereik in veral *Die helder halfjaar* 'n absolute hoogtepunt en talle aanduidings, veral wat betref die klem op digterskap, van wat in Eybers se "Nederlandse" fase sou volg, is reeds aanwesig, ook in *Neerslag*. Myns insiens kan daar sonder al te veel omhaal van Eybers se eerste, Suid-Afrikaanse en haar tweede, Nederlandse fases gepraat word.

3.2 INDELINGS DEUR NEDERLANDSE KRITICI

Omdat Eybers se posisie binne die Nederlandse letterkunde, ten spyte van die toekenning van die belangrikste Nederlandse literêre pryse, dié van 'n "vreemde eend" is, is sy (nog) nie in die Nederlandse literatuurgeskiedenis opgeneem nie. Warren (1990) maak hiervan redelik leedvermakerig melding in sy resensie "Mooie Afrikaanse regels":

> In Nederlandse naslagwerken wordt aan haar voorbijgegaan. Niet omdat de samenstellers van bloemlezingen en naslagwerken haar dichtkunst onvoldoende zouden waarderen. Maar omdat ze dan genoodzaakt zijn ook alle andere belangrijke in het Afrikaans schrijvende auteurs te vertegenwoordigen en te vermelden. Daar is geen beginnen aan.[5]

Die feit dat Eybers inderdaad nie bespreek word in selfs die jongste Nederlandse literatuurgeskiedenis nie (vergelyk Anbeek 1990), beteken dat in die Nederlandse kritiek inderdaad nog nie "formeel" nagedink is oor die periodisering van Eybers se werk nie.[6]

By die verskyning van Eybers se tweede versamelbundel in Nederland (dié van 1990) is daar soms wel uitsprake wat getuig van 'n bewussyn van die periodiseringskwessie. Dubois (1990:646) som dit só op:

> Men leest een boek van zesbonderd bladzijden poëzie, geschreven in een periode van bijna zestig jaar, doorgaans niet systematisch van het eerste tot het laatste gedicht. Maar wie dat wel doet, krijgt door de 'versnelde' tijd, een beeld van een ontwikkeling in raccourci, waarin al de evolutie-stadia gegeven worden zonder

> dat hun langzame overgangen en langdurige bewustwordingsfazen zich profileren, maar waarin daarentegen de constanten van de dichterlijke persoonlijkheid helder worden en duidelijker naar voren komen.

Dubois probeer nie periodiserend optree nie, maar skryf wel oor die vermenging van twee taalwêreldе en twee "tegengestelde natuur-ervaringen" wat tot Eybers se unieke posisie in twee taalgebiede aanleiding gee.

> Dat dubbelzinnige idioom was niet steeds zo evident; het is het resultaat van een breuklijn die door het leven van de dichteres loopt en die met haar achtereenvolgend verblijf in deze beide werelden te maken heeft. Het treedt dus op, en steeds sterker, vanaf 1961. Maar wat een breuklijn is in haar leven, ontneemt daarom nog niet de eenheid aan haar poëzie zelf.
>
> (Dubois 1990:647)

Die doktrine van "eenheid" weerhou Dubois kennelik daarvan om die voor die hand liggende gevolgtrekking te maak uit sy oorsigtelike kennis van Eybers se werk.

Hans Ester, 'n ander Nederlandse Eybers-kenner, is nie so terughoudend nie. Hy spreek hom sterk uit ten gunste van 'n onderskeid tussen die poësie wat Eybers skryf in onderskeidelik Suid-Afrika en Nederland:

> Door de poëzie van Elisabeth Eybers loopt een breuklijn, die de scheiding tussen de periodes voor en na 1961 markeert. De scheidslijn loopt dwars door de in 1962 gepubliceerde bundel *Balans*.
>
> (Ester 1983:192)

Van Deel (*Prisma-Lectuurvoorlichting*, 1990) praat na aanleiding van Jansen 1990 asof terloops van Eybers se "Nederlandse periode" wat "soms kennis van woordbetekenissen en omstandigheden (veronderstellen) die een Zuidafrikaanse lezer niet heeft, en andersom". Hy meen dat dit alleen al op grond van die resepsieprobleme vir Eybers se "oorspronklijke" lesers, moontlik is om hierdie "periodisering" aan te bring. In *Trouw* (1990) praat hy ook van Eybers se "Nederlandse tijd" wanneer hy opmerk dat "haar Zuidafrikaans een beetje is opgeschikt in de richting van het Nederlands". Zeeman (1990) beweer dat Eybers "in het begin van haar werk (...) vrij veel natuurgedichten" geskryf het en bestempel hulle dan heel vaag as "gedichten uit de eerste periode". "Het beeld van de natuur verplaatst zich van de woeste wandeling door de kleurrijke en grillige Zuidafrikaanse omgeving naar het stedelijk uitzicht en de herinnering aan het land van haar jeugd. Dat maakt de poëzie stiller en interessanter." Presies wanneer Eybers hierdie "stiller" poësie begin skryf, word nie gespesifiseer nie.

Die meeste Nederlandse kritici maak geen melding van fases, breuke of periodes nie. Hulle beklemtoon eerder dat Eybers se werk 'n geheel is (vergelyk Dubois). Renders

(1990) skryf byvoorbeeld: "Door haar heel bijzondere temperament en aanleg zijn al haar bundels uitdrukking van dezelfde onderliggende levensvisie zodat er nooit een breuk in haar werk ontstond zelfs niet na haar vertrek uit Zuid-Afrika. Haar verblijf in Nederland is een verder stadium op haar levensreis." Ook Egbers (1990) meen: "Er zit iets constants in haar manier van denken, waarin alleen de omstandigheden variaties lijken aan te brengen."

Die P.C. Hooft-prystoekenning aan Elisabeth Eybers in 1991 beklemtoon dat sy formeel wel gereken word tot die Nederlandse literatuur. Tog gaan Nederlandse kritici ook by hierdie geleentheid nie spesifiek in op die moontlikheid van 'n Nederlandse fase in haar werk nie - miskien omdat haar héle oeuvre bekroon word. Daar is wel talle aanduidings dat hulle die invloed van haar Nederlandse verblyf onderken.

Volgens Goedegebuure (1991) het haar gedigte sedert sy haar in Nederland gevestig het "het karakter gekregen van oefeningen in aanvaarding en onthechting". Hy kontrasteer dit egter nie nadruklik met voorafgaande werk nie. Fens (1991) stel ook nie 'n tweedeling voor nie, maar heg wel baie waarde aan haar landverhuising.

> Het is, geloof ik, niet onverantwoord te zeggen dat Elisabeth Eybers' emigratie naar Nederland, naar een andere wereld, naar een andere tijd, naar een andere taal, haar persoonlijke, ingeboren of aangeboren of door de cultuur opgelegde positie van vreemdelinge heeft verruimd en bevestigd. Zij bleef haar persoonlijke geschiedenis verwoorden, maar zij kreeg voor die geschiedenis gelijk van de hele haar omringende wereld en tijd, misschien enigszins op de spits gezegd: zij komt in een wereld terecht die zich mannelijk gedraagt. De gelegenheid maakte haar tot een groter dichter, in staat de buitenwereld naar haar innerlijk te beschrijven of zichzelf tegenover die wereld te ontkennen en daarmee te bevestigen, in het enige eigene dat zij had overgehouden: haar taal.

Van Heeswijck (1991) is die enigste algemene resensent (ek maak hier 'n onderskeid met veral Dubois en Ester wat op grond van hulle Eybers-publikasies wat oor onderskeidelik meer as dertig en bykans vyftien jaar strek, mag geld as die Nederlandse Eybers-kenners by uitstek) wat eksplisiet *Balans* as nuwe beginpunt in Eybers se werk aandui. Volgens hom is daar in Eybers se vroeë werk dikwels 'n "breedvoerige" verwoording van emosies met behulp van metafore en natuurbeskrywings.

> Vanaf de bundel *Balans* (1962) wijzigt de toonzetting: ze heeft haar man, haar vaderland en haar godsdienst de rug toegekeerd en komt nu definitief naar Nederland. Er zit onnoemelijk veel heimwee en 'ontreddering' in de bundels van de jaren '60-'70. Maar de verwoording ervan wordt spaarzamer: geen metaforische franjes meer, enkel de essentie blijft over.

Omdat die Nederlandse kritiek Eybers se werk eers ernstig en op 'n konsekwente basis begin bespreek het nadat sy haar in Nederland gevestig het, is *Die helder halfjaar* nooit so

bewustelik as vernuwend ervaar in vergelyking met haar vroeër werk nie. Waarskynlik as gevolg hiervan is die 1956-bundel ook nooit in Nederland gekanoniseer tot die byna militêre markeringsposisie wat die Afrikaanse kritiek daaraan toeken nie.

3.3 OPSOMMEND

Nederland het 'n baie merkbare invloed op Eybers se werk en op grond hiervan wil ek voorstel dat 'n tweedeling in haar werk aangebring moet word met nie 1956 nie, maar met 1962 as markeringsdatum. In Hoofstukke 5, 11 en 12 word in besonderhede gewys op tematiese, referensiële en talige aspekte in die bundels vanaf *Balans* wat ondenkbaar was in Eybers se gedigte voor 1961. Elisabeth Eybers betree met *Balans* (1962) op ondubbelsinnige wyse 'n nuwe fase. Bundels ná 1962 word konsekwent gekenmerk deur 'n nuwe leefwêreld, 'n nuwe woordeskat om daaraan uitdrukking te gee, asook nuwe temas soos ontheemding en vreemdelingskap wat haar werk bo die intimiteit van moederskap en liefde uitlig tot 'n algemener, minder spesifiek-vroulike tematiek. In alle opsigte word haar poësie ná 1961 gekenmerk deur 'n "etimologiese" ontginning van die woord, 'n steeds verrassender verstegniese versorging en 'n bewuswees van die digterlike belewing van die werklikheid. Daar is 'n opmerklike kwalitatiewe vernuwing in haar poësie weens die verbreding en verdieping wat ingetree het.

Elisabeth Eybers ervaar dit trouens self so. Hennipman gee soos volg haar siening weer van die invloed wat haar landverhuising op haar poësie gehad het: "Voor haar dichterschap is deze verhuizing naar haar gevoelen gunstig geweest, daar het anders vermoedelijk door een gebrek aan nieuwe impulsen enigszins vastgelopen zou zijn" (in Nienaber-Luitingh 1975:19). In 1991 stel Eybers dit so in haar P.C. Hooftprys-dankwoord: "Vandat ek my tuisgemaak het in Nederland besef ek dat dit 'n dubbele voorreg is om twee vaderlande te hê, al is dit maar dat dit jou in die geleentheid stel om hulle in gedagte teen mekaar uit te speel - én met mekaar te versoen" (in Dubois 1991:22).

'n Ander rede waarom ek 1962 as markeringsdatum in die Eybers-oeuvre beskou, is die vanselfsprekendheid waarmee sy sedertdien deur die kritiek van Nederlandse poësie gerecenseer is en 'n Nederlandse leserspubliek gekry het.[7]

VERWYSINGS BY HOOFSTUK 3

1. Nienaber-Luitingh (1966:3) wys tereg daarop dat die indeling van Eybers se poësie in twee duidelike fases die gevaar loop om eensydig te wees, want "hoewel haar gedigte uit die jare voor 1955 oor die algemeen swakker is as dié wat daarna ontstaan het, is dit tog nie so dat al haar vroeër verse ongunstig vergelyk met die (latere) werk (...) nie." Ook Grobler (1963:3), Scholtz (1975:85) en Kannemeyer (1978:459) waarsku teen oorvereenvoudiging en die normatiewe hantering van faseverdelings.

2. Dit is opvallend dat Kannemeyer in hierdie verband so 'n pertinente onderskeid maak tussen "fase" en "periode". Alhoewel hy impliseer dat 'n fase 'n groter eenheid is as 'n periode, hanteer Kannemeyer die terme redelik arbitrêr. Ek wil self in geen besonderhede 'n saak uitmaak vir die benaming "fase" nie, maar tog verkies ek hierdie term wanneer binne 'n enkele outeur se oeuvre groeperings van tekste aangebring word. Net soos in die geval van "periode" of "stroming" (waarmee ek dan literêrhistoriese kategorieë bedoel waarbinne tekste van meerdere skrywers gekategoriseer word - vergelyk Jansen 1979 se bespreking van Teesing 1966, Wellek 1971 en 1973 se "period concepts" en Fokkema o.a. 1975 se "periodekodes") moet onthou word dat ook die vasstelling van 'n "fase" 'n konseptuele handeling van 'n ondersoekende subjek is wat met 'n uitgebreide oorsigkennis van haar objek, in hierdie geval Eybers se poësie, groeperings aanbring. Sien verder Jansen (1979:23-39) vir 'n bespreking van die vraag hoe om 'n verantwoorde verhouding tussen die "feitebestand" van die letterkunde en "teoretiese" terme tot uitdrukking te bring.

3. Ook Lindenberg hanteer terme soos "fase" en periode" redelik willekeurig.

4. Vergelyk ter aanvulling hierby dié gedeelte uit 'n onderhoud met Eybers:

> *In Fietà, uit* Neerslag *schrijft u: elke groot pijn bring die stilte, peilloos, van versadiging.*
> O ja?
> *is dat een van de momenten waarop uw poëzie ontstaat? Binnen de pijn een verzadigingsmoment?*
> (aarzelend) Jajaja. Er gaat natuurlijk een zekere vergeestelijkende werking van pijn uit, als je die uitdrukking zo mag gebruiken. Het lijkt daarmee op geluk, je wordt er zo intens bewust van dat je leeft. Het verlost je van de saaiheid van de alledaagsheid. Het opent deuren. Naar andere gebieden, en het brengt je natuurlijk op een intensere manier in contact met anderen.
>
> (Lieske & Otten 1990:31)

5. Eybers-gedigte verskyn wel in enkele Nederlandse bloemlesings. Sien 9.4.3.2.

6. Anbeek se boek het die karakter van wat Wellek & Warren "a collection of critical essays" sou noem (1970:253) en dit pretendeer nie om volledig oorsigtelik te wees nie. Omdat selfs nie Vlaamse skrywers soos Boon en Claus deur Anbeek bespreek word nie, is die weglating van Eybers bowendien glad nie vreemd nie. Terloops: in die vakgroep Nederlandse letterkunde skryf Liesbet Winkelmolen onder leiding van Anbeek 'n doktoraalskripsie oor Eybers: *Rijmdwang: aspecten van Elisabeth Eybers' poëtica* (Leiden, 1989).

7. Die publikasie in 1985 van twee afsonderlike bundels, *Gedigte 1937-1958* en *Gedigte 1962-1982*, is 'n verdere aanduiding van die belang wat aan die bundel *Balans* geheg word deur Eybers en haar uitgewers. Die verdeling is uiteraard mede-bepaal deur die feit dat *Balans* die eerste bundel was wat by Eybers se nuwe stel uitgewers, Querido se Human & Rousseau, verskyn het, maar is daarom nie minder veelseggend nie.

HOOFSTUK 4

ELISABETH EYBERS DIE LIG BEVREEMDE VREEMDELING - 'N DIGTER IN BALLINGSKAP

Behalwe Elisabeth Eybers het talle Afrikaanse digters vir korter of langer periodes in die buiteland gewoon: van Celliers, Totius, Leipoldt, Marais, Wassenaar, Keet, tot W.E.G. en N.P. van 'Vyk Louw, Sheila Cussons, P.H. Philander, Barend Toerien, Olga Kirsch, Breyten Breytenbach, Vernie February, Lina Spies, Leon Strydom, Fanie Olivier, Marlise Joubert, Marlene van Niekerk. Spesifieke voorbeelde van die wisselwerking tussen digter en nuwe omgewing kan in alle gevalle aangedui word, maar in vergelyking met al hierdie digters is Eybers uniek. Sy is die enigste Afrikaanse digter wie se bundels in sowel haar vaderland as in die aangenome land altyd gelyktydig en bowendien in presies dieselfde moedertaalde vorm gepubliseer word; sy is die enigste een wat vir haar werk in een en dieselfde vorm met sowel Suid-Afrika as haar aangenome land se belangrikste literêre pryse bekroon is; haar verblyf in die buiteland is langer as dié van enige ander digter.

Kan Elisabeth Eybers 'n digter in ballingskap genoem word? Die feit dat sy sedert 1961 in Amsterdam woon, is in besprekings van haar werk sowel geïgnoreer (veral deur hoofsaaklik werkimmanent-gerigte resensente; meestal Afrikaanse kritici) as pertinent benadruk (veral deur Nederlandse kritici wat weens Eybers se Afrikaans gedwing is om aan hulle lesers te verduidelik waarom hulle haar werk bespreek). Biografiese gegewens word in hierdie hoofstuk betrek by verstegniese gegevens. Eybers se tematiek en woordeskat is onteenseglik beïnvloed deur die feit dat Nederlands die taal is wat sy daagliks om haar hoor, en dat Nederland die land is waarin sy haar die afgelope dertig jaar bevind. Die vasstelling dat ballingskap 'n kenmerk van haar poësie ná 1961 is, is 'n ondersteuning van my hipotese dat Balans *'n nuwe fase in Eybers se werk inlui.*

'n Kort oorsig word gegee van wat onder "Exil"-literatuur verstaan word voordat aan die hand van uitsprake deur Eybers nagegaan word of sy haarself as 'n ballingskrywer beskou en wat problematiese aspekte verbonde aan haar Nederlandse verblyf is. Gedigte wat hieroor handel word bespreek. Sien veral Bibliografie I, II, III/C, D en I.

4.1 "EXIL"-LITERATUUR

"Exil" is 'n woord wat sedert die Tweede Wêreldoorlog ingeburger geraak het. Dis afkomstig van die Latynse woord "exsilium" of "exsul". "Emigrant", "Exulant", "Flüchtling", "Verbannter", "Vertriebener" of "Auswanderer" is ander woorde wat dikwels in verband met ballinge gebruik word. (Sien Fellchenfeldt 1986:15-19: "Zur Semantik de-

Exilbegriffs".) "Exilliteratur" word as term meestal gebruik om spesifiek te verwys na die werk van Duitsskrywende outeurs (byvoorbeeld die digters Brecht, Nelly Sachs, Else Lasker-Schüler en Karl Wolfskehl) wat tydens die Hitler-bewind (1933-1945) verplig was om buite Duitsland te woon en daar hulle werk te probeer publiseer.

Dikwels word veronderstel dat Duitse "Exil"-skrywers ten minste 'n gemeenskaplike politieke doel gehad het en op dié manier "kwalifiseer" om geïdentifiseer te word as 'n stroming binne die Duitse letterkunde. Daar is egter aangetoon dat hulle nie méér as 'n groep individue binne 'n bepaalde tydsgewrig was nie. "Der Begriff 'Exil-Literatur' täuscht ja eine Einheitlichkeit und Gemeinsamkeit vor, die in Wirklichkeit gar nicht besteht," skryf byvoorbeeld Werner Berthold in die inleiding tot *Deutsche Exil-Literatur 1933-1945* (Feilchenfeldt 1986).

Die omskrywing "antifaschistische Literatur" wat deur sommige ondersoekers gebruik word, dek ook nie die verskeidenheid werk wat geskryf is deur die ballingskrywers wat Duitsland en Oostenryk verlaat het nie. Menno ter Braak skryf - reeds in 1934 - dat die "Exil"-skrywers bowendien geen uitdrukkingsvorme of temas ontwikkel wat slegs karakteristiek van hulle is nie (sien Bulhof 1980). Ludwig Marcuse gebruik 'n ander term en stel dit so: "Existiert überhaupt eine 'Emigranten-Literatur'? Nein, sie existiert nicht! Und es gibt für dieses Nein einen sehr schlichten Beweis: es lässt sich kein Begriff bilden, der das besondere Merkmal dieser Spezies 'Emigranten-Literatur' charakterisieren könnte. Das Gebilde, das man 'Emigranten-Literatur' nennt, ist, bei Licht besehen, nichts weiter als die Summe aller Bücher deutschsprechender Autoren, die seit Hitlers Krönung nicht mehr in Deutschland erscheinen *können*, oder nicht mehr in Deutschland erscheinen *wollen* (...) Dieser gesellschaftlichen Situation, die einer Reihe deutscher Schriftsteller gemeinsam ist, entspricht aber nicht die geringste literarische Gemeinsamkeit (...) Das Wort 'Emigrations-Literatur' ist also ein Oberbegriff, dem die tiefere, sachliche Bedeutung fehlt" (aangehaal in Feilchenfeldt 1986:24 en 25).

Uit bostaande kan afgelei word dat die term "Exil" 'n algemener en meer a-politiese draagwydte het as wat dikwels veronderstel word. Hans Sahl het byvoorbeeld in 'n bydrae tot die "Exil"-debat in *Das Neue Tage-Buch* beklemtoon: "Emigration ist nicht nur ein von Hitler aufgezwungener Verlagswechsel, Emigration ist eine geistige Haltung" (Feilchenfeldt 1986:25). Die klem word dus geplaas op die geestelike implikasies wat dit vir 'n skrywer het om nie meer in sy of haar land van herkoms te woon nie - of dit nou gedwonge of "vrywillig" is.

Ook Edward Said (1984) meen dat enigiemand 'n balling genoem kan word wat nie na sy of haar land van herkoms kan terugkeer nie. In "Reflections on Exile" onderskei hy formeel wel tussen ballinge ("exiles"), vlugtelinge ("refugees") en uitgewekenes ("expatriates" en "émigrés"). Hy bied die volgende omskrywings van hierdie terme aan (1984:166-167):

> *Exile* originated in the age-old practice of banishment. Once banished, the exile lives an anomalous and miserable life, with the stigma of being an outsider. ... 'exile' carries with it (...) a touch of solitude and spirituality.
>
> *Refugees* (...) are a creation of the twentieth-century state. The word 'refugee' has become a political one, suggesting large herds of innocent and bewildered people requiring urgent international assistance.
>
> *Expatriates* voluntarily live in an alien country, usually for personal or social reasons. Hemingway and Fitzgerald were not forced to live in France. Expatriates may share in the solitude and estrangement of exile, but they do not suffer under its rigid proscriptions.
>
> *Émigrés* enjoy an ambiguous status. Technically, an émigré is anyone who migrates to a new country. Choice in the matter is certainly a possibility.

Said ondersoek hoe ballingskap as "topos" fungeer en dit is opvallend dat hy geen van hierdie groepe uitsonder nie, maar almal onder die benaming "exile" saamgroepeer. Hy stel sowel die laste van ballingskap as die "bates" daarvan aan die orde en verwys na George Steiner wat voorgestel het dat 'n hele genre van twintigste eeuse Westerse literatuur as "extraterritorial" omskryf kan word: 'n literatuur deur en oor buitestaanders. "It seems proper that those who create art in a civilization of quasi-barbarism, which has made so many homeless, should themselves be poets unhoused and wanderers across language. Eccentric, aloof, nostalgic deliberately untimely" (aangehaal deur Said 1984:159).

Volgens Said is ballinge "eccentrics who *feel* their difference (even as they frequently exploit it) as a kind of orphanhood ... Clutching difference like a weapon to be used with stiffened will, the exile jealously insists on his or her right to refuse to belong." Dit interesseer Said waarom sommige skrywers doelbewus kies vir ballingskap. James Joyce is 'n bekende voorbeeld. "Joyce's success as an exile stresses the question lodged at its very heart: is exile so extreme and private that any instrumental use of it is ultimately a trivialization? How is it that the literature of exile has taken its place as a *topos* of human experience alongside the literature of adventure, education or discovery?" Hy voeg hieraan toe: "If true exile is a condition of terminal loss, why has it been transformed so easily into a potent, even enriching, motif of modern culture?" (Said 1984:159).

Digter in ballingskap

Ballingskap is vir 'n skrywer 'n paradoksale posisie om in te wees. Aan die een kant is soveel negatiefs daaraan verbonde: fisieke oorlewing in die algemeen en talige isolasie in die besonder. Al pas skrywers hulle hoe goed aan, meen Said: "The achievements of exile are permanently undermined by the loss of something left behind for ever" (Said 1984:159). Tog blyk ballingskap 'n uiters vrugbare voedingsbron te wees vir skrywers wat die negatiewe aspekte daarvan oorwin. Die Oostenrykse digter Franz Theodor Csokor het byvoorbeeld geskryf: "This emigration - I have to say, somehow it's fascinating and enormously stimulating to be thrown totally on one's own, with a desk for a home" (Ash 1982:1). Dit is interessant dat Eybers een van die eerste gedigte wat sy in ballingskap geskryf het, "Wins" noem (VC-282):

> Die eerlike geselskap van 'n kind.
> 'n Elkedagse taakroetine, leeg
> van alle skyn. En af en toe 'n vrind
> wat met steil treë die smal trap wegveeg.

Volgens Said is dit uiters belangrik dat ballinge nie net hulle eie wonde moet sit en verpleeg nie: "He or she must cultivate a scrupulous (not indulgent or sulky) subjectivity" (Said 1984:170). Hy beskou Adorno ('n Duitse Jood) se *Minima Moralia* as 'n uitstekende voorbeeld van sulke subjektiwiteit. "Adorno's reflections are informed by the belief that the only home truly available now, though fragile and vulnerable, is in writing."

Een van die voor die hand liggende voordele van ballingskap is oorspronklikheid ("originality of vision") as gevolg van vreemdheid. "Most people are principally aware of one culture, one setting, one home; exiles are aware of at least two, and this plurality of vision gives rise to an awareness of simultaneous dimensions, an awareness that (...) is *contrapuntal*." Hierdie gelyktydige aanwesigheid van twee omgewings word deur Said (1984:171) as volg beskryf: "For an exile, habits of life, expression or activity in the new environment inevitably occur against the memory of these things in another environment. Thus both the new and the old environments are vivid, actual, occurring together contrapuntally."

Oor die talige isolasie wat 'n "Exil"-skrywer ervaar, het Breytenbach (1969:63) gedig:

> Luistervink
> (vir Stephen L.)
>
> jy vra my hoe dit is om in ballingskap te leef, vriend-
> wat sal ek dan sê?
> (...)
> dat ek tog net een van vele is,
> die onaangepastes,

die heerskare van uitgewekenes, verlooptes,
burgers van die duister se derms,
een van die 'Franse met 'n spraakgebrek'
of selfs dat ek my tuis voel hier?
(...)

'n Ondersoek na taalprobleme wat Duitse emigrant-skrywers ondervind het, toon dat veral digters daaronder gely het: "A major obstacle to continued poetic effort in exile was the simple contextual estrangement from language. Once poets had been forced to move away from German-speaking areas, this exclusion from the ritual of their own art, was the greatest problem. Some felt that the agonizing step of translation had to be made, bringing with it a lost sound or rhyme here, an altered metaphor there. Poet Karl Wolfskehl's letters register his concern about the imprecision of translation, itself a metaphor for the exile dilemma" (Ash 1982:3).

Baie Duitse digters het 'n bewuste verlange na hulle moedertaal gehad en het probeer om hierdie taal ten alle koste in stand te hou. Hoe moeilik dit is, juis vir so 'n woordgevoelige persoon as 'n digter, blyk onder meer uit Ernst Weiss se opmerking: "It is an ancient evil of emigration that language is, in effect, refrigerated. At best it can be preserved." Ash se aansluitende kommentaar hierop is: "In actuality, it could not even be preserved. The language of the 'isolationist' poet tended toward reduction, whereas the language of those who tried to adapt, at least on a day-to-day basis, ran the increasing danger of contamination." Ash vervolg: "There was also the problem of language's insinuating sounds. The rhythms of any language attract the poet's attention in particular (..) In the limbo between languages, the insinuating sounds and words become intrinsic." Juis as gevolg van hierdie verskynsel het Theodor Kramer byvoorbeeld woorde soos "roll-call", "jazz", "camp" en "drink" gebruik in sy poësie. Volgens Ash beklemtoon dergelike woorde vervreemding: "It intensifies the presentation of an alien environment and thus of the split personality of the poet adrift" (Ash 1982:4).

Duitse "Exil"-skrywers wat hulle ballingskap in 'n Engels-sprekende land deurgebring het, was totaal losgeweek uit 'n Germaanse taalomgewing. Om so volkome afgesluit te wees van jou taal het sekerlik groot nadele. Wanneer 'n digter sigself egter vestig in 'n land waarvan die taal 'n sterk verwantskap het met sy of haar eie taal, is taalbeïnvloeding 'n ander gevaar.

Wallace Stevens se omskrywing van ballingskap som baie aspekte daarvan op en dit is met betrekking tot die werk van Eybers selfs poëties-toepaslik. Volgens hom is ballingskap "a mind of winter in which the pathos of summer and autumn as much as the potential

of spring are nearby but unobtainable. Perhaps this is another way of saying that a life of exile moves according to a different calendar, and is less seasonal and settled than life at home. Exile is life led outside habitual order. It is nomadic, decentred, contrapuntal; but no sooner does one get accustomed to it than its unsettling force erupts anew" (aangehaal deur Said 1984:172).

4.2 EYBERS SE OPVATTINGS OOR BALLINGSKAP

Wat is Eybers se posisie eintlik in haar nuwe land? Die begrip "ballingskap" word dikwels met haar in verband gebring, maar dit is streng gesproke nie korrek nie: niemand het Eybers verbied of verhinder om ná 1961 in Suid-Afrika te bly woon nie. Tot en met 1979 het sy Suid-Afrika nog besoek. Sy het haarself ook nooit op een ry gestel met Suid-Afrikaanse skrywers (byvoorbeeld Alex la Guma, Arthur Nortje Wally Serote) wat wel in die politieke sin van die woord ballinge genoem is nie. Volgens Said se definisies sou Eybers as "émigré" of "expatriate" beskryf moet word. In bostaande afdeling is duidelik gemaak dat hierdie groepe vreemdelinge, net soos 'exiles" en "refugees", met probleme soos vervreemding, aanpassing en taalisolasie gekonfronteer word.

In "Elisabeth Eybers: tussen Suid-Afrika en Nederland" bespreek M. Nienaber-Luitingh (in Ester & Lindenberg 1990:95-107) die feit dat Eybers se landverhuising soms as 'n ideologiese daad beskou word. Hierteen het Eybers altyd beswaar gemaak. Alhoewel sy dikwels kritiek oor die Suid-Afrikaanse regeringsbeleid was in sowel onderhoude en toesprake (bv. tydens die ontvangs van die Ou Mutuaiprys in 1989 en van die P.C. Hooftprys in 1991) as in van haar gedigte (vergelyk "Regspraak", VG-438), beklemtoon sy by herhaling dat sy Suid-Afrika nie om politieke redes verlaat het nie. Die beginreëls van "Nolens volens" (VG-439) is hieroor ook baie duidelik:

> Suid-Afrika, toe ek jou moes verlaat
> nie om jou domheid maar om eie seer.

Onderstaande uittreksels uit onderhoude waarin sy gevra word waarom sy Suid-Afrika verlaat het, bevestig dit:

> Ik ben niet om politieke redenen weggegaan. Ik denk dat als ik werkelijk genoeg betrokken was bij de toestand in Zuid-Afrika, dat ik daar zou zijn gebleven, omdat ik dan op een bescheiden manier iets zou kunnen doen of zeggen (Van Dis 1974).
>
> Hoewel ik altijd ontkend heb om politieke redenen te zijn vertrokken, werd mijn landverhuizing toch steeds als een ideologische daad uitgelegd. Ik kreeg op die

> manier krediet voor iets dat ik niet verdiende en het heeft me grote moeite gekost dat misverstand te bezweren (Schouten 1985).
>
> Ik ben blij dat er in Zuid-Afrika zoveel gisting en verzet tegen de apartheid is, maar ik vind het belachelijk wanneer mijn vertrek uit het land me als een deugd wordt toegerekend (T'Sas 1986).

In onderhoude beklemtoon sy steeds: "Ik ben om persoonlijke redenen weggegaan. Mijn huwelijk was mislukt, ik voelde me ongelukkig, ik wilde een nieuw bestaan opbouwen" (T'Sas 1986). In haar "Dankwoord" tydens die P.C. Hooft-prystoekenningsgeleentheid formuleer sy dit so: "Vandag is dit presies, maar *presies* dertig jaar gelede dat ek op 1 Junie 1961 op Schiphol aangekom het met my jongste kind, aanvanklik met die bedoeling om hoogstens een jaar hier te bly. Aan die end van die eerste jaar het ek my terugreis uitgestel, later nogeens uitgestel, en my mettertyd versoen met die gedagte dat ek nooit sou teruggaan nie" (Eybers in Dubois e.a. 1991:21).

Ten spyte van die "vrywillige" en persoonlike redes vir Eybers se vertrek uit Suid-Afrika blyk dit dat talle tipiese eienskappe van die "topos" ballingskap tog in haar persoonlike ervaring voorkom. Sy verwoord dit soos volg: "My aanpassing hier (in Nederland - EJ) het so stadig soos harmansdrup verloop (d.w.s. pynlik langsaam) en ek het die eerste maande letterlik weggeteer van verlange na Suid-Afrika. Ek het *aan den lyve* kennis gemaak met die etimologie van die woord *ellende* wat kan teruggevoer word na sy oerbetekenis van *'n ander land*, m.a.w. ballingskap, vervreemding, die ergste wat 'n mens kan oorkom" (in Dubois e.a. 1991:21).

In verband met haar fisieke aanpassing sê Eybers dat haar oorgang na Nederland veral dramaties was "omdat ik zo geweldig onpraktisch ben, en gewoon natuurlijk door het klimaat, en de vlakheid, en de heimwee" (Lieske & Otten 1990:18). Sy het reeds kort na haar aankoms in Nederland besef dat sy daar sou bly. "De overstap van daar naar hier was vrij traumatisch. Ik wil niet een tweede keer zo'n stap zetten. Als ik terug zou gaan naar Zuid-Afrika zou ik in een vreemd land terecht komen, want het Zuid-Afrika zoals ik dat als kind gekend heb bestaat niet meer" (T'Sas 1986).

Eybers se "ballingskap" is dus nie van buite opgelê nie. Dit kan eerder beskou word as 'n eie bewussyn van onomkeerbare buitestaanderskap wat deur haar verhuising na Nederland 'n eksterne manifestasie gekry het. Haar heimwee na Suid-Afrika relativeer sy later selfs as volg: "Ik heb geen last meer van nostalgie. Ook in Zuid-Afrika voelde ik me altijd enigszins ontheemd, niet goed aangepast. Ik was nu eenmaal niet erg sociaal

ingesteld. Het staat vast dat ik nooit meer definitief naar Zuid-Afrika zal terugkeren" (Schouten 1985).

Iets wat aansluit by haar buitestaanderskap, is Lieske en Otten se vraag in verband met hulle waarneming dat sy haar gedigte skryf in die nabye omgewing van mense wat dit nie ten volle kan waardeer of begryp nie: "Is het zo dat u op een bepaalde manier een tegenstander, een onverschillige niet-lezer nodig hebt om te kunnen werken? Het is zo wonderlijk namelijk, eerst een leven met iemand die van geen poëzie weet, en daarna, zoals u zegt, een vlucht uit dat huwelijk, een ontheemde omgeving in, waarin u uw mooiste gedichten schrijft ... terwijl de onverschilligheid om u heen groter is dan ooit." Hierop antwoord Eybers dan, heel spesifiek: "Ik vermoed dat de ballingschap de veruitwendiging was van een gespletenheid, die ik van jongs af aan al kende" (Lieske & Otten 1990:25). Nog in Suid-Afrika het sy al geskryf: "Tuis voel ek vreemd" ("Slak", VG-243). In 'n onderhoud in *Beeld* (Coetzer 1979) sê sy: "Dis eintlik voordelig om immigrant te bly. Jy ervaar mense en dinge óm jou met meer objektiwiteit. Jy hoef jou nie betrokke te voel nie, kan jou afstand behou. 'n Digter is immers altyd in 'n mate 'n buitestaander."

David Bevan (1990:3) omskryf die toestand van ballingskap as volg: "For exile, in its broadest sense, is not only a specific historical circumstance, it is also a constant of our common predicament. In this the evident particularity of political displacement may be merely a symptom or an image of some other form of estrangement: womanhood, the Third World, immigrant (...) Exile, viscerally, is difference, otherness." Fens (1991) onderskryf hierdie gedagtegang wanneer hy met betrekking tot Eybers opmerk: "Het is, geloof ik, niet onverantwoord te zeggen dat Elisabeth Eybers' emigratie naar Nederland, naar een andere wereld, naar een andere tijd, naar een andere taal, haar persoonlijke, ingeboren of aangeboren of door de cultuur opgelegde positie van vreemdelinge heeft verruimd en bevestigd. Zij bleef haar persoonlijke geschiedenis verwoorden, maar zij kreeg voor die geschiedenis gelijk van de hele haar omringende wereld en tijd."

Eybers se praktiese omstandighede van die afgelope dertig jaar kan dus beskou word as 'n veruiterliking van 'n gemoedstoestand wat sy voor 1961 al geken het. Dit blyk ook uit die feit dat haar uiteindelike aanvaarding van Nederlandse burgerskap in 1985 nie hierdie stemming verander nie: "Het gevoel een ontheemde, een ontwortelde te zijn (is) nog steeds niet helemaal verdwenen." Sy het gemengde gevoelens oor die verlies van haar Suid-Afrikaanse burgerskap. "Het is net alsof ik mijn vaderland de rug heb toegekeerd. Ik weet het, het is allemaal tegenstrijdig, maar het is net alsof ik mijn afkomst een beetje verloochend heb (...) nu er zoveel protest tegen Zuid-Afrika is, denk ik soms heel even: de verandering van nationaliteit is een laffe daad" (T'Sas 1986). Haar gevoelens van

ontheemdheid sluit duidelik aan by die "discontinuous state of being" wat volgens Edward Said (1984:163) so tipies is van ballinge wat afgesny is van hulle wortels en verlede.

Die vraag kan sekerlik gestel word waarom Eybers juis na Nederland gegaan het. Soos wat die rede vir haar vertrek uit Suid-Afrika nie polities was nie, net so min is haar keuse vir Nederland bepaal deur byvoorbeeld dié land se anti-apartheidstandpunt. Trouens, Nederland se kritiese standpunt teenoor Suid-Afrika se regeringsbeleid het pas later werklik op gang gekom.

In Eybers se keuse om na Nederland te gaan het die feit dat sy voor 1961 reeds Nederlandse lesers gehad het, 'n deurslaggewende rol gespeel. In 1.5 het ek reeds daarop gewys dat die Van Oorschot-*Versamelde gedigte* (1957) 'n allesbepalende invloed gehad het op haar keuse. Die goeie ontvangs van hierdie bundel en van *Neerslag* (1958) het aan haar bewys dat sy op "eie verdienste" kon hoop om welkom te voel in Nederland en dat sy nie in 'n literêre vakuum tereg sou kom nie. Hierdie wete moes aan Eybers 'n selfvertroue gegee het wat baie ander "Exil"-outeurs nie beskore is nie.

Die feit dat ballingskrywers afgesny word van hulle lande van herkoms het dikwels 'n groot klem op nasionalisme tot gevolg. In Hoofstuk 5 word meer aandag hieraan gegee. Volgens Said is nasionalisme 'n bevestiging daarvan dat iemand by en tot 'n plek, 'n nasie en 'n tradisie hoort. "It affirms the home created by a community of language, culture and customs; and, by so doing, it fends off exile, fights to prevent it's ravages. Indeed, the interplay between nationalism and exile is like Hegel's dialectic of servant and master, opposits informing and constituting each other" (Said 1984:162). Hierdie dialektiek geld ook vir Eybers: net soos wat sy later nie haar ballingskap sterk benadruk nie, net so het sy ook nooit veel klem gelê op nasieskap nie. Taalverbondenheid is vir haar veel belangriker. "Vandat ek in Nederland woon, voel ek my natuurlik bewuster van my besondere identiteit as Afrikaanssprekende," het sy byvoorbeeld gesê (Ester 1977).

Eybers het selfs nie in die dertigerjare toe mede-Dertigers sterk bewus was van hulle roeping as spesifiek Afrikaanse digters, 'n sterk gevoel hieroor gehad nie. "Ik heb nooit dat zelfde nationale bewustzijn gehad, ik heb nooit behoefte gehad om vaderlandse verzen te schrijven" (Van Dis 1974). Haar gedigte oor Suid-Afrika moet daarom beslis gekwalifiseer word. Tot en met haar vertrek uit Suid-Afrika skryf sy slegs 'n enkele gedig wat as getuigend van "vaderlandsliefde" beskou sou kan word, "Tuiskoms in Junie" (*Tussensang*, 1950; VG-122). Hierdie gedig is duidelik 'n reaksie op 'n besoek aan onder meer Nederland en dit kondig die Eybersiaanse soort "vaderlandse verse" aan wat ná 1961

gereeld in haar werk voorkom. Gedigte waarin Suid-Afrika vanuit 'n verlang-perspektief spesifiek betrek word, kan egter slegs met ironie "vaderlandse verse" genoem word. Hulle is meer spesifiek draers van Eybers se verlange na haar jeug, na ruimte, stilte en kontoere; die aksent is nié op patriotiese gevoelens nie.

Eybers se groeiende besef dat Suid-Afrika nooit (weer) ongekwalifiseerd "tuis" sou kon wees nie, het m.i. twee gevolge gehad: i) sy kon 'n beeld van Suid-Afrika bewaar wat daaraan 'n byna utopiese kwaliteit in haar poësie gee; ii) die "aantygings" dat sy 'n Afrikaans sou skryf wat nie meer in Suid-Afrika bestaan nie (vergelyk haar verontwaardiging hieroor in Dubois e.a. 1991:72), hou verband met die feit dat Afrikaans waarskynlik verander het in die dertig jaar waartydens sy nie meer gereeld Afrikaans om haar heen hoor of gebruik nie - in die geskiedenis van 'n jong taal soos Afrikaans is dertig jaar tog relatief lank. Dit sluit aan by Weiss se opmerking: "It is an ancient evil of emigration that language is, in effect, refrigerated. At best it can be preserved" (in Ash 1982:4). Eybers sê hieroor: " Misschien staat mijn Afrikaans ook wel stil. Ik woon hier nu 14 jaar en ik merk dat er in Zuid-Afrika intussen nieuwe idiomen zijn ontstaan die voor mij vreemd zijn" (Van Dis 1974). 'n Aantal jaar later sê sy: "Waarskynlik hou my verblyf buite Suid-Afrika wel 'n belemmering in vir die skeppende omgang met Afrikaans" (Ester 1977).

Eybers word selfs uitgevra oor die mate waarin sy Afrikaans nog as spreektaal beheers. "Ek praat nog gereeld Afrikaans, omdat twee van my kinders in Amsterdam woon en omdat ek kontak het met Suid-Afrikaners wat tydelik of permanent hier verkeer," sê sy aan Hans Ester (1977). Op 'n vraag van Lieske en Otten of sy nog "mooi Afrikaans" praat, sê Eybers: "Iemand in Zuid-Afrika die ik goed ken, zei laatst tegen mij dat ik een soort gesteriliseerd Afrikaans gebruik. Maar andere mensen die hier komen, zeggen dat ze verbaasd zijn te merken dat ik na al die jaren toch nog goed Afrikaans spreek. Ik probeer het niet te veel te laten contamineren met het Nederlands" (1990:8). In hierdie onderhoud word sy gevra of sy soos die Nederlandse digter Leo Vroman wat in New York woon intussen 'n eie soort taal begin gebruik. "Ik ben daar waarschijnlijk minder gevoelig voor. Ik heb wel een enkel Nederlands woord overgenomen. Bijvoorbeeld: 'suppoost', dat viel op in Zuid-Afrika. Iedereen vraagt wat dat is, een suppoost, daar hadden ze nog nooit van gehoord."

In onderhoude word Eybers dikwels uitgevra oor die gevare van taalbeïnvloeding, oor die betekenis van Afrikaans vir haar en die moontlikheid dat sy met verloop van tyd eerder in Nederlands sou begin dig. Reeds in 1963, dus twee jaar ná haar verhuising na Amsterdam, sê Eybers in 'n toespraak in Brussel dat sy altyd in Afrikaans sal dig omdat

die taal volgens haar poëties veel bruikbaarder en "doepeler" is as Nederlands (Hennipman in Nienaber-Luitingh 1975:9). Sy is nie bang dat Nederlands haar Afrikaans sal aantas nie. "Ik denk juist dat het Nederlands mijn Afrikaans kan verrijken. Ik heb wel woorden gebruikt die ik hier voor de eerste keer gehoord heb" (Van Dis 1974). "Ek glo, of hoop, dat aanraking met Nederlands ook taalstimulerend op my inwerk. Ambivalensie prikkel die bewussyn. As mens twee of meer tale gebruik kan jy nouliks verhoed dat hulle mekaar onderling besmet. In die mondelinge omgang kan dit hinderlik wees, maar as mens 'n gedig maak, mag jy die vryheid benut, om die vir jóú doel doelmatigste woorde en wendinge te gebruik" (Ester 1977). Twee jaar later sê sy in Suid-Afrika: "Nederlands het my geleer om my eksakter uit te druk en ek het sekerlik 'n paar Nederlandismes aangeneem" (Coetzer 1979).

Dat blootstelling aan 'n ander taal sekerlik baie positief kan wees, word deur Hugo von Hofmannsthal só verwoord: "When we grow deaf to the beauty of our own language, a foreign tongue exerts an indescribable spell: we need only dip our wilted thoughts in it and they are rejunevated like cut flowers that have been thrown into fresh water" (aangehaal deur Ash 1982:4).

Alhoewel sy soms Nederlandse woorde "leen", is Eybers nie van plan om in Nederlands te dig nie; Afrikaans bly "'n baie geskikte instrument" vir haar poësie. By ontvangs van die erelidmaatskap van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns beklemtoon sy in 'n onderhoud met die SAUK dat sy nie in Nederlands wil dig nie want "Afrikaans bly steeds die taal van my emosies" (16 Augustus 1991).

Nadele van emigrasie kan volgens Eybers ook positiewe faktore wees. "Het feit dat ik in het begin zo ongelukkig was, was heel goed voor mijn poëzie. Ik begon me rekenschap te geven van mijn positie. Niet alleen ging ik meer schrijven, het ging me ook steeds meer om essentiële, feitelijke dingen." Die inwerking van die Nederlandse omgewing beskou sy as verrykend. "Ik kwam een beetje los van de traditie. Daar kwam bij dat ik bepaalde zekerheden begon op te geven, vanuit mijn religieuze achtergrond ontwikkelde ik mij in agnostische richting: de waarheid kan niet gekend worden. Dat heeft mijn poëzie misschien iets bitterder en zeker ironischer en kritischer gemaakt" (Schouten 1985).

Oor haar verblyf in Nederland sê sy: "Ik voel me nu wel thuis in Nederland, meer dan je misschien uit mijn werk zou denken, maar ik heb natuurlijk weleens heimwee" (Van Dis 1974). Die gedig "1 Desember" (TS-7/31), oorspronklik afgedruk in "Liefde herken je aan het afscheid" (Lieske & Otten 1990), dui daarop dat heimwee na Suid-Afrika nog 'n sterk poëtiese impuls is.

Digter in ballingskap

In haar "Dankwoord" tydens die P.C. Hooftprys-uitreiking sê Eybers: "Die eerste weldaad wat Nederland my op die duur bewys het, is om my los te skud uit die beperkte gesigspunt van iemand wat opgegroei het as lid van 'n bevoorregte minderheid" (Eybers in Dubois 1991:22). Probeer Eybers doelbewus om haar taal aan te pas of te vereenvoudig sodat haar gedigte makliker met meer lesers kan kommunikeer? "Ik denk wel dat de Nederlandse lezer mij in het Afrikaans kan lezen. Er zullen wel dingen zijn die hem ontgaan, maar ik hoop zo min mogelijk. Ik wil niet dat ze minder kritisch lezen. Soms vraag ik me bij het schrijven van een vers af of de Nederlandse lezer dat zal begrijpen, dan kies ik misschien een alternatief. Dat is natuurlijk verkeerd, maar als ik schrijf probeer ik zo min mogelijk aan mijn lezers te denken. Ik verkies het Afrikaans boven het Nederlands omdat het economischer is (...) Ik denk dat het Afrikaans krachtiger is."

Die mate waarin Eybers se taal elemente van Nederlands opgeneem het, word in Hoofstuk 11 behandel. Met verloop van tyd het dit geblyk dat Eybers se werk op 'n unieke wyse in staat is om Nederlandse en Suid-Afrikaanse lesers te boei. Sonder dat sy doelbewus geprobeer het om die meeste "voordeel" te haal uit die feitelike situasie dat sy in Nederland woon, maar nog steeds ook in Suid-Afrika gelees word, is dit duidelik dat sy dit reggekry het om een van die "tradisionele" probleme van ballingskap, gebrekkige kommunikasie, ruimskoots te oorkom.

4.3 GEDIGTE WAARIN BALLINGSKAP TEMATIES AAN BOD KOM

Reeds voor 1961 skryf Eybers enkele gedigte waarin sy Suid-Afrika en Nederland kontrasteer: "Tuiskoms in Junie" (VG-122) en "Brief in Januarie" (VG-245) - dan nog vanuit die Suid-Afrikaanse "hier"-perspektief. In "Brief in Januarie" skryf sy:

> selfs die geringste woord wat emigreer
> moet risiko en onbegrip trotseer.

Dit is 'n raak karakterisering van die immigrant-digter se lot - een wat ook hare kon gewees het indien haar gedigte nie op 'n unieke wyse in staat geblyk het om "risiko en onbegrip" wel te trotseer nie.

Uit onderhoude met Eybers blyk dit dat die doelgerigtheid van die immigrant om in 'n nuwe land 'n suksesvolle "nuwe begin" te maak, by haar ontbreek.[1] Tog gebruik sy die woord "immigrant" as titel vir een van die eerste gedigte wat sy in Nederland skryf. "Immigrant" (VG-269) is 'n sentrale gedig ten opsigte van die tema van landverhuising

en van ontheemde wees in 'n vreemde land" (Van Niekerk 1987:30) en kan beskou word as die begin van Eybers se "Nederlandse" periode:

> Niks as my hande en voete het ek hier,
> die res het met die oortog soek geraak:
> die katswink hart, die prikkelbare klier,
> wat moet mens bowendien met hulle maak?
>
> Om wat verlore is te vergelyk
> met die omringende, om klank en lig
> te gryp sonder te luister of te kyk
> het ek tog nog sintuie aan my gesig.
>
> Ook aan my bors en buikruimte gewaar
> ek dat daar vroeër wel iets anders was.
> Wie het geweet dat leegte ooit so swaar
> sou word en onbelemmerdheid so 'n las?

Die mens wat haarself ná 'n "oortog" gestroop voel van gevoelsmatige en seksuele sintuiglikheid, het nog wel luister- en kyksintuie maar kan dit voorlopig nog nie inspan nie om "wat verlore is te vergelyk met die omringende". Die ironiese kwaliteit van die titel "Immigrant" word duidelik wanneer die leser besef dat daar van die veronderstelde optimisme van 'n immigrant geen sprake in die gedig is nie. Dit wat Kundera sou beskryf as "de ondragelijke lichtheid van het bestaan" word in die slotreëls van hierdie gedig deur Eybers treffend omskryf.[3]

Kontrastering - so 'n belangrike kenmerk van Eybers se hele oeuvre - gaan hier 'n totaal nuwe fase binne: die "hier" is Nederland en veronderstel 'n Suid-Afrika wat "daar" geword het; die "iets anders" van "vroeër" veronderstel 'n "nou" wat nog onlngevul is - behalwe deur die gedig wat die *tabula rasa* van die "immigrant" se "hier" begin verwoord. Die teenstelling Nederland/Suid-Afrika is hierna nie meer weg te dink uit Eybers se poësie nie.

Met *Balans* begin Eybers se "Nederlandse" periode dus: die kwantitatief en veral kwalitatief belangrikste periode van haar poësie. Die "klank" en "lig" van die "omringende" hede (vergelyk veral "die lug is laag en aardeslek,/ met stopverf toegedik en grou" in "Oggend", VG-276; die "kristalledans" in "Amsterdam, 13 Maart", VG-280; en die "dubbelswaan" in "Twee kleuters in die Vondelpark", VG-281) word in die laaste derde van die bundel sekerlik net so sintuiglik skerp waargeneem en verwoord as byvoorbeeld in "Sonnebloem" (VG-236), "Brief in Januarie" (VG-245) en veral "Augustus" (VG-265) in die eerste, die "Suid-Afrikaanse", gedeelte van die bundel. In "Toeskouer" (VG-273) blyk 'n bewuste voorneme tot nuwe sintuiglikheid:

Digter in ballingskap

> Maar nou dat alles my ontwyk
> mag ek van meet af kyk en kyk.

In *Balans* en byna alle volgende bundels verskyn gedigte wat Eybers se landverhuising aan die orde stel. Vergelyk veral die eerstes soos "November", (VG-272): "wat ek met my mee wou dra/ het die ewenaar afgekeur", "Heimwee" (VG-275) en "Oggend" (VG-276) as voorbeelde van gedigte wat handel oor haar fisieke aanpassingstryd. In "Voortbestaan" (*Dryfsand*, 1985; VG-487) beskryf sy dit so: "Wie ooit 'n nuwe omgewing binneswerf/ leen plaaslike spatte om hom te kamoefleer./ oënskynlike versmelting te verwerf/ sonder sy eie gestalte af te sweer".

Eybers skryf nie dikwels oor haar posisie in Nederland in burgerlike stand-terme nie. "Vandag" (VG-308) verwys wel direk na die verblyfsvergunning wat 'n buitelander in Nederland by die "Vreemdelingenpolitie" moet kry:

> Verworpeling van gister, moes ek wag
> vir woonverlof in die tabelleland
> op die gepaste teken van 'n hand
> wat duidelik sê: kom binne, dis vandag.

"Voetjie vir voetjie" (VG-352) word dikwels aangehaal as voorbeeld van die tussenposisie waarin Eybers haarself bevind. Hier beskryf sy haarself weer as immigrant:

> Voetjie vir voetjie word mens immigrant ...
> Toevallig uit, toevallig tuis, gestrand
> op hierdie teennatuurlike terras
> sonder om ooit onloënbaar aan te land.

Eers in "Goed en wel"(VG-559) gebruik sy weer hierdie woord:

> die dromerige onrus van 'n immigrant
> weer innerlik terug in haar oerwêreld aangeland

Dit is veelseggend hoeveel vaer en meer metafories die reikwydte van "immigrant" nou is in vergelyking met die vroeër gedigte waarin die woord gebruik is. In "Afstand" (VG-367) is die twee lande waarvan sprake is, egter reeds duidelik meer as net twee geografiese omgewings. Die motto is die slotstrofe van De la Mare se "Strangers" uit *Bells and grass: a book of rhymes* (1941).

> Afstand
>
> *Under the hollow roof*
> *The strangers' voices come -*
> *The night is dark, and I*
> *Am far from home.*
>
> Walter de la Mare

Van tyd tot tyd nog steeds die vreemde vraag:
jy - meestal u - het langsaamaan wel tuis
geraak in hierdie land?
Ek neurie nie die nag
is donker ek is ver van huis
maar knik welmenend vaag
en vals. Ek wortel elders, hoe sou ek my hier
kan tuis maak. Dinge en ek gaan aan mekaar verby
sonder herkenning. Daarom laat hulle my
met rus, versin geen hinderlaag, lê nooit beslag
en daarom kan ek hulle goed verduur.

T. van Deel (1973) skryf dat die gedig sekerlik oor Eybers se verhouding tot Suid-Afrika en Nederland gaan, maar dat "een veel fundamentelere ontheemdheid" daaruit spreek. Eybers se benamings vir Nederland (bv. "tabelleland", "teennatuurlike terras" en "minilinealeland") is daarom sekerlik ook beskrywend van haar dieperliggende verset teen bekrompenheid en ingeperktheid in die algemeen. (Sien 8.3.3 en 9.3.5, asook 10.3.2.3 waarin resensente se opmerkings oor die tema "ontheemding" in Eybers se werk bespreek word.)

Dit wil lyk asof Eybers 'n voortdurende tweestryd het oor die plek waar sy haarself bevind. Vergelyk "Wintermonoloog" (VG-383):

Die bodem wat jou voortgebring het staan
op die erkende boewelys bo-aan.

Jy klink terwyl jy antwoord op die vraag
maar hoekom hierheen? ektoplasmies vaag.

In "Ontheemde" (VG-506) word hierdie dialoogstyl weer aangewend om die tweespalt dramaties te verwoord:

Hier, in die vreemde, en sonder 'n masker aan...
Die mense is hier nie minsamer as daar, gewis
nie toleranter. Wat of wie
hou jou hier vas? Dáár was die lewe beter
en niks belet jou om weer terug te gaan.

Jy antwoord selfbewus:
argwaan en haat is te verdra
tussen gelykgeregtigdes wat nie
verordenend mekaar verneder,
menswees met rubbertjap betwis.

Hoekom huiwer ek om te vra:
my broer, my natuurgenoot,
word ons kinders terreurloos groot?

- En die onbetaalde gelag van die verlede?

Digter in ballingskap

Nienaber-Luitingh (in Ester & Lindenberg 1990:105) skryf dat in hierdie gedig "vir die eerste keer die politieke stelsel nadruklik genoem (word) as een van die redes wat dit vir die spreekster onmoontlik maak om ooit vir goed na Suid-Afrika terug te keer". Die "hier"/"daar"-teenstelling is baie prominent en Eybers is skerp kritiek oor die Suid-Afrikaanse praktyk om "*menswees met rubbertjap (te) betwis*".[3]

Eybers se sintuie is ingestel op die werklikheid om haar, maar haar "voelhorings" is nooit afgestomp vir die innerlike oog en oor, vir die Afrikaans en Suid-Afrika van haar verlede nie. Dit is immers steeds óók aanwesig en werklik. Said se waarneming dat die lewensgewoontes en uitdrukkingsvorme in die nuwe omgewing vir 'n balling onvermydelik afspeel in vergelyking met die vorige omgewing, is besonder relevant by die bestudering van die oormekaarskuif van hier en daar, somer en winter, verlede en hede wat so kenmerkend van Eybers se later werk is. "Thus both the new and the old environments are vivid, actual, occurring together contrapuntally" (Said 1984:172). In "Heimwee" (VG-275) is dit byvoorbeeld duidelik hoe 'n vorige ervaring as norm en kontras dien vir die nuwe:

> 'n Huis is iets wat teen 'n helling staan
> deur son gekonfronteer aan elke kant.
> Maar let op: sê jy huis in hierdie land
> dan dui jy drie beknelde kamers aan.

In "Oggend" (VG-276) beskou sy haar

> Vir hierdie parallelle las
> te houvasloos en te onlyfliks,
> gewoond aan verte, hoogte, lig (.)

In "Ode aan kontroleur de Laar" (VG-295) verwoord die belastingkontroleur haar posisie: "Allicht! U bent niet meer in Afrika!" en in verband met "Ontheemde" (VG-274) skryf resensent Hans Warren: "De vrouw heeft Afrika verlaten en woont nu in Amsterdam." Ook in "Opgawe" (VG-568) blyk die verlede nog intens aanwesig:

> Al die gure gewaarwordings warrelig verwek
> uit krenkbaarheid, instulping, selfsug en so
> het my weggaan geteken. Eenselwigheid,
> 'n onontbegbare binnehuid, strek
> tussen my en die strak grou-en-groen plattegrond
> wat verdwaasde asielsoekers gasvry verstrik.
> Ruimte, misterie, wanorde, tragiek
> van 'n maatloos ontembare kontinent
> was in my gevesel, hoe kon ek krimp
> tot voorgeskrewe omgewingsmimiek?

> Ek ondervra die verlede nog steeds,
> sprokkel destyds gesmo[illegible]de brokkies liriek.

In talle gedigte word die Nederlandse leefomgewing vergelyk met Suid-Afrika. Vergelyk "Winter" (VG-371) waar "hierdie ses koperkleimaande" die digter laat verlang na "Julie in Johannesburg" en "Februarie - *Vir Rita in Stellenbosch*" (VG-550). "Dooi" (VG-551) is 'n weerlegging van winterse beperktheid, 'n triomf oor heimwee (Jansen 1990:59 en Olivier 1990:120) - wat tóg weer in later gedigte na vore kom.

Een van Eybers se mees ironiese gedigte wat besonder aktief werk met die gegewe van haar verblyf in Nederland, is "Uit die verte: Vir W.E.G. Louw, digter van *Vensters op die vrees*" (VG-441). 'n Gedig waarin Eybers haar posisie in burgerlike stand-terme beskryf, is "Naturalisasie" (VG-518).[4] Dit kan as 'n teëhanger van "Immigrant" gelees word, maar die fokus wat in die vroeë gedig uitsluitlik op 'n "ek" se omstandighede gerig was, word in die later gedig verbreed om skerp ironiese kritiek op die burokratiese proses van "transmutasie" in sowel Nederland as Suid-Afrika te omvat.

Ten spyte van omstandigheidskennis en die posisies van "Immigrant" en "Naturalisasie" in Eybers se oeuvre, hoef hierdie gedigte (en bv. ook "Ontheemde", VG-506) uiteraard nie letterlik opgeneem te word nie. Net soos wat gedigte sonder vermelding van staatsburgerlike begrippe haar landsverhuising kan omskryf (bv. "Ontwortelde", VG-516), net so kan ook eersgenoemde gedigte meer metafories gelees word in verband met byvoorbeeld die on-permanente staat van die mens. Verder kan dit ook in beperkter verband letterlik bedoel wees wanneer sy haarself in "Besoek aan 's-Graveland" (VG-411) beskryf as "buitestaander" by die familiebegraafplaas van 'n ander. 'n Enkele keer is daar ook die herkenning van iemand wat waarskynlik letterlik 'n mede-immigrant is, soos in "Vir Thérèse" ("Vriendskap word uit vervreemding soms gebore ...", VG-546).

Dat heimwee 'n permanente gegewe in Eybers se werk is, word duidelik wanneer gelet word op die frekwensie van verlang-gedigte in bundels wat meer as twintig jaar ná haar verhuising na Amsterdam geskryf word. Let op "Terug" (VG-437):

> Transekwatoriale swaartekrag
> het my hierheen gebagger. Elke nag
> tregter my terug na my geboorteland,
> die eiander dobberend tussen son en sand.

Ook "Nostalgiese vers" (VG-442), "Stemming" (VG-469) en "Notisie" (VG-472) uit dieselfde bundel het as boustof die gelyktydige aanwesigheid van die Hollandse hede en Suid-Afrikaanse verlede. In "Memorabilia" (VG-492) blyk Suid-Afrika steeds sterk aanwesig:

my aangrypendste mymery gekonsentreer
op springbokbiltong en soetsuurdeegbrood.

In "Aftelrympie" (VG-505) word die twee lande só teenwoordig gestel:

Alles van heinde
en ver loop ten einde
merendeels lewendig
nader jy sewentig
vaderland ver
soveel bakens omver

In "Maan" (VG-534) is daar weer die bekende kontrastering wat ook in "1 Desember" (TS-10/34) in verband met die ondergaande son aangetref word. In twee gedigte uit *Telspraak* blyk wel 'n versoening met haar Amsterdamse leefwêreld - die sterkste sedert "Dooi" (VG-551). Ek haal albei gedigte aan.

Refleks

Kort voor die oproep
span ek my in
om my nog inniger
in te spin:

aan hierdie omgewing
hoe skeef dit ook sit
bly ek voorlopig
blindelings gekit.

(TS-12/36)

Sug

Die skemering waarin ek versink
kan plots die verlede terugwink

eldorado van tintelende lig
onuitputlike vergesig

oase wat heeljaarlang
granietheuwels weelderig omvang

uitwaaierend buite die stad
so veerkragtig aaneengekrat

kinders nog klein en onskuldig
hul moeder inkennig onkundig

argloos en onbedag
op 'n kataklismiese slag

deur noodlottige magte verwek
wat afwagtend sametrek ...

verblindende helderheid bly
my splintergewyse by

hoe dar ook hoef ek nie weer
na daardie vulkaan terug te keer

(TS-20/44)

Indien Eybers se poësie van voor die verskyning van *Die helder halfjaar* (1956) in ag geneem word, is dit baie duidelik dat die temas wat sy in daardie vroeë bundels behandel het, ten nouste saamhang met fases in haar ontwikkeling as jongmeisie en moeder. Alhoewel die ervarings verbonde hieraan algemeen-menslike onderwerpe is en dié uit volgende lewensfases daaraan toegevoeg kan word (vergelyk haar gedigte oor ouderdom in haar later "Nederlandse" bundels), bied Eybers se verhuising na Amsterdam die moontlikheid en ervaring om groter getransponeerde onderwerpe soos ontworteling, heimwee en buitestaanderskap te ondersoek. Bekende onderwerpe uit haar vroeër poësie, byvoorbeeld haar verhouding tot haar ouers, kry ook in hierdie perspektief 'n nuwe dimensie:

Iets van hul vreemdheid het my aangekleef
ook toe ek my as vlugteling omgeklee't.
Dis júlle toedoen dat ek altyd leef
tussen twee vure en nie van beter weet.

("Dank", VG-517)

Dit is verder belangrik dat Elisabeth Eybers nie net na 'n ander land nie, maar ook na 'n ander taal geëmigreer het; as't ware in 'n toestand van selfopgelegde ballingskap van haar eie taal verkeer. In 'n aantal gedigte word hierop gesinspeel deur taalprobleme as metafoor vir en in noue samehang met ander temas aan te bied. Dit bied treffende moontlikhede in liefdesverse. In *Onderdak* (1968) is daar bv. aanduidings van 'n nuwe liefde in "Ter sake" (VG-307) en "Akkoord" (VG-319). In albei gedigte kan in die algemeen die aanleer van 'n nuwe taal vir 'n volkome nuwe lewenssituasie bedoel word (Nienaber-Luitingh 1975:80), maar heel direk word die liefdesgegewe ook verstrengel met die aanleer van 'n nuwe taal, waarskynlik Nederlands. In eersgenoemde gedig skryf Eybers:

Half-tuis nog in die grotland
waaruit ek tastend keer

moet ek van jou 'n huistaal
vir hierdie lewe leer.

In "Akkoord" beskryf sy haarself as "kwalik aangeland/ waar sinsbou, klemtoon, ritme anders is". In "Tongval" (VG-321) is dit eksplisiet:

Jou binnelandse vriende is vriendelik
teenoor die lig bevreemde vreemdeling

uit 'n onordeliker kontinent.
Om saam te klink ten spyte van aksent
wil ek die vasgelegde wette leer
maar merk, as een haar meesterlik ontferm
oor my wat onvolledig konformeer
en hulp aanraai van 'n logopedis,
hoe eiesinnig strotteweefsel is
wat die essensiële taal beskerm.

Terwyl ons lippe self die pleit besleg
kom klanknabootsing ook nooit tot sy reg;
vandat my spraakorgane jou geval
verwaarloos ek die medeklinkertal.

In "Nolens Volens" (VG-439) praat sy ook van haar "tongval wat my land van herkoms meld".

Een van die weerbarstigste eienskappe van Eybers se poësie sedert 1961 is dat sy die Nederlandse omgewing en taal verken, maar Suid-Afrika en Afrikaans nie kwytraak nie. "Immigrant" verwoord dit reeds in 1961:

Om wat verlore is te vergelyk
met die omringende, om klank en lig
te gryp sonder te luister of te kyk
het ek tog nog sintuie aan my gesig.

4.4 OPSOMMEND

Die opvallende aspek van Eybers se "ballingskap" is dat sy dit deurbring in 'n land wat haar poësie toenemend as behorend tot sy eie letterkunde beskou. Bowendien word haar bundels ook nog steeds in Suid-Afrika gepubliseer en hoog gewaardeer. In twee verskillende letterkundes is sy die enigste moderne gemeenskaplike figuur wie se poësie sonder die bemiddeling van vertaling 'n kwiksilweragtige en unieke verskynsel is. Wanneer Eybers se poësie teen die agtergrond van ballingskap as "topos" en die ontwikkelingsgang en probleme van "Exil"-skrywers in die algemeen gesien word, val die volgende uitsonderlike aspekte van haar posisie des te meer op:

1. Eybers se ballingskap het geen negatiewe gevolge gehad wat betref die publikasie van haar werk nie: in sowel die land van herkoms as die aangenome land is sy 'n gevierde digter.

2. Sy is gekonfronteer met die tipiese probleme van ballingskrywers, maar sy slaag daarin om hierdie konkrete gegewe as 'n vernuwende metaforiese verdieping in haar poësie te ontwikkel.

3. Vreemdheid word reeds vanaf die eerste bundel uitgebuit om die verwyderdheid van die liriese ek ten opsigte van die groter gemeenskap te artikuleer.

4. Ballingskap word 'n metafoor vir buitestaanderskap en onverbondenheid in veel groter verband.

5. Ballingskap is 'n metafoor vir die tussenposisie van die tussenmens wat altyd - tevergeefs - bly soek na 'n ruspunt tussen uiterstes.

6. Uiteindelik word ballingskap metafoor vir die mens op die rand van die dood.

Eybers se poësie verkry teen die agtergrond van die "ballingskap"-topos dus 'n meerwaarde wat haar finaal en onteenseglik uitlig bo die "minor poet"-kategorie waartoe sy haarself wil reken (Hennipman in Nienaber-Luitingh 1975:17). Miskien was dié beskrywing nog van toepassing op die Suid-Afrikaanse fase (sien Moorees 1957), maar dit is glad nie voldoende om haar prestasies en reikwydte te kwalifiseer binne die skala van menslike emosies en die uitdagings tot verwoording sedert haar "Nederlandse" fase in 1962 begin het nie. Haar ballingskapsposisie dra in 'n groot mate by tot die "dubbelheid" van haar poësie waarop ek nader ingaan in Hoofstuk 13.

VERWYSINGS BY HOOFSTUK 4

1. In Van Niekerk (1987) word sonder uitsondering van Eybers as letterlik 'n immigrant gepraat. Dat Eybers nie 'n spesifieke voorneme gehad het om te emigreer nie, word nie genoem nie en die term "balling" nooit oorweeg nie.

2. Sien Van Niekerk (1987:30-32) vir 'n analise van die gedig.

3. Dit is in hierdie gedig interessant dat die woord "selfbewus" deur Eybers se twee stelle lesers heel anders geïnterpreteer sal word. In Nederlands beteken dit "met besef van innerlijke kracht" (Koenen & Endepols). Alhoewel die HAT "met 'n sterk bewustheid van jouself" as omskrywing aangee, is die betekenis van "selfbewus" in die Afrikaanse spreektaal nie positief en assertief nie, maar beteken dit hoofsaaklik verlê, ongemaklik en selfs verskoning. Sien verder Van Niekerk (1987:93) vir 'n kort analise van die gedig.

4. Sien Van Niekerk (1987:95) vir 'n analise van die gedig.

HOOFSTUK 5

ELISABETH EYBERS EN DIE KONSEP VAN 'N NASIONALE LETTERKUNDE

Elisabeth Eybers se poësie word hier ondersoek op grond van die uitsonderlike feit dat dit gereken word tot twee letterkundes. Alhoewel haar Nederlandse posisie nie in alle opsigte geformaliseer is nie - 'n verwysing na Eybers kom byvoorbeeld nie voor in die jongste Nederlandse literatuurgeskiedskrywing (Anbeek 1990) nie - is die toekenning van die land se belangrikste literêre prys aan haar in 1991 'n aanduiding van die plek wat sy wel in die Nederlandse letterkunde het. Dat Eybers 'n baie belangrike posisie in die Afrikaanse letterkunde het, word deur sowel geskiedskrywing as aktuele waardering bewys.

Drie aspekte in verband met nasionale letterkunde is vir hierdie studie relevant: 1) hoe dit gedefinieer word en op grond van watter "kwalifikasies" iemand tot 'n nasionale letterkunde gereken word; 2) wat Eybers se standpunt in verband met verbondenheid aan 'n nasionale letterkunde en die konsep van nasionale poësie is; en 3) wat die gevolge van "burgerskap" van 'n nasionale letterkunde is. Sien veral Bibliografie I en II.

5.1 INVOEGING BY 'N NASIONALE LETTERKUNDE

Volgens Wellek en Warren (1970:52) is taal meestal die belangrikste determineerder by die afbakening van 'n nasionale letterkunde, maar

> Problems of 'nationality' become especially complicated if we have to decide that literatures in the same language are distinct national literatures, as American and modern Irish assuredly are. (...) It is not very easy to determine the point at which literature written in America ceased to be 'colonial English' and became an independent national literature. Is it the mere fact of political independence? Is it the national consciousness of the authors themselves? Is it the use of national subject-matter and 'local colour'? Or is it the rise of a definite national literary style?

Hierdie afbakeningsprobleme bestaan reeds dekades lank nie meer met betrekking tot die Afrikaanse en Nederlandse literature nie. Toe skrywers doelbewus in Afrikaans begin skryf het, was dit onmiddellik duidelik dat tekste van die Eerste Afrikaanse Taalbeweging (1875-1900) totaal anders geaard was en ander doelstellings gehad het as dié van die

gelyktydige Nederlandse Tagtiger-beweging. Morfologies, sintakties en leksikaal was dit toe reeds vasstelbaar dat Afrikaanse en Nederlandse skrywers in twee afsonderlike tale skryf. Die tale word bowendien op twee kontinente in lande met totaal verskillende ervaringswêrelde gebruik deur sprekers en skrywers met verskillende bewussyne van hulle onderskeie nasionale identiteite.

Kannemeyer (1978:17) skryf dat reeds die eerste geskrifte wat op Suid-Afrikaanse bodem ontstaan het in 'n toenemende mate gekenmerk is "deur die Afrikaanse sfeer wat daaruit spreek en die gebruik van beeldspraak en segging wat eie aan die nuwe bodem is en radikaal verskil van die Hollandse literatuur soos dit in Nederland beoefen word". Hy meen dat dit vanaf ongeveer 1800 duidelik is dat "Afrikaanse" skrywers nie 'n uitheemse Nederlandse kultuur probeer voortsit nie en dat 'n "eie geesteshouding (ontwikkel) wat sy neerslag vind in die geskrifte van die mense, selfs al is die taalvorm nog nie volledig Afrikaans nie. Hierdie literatuur kan 'n mens dus beskou as die oorsprong van die Afrikaanse letterkunde" (Kannemeyer 1978:24). Geskrifte wat vanaf die negentiende eeu deur gebore Nederlanders in Suid-Afrika geskryf word, word daarom reeds gereken tot die Afrikaanse letterkunde.

Op grond hiervan word afsonderlike geskiedenisse geskryf van die literatuur wat in Nederland en Suid-Afrika ontstaan. Knuvelder (1977) en Anbeek (1990) bespreek daarom geen Afrikaanse skrywer nie (ook nie Eybers nie) en Kannemeyer (1978 en 1983) geen moderne Nederlandse skrywer nie (maar wel natuurlik Eybers).

Hier moet kortliks genoem word dat wát presies in Suid-Afrika met 'n nasionale letterkunde bedoel word, nie slegs 'n probleem in verhouding tot die voormalige koloniseerders Nederland en Engeland is nie. Omdat in sowel Westerse as Afrika-tale geskryf word, is 'n relevante vraag of die letterkundes in al hierdie tale een nasionale Suid-Afrikaanse letterkunde vorm. Of is een taal 'n voorwaarde? In verband hiermee sê Cronin (in Coetzee & Polley 1990:178):

> From whichever side you try to pick it up, the concept 'national literature' proves to be a prickly pear. Try 'national' and you quickly run into a bristle of problems. In fact, there are many who simply dismiss the family of concepts - nation-national-nationality-nationalism - as lacking in any serious scientific or objective substance.

Landsgrense is by die vasstelling van 'n nasionale letterkunde meestal net so bepalend as taal. Dit blyk byvoorbeeld uit die Angelsaksiese tradisie en ook uit Anbeek se aanvegbare beslissing om die Vlaamse letterkunde weg te laat uit sy *Geschiedenis van de Nederlandse literatuur 1885-1985*:

> De achtergrond van deze radicale beslissing is mijn overtuiging dat de Vlaamse en de 'Hollandsche' literatuur aparte grootheden zijn, niet een in hoge mate onafhankelijke ontwikkeling en eigen thema's (...) Eigenlijk zijn er drie literaturen: de Nederlandse, de Vlaamse en de Vlaamse voor zover erkend door de Nederlandse uitgevers. De tweede kent de Noordnederlander niet - er is dus geen sprake van een eenheid. De eerste en de derde samenvoegen tot de literatuur van Noord en Zuid zou een daad van puur imperialisme zijn.
>
> (Anbeek 1990:16,17)

Landsgrense, publikasiegegewens, 'n afsonderlike ontwikkelingslyn en nie temas is vir Anbeek, net soos in die Angelsaksiese tradisie, dus belangriker as 'n gemeenskaplike taal. Wat hierdie aspekte betref, bevind Eybers haar op 'n snypunt en kan sy inderdaad tot sowel die Afrikaanse as Nederlandse letterkundes gereken word. Haar gevestigde Afrikaanse posisie hoef nie ter diskussie gestel te word nie, maar dit is wel nodig om kortliks redes vir haar Nederlandse posisie aan te voer. Alhoewel Eybers nie in Nederlands dig nie, sou sy, as enigste Afrikaanse skrywer, wel op grond van al [illegible] kriteria "toegelaat" kon word in 'n Anbeek-geskiedenis.

Eybers skryf 'n Afrikaans wat vir Nederlandse lesers baie meer begryplik is [illegible] byvoorbeeld Van Wyk Louw, Opperman en Breytenbach; sy skryf en publiseer reeds sedert 1961 binne Nederlandse landsgrense; haar temas sluit sterk aan by dié wat ook in die Nederlandse letterkunde voorkom. As individu het sy bowendien blykens die resepsie van haar werk 'n posisie binne die ontwikkelingslyn van die Nederlandse letterkunde verkry.[1]

Belangrike gedeeltes van die Afrikaanse letterkunde het in die buiteland ontstaan. Vergelyk byvoorbeeld groot gedeeltes van die Breytenbach-, Cussons- en Kirsch-oeuvres, Van Wyk Louw se *Tristia* en tientalle individuele gedigte van Afrikaanse digters. Niemand sal daaraan dink om hierdie skrywers se werk as nie-behorend tot die Afrikaanse letterkunde te beskou nie. In teenstelling tot Eybers word nie een van dié skrywers egter deur middel van publikasies, prystoekennings, bloemlesingopname of algemene resepsie gereken tot Nederland, België of, trouens, enige ander land se letterkunde nie.

Uit bostaande kan afgelei word dat die afbakening van 'n nasionale letterkunde bepaal word deur 'n spesifieke kombinasie van faktore wat inlywing deur of oorvleueling met 'n ander land en taal se letterkunde gewoonlik uitsluit, tensy 'n bewuste daad van (her-) toe-eiening geskied.

Nasionale letterkunde

Ten spyte van my hoofsaaklik teks- en resepsiegerigte benadering tot Eybers waaraan uitgebreid aandag gegee sal word in die volgende hoofstukke, is dit belangrik om hier vas te stel watter verskil dit maak indien Eybers nie slegs meer tot die Afrikaanse "nasionale letterkunde" nie, maar ook tot dié van Nederland gereken word.

In die algemeen veronderstel die lidmaatskap van 'n nasionale letterkunde dat 'n skrywer in daardie taal of land se letterkundige tradisie 'n posisie het. In verhouding tot ander skrywers sal haar/sy werk as aansluitend by 'n bepaalde groep of tradisie, vernuwend of normbestendigend ervaar word omdat lesers van so 'n spesifieke letterkunde van uit 'n eiesoortige verwagtingshorison hierdie posisie sal bepaal. Afrikaanse lesers het byvoorbeeld die Sestigers se tekste as radikaal vernuwend in die Afrikaanse letterkunde ervaar, terwyl soortgelyke werk in ongeveer 1962 in die Franse letterkunde as behorend tot 'n reeds-bestaande kode geresipieer sou geword het.

Literêr-tegniese vernuwing is egter nie die enigste maatstaf nie. Pogings om te definieer wat 'n nasionale letterkunde is, betrek ook soms opvattings oor nasionalisme (vergelyk Cronin in Coetzee & Polley 1979) en daarom verwys ek hier kortliks na die komplekse Anglo-Ierse verhouding. Aspekte hiervan kan naamlik lig werp op die posisie van Eybers in sowel die Afrikaanse as die Nederlandse letterkundes.

5.1.1 DIE ANGLO-IERSE SITUASIE

Die nasionalistiese Field Day beweging, gestig in 1980, beskou 'n skeiding tussen kultuur en politiek as onhoudbaar en wys diegene wat glo in die outonome kunswerk af as ondersteuners van die "Arnoldian notion that the work of art that most successfully disengages itself from the particularities of its origin and production is, by virtue of that 'disengagement' most fully and purely itself. It is 'universal', the proper thing for art to be", sê hulle sarkasties (Eagleton e.a. 1990:7). Volgens Field Day is kuns 'n aktiwiteit waarin die hele geskiedenis van 'n kultuur ingeskryf is. (Hierdie opvatting "verklaar" natuurlik die feit dat die Afrikaanse en Nederlandse letterkundes 'n groot gedeelde verlede het, maar dat daar sedert die negentiende eeu baie min raakvlakke is.)

Field Day, wie se aktiwiteite teateropvoerings en die samestelling van die *Field Day Anthology of Irish Writing* (1990) behels, is 'n direkte reaksie op die politieke krisis in Noord-Ierland en op wat as die Britse kolonialisering van nie slegs die land nie, maar ook van Ierse skrywers beskou word. Field Day het daarom - ten spyte van die feit dat daar tradisioneel nie 'n skerp linguistiese afbakening is met hulle Britse koloniseerders nie -

begin om van oorsprong Ierse skrywers (o.a. Yeats, Joyce, Synge, Wilde, George Moore, Beckett) te "repossess". Die Field Day-beweging wil dit nie slegs doen om 'n onafhanklike Ierse letterkunde te vestig nie, maar ook ter wille van 'n nuwe soort resepsie. Hulle meen dat daar 'n verskil sal wees tussen

> an interpretation that was governed by a reading of the conditions in which their work was produced and in the Irish conditions in which it was read. It was inevitable that Yeats and Joyce would initially take most of our attention, since it was they, more than anyone else, who had been (mis)read in the light of what was understood to be English or British literature, international modernism, the plight of humankind in the twentieth century. Our reading of them was designed to restore them to the culture in which they were still alive as presences, to interpret the interpretations that mediated them for us, to repossess their revolutionary and authoritative force for the here and now for the present in Ireland.
>
> (Deane in Eagleton e.a. 1990:11)

Alhoewel Seamus Deane bewus is van die onvermydelike "monotony involved here, inescapable in colonial conditions", is dit vir hom onvermydelik dat gesoek moet word na

> notions of national character, questions of the language appropriate to its proper expression and, by extension, to the stereotyping of groups, classes, races in relation to the kinds of writing (or music, architecture, whatever it may be) that they produce. Still, monotonous as it may be, it is inescapable, otherwise we may never see the colonial forest for the nativist trees.
>
> (In Eagleton e.a. 1990:11)

Die *Field Day Anthology of Irish Writing* omvat 1500 jaar se tekste en word 'n dead van hertoe-elening genoem,

> with a degree of ironic self-consciousness, as an integral and unitary 'tradition' or amalgam of traditions. The point is not to establish a canon as such; it is to engage in the action of establishing a system that has an enabling, a mobilizing energy, the energy of assertion and difference, while remaining aware that all such systems - like anthologies of other national literatures - are fictions that have inscribed within them principles of hierarchy and exclusion, as well as inclusion. (...) It is not merely an exercise in regaining Swift, Berkeley, Goldsmith, Burke, Shaw, Yeats, Joyce, Beckett, and so forth from the neighbouring fiction of English or British literature or literary tradition. It is a recuperation of these writers into the so-called other context, the inside reading of them in relation to other Irish writing, in order to modify and perhaps even distress other 'outside' readings that have been unaware of that context and its force.
>
> (Deane in Eagleton e.a. 1990:15)

Hierdie op die spits gedrewe situasie gee 'n aanduiding van die feit dat skrywers nie noodwendig "natuurlikerwys behoort" tot 'n bepaalde nasionale letterkunde nie, maar dat so 'n posisietoekenning 'n konseptuele ingryp, 'n konstruksie van literêre ondersoekers is wat in sommige gevalle onderhandelbaar en veranderlik kan wees. Dit toon aan dat dit 'n verskil kan maak om 'n skrywer by 'n ander literêre konteks, 'n ander

literatuurgeskiedenis of literêre kode in te lyf. (Sien, net soos in verband met die afbakening van fases in 'n oeuvre in 3.1, Jansen 1979:23-39.)

In teenstelling tot die Ierse situasie waar skrywers bewus ge-"repossess" word, sal niemand sekerlik daarvan droom om 'n toutrekkery om Elisabeth Eybers op gang te bring nie - hoofsaaklik waarskynlik omdat die afsonderlike literêre identiteit van nóg die Nederlandse nóg die Afrikaanse letterkunde betwis word.

W.B. Yeats is 'n bekende voorbeeld van die feit dat die "onafhanklikheid" van die Ierse letterkunde tot onlangs nog betwis is. Hy is volledig geassimileer deur die kanon en die diskoers van die moderne Engelse literatuur. "Both of these institutions of course reckon with him as a great modern Irish poet, deeply affiliated and interacting with his native traditions, the historical and political context of his times, and the extraordinary complex situation of being a poet in Ireland writing in English," gee Said toe (in Eagleton e.a. 1990:69). 'n Nuwe manier om aan Yeats te dink, is volgens Said egter as veral ook 'n belangrike nasionale digter

> who articulates the experiences, the aspirations, and the vision of a people suffering under the dominion of an offshore power. From this perspective Yeats is a poet who belongs to a tradition not usually considered his, that of the colonial world ruled by European imperialism now - that is, during the late nineteenth and early twentieth centuries - bringing to a climactic insurrectionary stage, the massive upheaval of anti-imperialist resistance in the colonies, and of metropolitan anti-imperialist opposition that has been called the age of decolonization.

As sodanig het Yeats volgens Said ook 'n rol in "postindependence" Ierland en sal sy rol in die Ierse nasionale letterkunde anders wees as in die Engelse letterkunde.

Dit is sekerlik vreemd om juis so 'n politieke digter as Yeats te vergelyk met Eybers. Sy posisie tussen die Engelse en Ierse letterkundes toon egter duidelik aan dat een en dieselfde digter verskillend geïnterpreteer kan word vanuit twee nasionale invalshoeke.

5.2 EYBERS SE STANDPUNT OOR 'N NASIONALE LETTERKUNDE

In reaksie op Wellek en Warren (1970:52) se vraag of die "national consciousness of the authors themselves" bepalend is in verband met hulle posisies in bepaalde nasionale letterkundes, kan Eybers se standpunt nagegaan word. Haar kritiese opstelle, versamel in *Voetpad van Verkenning* (1978), gee 'n goeie indruk van haar gedagtes oor nasionale en nasionalistiese letterkunde reeds dekades voordat sy persoonlik sou ontwikkel tot die

enigste gemeenskaplike figuur in die Afrikaanse en Nederlandse letterkundes. Uit haar artikels word relevante passasies aangehaal en haar menings in verband met die verhouding tussen die Afrikaanse en Nederlandse letterkundes word na vore gebring. Ek betrek ook haar tydgenote se opvattings in verband met 'n oorkoepelende "Dietse letterkunde".

Juis omdat Eybers haar kritiese opstelle skryf in 'n tyd waarin mede-skrywers dikwels ernstig besin oor die rol en die doel van die ontwikkelende Afrikaanse letterkunde, is haar reaksies daarop heel nadruklik. Sy is beslis nie neutraal oor die idee van 'n nasionale letterkunde nie - soveel so dat sy dit dikwels op een lyn stel met nasionalistiese letterkunde; iets wat sy sterk afwys. Dit wil voorkom asof Eybers beslis trots was daarop om deel te wees van die jong nuwe Afrikaanse letterkunde (sien Lieske & Otten 1990:16), maar dat sy geen besondere waarde verder daaraan toeken nie. Sy meen dat "die sogenaamde sielkundige verskille tussen volke (...) gewoonlik van 'n baie oppervlakkige aard" is.

> Daarom is godsdiens, wysbegeerte, suiwer wetenskap en kuns, dié stelsels wat hul oorsprong vind in die mens as denkende, voelende, soekende wese en nie as lid van die een of ander gemeenskap nie, by uitstek super-nasionaal. Al is die taal 'n beperkende faktor, lê selfs die letterkunde in sy suiwerste en duursaamste vorms die nadruk op die essensiële en universele in die mens en nie op die tydelike en toevallige nie.
>
> (Eybers 1978:80)

Dit is interessant om op te merk dat Eybers as kritikus "universaliteit" in letterkunde waardeer en dat die Nederlandse kritiek juis ook hierdie aspek in haar werk aanprys, dit karakteriseer as "algemeen-menselijk", as "eerder klassiek dan modern" (vergelyk Dubois 1975:48,51).

In "Individualisme in die Afrikaanse liriek" (*Die Brandwag*, 20.3.1937) skryf Eybers:

> Selfs sogenaamde nasionale poësie berus op intens-persoonlike besieling, anders is dit nie poësie nie. Dit gebeur nie dikwels dat maatskaplike dinge die digter so beetpak soos die persoonlike dinge van liefde of dood nie, maar in tye wanneer dit wel gebeur - in Suid-Afrika het die worstelstryd teen Engeland so 'n tyd geskep - wanneer die lotgevalle van sy nasie hom raak in die teer kern van sy gevoelslewe, sal hy noodwendig nasionale poësie skrywe. Maar tensy dit hom só beetpak, sal hy dit nooit kan omskep in waaragtige kuns nie; en onder die dekmantel van patriotisme is te alle tye ontsaglik baie banale retoriek geskrywe.[2]
>
> (Eybers 1978:15)

Dit is duidelik dat nasionale poësie vir Eybers saamhang met 'n sterk patriotiese gevoel wat volgens haar net in spesiale gevalle "toelaatbaar" is en dan nog slegs "waaragtige kuns" sal word indien 'n baie besondere vorm van transformasie plaasvind. Haar

bespreking van E.C. Pienaar se bundel geleentheidstoesprake, *Werda*, toon aan dat sy die "eskploitasie van die kudde-instink" (Eybers 1978:63) totaal verwerplik vind en sterk teen "nasionalistiese literatuur" gekant is. Dat die werk van die Dertigers "maar 'n lastige probleem vir die patriotiese duimstok" van Pienaar is, vind Eybers kennelik heel vermaaklik. Sy wys daarop dat Pienaar

> 'n belangrike feit uit die oog (verloor), naamlik dat die kunstenaar uit die aard van sy aanleg geen propogandis kan of wil wees nie (behalwe by uitsondering, in tye van buitengewone en meeslepende nasionale of maatskaplike spanning wat geleentheid bied vir skerp-individuele ontroering), dat sy aard (om nou nie so 'n verhewe woord soos 'roeping' te gebruik nie) hom in meer as een opsig afsonder van die maatskappy, hom eenkant laat staan as belangstellende, dog koelbloedige aanskouer. Dit is eenvoudig 'n algemene sielkundige verskynsel waarby veroordeling of goedpraat nouliks ter sake is. Het selfs Goethe, die verpersoonliking van ewewig en normaliteit in die kunswêreld, nie meer as eens gewaggemaak van die feit dat die kunstenaar 'n onverskillige en dikwels onbetroubare burger is nie?
>
> (Eybers 1978:64)

In die lig van Eybers se latere ballingskap, haar eenkantstaan en onverskilligheid oor burgerskap, is hierdie opmerkings heel selfkarakteriserend. Dat Eybers geen vrees het vir blootstelling aan nuwe omstandighede nie, kan afgelei word uit haar opstel "Ismes en Indringers" (Eybers 1978:79; oorspronklik *Die Brandwag*, 1.9.1939):

> Die beskouing dat enige aanraking met 'n denkbeeld wat buitekant ons landsgrense gebore is - veral as dit daarby nog 'modern' is - 'n subtiele bedreiging vir die bestaan van ons nasie inhou, word vandag deur baie persone gehuldig sonder dat hulle skynbaar besef hoeseer hulle daardeur die verstand, selfrespek en onderskeidingsvermoë van hul volk geringskat.
>
> (Eybers 1978:79)

Eybers merk in dieselfde paragraaf op:

> Ons ken almal die Afrikaner wat die 'Indringers sal Vervolg Word'-waarskuwing soos 'n teken aan sy voorhoof dra. As hy hom in 'n geselskap bevind waar iemand 'n verdagte opinie lug, soos byvoorbeeld dat die naturelle in ons land te hoog belas of hul opvoeding skromelik verwaarloos word, dan rek sy oë wyd van ontsteltenis en, sonder om te probeer om deur logiese redenering die teendeel te bewys, prewel hy net die enkele verdoemende woordjie: 'Kafferboetie'.

Opvallend genoeg maak Eybers dikwels melding van Nederlandse betrokkenheid by Afrikaanse publikasies. Wanneer sy Krige se *Afrikaanse Versameling* bespreek (in *Die Brandwag*, 8.10.1937) vind sy dit "belangwekkend" dat die boek "gedruk en uitgegee (is) in Nederland en voorsien van 'n inleiding deur die bekende Nederlandse kritikus, Dirk Coster". Sy noem "dat daar in die laaste jare 'n besliste toenadering plaasgevind het tussen die Afrikaanse en Nederlandse liriek" (Eybers 1978:23). Dit moes sekerlik vir Eybers aangespreek het dat Coster in sy "simpatieke inleiding" wys op nuwe klanke in die Afrikaanse liriek en die verwantskap wat dit toon met die Nederlandse letterkunde, want

sy haal dergelike uitsprake van hom uitgebreid aan (Eybers 1978: 25-26).[3] Sy sluit haar resensie af met hierdie sin: "Vir die ondernemendheid van die uitgewer A.A.M. Stols van Maastricht, wil ons ons hartlike dank toebring" (Eybers 1978:28).

Eybers se bespreking van H.A. Mulder se *Twee wêrelde* (*Die Huisgenoot*, 4.12.1942) is baie positief. Sy waardeer die Nederlander se geesdriftige beskouings oor die Afrikaanse letterkunde en sy "betuigings van persoonlike waardering" vir digters uit die Nederlandse literatuurwêreld. "Dit is te hope dat *Twee Wêrelde* deur baie gelees sal word.(...) Wanneer hierdie werk eendag toegang tot Nederland vind, sal dit ongetwyfeld ook veel daartoe bydra om bekendheid met die Afrikaanse literatuur in die skrywer se moederland te versprei" (Eybers 1978:101).

W.E.G. Louw se studie in Nederlands oor Afrikaanse poësie, *De nieuwere Afrikaanse poëzie*, ag sy "op die huidige tydstip besonder welkom" (Eybers 1978:73). In haar bespreking (in *Die Brandwag*, 1.9.1939) wys sy op die "baie eensydige en gebrekkige kennis van die letterkunde en algemene kultuur van Suid-Afrika in Nederland" wat so 'n publikasie des te meer gewens maak: "Hierdie werkie van W.E.G. Louw is gebore uit die oortuiging dat mooi dinge gelewer is deur die jonger Afrikaanse digters wat hy met vrymoedigheid aan die lesende publiek in Nederland bekend kan stel" (Eybers 1978:73). Sy het egter probleme met Louw se opmerking: "De kloof tussen de dichters en het volk is in die laatste jaren veel groter geworden dan vroeger."

Dat daar so 'n skeiding tussen volk en digters ontstaan het, beskou sy as "waarskynlik waar (...), maar waarom dit hier as 'n ernstige beswaar gestel word, is vir my nie duidelik nie". Eybers se standpunt hieroor verklaar waarom sy geen "losstaan van haar volk"-gevoel ervaar/verwoord wanneer sy in Nederland woon nie. Sy skryf in 1939 reeds:

> Dit is tog 'n onteenseglike feit dat digterlike temas nie voorgeskryf kan word nie en dat ons slegs van 'n digter kan verlang om die voorskrifte van sy inspirasie te volg en volgens innerlike noodsaak te skrywe wat onbevange, eerlik en suiwer (en dus van universele en durende waarde) is. 'n Digter, of die digters van 'n sekere tydvak, mag die roeping of innerlike dwang gevoel om as mondstuk van die volk op te tree; maar hulle is nie om daardie rede groter as die digters wat, vanweë persoonlike aanleg of tydsomstandighede, hulle nie op dieselfde wyse bewus is van 'n innige band met die volk nie. Sodra dit 'n digter verwyt word dat hy nie vir die volk skrywe nie, vind 'n verwarring van waardes en kriteria plaas. Dit is ongetwyfeld waar dat 'n digter soos N.P. van Wyk Louw vir die breë lae van die volk betreklik 'onverstaanbaar' is; maar die liefhebbers van poësie vorm tog in enige gemeenskap 'n klein minderheid, en die literatuurgeskiedenis bewys telkens dat 'populêre' verskuns van korte duur is. Die waaragtige digter verwerf gewoonlik vermaardheid, maar selde populariteit!
>
> (Eybers 1978:76)

Nasionale letterkunde

Wanneer Eybers in *Ons Eie Boek* (Desember 1939) enkele maande later *Berigte te Velde* bespreek, is sy opvallend terughoudend om in te gaan teen "volks"-opmerkings deur Van Wyk Louw, moontlik omdat sy hom as digter veel meer as W.E.G. Louw bewonder. In die eerste paragraaf van haar bespreking haal sy byvoorbeeld heel neutraal Louw se voorwoord aan waarin hy onder meer skryf van sy "oortuiging" dat "'n 'suiwer estetiese' kuns 'n groot, selfs 'n beslissende faktor in die lewe van die volk is - en dat dit nie alleen met die kwaliteit van die lewe binne daardie volk te doen het nie, maar nog dieper, met die bestaansreg van die volk self" (Eybers 1978:82). Sy vind dit belangrik dat Louw hom veral daarop toelê "om 'n ernstige misverstand uit die weg te ruim wat oorsaak is van die nogal algemene opvatting dat, hoe 'suiwerder' die literatuur word, of hoe b:ter dit beantwoord aan universele estetiese eise, des te groter word die kloof tussen volk en literatuur, m.a.w. des te minder 'nasionaal' word die kuns" (Eybers 1978:82).

My indruk is dat sy Louw basies goedkeurend aanhaal wanneer hy skryf: "Die nasionale is nie die eng-plaaslike nie. Die nasionalisme het sy wortels in 'n besondere aarde, maar hy staan òp in die wind wat deur alles waai; hy beweeg selfs met daardie wind saam - net nie los en magteloos soos die waaig as beweeg nie. Nasionale kuns is nie lokale en 'Heimatkunst' nie ... dit is alleen die vol-menslike wat konkreet geword het" (Eybers 1978:82). Wanneer Louw in sy opstel oor Kloos egter skryf dat hy as "opperste individualis" "deur die krag van sy kunstenaarskap die dienaar en die roem van sy volk geword" het, kan Eybers dit nie weerstaan om te laat blyk dat sy min empatie het met die Louw-broers se nadruk op die belang van 'n nasionale letterkunde nie. Sy skryf: "Wat die skrywer (Van Wyk Louw) telkens nasionale letterkunde noem, kon dus net so wel suiwer of ware of universele letterkunde heet." Kannemeyer (1990:168) merk tereg op dat sy Louw se gebruik van die begrip "nasionale letterkunde" "eintlik sinledig" vind. Volgens haar spruit Louw se beskouing voort "uit 'n *a priori*-standpunt waarmee nie alle denkende lesers ten volle akkoord kan gaan nie" en sy meen dat "'n interessante en vrugbare polemiek" gevoer sou kon word na aanleiding van sommige van die bewerings.

> Daar is minstens een uitlating wat, vir my altans, onbegryplik is, naamlik dat die Afrikaanse digter (in teenstelling tot digters in ander lande) elke dag met bitterheid die reg moet verower om in sy eie kultuurgroep ten volle mens te wees.
>
> (Eybers 1978:83)

Uit *Voetpad van verkenning* is dit duidelik dat Eybers haar nie in dieselfde mate verbonde voel met die volk en die geroepenheid as digter ervaar wat volgens die Louws daarby hoort nie. Wat dit betref, is dit tekenend dat sy in korrespondensie met Van Wyk Louw in hierdie jare "by herhaling sê (...) dat sy eintlik in die eerste plek 'n huisvrou is, nie 'n digteres nie" (Kannemeyer 1990:168). Alhoewel Van Wyk Louw groot waardering vir

Eybers se werk het en sy dit erg op prys stel, is dit moontlik dat Eybers haar in die meer filosofies-ingestelde geselskap van Louw beskroomd gevoel het en vroeg reeds besef het dat haar aanleg en belangstelling nie in daardie faset van digterskap geleë is nie. So skryf sy byvoorbeeld in een van haar dertien briewe wat bewaar gebly het in die Van Wyk Louw-versameling op Stellenbosch (dié van 28 Oktober 1940): "Dit is glo maar die noodlot van 'n vrou se aanleg dat sy in alle dinge van die gees 'n dilettant moet bly" (aangehaal deur Kannemeyer 1990:168)!

Eybers bly ná haar vertrek uit Suid-Afrika getrou aan die standpunte wat sy reeds in die dertiger- en veertigerjare gehuldig het oor nasionalisme. Nooit skryf sy 'n gedig wat patrioties of nasionaal genoem kan word nie: nie oor Suid-Afrika of Nederland nie. Haar verlange na Suid-Afrika word nóóit oor die boeg gegooi van verlange om deel van haar "volk" te wees nie. Oor haar "inlywing" deur die Nederlandse letterkundige wêreld voel sy steeds verras en vereerd. Sy beskou dit egter nooit as vanselfsprekend nie en voel haar ook nooit daardeur bedreig nie. In haar Dankwoord tydens die P.C. Hooftprys-uitreiking sê Eybers:

> Vandat ek my tuisgemaak het in Nederland besef ek dat dit 'n dubbele voorreg is om twee vaderlande te hê, al is dit maar dat dit jou in die geleentheid stel om hulle in gedagte teen mekaar uit te speel - én met mekaar te versoen.
> (in Dubois e.a. 1991:21-22)

Nie alleen het sy twee vaderlande nie, maar sy het - onder meer danksy haar afkeer van nasionalisme - die unieke posisie om "burger" van albei daardie lande se nasionale letterkundes te wees.

5.3 EYBERS SE "DUBBELE NASIONALITEIT" IN TWEE LETTERKUNDES

Binne die Afrikaanse letterkunde is die rol van Eybers baie besonder: baanbrekend, onder meer omdat sy die eerste *digteres* van die hele letterkunde is en "vroulike" emosies op 'n poëtiese wyse verwoord het wat nooit voorheen in Afrikaans gehoor is nie. Binne die Nederlandse letterkunde was die "vroulike stem" nie meer iets nuuts in die jare vanaf Eybers se debuut in 1936 tot en met die beëindiging van haar "alleenheerskappy" as digteres in ongeveer 1945 toe Olga Kirsch en Ina Rousseau as die eerste volgende digteresse toetree tot die Afrikaanse letterkunde nie. Alhoewel Eybers in 1961 toe sy na Nederland verhuis het reeds in die Afrikaanse letterkunde om veel meer as haar spesifiek vroulike stem gewaardeer is, is sy aanvanklik in Nederland tog in hoofsaak weer vergelyk met vroulike digters, veral Vasalis en Ida Gerhardt.

Eybers is dus in albei letterkundes in eerste instansie op grond van haar vroulike stem gewaardeer. Hoe sterker haar werk egter beïnvloed is deur die digterskapstema en veral deur die tussenposisie met die gepaardgaande verwoording van vervreemding, verlange, ballingskap en buitestaanderskap, des te minder word klem gelê op haar "vroulike" bydrae tot albei letterkundes en word sy om "neutraler" redes aangeprys. Kees Fens (1991) stel dit selfs só:

> Zij bleef haar persoonlijke geschiedenis verwoorden, maar zij kreeg voor die geschiedenis gelijk van de hele haar omringende wereld en tijd, misschien enigszins op de spits gezegd: zij komt in een wereld terecht die zich mannelijk gedraagt. De gelegenheid maakte haar tot een groter dichter.

Is daar verskille in die kwalitatiewe waardering vir Eybers in die Afrikaanse en Nederlandse letterkundes? Op grond van die resepsie van *Versamelde gedigte* (1990; sien Hoofstukke 2 en 10) is dit in Suid-Afrika 'n bevestigende soort waardering, terwyl dit is asof Eybers se taal-andersheid (dít wat Dubois 1975:52 beskryf as "een vleug exotisme") sorg vir 'n voortgesette ervaring van haar werk as vernuwend in die Nederlandse letterkunde:

> Dertig jaar is in dit land een dichter bezig haar vreemdelingschap te bevestigen en te ontkennen (...) in poëzie in een taal die de onze niet is. Dat proces van vreemdheid die eigenheid is geworden zonder zichzelf te verloochenen, is uniek. En het zal niet veel eerder voorgekomen zijn dat wij ons land en onszelf zo voortdurend beschreven hebben gekregen en herkend hebben in wat voor ons een spiegelschrift is. Nederland heeft er een gestalte bij en zijn poëzie werd verruimd. (Fens 1991)

Elisabeth Eybers se poësie hoort vanaf haar debuut by die Afrikaanse letterkunde, maar sedert 1957 en veral ná 1962 word sy in 'n toenemende mate ook as deel van die Nederlandse letterkunde beskou. 'n Mens sou kon spekuleer dat die "universaliteit" van Eybers inmiddels selfs beter inpas by die Nederlandse wêreld as dié van Suid-Afrika met sy sterk literêr-sosiale verwagtings. Immers, wanneer Eybers vergelyk word met digters soos Wilma Stockenström en Antjie Krog (om my te bepaal by die belangrikste ander Afrikaanse digters - toevallig ook vroue - wat tans publiseer) is dit opvallend dat hulle in die tagtigerjare begin om die Suid-Afrikaanse werklikheid te transponeer in hulle poësie, ooreenkomstig die maatskappy-kritiese "behoeftes" wat in Suid-Afrika en in die Afrikaanse letterkunde ervaar word. Afrikaanse skrywers wat tydens die tagtigerjare in Suid-Afrika geen bewussyn getoon het van die sosiale werklikheid waarbinne hulle werk nie, is selfs soms op grond daarvan aangeval (vergelyk resensies van Joan Hambidge se werk).

Ten spyte daarvan dat Eybers slegs enkele Suid-Afrika-betrokke gedigte skryf (vergelyk "Regspraak", VG-138) beskuldig geen Suid-Afrikaanse resensent haar egter van 'n gebrek

aan betrokkenheid nie. Omdat sy nie in Suid-Afrika woon en werk nie, word 'n interaksie nie van haar verwag nie. Eybers val in 'n sekere sin buite die verwagtingsveld, ontwikkelingslyn of eise van die algemene Afrikaanse nasionale letterkunde. Vernuwing word binne haar eie oeuvre gesoek, maar nie spesifiek binne byvoorbeeld die "Jan Tagtig"-periode nie en dit wil voorkom asof die Afrikaanse letterkunde ander eise stel aan Eybers as aan ander Afrikaanse digters. Dit het tot gevolg dat sy haar hooggeskatte posisie in die Afrikaanse letterkunde behou.

Hiermee wil ek egter nie beweer dat Eybers in Suid-Afrika gekanoniseer is tot 'n kragtelose en ondinamiese posisie nie. 'n Nuwe Eybers-bundel word steeds met groot entoesiasme en inset geresenseer, maar - soos wat ek in Hoofstukke 8, 9 en 10 sal aantoon - met meer hooggespanne verwagtings in Nederland as in Suid-Afrika. In Nederland word Eybers aktief onderwerp aan 'n invoeging by die letterkundige diskoers in verhouding tot ander Nederlandse digters. 'n Rede hiervoor kan wees dat Eybers weens die feit dat sy in Nederland woon, as 'n herkenbare teenwoordigheid in en aktuele bekommentarieerder van die samelewing daar ervaar word, terwyl sy so 'n rol - wat haar verwysingswêreld en beeldmateriaal betref - steeds minder ten opsigte van Afrikaanse lesers kan vervul. In die lig van die algemene Nederlandse tendens tydens die tagtigerjare om Suid-Afrika op kulturele gebied te boikot, is dit selfs merkwaardig dat Eybers se oorwegend a-politieke poësie in Nederland "bo verdenking" is. Vergelyk Maaike Meijer (1988:244).

Elisabeth Eybers se poësie laat die Afrikaanse en Nederlandse letterkundes op 'n unieke wyse oorvleuel, maar tegelykertyd toon die twee invalshoeke waaruit haar werk benader word dat elkeen van die twee nasionale letterkundes met verskillende vrae en verwagtings na Eybers kom en dus ook verskillende antwoorde daaruit kry. In Hoofstukke 8, 9 en 10 word dit baie duidelik. Opsommend sou ek wil beweer dat Elisabeth Eybers se oeuvre tuishoort in sowel die Afrikaanse as die Nederlandse letterkundes en dat hierdie dubbele posisie uniek is. Veral in die eerste fase van haar oeuvre speel sy 'n uitsonderlike en groot rol in die Afrikaanse letterkunde, terwyl sy vir die Nederlandse nasionale letterkunde veral van groot belang word in die tweede fase.

VERWYSINGS BY HOOFSTUK 5

1. Vir haar geld sekerlik ook wat Anbeek (1990:17) beweer in verband met Vlaamse skrywers wat in die Nederlandse literêre lewe wel volgens hom 'n plek het: "Claus en Boon zijn bij ons bekend geworden toen hun werk door De Bezige Bij en De Arbeiderspers werd uitgegeven. Met andere woorden: een Vlaming telt pas mee als een Amsterdamse uitgever zich voor hem gaat interesseren."

2. "Maatskaplike dinge" sou Eybers selde so "beetpak" dat sy eerder daaroor as oor "die persoonlike dinge van liefde of dood" sou dig. Die intensiteit van 'n gedig soos "Regspraak by die dood van Steve Biko" (VG-438) kry teen die agtergrond van hierdie vasstelling 'n uitsonderlike en besondere lading. Eybers se voorkeur vir bonasionale temas verklaar onder meer waarom sý, eerder as Van Wyk Louw of Opperman, 'n posisie in die Nederlandse letterkunde kon verower.

3. Eybers se besluit om in Afrikaans te dig is onder meer geïnspireer deur 'n Coster-bloemlesing van Nederlandse gedigte wat sy op skool gelees het. Sien Schouten 1985.

II

DIE AFRIKAANSE TAAL EN LETTERKUNDE IN NEDERLAND (CA. 1960)

HOOFSTUK 6

HOE BEKEND IS DIE AFRIKAANSE LETTERKUNDE IN NEDERLAND (CA. 1930 - 1960) ?

In vorige hoofstukke is aangetoon dat Elisabeth Eybers as enigste moderne Afrikaanse skrywer 'n erkende posisie in sowel die Afrikaanse as die Nederlandse letterkundes het. In Hoofstuk 6 word 'n uiteensetting gegee van die maniere waarop die Afrikaanse letterkunde in Nederland bevorder is vóór Eybers se verhuising na Amsterdam. Hoe die belangstelling vir Eybers se poësie vergelyk met die algemene Nederlandse aandag in daardie tyd vir die Afrikaanse poësie, word onder meer vasgestel deur 'n weergawe van die Nederlandse resepsie van die Eybers-, Van Wyk Louw- en Opperman-bloemlesings wat in onderskeidelik 1957 en 1960 deur Van Oorschot in Amsterdam gepubliseer is. Sien veral Bibliografie II, III/E en F.

6.1 INLEIDING

Die selfstandigheid byna aristokratiese selfvertroue van veral die Louw-broers het daartoe gelei dat die Afrikaanse letterkunde vanaf die dertigerjare deur die skrywers daarvan nie meer as ondergeskik aan die Nederlandse letterkunde beskou word nie, maar as 'n onafhanklike afsplitsing daarvan. Met geen beperkende aspekte soos die strydfaktor Afrikaans *versus* Nederlands wat enkele jare voorheen nog aanwesig was nie, is die Afrikaanse skrywers - onder wie die jong debuterende Eybers - se belangstelling in die Nederlandse letterkunde ook spontaan en vrywillig. Die gevolg hiervan is dat Afrikaanse skrywers self met trots hulle nuwe letterkunde in Nederland bekend wil stel.

W.E.G. Louw skryf in *De nieuwere Afrikaanse poëzie* (1939:63) dat sy boekie met opset 'n pleidooi is vir die "eigen Afrikaanse parochie":

> Men moet eindelijk begrijpen dat Nederland niet langer afzijdig mag durven staan tegenover wat in Zuid-Afrika geschreven wordt. (...) Wij geloven dat wij een roeping en een plicht hebben tegenover de Groot-Nederlandse cultuur en wij weten dat wij een eigen bijdrage daartoe kunnen leveren.

Hy het reeds in die inleiding (1939:8) geskryf:

(p. 84 omitted in pagination.)

> De Afrikaanse poëzie is niet anders te begrijpen dan in verband met de Afrikaanse Beweging in ruimste zin: n.l. de groei en bewustwording van de Afrikaanse cultuur, zowel zijn differentiatie van de oorspronklijk Nederlandse, als het voortduren van een onoverbrugbare kloof tussen de Afrikaanse en Engelse culturen in Zuid-Afrika. Daarom wil de Afrikaanse literatuur geen koloniale literatuur zijn, òf in de Nederlandse òf in de Engelse peripherie; maar droeg, wat daarin mooi is, van het begin af een eigen karakter.[1]

Die selfstandigheid waarmee die Dertigers die Afrikaanse letterkunde bejeën, het 'n belangrike invloed op die bekendstelling daarvan in Nederland en berei in 'n mate reeds die gunstige resepsie van Eybers voor. Kennis van die Afrikaanse letterkunde is op veral drie maniere in Nederland versprei: Afrikaanse literatore het vir die Nederlandse publiek verslag gedoen van die ontwikkelinge in hulle jong letterkunde; Nederlandse literatore het dit aan die orde gestel deur Afrikaanse boeke in hulle literêre tydskrifte te resenseer; interkulturele kontakte het wedersydse kennis bevorder.

6.2 'N OORSIG VAN AFRIKAANSE SKRYWERS SE BEKENDSTELLING VAN HULLE LETTERKUNDE IN NEDERLAND

Uys Krige, wat kontakte met sowel die noordelike as die suidelike Afrikaanse skrywers gehad het, publiseer 'n bloemlesing uit die nuwe poësie as *Afrikaanse versameling* (1937) en verkry daarvoor die medewerking van die prominente Nederlandse kritikus Dirk Coster, wat 'n inleiding tot die bundel skryf. Hierdie bundel word gevolg deur 'n publikasie wat spesiaal bestem was vir die Nederlandse mark. W.E.G. Louw stel naamlik tydens sy studentetyd in Amsterdam die jongste Afrikaanse digkuns bekend in die reeds genoemde *De nieuwere Afrikaanse poëzie* (1939)[2] Dit bevat 'n inleiding van N.A. Donkersloot met hierdie openingsin:

> Van de Afrikaanse poëzie heeft men hier te lande, tot in geïnteresseerde en sympathiseerende kringen zelfs, maar zeer onvolledige en gebrekkige kennis, evenals dat trouwens met de letterkunde en de cultuur in haar geheel van Zuid-Afrika het geval is.

Ná sy terugkeer uit Nederland stel Louw in samewerking met D.B. Bosman, Van Wyk Louw en Jan Greshoff die bloemlesing *Tussen die engtes* (1940) saam ten einde Nederlandse skrywers tydens die besetting te help.

Die potensiële invloed van hierdie publikasies op die Nederlandse leserspubliek word nadelig beïnvloed deur die ingrypende invloed van die besetting van Nederland tydens die Tweede Wêreldoorlog. Voor die oorlog was daar nog 'n byna outomatiese kennisname

van Afrikaanse literatuur, maar tydens die jare 1939 tot 1945 is hiervan bykans geen sprake nie. Die ontwikkeling van die Dertigers is dus nie goed gevolg nie.

In 1948 verskyn F.E.J. Malherbe se *Wending en inkeer: 'n beskouing oor die nuwere Afrikaanse letterkunde* (Kaapstad). Die boek word vir die Nederlandse mark mede-uitgegee deur J.H. de Bussy te Amsterdam. Dit bevat 'n bespreking van onder meer Eybers se bundels tot en met *Die ander dors* (1947). C.A. Zaalberg se resensie daarvan in *Het Boek van Nu* (1950) gee 'n indruk van Nederlanders se onbekendheid met die Afrikaanse literatuur in daardie jare en die geringe mate waarin die Krige-versameling, Louw se bekendstelling van *De nieuwere Afrikaanse poëzie* en *Tussen die engtes* daarin geslaag het om hierin verandering te bring.

> Sinds C.G.N. de Vooys en Albert Verwey in 1913 de dichters van de 'Tweede Taalbeweging', met name C. Louis Leipoldt, in ons land introduceerden, staat het hemelsblauwe bandje van *Oom Gert Vertel en Ander gedigte* op menige boekenplank, waar het Afrikaans verder ontbreekt. De overige Afrikaanse boekenproductie is hier lang onbekend gebleven: de bloemlezingen voor het M.O. (Middelbare Onderwijs - E.J.) putten veelal slechts uit in Amsterdam verschenen dichtbundels, als ze de traditionele verzen van Leipoldt, Celliers en Totius aanvulden. Nog in 1938, in de N.R.C., toonde S. Vestdijk dat hij van de Afrikaanse literatuur alleen grappige rijmpjes à la Melt Brink kende.

Uit Zaalberg se situasieskets blyk iets belangriks: slegs wanneer Afrikaanse bundels in Nederland verskyn, is daar 'n moontlikheid dat gedigte daaruit in Nederlandse bloemlesings opgeneem word en bekendheid verwerf.

Oor N.P. van Wyk Louw se verblyf in Amsterdam (1950-1957) word geskryf in 6.5.2.

F.E.J. Malherbe bring in Januarie 1958 'n besoek aan Nederland met die uitsluitlike doel om "een waarlijke bevordering van de bekendheid en de spreiding van het Zuidafrikaanse boek in Nederland" te bewerkstellig. Besprekings vind plaas met die direksie van die Boekhandel W.P. van Stockum & Zn te Den Haag met die doel dat hierdie boekhandel 'n "depot" van Suid-Afrikaanse boeke moes opbou en propaganda versorg. Volgens 'n V.P.R.O.-radiopraatjie wat Malherbe gelewer het, was sy indruk dat

> Nederlanders nog uitstekend Afrikaans verstaan (...) Dus: hier is begrip en waardering, alleen word hier haas geen Afrikaanse boek gelees nie.

Hy beveel veral die jonger skrywers by die Nederlandse publiek aan. Volgens hom dig Eybers "so elementêr uit haar vrouewese (...) en (verwoord sy) die nooit gestilde verlange van die vrou (...) sodat haar poësie ook in Nederland onmiddellik ingeslaan het" (sien *Zuid-Afrika*, februari 1958:44-46). In 1968 gee Malherbe *Zuidafrikaanse letterkunde. Bloemlezing met toelichting en woordverklaring* uit.[3]

Bekendheid van Afrikaanse letterkunde in Nederland

Die idee vir 'n prosa-bloemlesing het voor die oorlog reeds ontstaan, maar dit word jare later eers uitgevoer. M.A. Bax-Botha en D. Bax is die samestellers en *Afrikaans Verhalend Proza* (1953) word uitgegee in die "Bibliotheek der Nederlandse Letteren"-reeks. Die redaksieleede hiervan is onder andere N.A. Donkersloot, M. Nijhoff, J.M. Romein en Herman Teirlinck. Die inleier noem dit "een goede gedachte in die reeks ook het Afrikaanse verhalende proza te vertegenwoordigen".

Abel J. Coetzee skryf 'n "onoordeelkundige en skewe geskiedenis" (Kannemeyer 1978:286) van *De hedendaagse Afrikaanse letterkunde* (1963) vir gebruik in België en Nederland, maar dit dring nouliks deur tot die Nederlandse publiek omdat Afrikaans nie op skole gedoseer word nie en die universiteite wat Afrikaans as byvak aanbied (die Rijksuniversiteit van Leiden en die Gemeentelijke Universiteit van Amsterdam) slegs 'n handjievol studente het. Dit feit dat skoliere vanaf die sestigerjare baie min Afrikaanse gedigte in hulle boeke ... ga aantref, het tot gevolg dat die potensiële leserspubliek vir Afrikaanse letterkunde waarskynlik nóg kleiner word as wat andersins die geval kon gewees het. Oor die ommekeer wat in belangstelling vir die Afrikaanse letterkunde op skoolvlak, en dus ook ruimer, plaasgevind het, skryf Meijer (1988:209-210):

> De Zuidafrikaans-Nederlandse letterkunde is in Nederlandse literatuurgeschiedenissen en schoolboeken altijd behandeld als een verwante literatuur. Tot het einde van de jaren zestig was het gebruikelijk dat Nederlandse schoolboeken overzichten en bloemlezingen van wit-Zuidafrikaanse literatuur opnamen (De Vooys/Stuiveling, 30e (!) druk 1966: 257-277; Lodewick 1961: 423-424; De Raaf/Griss 1960: 657-705). (...) De laatste vijftien, twintig jaar zijn de secties 'Overzicht van de Zuidafrikaanse letterkunde' en de bloemlezingen uit de Zuidafrikaanse literatuur stilzwijgend verdwenen. In geen enkele nieuwe druk van een schoolboek heb ik een verantwoording daarvan kunnen vinden. Een gemiste kans, want juist een dergelijke verantwoording betekent dat de schrijver/schrijfster positie kiest en de verantwoording neemt voor de eerdere keuze van deze teksten. Zo'n positie-bepaling is even relevant als ten tijde van nazi-Duitsland.

Veranderende politieke sienings het dus daartoe gelei dat van die Afrikaanse letterkunde in die algemeen nouliks meer kennis geneem is teen die tyd dat Eybers se eerste ten volle "Nederlandse" bundel, *Onderdak* (1968), verskyn het. Die meer algemene belangstelling in Afrikaanse skrywers wat veral in die sewentigerjare weer ontstaan, is eerder polities- as literêr-geïnspireer en het tot gevolg dat Breyten Breytenbach[4] en André P. Brink die enigste Afrikaanse skrywers behalwe Elisabeth Eybers is wat tot in die laat-tagtigerjare enige bekendheid in Nederland geniet.[5] Vanaf 1990 begin prosatekste - van Etienne van Heerden, Emma Huismans, Koos Prinsloo en John Miles - wel in vertalings verskyn. Van die invoeging van hierdie skrywers by die Nederlandse letterkunde is geen sprake nie. Hulle werk word eerder vergelyk met dié van Suid-Amerikaanse skrywers as met die Nederlandse prosa.

6.3 NEDERLANDSE LITERATORE BEVORDER DIE AFRIKAANSE LETTERKUNDE (CA. 1930 - 1960)

'n Aantal Nederlanders speel 'n belangrike rol om die Afrikaanse letterkunde aan hulle landgenote bekend te stel. Interessant genoeg is hulle propagering van Afrikaans dikwels 'n soort teenprestasie vir die bewondering wat Afrikaanse skrywers in eerste instansie vir hulle werk gehad het.

Dirk Coster se bloemlesing *De Nederlandsche Poëzie in Honderd Verzen* (1927, *et seq.*) en veral sy *Nieuwe Geluiden* is "die allerbelangrikste bron vir die vernuwing van Dertig" (Opperman 1962:39):

> Met groot vreugde herken en ontdek die Dertigers hulle eie wêreld hierin: die grootstad met die bekoorlike 'bose' en gewaagde; die mens in sy eensaamheid, bitterheid en opstand (...) En die Afrikaner het hom ook aangetrokke gevoel tot Coster se lewenswyse uitweidings oor die skoonheid, sy begeesterde en nadruklike uitsprake. (...) 'Dirk Coster, dien wij in Zuid-Afrika kennen en bewonderen om zijn inzicht en synthetisch oordeel, die ons vaak meer te zeggen heeft gehad dan welke Nederlandse criticus ook van deze tijd ...' bely W.E.G. Louw 'n paar jaar later.

Die Dertigers vind in sy "Inleiding" 'n skat van uitsprake en segswyses wat as prikkels vir hulle dien: "het tweegesprek van zijn ziel met God", "vorm-bezinning". Sien verder Opperman 1962:39. Dat Coster self toe die inleiding vir Krige se bloemlesing (1937) van Afrikaanse poësie bestem vir die Nederlandse mark geskryf het, was vir die Dertigers 'n groot eer. Dit is wyd gelees.

Anthonie Donker se kritiese werk is ook graag gelees en bestudeer, bv. *De Episode van de Vernieuwing onzer Poëzie (1810-1894)* (Utrecht, 1929). Professor Donkersloot was een van die Nederlandse literatore wat in die veertigerjare uitgenooi is om Suid-Afrika te besoek en sy boek hieroor, *De bliksem speelt om de doringboom* (1949), is nog steeds te vinde in die afdeling reisboeke op Amsterdamse biblioteekrakke.

'n Paar Nederlandse uitgewers wat na Suid-Afrika geëmigreer het, het verder 'n groot rol gespeel om kontakte wedersyds te bewerkstellig. Gerrit Bakker is veral met betrekking tot Eybers belangrik. Oor hom skryf Opperman (1962:39):

> In 1928 kom Bakker van die boekhandel Hijman, Stenfert Kroese en Van der Zande te Arnhem na die Hollandsch-Afrikaansche Uitgevers Maatschappij in Kaapstad (...). Voel-voel het hy uit Arnhem die moderne digters begin invoer: eers die *Palladium*-reeks met Marsman, Werumeus Buning, Slauerhoff, Van de Woestijne ... Toe bloemlesings en A.A.M. Stols se uitgawes: A. Roland Holst, Bloem, Donker, maar gou ook Gossaert, Van Eyck, Boutens, Leopold, Nijhoff; die reeks *Standpunten en Getuigenissen*. (...) In 1943 rig Bakker 'n eie saak op aan die

> Rand en gee, onder meer, van W.E.G. Louw en Elisabeth Eybers se werk uit - later in samewerking met Stols.

Behalwe Bakker se uitgewery Constantia in Lovedaystraat, Johannesburg is die uitgewer A.A. Balkema (Kaapstad en Amsterdam) vanaf die veertigerjare ook 'n belangrike bemiddelaar om kontakte tussen Afrikaanse skrywers en Nederland te bewerkstellig en om hulle vertroud te maak met die Nederlandse wêreld.

Die skakelrol wat Jan Greshoff (1888-1971) gespeel het tussen Nederland en Suid-Afrika kan nie genoeg beklemtoon word nie. Hieroor word o.m. geskryf deur Willem Bant in 'n Amsterdamse doktoraal-skripsie, *Jan Greshoff en het Zuid-Afrikaanse tijdschrift 'Standpunte'* (1987). Greshoff en sy vrou Aty het vir die eerste keer in 1939 in Kaapstad aangekom en alhoewel hy 'n invloedryke figuur in Nederland was (veral weens sy redakteurskap van *Groot Nederland*), het hy aanvanklik min van die Afrikaanse letterkunde geweet (Bant 1987:35). Hy raak egter gou bevriend met die belangrikste skrywers. Hy skryf selfs (saam met F.J. le Roux) 'n reeks skerp kritiese opstelle en parodieë onder die skuilnaam Kees Konyn. Verder lewer hy sporadies algemene artikels oor die literatuur en die literêre lewe in Suid-Afrika (bv. 'n oorsig oor die poësie 1930-1955 in *Die Huisgenoot*, 10.5.46).

Veral op 'n persoonlike vlak het Greshoff baie gedoen om literêre kontakte tussen Nederlanders en Afrikaanse skrywers selfs tydens die oorlogsjare en onmiddellik daarna op 'n invloedryke vlak te bewerkstellig. Gedigte van Eybers het byvoorbeeld in die Antilliaanse tydskrif *De Stoep* verskyn danksy Greshoff se bemiddeling. Greshoff het na die oorlog ook bemiddel om gedigte van Afrikaanse digters, o.a. Eybers, opgeneem te kry in die invloedryke Nederlandse tydskrif *De Gids*.[5]

Greshoff se grootste bydraes tot die skep en instandhouding van 'n band tussen Suid-Afrika en Nederland is die volgende:

> 1. Hy was mede-oprigter van die Afrikaanse "Schrijvers Steunfonds" wat lei tot die publikasie *Tussen die Engtes, 'n Afrikaanse Versameling ten Behoewe van Nederlandse Skrywers*. Met geld uit hierdie fonds is A. Roland Holst (Augustus 1946 tot Maart 1947), J.C. Bloem (die eerste helfte van 1948) en Karel Jonckheere (drie maande in 1948) op besoek na Suid-Afrika gebring. Anthonie Donker het Suid-Afrika ook besoek danksy Greshoff se bemiddeling. Greshoff was die vanselfsprekende kontakpersoon tussen die besoekers en Afrikaanse literatore.

2. Die letterkundige tydskrif *Standpunte* het mede danksy Greshoff se inisiatief en deursettingsvermoë in 1945 tot stand gekom en die eerste moeilike jare oorleef. Tydens die oorlog wou die meeste Nederlandse skrywers nie lid wees van die Kultuurkamer wat deur die Duitse besetters as voorwaarde vir publikasie gestel is nie sodat die literêre lewe daar grootliks tot stilstand gekom het. In die eerste na-oorlogse jare was die peil van Nederlandse literêre tydskrifte nie besonder hoog nie en Nederlandse skrywers het daarom danksy Greshoff se bemiddeling graag in *Standpunte* gepubliseer. Gerrit Achterberg, J.C. Bloem, J.W.F. Werumeus Buning, Maurice Roelants, Hendrik de Vries, P.N. van Eyck, Simon Vestdijk, Gaston Burssens, W.A.P. Smit, Luc. Tournier, Rob. Antonissen, Jan van Nijlen, Marnix Gijsen, Pierre H. Dubois en verder nog Slauerhoff ('n nagelate gedig), F.C. Terborgh, Ries, Van Eckeren, Binnendijk, Van Leeuwen, F.W. Toussaint van Boelaere en die uitgewer A.A.M. Stols het bydraes gelewer.

3. Die latere vaste redaksionele medewerkerskap aan *Standpunte* van Karel Jonckheere, Rob. Antonissen en Pierre H. Dubois is hoofsaaklik die resultaat van Greshoff se invloed.

Veral deur sy toedoen is "te onzent (in Nederland - EJ) wel doorgedrongen dat men de poëzie, die daarginds bloeit, niet uit de hoogte kan behandelen" (Zaalberg 1950). Ná die vyftigerjare was Greshoff se rol egter langsamerhand uitgespeel. Van sy belangrikste vriende in Nederland is dood (Du Perron en Ter Braak), terwyl ander (soos Bloem en Holst) nie meer 'n aktiewe rol in die redaksies van literêre tydskrifte het nie. Greshoff het geen nuwe kontak met die sogenaamde "eksperimentele" digters nie. Sien verder Bant 1987.

Die belangrikste "begeleidende" kritikus van die Dertigers en die persoon wat die ontvanklikste vir hulle strewe en rigting gestaan het, was die Nederlander H.A. Mulder (1906-1949). Betreffende Nederlands-Afrikaanse verhoudinge is dit belangrik om kennis te neem van "Hoogtepunte in die Afrikaanse liriek" in sy boek *Twee wêrelde* (Pretoria, 1942). Hy het in Pretoria en later in Grahamstad gedoseer en saam met Van Wyk Louw en W.E.G. Louw in 1945 *Standpunte* opgerig. Onder die naam W. Hessels het hy Nederlandse gedigte gepubliseer. Kannemeyer (1978:286-287) skryf:

> In sy opstelle toon Mulder 'n groot begrip en juiste insig in die poësie van die Dertigers en kom hy oor die algemeen tot 'n korrekte oordeel oor hulle werk. Deur sy groot belesenheid in die moderne Nederlandse literatuur kon hy die Afrikaanse produkte in 'n Europese perspektief stel en 'n nuwe kyk op die letterkunde van sy tydgenote gee. (...) Deur middel van opstelle, bloemlesings en uitgawes kon hy verder die Afrikaanse leser inlei in die werk van bepaalde Nederlandse skrywers.

In Eybers se literêre vorming het hy ook 'n groot rol gespeel. In onderhoude verwys sy gereeld hierna en D.J. Opperman maak in *Digters van Dertig* telkens gebruik van die korrespondensie tussen Eybers en Mulder (1939-1947) om aspekte van haar ontwikkeling te verhelder. Dit is nie heeltemal duidelik in watter mate Mulder se werk weerklank in Nederland gevind het en bygedra het tot 'n groter kennis van Afrikaanse skrywers se werk daar nie. 'n Mens kan egter aanneem dat daar wel invloed sou gewees het.

Die Vlaming Rob. Antonissen (1919-1972) is naas Greshoff en Mulder 'n ander Europeaan wat 'n uiters belangrike invloed op die Afrikaanse literêre lewe gehad het. Hy het sy kennis daarvan ook in die Nederlandstalige wêreld versprei. Danksy die bemiddeling van W.E.G. Louw kom Antonissen na Suid-Afrika en is hy vanaf 1950 dosent en later hoogleraar in Grahamstad. Hy word deur Kannemeyer (1978:288) "die belangrikste sintetiese kritikus en literêre geskiedskrywer van die Afrikaanse letterkunde" genoem. By herhaling stel hy deeglike bloemlesings uit die Nederlandse poësie saam, maar publiseer ook reeds in België twee bekendstellings van die Afrikaanse poësie. *Zuidafrikaansche Poëzie* verskyn in 1944. Hierin neem hy dertien gedigte van Eybers op en skryf:

> Niet altijd is haar poëzie even zuiver en helder, maar zeker heeft zij met vele parels de Afrikaansche kunst verrijkt. Want de vrouwelijke psyche aanvaardt begrijpend de levensrealiteit en dringt naar liefde-in-gemeenschap.

In sy tweeledige *Schets van den ontwikkelingsgang der Zuid-Afrikaansche letterkunde* (1946) word ses gedigte van Eybers opgeneem en word sy veral hoog geskat as sonnet-digter. Nederlandse resensente het dikwels van Antonissen se werk gebruik gemaak en hy speel 'n belangrike rol kort na die Tweede Wêreldoorlog om belangstelling vir die Afrikaanse letterkunde te wek. Bittremieux (1957) noem dit 'n "in zijn als informatiebron onmisbare en ook door de bloemlezing zeer boeiende *Schets*". Uit die Bittremieux-artikel en ander resensies (bv. Dubois 1957) blyk dit dat Antonissen se groepering van Eybers (saam met Du Plessis, Krige en die Louws) onder die opskrif "Volwassen Dichterschap" daartoe bydra om haar belang te onderskryf in die oë van Nederlanders. Die *Schets* word later volledig herskryf en uitgebrei tot *Die Afrikaanse letterkunde van aanvang tot hede* (1955; derde uitgawe 1965) wat bestem was vir die Suid-Afrikaanse mark.

Die feit dat juis vooraanstaande Nederlandse letterkundiges soos Greshoff, Mulder en Antonissen hulle so verdiep het in die werk van jong Afrikaanse skrywers, was 'n belangrike stimulans vir hulle.

Terwyl sy nog in Nederland gewoon het, het die kritikus M. Van der Bom-Lultingh baie resensies oor Afrikaanse tekste geskryf in *Critisch Bulletin*, onder andere oor "Twee

bloemlezingen uit Zuid-Afrika": die veertiende druk van E.C. Pienaar se "bekende verzameling" *Digters uit Suid-Afrika* (Kaapstad/Pretoria, 1947) en die negende vermeerderde druk van "het door Tj. Buning verzorgde werkje," *Uit ons Digkuns* (Pretoria, 1947). Dit wil voorkom dat hierdie versamelings se vroeër drukke bekend veronderstel word by die deursnee-leser van *Critisch Bulletin* (Van der Bom-Luitingh 1948:393). Sy vergelyk die moderne Afrikaanse poësie met die werk van Nederlandse digters na Tagtig en meen: "In de laatste dertien jaren ontwikkelde de Afrikaanse poëzie zich van volkskunst tot cultuurkunst". Sy vind dit 'n tekortkoming dat die werk van die Dertigers nie deur Pienaar opgeneem word nie. Nóg hy nóg Buning gaan in die eerste plek uit van 'n estetiese maatstaf.

> Al te veel treft nog in Afrikaanse bloemlezingen en literatuurgeschiedenissen deze zucht om alles wat in het Afrikaans geschreven werd een opname waardig te keuren en de neiging tot een te gunstige beoordeling van werk, dat vaak ver beneden de middelmaat blijft - iets dat wel te begrijpen is in een jonge letterkunde, die zijn bestaansrecht aan zichzelf en aan de buitenwereld bewijzen wil.
>
> (Van der Bom-Luitingh 1948:398)

Sy meen dat die Afrikaanse letterkundiges moet "bedenken, dat een jonge poëzie-litteratuur, die reeds zoveel mooie gedichten voortbracht (...) zijn bestaansrecht reeds bewezen heeft, maar dat dit zowel het recht als de verplichting geeft om critisch te zijn tegenover zichzelf en dat men het buitenland niet van zijn waarde overtuigen zal door de kwantiteit maar door de kwaliteit van zijn litteraire productie." Sy vind die keuse uitvoerig, maar "Elisabeth Eybers is hierin wel zeer onvoldoende vertegenwoordigd met slechts twee gedichten uit haar vroegste en zwakste bundel" (Van der Bom-Luitingh 1948:399).

In 1948 bespreek Van der Bom-Luitingh ook Van Wyk Louw se *Gestaltes en diere* en sy gee 'n kort karakteristiek van die kommunikasieprobleme wat daarvoor verantwoordelik was dat dit jare lank moeilik was om die Afrikaanse letterkunde op die voet te volg:

> Doordat de eerste druk van Van Wyk Louw's in 1942 verschenen bundel *Gestaltes en Diere* uitverkocht was, toen na de bevrijding van ons land weer contact met Zuid-Afrika mogelijk werd en pas in de loop van 1947 een tweede druk verscheen, waarvan enkele exemplaren ook tot Nederland doordrongen, bereikte deze bundel ons later dan het in 1941 verschenen gedicht *Raka*, dat sneller herdrukt werd en dat, hoewel eerder gepubliceerd, van recenter datum is dan verschillende in *Gestaltes en Diere* opgenomen gedichten.
>
> (Van der Bom-Luitingh 1948:340-341)

In verband met die Eybers-resepsie voor die publikasie van die Van Oorschot-versameling kan kortliks hier vermeld word dat *Die ander dors* (1946) ook in *Critisch Bulletin* (1948:109-111) bespreek word deur Miep van der Bom-Luitingh. Sy doen dit op 'n vanselfsprekende

wyse ("Een nieuwe bundel van Elisabeth Eybers") - iets wat daarop dui dat Eybers nie onbekend is aan die Nederlandse publiek nie. Sy verwys glad nie na moontlike taalprobleme nie.

P. Minderhout noem Eybers "ongetwijfeld de belangrijkste Afrikaanse dichteres van heden" wanneer hy in *Het Boek van Nu* (1950) *Die ander dors* bespreek. Hy gee slegs enkele woordverklarings (byvoorbeeld "las" = "last", "van bale wag" = "door het lange wachten"). Na aanleiding van *Tussensang* (1950) wat soos die vorige twee Eybers-bundels deur Constantia in Johannesburg en in Nederland mede-uitgegee word deur A.A M. Stols, skryf Hendrik de Vries dat verskeie van haar gedigte sedert haar debuut haar "stempelen tot een der beste dichteressen uit ons taalgebied" (*Vrij Nederland*, 29.8.53). Ander Nederlandse kritici wat aandag bestee aan die vroeë werk van Eybers is die resensente van *Elsevier* (6.12.58: "Een van de mooiste verzen van deze Zuidafrikaanse dichteres, die haar liefde voor de prachtige cultuurtaal van haar land zo herhaaldelijk en treffend belijdt, lijkt mij 'Familiegroep'"), en *Vrij Nederland* (29.1.59; saam met werk van die Vlaamse digter Christine D'haen onder die opskrif: "Sterke poëzie van Elisabeth Eybers - Twee dichteressen uit randgebied van ons taaldomein").

Adriaan Morriën (*Het Parool*, 8.11.58) se uitgebreide bespreking, "Elisabeth Eybers: waakzame en gepassioneerde dichteres", gaan veral in op die onbevangenheid en doodsaanvaarding wat in haar werk na vore kom. Wat hom ook opval, is dat sy "ver verwijderd van het literaire leven van ons vaderland, waar sonnetten en kwatrijnen (...) tegenwoordig laag staan genoteerd", haar behoefte bevredig "om met het gedicht te experimenteren niet op een revolutionaire, maar op een lyrische wijze".

D. Bax (Maart-April 1947 - Januarie 1949) en ná hom J.M. de Vries se letterkundige bydraes tot *Zuid-Afrika* is ander publikasies oor die Afrikaanse letterkunde wat, ten spyte van die beperkte invloedsfeer van die tydskrif, in Nederland van belang is. Oor De Vries se doktoraalskripsie *Nieuwere Afrikaanse letterkunde* (1956) skryf J.J. Klant 'n vernietigende resensie in *Tirade*, nie omdat Klant self enigsins kritiek oor dié letterkunde as sodanig is nie, maar weens die simplistiese styl van De Vries.

6.4 TWEE KRITIESE SIENINGS OOR NEDERLAND SE ONTVANKLIKHEID VIR DIE AFRIKAANSE LETTERKUNDE

Ten slotte wil ek verwys na twee "objektiewer" standpunte oor ...anse dat Afrikaanse literatuur toegang sou kon vind in Nederland: dié van Menno ter Braak (1939) en J.J. Oversteegen (1959).

Menno ter Braak se artikel met betrekking tot die verskillende temas en probleme wat in die werk van Nederlandse en Suid-Afrikaanse skrywers aan bod kom, "Problemen van Afrika: In hoeverre zij ook onze problemen zijn" (*Het Vaderland*, 8.10.39) verskyn kort voordat die Afrikaa... letterkunde weens die Tweede Wêreldoorlog in ieder geval nie versprel kon word in Nederland nie. Die artikel is geskryf as reaksie op Van Wyk Louw se *Berigte te velde. Opstelle oor die idee van 'n Afrikaanse Nasionale Letterkunde* (Pretoria, 1939).

Alhoewel die artikel meer as vyftig jaar gelede geskryf is, is die problematiek wat hierin aan die orde gestel word, steeds van die grootste belang met betrekking tot die veronderstelde noodwendigheid dat die taalverwantskap tussen Afrikaans en Nederlands tot 'n mate borg sal staan vir wedersydse ontvanklikheid vir mekaar se letterkundes. Ter Braak se argumentasie is baie nugterder as dié van al die ander kritici wat reeds aangehaal is. Hy wys daarop dat in Nederlandse letterkundige handboeke "de stamverwante Afrikaansche literatuur doorgaans afgedaan (wordt) aan het eind, na de Vlaamsche, als er nog een vel papier over is". Juis kinders het g... "weinig gevoel en belangstelling voor het 'kindertaaltje'". Sy waarneming is dat mense slegs 'n paar name soos Celliers, Totius, en Leipoldt kan opnoem. "Men overdrijft dus niet, als men beweert, dat er in Nederland vrijwel geen werkelijke belangstelling bestaat voor de Afrikaansche letterkunde." Die belangstelling vir politiek, "voortvloeiende uit herinneringen aan den Boerenoorlog en gebaseerd op taalcomplexen", moet volgens Ter Braak nie verwar word met

> een spontaan gevoel van verwantschap door den geest. Ons staat de Fransche litteratuur oneindig veel nader dan de Afrikaansche, die tot voor kort niet veel anders was dan een uiteraard vrij primitieve strijdlitteratuur, in de eerste plaats bedacht op de handhaving van het volksbestaan en de volkscultuur, en het zou ook wel een wonder zijn, als het anders was.

Ter Braak is heeltemal gekant teen "de sentimenteele 'gelijkschakeling' tusschen twee landen, die sommige taalverwantschap-maniakken bijzonder begeerenswaardig schijnen te achten". Hy ontken "volstrekt niet de beteekenis van taalverwantschap", maar stel dan die uiters belangrike vraag: "Wat is een gemeenschappelijke taal zonder

gemeenschappelijke cult... ...varingen?" Hy wys op die "gemeenschappelijk taaleigen", maar sê dan:

> Door deze overeenkomsten wordt ons echter des te duidelijker bewust, dat Afrika een andere en vooral kortere geschiedenis heeft dan Nederland, dat allerlei problemen, die daar volkomen in het centrum van de belangstelling staan, voor ons nauwelijks beteekenis hebben, dat vooral het feit van de tweetaligheid (met alle zelfhandhaving en zelfoverschatting, die daarbij te pas komt) op het cultuurleven in Zuid-Afrika een totaal ander stempel drukt dan op het onze.

Hierdie kulturele verskille is vir Ter Braak so groot dat hy onomwonde verklaar:

> Aan de taalkundige vormverschillen zou men ongetwijfeld zonder veel moeite wennen, als er een gemeenschappelijke basis was, waarop men elkaar kon verstaan; maar juist daaraan ontbreekt nog alles.

Daarom kan 'n mens volgens hom

> slechts van het snel om zich heen grijpend kosmopolitisme verwachten, dat het de toenadering tusschen Zuid-Afrika en Nederland zal verhaasten. Wanneer zowel Afrikaansche as Nederlandsche auteurs zullen worden meegezogen door de internationale problemen, zal stellig ook blijken, dat de taalgemeenschap een belangrijke factor in het toenaderingsproces kan zijn; met dat al zal zij een secundaire factor blijven. Werkelijke toenadering ontstaat niet door sentimenteele adoratie van een gemeenschappelijke grammatica, maar alleen door het besef, dat men bepaalde problemen gemeen heeft, en dat besef kan in deze, ondanks alle nationale oorlogskrampen, internationale wereld alleen ontstaan door een zoo groot mogelijk verzet tegen afsluiting en zelfverheerlijking van welke aard die dan ook mogen zijn. Het nationale moet niet verdwijnen, maar gerelativeerd worden door het internationale.

Dit sal duidelik wees dat Eybers se poësie met sy verwoording van algemeen-menslike temas volgens die Ter Braak-maatstaf 'n veel groter kans het om toegang tot die Nederlandse letterkunde te vind as byvoorbeeld Van Wyk Louw en Opperman s'n.

Die tweede "objektiewer" standpunt is dié van Sander Morees (pseudoniem van J.J. Oversteegen). Hy skry... 'n reeks "terreinverkenningen" van die Afrikaanse letterkunde in die *NRC* waarin hy onder meer 'n riglyn gee van hoe Nederlanders syns insiens Suid-Afrikaanse literatuur moet bejeën.

In sy bespreking van Opperman se *Groot Verseboek* (3.1.59) is Morees se uitgangspunt dat selfs die "kenner" van die Nederlandse literatuur sleg op hoogte is va... wat in Suid-Afrika op literêre gebied gebeur. Dit het nie in eerste instansie met literêre oordeel te make nie.

> Er is in ons land een zekere korzeligheid ten opzichte van Zuid-Afrika, die niet altijd vrij van hypocrisie is, maar ten slotte wel een verklaarbare en zelfs gerechtvaardigde oorzaak heeft: de apartheidspolitiek, die de laatste tijd juist van de Afrikaanssprekende groepen van de bevolking een zo opvallende steun heeft gekregen.

Hy wys daarop dat "het primaat der politiek" in Nederland min of meer mode geword het en tot gevolg het dat die beoordeling van literêre prestasies met nie-literêre norme dikwels plaasvind. Hy pleit nie daarvoor nie dat 'n kritikus "van de politiek af moet blijven", maar dat hy slegs daarop kommentaar moet lewer indien die boek daartoe aanleiding gee. Slegs indien die outeur "expliciet een standpunt uitspreekt of een beeld van de maatschappij geeft dat verwrongen is door zijn vooroordelen (...) valt hij binnen de jurisdictie van de recensent". Dan sal ook Morees

> zeker mijn afschuw van de specifiek Zuidafrikaanse vorm van domh. .t, die men apartheidspolitiek noemt, niet verbergen.

Hy meen egter dat geen Suid-Afrikaanse skrywer verwyt mag word dat hy in dieselfde land woon as "de heer Strijdom" nie:

> De apartheidspolitiek is het gevolg van een meerderheidsstandpunt binnen de groep van de blanke Zuidafrikanen; schrijvers met talent maken zelden deel uit van de meerderheid - waarom zou dit in Zuid-Afrika anders zijn dan elders?

Volgens Morees moet Suid-Afrikaanse skrywers suiwer op grond van wat hulle "een Nederlandse lezer te zeggen heeft" beoordeel word. Literêre waardebepalings mag nie sagmoediger of strenger wees as in die geval van 'n Nederlandse boek nie.

Ter Braak en Morrees se artikels was nie noodwendig invloedryker as ander kritici s'n nie. Tog verwys ek so uitgebreid daarna omdat hieruit reeds duidelike redes blyk waarom Eybers die guns sou kon wen selfs van kritici wat heeltemal onsentimenteel is oor die verwantskap tussen Nederlands en Afrikaans. Haar algemeen-menslike tematiek wat Nederlanders ook soveel "te zeggen heeft", die onmiskenbare kwaliteit van haar poësie, en die feit dat niks in haar werk haar binne die morele jurisdiksie van Nederlandse resensente geplaas het nie, sou hierby die deurslag gee.

6.5 ANDER INTERKULTURELE KONNEKSIES TUSSEN SUID-AFRIKA EN NEDERLAND (CA. 1930 - 1960)

Talle aanduidings van die goeie band tussen Suid-Afrika en Nederland in die vroeë vyftigerjare kan bespreek word (vergelyk die emigrasie-golf na Suid-Afrika), maar ek wil veral die volgende aan die orde stel: die Kulturele Akkoord tussen Nederland en Suid-Afrika, die leerstoel in Afrikaans aan die Gemeentelijke Universiteit in Amsterdam, en die Reinz Prinsen-Geerligs-prys.

6.5.1 DIE KULTURELE AKKOORD

Die eerste stappe vir die oprigting van 'n kulturele verdrag tussen Nederland en Suid-Afrika is reeds in 1938 geneem, maar dit sou weens die oorlog tot 1951 duur voordat die Nederlandse en Suid-Afrikaanse regerings 'n Kulturele Akkoord sluit. Dit is eers in 1953 amptelik geparafeer. Die Nederlands Zuid-Afrikaanse Vereniging en die Genootskap Nederland-Suid-Afrika is in onderskeidelik Nederland en Suid-Afrika belas met die uitvoering van die Akkoord en albei regerings het onder meer beurse en stipendia vir wedersydse studie en besoeke gefinansier.

Direkte aanleidings tot die regering-Den Uyl se bevriesing van die Akkoord in 1977, was die Soweto-opstand (1976), die dood van Steve Biko (12 September 1977; vergelyk Eybers se gedig "Regspraak", VG-438) en die verbod op verskeie organisasies deur die Suid-Afrikaanse regering in 1977. Dit sou - ten spyte van enorme druk deur talryke Nederlandse aksiegroepe - tot 1981 duur voordat die Akkoord eensydig deur die Nederlandse regering opgesê is. Die Nederlandse regeringstandpunt was jare lank dat die verdrag gebruik moet word as kontakmiddel. Vergelyk Nederland se staatsekretaris van buitelandse sake, L.J. Brinkhorst:

> Termination of the Cultural Agreement would remove the possibility of dialogue over the Apartheid question, about which the Netherlands and South Africa hold totally different opinions. The government has therefore proposed (...) to direct her attentions to using the agreement in the dialogue with South Africa about Apartheid.
>
> (11.6.75; aangehaal Anti-Apartheidsbeweging Nederland 1976:27)[7]

Die Tweede Kamer het op 29 April 1981 die wetsontwerp "Goedkeuring van het voornemen tot opzegging van het op 31 mei 1951 te 's-Gravenhage tot stand gekomen *Cultureel Verdrag tussen Nederland en de Unie van Zuid-Afrika" (Trb. 1951, 76 [15 084])* aangeneem en dit is op 2 Junie 1981 deur die Eerste Kamer der Staten-Generaal met 40 teen 29 stemme bekragtig.[8]

6.5.2 LEERSTOEL VIR AFRIKAANSE TAAL- EN LETTERKUNDE IN AMSTERDAM

In Augustus 1933 gee die Gemeenteraad van Amsterdam toestemming vir die vestiging van 'n "Bijzondere leerstoel voor Afrikaanse taal- en letterkunde". Die Nederlands Zuid-Afrikaanse Vereniging het gehelp met die stigting en instandhouding hiervan. Dit is afwisselend beset deur G. Besselaar (1933-1939), Elizabeth Conradie (1[illegible]), N.P. van Wyk Louw (1950-1957) en Merwe Scholtz (1959-1963). In die vroeë sewentigerjare is die

leerstoel weens politieke druk afgeskaf. Afrikaans is wel steeds gedoseer deur wetenskaplike medewerkers. Johan Uys, Roy Pheiffer, Truida Lijphart-Bezuidenhout en Hans den Besten het mekaar opgevolg en lesings in Afrikaanse taal en/ of letterkunde gegee en die pos gedeeltelik gevul.

Om 'n indruk te kry van die omstandighede kort voor Eybers se vertrek na Amsterdam, is die bekleding van die pos deur N.P. van Wyk Louw belangrik. Louw (wat reeds in 1948 'n eredoktoraat ontvang het van die Rijksuniversiteit van Utrecht) aanvaar begin 1950 die leerstoel in Amsterdam met die opdrag om lesings oor die Afrikaanse beskawing in die algemeen en die Afrikaanse taal en letterkunde in die besonder te hou, terwyl hy ook aangestel word as direkteur van die Suid-Afrikaanse Instituut in Amsterdam. In sy Amsterdamse intreerede oor *Die digter as intellektueel* (1950) is die kenteoretiese problematiek wat so 'n belangrike deel van *Tristia* uitmaak, reeds aanwesig. Die jare waartydens hy in Amsterdam is, word die vrugbaarste periode in Van Wyk Louw se lewe. Enersyds ervaar hy 'n groter geestelike vryheid en staan losser van die Afrikaanse stryd, andersyds voel hy deur die isolasie juis dat hy sy land moet verdedig teen aanslae en onbegrip van buite (Kannemeyer 1978:382). In vergelyking met die Nederlandse pryse wat Eybers jare later sou ontvang, is dit belangrik om te vermeld dat, alhoewel die Suid-Afrikaanse Hertzog-prys vyf keer aan hom toegeken word, Louw geen Nederlandse pryse ontvang nie. Behalwe vir die Van Oorschot-bloemlesing (1960) word sy poësie ook nooit in Nederland gepubliseer nie. Louw is buitelandse ere-lid van die Koninklijke Vlaamse Academie voor Taal- en Letterkunde en buitelandse lid van die Fryske Akademy.

Tydens sy Amsterdamse verblyf hou Van Wyk Louw dikwels in België en Nederland lesings oor die Afrikaanse letterkunde en geesteslewe. As verteenwoordiger van die Afrikaanse letterkunde het hy groot aansien in Nederlandse intellektuele kringe geniet en sou waarskynlik byna alle prominente Nederlandse skrywers tydens sy verblyf ontmoet het. Min Nederlandse studente het egter die klasse bygewoon sodat daar van die pos nie 'n groot invloed uitgegaan het op 'n volgende geslag Nederlandse literatore nie. Louw was hoofsaaklik 'n belangrike "lokmiddel" vir Afrikaanse studente, onder meer H. van der Merwe Scholtz, Elize Lindes-Botha, C.J.M. Nienaber, F.I.J. van Rensburg, Roswitha Geggus-Schutte, T.T. Cloete en E. Lindenberg. Die meeste van hulle het ook lesings gevolg by die hooglerare Donkersloot en Hellinga. Hulle proefskrifte is hoofsaaklik analises van enkele gedigte van Afrikaanse digters (Eugène Marais, Opperman, Eybers, Van Wyk Louw en Totius) wat op 'n linguistiese grondslag geplaas word of ten minste van die metode van die "kreatiewe analise" gebruik maak. Dit het 'n belangrike invloed op die Afrikaanse literêre kritiek gehad.

W. Gs. Hellinga en H. van der Merwe Scholtz se *Kreatiewe analise van taalgebruik* (1955) - dit word in Afrikaans geskryf - is 'n ander belangrike uitvloeisel van die Amsterdamse hoogleraarspos.

6.5.3 REINA PRINSEN-GEERLIGSPRYS

Hierdie aanmoedigingsprys vir 'n jong outeur tot en met dertig jaar is ingestel ter nagedagtenis van Nederlandse vroue en meisies wat in 1940-1945 omgekom het. Die ouers van Reina Prinsen (7.10.1922 - 24.11.1943) wat in Duitsland gefusilleer is, het in 1953 vir die eerste keer ook Afrikaanse debutante betrek omdat die jong Reina die taalverband tussen sowel Nederland en Vlaandere as Suid-Afrika so op prys gestel het. Ina Rousseau was die eerste ontvanger vir die manuskrip van haar poësiebundel *Die verlate tuin* (1954). In 1956 het die jurie (bestaande uit G. Dekker, D.J. Opperman, F.P.M. Oosterhof, W.E.G. en N.P. van Wyk Louw) die prys toegeken aan Peter Blum vir *Steenbok tot pooisee*. André P. Brink (vir *Lobola vir die lewe*) en Abraham H. de Vries (in 1962 vir sy eerste drie bundels kortverhale) was die volgende twee Afrikaanse pryswenners. Die prys het nog tot in die sewentigerjare aan Suid-Afrikaanse skrywers die gevoel gegee dat hulle gereken word tot die Nederlandse taalgemeenskap.

6.6 VERANDERINGE IN DIE KULTURELE KONTAKTE NÁ 1960

Die veranderinge wat vanaf 1960 begin intree, is 'n direkte gevolg van Suid-Afrika se binnelandse beleid en toenemende buitelandse isolasie. Op 5 Oktober 1960 word 'n republikeinse staatsvorm by wyse van 'n referendum deur die (blanke) stemgeregtigde Suid-Afrikaners aanvaar. Wanneer premier H.F. Verwoerd tydens die daaropvolgende Statebondskonferensie in Londen sterk teenkanting op grond van die Regering se rassebeleid van die Afro-Asiatiese lande kry, trek hy sy aansoek om voortgesette lidmaatskap van die Britse Gemenebes onder 'n nuwe grondwetlike bedeling terug. Op 31 Mei 1961 kom die Republiek van Suid-Afrika tot stand, minder as twee maande voordat Elisabeth Eybers Suid-Afrika verlaat.

In die hoofstuk "Kritiek van buite en binne en die posisie van Suid-Afrika in 'n veranderende wêreld," dui Kannemeyer op die wêreldwye veroordeling van rassistiese ideologieë, imperialisme, kolonialisme en die oorheersing van een volk deur 'n ander ná die beëindiging van die Tweede Wêreldoorlog. Terwyl die Afrikaner in die Verwoerd-era in 'n soort euforie leef as gevolg van die magsposisie waarin hy as regerende groep

verkeer, word daar by herhaling deur die Verenigde Volkeorganisasie heftige kritiek teen Suid-Afrika en sy rassebeleid uitgespreek. Die Wêreldraad van Kerke steun in die sewentigerjare bewegings soos die African National Congress finansieel, en wanneer hierdie stap gesteun word deur koningin Juliana, die Nederlandse regering en Gereformeerde Kerke is die beleid van isolasie ten opsigte van veral die Afrikaner (sy kerk en regering) baie ver deurgevoer. "Die kritiek van die Afro-Asiatiese blok (word) besonder sterk deur o.m. Nederland ondersteun" (Kannemeyer 1983:222). Sien verder veral Davenport 1978.

Vanuit Nederland word die gang van sake - óók deur 'n literator - as volg beskryf:

> Zuid-Afrika is een fascistisch land, dat in vele opzichten aan nazi-Duitsland doet denken. Apartheid is geen anachronisme, zoals sommige mensen denken, geen antiek overblijfsel uit een barbaars koloniaal verleden. (...) Apartheid werd het *na de oorlog* perfect uitgedachte systeem, waarvan alle raderen in elkaar grijpen en dat de systematische ontmenselijking van zwarte mensen tot doel heeft. (...) Apartheid impliceert niet alleen onteigening van zwarte arbeidskracht: het impliceert ook een culturele genocide.
>
> (Meijer 1988:211)

In Suid-Afrika reageer skrywers, by name die Sestigers, op die beperktheid en konserwatiewe beeld van veral die Afrikaanse prosa. "Alhoewel die verskeidenheid, uiteenlopendheid en die verskille met betrekking tot styl, struktuur en die aard van die eksperiment van die begin af by die Sestigers oorheers en hulle dus nie 'n literêre groep genoem kan word wat 'n bepaalde rigting in die kuns voorstaan in die sin wat die Nederlandse Tagtigers in hulle beginfase of die (Nederlandse) eksperimentele digters van die vyftigerjare dit was nie, is daar tog 'n duidelike gemeenskaplike doelstelling wat tot hulle historiese situasie en gesamentlike reaksie op die bestaande orde herlei kan word" (Kannemeyer 1983:236). Die Nederlandse letterkundiges heg egter nie veel waarde aan so 'n konstruksie nie en kontakte met Suid-Afrikaanse skrywers word baie arbitrêr en slegs op 'n individuele en persoonlike basis onderhou.[9]

In 1965 is daar van 14 tot 23 Mei 'n presentasie van Suid-Afrikaanse boeke op die Nationale Boekenmarkt in die RAI-gebou in Amsterdam, maar die betrekkinge versleg so in die daaropvolgende jare dat protes-aksies teen enige amptelike Suid-Afrikaanse deelname aan die Nederlandse kulturele lewe oorheersend word.

Tydens die "VN-jaar voor de Sankties tegen Zuid-Afrika" (1984) verskyn bv. *Verbreek kulturele kontakten met Zuid-Afrika* (Amsterdam). Die "Stichting Sanktiejaar" skryf in die kader van sy aksies onder meer aan 172 Nederlandse uitgewers om vas te stel wat hulle standpunt oor kontak met Suid-Afrika is. Eybers se eerste Nederlandse uitgewer, G.A. van

Oorschot, se naam verskyn onder dié groep bedrywe wat beweer dat hulle "principieel geen kontakten" met Suid-Afrika onderhou nie. Vermoedelik beskou Van Oorschot die feit dat hy werk van Elisabeth Eybers (asook die bundels van Van Wyk Louw en Opperman) in sy fonds het, as 'n aangeleentheid wat niks met 'n "Stichting" te make het nie. Querido word nie genoem in *Verbreek kulturele kontakten met Zuid-Afrika* nie en Elisabeth Eybers se naam kom ook nêrens in die publikasie voor nie.

Ten spyte van die wydverbreide aksies teen Suid-Afrika (wat die boikot van byna alle ander kulturele aktiwiteite insluit) is Eybers nooit daarby betrek nie.

6.7 'N VERGELYKING TUSSEN DIE NEDERLANDSE RESEPSIE VAN DIE VAN OORSCHOT-VERSAMELINGS VAN EYBERS, VAN WYK LOUW EN OPPERMAN SE POËSIE

Die feit dat Elisabeth Eybers se poësie so gunstig ontvang is in Nederland en dat sy as enigste Afrikaanse digter 'n blywende posisie in die Nederlandse letterkunde verower het, is 'n verrassende gegewe. 'n Moontlike verklaring hiervoor kan gesoek word in 'n vergelyking tussen resensente se reaksies op die Van Oorschot-bundel van Eybers-poësie, formeel die eerste Eybers-publikasie in Nederland, en die Van Oorschot-bloemlesings van N.P. van Wyk Louw en D.J. Opperman.

6.7.1 DIE EYBERS-VERSAMELING

Soos wat in Hoofstuk 1 uiteengesit is, het Elisabeth Eybers self die samestelling van die bundel *Verzamelde gedichten* (1957; vanaf die tweede druk in 1958 heet dit *Versamelde gedigte*) behartig. Die feit dat Van Oorschot uitdruklik in sy eerste brief aan Eybers (17.10.1956) geskryf het dat hy "wederom ten zeerste ontroerd en getroffen" was toe hy haar gedigte herlees het, sluit goed aan by wat Ja.p Goedegebuure in 'n "In memoriam"-artikel oor die uitgewer skryf. Volgens Goedegebuure het Van Oorschot 'n afkeer van eksperimentele of hermetiese digkuns:

> de associatieve en exuberante poëzie van de Vijftigers (...) heeft jarenlang op zijn gal gewerkt. Gedichten dienden wat hem betreft ontroerend én verstaanbaar te zijn.
>
> (Goedegebuure 1989:272).

Elsschot, Minne, Van Nijlen en veral ook Vasalis (met wie Eybers aanvanklik gereeld vergelyk is) was van sy gunsteling-digters. Sy kriterium "ontroerend/verstaanbaar" het

ook Eybers se poësie vir hom getipeer en dit was die motivering waarom hy die Eybers-publikasie aangedurf het.

Sy skryf aan hom op 21.10.1956 dat haar reeds verskene "ses bundeltjies" uit 175 verse bestaan, maar dat sy uit *Belydenis uit die skemering* (1956) slegs 6 gedigte wil behou, uit *Die stil avontuur* (1939) 20, uit *Die vrou en ander verse* (1945) 28, uit *Die ander dors* (1946) 27, uit *Tussensang* (1950) 13, en uit *Die helder halfjaar* (1956) 25. Verder is daar 7 ongebundelde gedigte wat sy voorstel om in te sluit. Dit sluit "Jong seun" en "Tuiskoms" in. Later stuur sy nog drie. Op 11.7.1957 skryf Van Oorschot aan Eybers: "Uw bundel zojuist verschenen" en op 25.11.1957 dat byna 1000 eksemplare verkoop is, "hetgeen voor Nederland een bijzonder groot aantal is."

Op 1 Mei 1958 verskyn die eerste onderhoud met Eybers waarvan ek weet in 'n Nederlandse koerant. Hierin praat sy onder meer oor die Van Oorschot-versameling. Die onderhoud word afgeneem deur die Nederlandse digter en joernalis Adriaan Morriën, en in die Amsterdamse dagblad *Het Parool* gepubliseer onder die opskrif: "Elisabeth Eijbers (Afrikaans dichteres) bezoekt ons land - 'Nederlands klinkt ons deftig in de oren'".

Morriën voer die gesprek tydens 'n sake- en vakansiebesoek (Maart tot Junie 1958) wat Elisabeth Eybers saam met haar man aan onder meer Nederland bring. Tydens hierdie besoek ontmoet sy ook haar Nederlandse uitgewer. Eybers word gevra of die "gevoel van verwantschap" tussen Afrikaanssprekendes en Nederlanders die rede is waarom sy haar gedigte in Nederland gepubliseer het.

> O nee! Het plan is niet van mij uitgegaan. Het was een voorstel van meneer Van Oorschot en ik heb geaarzeld of ik het zou aannemen. Ik vond het te vroeg om een verzamelbundel uit te geven en ik dacht dat het ook zakelijk niet verantwoord zou zijn, maar dat is erg meegevallen.

Morriën gaan in op haar gedigte se begryplikheid: "Uw werk biedt de Hollandse lezer geen bijzondere moeilijkheden, omdat u schrijft over wat van een algemeen menselijk belang is. Zijn er meer Zuidafrikaanse dichters wier werk voor de Nederlandse lezer toegankelijk zou zijn?" waarop Eybers antwoord:

> Dat is moeilijk te zeggen. Een dichter als Opperman lijkt mij voor een Nederlands publiek moeilijk verstaanbaar, omdat hij zich meer dan ik met typisch Zuidafrikaanse problemen bezighoudt en ook gebruik maakt van een kleurlingendialect, dat hier onbegrijpelijk zou zijn. Misschien is het mogelijk een bloemlezing uit zijn poëzie en uit die van Van Wijk Louw te publiceren.

Dit is, soos bekend, presies wat gebeur het, en Eybers som waarskynlik by voorbaat reeds op om watter redes Opperman en Van Wyk Louw nie so goed ontvang is in Nederland of ooit weer daar uitgegee is nie.

6.7.1.1 RESEPSIE VAN DIE EYBERS-VERSAMELING

Met die verskyning van die Van Oorschot-versameling begin Eybers byna onmiddellik tot die Nederlandse poësie behoort in dié sin dat haar bundels deur koerante se gereelde Nederlandse poësie-resensente bespreek word. Hieronder volg 'n weergawe van die belangrikste resensies.

C.Bittremieux (*NRC*, 7.9.57) vind dit vermeldenswaardig dat hierdie versameling "in Nederland nog wel" uitgegee is en stel vas "dat Elisabeth Eybers een van de werkelijk belangrijke Nederlandse dichters van deze tijd is, een belangrijke dichteres zonder meer". Hy skryf verder: "Men denkt vaak aan Vasalis, die ook dit zintuig heeft voor de tover en de dreiging van het dagelijks bestaan." Hy gaan dan meer spesifiek in op enkelbundels en -gedigte, en merk op dat die enkele gedigte uit *Belydenis in die skemering* (1936) verdienstelik is maar nie opval "door een poging tot vernieuwing, althans niet tegen de achtergrond van de Nederlandse poëzie gezien (tegen de achter-grond van de Zuidafrikaanse misschien wel)".

Enkele vroeë gedigte, "Die werksman" en "Sangeres", sou hy "maar liefst in de buurt van de kitsch willen onderbrengen", maar dit is die somtotaal van negatiewe opmerkings. "Ronduit voortreffelijke gedichten" is volgens hom in *Die vrou* te vinde (by name "Nou het ek jou reeds aarselend lief", "Herinnering", "Die angs ontwaak weer" en "Sonnette aan F."). Die "prachtige bundel," *Die ander dors*, lyk vir hom na 'n deurbraak in haar werk. Die resensent waardeer die feit dat sy "by voorkeur over een aantal tegelijk gewone en grote gegevens; geboorte en dood, eros, moederschap, het goddelijke, hoop, angst, herinnering" skryf en danksy "een toenemend vormvermogen" daarin slaag om ontroering steeds dieper in die ervaring te laat wortel. As gevolg hiervan vergeet "men onder het lezen bij voortduring (...), dat men naar een min of meer vreemd idioom luistert. Alleen door hier en daar een ongewoon woord wordt men weer tot bezinning gebracht."

"Alchemie", "Huiskat", "Virginalis, "Sterwende", en "Jong seun" beskou Bittremieux as "op zichzelf al voldoende (...) om twee en meer taalbewegingen te rechtvaardigen". Hy vind dit wel "jammer" dat die uitgewer nie vir 'n "heel beknopt glossarium, van bijv. 1 bladzijde" gesorg het nie.

J.H.W. Veenstra (*Vrij Nederland*, 17.9.57) meen dat die skaarste aan Suid-Afrikaanse digbundels en sy eie instelling as "doorsnee-Nederlander" beslis nie bevorderlik daarvoor was om hom vroeër te verdiep in die Afrikaanse letterkunde nie. Veenstra beskou die beskikbaarstelling van Eybers se poësie in 'n Nederlandse uitgawe daarom as 'n "gebeurtenis". Haar poësie is "wel vol sentiment maar nooit oppervlakkig sentimenteel". Hy meen dat haar sterkste verse bo dié van Vasalis uitstaan. 'n Groot digteres is volgens hom aan die woord,

> wier poëtische kracht zo doordringend is dat opmerkelijk snel de voor ons nu eenmaal bestaande barrières van het Afrikaanse taaleigen bij de lezing der verzen worden overwonnen. De niet-geoefende lezer zal wel eens even aan een woordbeeld moeten wennen of op een uitdrukking moeten studeren, maar hij zal ook spoedig ontdekken hoeveel nieuwe dichterlijke mogelijkheden dit van het Nederlands afwijkende idioom toch weer biedt.

C.J. Kelk (*De Groene Amsterdammer*, 5.10.57) wys op 'n referensiële raakpunt met Eybers vir Nederlandse lesers in "Tuiskoms in Junie" (*VG*-122). "Uit haar gedichten (...) blijkt, dat zij in 1948 in Holland is geweest en zij geeft (...) haar volk een beeld van ons land." Kelk haal dié gedeeltes uit die gedig aan:

> As ek my oë teen die skittering sluit
> onthou ek skielik Holland - groengeruit
> die nette akkers, en egalig grou
> die lae lug, pophuisies rooi en blou,
> 'n skuit skuif deur die weiland, langs die sluis
> kantel die wydsbeen meul se skewe kruis,
> bont koeie mymer weelderig in die gras
> en eendepaartjies dobber op die plas,
> kerktorings prik die effe horison,
> 'n perd buk na die klawer - alles kon
> ek opnoem uit my kinderrympiesboek:
> 'n helder lasprent sorgsaam uitgesoek,
> reghoekig, ewewydig, vak aan vak
> gemeet, geplan, gepas en ingeplak.

Kelk noem dit 'n "curieus" en "heerlijk vrij gedicht". Die resensie word liries-loftuitend afgesluit: "Deze honderd-en-twintig gedichten behoren in elk geval tot de meest persoonlijke, onontbeerlijke poëtische oeuvres in onze taal en dat het ons niet toebehoort maar toegezongen is op een fluit uit ons eigen ziel gesmeden, geeft die bijzondere verheugenis waarvan ik sprak."

Adriaan Morriën skryf in "Kroniek van een Vrouwenleven" (*Het Parool*, 26.10.57) dat Afrikaans op die t. . nwoordige Hollander

> de indruk maakt alsof kindermonden er geducht in hebben huisgehouden. Merkwaardig, deze appel die niet eens zo heel ver van de boom is gevallen, maar die niettemin een eigen vorm en kleur en een geheel eigen bekoring bezit.

Bekendheid van Afrikaanse letterkunde in Nederland

Hy beskryf kortliks die feit dat die Afrikaanse letterkunde ontwikkel het "tot een opzichzelf staand verschijnsel, met een eigen nationale problematiek, met eigen tijdschriften en uitgeverijen". Volgens Morriën is dit vir 'n Nederlandse leser nie moeilik om in haar werk deur te dring nie omdat haar taalgebruik "betrekkelijk eenvoudig en zeer helder is".

> De eigenaardigheden van het Afrikaans, waarmee men in het begin misschien enige moeite heeft, leert men al gauw aan. De lectuur van Elisabeth Eybers' gedichten loont de moeite. Deze Zuid-Afrikaanse dichteres schrijft een zeer gevoelige zuivere poëzie, waarvoor zich op het eerste gezicht de omschrijving 'kroniek van een vrouwenleven' aan ons opdringt.

Eybers se "receptieve gevoeligheid voor indrukken, stemmingen en intieme ervaringen", haar "buitengewoon zuiver" taal en "aangeboren gevoel voor maat" word geprys. "Het doodsprobleem is het grote thema, dat in het werk van deze dichteres alle ander thema's, die men als de bizondere problematiek van een vrouwenleven kan karakteriseren, aan zich ondergeschikt maakt."

Een van die vermaaklikste resensies oor *Versamelde gedigte* is geskryf deur J.J. Klant, die ekonoom wat Eybers vir publikasie by Van Oorschot aanbeveel het. Klant is in die redaksie van Van Oorschot se maandelikse literêre blad (saam met die uitgewer, Remco Campert, Adriaan Morriën en Nico Wijnberg) en skryf 'n resensie, "Met verzen beschreven" (*Tirade*, 2:13, januari 1958). Dit is hoofsaaklik 'n skerp tirade teen J.M. de Vries se *Nieuwe Afrikaanse letterkunde* (De Beuk, Amsterdam, 1956) wat geen woord rep oor die poësie van Elisabeth Eybers nie:

> Misschien is het gewoon nóg een rekenfout van de doctoranda en verstrooidheid van de professor (Van Wyk Louw), maar, wat ook de oorzaak moge zijn van de omissie, het resultaat ervan komt op hetzelfde neer als een overzicht van de Nederlandse poëzie tussen 1938 en 1944 zonder Vasalis of van die tussen 1920 en 1950 zonder Bloem.
>
> (Klant 1958:60)

In die tegelyk kostelike (as gevolg van sy wrewelige gevoelens jeens De Vries, vergelyk: "Als dra. de Vries geweten had dat Elisabeth Eybers een dichteres is die o.a. tussen 1948 en 1954 heeft gepubliceerd, had zij van haar geschreven:'zij kenschetst verschillende bomen', want telkens weer verrijzen er in haar verzen bomen: popliere, wilgerbome, bloekombome, mimosabome, perskebome, doringboom, koorsboom, lukwart, kareeboom"! - 1958:61) en werklik insiggewende resensie, skryf Klant oor Eybers se "besef van onvervulbaarheid en het verlangen naar vervulling, die om beurten worden uitgesproken in haar poëzie" (1958:62).

Soos wat uit bogenoemde resensies duidelik blyk, is Eybers se *Versamelde gedigte* uiters gunstig ontvang. Die kritici is kundige literatore wat in daardie stadium gereeld Nederlandse poësie resenseer vir invloedryke publikasies. Hulle het geen besondere probleme met haar taal nie, en almal doen hulle bes om die taalverwantskap in 'n so positief moontlike lig te stel. Die toeganklikheid van Eybers se werk wat temas betref, word ook deurentyd beklemtoon. 'n Verdere aansporing vir Nederlandse lesers is die aanprysing dat sy een van die grootste - "voor Nederlanders hoofdzakelijk nog onontdekte" - digters in die Nederlandse taalgebied is.

6.7.2 DIE VAN WYK LOUW- EN OPPERMAN-BLOEMLESINGS

Op grond van die goeie ontvangs van die Eybers-bundel, gee Van Oorschot enkele jare later twee verdere bloemlesings van Afrikaanse digters se poësie uit. Elize Botha en A.P. Grové versorg vir gebruik in Nederland *N.P. van Wyk Louw: 'n Keur uit sy gedigte* (Amsterdam, 1960) en Merwe Scholtz versorg *D.J. Opperman: 'n Keur uit sy gedigte* (Amsterdam, 1960). Die veertiental tot dan nog ongepubliseerde nuwe gedigte wat in die Louw-bloemlesing verskyn, vorm later deel van *Tristia en ander verse, voorspele en vlugte 1950-1957* (1962) waarvan die meeste gedigte tydens Van Wyk Louw se Amsterdamse "ballingskap" ontstaan het.

Geen korrespondensie tussen Van Oorschot en óf Van Wyk Louw óf die samestellers Elize Botha en A.P. Grové het in die Van Oorschot-argief bewaar gebly nie. Omdat Merwe Scholtz ten tyde van die samestelling van die Opperman-bloemlesing in Amsterdam woonagtig is, is dit verder nie verwonderlik dat daar van hom slegs een datumlose krabbel in verband met korreksies bewaar is nie.

Kontraktueel is - net soos in die geval Eybers - bepaal dat hierdie Afrikaanse bloemlesings nie in Suid-Afrika verkoop mag word nie. In 'n brief aan Scholtz (10.11.1960) betreur Van Oorschot dit omdat hy 'n Suid-Afrikaanse bestelling vir 200 eksemplare moet afwys. Hy meld verder dat Opperman hom op nog vier drukfoute gewys het "die we in een nieuwe ? druk zullen aanbrengen. (Er komt natuurlijk geen nieuwe druk)." (In 1972 is daar wel 'n tweede druk. Skynbaar is kontraktuele bepalings nie streng nagekom nie; kopieë van die Van Oorschot-versameling is tog in Suid-Afrikaanse boekwinkels verkoop - EJ.) Van Oorschot skryf verder dat hy dit jammer vind dat "Staking op die suikerplantasie" nie opgeneem is nie - "niet alleen om poëtische redenen".

Bekendheid van Afrikaanse letterkunde in Nederland

In die Van Oorschot-argief is 'n brief van Opperman aan Van Oorschot (5.11.1960) waarin hy wys op genoemde drukfoute en die uitgewer ook bedank vir die mooi en keurige uitgawe en "vrolike stofomslag". In antwoord op Opperman se brief waarin hy bedenkinge het oor die weglating van sommige van sy gedigte, skryf Van Oorschot (21.12.1960):

> Ik vind het bij nader inzien jammer dat Uw bundel en die van Louw *tegelijk* verschenen zijn, omdat de recensenten beide bundels samen bespreken, zodat de bespreking der afzonderlijke bundels eigenlijk niet tot haar recht komt.
> Ja, ook ik vind het jammer dat bepaalde gedichten niet in Uw bloemlezing zijn opgenomen. Merwe Scholtz vond ze wat hun poëtische kwaliteit betreft minder dan de verzen welke hij thans heeft opgenomen.
>
> Misschien *is* dat zo, al zou ik dat niet direct willen onderschrijven, maar de betreffende gedichten geven een bepaalde kant van Uw persoonlijkheid, van Uw standpunten zo men wil, ten aanzien van problemen, die zich in deze sterk veranderende wereld met zoveel kracht aan ons opdringen, dat men bij lezing van Opperman en Louw zich *niet* onwillekeurig, maar *direkt* afvraagt, of deze problemen de dichter in deze mannen niet hebben geraakt.

Oor Van Wyk Louw se belangrikste Nederlandse konneksies is reeds geskryf in 6.5.2. Raakpunte tussen Opperman en Nederland is minder direk. Weens die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het hy nie daar studeer nie en slegs ongeveer ses weke in Desember 1956 en Januarie 1957 in Nederland deurgebring en talle Nederlandse skrywers ontmoet: Adriaan Morriën, Cees Nooteboom, Simon Vinkenoog, Pierre Dubois, Ed. Hoornik, A. Roland Holst, W.A.P. Smit, Gerrit Achterberg, Anton van Duinkerken en die Vlaming Hugo Claus (Kannemeyer 1986:275-277). Die enigste Nederlandse eerbetoon wat hy ontvang is 'n prys van die Drie-Eeue-Stigting vir *Periandros van Korinthe* (1956). In die vroeë sestigerjare word hy buitelandse erelid van die Koninklijke Vlaamse Academie voor Nederlandse Taal- en Letterkunde. Van sy gedigte is in Duits, Frans, Engels, Russies, Italiaans en Sweeds vertaal, maar ná die Van Oorschot-publikasie het nooit weer van sy poësie in Nederland verskyn nie. Naas sy werk aan *Standpunte* (wat samewerking met Nederlanders soos Greshoff, Mulder en Antonissen insluit) dien Opperman as ereredakteur in die redaksie van die Vlaamse letterkundige tydskrif *Ons Erfdeel*. Sy werk, wat in baie onderdele nou aansluit by die Wes-Europese tradisie, het die problematiek, wêreld, geskiedenis en "taal" van Suid-Afrika skynbaar te sterk as onderwerp om toeganklik te wees vir 'n Nederlandse publiek.[10]

6.7.2.1 RESEPSIE VAN DIE BLOEMLESINGS VAN N.P. VAN WYK LOUW EN D.J. OPPERMAN

In resensies word die bloemlesings meestal gesamentlik bespreek. Telkens word gepraat van die "volwassenheid" en "moeilikheids-graad" van die taal waarin die digters skryf. Omdat politieke besware teen hulle gedigte as die belangrikste rede beskou kan word waarom Opperman en Louw nie deur die Nederlandse letterkundige wêreld aanvaar is nie, konsentreer ek in my bespreking daarop.

Die Tweede Wêreldoorlog was 'n belangrike meningsvormende krag in die Nederlandse kultuur en dit beïnvloed ook die Nederlandse resepsie van literatuur wat o.m. oor rasseverhoudings gaan. Die spesifiek Suid-Afrikaanse gegewe in Van Wyk Louw en Opperman se poësie, die feit dat Afrikaanse digters ná 1948 lede van die "heersende klas" of bevolkingsgroep is en dat hulle regering wette deurvoer wat steeds meer vergelykbaar was met dié van Nazi-Duitsland, blyk 'n inhoudelik onverteerbare gegewe vir baie Nederlandse kritici te wees. Enige suggestie van simpatie vir "Übermensch"-teorieë of rassisme word gou geïdentifiseer en ten sterkste afgekeur. Uit die aard van hulle tematiek blyk Van Wyk Louw en Opperman dus veel meer "kwetsbaar" in die Nederlandse optiek te wees as Eybers.

Van Wyk Louw word deur Schulte Nordholt (*Het Parool*, 4.2.61) klaarblyklik by lesers bekend veronderstel. Opperman word iets omslagtiger bekendgestel. A. Nuis (*Vrij Nederland*, 8.10.60) skryf oor hom:

> Ik acht hem een groter dichter dan Van Wyk Louw, of misschien moet ik zeggen, een volkomen ander geaard man. Ook bij hem is er dat gevoel te vinden dat de dichter een zending heeft:
>
> Ek moet my land, wat buite die hemele lê,
> deur Sy genade en sy meegevoel
> bestendig in my volk se taal en sê
> wat my aangryp; ...
>
> Ook hier heeft de taal een duidelijk nationale strekking, het volk van Zuid-Afrika is in gevaar, het moet teruggeroepen worden naar het wezenlijke, en dat wezenlijke is de verbondenheid met het land.

Schulte Nordholt beskou hierdie selfde strofe van Opperman as 'n nogal "romantische constructie (...) maar de dichter gaat er realistisch mee om. Hij kijkt met alle twee zijn ogen, wat hij schrijft heeft hij niet, zoals Van Wyk Louw zo vaak, gedacht, maar gezien." Behalwe vir hierdie positiewer waardering van Opperman bo Louw, beskou Schulte Nordholt die aandag aan die "alledaagsheid van het leven" in Opperman se werk as heel boeiend. Die "grootsheid van de natuur, als achtergrond van het dichterlijk leven (...) verleent aan hun poëzie een kleur en kracht, die wij hier uiteraard niet kennen".

Hierdie laaste opmerking is relevant vir die Nederlandse resepsie in die algemeen: wat onbekend is, is aantreklik, maar kan ook te vreemd en dus "onkonsumeerbaar" wees.

Schulte Nordholt stel vas dat Van Wyk Louw en Opperman nie slegs "dichters van formaat" is nie: "beiden zijn bijzonder geoccupeerd met de problemen van hun land". Dit is vir die resensent glad nie onvermengd positief nie. Hy plaas Van Wyk Louw in 'n geestelik-vitalistiese kader en vergelyk hom met Dostojewski en Nietzsche. Hy beweer dat "een neiging tot kosmische uitspraken" by Louw oorheers het aan die begin van sy digterskap. "In die vroege tijd ontstonden veel mooie gedichten, maar dikwijls wat abstract. Maar de eenzame dichter vond een verbondenheid met zijn volk en land, die ons niet altijd zo aantrekkelijk aandoet." Gedigte soos "By die monument" en "Ons moet die bitter taak" uit *Die halwe kring* vind die resensent "heel mooi". "Zij hebben een trotse toon, die zeer helder gespannen is." Die volgende sin is: "Maar als zo'n serie dan besluit, dat wij 'net aan ons bloed getrou' zijn geweest, huiver ik wel."

Die hele atmosfeer van na-oorlogse Nederland - wat die Duitse besetting, Jode-vervolging en Ariese trots met ontsetting en afkeer steeds in herinnering hou - word deur die woorde "huiver ik wel", weergegee, al gee Schulte Nordholt toe dat dit nie sy oorheersende indruk is nie: "Er staat in dit boek veel schoons."

Lambert Tegenbosch (oorspronklike bron onbekend; opgeneem in Grové 1974:193-195) omseil die politieke dimensie van Opperman se poësie deur só - ná 'n waarderende bespreking van Opperman se "symbolische dichterschap" - daaroor te skryf:

> Zoals hij zich verbonden voelt aan de oorspronkelijke leefverbanden - waarnaar ook de experimentelen terug hunkeren, maar agressiever tegenover de bestaande wereld -, zo voelt hij zich verbonden aan de met bloed geschreven historie der Zuidafrikaanders en zo ook aan zoiets als de traditionele poëzie.

A. Nuis (*Vrij Nederland*, 8.10.60; ook opgeneem in Grové 1974: 195-199) gaan dit egter nie uit die weg nie. Sy standpunt oor die saak word tegelykertyd verbind met kwalitatiewe uitsprake:

> Van het tweetal (Louw en Opperman) heeft Opperman de meeste indruk op mij gemaakt. Hij vraagt om een enigszins andere manier van benaderen dan Elisabeth Eybers, die Nederland binnenkwam met een lichter bagage: ze bracht niet heel Zuid-Afrika mee, maar een klein stukje ervan dat zij tot haar persoonlijk eigendom had gemaakt. Nederlandse lezers hoefden daardoor geen enkele moeite met haar poëzie te hebben; de eigenaardigheid van taal en landschap was bijzaak voor wat zij te zeggen had.

Volgens Nuis is Opperman "veel meer een uitgesproken Afrikaner".

> Ook zijn thema's stijgen wel boven nationale beperkingen uit, zoals bij elke goede dichter, maar land, volk en geschiedenis spelen een veel belangrijker rol in zijn poëzie. Dat schept een zekere afstand, en de Zuidafrikaanse toestanden in acht genomen, zelfs een zeker wantrouwen dat gerustgesteld wil worden.

Nuis het 'n groot bewondering vir die "kleine, rake beelden" waarmee Opperman as "een geslaagd fotograaf van couleur locale" sy land teken. Hy identifiseer as visie wat Opperman se werk beheers "de kringloop van geboorte, dood en hergeboorte die mensen, dieren, dingen en de aarde zelf in zijn ban gevangen houdt". Sy neiging om individuele lewe slegs "als een druppel in de golf van tijdgenoten" te sien, laat Nuis opmerk:

> Opperman is geobsedeerd door de grote lijnen van het mensenlot, en persoonlijk genoeg om er de kleine tragedie van te laten zien. Als zo iemand zich gaat inlaten met de politiek, wordt hij bijna onvermijdelijk een milde conservatief. Voor een dichter betekent dat op zich zelf zeker geen beperking. De bijzonderheden van de Afrikaanse politiek maken er echter voor Opperman naar mijn mening wél een beperk'-g van ...

Nuis meen dat die Afrikaner-nasionalisme gekenmerk word

> door een krampachtige verzetshouding die, na tientallen jaren en misschien wel veel langer te zijn volgehouden, niet meer weg wil, ook niet nu de Afrikaners de macht in het land vrijwel in handen hebben.

Dit lyk vir hom asof Opperman onder die ban leef van hierdie nasionalistiese eensydigheid.

> De 'volstrekte vereenselwiging met alles om my heen' die hij nastreeft, kan daardoor niet volledig zijn.

'n Gedig soos "Kersliedjie" uit *Blom en baaierd* (1956) lyk vir Nuis asof dit "een kinderachtige idealisering van de apartheid" inhou wat Opperman skynbaar probeer verdedig "als een ook door de negers gewenste stand van zaken". Omdat Suid-Afrika "het toneel van het grootste treurspel" is wat hom in die wêreld afspeel, het Nuis bepaalde verwagtings van 'n groot Afrikaanse digter.

> In zijn beste momenten lijkt Opperman het formaat te bezitten om aan deze tragedie stem te geven - als hij het koord zou kunnen lossnijden van zijn loyaliteit aan de slagorde van het Afrikaner-nationalisme. (...) Voor Zuid-Afrika en voor de dichter Opperman is het te hopen dat hij dit verraad aan zijn volk, dat in werkelijkheid het tegendeel van verraad is, zal durven plegen. (...) Ik geloof ook dat hij zich in dat geval zou kunnen ontwikkelen tot de zeer goede dichter die hij al bijna is.

Nuis het nie veel waardering vir Louw nie:

> Het is voor Van Wyk Louw nogal ongelukkig, lijkt mij, dat zijn bundel tegelijk met die van Opperman verschenen is, want daar steekt hij schamel bij af.

Nuis is byna sarkasties-krities in sy kort afwysing van die Louw-bloemlesing:

> De gedichten van Van Wyk Louw staan vol hevige, maar abstracte emoties. Onder titels als 'Lucifer', 'Nietzsche' (...) vindt men veel heroïek, scherp afgebakend zwart en wit en uebermensch-gevoelens, alles in een traditionele, vaak uitgesproken ouderwets aandoende taal. De dichter kan zijn geweldige stof niet aan; (...) in de ergste gevallen gaan zijn verzen als daverend gepraat over mij heen.

Hy waardeer Van Wyk Louw se latere "simpele liefdesgedichten, volkse liedjes, luchtige kleine wijsheden". Sy indruk is dat lesers "plotseling met iemand anders te doen krijgen, een aardige mijnheer in hemdsmouwen, die de profetenmantel zolang aan de kapstok gehangen heeft".

Peter van Eeten (*NRC*, 17.12.60) egter beskou Louw as "in veel opzichten Europeaan (...), erudiet en veelzijdig, een man die over de grenzen van zijn land heenkijkt. Zeker is hij ook een nationaal voelend Afrikaner (getuige vooral zijn lekespel *Die dieper reg*, rechtvaardiging van het werk van de voortrekkers), maar we moeten toch Opperman lezen om de Afrikaan pur sang tegen te komen."

> Ik bedoel dat niet denigrerend, al is er wel eens reden om zich te ergeren, zoals in het 'Kersliedjie', waar drie oude kleurlingen 'God se klong' vinden, het Christuskind, en dan
>
> 'die here (dank) in sang en gebed
> vir 'n kindjie wat ook dié volk sou red ...'
>
> Het is - al stoot het ons af - waarschijnlijk nog goed bedoeld ook; zoals zeker het gedicht over de jongen die zich ophangt, omdat
>
> 'Sy vel was donker, sy broers s'n lig. -
> Kiek waar vier kinders vroeg opstaan.
> drie na wit en hy na bruin skool gaan.'
>
> Hier krijgt de gekleurde bevolking een plaats in zijn poëzie niet als louter decoratie maar als probleem, dat hem wel degelijk verontrust.
>
> (Van Eeten 1960).

Die resensent van *Vrije Volk* (2.6.62) beskryf Van Wyk Louw as "een rots" in 'n literêre geheel wat "nog talrijke chaotische aspecten heeft"."Aan die Skoonheid" beskou hy as "van een ouderwets aandoende lyriek", maar dit "bewijst niettemin het volwassen worden van een taal". In hierdie bespreking word Louw 'n "poète engagé" in die jare dertig genoem op grond van "Gedagtes, liedere en gebede van 'n soldaat". "Hij was het ook in 1956, toen hij een aangrijpende kleine elegie aan het gewurgde Hongarije wijdde. Als zodanig leeft deze rasechte Afrikaner ver van het hoekje wereldděel, dat cultureel in vele opzichten nog 'het einde van de beschaafde wereld' heet." Dit is opvallend dat die resensent Louw uitsonder as ingeligter en gekultiveerder as wat hy hom kan voorstel oor die algemeen moontlik is in Suid-Afrika.

6.8 OPSOMMEND

Kennis van die Afrikaanse letterkunde kan teen 1960 nie as vanselfsprekend veronderstel word by Nederlandse kritici nie. My ondersoek na die resepsie van die Van Oorschot-bloemlesings van Eybers, Van Wyk Louw en Opperman se poësie dui op 'n uitgesproke voorkeur vir Eybers.

Die laer verkoopsyfers (in vergelyking met Eybers) van die Louw- en Opperman-bloemlesings is miskien 'n rede waarom Nederlandse uitgewers nie verder daarin belanggestel het om ander werk van hierdie twee digters te publiseer nie. Die resensies dui op ook ander redes: 1) Louw én Opperman maak hulle in die oë van 'n hele paar resensente skuldig aan 'n soort "rassisme" of "rasse-oormoed" wat deur Nederlanders as "ergerlijk" ervaar word; 2) die wêreld waaroor hulle so nadruklik-konkreet skryf, is vir Nederlandse resensente baie vreemder as die algemeen-menslike gevoelens wat die tematiek in Eybers se poësie is.

VERWYSINGS BY HOOFSTUK 6

1. Ten spyte van die "onoorbrugbare kloof" waarvan Louw praat, moet hier wel kortliks daarop gewys word dat Engels 'n baie groter invloed op die Dertigers was as Nederlands. Opperman (1962:40) stel dit so: "Oor die algemeen is die Afrikaner se kennis van Engels en die Engelse letterkunde veel intiemer as sy kennis van Nederlands of die Nederlandse letterkunde. (...) 'n Mens sou aan die end van die negentiende en selfs begin van die twintigste eeu van 'n Kaaps-Viktoriaanse kultuur kan praat en uit hierdie Kaaps-Viktoriaanse kultuur kom die meeste van die Dertigers (...) en hulle ouers (onk dié van Elisabeth Eybers)."

2. In Suid-Afrika word *De nieuwere Afrikaanse poëzie* bespreek deur Eybers (*Die Burger*, 1.9.39) en H.A. Mulder (*Die Huisgenoot*, 28.7.39). Ek kon geen Nederlandse resensies opspoor nie.

3. Hierdie uitgawe is "gebracht in het kader van de Nederlands-Belgische Zuidafrikaanse overeenkomsten" en gesubsidieer deur die Suid-Afrikaanse regering. Uitgeverij Meyers en Trefois, Melle en Uitgeverij H.W.R. Bekking, Amsterdam het onderskeidelik die verspreiding in België en Nederland behartig. Van Eybers is "Maria", "Sonnet", "Hagar", "Slaapwandelende kind", "Röntgenfoto", "Tersiene" en "Oorsig" opgeneem. Van Van Wyk Louw is 9 en van Opperman 8 gedigte in die bloemlesing. 'n Ander bloemlesing, *Moderne Zuidafrikaanse Lyriek*, saamgestel en ingelei deur Jozef Deleu, het as spesiale nommer van *De Bladen voor de Poëzie* in 1966 in België verskyn. Van Eybers word hierin opgeneem "Maria", "Die eerste nag", "Hagar", "Verhaal", "Röntgenfoto", "Slaapwandelende kind", "Jong seun", "Slak", "Digter", "Twee kleuters in die Vondelpark".

4. Breytenbach is waarskynlik oor die algemeen die bekendste Afrikaanse literêre persoonlikheid in Nederland. Omdat hy soveel later as Eybers bekend word in Nederland word hier nie spesifiek aandag aan hom gegee nie. Tog is dit belangrik om te vermeld dat hy in Nederland 'n prominente figuur is en baie Nederlandse konneksies het. Voordat sy poësie bekend geword het, het hy reeds uitstallings van sy skilderye in Amsterdam, Groningen en Rotterdam gehou. *Skryf: Om 'n stinkende skip blou te verf* (1972) - 'n versameling Afrikaanse gedigte met vertalings deur Adriaan van Dis langsaan, en tekeninge - verskyn in die "Poetry International Serie" met 'n nawoord deur die Nederlandse digter H.C. ten Berge. Dit is die enigste oorspronklike Breyten-bundel wat net in Nederland en nie in Suid-Afrika gepubliseer word. Volgens die opdrag is dit 'n eerbetoon "aan die volk van Suid-Afrika aan wie 'n burgerskap in hul geboorteland ontsê word". Dit word in 1975 in Suid-Afrika verbied, maar Breytenbach ontvang die Nederlandse Van der Hoogtprys daarvoor. Hy neem sedert die sewentigerjare gereeld deel aan die Rotterdamse Poetry International en ander skrywersmanifestasies. Veral ná sy gevangeneming in 1975 bestee die Nederlandse pers geweldig baie aandag aan hom en talle aksies word gevoer vir sy vrylating. Hy ontvang 'n spesiale toekenning van die Jan Campert Stichting. Al sy literêre werk verskyn by Meulenhoff in Nederland - meestal gelyktydig met die Taurus-uitgawes in Suid-Afrika. Sonder om oor uitgewers- of biblioteekkuliicensyfers te beskik, sou ek ten spyte van Breytenbach se hoë openbare profiel wil beweer dat sy poësie nie so baie as Eybers s'n gelees word nie. In ieder geval is hy nie naastenby tot dieselfde mate as Eybers sonder die hulp van vertaling of woordelyste vir Nederlanders begryplik nie. Kortverhale, *Het huis van de duve* en sy reisroman *'n Seisoen in die paradys* (1976) word in Nederlands vertaal deur Hans Ester en Adriaan van Dis. In *Met andere woorden* (1977) word Breyte. ach se verspreide gedigte uit die jare 1969-1975 volledig opgeneem. Talle Nederlandse kritici skryf oor Breytenbach se werk: Hans Ester byvoorbeeld oor "Sekularisatie als poëzie" (*Kritisch Akkoord 1978*, Brussel/Amsterdam), T. Lijphart (*Spektator*, 1:78) en Adriaan van Dis (*De Vlaamse Gids*, LVIII:6, Junie 1974). In 1987 skryf J.A.A. van Doorn: "Misschien kan Breyten Breytenbach, gevierd en politiek aanvaard als hij is, fungeren als brugfiguur. Hij heeft bovendien het voordeel dat werk van hem is gepubliceerd met de vertaling in het Nederlands ernaast" (*NRC Handelsblad*, 26.3.87).

5. Nijgh & Van Ditmar het ongeveer 'n honderd kopieë van Antjie Krog se *Mannin* en *Bemindes Antarktika* (albei bundels verskyn in 1975) van Human & Rousseau oorgeneem vir Nederlandse verspreiding, maar die bundels verkoop nie goed nie en die invoerpoging is nie opgevolg nie.

6. Eybers verwys in 'n brief aan Van Oorschot (18.1.1957) daarna dat Greshoff toestemming gevra het om haar vier sonnette "Toekoms", "Terugblik", Verjaardag" en "Job" aan *De Gids* te stuur. Wanneer Van Oorschot (13.2.1957) haar vra om die redaksie van *De Gids* te versoek om af te sien van die publikasie van die vier gedigte omdat hy dit in sy tydskrif *Tirade* wil gebruik en meen dat hy "contractueel (de) enige in Nederland (is) die het recht van publikatie bezit op alle gedichten van mevrouw Eybers" (Van Oorschot aan Bert Voeten, 22.2.1957), vind Eybers dit nie korrek nie. Sy skryf aan die redaksie van *De Gids* in verband met Van Oorschot se ingryping: "Ek vind dit 'n vreemde versoek, waaraan ek nie kan voldoen nie. Afgesien van ander oorwegings, sou dit 'n ondankbare en onhoflike gebaar van my teenoor mnr. Greshoff wees. Ek sien vooruit na die verskyning in De Gids van die betrokke sonnette." In 'n brief van 30.11.1958 blaas sy wel stoom af by Van Oorschot oor Greshoff wat aan haar geskryf het dat die skrywers wat sy tydens 'n besoek aan Amsterdam ontmoet het, almal sou behoort tot die "volkskias" en dat hulle werk hom "nimmer beviel noch bevalt". Alhoewel sy vrees dat sy Greshoff "kwes en beledig", "walg" Eybers van wat sy sy "snobisme" noem en van sy aat.val op Olga Kirsch.

7. 'n Samevattende beskrywing van versetsaksies teen die Akkoord is in 'n verslag van die Anti-Apartheidsbeweging Nederland (1976). Hierin word, myns insiens tereg, daarop gewys dat die kulturele verdrag in hoofsaak vir die bevordering van kulturele kontakte tussen wit Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners en Nederlanders gekonsipieer is en dat pogings om dit te ontken of te veralgemeen moeilik verdedigbaar was en veral onhoudbaar geword het in die sewentigerjare.

8. Die parlementêre diskussie oor die aangeleentheid kan nagelees word in die *Handelingen* van die Tweede Kamer van 28-29 April, en van die Eerste Kamer van die Nederlandse Parlement van 19-20 Mei van 1981.

9. Ingrid Jonker (1933-1965) het byvoorbeeld prys gestel op persoonlike kontak. Ná haar dood verskyn *In memoriam Ingrid Jonker* (Kaapstad/Pretoria, 1966) met onder meer 'n bydrae wat aan Simon Vinkhoog toegeskryf is (sien Kannemeyer 1983:285). "Wagtyd in Amsterdam" uit *Kantelson* (1964) is tydens haar reis na Europa geskryf. Gedigte uit *Rook en oker* (1963) is ook gepubliseer in die Nederlandse tydskrifte *Podium* en *De Nieuwe Stem* (onder redaksie van Anthonie Donker). Sy is een van die enigste Afrikaanse digters wat eksplisiet sê hoeveel sy beïnvloed is deur die Hollandse Vyftigers alhoewel sy "ongelukkig nie een van hulle ontmoet nie" (Jonker, *Versamelde Werke* [3], 1983: 213, 219, 227).

10. Kannemeyer skryf (1983:93): "Hoe verankerd Opperman se werk ook al in die persoonlike ervaring of die Suid-Afrikaanse werklikheid mag wees, slaag hy telkens daarin om die besondere, die aktuele en die aardse te ontstyg en die konkrete met 'n geestelike inhoud te vul." Ten spyte hiervan blyk dit dat Opperman se werk te lokaal is om aanklank in Nederland te vind. Dit is aan die een kant vreemd omdat van sy belangrikste werk gebaseer is op Middelnederlandse tekste (*Sinte Brandaan* en *Leven van Sinte Kerstinen*) en gedigte soos "Mijn herte met luste ghevaen" (verwysend na die 24ste lied van Hadewijch). Verder maak hy ook gebruik van die bekende "Vliegende Hollander"-legende in "Nagskip langs Afrika" (albei gedigte uit *Heilige Beeste*, 1945). Een van die spookskepe in die afdeling "Duikboot" uit *Joernaal van Jorik* is uit Amsterdam afkomstig. Opperman se *Periandros van Korinthe* sou 'n interessante vergelyking met W.F. Hermans se *Periander* kon dien. Ten spyte van hierdie boustof kon Opperman tog nie 'n Nederlandse publiek vind nie. Kannemeyer wys op die verwantskap tussen Opperman se werk en dié van Marsman, A. Roland Holst, Hoornik, Achterberg en Nijhoff. In sy kritiese werk (gebundel in *Wiggelstok* en *Naaldekoker)* verwys Opperman na Achterberg (sien Kannemeyer 1983:121) en ondersteun heelhartig Nijhoff se fluitteorie in *De pen op papier*. Nederlandse besprekings van Opperman se werk voor die Van Oorschot-versameling is o.a. resensies van *Joernaal van Jorik* deur D. Bax in *Nieuwere Afrikaanse poëzie* (Amsterdam, 1950) en deur Hendrik de Vries in *De Gids* van April 1955. Lorenz Schultz skryf 'n oorsigtelike opstel oor Opperman in *Ons Erfdeel* (V:4, Junie 1962). J.M. de Vries resenseer *Vergelegen* (1956) in *Zuid-Afrika* (Maart 1957). Amsterdamse proefskrifte soos dié deur T.T. Cloete, R. Geggus en Elize Linde (-Botha) het enkelgedigte van Opperman as onderwerp.

HOOFSTUK 7

HOE BEKEND IS AFRIKAANS IN NEDERLAND (CA. 1960) ?

'n Kort skets word gegee van Afrikaans se amptelike losmakingsproses van Nederlands. Daarna volg 'n oorsig van 'n simposium wat in 1964 in Amsterdam gehou is oor die verstaanbaarheid van Afrikaans vir Nederlanders, asook enkele ander algemene standpunte oor Afrikaans. Die hoofstuk word afgesluit met gesigspunte hieroor afkomstig uit vroeë resensies van Eybers, Van Wyk Louw en Opperman se poësie. Sien veral Bibliografie II, III/E en F.

7.1 AMPTELIKE KONNEKSIES TUSSEN AFRIKAANS EN NEDERLANDS

Aan die begin van die twintigste eeu is Nederlands en Afrikaans in Suid-Afrikaanse amptelike kringe as byna uitwisselbaar beskou. In watter mate Nederlands (ofte wel "Hollands") in Suid-Afrika mettertyd 'n vreemde taal geword het, word geïllustreer deur die amptelike posisie van Nederlands as landstaal sedert Unievorming. In artikel 137 van die Suid-Afrika-Wet van 1909 is "Hollands" en Engels as die twee landstale erken. In 1925 verander die situasie wanneer bygevoeg word dat "Hollands" ook Afrikaans insluit. Afrikaans word dus "van owerheidswee gelyk en volwaardig naas Engels gestel" (Kannemeyer 1978:265) wanneer dit volledig deur albei kamers van die Parlement in 'n gesamentlike sitting in 1925 erken word.

Afrikaans is reeds in 1914 toegelaat op skole, erken deur kerke (1916-1919) en universiteite (1918). Hierdie [illegible] word met trots vermeld deur W.E.G. Louw in *De nieuwere Afrikaanse poëzie* (1939:13). Wanneer Eybers en die ander Dertigers begin skryf, is die amptelike taalstryd teen sowel Engels as Nederlands verby en oor die selfstandigheid van Afrikaans as eie taal naas en ook los van Nederlands word nie meer gedebatteer nie.

Dit sou wel tot 1955 duur voordat Afrikaans Nederlands op die wetboek as amptelike taal vervang. In die Grondwet van 1961 word in artikel 108 gestel dat Afrikaans en Engels die amptelike tale van die Republiek van Suid-Afrika is, met nou as byvoeging, in artikel 119,

dat "Afrikaans ook Hollands" beteken. Die aantasting van die amptelike status van "Hollands", wat beteken dat dit uiteindelik as vreemde taal erken word, vind eers finaal sy beslag in die Grondwet van 1983. In artikel 89 word gestel dat Afrikaans een van die amptelike tale is - met geen verdere verwysing na "Hollands" nie (sien Schutte in Botha & Snyman 1986:62 vir 'n opsomming van die gang van sake). Schutte meen dat die erkenning in 1983 dat Nederlands 'n vreemde taal is, die voltrekking was van 'n onvermydelike proses.

Alhoewel Nederlands lank 'n bevoorregte posisie - al was dit slegs in naam - in Suid-Afrika gehad het, is nooit aan Afrikaans 'n ooreenstemmende posisie in Nederland gegee nie. Trouens, Nederlands is self nie eens in die Nederlandse grondwet as amptelike taal verskans nie.

7.2 SIMPOSIUM OOR DIE POSISIE VAN AFRIKAANS: AMSTERDAM 1964

'n Interessante barometer in verband met die verstaanbaarheid van Afrikaans vir Nederlandssprekendes is 'n simposium wat op 14 November 1964 in Amsterdam plaasgevind het. Die doel was om bestek op te neem van "het uiteengroeien van het Nederlands en het Afrikaans" (*Verslag Symposium*, Amsterdam, 1967:17). Die deelnemers was mense met 'n besondere belangstelling in die band tussen Afrikaans en Nederlands: invloedryke politici, diplomate, akademici en joernaliste. Briewe van onder andere die Suid-Afrikaanse hoogleraar Rob. Antonissen, Ernst van Heerden, W. Kempen, H. van der Merwe Scholtz, H. Venter en P.D. van der Walt het as vertrekpunte gedien.

Werkstukke is vooraf versprei met feitelike gegewens waarin onder meer gekonstateer is dat Nederlands in Suid-Afrika reeds teen 1925 as voertaal van owerheid, kerk, skool, joernalistiek en literatuur verdwyn het, dat baie min Nederlandse tekste op Suid-Afrikaanse skole bestudeer word, en dat Suid-Afrikaanse studente ná hulle studie "Afrikaans-Nederlands" (waarin die pakket Nederlands die bestudering van enkele gekanoniseerde tekste behels) waarskynlik nooit weer 'n Nederlandse boek ter hand neem nie (*Verslag Symposium*: 9-11).

Daar is verder vasgestel dat in die Nederlandse middelbare onderwys géén aandag aan Afrikaans bestee word nie, behalwe in "incidentele gevallen" vanweë die "curiositeit" daarvan.[1] "Het Afrikaans maakt op de gemiddelde Nederlander nu eenmaal een grappige, lachwekkende indruk" (*Verslag Symposium: 13*). Aan Nederlandse universiteite kom die studie van Afrikaans slegs in 'n geringe mate aan die orde. Ander vasstellings is dat daar

vir die gemiddelde Nederlander geen noodsaak is om Afrikaans te leer nie weens die geringe mondelinge en skriftelike kontakte en omdat die indruk bestaan dat die taalverwantskap wel daarvoor sal sorg dat daar geen taalprobleme sal wees nie. "Werden vijftig jaar geleden de historische en sentimentele banden met Zuid-Afrika in Nederland nog sterk gevoeld, thans is dit in het algemeen niet meer het geval."

Deelnemers aan die simposium se menings oor hierdie stand van sake word kortliks weergegee. Die hoofsaaklik "sentimentele" faktore (*Verslag Symposium*:21) wat die simposiumgangers se wens bepaal om die vervreemding teen te gaan, duik telkens in hulle spreekbeurte op.

G. Stuiveling (hoogleraar in die Nederlandse letterkunde aan die Universiteit van Amsterdam; voorsitter van die Nederlandse Vereniging van Letterkundigen) vra hom af in watter mate "eigenlijk van twee afzonderlijke talen met een betrekkelijke geringe samenhang kan worden gesproken. Iedere taal is in ontwikkeling." K. Maartense (hoof van die Afrikaanse afdeling van Radio Nederland Wereldomroep te Hilversum) wonder of dit nie daarom wenslik is om vertalings van verteenwoordigende tekste in mekaar se tale beskikbaar te stel nie. G.W. Ovink ("bijzonder hoogleraar aan de Universiteit van Amsterdam; lid van de commissie van advies en coördinatie ten dienste van de culturele betrekkingen tussen Nederland en Zuid-Afrika") noem die moontlikheid van oorspronklike uitgawes met verklarende aantekeninge.

J. Klatter (redakteur buiteland van die dagblad *Trouw*) meen taal moet nie slegs in sy "uitgaanskleed" as literatuur bekyk word nie, maar vra aandag vir die "taal in de overall, of met het schortje voor in de keuken, of misschien wel het confectiepakje van de kleine man, doodeenvoudig in zijn dienstbare functie als overdracht van een aantal geestelijke waarden die er zijn". Hy wys daarop dat met betrekking tot die "paginaruil" tussen *Trouw* en *Die Burger* ná ernstige oorweging besluit is dat dit "ten enenmale onmogelijk" was om elkeen in sy eie taal te laat skryf. "De factor, die hier beslissend geweest is, dat is juist de verstaanbaarheid. Zoals ik vroeger als jongen het zuidafrikaans zeer goed begrepen heb helemaal zoals het tot ons kwam, zo weet ik, dat de huidige generatie jongeren het zuidafrikaans niet meer begrijpt en ook niet meer bereid is het te lezen." Stuiveling noem die "paginaruil" in vertaalde vorm "een bewijs (...) van een stadium van vervreemding, dat we misschien wel kunnen betreuren, maar dat we niet kunnen ontkennen".

De Winter ("oud-hoogleraar in Algemene en Vaderlandse Geschiedenis van de nieuwe en nieuwste tijd aan de Rijksuniversiteit Groningen, lid van de redactie van het maandblad *Zuid-Afrika*; lid van de commissie van advies en coördinatie ten dienste van de culturele

de culturele betrekkingen tussen Nederland en Zuid-Afrika") meen daar moet besef word dat slegs die "intellectuele bovenlaag" nog geïnteresseerd is in wedersydse kontak en daarby baat kan vind. Hy haal dan 'n argument aan van Jessurun d'Oliveira (*Zuid-Afrika*, 37:12, 204, december 1960; sien ook Hoofstuk 13) wat hom besonder getref het.

> Die redeneerde dat hij, het Afrikaans lezende, juist zoveel weerstand ondervond dat hij om zo te zeggen elke versregel of elke zin moest belegeren en er zich van moest bewustmaken, wat er gezegd werd en hoe het er gezegd werd. En dat dit bij hem juist de sensatie heeft gebracht, dat hij omtrent zijn eigen taalmiddelen groter bewustzijn kreeg, en dat aan de andere kant hij daarmee tevens doordrong in datgene, wat dan de Afrikaner ten dienste staat.

Alhoewel De Winter daarvoor pleit dat 'n resultaat van die simposium moet wees om Afrikaanse literatuur na Nederland te bring, gebeur dit in die daaropvolgende jare tog nie. Dit wil voorkom of die "depot" wat deur die Boekhandel W.P. van Stockum & Zn te Den Haag opgebou sou word ('n doelwit van F.E.J. Malherbe se besoek aan Nederland in 1958), nooit goed gefunksioneer het nie. Slegs Eybers se werk is geredelik beskikbaar weens die feit dat sy jare lank die enigste Afrikaanse skrywer is met 'n Amsterdamse uitgewer. In die situasie wat P. van Eeten ("redacteur letterkunde van de *NRC*") beskryf, dat "geen één" Suid-Afrikaanse uitgewer resensie-eksemplare aan Nederlandse koerante stuur, kom in die daaropvolgende jare ook geen verandering nie.

Alhoewel die deelnemers die realiteit van die verwydering tussen Afrikaans en Nederlands onder oë sien, word 'n aspek wat as 'n uiters belangrike en steeds groterwordende rede vir die vervreemding beskou kan word - Nederlanders se afkeer van die in hoofsaak Afrikaanssprekende Suid-Afrikaanse regering se rassebeleid - totaal buite rekening gelaat. Dit het sekerlik te make met die blinde en onkritiese lojaliteit waarmee baie Nederlandse "vrienden van Zuid-Afrika" die gang van sake daar bejeën het.[2]

7.2.1 ENKELE ANDER OPMERKINGS OOR AFRIKAANS

Een van die vroegste "moderne" opmerkings oor Afrikaans wat saamval met die tyd waarin Eybers se werk reeds in Nederland gelees word (sien bv. Van der Bom-Luitingh 1948), is Anthonie Donker se uitsprake. In *De bliksem speelt om de doringboom* (1949:51) - indrukke oor sy reis deur Suid-Afrika - skryf hy:

> Het Afrikaans is een mooie taal. Het klinkt helder, soms zangerig. Mooier dan Nederlands? Ik geloof van wel ... Heel anders dan Nederlands klinkt het. De klinkers verschillen zonder uitzondering ervan, vele zijn tweeklanken ... En hoe kernachtig vooral de woordkeus.

Wam de Moor skryf dertig jaar later (*De Tijd*, 10.8.79):

> De taal, het Zuidafrikaans, wordt ten onrechte moeilijk te begrijpen geacht. Het is een kwestie van goede wil. En didactisch gezien zou het leren verstaan van dit gekortwiekte Nederlands met prachtige restanten uit de zeventiende-eeuwse taal ook een aanloop kunnen zijn naar het verstaan van het middelnederlands of het leren waarderen van Engelse gedichten en prozastukken uit datzelfde Zuid-Afrika.

Nog byna tien jaar later skryf J.A.A. van Doorn (*NRC Handelsblad*, 26.3.87) oor sy ontdekking van Eybers-poësie tydens 'n reis deur Suid-Afrika. Hy koppel sy artikel aan 'n bespreking van Eybers se werk deur Willem Jan Otten (*NRC Handelsblad*, 13.3.87) waarin Otten Eybers se Afrikaans vergelyk met wat hy "de fiarden pitbuilterriertaal" noem wat soms op die televisie "te horen zijn uit de mond van mannen die zich vastbijten in hun verloren zaak".

Van Doorn se indruk van Afrikaans is anders: "Wat mij aan het Zuidafrikaans opvalt is nu juist de buitengewoon grote gemoedelijkheid en muzikaliteit. Het is een taal die wordt gesproken zoals veel Vlamingen het Nederlands spreken: warmer, beeldender en menselijker dan wij onze taal spreken." Van Doorn moet toegee dat die semantiese en grammatikale verskille tussen Afrikaans en Nederlands groot is.

> Wat wél een punt is, zelfs voor Nederlanders, is de moeilijkheidsgraad van de taal. Het kost inspanning erin door te dringen, en zeker wie het Zuid-Afrikaans nooit of een tijdlang niet heeft horen spreken, zal het lezen moeilijk vallen.

Hierdie klein seleksie standpunte oor hoe Afrikaans met sy Suidnederlandse klankbasis en ook vernaamlik Nederlandse woordeskat vir Nederlandssprekendes klink, toon dat die emosionele waarde daarvan deur sommige Nederlanders nie los gesien word van negatiewe konnotasies weens die politieke beleid van die (Suid-)Afrikaanse regering nie. In die meeste resensies kom hierdie politieke aspek nie so uitdruklik aan bod soos in bv. Otten se resensie nie, maar dit speel tog dikwels sterk deur. Alhoewel Afrikaans vir Donker, De Moor en Van Doorn mooi en poëties klink, is dit 'n "barrière" wat oorkom moet word indien 'n Nederlander wil verstaan *wat* en veral ook *hoe* dit gesê word. Teen dié agtergrond moet die Nederlandse resepsie van Eybers se poësie gesien word.

7.3 OPMERKINGS OOR AFRIKAANS IN POËSIERESENSIES

In resensies van die Van Oorschot-publikasies van Eybers, Van Wyk Louw en Opperman se poësie, word talle uitsprake oor die bruikbaarheid van Afrikaans vir digters en die verstaanbaarheid van Afrikaans gemaak.

C. Bittremieux skryf 'n omvattende en lowende resensie (in die *NRC*, 7.9.57) oor Eybers se *Versamelde gedigte*. Die inleiding is tipies van 'n groot persentasie van Eybers-resensies wat met die jare sou volg: 'n bespreking van taalprobleme wat Nederlandse lesers mag ondervind. Hy verwys eers na die feit dat Nederlanders dikwels vreemde woorde wat hulle in Vlaams teëkom as "sappig" of "autochtoon Vlaams" beskou, alhoewel dié woorde miskien vertaalde Frans is, of selfs 'n "taalscheppende vondst".

> Soortgelijke moeilijkheden, maar dan in veel grotere mate, doen zich voor wanneer een Nederlander of een Vlaming in contact komt met de taal die, als de rib uit Adam, in een onbewaakt ogenblik uit het lichaam van het Nederlands is weggenomen en als door een speelzieke of verstrooide engel in het zuiden van het Afrikaanse continent verloren gelegd. Het heeft een paar eeuwen geduurd voor men ze daar terug kon vinden, in de vorm van een welgeschapen zuster, die nog vrij veel trekken van haar oorsprong had bewaard, maar wie het toch aan te zien was dat de familiebetrekkingen zo lang onderbroken waren geweest.

Bittremieux bespiegel oor die vraag of "men (...) dit Afrikaans op weinig na zonder veel moeite (begrijpt), of men meent het te begrijpen, maar verstaat men het wel altijd op de goede wijze?" Bittremieux som in die voorbeelde wat hy van wanbegrip gee, presies op wat die probleemstelling van hierdie proefskrif onder meer behels:

> Zelfs als men omstandig is voorgelicht, blijft een zekere omzichtigheid geboden. Ik vraag mij af of ik het bekende sentimentele strijdvers van Celliers: 'Hulle het jou in Engeland gemaak, seepkissie' op dezelfde wijze kàn horen als de Afrikaander. Ondanks alles blijft de regels voor mij iets hulpeloos kinderlijks behouden, dat de Afrikaander waarschijnlijk ontgaat. Als ik, om een voorbeeld van een ander orde te noemen, bij Elisabeth Eybers lees, in een vers over een kind: 'die sagte duik wat jou slape maak' word ik vooral getroffen door dat 'duik' (holte), dat voor mij een lading van oorspronkelijkheid heeft die de Afrikaander er wel niet in zal vinden.
>
> Wil dit zeggen, dat de literatuur, meer in het bijzonder de poëzie van Zuid-Afrika veroordeeld is om door ons op de verkeerde wijze te worden begrepen of genoten? Ik meen globaal gesproken van niet, zoals het ook niet mogelijk is, door abstractie van het eigene en inleving in het andere tot een vrij zuiver begrip van buitenlandse, of bijv. van middelnederlandse poëzie te komen. Men moet alleen iets meer op hinderlagen bedacht zijn dan in de onmiddellijk vertrouwde taal. Zonder het belang ervan te overschatten: 'die sagte duik wat jou slape maak' lijkt mij hoe dan ook een mooie versregel. En bovendien: dit afwegen van woorden op een goudschaaltje is iets wat men maar achteraf doet, bij wijze van spel of desnoods van proef op de som.

J.H.W. Veenstra (*Vrij Nederland*, 17.9.75) gee onder die opskrif "Het rijke Nederlands van Zuid-Afrika: De vrouwelijke poëzie van Elisabeth Eybers" eers 'n karakterisering van Nederlanders wat hy "eigenaardige lieden" noem.

> We hebben er ook veel geld en goede woorden voor over om de Papoea's tot onze trouwe, het Nederlands lezende en het Wilhelmus (...ik ben van Dietse bloed...) zingende klantjes te maken. Maar van de stam- en taalverwante volken buiten onze grenzen trekken we ons liefst zo weinig mogelijk aan en dat dit geen

> loze boutade is, daarover kunnen zowel de Vlaming-n als de Zuid-Afrikaners meespreken.

Veenstra meen dat hierdie verskynsel verband hou met die verval van Nederlanders se nasionale en kulturele selfbewussyn. Dit het wel daartoe gelei dat "een deel van de Dietse stam" van 'n

> opmerkelijke en min of meer ondergronds geconserveerde vitaliteit blijk heeft kunnen geven, waarvan de uitingen ons nu langzamerhand ons eigen falen met de ietwat groteske trekken van de lachspiegel voor ogen houden. In wat wij graag voor een primitief boerentaaltje houden heeft zich immers daarginds het Nederlands buiten onze bemoeienis om onder vijandige druk kunnen handhaven als een levende en levenskrachtige taal. Eigenlijk als een voedende wortelstok, die op het gepaste moment de jonge loten van een volwaardige taal weer tot bloei brengt.

Veenstra tref 'n vergelyking tussen die manier waarop Vlaams en Afrikaans deur Nederlanders beskou word:

> Sinds Gezelle en Felix Timmermans hebben we die huiselijk geconserveerde en een stuk eigenaard conserverende Vlaamse taalschat zelfs op het literaire vlak leren waarderen - en dikwijls overdreven gewaardeerd - maar wat het Afrikaans betreft zijn we nog steeds niet verder gekomen dan het meedreinen van het zo 'pittoreske' Sarie Marijs. De doorsnee-Nederlander vindt het Afrikaans nog maar altijd een rare krompraterij en de nu al zolang in Zuid-Afrika woonachtige Greshoff schreef eens dat het afwijzende oordeel van de Zuid-Afrika bezoekende Nederlanders over een taal, waarvan zij de structuur noch de rijkdom kennen, ons daar onnoemelijk veel kwaad heeft berokkend.

Die ontwikkeling van Afrikaans het tot "een aparte taaleigen" gelei wat 'n verryking van uitdrukkingsmoontlikhede meegebring het. "Zelfs van literaire uitdrukkingsmogelijkheden, en wie dit getoetst wil zien aan het meest subtiele gebruik der taal, nl. het poëtische, kan ik de lezing aanbevelen van (...) *Versamelde gedigte*."

In sy resensie, "Een der sterkste dichteressen uit het Nederlandse taalgebied" (*Het Vaderland*, 21.9.57) probeer Pierre H. Dubois lesers "wen" vir die lees van Afrikaans deur 'n uiteensetting te gee van die gebruiklike vooroordele daarteën:

> Het Zuidafrikaans is voor nederlandse oren een taal vol primitieve elementen. Wij zijn altijd geneigd er iets onbeholpen kinderlijks in te vinden dat eerder op onze lachspieren werkt dan andere talen, - een 'privilege' trouwens, waarin ook het Vlaams zich nu en dan nog mag verheugen.

Hy wys daarop dat Afrikaans onder groot druk vanuit 'n eie vitaliteit ontwikkel het tot 'n kultuurtaal. Nederlanders se selfgenoegsame onkunde oor die volwasse-wording van die Afrikaanse literatuur, lei daartoe dat Eybers se *Versamelde gedigte* haar "bij ons net één slag openbaren kan als een der grootste dichteressen van deze eeuw in het Nederlandse

taalgebied, even groot, zo niet groter dan Vasalis, met wie men haar onwillekeurig vergelijkt".

Dubois wys op begripsprobleme wat lesers mag ondervind:

> Ik moet er onmiddellijk aan toevoegen dat het Afrikaans ons lang als een vreemd idioom blijft klinken. Het is veel minder gemakkelijk toegankelijk dan het Vlaams, en ook daar gebeurt het herhaaldelijk dat onvoldoende kennis verkeerd verstaan veroorzaakt. Dat kan zich licht ook bij het Zuidafrikaans voordoen, gemakkelijker zelfs, want men dient van sommige woorden absoluut de betekenis te kennen omdat zij anders een juist begrip van het gedicht verhinderen. Het is overigens niet moeilijk om die betekenissen te achterhalen en voor wie wel vaker eens iets in het Zuidafrikaans heeft gelezen behoeft de taal geen beletsel te vormen.

Hy tref 'n duidelike verskil tussen Eybers en ander Afrikaanse skrywers se werk.

> Men behoeft bij Elisabeth Eybers niet aan het Zuidafrikaans te denken, maar alleen en uitsluitend aan de poëzie; een volkomen objectieve en hoge maatstaf dringt zich hier vanzelf op, omdat haar poëzie daaraan beantwoordt.

C.J. Kelk skryf in *De Groene Amsterdammer* (5.10.57) oor twee digteresse uit omgewings waar Nederlands bekend is: Eybers uit Suid-Afrika en Alette Beaujon van die Nederlandse kolonie, die Antille. "Uit de taal-kolonies van ons volk" is 'n "loflied op eendersheid-in-andersheid":

> Het is werkelijk geen poging tot een soort literair imperialisme, wanneer we ons enkele belangrijke stukken letterkunde trachten toe te eigenen, die ver van ons land, in geheel andere luchtstreken dan de onze, op volkomen natuurlijke wijze zijn ontstaan. Het is zelfs niet een trachten; het is eenvoudig een werkelijkheid. Er bestaan letterkunden in onmiskenbaar onze taal, er bestaan poëzieën, die gegrond op onze woordenschat, onze taalstructuur, nationale poëzieën zijn van andere volken. Wij hebben met die andere volken historische banden van zo intieme aard, dat de dichters die ver van ons in volkomen andere omstandigheden leven, desondanks met ons het instrument gemeen hebben, want dit instrument is hun moedertaal.

Kelk wys op die gemengde gevoelens van herkenning en vervreemding wat die Portugese in Brasilië, Engelse in die V.S.A., en Spanjaarde in Suid-Amerika in verband met hulle onderskeie tale ervaar. Dit geld ook vir Nederlanders wanneer hulle Afrikaans hoor.

> Het schenkt een bijzondere ontroering wanneer ge die taal beluistert, de taal van onszelf, van onze voorouders, die tegelijk de taal is van de verre onbekenden. Dan pas beseffen we, dat de taal gans het volk is, dat staatkundige grenzen, continentale verschillen, door iets anders dat haast machtiger schijnt, worden doorbroken. En dat is dan het blote feit, dat een dichter, die bergen ziet en stromen die wij nooit hebben gezien, desondanks onze woorden slechts tot zijn beschikking heeft om de natuur van zijn land, voor zijn volk, maar ook voor ons, te doen leven.

Bekendheid van Afrikaans in Nederland

In teenstelling tot Menno ter Braak, wat twyfel of daar 'n gemeenskaplike kulturele voedingsbodem is vir Afrikaanse digters en Nederlandse lesers, meen Kelk dat die gemeenskaplikheid van taal veel sterker is as geografiese nabyheid. "Zelfs wat vlak bij ons ontstaat, b.v. poëzie in het Fries, poëzie in het Duits, heeft niet dat aloud vertrouwde voor ons als poëzie, ontstaan in Zuid-Afrika of op de Antillen." Hierdie argument word in die volgende paragraaf effens omvergewerp wanneer Kelk skryf dat Afrikaans "op het eerste gezicht voor ons niet zo gemakkelijk (is) omdat er nogal wat verschillen zijn ontstaan en nogal wat bij ons onbekende woorden".

Klant (1958:63) bewaar sy opmerkings oor Afrikaans vir sy laaste paragraaf:

> Er zijn ingezetenen van ons groengeruit land met 'pophuisies' die menen dat de bewoners van het wijde, lege, zuidelijk land, dat 'nog steeds die onrus wek', een *taaltje* spreken en dus geen leesbare poëzie kunnen schrijven. Wie echter even niet toegeeft aan de ons Nederlanders ingeboren deftigheid, slechte manieren en aanstellerij met gebroken Engels, zal bij het lezen van Elisabeth Eybers' *Verzamelde gedigte* gauw ontdekken dat Afrikaans een taal is en misschien zelfs begrijpen waarom sommige bevooroordeelde Afrikaners menen dat Nederlands harkerig en plechtstatig is, alleen geschikt voor preken en begrafenissen. Afrikaans, ook al is het voor iedere Nederlander leesbaar, is niettemin een vreemde taal. Daardoor komt het waarschijnlijk dat in deze Nederlandse uitgave zoveel drukfouten staan. Ik ben achtmaal over een gestruikeld. In het woord 'Gok' (blz. 17) zoeke men bijv. geen taalwet en geen metafysica. Er had 'God' moeten staan.

Dr. J.W. Schulte Nordholt (*Het Parool*, 4.2.61) skryf in sy Opperman/Louw-resensie:

> Het is zo langzamerhand in Nederland wel bekend geworden, dat onze stam- en taalverwanten in Zuid-Afrika een uiterst belangwekkende literatuur hebben. Juist hun poëzie is van een bijzonder peil, als men erbij bedenkt, hoe kort zij over een litteraire traditie beschikken in de eigen Afrikaanse taal (...) vlak voor de tweede wereldoorlog stond een groep dichters aangetreden, die ons zouden verbijsteren door het hoge peil van hun werk. Eenvoudig omdat we dat niet verwacht hadden misschien. Er leefde (en leeft) een vriendelijke minachting voor een taal die men kinderachtig placht te noemen, maar dichters als Van Wyk Louw en Elisabeth Eybers overtuigden ons ervan, dat hun taal volwassen is.

Lambert Tegenbosch (Grové 1974:193-195) meen dat Afrikaans net so veel as Duits van Nederlands verskil en daarom beskou hy die tien bladsye woordverklaring as onvoldoende by die Opperman-bundel.

> Lezende (...) gaat men wel bijzonder betreuren dat het Zuidafrikaans ons zo vreemd is geworden. (...) Heeft de Nederlander bij nogal wat Zuidafrikaanse woorden de neiging ze naïef en vermakelijk te vinden, bij Opperman heb ik daarvan niets bespeurd. Het enige dat verdriet kan geven, is dat men het maar half verstaat.

A. Nuis (*Vrij Nederland*, 8.10.60; ook opgeneem in Grové 1974:195-199) het groot waardering vir die poëtiese klank van talle woorde wat Opperman gebruik:

> Padden zijn 'die tortels van die modder'; het gebergte van de Kaap is een neushoorn, die kwaadaardig op langsvarende schepen staat te loeren; de sterrenhemel is een 'konka', een petroleumblik met gaten dat als straatkachel dienstdoet. Vaak is het niet zonder meer duidelijk of een beeld een oorspronkelijke vondst van Opperman is of een gangbaar Afrikaans woord. Zo is 'worsvlag' voor de fuikachtige windzak die men op vliegvelden ziet, blijkbaar een vondst van Opperman, maar het woord 'blikkiesbuurt' voor de achterbuurten van de negers in de grote stad was waarschijnlijk al in de taal aanwezig. Aan de grenzen van het Nederlands wordt nu eenmaal harder voor het taaleigen gestreden dan in Nederland zelf.

Die naamlose resensent van *De Groene Amsterdammer* (29.10.60) skryf 'n resensie van die twee bloemlesings onder die opskrif "Is Afrikaanse poëzie ook Nederlands? Keurbundels van N.P. van Wijk Louw en Dick Opperman" (*sic*).

> Eigenaardig en uniek in haar soort is de ervaring die men opdoet met het lezen van Afrikaanse poëzie, vanwege de gevoelsverwarring die ze teweegbrengt juist in de categorie emoties die (hij/zij) trachtte te schetsen.

In 'n vergelyking tussen die leeservaring van byvoorbeeld Spaanse of Engelse en Nederlandse gedigte, skryf die resensent:

> Men wordt niet als bij Nederlandse poëzie van zo nabij tegemoetgekomen door het woord, dat men zelf dagelijks gebruikt (...). Want elke variatie in de gangbaarheid der woorden voelt men, als men Nederlands leest. De bewondering (vir gedigte in 'n heel vreemde taal - EJ) kan groot zijn, groter misschien zelfs dan voor het eigene, maar de liefde voor een vreemd poëzie heeft toch iets van verliefdheid op een vreemde, hoe fel die ook kan zijn. Het gevoel van verwantschap ontbreekt er echter aan en de gehechtheid aan deze woorden kan nooit zo groot zijn als die aan eigen woorden.

Die resensent meen dat Nederlandse lesers gou gewoond kan raak aan Afrikaans en dan "openbaart de Afrikaanse poëzie haar zeer eigenaardige schoonheid, haar kleur en vormvastheid, haar plastiek en melodie, de overvolheid zowel van beelden als van klanken en dit laatste niet het minst door het zeldzaam optreden van 'stomme lettergrepen'".

Peter van Eeten skryf in die *NRC* (17.12.60) dat G.A. Van Oorschot se bloemlesings "een felicitatie waard" is dat veel te min mense in Nederland bekend is met die Afrikaanse digters wat "toch (...) voor ons meestal zo makkelijk toegankelijk, niet moeilijker tenminste dan Nederlandse dichters als Van de Woestijne of Roland Holst" is. Hy beskou "het afwijkend dialect", soos wat hy Afrikaans beskryf, as "in wezen een veel kleinere handicap dan de gedachten- en gevoelswereld van een dichter, die we immers altijd pas door langzaam en herhaald lezen leren kennen - als de dichter althans werkelijk iets te zeggen heeft".

Woordverklarings kom soms in resensies voor. Tegenbosch vind dit byvoorbeeld onvoldoende dat slegs "tarentaal" uit die Opperman-gedig "Vakansiebrief" as "parelhoen" verklaar word. Hy vertaal vir sy lesers ook nog "Dae = dagen, reën = rege likkewaan = leguaan". *De Groene Amsterdammer* gee die volgende vertalings by die bespreking van Louw se *Nuwe verse*: "rek = katapult; klippie = steentje". Soms kla 'n resensent, onder andere Peter van Eeten, dat die gedigte moeilik is. "De poëzie die Van Wyk Louw de laatste jaren schreef levert voor de Nederlandse lezer nogal wat moeilijkheden op door de vele uitdrukkingen uit de volkstaal en de vaak pregnante uitdrukkingswijze. Zelfs de woordenlijst geeft niet altijd uitkomst."

7.4 OPSOMMEND

Die tipe besware teen Van Wyk Louw en Opperman se gebruik van Afrikaans word baie selde aangetref in Eybers-resensies. Dit is asof Eybers byna instinktief die toeganklikste woorde vind, soos wat een resensent opmerk. Alhoewel in 7.2 aangetoon is dat Afrikaans teen die jare sestig 'n vreemde taal in Nederland was en dat selfs 'n mate van weerstand daarteen ontwikkel het, blyk dit dat Eybers se hantering van Afrikaans haar gedigte tog toeganklik maak en baie lesers bereik.

VERWYSINGS BY HOOFSTUK 7

1. Alhoewel Meijer (1988:209) meld dat Afrikaanse gedigte in Nederlandse skoolbloemlesings voorkom, is dit selde behandel.

2. In 'n persoonlike onderhoud (28.5.1991) vertel Hans Ester dat daar in Nederland na aanleiding van die Sharpeville-gebeure op 20 Maart 1960 tog wel "een enorme discussie" ook in behoudende kringe in Nederland losgebars het, onder meer na aanleiding van artikels in die Calvinistiese-protestantse blad *De Spiegel*. "Voor de Gereformeerden was het een enorme schok dat Zuid-Afrika, dat de Afrikaners anders waren dan zij dachten."

III

DIE RESEPSIE VAN ELISABETH EYBERS SE "NEDERLANDSE" BUNDELS

HOOFSTUK 8

DIE NEDERLANDSE RESEPSIE VAN *BALANS* (1962)

'n Bestudering van 28 besprekings van Balans *toon dat Eybers se taalgebruik, die referensie-kader en algemene poëtikale aspekte van haar gedigte deur Nederlandse kritici as relevant beskou word. Hierdie aspekte bly ook belangrik in besprekings van die bundels ná* Balans. *Ter wille van eenvormigheid en om vergelykings te vergemaklik, word resensies van* Balans *onder dié drie opskrifte bespreek en daarna, in Hoofstuk 9, resensies van* Onderdak, Kruis of munt, Einder, Bestand, Dryfsand, Rymdwang, Noodluik *en* Teëspraak. *Die Suid-Afrikaanse resepsie van al hierdie bundels kom in Hoofstuk 10 aan die beurt. Aangesien hierdie proefskrif ook 'n dokumenterende funksie het, haal ek ruimskoots aan uit resensies wat oor die algemeen wydverspreid en moeilik bekombaar is. Sien veral Bibliografie III/G.*

8.1 INLEIDING

Balans verskyn in Maart 1963 in Nederland by Em. Querido's Uitgeverij, 'n bekende Amsterdamse uitgewersmaatskappy wat in daardie stadium onder andere Marsman, Achterberg en Kouwenaar in sy poësiefonds het. Die uitgewer kondig die bundel as volg aan:

> Het verheugt ons zeer, de nieuwe verzenbundel van de al jaren door ons bewonderde dichteres Elisabeth Eybers te kunnen aanbieden: ELISABETH EYBERS - BALANS. Gedichten. 72 bladzijden. Band en stofomslag: P. Waterland. Gebonden f 7,90. Maart 1963. Elisabeth Eybers dicht met de helderste taal, de eenvoudigste woorden, de concreetste begrippen aan een werk, zo diep, zo algemeen geldig, dat wij hierdoor (in haar eigen formule) *allengs oorreed/tot wat ons lankal weet* worden. In zekere zin schrijft zij dus gemakkelijke poëzie, maar deze vergt van ons, haar lezers, de tucht, de fijnste nuance op te merken. Zij gebruikt de teerste werktuigen op elk brok taal *en rus nie vóór 'n marmer ooglid roer*. Haar thema is het eeuwige in het veranderende, het wisselvallige, het vergankelijke. Haar verlangen geldt het eenvoudige, het unieke, het zuivere. Als tragisch ervaart zij, ongetwijfeld niet alleen incidenteel, de noodzaak om te moeten hanteren *die voegwoorde van kunstige verweer/sos: /daarteen ... ondanks ... desnietemin ...* (*sic*).
>
> Haar gedichten zijn een begeleiding van, soms een terugblik op, haar leven. Zij weet haar poëtische ervaringen zo te formuleren, dat zij ook de onze zijn. De grootheid onder de groten van Elisabeth Eybers is al dikwijls verkondigd. Met

(pp. 128, 129, 130 omitted in pagination.)

> andere coryfeeën van de Nederlandse letteren is zij al vaak op een lijn gesteld. Groter dan haar ook-grootheid en haar in-de-rij-staan is echter haar onvervangbare eigenheid, haar radicale vrouwelijkheid, haar eenvoud-zonder-schaamte.

Hierdie styl van uitgewers-aankondiging is belangrik. Wat dadelik opval, is hoe indirek verwys word na Eybers se andersheid. Vergelyk byvoorbeeld: "Zij weet haar ervaringen zo te formuleren, dat zij ook de onze zijn." Die "onze" kan lesers in die algemeen wees, maar waarskynlik veral ook Nederlandse lesers, alhoewel daar nêrens in die uitgewersaankondiging melding gemaak word van die feit dat Eybers in Afrikaans dig, van Suid-Afrika afkomstig is en nog maar twintig maande lank in Amsterdam woon nie. Dit wil dus voorkom asof die "kuriositeitswaarde" van hierdie gegewens óf as irrelevant beskou is, óf dat gemeen is dat 'n beklemtoning van dergelike feite 'n nadelige invloed op die boek se verkope sou kon hê. 'n Ander moontlikheid is dat Querido gemeen het dat Eybers by die poësie-lesende Nederlandse publiek bekend was vanweë die Van Oorschot-versameling.

Wanneer *Balans* verskyn, is daar min Nederlandse resensente wat pretendeer om op die hoogte te wees van ander Afrikaanse digters se werk. Vergelyk byvoorbeeld hierdie "bekentenis":

> In de rij van namen als die van Van Wijk Louw, Celliers en Totius heeft die van Elisabeth Eybers in Nederland wel de meeste bekendheid gekregen, en op dit moment is zij vrijwel de enige Zuidafrikaanse wier werk in ons land gelezen wordt. Dat is natuurlijk wel voor een groot deel te danken aan het feit, dat al haar bundels sinds de oorlog verschenen zijn bij Nederlandse uitgevers als A.A.M. Stols, Van Oorschot en Querido.
>
> ("een onzer redacteuren" in *Algemeen Dagblad*, 10.8.63)

Die gunstige resensies van veral *Versamelde gedigte* (Van Oorschot, 1957) het die vreemdheid dat 'n Afrikaanse digter in Nederland uitgegee word, verwyder. Bowendien het die feit dat Van Wyk Louw en Opperman se gedigte vir Nederlandse lesers soveel vreemder was as Eybers s'n, haar reputasie as 'n "verstaanbare" Afrikaanse digter vergroot.

'n Bestudering van *Balans* se resepsie in Nederland (28 resensies) toon dat kritici hulle lesers se aandag op 'n aantal "eksterne" aspekte vestig terwyl die spesifiek werk-immanente bespreking van enkel-gedigte in verhouding daartoe betreklik min aandag kry. Die aspekte kan in drie hoofgroepe verdeel word: i) opmerkings oor Eybers se Afrikaanse taalgebruik, ii) opmerkings oor die referensie-kader van haar gedigte, iii) algemene poëtikale kommentaar wat veral Eybers se posisie ten opsigte van die Nederlandse poësie-tradisie betrek.

8.2 KOMMENTAAR OOR EYBERS SE TAALGEBRUIK

Die feit dat 'n Afrikaanse digbundel in onvertaalde vorm deur 'n Nederlandse uitgewer gepubliseer word, is noodwendig vir Nederlandse lesers opvallend. Kritici lewer veral kommentaar op die verstaanbaarheidsprobleme wat Nederlandse lesers mag ervaar by die lees van die gedigte. 'n Belangrike komponent van Nederlandse Eybers-resensies is dan ook die inleidende bespiegelings oor haar taalgebruik. Die taalkwessie betrek indirek reeds ook Eybers se "politieke aanvaarbaarheid" in Nederland. Dit wil voorkom asof kritici - danksy haar verstaanbaarheid - gou bereid is om haar as 'n emosioneel-voelende medemens te beskou eerder as 'n vreem[illegible]ing wat afkomstig is uit die politiek-verdagte Suid-Afrika.

C.J.E. Dinaux, 'n resensent wat in provinsiale Nederlandse koerante 'n groot invloed uitgeoefen het, se bespreking is 'n goeie voorbeeld hiervan. Sy resensie van *Balans* verskyn in onder meer *Haarlems Dagblad, Nijmeegs Dagblad* en *Overijsselse en Zwolsche Courant* (almal op 20.4.63). Dinaux gee eers 'n uitvoerige bespreking van die stand van die Afrikaanse poësie-resepsie in Nederland en stel vas dat dit "toch P.N. van Wijk Louw (*sic*) en Elisabeth Eybers" was wat Nederlandse belangstelling vir Suid-Afrikaanse poësie gaande gemaak het. Dinaux skryf dat "zelfs dat weinige" wat van byvoorbeeld Marais, Celliers en Toon van den Heever in Nederlandse bloemlesings opgeneem is "als representanten van de Kaapse poëziebloei der Nederlandse stamtaal" met "een ander oog gelezen, met een ander oor gehoord" is as gedigte "van eigen bodem".

> De taalvereenvoudiging werd voor kinderlijk gehouden, de samentrekkingen - soos in plaats van zoals, teen in plaats van tegen - golden als dialectische naïveteit: het Zuidafrikaans staat voor velen te dicht bij het Nederlands om het te horen als een taal die zich zelfstandig ontwikkeld heeft onder een andere hemel, in een ander volksklimaat en temidden van tegenstellingen, waarvan de actueel-toegespitste rassendiscriminatie een onbevangen toenadering van Nederlandse kant zeker niet bevordert. Maar dichtertaal en politiek hebben elkaar gelukkig altijd slecht verdragen. Dichtertaal is hoe dan ook het internationale instrument van iedere landstaal, zoals elke kunstvorm.

8.2.1 WORD AFRIKAANS AS 'N STRUIKELBLOK ERVAAR?

Ten spyte daarvan dat Querido Eybers se Afrikaanse herkoms nie noem nie, laat geen resensent van *Balans* na om dit te vermeld nie. In dieselfde trant as wat met *Versamelde gedigte* (1957) die geval was, word ingegaan op juis die Suid-Afrikaansheid van Eybers, om dan telkens met blye verrassing te kan meld dat haar taal geen "barrière" is nie.

Nederlandse resepsie van Balans

Dat dit nie so vanselfsprekend is dat Afrikaans deur Nederlandse lesers verstaan en as 'n "volwasse" taal geskik vir "ernstige" poësie beskou sal word nie, word duidelik wanneer 'n mens daarop let dat kritici altyd 'n uitsondering maak vir spesifiek Eybers se "Zuid-Afrikaans taalgebruik". Vergelyk:

> Elisabeth Eybers bevestigt met deze bundel haar ongemeen talent. Dat dichterlijk talent wordt merkwaardigerwijs misschien voor ons, lezers in Nederland, nog eens extra bevestigd door de eigenaardigheid dat haar Zuid-Afrikaans taalgebruik hier geen ogenblik een kleine barrière oplegt, ons voor moeilijkheden plaatst of tenminste van de inhoud en de vorm van het vers afleidt. De poëzie is op zichzelf in al haar tederheid zo sterk, dat zij door de taalgrens heenbreekt.
>
> (*De Bussumse Courant*, 20.5.63)

In *Algemeen Dagblad* (10.8.63) skryf die naamlose resensent dat dit "merkwaardig" is "dat het Zuidafrikaans van Elisabeth Eybers ook voor de Nederlander volkomen verstaanbaar is. Dat komt niet alleen door de altijd nog duidelijke verwantschap van het Afrikaans met het Nederlands, maar ook door de directheid waarmee de dichteres de dingen namen geeft."

Wanneer resensente eers vasgestel het dat Eybers se Afrikaans vir hulle geen "barrière" inhou nie, bespreek hulle haar gedigte meestal kortliks in 'n tradisioneel-analitiese styl. Die resensie van Kees Fens in *De Tijd* (29.6.63) is hiervan 'n goeie voorbeeld.

8.2.2 WORD EYBERS SE AFRIKAANS AS 'N POSITIEWE FAKTOR ERVAAR?

'n Aantal resensente beskou dit spesifiek as positief dat Eybers in Afrikaans skryf omdat dit volgens hulle die Nederlandse leser se selfwerksaamheid en betrokkenheid by haar poësie verhoog. Martien J.G. de Jong (*Elsevier*, 13.7.63) skryf byvoorbeeld dat dit vir hom "een bijkomende bekoorlijkheid" is:

> Haar gedichten behouden daardoor voor de Nederlander de kracht van alle poëzie in zijn moedertaal, terwijl ze tevens iets van die eigenaardige betc hebben welke hij ondergaan kan bij het lezen van verzen in een vreemd i.

Volgens Jan Elemans (*Nieuwe Eindhovense Courant*, 6.7.63; en *Brabants Dagblad*, 6.7.63) het Afrikaans vir Nederlanders 'n "bijzondere charme":

> Daar we het weinig lezen en eigenlijk maar oppervlakkig kennen, zijn tal van uitdrukkingen hier verrassend nieuw en oorspronkelijk, terwijl ze dat daar niet meer zijn. Dat is dan voor de dichteres voorzover ze hier gelezen wordt, met weinig moeite meegenomen. Daar staat tegenover dat Elisabeth Eybers - waarschijnlijk met véél moeite - met grote eenvoud haar wezenlijk poëtische effecten weet te bereiken.

Garmt Stuiveling (VARA, 1963) merk op dat die lees van Afrikaanse tekste altyd "een lichte inspanning meer" kos. "Wie poëzie leest, hoeft daar helemaal geen bezwaar tegen te hebben, want het lezen van poëzie vergt altijd inspanning. Wat uit bezieling en concentratie is ontstaan, is niet geschikt om zo maar achteloos te worden begrepen."

Carel J.E. Dinaux (1963) meen dat Eybers se werk in die gestrooptheid daarvan reeds vóór *Balans* "aan de puurheid van een vriesdag doet denken". "Deze klaarte", so skryf hy, is dan nou "gekristalliseerd tot een prisma van een zo nobele evenwichtigheid" dat haar poësie daardeur "wat minder toegankelijk" geword het. Hy beskou dit met betrekking tot poësie altyd as 'n winspunt, veral omdat haar poësie nie aan "verstaanbaarheid" iets ingeboet het nie. "Het eist, lijkt me, van de poëzielezer meer aandacht, meer mededichten, meer overgave; het is, ontdaan van elke versiering, meer samengebald en daardoor straffer (strakker? - EJ), geconcentreerder, gedestilleerd tot een hoger gehalte."

8.2.3 DIE SUBTILITEIT VAN EYBERS SE TAALGEBRUIK WORD BEKLEMTOON SONDER DAT DIE NODIGE TAALKENNIS AANWESIG IS

Nederlandse resensente maak dikwels melding van die subtiliteit van Eybers se taalgebruik. Vergelyk:

> Het is verwonderlijk hoezeer zij (...) eenvoudige taal gebruikend, met die eenvoud een muzikaliteit en een prëtische verfijning bereikt, waarvan alleen reeds door de 'toonhoogte' een suggestieve ontroering uitgaat.

Die resensent van *De Bussumse Courant* (20.5.63) prys ook Eybers se "zo simpel maar volmaakt taalgebaar". Sommige resensente wat verder geen blyk gee van 'n spesifieke kennis van Afrikaans in die algemeen nie, voer die "Afrikaans-is-geen-barrière"-argument sover deur dat dit selfs ongeloofwaardig word. Jan H. de Groot (1964) skryf byvoorbeeld: "Voor het verstaan van het hier overgenomen 'Oorsig' (overzicht) is het Zuidamerikaans (*sic*) nauwelijks enig beletsel." Jan Elemans (1963) gee 'n noukeurige omskrywing van Eybers se problematiek en tematiek en hy roem haar "sobere bewoordingen, direkte taal". Dit sal duidelik wees dat dergelike opmerkings 'n uitstekende insig in die móóntlikhede van die taal veronderstel wat gehanteer word - 'n vermoë waaroor Nederlandse kritici nouliks kán beskik.

8.2.4 VOORBEELDE VAN TAALPROBLEME

In vergelyking met resensente wat beweer dat hulle geen taalprobleme het nie, dui sommige resensente wel aan dat daar betekenisnuanses in Eybers se gedigte kan wees wat hulle ontglip. J.H.J. Willems skryf in *Werkblad Genootschap* (14.6.63):

> Ook wij Nederlanders kunnen van deze verzen genieten; niet van alle, omdat er nog al eens woorden in voorkomen die we niet kennen en die ons, al zoeken we de betekenis ergens op, toch niet treffen zoals ze een Zuidafrikaan zullen doen. De taal van onze stamverwanten daarginds wordt geleidelijk aan voor ons een soort zeventiende-eeuws: we kennen de meeste woorden nog wel, maar de fijne nuances voelen we waarschijnlijk verkeerd aan. Wat we ondanks deze geringe taalmoeilijkheden wèl ondergaan, is de vreugde van de ontmoeting met een zeer oprecht en zuiver voelend mens, die haar zeer geschakeerde gevoelens in een ogenschijnlijk simpele taal weet te verwoorden.

Jan Elemans eindig sy resensie (1963) met die toegewing dat "Waar hier en daar een gedicht mij minder toesprak, hield ik echter rekening met de mogelijkheid, dat het Afrikaans van de dichteres de overdracht hinderde. Een kleine lijst van Afrikaanse woorden met een verklaring voor Nederlandstaligen, zou aanbeveling verdienen."

'n Paar resensente gee voorbeelde van spesifieke woorde of begrippe waarmee hulle meen lesers probleme kan hê. *Het Binnenhof* (24.4.63) se resensent skryf ná sy volledige aanhaling van "Die hoof spreek" byvoorbeeld: "Heel veel moeilijkheden levert het Zuid-Afrikaans niet op; oë zijn ogen, seën is zegen, gevra is gevraagd, het is heb." Drs. L. van den Ham (bron onbekend, Mei 1963) meen Eybers behoort tot "de groten in de Grootnederlandse poëzie", maar omdat hy *Balans* slegs aanbeveel "mits men Afrikaans lezen kan", mag 'n mens aanneem dat hy self begripsprobleme ondervind of antisipeer by lesers.

'n Enkele resensent meld dat die gekonsentreerdheid van Eybers se segging "wat moeilijk" is. Vergelyk Piet Vandeloo (1963): "Eybers schrijft een zeer persoonlijke symbolistische poëzie van waaruit een warmvrouwelijke levenswijsheid ons tegenstraalt. Wat niet betekent dat deze verskunst gemakkelijk toegankelijk is. De verzen zijn in hun schijnbare gewoonheid dikwijls zo krachtdadig geslepen tot een spiegel voor verrassende zelfkennis, dat ons een diepere poëtische werkelijkheid wordt geopenbaard."

Hans Warren skryf (*Provinciale Zeeuwse Courant*, 21.9.65) dat Eybers en haar kollega's die "Zuidafrikaanse taal omgesmeed (hebben) tot een prachtig poëtisch instrument, en slechts een enkele maal heeft de Nederlandse lezer even moeite de taal te ontdoen van het pittoreske element, zoals b.v. in de tweede regel over de zwaluwtjes (VG-256):

> Kijk, al die klein skerp trekswaeltjies kom terug,
> Swart weerhakies geprik op mika lug. *(sic)*

Warren laat die verse verder vir sigself spreek en gaan byvoorbeeld nie in op die analogie tussen Eybers en die swaels nie.

8.3 VERWYSINGS NA DIE EYBERS-REFERENSIEKADER

Wanneer 'n Nederlandse leser Afrikaanse poësie lees wat in Nederland gesitueer is, is dit waarskynlik dat bekende referensiële raakpunte nie onopgemerk sal bly nie. Terwyl Eybers se Afrikaanse taalgebruik 'n moontlike struikelblok is tot begrip, is 'n duidelik-herkenbare Nederlandse referensiekader in gedigte egter 'n hulpmiddel.

8.3.1 GEDIGTE WAT SPESIFIEK NA DIE NEDERLANDSE WERKLIKHEID VERWYS

Eybers se gedigte wat in Nederland gesitueer is, word dikwels uitgesonder vir die meeste aandag. Die gedig "Twee kleuters in die Vondelpark" word byvoorbeeld 'n paar keer in sy geheel of gedeeltelik aangehaal (vergelyk in *De Bussumse Courant*, 20.5.63; *De Gelderlander*, 3.5.63; en *Het Binnenhof*, 24.4.63). Ander gedigte in *Balans* wat gereeld voorgehou word as voorbeelde van Eybers se poësie is ook telkens dié met 'n Nederlandse verwysingswêreld. "November" word byvoorbeeld deur Piet Vandeloo (B.R.T. Hasselt) en die resensent van *Friesch Dagblad* aangehaal. Ook Fens (*De Tijd*, 29.6.63) sluit sy resensie af deur dié gedig aan te haal, omdat dit volgens hom die tradisionele kant van Eybers se poësie aantoon. Volgens hom laat die "knap" derde en vierde reëls sien wat die moontlikhede van haar poësie in die algemeen is.

"Vriesweer" word deur Aad Nuis aangehaal en hy skryf verder:

> Voor wie in het Afrikaner taaleigen een ernstige hindernis ziet, spreekt deze nieuwe poëzie grotendeels makkelijker aan. Voor Nederlanders moeilijk te begrijpen woorden in het Afrikaans zijn vaak aanduidingen van dingen die hier niet voorkomen. Elisabeth Eybers' gedichten spelen zich steeds vaker in een Nederlands milieu af: haar gedicht over het Vondelpark bijvoorbeeld biedt geen enkele taalmoeilijkheid meer.
>
> (*NRC*, 15.7.63)

Hoeseer vertroudheid met die wêreld waaroor Eybers skryf help om taalprobleme te oorbrug, blyk ook uit die resensent van *Friesch Dagblad* (17.8.65) se bespreking. Eybers se taalgebruik vóór *Balans* was vir hom 'n "handicap":

> Ze is geschreven in een taal, die ons juist niet helemaal onbekend, maar wel heel ongewend is. Haar poëzie vergt alleen om die taal extra-inspanning. Ze is wel te lezen, hoewel er woorden zijn en vooral ook Zuidafrikaanse situatie-tekeningen en begrippen, die ons minder of in het geheel niet vertrouwd zijn.

Die feit dat Eybers se referensiekader in ongeveer 'n vyfde van die gedigte in *Balans* Nederlands is, is vir die resensent genoegsaam rede om anders oor Eybers se taalgebruik in *Balans* te oordeel:

> Dat bezwaar is grotendeels opgeheven in haar jongste bundel, die in ons land werd uitgegeven en die ook in ons land werd geschreven. Elisabeth Eybers woont thans namelijk in Nederland en haar gedichten zijn dan ook meer op onze verhoudingen ingesteld. Dan is er nog wel de Zuidafrikaanse taal, maar die laat zich werkelijk wel overmeesteren. Leest u er haar gedicht over het Vondelpark maar op na. Dat levert in het geheel geen problemen meer op.

Die resensent van *Algemeen Dagblad* (10.8.63) . .een dat *Balans* 'n nuwe leserspubliek sal bereik omdat Eybers se werk "wint aan verstaanbaarheid doordat veel van de onderwerpen ons zo bekend is".

> De dichteres, die nu in Amsterdam woont, schrijft over 'Twee kleuters in het Vondelpark' (*sic*), over een voorjaarsdag in Amsterdam, waar 'sonskijn en sneeu worstel om te wijs hoe elke ding tenie' gaan en herrijs' (*sic*).

Die Nederlandse referensiekader fungeer as't ware as 'n "sesam open u!"-towerspreuk vir hale Nederlandse lesers; Eybers se wêreld word deel van hulle herkenbare werklikheid.

8.3.2 VERWYSING NA SUID-AFRIKAANS-GESITUEERDE GEDIGTE

"Suid-Afrikaanse" gedigte en veral dié wat nie spesifiek geografies gesitueer is nie, maak die oorgrote meerderheid in *Balans* uit. Dié gedigte word egter selde aangehaal deur Nederlandse resensente. 'n Uitsondering is André Demedts wat getref word deur die "meesterlijke manier" waarop Eybers "de tragiek van de herinneringsdwang" uitbeeld. Hy lees op Sondag 11 Augustus 1963 in die program "Boeken die men lezen" vir sy luisteraars "Mitologie" voor. "Hs" (*Deventer Dagblad*, 6.5.63) haal "Navrae" aan en Jan H. de Groot siteer die volledige "Oorsig" (*Hervormd Nederland*, 3.10.64). Alhoewel die gedig in Suid-Afrika afspeel, is hy veral daardeur getref omdat dit 'n situasie uitbeeld wat vir Nederlanders herkenbaar is. Dit is volgens hom

> van een typisch Nederlandse of beter Noordnederlandse structuur. In elk geval is de toestand ons vertrouwd: de leerstellige dominee, die het zondige vlees en zijn temptaties met bijbelteksten bezweert en de warmbloedige verlangens van zijn vrouw onbeantwoord laat. Het kind, vrucht van deze echt, bezit van beider aard wezenstrekken. Zij constateert vlijmscherp het dualisme in de totaliteit van haar menselijke structuur.

Kees Fens is besonder beïndruk deur "Refleksie" en haal die hele gedig aan in *De Tijd* (29.6.63).

8.3.3 VERLANGE NA SUID-AFRIKA

Die enigste resensent wat spesifiek melding maak van die feit dat verlange na Suid-Afrika deurwerk in Eybers se poësie is Jan Elemans (1963). "Wonend in Amsterdam leeft de dichteres terug naar Zuid-Afrika," skryf hy. Hy verwys dan na twee gedigte uit *Neerslag*, "Terugblik" en "Vader", wat volgens hom vooruitloop op "Oorsig" uit *Balans*. Hy haal laasgenoemde gedig "kortheidshalve in zijn geheel" aan omdat hy meen: "De snelste weg naar de dichteres is geen bespreking maar een vers"!

Heimwee is sterk voelbaar in die "Nederlandse" *Balans*-gedigte, maar dit is opvallend dat resensente byna geen aandag daaraan gee nie.

8.3.4 POLITIEKE BESWARE

Alhoewel die politieke situasie in Suid-Afrika nêrens in *Balans* ter sprake kom nie, is dit 'n aspek van Eybers se land van herkoms waaraan Nederlandse lesers onwillekeurig moet dink wanneer hulle haar naam hoor. Die Sharpeville-gebeure (20 Maart 1960) veroorsaak dat daar in Nederland op sowel regeringspolitieke as kulturele gebied 'n steeds sterker geformuleerde standpunt teen die Suid-Afrikaanse regeringsbeleid ontwikkel. Met verloop van tyd word Afrikaanse kultuurprodukte per definisie baie gou as "verderfelijke producten van het apartheidsysteem" afgemaak. Tog is dit opvallend dat slegs enkele Nederlandse resensente van *Balans* hiervan enige melding maak.

In die radio-program "Boekenwijsheid" van die sosialistiese uitsendorganisasie VARA, open Garmt Stuiveling sy bespreking van *Balans* (op Saterdagmiddag 13 April 1963) wel soos volg: "Hoe moeilijk het is om ons in Zuid-Afrika te herkennen en met hoeveel voorbehoud we staan tegenover wat daar officieel gebeurt, de verwantschap van taal is een onmiskenbaar feit." C.J.E. Dinaux (onder meer in *Nijmeegs Dagblad*, 20.4.63) skryf oor die "ander volksklimaat" waarin die Afrikaanse letterkunde ontwikkel, "en temidden van tegenstellingen, waarvan de actueel-toegespitste rassendiscriminatie een onbevangen toenadering van Nederlandse kant zeker niet bevordert".

Nederlandse resepsie van Balans

Weens die sterk-gevoelde familieverwantskap tussen Nederland en die Afrikaanssprekende gemeenskap van Suid-Afrika, voel Nederland baie betrokke en ook baie krities teenoor die Afrikaanssprekende regering se rassebeleid. Ná sy uiters lowende resensie is Stuiveling se slotsom: "De bundel *Balans* behoort tot het mooiste dat in de laatste jaren bij ons werd uitgegeven en maakt ons door z'n geestelijke noblesse te dieper bewust van de tragiek van wat er ver-weg officieel gebeurd."

Oor die algemeen word selfs maatskappy-kritiese resensente soos Stuiveling en Dinaux se besprekings van *Balans* dus nie nadelig beïnvloed deur die feit dat Eybers van oorsprong Suid-Afrikaans is nie. Dinaux skryf byvoorbeeld:

> Van Novalis is het woord dat de taalverscheidenheid het koloriet is van de mensengemeenschap en in die kleurengamma vormt het Zuid-Afrikaans een nuance van bijzondere bekoring, van zoetvloeiendheid en kracht.

Dinaux gaan dan voort om die bundel slegs as poësie en geensins as produk van "rassistisch Zuid-Afrika" te bespreek nie.

8.3.5 TEMAS

Die meeste *Balans*-gedigte is geografies ongelokaliseer. Die temas wat in hierdie gedigte aan bod kom, kry dus alle aandag. Terwyl Nederlandse lokasies in sommige gedigte raakpunte verskaf, is juis die algemeen-menslikheid, Eybers se sogenaamde "oerou temas", vir Nederlandse lesers 'n herkenbare referensie-kader van 'n ander orde. Dit word met soveel entoesiasme vasgestel en vermeld dat 'n mens die indruk kry dat daar in die Nederlandse letterkunde (waarin die invloed van die Vijftigers in 1962 nog sterk deurwerk) 'n "gat in die mark" vir Eybers was weens 'n behoefte aan die klassieke, selfdeurgrondende soort poësie wat sy skryf. Stuiveling vind byvoorbeeld Eybers se "gedichten van zelfontleding, scherpe doorlichting van het eigen ik in de voortgaande tijd" besonder treffend.

> Het is een oeroud thema, de weemoed om het vergaan, de onvrede met de eigen vervulling, het besef van het menselijk - en ook dichterlijk - tekort. Het geluk heeft geen vers nodig, het verdriet vindt in het vers z'n troost en tegenwicht. Het brengt algemene zielservaringen onder woorden, roept ze opnieuw in ons wakker, geeft ze woord-gestalte, en verzacht meteen hun pijn door de volmaakte vorm. Ik ken weinig gedichten, waarin de ontluistering die leven heet, zó kort en onweerlegbaar is uitgedrukt als in dit vers: met z'n dalende reeks van zingen, via zeggen naar zweten: 'In extremis'.

Stuiveling beskou verse van hierdie gehalte as "te zeldsaam" in die Nederlandse literatuur en die bundel is volgens hom van die mooiste wat "de afgelope jaren" in Nederland verskyn het.

8.4 ALGEMEEN POËTIKALE ASPEKTE

Dit sal duidelik wees dat die telige en referensiële eienaardighede van Eybers se gedigte vir resensente van "het te bespreken pakket Nederlandstalige poëzie" (Van Dis 1974) 'n welkome afwisseling bied. Dit is daarom sekerlik nie verwonderlik dat hulle resensies vir die grootste deel bestaan uit 'n bespreking van die aspekte wat hierbo genoem is nie. Tog wys hulle ook op formele verstegniese aspekte en maak uitsprake oor die manier waarop Eybers aansluit by die Nederlandse poësie-tradisie.

'n Aspek van Eybers se werk wat by die Nederlandse publiek groot aftrek kry, is die "opmerkelijke nuchterheid" (Bert Voeten) daarvan. Die "welhaast klassiek evenwicht tussen vorm en inhoud van het gedicht", word deur Dubois hooggeskat (*Het Vaderland*, 1.7.63). Hy meen haar werk is "van 'n heldere en onverschrokken directheid, die een sterke bekoring heeft, maar die zonder bekorende oogmerken is geschreven". Hy is uiters lowend: "Eybers dwingt haar verbeelding als het ware naar de ..rn van de ervaring toe, met een onverbiddelijke strengheid, die aan haar gedichten iets van een juweel geeft: de gevoeligheid ervan is geconcentreerd in een harde pit." Die gedig "Toeskouer" is hiervan vir hom 'n voorbeeld.

8.4.1 NEGATIEWE KRITIEK

Soos wat uit die waardering vir "oerou" temas in Eybers se werk afgelei kan word, is Nederlandse resensente oorwegend lowend. Aad Nuis (1963) is kritiek:

> De kwaliteit van de bundel is (...) niet beter of slechter dan die van de vorige. Dat ik er toch enigszins door ben teleurgesteld, komt omdat de dichteres haar poëtische kracht zoekt waar die mijns inziens niet ligt, zodat haar beste gedichten de indruk maken van achteloos gestrooide krenten in de pap.

Terwyl Eybers se predikantsgesin-agtergrond vir party resensente (byvoorbeeld De Groot 1963) 'n gegewe is wat die toeganklikheid van haar werk vir Nederlanders verhoog, maak Nuis 'n negatiewe afleiding daarvan. Sy poëtikale oordeel word myns insiens sterk beïnvloed deur sy persoonlike renons in die Nederlandse gereformeerde omgewing waaraan sommige Eybers-gedigte hom herinner:

> Uit het karakter van de vele verwijzingen in haar werk naar ouders en vroegere kinderjaren blijkt dat dit milieu van haar jeugd een geaccepteerd deel van haar ervaringswereld is gebleven, zonder al te veel moeite verweven met de heel andere invloeden die later op haar hebben ingewerkt. Het ligt dus voor de hand, ook voor een begrip van thema en vorm van haar poëzie een aanknopingspunt te zoeken bij de leef- en denktrant van Afrikaner gereformeerden, waarvan ik aanneem dat ze niet al te zeer verschilt van die van hun Nederlandse geloofsgenoten. Er is een zekere gelijkenis - van vorm, niet van kwaliteit - tussen vroeg werk van Elisabeth Eybers en Nederlandse kerkbodepoëzie, maar er is een indirecter invloed die me van meer belang lijkt.

Nuis gaan dan voort om te beweer dat "conversatie in calvinistische huiskamers" die eienaardige gewoonte het om te gaan oor onderwerpe wat elders "vrijwel *taboe*" is; "dood, lewenslot en wat daarmee verband houdt". Nuis meen dat hy in Eybers se werk die vermoë aantref om in 'n sterk geformaliseerde woordgebruik met 'n "mengsel van familiariteit en reserve" te redeneer oor sulke sake. "Slak", "Meisie", "Pygmalion" en "Sisteem" word heel snedig afgemaak, maar tog het hy "favorieten" - "licht ironische (gedichten), waarin de afstand tot het subject iets groter is, zoals het ontspannen 'Vriesweer', een gedicht over een onbeholpen eend in het licht van de Bijbel". As daar ooit 'n onbeholpe karakterisering van 'n gedig was, dan is dié sekerlik 'n goeie voorbeeld.

Kees Fens (*De Tijd*, 29.6.63) het in sy oorwegend lowende resensie op ander gronde kritiek:

> Men vindt in de gedichten van Elisabeth Eybers nogal wat modern zakelijke termen, waarvan het gebruik aan de poëzie van Achterberg herinnert. In het gedicht 'Afloop' staat in de voorlaatste strofe tussen haken de regel 'Kantoorboekhandelaars Gebr. Winter', welke typische Achterberg-regel het binnen het vers (dat trouwens een verzameling van ongelijksoortige beelden is) helemaal niet doet evenals het gesignaleerde woordgebruik. De poëzie is weliswaar concreet, de werkelijkheid wordt bezield, maar die werkelijkheid is een op enkele plaatsen na zeer traditionele. En dat is het hoofdbezwaar dat men tegen de verzen van Elisabeth Eybers in kan brengen, bezwaar geaccentueerd door het genoemde woordgebruik.

8.4.2 ONDERSKEID TUSSEN EYBERS EN ANDER AFRIKAANSE DIGTERS

Dit is belangrik om te besef dat Eybers se posisie binne die Nederlandse letterkundige wêreld bepaal word deur die feit dat Nederlandse kritici ánders oor haar werk as oor dié van ander Afrikaanse digters oordeel. Die gereelde *Standpunte*-medewerker Pierre H. Dubois (*Het Vaderland*, 1.7.63) skryf:

> Zij is een van de zeer weinige Zuidafrikaanse auteurs die in ons land een - zij het dan vermoedelijk betrekkelijk klein, zoals bij dichters gebruikelijk is - publiek hebben gevonden. Maar dat zij het gevonden hééft, is niet enkel een toevalligheid.

Elisabeth Eybers behoort tot de weinige grote dichteressen die in het Nederlands of in een aan het Nederlands verwante taal hebben geskreven.

Dikwels maak resensente 'n onderskeid tussen die werk van Eybers en Afrikaanse poësie in die algemeen. Sommige resensente beskik duidelik wel oor 'n vergelykingsbasis, maar ander glad nie. Bert Voeten sê in "Poëzie in evenwicht" (vermoedelik 'n radiokommentaar; bron onbekend) dat Eybers "zonder meer de top vertegenwoordigt van de zuid-afrikaanse dichtkunst". Op hoeveel eerstehandse kennis van ander Afrikaanse gedigte hierdie uitspraak gebaseer is, is onmoontlik om vas te stel.

Stuiveling (VARA, 1963) meen dat Eybers se werk 'n "heel speciale plaats" in die Afrikaanse poësie het: "haar werk is even modern als dat van Opperman of Van Wijk Louw, even diepzinnig ook, maar het is vrouwelijker, warmer, intiemer. Het is vaak ook algemener, cosmopolitischer." Hy meen dat dit dalk die gevolg is van die feit dat sy "al sinds jaren in Amsterdam woont, en de invloed van Holland en West-Europa onmiddellijk ondergaat". Hy merk op dat *Balans* "geheel of grotendeels hier ontstaan" het. Hy verloor egter uit die oog dat die gedigte in *Balans* wat in Nederland ontstaan het, slegs ongeveer 15 van die 56 in die bundel is en dat Eybers ten tyde van die publikasie van die bundel skaars anderhalf jaar in Nederland woon.

Een van die Nederlandse resensente wat veralgemenende uitsprake oor die Afrikaanse literatuur maak, is die resensent in *De nieuwe gids* (29.6.63). Hy beweer met stelligheid dat Eybers "de meest moderne, de sterkst met de naoorlogse Nederlandse dichtkunst verwante" Suid-Afrikaanse digteres is, nadat hy eers "erken" het: "Ik zou niet zonder méér durven beweren dat Elisabeth Eybers de grootste dichteres uit de gehele Zuidafrikaanse literatuur is." Dat die resensent so nadruklik in die eerste geval kan wees, terwyl hy erken dat hy nie weet of Eybers die "grootste dichteres" in Afrikaans is nie, toon dat ook sy eerste stelling nie op werklike kennis van sake gebaseer kan wees nie. 'n Mens sou tog dink dat laasgenoemde bewering makliker verifieerbaar is as die eerste.

Josef Deleu (bron onbekend) se resensie gee beslis nie blyk van groot kennis van sake nie, maar tog sluit hy sy bespreking so af: "In de poëtische produktie van Suid-Afrika en de Nederlanden zijn deze verzen uniek. Daarom juist zijn ze noch experimenteel, noch klassiek. Ze zijn poëzie en dat is genoeg"!

8.4.3 VERWANTSKAP MET DIE NEDERLANDSE POËSIE

Resensente wys telkens hierop. In *Algemeen Dagblad* (10.8.63) word geskryf dat die invloed van Nederlandse digters op Eybers "onmiskenbaar" is, maar geen name word genoem nie. Jan H. de Groot en Andries Poppe (*Die nieuwe gids*, 30.6.63) lê 'n verband met Vasalis se poësie:

> [W]ie denkt bij het lezen van de aanhef van het gedicht 'Twee kleuters in die Vondelpark' niet onmiddellijk aan Vasalis' 'Boom in het Vondelpark'?

In hierdie gedig word die "kloof" tussen Nederlands en Afrikaans volgens Poppe vir die eerste keer totaal oorbrug.

Stuiveling (VARA, 1963) vind dit "verleidelijk" om te ondersoek watter posisie haar werk inneem ten opsigte van digteresse wat hy as verwant aan haar beskou: Vasalis en Christine D'haen. "Trekken van gelijkheid zijn er te over. Allereerst de afwezigheid van het typisch experimentele, van het redelijk ongecontroleerde, van het als het ware treffende van de taal zelf." Die gedig wat hy voorlees - "Sonneblom" - is vir hom deur die agtergrond en dieptewerking verwant aan die generasie van 1910, aan Bloem of aan Van Eyck.

Eybers se taalgebruik met "haar aandacht voor het gewone, aan de spreektaal ontleende woord, dat zij een lading, een spanning wist te geven die reminiscenties wekt aan het magisch realisme van Nijhoff," word opgemerk deur Bert Voeten. Hy beweer:

> Haar bewondering voor Nijhoff en voor Vasalis heeft zij nooit onder stoelen of banken gestoken. Met de laatste voelt zij bovendien een grote verwantschap.

C.J.E. Dinaux (o.m. in *Nijmeegs Dagblad*, 20.4.63) is een van die resensente wat 'n verwantskap met Achterberg raaksien:

> Er is in de wisselwerking van de metaforen een zo ongemeen metafysiche kracht werkzaam dat men, zonder aan de oorspronkelijkheid van deze voorname dichteres in het minst afbreuk te doen, aan Gerrit Achterberg wordt herinnerd, in een gedicht als 'Afloop' bijvoorbeeld, waarin de dagelijkse werkelijkheid verontstoffelijkt wordt in een meer dan drievoudig perspectief.

Die resensent van *De nieuwe gids* (29.6.63) meen dat Eybers "de meest moderne, de sterkst met de naoorlogse Nederlandse dichtkunst verwante" digteres uit "de gehele Zuidafrikaanse literatuur is". Die "eigenheid" van haar taal is wel onderskeidend, maar andersins "zou men Eybers als een zuster van Vasalis in de Nederlandse poëzieliteratuur kunnen onderbrengen". *Balans* bring Eybers se werk nog nader as voorheen aan die

Noordnederlandse poësie, meen die resensent. As rede word genoem dat sy in Nederland woon,

> en menig gedicht (b.v. 'Twee kleuters in die Vondelpark', één der mooiste uit de bundel) dankt hieraan zijn ontstaan, méér zelfs: menig gedicht is 'Nederlands' van inhoud en vorm, en het Afrikaans, waarin het geschreven is, ondergaat zelfs een Nederlandse invloed, het gaat minder vreemd klinken.

8.4.3.1 DIE DIREKTHEID VAN EYBERS-POËSIE WORD VERGELYK MET DUISTER NEDERLANDSE POËSIE

Willem Enzinck (*Weekblad Nederlandsche Protestantsbond*, 27.7.65) is een van die eerste Nederlandse Eybers-resensente wat spesifiek waardering het vir Eybers se begryplikheid:

> Het mag tegenwoordig een gebeurtenis heten, wanneer er een dichtbundel verschijnt van hoog poëtisch niveau, waarvan de inhoud toch voor iedereen onmiddellijk begrijpelijk is. Poëzie, die aldus de lezer direct aanspreekt en in de beste zin van het woord ter harte gaat, schijnt heden ten dage taboe in de ogen der critici; men heeft echter de indruk dat door vele lezers naar juist zulke poëzie hunkerend wordt uitgezien, en met recht en reden.

In resensies van Eybers se later bundels word meer aandag aan hierdie aspek gegee.

8.4.3.2 EYBERS SE TOE-EIENING TOT DIE NEDERLANDSE LETTERKUNDE

Dit is een ding om te wys op ooreenkomste tussen Eybers en Nederlandse digters en 'n ander om haar toe te eien as mede-behorend tot die Nederlandse letterkunde. Op grond van *Balans* gebeur dit egter wel. Die resensent van *Algemeen Dagblad* (10.8.63) eindig sy resensie deur te sê dat hy Elisabeth Eybers "zelfs graag" reken "tot het beste van onze Nederlandse literatuur, die zowel de dichtkunst uit ons eigen land als die van Vlaanderen en Zuid-Afrika omvat".

Sterker as wat in die meeste ander Nederlandse resensies gedoen word, meen die resensent van *De nieuwe gids* (29.6.63):

> Deze poëzie maakt integrerend deel uit van onze Nederlandse dichtkunst, zo goed als die van Claus, Andreus, Van Herreweghen of Hoornik. Eybers maakt ons, met haar poëzie, attent op een vergissing, die wij jarenlang hebben begaan: wij hebben dit Zuidafrikaans al te lang beschouwd als een verbasterde boerentaal, waarin men enkel over ossewa's zingen en over zeepkissies dichten kon.

8.5 EYBERS WORD BESPREEK SAAM MET NEDERLANDSE DIGTERS IN GEMENGDE RESENSIES

In resensies waarin Eybers se bundel nie afsonderlik bespreek word nie, is dit nooit saam met ander Suid-Afrikaanse digters nie, maar met Nederlandse digters. Vergelykings kom indirek voor en oor die algemeen word Eybers se werk baie gunstig gewaardeer. Max Nord bespreek byvoorbeeld nuwe bundels van Eybers, Hanny Michaelis, Ellen Warmond en Max Croiset saam (*Het Parool*, 25.5.65). Hy meen dat Eybers vanuit "een geheel andere poëtische traditie schrijft". Vergelykenderwys word die volgende karakterisering gegee:

> Evenzeer als Hanny Michaelis en veel meer dan Ellen Warmond zoekt deze dichteres naar de nuance van uitdrukking en wil zij haar taal de toegankelijkheid geven van de spreektaal. Zoals de droom waarin de geliefde verschijnt voor Hanny Michaelis genoeg is voor een heel leven, zo behoudt Elisabeth Eybers 'nog 'n droom tot aan die dood' wanneer zij door de geliefde verstoten is.

In *De nieuwe gids* (30.6.63) word *Balans* saam met nuwe werk van Paul Snoek, Bert Schierbeek, Hugues C. Pernath en W. Hussem entoesiasties bespreek sonder dat vergelykings getref word met die ander geresenseerde skrywers.

Pierre H. Dubois (*Het Vaderland*, 1.7.63) bespreek eers *Balans* en dan *De grondtoon* van Anthonie Donker wat eweneens by Em. Querido verskyn het. Donker is volgens Dubois die minder belangrike derde lid van die generasie van Slauerhoff en Marsman. Donker word nie slegs met betrekking tot sy eie Nederlandse generasiegenote negatief bespreek nie, maar ook in vergelyking met Eybers:

> De directe kracht en de dwingende durf van Elisabeth Eybers is in die verzen (van Donker - EJ) niet te vinden. Hun kern is niet hard, maar zacht en het licht bijna voor de hand dat de consequentie daarvan is dat de gedichten dan ook zwakker zijn.

8.6 OPMERKINGS OOR DIE BEGIN VAN DIE NEDERLANDSE PERIODE IN EYBERS SE WERK N.A.V. DIE TEMA "ONTHEEMDING"

"Eén zwaluw maakt nog geen zomer." Net so is een bundel met enkele verse wat in Nederland ontstaan het, uiteraard nog nie voldoende om resensente te laat besef dat Eybers se "Nederlandse" fase hier begin nie. Die nuwe tema ontheemding in hierdie gedigte laat 'n enkele resensent (Bert Voeten; bron onbekend) wel opmerk dat sy haar in 1961 in Nederland gevestig het en hy haal "Immigrant" aan en noem dit "een indrukwekkend voorbeeld van de geserreerde, op het essentiële toegespitste, door en door menselijke poëzie van Elisabeth Eybers".

Een van die resensies waarin Eybers se "ontheemding" só invoelend-jammoyant beskryf word dat dit eintlik komies word, is Jozef Deleu s'n (bron onbekend). Hy meld dat hy "deze fijne en kwetsbare vrouw, voor wie het leven nooit zeer mild is geweest" in haar woning in die Beethovenstraat in Amsterdam gaan opsoek het, en dat hy 'n jaar later, "pijnlijk getroffen", *Balans* gelees het:

> De balans die Elisabeth Eybers in deze bundel opmaakt, is die van geheel haar leven: ontgoocheling, vrijwel overal scherp uitgesproken, van een mens die veel heeft geloofd, gehoopt en wie weet, misschien zelfs té veel en vooral tevergeefs heeft bemind. Deze bijna vijftigjarige vrouw en moeder houdt van haar hart niet veel meer over dan wat scherven.

Deleu beskou as temas van *Balans* die soeke na 'n ewewig "voor het ontredderde hart en het verdorrende vlees, in een wereld waar ook het geloof in de zin van het bestaan ineenstortte". Dan word haar verblyf sedert 1961 in Amsterdam vermeld, "Twee kleuters in d' Vondelpark" in sy geheel aangehaal, en die positiewe uitwerking wat die nuwe omgewing kan hê, beskryf: "Dit verblijf in Nederland heeft ongetwijfeld het moeilijke evenwicht hersteld na de breuk in het persoonlijke leven."

Kees Fens (*De Tijd*, 29.6.63) sonder ook "Immigrant" uit as 'n goeie gedig:

> In dit vers ziet men het thema verwoord van de ontheemde, dat ook treffend verwoord is in 'Oggend' (waarin de prachtige regels 'Die swaar reisdeken van verdriet - lê om my lede vasgevou') en in 'Heimwee' met zijn knappe weergave van de engheid van het Hollands huis.

Ook hy vind in hierdie gedigte nog geen aanleiding om 'n nuwe fase in Eybers se werk te antisipeer nie.

8.7 OPSOMMEND

Dit is duidelik uit bostaande bespreking dat daar vir *Balans* 'n buitengewoon gunstige plek ingeruim is in die Nederlandse poësie. Wanneer taalprobleme vermeld word, is dit meestal in 'n positiewe sin en word dit as bevorderlik beskou vir die betrokkenheid wat nodig is by die lees van poësie.

Eybers se temas, haar klassieke soberheid en nugter-saaklike styl is reeds in 1957 hoog gewaardeer. Sedert haar vestiging in Amsterdam in 1961 word die referensiële herkenbaarheid van haar gedigte vir Nederlandse lesers ook groter en die effek daarvan is kennelik so sterk dat dit resensente van *Balans* (vergelyk die besprekings van veral "Twee kleuters in die Vondelpark") onder die indruk bring dat Eybers se taal reeds

vernederlands het en party dink selfs dat sy reeds jare lank in Nederland woon. Die strakheid van haar styl, byvoorbeeld deur die weglating van die tweede "nie" van die Afrikaanse dubbele ontkenning - iets wat reeds voor 1961 plaasvind - verklein die moontlikheid dat haar werk as "kinderlijk" afgemaak kan word.

Die Nederlandse openheid om Eybers te verwelkom te midde van die nog sterk oorheersende "bewind" van die Vijftigers, dui daarop dat Nederlandse lesers behoefte gehad het aan poësie wat nie net die "atonale" Vijftiger-idioom voortsit of 'n epigoon daarvan is nie, maar wat meer klassiek is en waarin algemeen-menslike emosies ten spyte selfs van die "taalbatrière" herken is. Resensente skroom nie om Eybers te vergelyk met die grootste, meer klassieke Nederlandse digters soos Achterberg, Bloem en veral Vasalis nie. Dit is opvallend dat geen resensent ooit voorstel dat Eybers se werk in Nederlands vertaal behoort te word nie.

HOOFSTUK 9

DIE NEDERLANDSE RESEPSIE VAN *ONDERDAK* (1968), *KRUIS OF MUNT* (1973), *EINDER* (1977), *BESTAND* (1982), *DRYFSAND* (1985), *RYMDWANG* (1987), *NOODLUIK* (1989) EN *TEËSPRAAK* (1991)

Alhoewel Eybers vanaf die publikasie van Balans *tot die Querido-poësiefonds behoort, is daar in die Querido-argief opvallend minder resensies van* Onderdak *en die onmiddellik daaropvolgende bundels as van haar eerste bundel wat daar uitgegee is. Ek kon ook nie veel meer besprekings in Nederlandse biblioteke se knipselversamelings vind nie en dit is onmoontlik om te sê of ek oor alle resepsiemateriaal beskik. Van* Onderdak *kon ek 12 resensies opspoor, van* Kruis of munt *11,* Einder *9,* Bestand *9,* Dryfsand *9,* Rymdwang *13,* Noodluik *16,* Versamelde gedigte 1958-1973 *13,* Versamelde gedigte (1990) *27, en van* Teëspraak *2. In onderstaande bespreking maak ek 'n seleksie van kommentare oor aspekte wat in die* Balans*-resepsiebespreking reeds geïdentifiseer is. Die kommentare word hoofsaaklik chronologies gegroepeer. Sien veral Bibliografie III/G en H.*

9.1 INLEIDING

Onderdak is in 1968 deur Human & Rousseau gepubliseer, maar dit verskyn pas in Maart 1969 by Querido (met die Belgiese verspreiding deur Diogenes, Antwerpen). *Kruis of munt* en alle daaropvolgende bundels verskyn verder altyd byna gelyktydig in Nederland en Suid-Afrika. 'n Uitsondering is die bundel *Teëspraak* met 17 gedigte wat as 'n geleentheidspublikasie in Mei 1991 (Eybers 1991a) deur Querido in Nederland gepubliseer is vir die Stichting P.C. Hooft-prijs voor Letterkunde. Die Human & Rousseau-uitgawe (Eybers 1991b) verskyn eers in November 1991 en bevat dan twee gedigte meer as die Nederlandse uitgawe. Dit sluit ook Pierre H. Dubois se "Toespraak", die "Juryrapport" en Eybers se "Dankwoord" in - iets wat die aandag van Suid-Afrikaanse lesers sterk vestig op Eybers se Nederlandse erkenning en roem. Die drie artikels is in Nederland in 'n afsonderlike klein geleentheidspublikasie uitgegee. Sien Dubois e.a. 1991.

'n Analise van die Nederlandse Eybers-resepsie vanaf *Onderdak* toon dat die tendense wat in die *Balans*-resepsie waargeneem is, later grotendeels voortgesit word. Die belangrikste

ooreenkoms met *Balans*-resensies is dat Nederlandse kritici nooit gewoond raak aan Eybers se "vreemdheid" nie: steeds word opgemerk dat sy uit Suid-Afrika afkomstig is. Volgens Jos Panhuijsen "bracht (zij) haar kinderjaren door in een Westafrikaans dorp" (*Gooi's Nieuwsblad*, 20.5.65).[1] Talle resensente beskou Eybers se biografiese omstandighede as van belang. Vergelyk: "Het is bijvoorbeeld niet geheel onontbeerlijk, maar wel bijzonder nuttig te weten dat deze Zuidafrikaanse als 45-jarige moeder van vier kinderen haar huwelijk met een bekend zakenman op de klippen zag lopen en voor die mislukking op de vlucht ging naar Amsterdam, waar zij nu bijna twintig jaar woont" (*Ons Erfdeel* 5:80, nov./dec.).

Daar is 'n toenemende gewaarwording dat Eybers 'n eie posisie binne die Nederlandse letterkunde het. Opmerklik is dat, ten spyte van die steeds verslegtende verhouding op kulturele gebied tussen Nederland en die Afrikaans-sprekende magshebbers van Suid-Afrika, Eybers se posisie onaangetas bly. Sy het self aanvanklik die indruk gehad dat *Dryfsand* (1985) bykans nie gerecenseer is nie - iets wat vir haar gedui het op die invloed van die politiek op die resepsie van haar werk. Agteraf blyk dat die resepsie van hierdie bundel tog wel "meevval". My indruk is dat alle ander Eybers-bundels verder relatief ewe veel media-aandag as die werk van ander belangrike Nederlandse digters kry.

9.2 KOMMENTAAR OOR EYBERS SE TAALGEBRUIK

Kritici bestee steeds groot gedeeltes van hulle resensies aan die vraag of Eybers se taal toeganklik is vir Nederlandse lesers.

9.2.1 WORD AFRIKAANS AS 'N STRUIKELBLOK ERVAAR?

Adriaan van Dis som in *NRC Handelsblad* (26.8.77) 'n algemene standpunt hieroor op:

> De Nederlandse kritieken die tot nog toe over de poëzie van Elisabeth Eybers zijn verschenen gaan vrijwel alle uitvoerig in op de taalverschillen tussen het Nederlands en het (Zuid)afrikaans. Dat is niet zo verbazend. Elisabeth Eybers was lang de enige Zuidafrikaanse dichter die zonder ophef haar werk regelmatig in Nederland liet verschijnen. Voor de poëzie-critici hier te lande maken Eybers' bundels deel uit van het te bespreken pakket Nederlandstalige poëzie. Het eerste wat hun dan opvalt is de afwijkende taal. Als die 'barrière' is geslecht, volgt de aandacht voor de inhoud.

Hy meen dat haar taal, "op een enkel exotisch woord na, voor iedere Nederlander verstaanbaar" is. Vir Nederlandse lesers lyk dit selfs asof haar taal "wonderwel" pas by

die sober beelde, strak ritme en nugter toon van haar verse. "Het wegvallen van de grammaticale uitgangen maakt haar poëzie voor de Nederlandse lezer alleen maar nog kernachtiger en nog economischer."

Ander kritici het meer probleme. Dit is opmerklik dat 'n hele paar onder die indruk verkeer dat Eybers se Afrikaans verskil van dit wat ander Afrikaanse digters gebruik. T. van Deel merk byvoorbeeld in *Prisma-Lectuurvoorlichting* (73/1393: 2.10.73) oor *Kruis of munt* op dat Eybers nog steeds Afrikaans skryf, maar dat haar taal "veel 'Nederlandser'" geword het as wat byvoorbeeld Breytenbach s'n is, "reden waarom haar poëzie voor ons niet moeilijk te volgen is". T. van Deel merk in sy resensie van *Einder* weer op (*Prisma-Lectuurvoorlichting*, 77-1519) dat Afrikaans "geen Nederlands (is) en een Nederlander moet zich dus niet verbeelden Afrikaanse poëzie te kunnen lezen als hij geen Afrikaans kent", maar hy meen steeds dat dit eenvoudiger is om Eybers se poësie te lees as dié van die "barokke Breytenbach".

Anton Korteweg (resensie van *Einder*; *Het Parool*, 22.10.77) som 'n aantal redes op waarom Eybers se werk toegankliker vir Nederlandse lesers is as byvoorbeeld Breytenbach s'n:

> In de eerste plaats komen er nauwelijks specifiek Afrikaanse woorden in voor - een verklarende woordenlijst is dus overbodig. Ten tweede hebben veel van haar verzen een vrij strakke vorm (rijm, metrum) en vervolgens is ook haar thematiek traditioneel of, zo men wil, klassiek: liefde en dood, afzonderlijk of in combinatie. Bovendien verloochent zij in haar beeldspraak haar calvinistische achtergrond niet (...) en spelen soms typisch Nederlandse zaken een rol.

Rudi Boltendal (*Leeuwarder Courant*, 2.11.74) merk op dat Eybers haar moedertaal bly gebruik.

> Voor Nederlandse lezers is dat wel even wennen, zij het niet meer maar eerder minder dan bij het voor het eerst lezen van Fries. Doch ook na die gewenning zit de kans erin dat je wel begrijpt wat er staat maar dat de eventuele poëtische lading van de teksten nog moeilijker valt te ontdekken dan in Nederlandstalig werk. Niettemin, het loont (...) de moeite die een speurtocht meebrengt.

"Einde van die seisoen" word dan aangehaal as "een impressie in het Afrikaans van de Vondelparkslapers".

Kees Knopper (AVRO-Radio: "Aspekten", 14.9.78) noem dat Afrikaans weens die spelling en die ontbreking van verbuigingsuitgange afwyk van Nederlands, maar hy beskou Eybers se poësie as "desondanks zonder verklarende woordenlijst voor een nederlandse lezer te begrijpen". Dit het vir hom onder meer daarmee te make dat steeds meer verwysings na Nederlandse sake in haar poësie opduik.

Van tyd tot tyd is daar tog 'n resensent wat behoefte het aan 'n verklarende woordelys. Nadat Hans Warren byvoorbeeld bundel na bundel skynbaar sonder probleme geresenseer het, skryf hy na aanleiding van *Bestand* (*Provinciale Zeeuwse Courant*, 28.8.82):

> Zuidafrikaans is na enige oefening niet moeilijk om te lezen, maar toch had de uitgever er mogelijk goed aan gedaan een kleine woordenlijst voor de meer ongebruikelijke woorden toe te voegen, desnoods op een los blaadje. De poëzie van Elisabeth Eybers is het namelijk waard om door en door verstaan te worden, zij mag niet min of meer afgesloten worden door een, zij het beperkte taalbarrière.

'n Resensent wat 'n duidelike verskil maak tussen Afrikaans in die algemeen en Eybers se gebruik daarvan, is Jan Eyking (*Prisma-Lectuurvoorlichting*, 82/2829) : "Geïnteresseerde lezers behoeven zeker niet te worden afgeschrikt door het Zuidafrikaans, haar taaleigen is glashelder." In *Opzij* (juli/augustus 1982) word die biografiese gegewe dat Eybers al jare lank in Amsterdam woon, gebruik om eenvoudig te verklaar dat haar taalgebruik as gevolg daarvan "minder 'Afrikaans' is geworden, waardoor ze bereikbaarder is voor Nederlandse lezers". Hoewel hierdie konstatering waar mag wees, is die stelwyse simplisties.

Hans Werkman skryf in *Woordwerk* (September 1986) dat haar poësie vir Nederlanders "heel verstaanbaar" is, en voeg hieraan toe: "Ik hoop niet dat ooit iemand zich aan haar werk vergrijpt door het in het Nederlands te vertalen." MDS in *Het Volk* (15.1.87) meld dat haar Afrikaanse gedigte nie "hertaald" is in Nederlands nie en daarom "wat talige inleving vergen, maar dat verloopt best vlot". Lenze L. Bouwers (*Nederlands Dagblad*, 14.5.88) praat van Eybers se "eigen taalidioom". Volgens hom is Afrikaans 'n dogter van Nederlands: "Moeder en dochter lijken op elkaar. Maar ze verschillen ook en juist het eigene van het Afrikaans geeft veel leesplezier. De graver in het werk van de dichteres moet de bundel niet wegleggen omdat het vers zich niet prijsgeeft."

Terwyl Hans Ester in al sy resensies voorheen melding maak van die Suid-Afrikaanse agtergrond van Eybers, val dit op dat hy in sy bespreking van *Dryfsand* (*Trouw*, 13.2.86) glad nie daarna verwys nie. As dit nie was vir die direkte aanhalings van sommige gedigte nie, was daar in sy resensie geen enkele aanduiding dat Eybers 'n Afrikaanse digter is nie. Waarskynlik is dit die grootste moontlike vorm van Nederlandse aanvaarding. As dit ook nie was dat Eybers in die gedig "Trip" (VG-578) self 'n aanduiding gee dat Engels die "vriendelike tongval" is wat 'n bewussynsverruimende "trip" veroorsaak wanneer 'n Amerikaanse toeris die "bejaarde mevrou" ophelp ná sy geval het nie, sou ook Wiel Kusters (*de Volkskrant*, 17.11.1989) waarskynlik geen verwysing na Suid-Afrika gemaak het in sy bespreking van *Rymdwang* nie.

In Ester se bespreking van *Rymdwang* (*Trouw*, 28.1.1988) vra hy homself af of Eybers wel soms Nederlandse woorde in haar Afrikaanse gedigte laat deursypel. In "Goed en wel" het hy gedink dat hy haar op 'n tipiese Nederlandse uitdrukking "betrap" wanneer sy skryf oor "die gebakte pere". In die *Kernwoordeboek van Afrikaans* stel hy egter vas dat dit ook 'n Afrikaanse uitdrukking is. Terwyl daar in *Rymdwang*, soos in ander bundels, talle voorbeelde is van uitdrukkings wat tipies Nederlands en nie Afrikaans is nie, wys Ester sy lesers egter nie daarop nie - waarskynlik omdat dit vir hom so bekend is.

In die brosjures wat nuwe boeke aankondig verwys Querido meestal glad nie na Eybers se Afrikaanse herkoms nie. Met die publikasie van *Noodluik* (1989) word dit in die eerste paragraaf egter wel genoem:

> Wie *Noodluik* leest, vergeet al gauw dat de bundel niet in het Nederlands geschreven is. Niet alleen omdat Elisabeth Eybers door haar lange verblijf in Nederland woorden en uitdrukkingen is gaan vermijden die ons onbekend of onbedoeld grappig voorkomen, maar vooral ook omdat de puurheid en helderheid van haar gedichten de aandacht vestigt op het scherpe licht, waarin de toevallige dingen uit het leven even boven zichzelf worden uitgetild.

Verder word genoem dat Eybers se moedertaal Engels was en "haar vaders taal Afrikaans". Daar word ook aangehaal uit 'n resensie van *Rymdwang*: "Je moet je een beetje extra inspannen om dat Zuidafrikaans te verstaan, maar de inspanning wordt dik beloond."

Guus Middag (*NRC Handelsblad*, 24.11.89) vergelyk Eybers se taalgebruik met dié van die New Yorkse Nederlandse digter Vroman:

> Ze schrijven gemakkelijk in wisselende versvormen over alle mogelijke onderwerpen, en ze doen dat in een taal die zich op prettige afstand van het 'normale' Nederlands bevindt: Vroman in een Nederlands dat zich gedurende vijftig jaar buitenlands verblijf langzaam is gaan verwijderen van de spreektaal, Eybers in een Zuidafrikaans dat gedurende vijfentwintig jaar binnenlands verblijf elementen uit het Nederlands heeft overgenomen.

Karin van Llerop (*Hogeschool Circuit* 3:2, februari 1990) meen dat Eybers 'n onmiskenbaar eie styl het, veral as gevolg van die Afrikaans wat sy gebruik, "een taal die soms wat lief-kinderlijk aandoet". "De Nederlandse lezer zal niét alle woorden direct kunnen thuisbrengen, maar met een beetje moeite en geholpen door de context, zijn de gedichten prima te begrijpen."

Durk van der Ploeg (*Leeuwarder Courant*, 11.5.90) moet ook "even wennen, maar haar Afrikaanse toon ligt heel dicht bij die van Nederlandse poëzie, maar onderscheidt zich

door een ongecultiveerde en pregnante manier van schrijven die het Zuid-Afrikaans eigen is."

Oor die algemeen kan vasgestel word dat Eybers se Afrikaans nie as 'n struikelblok ervaar word deur die Nederlandse kritiek nie. Dit word wel byna altyd genoem as 'n onderskeidende kenmerk van haar werk.

9.2.2 WORD EYBERS SE AFRIKAANS AS 'N POSITIEWE FAKTOR ERVAAR?

Pierre H. Dubois skryf na aanleiding van *Onderdak* (*Het Vaderland*, 26.4.69) dat die lees van poësie altyd inspanning vereis. Eybers-lesers wat Afrikaans nie ken nie, sal hulle nog meer moet inspan.

> Wie zich de inspanning getroost, zal echter de ontdekking doen van een authentiek, zuiver, door en door van binnenuit gedreven dichterschap.

Hy betreur dit dat Afrikaans selfs deur mense soos Marnix Gijsen as 'n "wat kinderlijk taaltje" beskou word: "Wie in staat is om de verschillen te absorberen, ontdekt dat het Afrikaans niet slechts een volwaardige, maar bovendien een bij uitstek voor *poëzie* geschikte taal is."

Die resensent van *Onderdak* in *Gooi's Weekblad* (20.5.69) meen lesers

> zal misschien wat aan haar Afrikaans taalgebruik moeten wennen, maar veel puzzels geeft dat toch niet en al lezende raakt men gemakkelijk bekoord door het melodieuze karakter ervan, dat iets vrouwelijks heeft, en naïef-klinkends, tegelijkertijd ingetogen en vertrouwelijk. Die toon past geheel bij de wat peinzerige, gevoelige dichtkunst van Elisabeth Eybers, sprekend van liefde, heimwee en eenzaamheid.

Jan Eijking skryf in sy kort *Prisma-Lectuurvoorlichting* (26.8.69 - NB sy van word telkens anders gespel by besprekings): "Voor Nederlanders zijn haar vrouwelijke sfeertekeningen in het weerbarstige, hoekige Afrikaans uitermate boeiend." Hy meen: "Ook de Nederlandse poëzie mag deze bundel als een verrijking beschouwen." Jan van der Vegt (*De nieuwe linie*, 22.11.78) praat van

> de eigenaardige geschiktheid van het Afrikaans als uitdrukkingsmiddel voor juist de moderne dichter. Het is een taal die door zijn syntactische en grammaticale eigenaardigheden de mogelijkheid biedt tot pregnant formuleren en tegelijkertijd een grote soepelheid vertoont. Het is daardoor ook een taal die zich gemakkelijk naar strakke vormen voegt, vormen zoals ook Elisabeth Eybers die aan haar verzen geeft.

Kees Knopper (AVRO-Radio: "Aspekten", 14.9.78) meen dat 'n Nederlandse leser gou gewoond kan raak aan Eybers se poësie.

> Toch heeft die taal invloed op de appreciatie van de gedichten. Zo ben je eerder geneigd de poëzie de benefit of the doubt te geven. Je begrijpt wat er gezegd wordt, maar je mist het vermogen om het taalgebruik te beoordelen, zoals een Zuid-Afrikaan dat zou doen. Niet alleen geeft het een zekere bevrediging op het eerste gezicht vreemde woorden te herleiden tot bekende nederlandse woorden, je bekijkt ook woordvormingen of uitdrukkingen die je in een nederlandse tekst als lelijk zou ervaren, met andere ogen.

Knopper se standpunt oor die waarde van Eybers se Afrikaans in die Nederlandse literêre wêreld is:

> Het Zuid-Afrikaans krijgt in deze poëzie een dubbelfunctie. De lezer moet meer moeite doen om de taal *zelf* te begrijpen, pas daarna kan hij zich rekenschap geven van de inhoud, vormgevingsaspecten en de samenhang daartussen. Bovendien biedt het Zuid-Afrikaans een aantal mogelijkheden die het Nederlands niet biedt. Zo lijkt het of sommige formuleringen bondiger *en* krachtiger zijn door het ontbreken van de buigingsuitgangen.

J. Bernlef gee in "Tussen twee vaderlanden" (*HP*, 28.78) toe dat hy Eybers-poësie eers sedert die verskyning van *Einder* lees. "Het op het eerste gezicht wat tegendraadse Zuidafrikaans moet daar debet aan zijn geweest." Wanneer hy haar werk leer ken, beskou hy Afrikaans soos wat dit in die werk van Eybers gebruik word "als een gecomprimeerde versie van het Nederlands, die geknipt lijkt voor de geserreerde schrijfwijze van deze dichteres".

Anneke van Luxemburg (*Haarlems Dagblad*, 20.11.79) noem Eybers se Afrikaans 'n "taal met een code". Sy meen dat Eybers spesiaal in Afrikaans vir "eigenlijk een Nederlands publiek" skryf.

> Het Afrikaans is niet ontoegankelijk voor Nederlanders, maar het is toch duidelijk niet de eigen taal en het is ook geen dialect. Het is een soort geheimtaal, een taal met een code; je probeert voortdurend sleutels te vinden om de regels te snappen. Daardoor is het natuurlijk uitnemend geschikt als poëtische taal. Het is spreektaal zonder de alledaagsheid ervan, maar ook geen plechtige taal; ze is anders, soms onverwacht direct en emotioneel, dan weer even onverwacht verhullend. Elisabeth Eybers kan de mogelijkheden die deze eigenschappen bieden werkelijk feilloos hanteren.

Dat Eybers die enigste Afrikaanse digter is wat die moontlikhede van Afrikaans op so 'n manier kán gebruik ten opsigte van 'n Nederlandse publiek, word nie vermeld nie. Van Luxemburg meen verder dat Eybers pragtige beelde oproep in haar "eigenaardige taal, die ook door de spelling iets van een oertaal heeft, alsof de woorden speciaal (...) zijn verzonnen".

Nederlandse resepsie van Onderdak *tot* Teëspraak

Adriaan van Dis (*NRC Handelsblad*, 26.8.77) skryf oor *Einder*:

> Zoals de dichteres met haar zichzelf opgelegde ballingschap in Nederland en met haar in de poëzie vaak uitgesproken verlangen naar Zuid-Afrika, een soort tussenthuisland heeft gevonden, zo lijkt het wel of ze voor haar twee lezerspublieken (...) een soort tussen-taal heeft gecreëerd.

Rudi Boltendal (*Leeuwarder Courant*, 24.9.77) vra homself af "in hoeverre het Afrikaans van Elisabeth Eybers nog de niet gestolde taal is en in hoeverre het Nederlands daarop invloed heeft gekregen".

Omdat Renate Rubinstein in haar "Tamar"-rubriek (*Vrij Nederland*, 11.9.82) beskryf hoe sy en 'n vriend saam *Bestand* gelees het, kry 'n mens 'n goeie insig in die Eybers-leesproses van Nederlanders.

> We lazen een gedicht in het klad voor, vertaalden het daarna in dagelijks Nederlands (bewonderden daarbij de voordelen van het Zuidafrikaans dat vaak met één lettergreep volstaat waar wij er twee nodig hebben), lazen het dan hardop in het net over, bewonderden de dichteres en schoten ook vaak in de lach want deze bundel heeft dat effect. Je moet dus een beetje je best doen op die variant van onze taal en, als je het niet begrijpt, voet bij stuk houden, eventueel een klemtoon verleggen tot je de vage plek van het rare woord helder hebt gekregen. (Ik herinner me uit de vorige bundel 'ewewig'; ik dacht een poosje dat het een uitgerekte vorm van eeuwig was, maar hardop herhalen leverde 'evenwicht', wat het ook is.)

Michaël Zeeman skryf in sy resensie van *Rymdwang* (*Leeuwarder Courant*, 12.8.88) dat nie slegs die eksotiese aspek van haar taal aan Eybers se gedigte 'n oorrompelende en innemende direktheid verleen nie, maar ook die feit dat sy haarself so uitdruklik uitspreek in beelde:

> Dat dat zo is verklaart zij prachtig: 'verpligte kerkgang het my toegerus/met blywende afdwalende gedagtes.' Ik vind dat een verrukkelijke verontschuldiging van beeldend dichterschap.

Hy vind "amperslaap" verder 'n pragtige woord in vergelyking met wat Nederlanders "enigszins halfhartig en vergoelijkend 'halfslaap'" noem. 'n Ander woord wat vir Zeeman "net iets beter zijn dan hun vaderlandse equivalent" is onder meer "aanswelnag" vir "skemering".[2] Uit hierdie twee voorbeelde kan gesien word dat Zeeman se gebrekkige kennis van Afrikaans veroorsaak dat hy nie kan vasstel dat hierdie woorde Eybers-vondste is en nié gewone Afrikaanse woorde nie. Hy besef ook nie dat "amper" in Afrikaans 'n ander betekenis het as in Nederlands nie. Zeeman is besonder beïndruk deur haar "volkomen transparante gedichten (...) Ik kan niet precies benoemen wat het is, maar haar toon heeft daarin iets afstandelijks, bijna iets van geamuseerdheid (...), fris en nuchter

(...). Nergens wordt haar toon larmoyant of pathetisch." Vir hierdie sjarmante aspek van haar werk soek hy dan 'n verklaring:

> Het kan zijn dat dat iets te maken heeft met haar taal, met de omstandigheid dat Zuid-Afrikaans voor ons oog en oor net geen Nederlands is. De zonderlinge spelling van vertrouwde woorden en het voorkomen van bijna f 'tsche samentrekkingen verlenen aan die taal iets sprankelends, iets van een ki. taal, maar dan niet in de meewarige zin van het woord.

"Je moe nie huil nie, je moe nie treur nie", het Xandra Schutte (*Surplus*, maart/april 1990) op skool geleer en ook begryp, "maar vaak ontging de betekenis van de teksten die ik uit volle borst zong mij grotendeels, wat ze iets kleurrijks en magisch gaf. Ook bij Eybers' poëzie geeft het Zuidafrikaans er een extra dimensie aan, de grammaticale eenvoud en compactheid van deze taal lijken zich 'tstekend te lenen voor haar strakke en lichtvoetige verzen." Afrikaans gee aan Eybers se gedigte "een bijzondere lading", meen Schutte.

Die woord "voel-voel" wat tipies Afrikaans is en in "Antwoord" (VG-593) in *Noodluik* voorkom, word deur Lenze L. Bouwers (*Nederlands Dagblad*, 27.1.90) beskryf as "prachtig": "Al tastend komt het vers en (zal) dan de opdracht van de kunstenaar uitvoeren, aan de woorden die vorm geven, bevelen zelfs, om op de juiste plaats te gaan staan."

Ook vir L.C.J. Reedijk-Boersma (*Utrechts Nieuwsblad*, 16.3.90) gee Afrikaans "een extra charme" aan die gedigte en dit is ook "een aansporing tot het doen van een ontdekkingsreis. Je moet enige moeite doen, maar dat levert de zegevierende verrassing op dat je het echt lezen kunt en verstaat wat er staat." Boersma waardeer ook die letterlikheid van die "plattegrond" (kaart) wat Nederland vir Eybers is. Die letterlikheid van "piepjong" en "hawervlokke" is ook pluspunte vir Boersma danksy die vervreemdende effek van die Afrikaans.

Ed Leeflang (*Vrij Nederland*, datum onbekend) skryf in 'n resensie van *Noodluik* dat troue Nederlandse Eybers-lesers hou van "die eigenaardige mengeling van intimiteit en reserve, zelfspot, de geestige bondigheid waartoe het Zuidafrikaans erg geschikt lijkt en vooral de ongeforceerde emotionaliteit, die in de eigentijdse dichterlijke produktie zo schaars is".

Die vasstelling dat "de metaforiek (...) de mortel" is van Eybers se poëzie, lei Guus Middag (*NRC Handelsblad*, 24 11.89) daartoe om te skryf:

> Het gevolg (of de oorzaak [...]) van deze wakkere beeldspraak is een zeldzame vorm van vitale relativering, van opgewekt understatement - een indruk die waarschijnlijk wel versterkt wordt door de taal waarin Eybers dicht. Er gaat tenminste, voor wie geen Zuidafrikaans spreekt, iets onmiskenbaar luchtigs uit van woorden als *mekaar* of *moenie*, of van *niks so* in de tochal opgeruimde constatering 'Niks so bewussynsverruimend as 'n welwing gekneusde ribbes.'

Hierdie opgeruimdheid verteenwoordig tiddag wel net die buitekant van Eybers se poësie. "Daaronder gaat een veel existentiëlere poëzieopvatting schuil."

In vergelyking met die waardering wat resensente van *Balans* reeds gehad het vir Eybers se hantering van Afrikaans, blyk dit dat Nederlandse kritici in resensies van daaropvolgende bundels steeds vindingryker word in hulle pogings om die effek daarvan te beskryf. Eybers se Afrikaans dwing Nederlandse kritici daartoe om motiverings vir haar seggingskrag te soek in haar taalgebruik, terwyl Afrikaanse resensente dit eerder op ander gebiede, byvoorbeeld in haar gebruik van ironie, vind.

Warren (1991) is die enigste kritikus wat volhou dat Eybers nie tot die Nederlandse letterkunde gereken mag word nie (sien 2.2), maar ten spyte daarvan het hy waardering vir die potensiaal van haar Afrikaanse taalgebruik.

> Elisabeth Eybers woont al dertig jaar in Nederland, desondanks is ze haar moedertaal trouw gebleven. Niet zonder reden. Het lijkt of het Afrikaans makkelijker tot poëzie te smeden is dan het Nederlands. (...) Misschien omdat nog niet lang literatuur in het Afrikaans geschreven wordt, is de taal heel kneedbaar. Nieuwvormingen zijn daarom bij Eybers geen uitzondering. Bovendien is Afrikaans voor haar zo'n geschikt instrument vanwege de beknoptheid.

9.2.3 DIE SUBTILITEIT VAN EYBERS SE TAALGEBRUIK WORD BEKLEMTOON SONDER DAT DIE NODIGE TAALKENNIS AANWESIG IS

Dit het in 9.2.1 duidelik geword dat Nederlandse kritici bewus aandag gee aan die feit dat Eybers se Afrikaans vir Nederlandse lesers spesifieke probleme en uitdagings bied. Vae waarderende opmerkings in verband met nuanses en subtiliteite van haar gedigte het nog in resensies van *Balans* voorgekom, maar 'n relativerende bewussyn van die gemiddelde Nederlander se onbekendheid met die Afrikaanse idioom waaruit Eybers put, het tot gevolg dat veralgemenings volgens my waarneming nie meer voorkom in resensies van *Onderdak* en later bundels nie.

9.2.4 VOORBEELDE VAN TAALPROBLEME

In sommige resensies word duidelik gemaak met watter woorde probleme ondervind word. Dikwels is Nederlandse resensente egter nie bewus daarvan dat hulle probleme hét nie. As voorbeeld hiervan wil ek wys op 'n geval van verskillende interpretasies van die laaste gedigte uit *Onderdak*. Hierdie gedigte steun waarskynlik sterk op biografiese

gegewens (sien Kannemeyer 1978: 478-479 en my bespreking hiervan in: Hoofstuk 1). Dit is myns insiens nie die feit dat Nederlandse resensente nie oor biografiese gegewens beskik wat lei tot verkeerde interpretasies nie, maar die gevolg van die kumulatiewe effek van Eybers se subtiel-ironiese taalgebruik in die laaste deel van die bundel waar die verwerking van die dood van iemand met wie die digter skynbaar "Drie jaar (...) en toe 'n driekwart" saam was, beskryf word.

Jos Panhuijsen skryf in *De Gelderlander-Pers* (29.7.69):

> In *Onderdak* treft men mensen aan over boeken gebogen om de 'grondbeginsels' te zoeken. De dichteres zelf behoort tot hen. Zij herdenkt de ervaring en geeft er dan op den duur een gezuiverd beeld van.

Hy verwys hier uiteraard na die slotgedig uit die bundel, "Huis te koop" (VG-342). Uit voorafgaande gedigte ("Meerman", "*Métier*", Woordeskat", "Verraad", "Wag", "'Hy is nie hier nie'" en "Huis te koop"; VG- 335-341) behoort dit vir iemand wat die subtiliteite van Eybers se taalgebruik kan volg, duidelik te wees dat die oorledene haar "met sak en pak laat staan" het en heel letterlik ónder die grond is. Hans Warren (*Provinciale Zeeuwse Courant*, 21.5.69) verwys ook - baie simplifiserend - na hierdie gedig:

> Was alles een 'Janklasespel', een droom van bruid en bruidegom achter een raam in een interieur met doorkijkje naar een malachietgroene tuin? En heel die magische tocht eindigt dan op een simpele, huiselijke noot, de man verdiept in zijn lektuur.

Dat die persoon dood is, sien Warren en Panhuijsen nie raak nie - moontlik weens te veel talige probleme in die voorafgaande gedigte.[3]

Elemans (*Brabants Dagblad*, 29.11.69) beskou *Onderdak* as 'n moeilike bundel: "De poëtische problemen waarvoor de dichteres ons stelt, worden in Nederland nog vermeerderd met die van de vreemde taal. Zuidafrikaans proza leest makkelijker dan dito poëzie, die nu eenmaal een spel is met weinig woorden."

Wat kritici beskou as taalprobleme vir Nederlandse lesers, kan die beste afgelei word uit die kere wanneer hulle dit noodsaaklik of interessant vind om teksgedeeltes te vertaal. Dit is wel nogal ironies dat Dubois - een van die grootste voorstaanders daarvan om Eybers te reken tot die Nederlandse poësie (1969, 1973, 1991) - 'n gedig soos "Najaar" uit *Kruis of munt* in sy geheel aanhaal, en dan sy vertaling gee met hierdie inleiding: "Voor een goed begrip herschrijf ik het hier in zo letterlijk mogelijk Nederlands." Eybers se "helder, onskendbare stellings" word by hom "heldere onaantastbare axioma's"; "wat my reëlreg sou lei na geluk" word "die mij lijnrecht naar 't geluk moesten leiden"; "sorgsaam ingaar"

word "zorgzaam opsparen"; "'n smeulende seer" is nou "een dragende wond"; en "attâr" (wat ook in Afrikaans 'n uiters ongebruiklike woord is) word eksplisiet vertaal as "geurige bloemenolie". Hierdie vertalings van Dubois gee aan watter tipe woorde vir Nederlandse lesers probleme sou kon gee. Dit is tegelykertyd 'n aanduiding van die spesifieke soort letterlikheid en ander ritme wat Afrikaans in vergelyking met Nederlands het.

K.L. Poll (*NRC Handelsblad*, 19.12.73) gee 'n lang uiteensetting in "Eigen gebied tussen Nederland en Zuid-Afrika" oor die problematiese posisie wat Eybers volgens hom in die Nederlandse letterkunde inneem. Iemand wat na die titels en die voorkoms van haar bundels kyk, sal volgens hom dink dat Eybers Nederlandse poësie skryf. Tog is dit in Afrikaans en "dat is voor Hollandse oren en ogen een lastige taal".

> Niet lastig om te begrijpen, maar lastig om aan te wennen. Vrijwel niemand ziet of hoort hier ooit Zuidafrikaans. Het is in zoverre voor ons een ongewoner taal dan Frans, Duits of Engels. Daarin komen misschien meer woorden voor die we niet begrijpen, maar het woordbeeld is tenminste vertrouwd. Frans is Frans en Engels Engels, dat weet iedereen nog van school, daar wordt niet meer om gelachen. Het opvallende van Zuidafrikaans is niet alleen dat wij het hier zelden tegenkomen, maar ook dat vijf van de tien Zuidafrikaanse woorden gewoon Hollands zijn en de vijf andere gebrekkig gespeld potjeshollands. Dat kunnen de Zuidafrikanen niet helpen, maar wij ook niet. De eerste vijf woorden gaan er in als koek, de tweede vijf als koek waar het papier nog omheen zit. Aan de ene kant is het een taal waarvan wij te ver afstaan en aan de andere kant een taal die te veel op de onze lijkt.

Poll haal dan die gedig "Welvaart" aan uit *Kruis of munt* en sê:

> Dat is zonder moeite te begrijpen, dat is het punt niet, maar voor het kijkend, lezend brein toch iets anders dan de Nederlandse vertaling.

Hy vertaal die gedig dan en meen dat die Nederlandse weergawe na sy smaak tog "minder goed" lyk as die Afrikaanse. Woorde soos "tijdgeheiligde", "ondoorgrondelijke" en "rechtschapenheid" is volgens hom "logger en lelijker" as die soortgelyke Afrikaanse woorde, terwyl ander uitdrukkings in sy vertaling nou vir hom "geforceerd" en "gezocht" voorkom. Hierdie besware het Poll nie ervaar terwyl hy die Afrikaanse teks gelees het nie.

Ietwat halsstarrig erken Poll dat 'n woord soos "regskapenheid" 'n "mooi ouderwets en puriteins uitziend woord, een beetje Paul Kruger-achtig" is, en hy erken die "puzzelplezier van de on .jferaar" wat dink: "Hé, daar staat natuurlijk rechtschapenheid - al is dat een soort plezier waar het Elisabeth Eybers niet om zal gaan." Hy redeneer dan onmiddellik verder soos volg: "Bij andere woorden, zoals 'zonder huivering', ben je als hollandse lezer al vlug bereid aan te nemen, dat ze er voor een Zuidafrikaan voldoende precies en aannemelijk uitzien om hun plaats in de zin te verdienen. Dat kan dan best een vergissing zijn, zoiets valt van hieruit niet te beoordelen. Gevolg: je (sekerlik word hier 'n

Nederlandse leser bedoel - EJ) leest minder kritisch, maar daardoor ook snel met een lagere graad van betrokkenheid bij wat er staat.

In 9.2.2 is talle voorbeelde genoem van kritiek wat juis meen dat Eybers se Afrikaans Nederlandse lesers se betrokkenheid verhoog.

Dat Eybers se gebruik van Afrikaans binne 'n Nederlandse taalmilieu tog uitstekend werk, omskryf Poll so:

> Het merkwaardige is dat dit Zuidafrikaanse taalmasker, waar een Nederlandse lezer moeilijk doorheen kan kijken, goed past bij wat Elisabeth Eybers te zeggen heeft. De gedichten gaan grotendeels over haarzelf met als centraal thema de 'reisdeken van verdriet' (uit *Balans*) die 'om my lede vasgevou' ligt. Dat persoonlijke karakter betekent niet, dat zij aansluiting zoekt bij haar omgeving, bij de lezer dus ook, dat zij ingekapseld zou willen worden in andermans begrip, sympathie of medelijden. Zij wil afstand bewaren, een vrije ruimte om zich heen, beschermd tegen de luidruchtigheid van de buitenwereld. Die behoefte brengt zij prachtig onder woorden in 'Vir X'.

Die essensie van Poll se lang uiteensetting is dan:

> Het vreemde van de taal versterkt hier de inhoud, voor ons althans, zoals er omgekeerd, neem ik aan, voor iemand die in Zuid-Afrika woont weer andere vreemde, onvertrouwde elementen in haar gedichten zullen zitten, zeker in de onderwerpen maar misschien ook wel in haar door het Nederlands beïnvloede woordkeus.

Eybers is volgens hom steeds "afwerender gestemd", vertrou meer op die "voelhorings van ironie" en gee haarself minder maklik oor aan konvensioneel-poëtiese onpersoonlike woorde ("zoals dag, nacht, droom, pijn, hart" ensovoorts). Alhoewel die herinnering aan 'n "lichter gekleurd ver verleden" nie verdwyn in haar werk nie, meen Poll dat die "grondtoon van deze nieuwe gedichten (...) donkerder", maar ook meer beheers is: "Zij lijkt zich meer verzoend te hebben met haar geïsoleerde positie tussen de twee leef- en taalgebieden Nederland en Zuid-Afrika. Zij wil dat isolement verduren en zij vindt er haar kracht in als dichter. Zij wil met rust gelaten worden, voor zover het althans zin heeft om zoiets vast te stellen bij iemand die dat zelf met zoveel woorden opschrijft, als mededeling voor lezers aan de andere kant van het taalgordijn. Zoals in 'Afstand'."

Rein Bloem bespreek in *Vrij Nederland* (6.10.73) die gedig "Gety" baie waarderend, en hy noem drie woorde "even afwijkend": "onbereid, wegtregter en invou". Laasgenoemde twee woorde beskryf hy as "doeltreffend en plastisch". Hy skat die waarde van die taalkonstruksie-vorme uitstekend in wanneer hy praat van die "gestamel van 'jy weet', 'jy vermoed,' 'dit weet jy'."

Josef Deleu gee (*De bond*, 18.5.79) 'n kort bespreking van *Gedigte 1958-1973* en haal "Jong seun" in sy geheel aan. Die woorde wat hy as problematies beskou en vir sy lesers vertaal is: "nael", "tog", "hom", "murg", "geslag" en "soos".

Rubinstein (*Vrij Nederland*, 11.9.82) meen dat alle taalprobleme opgelos kan word deur moeilike woorde hardop te sê. Die woord "hiënalag" het byvoorbeeld vir haar aanvanklik onbegryplik voorgekom, maar was heel eenvoudig in die konteks toe sy besef het dat sy die "g" moes vervang met 'n "ch". Sy siteer die reëls "Dag na dag loop oor van oomblikke, elk ongeag die aantal dae wat mens mag verwag", vertaal dit in Nederlands en sê dan: "U ziet, het is zo moeilijk niet"!

Tomas Lieske (*Tirade* (30)304, mei/juni 1986) gee 'n oorspronklike en vermaaklike weergawe van die begripsprobleme wat 'n Nederlandse leser kan ondervind by die lees van Eybers:

> Wie per auto van Middelburg naar Utrecht reist, moet bij Ermelo beslissen of hij rechtsaf slaat en via Amersfoort rijdt of dat hij linksaf slaat en over Amsterdam naar Utrecht rijdt. Wie van Parys over Frankfort naar Weenen reist passeert onderweg Betlehem. Het aardige van de kaart van Zuid-Afrika is het voorkomen van bekende namen in geheel nieuwe context: de verwarring die even toeslaat als je een naam herkent en tegelijk weet dat alles aan die naam volkomen vreemd voor je is.

Lieske (1986:373) meen dat dit die effek is van Eybers se poësie:

> Al vijftig jaar schrijft ze zeer geconcentreerde gedichten in de Zuidafrikaanse taal die op eenzelfde verrassende wijze werken.

Hy gee 'n paar voorbeelde van woorde wat hy nie begryp nie. Van "horreltjies" gee hy die Afrikaanse vertaling en baseer 'n interpretasie daarop: "het hart spreekt onduidelijk, wartaal. Die taal, die uiting van gevoelens, die poëzie dus, kan beter ophouden." Hy vertaal "horreltjies" in 'n Nederlandse kinderkreet: "Genade, genade, citroen, ik zal het nooit meer doen." "Kierie" en "goiing" is twee ander woorde wat hy vir sy lesers verklaar.

Christiane Kuby gee in haar resensie van *Rymdwang* (*Surplus* 2, september/oktober 1988) 'n aantal woordverklarings: "hul = hunne", "droster = deserteur", "eie = eigen", "skuiwende = schuivende", "eie = eigen", "deurskuur = doorschuren", "beseëling = bezegeling", "bly = blijft". 'n Woord soos "aanswelnag" probeer sy nie vertaal as "schemering" (soos Zeeman, *Leeuwarder Courant*, 12.8.88) nie, maar interpreteer dit as die naderende winter wat in verband staan met die spreker se eie "saggies" naderende dood.

Surplus (september/oktober 1988) skryf in haar gereelde rubriek oor vertaalwedstryd "Die ouderdom is nie noodwendig saai:" (VG-554) aan lesers voor en waarsku: "De moeilijkheid bij het vertalen van een gedicht uit deze taal ligt voor de hand: de overeenkomsten tussen het Nederlands en het Zuidafrikaans zijn zó groot dat je de verleiding zult moeten weerstaan om letterlijk te gaan vertalen." Die redaksie skryf: "Het is dan ook niet gebruikelijk om gedichten uit het Zuidafrikaans te vertalen: vandaar dat wij met spanning de resultaten van dit experiment tegemoet zien." In 11.7.1 gaan ek verder hierop in.

Van den Blink (*Utrechts Nieuwsblad*, 16.3.90) skryf oor taalprobleme: "Elisabeth Eybers is als dichter een vertegenwoordigster van twee culturen. Het is dan ook riskant om te denken dat je haar werk helemaal begrijpt wanneer je zelf slechts een van die culturen kent (omdat je Nederlander bent of omdat je Zuidafrikaan bent). Een artikel in *Uit liefde en ironie* van Ena Jansen beklemtoont dit."

Willem-Jan Otten (*NRC Handelsblad*, 13.3.87) beskou "deuraar" en "seun" as moeilike woorde. In haar resensie van *Noodluik* (*Ut[illegible]ts Nieuwsblad*, 16.3.90) verwys Van den Blink na hierdie resensie en skryf: "Lange tijd heb ik niet geweten wat 'murg' betekent, tot ik het woord in verschillend andere gedichten van Eybers tegenkwam (...) Het grappige is dat, als je eenmaal weet, *murg* = *merg*, het gedicht alleen maar aan betekenis wint."

Oor die algemeen beskou Nederlandse kritici taalprobleme as 'n avontuur en nie as 'n belemmering nie. Die maniere waarop hulle kreatief omgaan met aldus "vooropgestelde" woorde, dra by tot hulle poëtiese ervaring. Sien 13.6.

9.3 VERWYSINGS NA DIE EYBERS-REFERENSIEKADER

Uit die bundels onder bespreking blyk dit dat Eybers se vertroudheid met haar Nederlandse omgewing toeneem. Dit het tot gevolg dat "de Nederlandse lezer tot direkte gesprekspartner" word gemaak (Ester 1989:10).

9.3.1 GEDIGTE WAT SPESIFIEK NA DIE NEDERLANDSE WERKLIKHEID VERWYS

Hans Warren (*Provinciale Zeeuwse Courant*, 21.5.69) gee dikwels aandag aan die biografiese omstandighede van Eybers se digterskap. Byvoorbeeld:

> We zullen namelijk uit de latere verzen begrijpen, dat deze Zuidafrikaanse vrouw, na een vijfentwintig jarig huwelijksleven van haar man weggegaan is, en ook haar

> kinderen heeft moeten verlaten, om in den vreemde (Amsterdam, is te begrijpen uit enkele topografische aanduidingen) een nieuw leven te gaan bevechten.

Gedeeltes uit gedigte word aangehaal, met tussentekste soos: "Maar weldra komt, voor deze naar liefde en warmte hunkerende vrouw in het verre, koude land - typerend in het winterseizoen, 'Desember' - een nieuwe, aarzelend en met veel voorbehoud aanvaarde geliefde, 'Don Juan van die boetseisoen'." Van "Nagwandeling" word gesê: "In een koude Amsterdamse nacht dolen jonge geliefden en eenzame figuren." Op die woorde "sy't haar ele baalerd saamgebring" ("Ontheemde", VG-294) borduur Warren voort:

> De vrouw heeft Afrika verlaten, woont in Amsterdam waar ze allerlei paperassen en vergunningen nodig heeft, en onder andere onheus bejegend wordt door een belastingkontroleur De Laar; die daarmee een ode verdiende. Hij heeft haar schamper toegevoegd 'Allicht! U bent niet meer in Afrika', waarop zij, met niet minder bijtende kritiek zowel op de man als op haar eigen land van oorsprong repliceert:
>
> Meneer de Laar, my land het leemtes: daar
> het ek jou soortgelyke nooit gewaar ...
> Miskien vanweë my huid?
>
> (En nu moeten we even buiten ons boekje gaan: Elisabeth Eybers is blanke.)

Hierdie soort omskrywing kom gereeld voor. Nederlandse resensente het 'n duidelike voorliefde daarvoor om Eybers én as Suid-Afrikaans van oorsprong én as wonend in Nederland te tipeer.

Soos wat "Twee kleuters in die Vondelpark" die mees-aangehaalde gedig in *Balans* was, so is "Ode aan Kontroleur de Laar" dit in *Onderdak* (met "Die enkel taak" 'n kortkop agter). Hierdie keuse het daarmee te make dat resensente 'n bekende situasie soos beskryf deur iemand "uit 'n onordeliker kontinent" herken en dit vervreemdend-interessant vind.

Kruis of munt het vir Nederlandse lesers ook 'n aantal raakpunte. Tom van Deel (1973) noem dat daarin enkele gedigte is wat "op heel specifieke Nederlandse omstandigheden slaan". Die plek waar "Einde van die seisoen" (VG-346) hom afspeel, herken hy as die Vondelpark. Dit is die gedig waarop Warren (1973; sien 9.3.4) veral opgewonde reageer:

> Het venijn zit in de staart: de twee laatste regels zijn, zal ik het maar heel lelijk zeggen: zuidafrikaans. (...) Wie zo d[illegible]isse jeugd tegen de onfrisse hippies af wil zetten, waar houdt die op?

In "Orkaan" (VG-358) herken Nederlandse resensente 'n spesifieke gebeurtenis op grond van die digter se presiese situering:

> My smal dakkamer het soos 'n ark gekraak
> in die donker voordag van dertien November

Helma Wolf-Catz van *Amersfoortse Courant* (1.12.73) haal die gedig in sy geheel aan en vergelyk dit met Albert Helman se "Orkaan bij nacht", wat "zich in een ander werelddeel", Suriname, afspeel.

Eybers se verwysings na die Calvinistiese geloof is beslis 'n faktor wat haar poësie toeganklik maak vir Nederlandse lesers en kan ook as 'n gemeenskaplike referensiekader beskou word. Hans Ester beskryf dit so in sy resensie van *Rymdwang (Trouw*, 9.11.89):

> Een van de redenen voor de diepe indruk van deze bundel ligt in het feit dat de herinneringen en de strijdvaardige acties van de dichteres getransporteerd worden door een taal met een breed literair verwijzingsveld. Door de lezer op een gemeenschappelijk bezit van verhalen, met de Bijbel op een uitverkoren plaats, aan te spreken, verliest de geïnformeerde lezer zijn afstand. De lezer krijgt via de ontdekking van gemeenschappelijke beelden en voorstellingen toegang tot de menselijke emoties die in deze poëzie tot uitdrukking komen.

Die gedig wat Ester as voorbeeld kies om sy tese mee te illustreer, is "Wanhoop" (VG-576). Hierin word Psalm 88, "die geheel in het teken van dood en ontreddering staat, naar de situatie van de dichteres toegetrokken (...) de opening naar een horizon van literaire verwijzingen behoeden de gedichten voor een al te gedachteloze consumptie. Ook het Afrikaans draagt daar door die lichte vervreemding toe bij."

Die gedig "Trip" uit *Noodluik* (VG-578) word ook 'n aantal kere aangehaal (Van Deel, Schutte en Kusters). "Opgawe" (VG-568) - waarin Eybers skryf oor "die strak grou-en-groen plattegrond" - is 'n ander *Noodluik*-gedig wat graag aangehaal word (vergelyk André Matthijsse: *Haagsche Courant*, 22.12.89).

9.3.2 VERWYSING NA SUID-AFRIKAANS-GESITUEERDE GEDIGTE

Interessant-genoeg word byna geen van Eybers se spesifiek Suid-Afrikaans-gesitueerde gedigte volledig aangehaal in Nederlandse resensies nie. Aanhalings is hoofsaaklik uit gedigte wat na die Nederlandse werklikheid verwys of algemener gedigte: dikwels liefdesgedigte, maar ook soms baie vroeër gedigte soos "Maria" (VG-19) en "Jong seun" (VG-173).

Omdat die tema van verlange (9.3.3) dikwels genoem word, word dit soms geïllustreer deur gedigte aan te haal waarin 'n regstreekse verband tussen Nederland en Suid-Afrika opgevou. "Notisie" (VG-472) uit *Bestand* word telkens aangehaal.

> In hierdie halfrond steier die halwemaan
> soms kersregop met skietloodmiddellyn.

> Waar ek vandaan kom en hy skerper skyn
> lê hy gewoonlik agteroor gevly
> - 'n bootjie in die holte van 'n golf -
> en hang 'n ster soos 'n spinnekoppie aan
> sy voorstewe en skommel saggies saam.
> Badwater, as dit gorrelend wegloop, kolk
> hier linksom, téén die klok, dáár tol dit méé.
> (Hoe lyk dit op die ewenaar - word die skroef
> een sentimeter vóór hy omswaai stroef?)
>
> Geleerdheid sou opsluit 'n uitleg gee
> en sulke bronne van verwondering,
> as ek maar wou, met wetenskap verdring.
> Vandaar dat ek my in onkunde vermei.

Wiel Kusters se verwysing hierna (*NRC Handelsblad*, 10.9.82) het 'n hele korrespondensie oor die verskynsel tot gevolg gehad (sien 12.2.1). Kusters skryf oor die beeld:

> Het is een gedachte die het verlangen naar Zuid-Afrika en de langzaamaan gegroeide band met Nederland met elkaar in evenwicht brengt, in een 'bestand' verzoent.

Hans Werkman (*Nederlands Dagblad*, 11.12.82) wys daarop dat heimwee altyd as tema in Eybers se werk voorkom en haal aan (VG-437):

> (...) Elke nag
> tregter my terug na my geboorteland,
> die einde dobberend tussen son en sand.

Korteweg (bron onbekend) haal in sy resensie van *Einder* spesifiek die een gedig aan waarin Eybers se vaderland figureer en waarin sy haar afvra hoe haar (Nederlandse) geliefde daar sou optree ("Terugkeer uit Gelderland", VG-397):

> (...) hoe sou jy lyk
> as jy eens naas my op die aardkors staan
> van my geweldige vaderland
> met geen wegwyser as my hand.

'n Gedig uit *Noodluik* wat 'n paar keer aangehaal word omdat dit op so 'n verrassende wyse die herinnering aan Suid-Afrika en Engels na vore bring, is "Trip" (VG-578); vergelyk Schutte 1990 en Kusters in *de Volkskrant*, 17.11.89). Kusters verwys so daarna:

> Er komt, te midden van veel onverschilligen, een Amerikaanse toerist voorbij, die haar overeind helpt. In zijn spontane uitroep herkent zij een 'vriendelijke tongval', het Engels, de taal van haar moeder. En plotseling is zij, in een bewustzijnverruimende 'trip', veroorzaakt door haar val, terug in haar geboorteland, Zuid-Afrika.

Xandra Schutte (*Surplus*, maart/april 1990) lê ook klem op Eybers se betrokkenheid by Suid-Afrika deur na 'n spesifieke gedig te verwys:

> Herinneringen aan haar geboorteland keren telkens weer terug in haar gedichten (...) Zij vindt haar bevrijdende thuis vooral in de poëzie, waarin zij herhaaldelijk stukjes van haar Zuidafrikaanse verleden binnensmokkelt. *'n Toevallige geur, 'n toevallige klank en jy vind/ 'n oomblikkike tinteling van wat jou vervul het as kind.*

Die gedig "Opgawe" (VG-568) word deur bykans alle resensente van *Noodluik* aangehaal.

In Eybers se "Nederlandse" bundels is daar 'n hele aantal ander "Suid-Afrikaanse" gedigte, maar hulle word opvallend selde aangehaal.

9.3.3 VERLANGE NA SUID-AFRIKA

Alhoewel daar ook in *Onderdak, Kruis of munt* en *Einder* verlang-gedigte is, begin resensente van *Beeland* meer as voorheen daarop wys. "De eerste ontworteling (weg uit Zuid-Afrika) speelt (...) een rol. Nog altijd is er heimwee", skryf Hans Werkman (*Nederlands Dagblad*, 11.12.1982) na aanleiding van "Terug":

> Transekwatoriale swaartekrag
> het my hierheen gebagger. Elke nag
> tregter my terug na my geboorteland,
> die einder dobberend tussen son en sand.

Eybers se gedig "Siek" (VG-486) word deur Lieske (1986:383) beskou as 'n treffende visioen,

> tragisch en komisch tegelijk. Tragisch omdat het zo duidelijk het beeld oproept van iemand die haar hele leven heeft terugverlangd naar het land en de bescherming van haar jeugd; komisch om de nuchtere tegenstelling met het kommetje soep dat zo lekker ruikt.

Eybers skryf in *Noodluik* (1939) van die "knelling van nou en hier". Dit is vir Ed Leeflang (*Vrij Nederland*, datum onbekend) die aanleiding om te skryf dat hierdie knelling nou blootgelê word in al sy verskeidenheid wat ook die "nog nooit verdwenen heimwee van de azielzoeker naar het land van herkomst, het 'maatloos ontembare kontinent' Zuid-Afrika" insluit.

Aangesien verlange deur baie Nederlandse resensente as 'n algemene tema in Eybers se poësie geabstraheer word, word meer aandag hieraan gegee in 9.3.5.

9.3.4 POLITIEKE BESWARE

In resensies van *Balans* is nog min aandag gegee aan omstandighede in Suid-Afrika en Eybers se betrokkenheid daarby. Met verloop van tyd word egter in toenemende mate, meestal sydelings, hierna verwys. Dit word Eybers opvallend genoeg nooit kwalik geneem dat sy skryf in die taal van die apartheid-maghebbers nie - waarskynlik omdat sy in Nederland woon en ten spyte van haar Afrikaans as 'n "burger" van die Nederlandse letterkundige wêreld beskou word.

Volgens Jan van der Vegt in "Onderdak in een vreemd land" (*NRC*, 31.5.69) "staat de Zuidafrikaanse literatuur bij ons niet hoog genoteerd", en hy wyt dit daaraan dat Nederlanders se houding jeens die taal een is "waarin we stee ls een afwijkend, bizar soort Nederlands willen zien". Hy meen ook dat Afrikaans 'n slegte naam kan hê omdat dit die "taal van de apartheid" is. Volgens hom mag diegene wat "terecht de politiek verwerpt, (...) niet vergeten dat er in dat zelfde Afrikaans tegen geprotesteerd is door auteurs als Jan Rabie en Adam Small en dat het ook de taal is van een dichter als Breytenbach, die balling is om een van de weerzinwekkendste Zuidafrikaanse wetten".

Hy meld dat daar "geen redelijk argument" teen die gebrek aan belangstelling in Afrikaans is nie, en voeg daaraan toe: "Hoe dan ook; de dichteres Elisabeth Eybers (...) heeft over dit gebrek het minst te klagen. Zij zal wel de meest gelezen Zuidafrikaanse auteur van Nederland zijn."

Dit is opvallend dat resensente nooit die "eis" van politieke betrokkenheid aan Eybers stel nie. Van der Vegt skryf na aanleiding van "Ode aan kontroleur de Laar" (VG-295):

> Vrijwel nergens in de poëzie van Elisabeth Eybers is een spoor te vinden van de zware last van haar geboorteland. Dat is niet vreemd, want haar poëzie zocht veiligheid door alle dreiging van buitenaf uit te sluiten. Ik vind het een heel belangrijk moment in haar werk dat zij, juist als ze zelf vernederd wordt, zich identificeert met de vernederden in Zuid-Afrika. Belangrijk, omdat het beter is dat een Zuidafrikaanse dit beseft dan dat wij erover moraliseren. Belangrijk vooral omdat het doorbreken van het isolement in deze poëzie erop wijst dat de dichteres winst heeft gemaakt bij haar zoeken naar een nieuw onderdak.

Van der Vegt meen dat 'n soort wêreldvreemdheid altyd tipies was van Eybers se werk. "Dat blijkt bijv. al uit zo'n formulering als 'kind van Cham', waarmee ze voortdenkt in een traditie die juist een van de grote oorzaken van de apartheidsellende is geweest. In de nieuwe bundel is die wereldvreemdheid teruggedrongen. Dat geeft de poëzie (...) een dimensie meer."

In 1958 het J. Roeland Vermeer in *De Maasbode* nog geskryf dat Eybers "een uitnemende vertegenwoordigster van onze bloedverwante volk in Zuid-Afrika (is), welks culturele opgang ons tot vreugde en geestelijke verrijking strekt". Rob Schouten roep dit in herinnering (*Vrij Nederland*, 30.10.82) wanneer hy 'n karakterisering gee van die algemene gevoel in Nederland jeens Suid-Afrika in daardie tyd: "Dat was de tijd waarin ooms en tantes nog ongehinderd naar het land van Sarie Marijs en Ossewagens konden vertrekken, uitgezwaaid door jaloerse familieleden." Toe Eybers drie jaar later in Nederland gaan woon het, was "de eerste scheurtjes in de wederzijdse blijdschap om elkaars 'culturele opgang' toen al wel zichtbaar".

Schouten wys daarop dat skrywers soos Breytenbach en Brink se boeke dikwels in die Nederlandse media deur Suid-Afrika-spesialiste bespreek word, terwyl Eybers se bundels - klaarblyklik weens die gebrek aan 'n duidelike politieke standpuntinname daarin - slegs deur die resensente van Nederlandse poësie bespreek word.

Alhoewel Elemans in *Brabants Dagblad* (29.11.69) 'n openlike voorstaander is van literêre kontak tussen Afrikaans en Nederlands, moet hy toegee:

> De algemene sympathie van het Nederlandse volk voor Zuid-Afrika is verdwenen en leeft nog slechts voort in de straatnamen van de donkere Transvaal-buurten in onze grotere steden. De apartheidspolitiek daar maakt de Nederlander hier kopschuw. Op een paar zwaar-gereformeerde dominees na stelt Nederland zich tegenover Zuid-Afrika politiek zacht gezegd nogal gereserveerd op. Een situatie die fnuikend is voor de culturele betrekkingen. Daarom denkt nu bij de naam Chris Barnard iedereen aan de harttransplanteur en niemand aan de auteur (...). En kent Nederland maar één Zuidafrikaanse schrijver: Elisabeth Eybers.

Talle resensente (bv. T. van Deel 1973 en Gabriël Smit 1973[4]) verwys heel neutraal na "Einde van die seisoen" (VG-346), maar Warren (1973) gryp die gedig aan om te insinueer dat daar 'n spesifiek Suid-Afrikaanse soort diskriminasie aan ten grondslag lê.[5] Die gedig oor die Vondelparkslapers is vir hom soos 'n rooi doek. H'erdie gedig is die rede waarom hy *Kruis of munt* nié resenseer nie:

> Er staat (...) een gedicht dat me heeft geïrriteerd en dat me argwanend heeft gemaakt voor heel haar poëzie en instelling. Het is een knap vers, vol sfeer, fraai van verwoording.
>
> Die trouelose ilg vergrou,
> die waarheidskermis is verby:
> verlate jesusswerwers vou
> hul slaapsakke en moet vergly,
>
> geboë, oor 'n vloer van blare,
> na een of ander winterhol.
> Langsaam, met dromerige gebare,
> stop elkeen sy vroom ransel vol.

> Hulle sypel, groepies of in pare,
> om vóór die hek al weg te smelt
> verdoesel in 'n vag van hare,
> onvatbaarheid en nie-geweld.

Het venijn zit in de staart: de twee laatste regels zijn, zal ik het maar heel lelijk zeggen: zuidafrikaans. Mogelijk is de dichteres uit rijmdwang op dat 'gesonde' gekomen, maar nee, dan bewijst toch de slotregel, dat zij werkelijk partij kiest op een manier die mij althans woedend maakt. Wie zo de frisse jeugd tegen de onfrisse hippies af wil zetten, waar houdt die op? En toen ik dit toontje eenmaal had gehoord, klonk het op meer plaatsen (in het zelfbeklag, de verlaten, misbegrepen vrouw in Ballingschap met B die toch zo grootmoedig alles begrijpt en omhelzen wil) en zelfs bij de verzen di k verder erg goed vond (want Elisabeth Eybers is een goed dichteres) kon ik het jammer genoeg niet vergeten. Wat ik maar opbiecht - een volgende keer ben ik het wel kwijt.

Dit is dan die somtotaal van sy resensie - waarmee hy wel vir hom 'n gedig in antwoord hierop in *Einder* op die hals haal, "Kritiek" (VG-384):

Kritiek

Wie zo de frisse jeugd tegen de onfrisse hippies
af wil zetten, waar houdt die op?
PROVINCIALE ZEEUWSE COURANT

Die resensent uit Seeland vind
my vers, om dit *héél lelijk* uit te druk
- sy selfbewuste term - *Zuidafrikaans.*

En raai waarom? - Onlangs het ek gekyk
na hippies wat stil padgee vir die koue,
gedink aan kinders met hul skaatslewaai.
Hy meen dat ek van kinderkrete hou,
hul spervuur teen die naakte trommelvlies
bo Nepalese sitterspel verkies,
'n hekel het aan hippies en hy word
derhalwe *woedend* (weer sy eie woord).

Dat elkeen só sy herkoms moet verraai ...
In sy loketteweêreldjie behoort
kantkles by kyk, elke gegewe dra
'n onverwisselbare etiket
wat nuanseringe onvoegsaam maak:
toeskouer is om ja of nee te kraai.
Van dag tot dag volg hy die stippelweg
langs prikvlaggies wat oral goed en sleg
kordaat aandui en teen verwarring waak.
Hy sou die reënboog boikot as dit nie
met kleurkrytklem die spektrum illustreer:
één feit word teen 'n ander *afgeset.*
(U merk dat ek van tyd tot tyd siteer.)
Sy kop met sekerhede volgeprop
- geen skrefie vir 'n splinter ironie
om in te dring - vorder: *waar houdt die op?*
Ja, vra dit. Wáár ek ook ophou of wanneer,

hoop ek om nog oningehok te bly,
nie weggebêre vir en vóór my tyd
- miskien, wie weet, iets minder liggeraak,
steeds met 'n tastende kieskeurigheid
ook wat betref die yk van poësie.

Jan Eycking (bron onbekend, 1978) merk op dat Eybers "veelvuldig en langdurig 'n West-Europa" vertoef en vind dit "opmerkelijk hoe afstandelijk zij in enige gedichten in (...) *Kruis of munt* reageert op literaire en maatschappelijke ontwikkelingen in haar moederland". Hy gaan nie verder hierop in nie.

Rudi Boltendal (*Leeuwarder Courant*, 24.9.77) behandel in 'n resensie Breytenbach se *Met andere woorden. Gedichten 1970-1975* (Meulenhoff, Amsterdam), Dennis Brutus se *Aan Martha. Brieven van Robbeneiland* (In de Knipscheer, Haarlem) en Eybers se *Einder*. Hy meen dat Eybers se gedig "Kritiek" (VG-384) uit die toon val omdat dit die enigste gedig is waarin "maar de kleinste uitlating te vinden is over het Zuidafrikaanse drama, dat steeds meer mensen bezighoudt, bedreigt en zorgen geeft. Ik bedoel dit niet als een verwijt; niet elke schrijver kan of hoeft 'geëngageerd' te zijn." Hy verwys dan na 'n onderhoud met Ester in *Trouw* waarin Eybers gesê het: "Vir my bied poësie eerder 'n blik op die essensiële aspekte van menswees, die 'ewigdurende kortstondigheid', en is dit nie soseer 'n middel om j'accuse uit te roep nie." In hierdie onderhoud gee sy ook haar mening dat Breytenbach veral om politieke redes in Nederland gewaardeer word Boltendal se reaksie hierop is:

> Ook wie deze verklaring aan de zwakke kant acht zal moeten erkennen dat de dichteres het recht heeft er een dergelijke mening op na te houden, al is het misschien teleurstellend dat in haar werk niet tot uitdrukking komt dat de gelijkwaardigheid van mensen met verschillende huidskleuren behoort tot de 'essensiële aspekte van menswees'.

Alhoewel die kombinasie van digters waarmee Eybers saam bespreek word, haar beslis in die nadeel plaas omdat sowel Brutus (Robbeneiland-gevangene en balling) as Breytenbach (twee jaar voor die verskyning van die resensie gevonnis tot nege jaar gevangenisstraf) in die Nederlandse optiek alle simpatie en bewondering verdien het, word Eybers glad nie neerhalend of as irrelevant afgemaak nie.

Wanneer *Gedigte 1959-1973* verskyn, skryf J. Iven in 'n Belgiese koerant (*Nieuws van Limburg*, 21.5.79) dat dit baie vreemd is dat Eybers in vergelyking met Peter Blum en Breyten Breytenbach so relatief onbekend is in Vlaandere. Hy vermoed dat dit is omdat die ander digters "politieke figuren" is (ja, ook Blum, volgens Iven), terwyl haar werk "meer op het vlak van het existentiële dan op het politieke" lê.

Renate Rubinstein, een van links-Nederland se mees uitgesproke joernaliste, was tegelykertyd ook een van Eybers se groot bewonderaars. In haar weeklikse rubriek "Tamar" (*Vrij Nederland*, 11.9.82) skryf sy dat sy twee heerlike aande deurgebring het met die lees van *Bestand*. "Vrees niet," verseker sy haar lesers, "dat ik van kwaad tot erger verviel, ik deel nog steeds de 'amptelijke monomane haat' die, volgens Elisabeth Eybers, gans Nederland voor haar geboorteland voelt, maar ik hou zo van de poëzie van deze dichteres. En die is in het Zuidafrikaans."

Van 'n rubriekskrywer soos Rubinstein verwag niemand 'n mening oor Eybers nie, maar haar waardering vir Eybers-poësie is so groot dat sy dit ten spyte van haar anti-Suid-Afrikaanse gevoelens bekendmaak:

> Ik lees geen poëzie, ook geen proza trouwens, om de woorden, maar om de toon, waarmee ik bedoel de persoon. En als iemand dan al zo lang gedichten publiceert als Elisabeth Eybers, dan wil je doodgewoon weten hoe het haar verder ging want je hebt het gevoel dat je haar goed kent.

Rubinstein beskryf hoe sy altyd uitsien na Eybers se stem, "eenzame stem, moet je zeggen, want haar vreemde taal isoleert haar, mysterieuze vrouw die ons terloops gadeslaat".

H.H.J. van As voer die standpunt 'n verband met Suid-Afrika baie ver in sy resensie van *Dryfsand*, "Mag boycotter van Zuid-Afrika nog Afrikaner literatuur lezen?" (*Reformatorisch Dagblad*, 19.12.85):

> Wie Zuid-Afrika een totale boycot zou willen aandoen kan eigenlijk ook geen romans en poëzie van blanke Afrikaner auteurs meer aanschaffen, zelfs niet als zij in linkse ogen aan de 'goede' kant van de breuklijn staan, dus sympathiseren met het ANC en de Inkatha-beweging voor de stel laffe meelopers met het blanke 'regime' houden. Dus weg met Outspan-sinaasappelen, knapse wijnen, De Beers edelstenen? Dan ook weg met Breytenbachs poëzie, de verhalen en romans van André Brink en Nadine Gordimer? Zover gaat zelfs links en boycottend Nederland niet.

Van As vind die opsegging van die kulturele akkoord met Suid-Afrika "zo'n domme daad" en sy resensie is beslis nie 'n boikot-aksie nie, maar eerder die stel van 'n provoserende standpunt.

Oor die algemeen kan uit bostaande uittreksels uit Nederlandse resensies afgelei word dat Eybers 'n hoogs uitsonderlike posisie beklee. Sy is die enigste polities-onbetrokke skrywer uit Suid-Afrika wat bekend is in Nederland.

9.3.5 TEMAS

Reeds in sy resensie van *Versamelde gedigte* (1957) het Adriaan Morriën (*Het Parool*, 26.10.57) 'n belangrike Eybers-tema onderskei:

> Het doodsprobleem is het grote thema, dat in het werk van deze dichteres alle ander thema's, die men als de bizondere problematiek van een vrouwenleven kan karakteriseren, aan zich ondergeschikt maakt.

In die jare daarna word telkens in Nederlandse resensies temas geabstraheer wat as tipies van enkelbundels, maar ook van die Eybers-oeuvre beskou word. Hiervan gee ek 'n oorsig.

Die Belgiese resensent W.M.R. (*Het Laatste Nieuws*, 27.6.69) meen dat Eybers steeds daarin slaag om haar poësie "boven het strikt persoonlijke te verheffen".

> De liefde, het verraad en bedrog, evenals het gebrek aan contact vormen de thema's van deze poëzie, die uitgesproken pessimistisch klinkt.

Elemans (*Brabants Dagblad*, 29.11.69) meen weer:

> De spanning tussen man en vrouw is karakteristiek voor het oeuvre.

Pierre H. Dubois (*Het Vaderland*, 15.9.73) beskou as tema van *Kruis of munt* "het lot dat als een kansspel wordt gezien". T. van Deel (*Prisma-Lectuurvoorlichting*, 2.10.73) sê oor die bundel:

> Besef van vergankelijkheid van uiteindelijk alles maakt de toon van haar poëzie uit.

'n Hele paar kritici beskou liefde as die belangrikste Eybers-tema. Bernlef (*HP*, 10.12.77) skryf: "Vooral haar liefdesgedichten (...) vind ik fantastisch goed." Korteweg (bron onbekend) skryf, ook na aanleiding van *Einder*, dat "uitgerekend Eybers" wie se werk gekenmerk word deur "poëtische ingrediënten" soos pyn, afstandneem en ironie, "prachtige liefdesgedichten" skryf sonder enige spoor van ironie.

Boltendal (*Leeuwarder Courant*, 24.9.77) meen Eybers se tematiek kan maklik herken word:

> Of het gaat om haar relatie tot de poëzie, of zij is bezig met het raadsel dat ieder mens ook voor zichzelf is of er wordt geschreven over de liefde van en de verhouding tot een man die soms de levenspartner lijkt en dan weer meer weg heeft van een intieme vriend.

Van Dis (*NRC Handelsblad*, 26.8.77) meen dat "de ontworteling, het zich nergens thuisvoelen" as tema Eybers se werk vanaf haar vertrek uit Suid-Afrika oorheers.

> Als elke Eybers-bundel een thematisch etiket zou moeten krijgen is *Einder* voor mij niet de bundel van de liefde, maar van de afstand. (...) Het lijkt wel of de verhouding met de minnaar ook haar relatie Nederland-Zuid-Afrika (het onderdak vinden en toch ontworteld zijn) weerspiegelt. Het liefdesgeluk herinnert haar ook aan de 'eindigheid' van het bestaan, aan het besef dat er een horizon, einder is.

Hans Ester (*Trouw*, 2.9.82) stel dit só na aanleiding van *Bestand*:

> De thematisering van het bewustzijn, in gevoel en gedachten in twee werelden te leven, gaat daarbij ver uit boven het signaleren van Nederlandse hebbelijkheden en onhebbelijkheden. De tegenstelling tussen hier en daar is in de eerste plaats in ruimtelijke zin aanwezig, maar wordt verdiept tot een tegenstelling tussen toen en nu.

Later (*Trouw*, 9.11.89) formuleer hy dit so:

> Met het thema van de tot tegenspraak provocerende omgeving en de harde tongval van die omgeving is de reflectie op de tijd ten nauwste verbonden.

Uit hierdie omskrywing deur Ester kan gesien word dat die Nederlandse resensente waardering het vir die feit dat Eybers se spesifiek-konkrete omstandighede verruim tot 'n algemene tema.

Werkman (*Nederlands Dagblad*, 11.12.82) meen Eybers bring

> op ironisch-gevoelige wijze onder woorden wat iedereen kan navoelen: verdriet, vergankelijkheid, een beetje geluk, ontheemd zijn. Daarom is ze naar mijn gevoel nog steeds een belangrijke dichteres, hoewel haar thematiek zich in de loop der jaren niet belangrijk gewijzigd heeft.

In 'n oorsig oor haar werk stel Otten (*NRC Handelsblad*, 13.3.87) dat die verhouding tot die essensieel-verskillende geliefde by Eybers 'n metafoor word vir die verhouding wat die digter het tot die eie bewussyn, "en die is ontgoochelend onvrij".

> Het is van meet af aan een middelpuntzoekende poëzie geweest (...) een poëzie die, in toenemende mate, probeert door te dringen in het ongemakkelijkste, verknoopste deel van het bewustzijn. De gewaarwording van vreemdheid, de belijdenis van afstand en onderscheid, strekt zich ook uit over andere verhoudingen.

Dat liefde dié tema van Eybers se werk is, word ook deur Xandra Schutte (*Surplus*, maart/april 1990) en deur Karin van Lierop (*Hogeschool Circuit*, febr. 1990) beweer:

> Als ik Eybers' werk met één woord zou moeten typeren zou dat zijn: Liefde. Liefde zowel voor het schrijven zelf als voor het leven.

Warren (*Provinciale Zeeuwse Courant*, 28.8.82) meen na aanleiding van *Bestand*:

> Haar werk is in deze - interessante - bundel helemaal geëvolueerd naar ouderdomspoëzie, het zijn verzen van weemoed, afscheid nemen, afstand doen en dood.

Soos reeds in 9.3.4 gesien is, is Warren een van die kritici met die negatiefste uitsprake oor Eybers op grond van wat hy as morele verskille interpreteer. Hy bewonder egter haar verstegniese vermoë en ook haar temas. Vergelyk wanneer hy sê watter van haar gedigte hy verkies:

> Veel liever zijn mij de wijze observaties over het mensdom, de intense gedichten over liefde.
>
> (Warren 1991)

Dit blyk dat Eybers se poësie "linkse" kritici kan vermurwe. Dat sy die Nederlandse leser soveel "te zeggen heeft" op grond van temas wat sy so treffend verwoord, blyk 'n belangrike rede te wees vir haar status in die Nederlandse poësie.

9.3.6 'N BEWUSSYN VAN SUID-AFRIKAANSE LESERS SE REFERENSIËLE PROBLEME

Min Nederlandse resensente is bewus van die feit dat Suid-Afrikaanse lesers ook taal- en referensiële probleme kan hê by die lees van Eybers se poësie. In die *Balans*-resensies het dit glad nie voorgekom nie. T. van Deel skryf in *Prisma-Lectuurvoorlichting* (No. 1593/73, 2-10-1973) dat daar in *Kruis of munt* enkele gedigte is wat verwys na spesifieke Nederlandse omstandighede: "de Vondelparkslapers, de najaarsorkaan van vorig jaar. Dat moet voor Zuidafrikaanse lezers soms problemen geven." Dit is duidelik dat hy homself as 'n deelgenoot van Eybers se Nederlandse wêreld ervaar en dat dit vir hom 'n band is met haar werk.

Van Deel is ook die eerste kritikus wat opmerk hoe insiggewend dit is dat 'n voetnoot juis ter wille van Suid-Afrikaanse lesers by 'n Eybers-teks gevoeg word. "Kraakpand" word verklaar in "Kluisenaar" (VG-372) as "Leegstaande woning in Amsterdam wat deur dakloses opgeforseer en betrek word." Geen verduidelikende voetnoot is ooit voorheen of daarna tot 'n Eybers-gedig toegevoeg ter wille van Nederlandse lesers nie. Van Deel interpreteer die voetnoot soos volg: "Wie geen huis heeft zoekt zich een tijdelijk onderkomen. Daarmee is veel over Elisabeth Eybers en haar poëzie gezegd." Met hierdie stelling gee Van Deel op 'n metaforiese wyse te kenne dat Eybers vir haarself 'n posisie binne die Nederlandse letterkunde verkry het weens die gegewe dat sy "dakloos" geword het as gevolg van haar vertrek uit Suid-Afrika.

9.4 ALGEMENE POËTIKALE ASPEKTE

Kommentaar oor Eybers se verstegniek en poëtika word nie soseer deur taal- en omgewingsfaktore bepaal nie, maar deur literatuur-opvattings wat Nederlandse en Suid-Afrikaanse kritici meestal gemeen het. Sien 13.2.2.

9.4.1 NEGATIEWE KRITIEK

Sander Morees (pseudoniem van J.J. Oversteegen) skryf in die *NRC* (17.1.59):

> Elisabeth Eybers is, om een simpel woord te gebruiken, te menselijk voor het grote dichterschap. Zij geeft vorm aan gevoelens, die niet de stolsels van een persoonlijke mythe zijn, maar die iedere ontvankelijke lezer met haar delen kan. Zij is de (superieure) 'minor poet'.

Eybers is in haar "Nederlandse" bundels net so "menselijk" soos in die "Suid-Afrikaanse" bundels waaroor Moorees skryf, maar haar vreemdheid in Nederland voeg waarskynlik die dimensie van 'n "persoonlijke mythe" aan haar poësie toe sodat ook Moorees dit waarskynlik later sou kon oorweeg om haar hoër te ag as "de (superieure) 'minor poet'". Alhoewel haar werk deur alle toonaangewende Nederlandse poësiekritici van die afgelope 35 jaar bespreek word, is dit opvallend dat die "minor poet"-karakterisering nie weer gebruik word nie. Haar verwoording van algemeen-invoelbare gevoelens is juis as steeds vindingryk en verrassend ervaar.

Leeflang (*Vrij Nederland*, datum onbekend) stel dit só in sy resensie van *Noodluik*:

> Aan trouwe lezers van Eybers maakt elke bundel weer duidelijk, waarom ze zo van deze poëzie houden: die eigenaardige mengeling van intimiteit en reserve, zelfspot, de geestige bondigheid waartoe het Zuidafrikaans erg geschikt lijkt en vooral de ongeforceerde emotionaliteit, die in de eigentijdse dichterlijke produktie zo schaars is.

Wanneer daar kritiek is, kom dit meestal in enkelsinne in resensies voor en word dit weer onmiddellik gerelativeer deur positiewe aspekte.

Van der Vegt (*NRC*, 31.5.69) beskou die "direct-persoonlijke" as "een van haar risico's":

> Het kan namelijk ontaarden in anekdotische notities, die niet loskomen van de privésfeer. 'Besoek' en 'Woordeskat' lijden daaraan en een gedicht als 'Nagwandeling' is niet meer dan het aardig zeggen van wat weinig voorstelt.

Jan Eijking (*Prisma-Lectuurvoorlichting*, 26.8.69) noem haar poësie "uitermate boeiend", maar voeg hieraan toe:

> Haar wat beperkte lyrische talent liet weinig ruimte voor een verbreding van haar thematiek.

Guus Middag (*NRC Handelsblad*, 24.11.89) abstraheer as eksistensiële poësie-opvatting van *Noodluik* dat poësie 'n noodluik is om te ontsnap aan "die onverkenbare chaos".

> De chaos laat zich begrijpelijkerwijs het liefst vangen in paradoxen en tegenstellingen, en daarvan wemelt het dus in deze bundel. Het zijn er zoveel dat ik ze eerlijk gezegd ging wantrouwen en vaak de indruk kreeg dat het ontvluchten van de chaos voor Eybers vooral neerkomt op het vluchten in een mooie aforistische oplossing. Er gaat, om het dan ook meer paradoxaal te zeggen, van zoveel ingewikkelde tegenspraak iets gemakzuchtigs uit.

Sover ek kon vasstel is Middag die enigste resensent wat, in 'n verder oorwegend baie positiewe resensie, negatiewe kritiek het op wat hy "kloeke aforismen" noem.

Hans Warren erger hom soms aan wat hy veronderstel Eybers se "mentaliteit" is. Dit het reeds geblyk uit sy bespreking van "Einde van die seisoen" (sien 9.3.4). Warren se resensie van *Teëspraak* (in *Provinciale Zeeuwse Courant*, 14.6.91 en *Utrechts Nieuwsblad*, 28.6.91) bevat 'n soortgelyke voorbeeld van kritiek.

> Ze heeft nogal wat gemeen met Ida Gerhardt, zeker wat betreft haar even behoudende als overzichtelijke wereldbeeld. Haar instelling is niet altijd sympathiek, het komt erop neer dat dingen die haar slecht bevallen meteen ook neergeslagen zouden moeten worden. Ze moppert over de Nacht van de Poëzie:
>
> *Aan ongepaste blootstelling verwant*
> *is die digkuns as dit skaamteloos paradeer,*
> *waggelend op stelte, luidspreker in hand.*
>
> Tot zover een opinie, waar menigeen mee in kan stemmen, dan volgt echter, *'Dit sou verjaag moet word.'*

Vir Warren getuig dié reël van 'n onverdraagsame mentaliteit; word "één feit (weer) teen 'n ander *afgeset*" (Kritiek, VG-384)!

Hans Werkman (*Nederlands Dagblad*, 11.12.82) beskou die "teneur" van *Bestand* as "zich neerleggen bij het onheil dat het leven gebracht heeft, en bij de naderende dood". Hy beklemtoon dat hy Eybers as "een authentiek dichteres" beskou, "maar niet omdat ze een levensbeschouwing vertolkt die ik deel".

Oor die algemeen het Nederlandse resensente baie min kritiek op Eybers.

9.4.2 ONDERSKEID TUSSEN EYBERS EN ANDER AFRIKAANSE DIGTERS

Resensente is oor die algemeen bewus van die feit dat, omdat ander Afrikaanse poësie haas onverkrygbaar in Nederland is, hulle iets ongebruiklks doen wanneer hulle 'n Eybers-bundel lees. Jan Elemans (*Brabants Dagblad*, 29.11.69) beskryf hoe min bande die Afrikaanse en Nederlandse literature met mekaar het. Hy wys op 'n "depot in Den Haag voor Zuidafrikaanse letterkunde" (dit was 'n inisiatief wat in die vyftigerjare ontstaan h[illegible]), op die feit dat literêre tydskrifte soos *Standpunte* en *Tydskrif vir Letterkunde* in biblioteekleenstale beskikbaar is, en dat in Amsterdam en Leiden kursusse in Afrikaanse letterkunde gevolg kan word. Sien Hoofstuk 6.

Elemans noem die "geval" Eybers "uitzonderlijk, een uitzondering op een niet zo fraaie regel" in die lig van die feit dat Afrikaans in Nederland, "zij't met enige moeite die overigens beloond wordt met alle frisse charme die nu eenmaal uitgaat van een vreemde taal", gelees kan word. Dit is nie woorde soos *prikkelpop, padvark, vonkprop, moltrein* wat vir Nederlanders in vergelyking met *pick-up girl, wegpiraat, bougie, metro* altyd "grappig" is, wat noodwendig vir Elemans interesseer nie, maar "het geheel vernieuwde taalsysteem dat zich in de loop van enkele eeuwen uit onze zeventiende-eeuwse moedertaal heeft ontwikkeld". 'n Kennismaking met Afrikaans beskryf Elemans dan as "een sensatie (...) die lijkt op de verrassing die ligt opgesloten in de ontmoeting van een vriendin die je uit het oog verloor sinds de prille dagen, dat je er vergeefs verliefd op was".

Dat Nederlandse resensente dikwels onkundig is oor die Afrikaanse literatuurgeskiedenis, blyk byvoorbeeld uit Panhuijsen (*Gooi's Nieuwsblad*, 20.5.69) se bespreking van *Onderdak*. Hierin skryf hy dat Opperman en Eybers hoort tot dieselfde "dichtersgenerasie", naamlik die Dertigers.[6]

Rein Bloem verwys in *Vrij Nederland* (29.2.79) in sy resensie van *Gedigte 1958 - 1973* na ander Afrikaanse digters. Hy sê dat hoeveel "gastoptredens" N.P. van Wyk Louw en D.J. Opperman ook "buitengaats verzorgden", hulle telkens teruggekeer het na Suid-Afrika om hulle werk "inheems" voort te sit. In verband met Blum wat aantyginge teen die Suid-Afrikaanse regering gemaak het in *Van Steenbok tot poolsee*, "zijn de consequenties niet moeilijk te raden: Blum moest Zuid-Afrika verlaten, leeft nu als balling in Engeland en heeft het dichten eraan gegeven." Ook Breytenbach se situasie word simplisties weergegee. "Een tussenpositie neemt Eybers in: zij koos Nederland als verblijfplaats en dat betekent in haar geval een wel veilig, maar vervreemd bestaan, waarin alleen ironie haar werkelijk staande houdt."

Soms is dit baie duidelik dat 'n resensent absoluut geen idee het hoe om Eybers te plaas binne die Afrikaanse letterkunde nie. JEP (bron onbekend, 1979) skryf byvoorbeeld: "Elisabeth Eybers publiceert hier in Nederland. Of haar werk ook in Zuid-Afrika bekendheid heeft weet ik niet."

9.4.3 VERWANTSKAP MET DIE NEDERLANDSE POËSIE

Reeds voor en tydens die publikasie van *Balans* het Nederlandse kritici dikwels gewys op vermeende ooreenkomste tussen Eybers se poësie en dié van Nederlandse digters. Sy word ook kwalitatief met hulle vergelyk. Dubois (in *Het Vaderland*, 26.4.69 oor *Onderdak*) meen dat Eybers se poësie nie onderdoen vir dié van Bloem, Vasalis of Achterberg nie, "zij het dat zij niet helemaal van die potentie is". Die resensent van *Gooi's Weekblad* (20.5.69) meen dat Eybers se poësie "naar vorm en zegswijze de traditie (volgt) en is daarbij van een bijzondere muzikale verfijning, ietwat melancholisch, maar toch ook berustend van ondertoon, die afwisselend aan Vasalis en Bloem herinnert". W.M.R. skryf in *Het laatste Nieuws* (27.6.69) dat die "toon en de zuivere verwoording dikwijls aan Gerrit Achterberg herinnert".

'n Aspek van Eybers se werk wat baie dikwels deur Nederlandse resensente bespreek word, is die invloed van godsdiens, wat ook as 'n gemeenskaplike literêre invloed en bron beskou word. Hieroor skryf Elemans (*Brabants Dagblad*, 29.11.69):

> Direct, menselijk invoelbaar is de invloed van de Statenbijbel: bepaalde religieuze trekken in het Zuidafrikaanse volkskarakter herkennen we, zoals het streng en tobberig leven uit de bijbel, oud erfgoed, import uit Nederland.

Net soos 'n hele paar van die ander *Onderdak*-kritici (Dubois, Warren, Panhuijsen) wy Elemans 'n groot gedeelte van sy resensie aan 'n bespreking van die openingsgedig "Die enkel taak":

> Zonder compromissen vecht de dochter om de waarheid, om de essentie van het leven in haar stugge, eerlijke en winterharde verzen, in een onbuigbaar, nauwelijks verbogen Zuidafrikaans, tot op het lelijke af. Een harde godsdienst, als die van haar vader, maar zonder zang of orgel.

Ná hierdie karakterisering vra Elemans hom af:

> Waar ter wereld anders dan in Zuid-Afrika en Holland worden spanningen als deze verstaan? Ik moet nu denken aan de vaderfiguur in het oeuvre van Wolkers. Aan de moederfiguur in dat van Marnix Gijsen en Ida Gerhardt.

Hy noem ook dat Eybers oor temas skryf wat hy as tipies Nederlands beskou: "Als zoveel gereformeerde dichters in Holland, schrijft ook Elisabeth Eybers een kort kreupeldicht over de oudtestamentische 'Jabbok'. (...) Het Oude Verbond schaft haar de metaforen voor de spanningen in het gezinsverband vroeger, in het echtverbond, in de liefdesverhouding later."

Dit is baie duidelik dat die gereformeerde tradisie waaruit Eybers kom en die verhouding tot haar ouers waaroor sy dikwels dig, tematies aansluit by 'n hoofmoot in die Nederlandse letterkunde en dus aanknopingspunte tot haar werk vir Nederlandse resepsie vergroot.

Jan van der Vegt (*NRC*, 31.5.69) meen dat Eybers se vroeë werk "vaak een zachte weemoed om het vergankelijke" bevat waardeur haar poësie verwant lyk aan dié van die generasie van 1940 in Nederland. In sy resensie van *Gedigte 1958-1973* (*De nieuwe linie*, 22.11.78) merk hy op dat Holland, en Amsterdam in die besonder, 'n voedingsbodem is vir haar poësie. "Of we haar nog tot de Afrikaanse Poëzie moeten rekenen, of dat we in haar een Nederlandse dichteres moeten zien die in het Afrikaans schrijft, is een akademische vraag. Hoofdzaak is, dat het karakter en de kwaliteit van haar werk haar een Nederlands lezerspubliek hebben bezorgd." Hy voeg hieraan toe:

> Haar langdurige verblijf in Nederland zal er niet vreemd aan zijn, dat Elisabeth Eybers een Afrikaans schrijft dat minder ver van het Nederlands afstaat dan de taal die bijvoorbeeld Breyten Breytenbach gebruikt. Diens werk werd dan ook vertaald, iets waar bij de poëzie van Eybers geen behoefte aan is.

Rein Bloem (1979) meen dat Eybers se poësie gekenmerk word deur baie raak slotsinne, "die juist zo hard aankomen, omdat er in de rest van het gedicht onnadrukkelijk naartoe wordt gewerkt. Zij doet dat op een heel klassieke manier, als J.C. Bloem, maar dan met die moderne Achterberg-toets. Doodgewoon op het eerste gezicht, maar zeer getruct bij nader inzien."

Anneke van Luxemourg (*Haarlems Dagblad*, 20.11.79) sien 'n groot ooreenkoms met Vasalis, "met wie ze trouwens een even opvallende terughoudendheid deelt, zoals ook geen van beiden zich ooit met enige stroming engageerde of bij enige groep was in te delen. Onafhankelijke vrouwen in de literatuur."

Van Deel (*Prisma-Lectuurvoorlichting*, 77/1519) skryf dat die verstaanbaarheid van Eybers se poësie verhoog word deur die feit dat dit "qua ironische toon en onnadrukkelijkheid aan(sluit) bij wat wij Tirade-poëzie noemen (Vasalis, Emmens e.d.)".

Rob Schouten (*Vrij Nederland*, 30.10.82) meen dat Eybers se werk glad nie aansluit by Ester se tipering van die Dertigers in die *Winkler Prins Encyclopedie* nie ("een accent op het lyrisch ik, het belijdende element en de strijd met God in gebed") en vind dat veel "opvallender in onze ogen is haar verwantschap met Nederlandse dichters als J.C. Bloem en Vasalis". Hy wys op ooreenkomste tussen Eybers se "Individualis" (VG-413) en Bloem se "De Dapperstraat", en tussen Eybers se "Jong seun" (VG-173) en Vasalis se "De idioot in het bad".

'n Paar resensente stem nie saam met die neiging van baie ander om Eybers steeds te vergelyk met Nederlandse skrywers nie. Bernlef (*HP*, 28.10.78) vind dit byvoorbeeld baie moeilik om Eybers se werk in die Nederlandse poësie te plaas. Haar posisie buite die sentrum van die Nederlandse poësie word volgens hom versterk deur die "tussen twee vaderlanden"-situasie waarin sy sedert 1961 verkeer. JEP in *Leeuwarder Dagblad* (10.3.79) meen dat Eybers se gedigte nie aansluit by meer moderne literêre modes nie, en dat sy "eenzaam in de Nederlandse letteren staat" omdat sy "ver van haar eigen taalgebied voor lezers (schrijft), die vaak moeite zullen hebben met haar taal". Hans Werkman (*Nederlands Dagblad*, 11.12.1982) se oordeel is dat Eybers in vergelyking met Vasalis "een heel eigen toon door een heel eigen problematiek" het, en dat sy haar "van de Vijftigers tot en met Kouwenaar-van-nu (...) niets heeft aangetrokken. Ze is haar eigen gang gegaan."

Sommige kritici waardeer dus die manier waarop hulle meen Eybers aansluit by 'n bekende Nederlandse poëtiese tradisie, terwyl ander juis haar individualiteit vooropstel.

9.4.3.1 DIE DIKEKTHEID VAN EYBERS-POËSIE WORD VERGELYK MET DUISTER NEDERLANDSE POËSIE

Teen die tyd dat Elisabeth Eybers toetree tot die Nederlandse literêre lewe, is daar 'n sterk konsensus oor watter soort poësie die belangrikste is. "Het decennium 1950-1960 wordt steevast gepresenteerd als een periode die volledig gedomineerd werd door mannelijke dichters die zich verenigd hadden in een beweging, de 'Vijftigers' ofwel 'Experimentelen'" (Meijer 1988:294). Hierdie jong digters het hulle as groep nogal agressief gekeer teen die *Criterium*-generasie:

> Zij deed een aanval op het traditionele poëtische jargon met zijn eufemismen en zijn indirectheid. Zij dreef de spot met de klassieke vormen en de traditionele esthetiek van de poëzie. De Vijftigers waren anti-esthetici, atheïsten en anti-rationalisten en kenden weer waarde toe aan intuïtie, associatie, droombeleving en het lichamelijke. (...) In hun poëzie braken ze de grammatica en de syntaxis af. Taal werd weer gehoord als klank. Sommigen van hen ontwikkelden theorieën over het 'autonome gedicht' vanuit de bewering dat het gedicht geen tevoren

> geconcipieerde betekenis is die in een bepaalde vorm is gegoten, maar een plek waar de taal zichzelf naar allerlei betekenissen toewerkt.

Aan die een kant staan die werk van die Vijftigers duidelik baie ver verwyde ' van die tipe gedig wat Elisabeth Eybers skryf Aan die ander kant is dit goed moontlik dat van haar gedigte in die oë van Nederlandse poësie-lesers juis ernstig opgeneem is omdat die Vijftigers se werk hulle ontvanklik gemaak het vir elemente in haar werk. H.U. Jessurun d'Oliveira (1960) stel dit so:

> Overigens lijkt het me niet onmogelijk dat de Nederlandse 'experimentelen' de weg gebaand hebben voor de receptie van Zuidafrikaanse poëzie in de laatste jaren: hun idioom, doorspeld met nieuwvormen en woordspelingen, heeft de Nederlandse lezer minder kopschuw gemaakt voor de raadsels en puzzels, de vreemde structuren van de Zuidafrikaanse taal.

Op hierdie hipotese as moontlike verklaring vir die toegang wat Elisabeth Eybers tot die Nederlandse poësie-wêreld gekry het, kom ek in 13.3.3 terug. Lesers was inderdaad miskien bereid om die "puzzel" van Eybers se taal op te los op grond van hulle Vijftiger-leeservaring en bowendien was Eybers se poësie "inhoudelik" veel toeganklíker as hulle gedigte wat dikwels as duister ervaar is. Bowendien was die Vijftiger-idioom ook reeds effens geyk teen die tyd dat Eybers by Querido begin publiseer het. Dit blyk dat resensente in hulle bekendstellings van haar werk, dikwels klem lê op haar toeganklikheid.

Eybers se *Onderdak* word 'n "sterk subjectieve bundel" genoem deur Dubois (*Het Vaderland*, 26.4.69):

> Dat wil zeggen dat Elisabeth Eybers de werkelijkheid in haar poëzie niet integreert op de manier waarop dat door sommige jongere Nederlands dichters van vandaag wordt gepoogd: als het ware buiten de individuele ervaringswereld van de dichter om, als geïsoleerde realiteitsfragmenten ... Het is een vorm van geobjectiveerde bekentenis-poëzie.

Jan van der Vegt (*NRC*, 31.5.69) gee in sy resensie van *Onderdak* 'n aanduiding waarom Eybers graag gelees word:

> Het is niet zo vreemd dat de poëzie van Elisabeth Eybers een zekere populariteit verworven heeft. Haar taal is eenvoudig, haar beschrijvingen en karakteristieken vaak verrassend door haar gevoel voor humor. Haar voorkeur gaat uit naar sobere en doorzichtige versvormen, bijv. een eenvoudig type sonnet. Bovendien zijn haar gedichten op een heel directe manier persoonlijk.

J. Bernlef skryf in *HP* (28.10.78) 'n verraste en positiewe resensie waarin hy meen dat Eybers se gedigte ná 1958 "ironische alhoewel liefdevolle observaties van de eigen nabije omgeving" is. Hy beskryf dit met die woord "tropismes" wat deur Nathalie Sarraute

bedink is om "ongedefinieerde roerselen" mee aan te dui, gevoelens "die zeer snel verglijden naar de uiterste grenzen van ons bewustzijn; ze staan aan de oorsprong van ons bewustzijn; ze staan aan de oorsprong van onze gebaren, onze woorden, van gevoelens die wij tot uitdrukking brengen, die wij menen te ondergaan en die gedefinieerd kunnen worden". Bernlef meen dat, juis omdat dit om subtiele stemminge en nuanses gaan wat maklik deur 'n mens se vingers glip, dit belangrik is dat Eybers so 'n hegte vorm gebruik: "de berijmde regels (passen) als zwaluwstaarten in elkaar".

Willem Jan Otten (*NRC Handelsblad*, 13.3.87) meen dat die credo "Aan geen ontnugtering wil ek my onttrek" (uit "Nuwejaarsvers"; VG-370) belangrik is.

> Een dergelijk motto plaatst iemand goeddeels buiten de poëziepraktijk van dit ogenblik. Gedichten worden, komt me voor, thans vooral geschreven om te charmeren, als grappig en vindingrijk beschouwd te worden, of edelbewerktuigd op het gebied van de herinnering aan vroege jeugd, of vatbaar voor zoveel mogelijk sierlijke interpretaties.

Hy vind die "aanvechting om poëzie te schrijven (...) zó absurd in een samenleving als de onze, zó volmaakt tegengesteld aan haar tempo, belang en simplificatiezucht, dat alleen die poëzie die zich, om zo te zeggen, wapent met zijn eigen absurditeit, kans van overleven heeft". Eybers het volgens hom haar eie bewapening gekies: deur te dig oor die liefde.

Ester (*Trouw*, 28.2.85) wys op belangrike verskille tussen Eybers en 'n tendens in Nederlandse poësie:

> De eerste indruk van haar gedichten is die van een grote mate van formele strengheid. Maar wie gewend is zich hortend en stotend door hermetische en prozaïsche lyriek heen te werken, wordt tot zijn verrassing bij Elisabeth Eybers van klank naar klank getild (...) Die gedichten lijken de zwaartekracht van de taal te hebben vervangen door een lichtvoetig spel met woorden en óm woorden.

Inge van den Blink (*Utrechts Nieuwsblad*, 16.3.90) skryf:

> Het lezen van de compacte, samengebalde poëzie van Eybers, zo rijk aan inhoud, heeft als nadeel dat gedichten van andere auteurs opeens flauw, draderig en veel te omslachtig lijken.

Daar is dus baie kritici wat Eybers spesifiek waardeer op grond van die manier waarop sy verskil van toonaangewende stromings binnen die moderne Nederlandse poësie, maar bepaalde aspekte van byvoorbeeld die Vijftigers (sien D'Oliveira 1960) het hulle juis ontvanklik gemaak vir haar werk.

9.4.3.2 EYBERS SE TOE-EIENING TOT DIE NEDERLANDSE LETTERKUNDE

Passasies uit resensies wat in hierdie onderafdeling gebruik word, toon duidelik aan hoe verweef die kwessie van Eybers se taalgebruik is met die mate waarin sy aanvaar word in die Nederlandse letterkunde. Hierdie onderafdeling sluit dus aan by 9.2.

Pierre H. Dubois (*Het Vaderland*, 26.4.69) eindig sy resensie van *Onderdak* met die bewering dat dié bundel "onze poëzie" verryk "met een bewonderenswaardig bezit". Hy begin sy resensie van *Kruis of munt* (*Het Vaderland*, 15.9.73):

> Ofschoon de Afrikaanse literatuur formeel niet tot de Nederlandse letteren wordt gerekend is de verwantschap met onze eigen literatuur toch wel zo groot, dat ik voor mij niet aarzel om deze poëzie tot een ruimer gebied te tellen, waarin ook de Nederlandse haar plaats heeft. En binnen dat gebied valt de poëzie van Elisabeth Eybers als een der zuiverste en belangwekkendste voortbrengselen te beschouwen.

In sy resensie van *Einder* (*Het Vaderland*, 2.7.77) bevestig hy weer eens sy standpunt: "Wat zij schrijft, behoort (...) tot het beste dat in het Nederlandse taalgebied aan moderne poëzie bestaat." Hierdie standpunt van Dubois dra sekerlik grootliks daartoe by dat die jurie (waarvan hy lid is) van die Jan Campert Stichting in Den Haag die Constantijn Huygens-prys in Desember 1978 aan Eybers toeken vir haar hele oeuvre.

W.M.R. skryf in *Het Laatste Nieuws* (27.6.69): "'Onderdak' is een bundel die een belangrijke plaats zou moeten innemen in de Nederlandse poëzie." Helma Wolf-Catz (*Amersfoortse Courant*, 1.12.73) noem Eybers "voor ons een buitenbeentjie, omdat zij in ons land in haar eigen taal, het Zuidafrikaans, publiceert". Sy verwys na die geskiedenis van Eybers se bekendstelling in Nederland as sou Anthonie Donker haar na vore gebring het "als een unieke verschijning in de letteren". Volgens Wolf-Catz "is zij (dat) gebleven, speciaal in haar serieuze gedichten". Rein Bloem (1979) skryf dat Eybers se poësie natuurlik by die Nederlandse letterkunde hoort: "Even wennen en je leest het Zuidafrikaans weer alsof het Nederlands is. Wie daar nee tegen zegt, laat zich van Van Wyk Louw tot en met Elisabeth Eybers iets onvervangbaars ontgaan." Daarom pleit hy dan ook vir die toekenning van die P.C. Hooft-prys aan Eybers. Dit gebeur twaalf jaar later.

Adriaan van Dis (*NRC Handelsblad*, 26.8.77) stel vas dat Eybers se grammatika wel Afrikaans is, maar "de wereld die ze beschrijft en de daarbij aangepaste woordkeus, is Nederlands. Misschien is haar poëzie voor de Zuidafrikaanse lezers zelfs wel minder vertrouwd dan voor ons", meen hy.

> Eybers' poëzie is zo herkenbaar Nederlands, dat dit een van de redenen moet zijn waarom haar werk hier wél aanslaat en dat van andere Zuidafrikaanse dichters niet.

Dit is vir hom duidelik dat die "taalbarrière" makliker oorkom word by haar as by byvoorbeeld Van Wyk Louw en Opperman wat ook deur Van Oorschot uitgegee is. "Eybers houdt zich in tegenstelling tot bovenstaande dichters dan ook niet bezig met typisch Zuidafrikaanse problemen. Zij schrijft over het algemeen menselijke, over onderwerpen die iedereen raken. En dat zou best eens een tweede reden kunnen zijn waarom zij een van de weinige Zuidafrikaanse dichters is die hier wèl een eigen publiek heeft weten te vinden."

Rob Schouten (*Vrij Nederland*, 30.10.82) wys daarop dat sedert 'n vorige generasie kritici (Morriën, Dubois en Hendrik de Vries) Eybers reeds waarderend bespreek het, sy

> zo 'n beetje de enige dichteres (is) die geen Nederlands hoeft te schrijven, om toch ten volle gewaardeerd te worden in onze letterkunde, een voorrecht dat bij voorbeeld een Vlaamse schrijver goeddeels is ontzegd. Als die immers een woord als 'goesting' in z'n poëzie zou zetten, rolden wij schuddebuikend over de vloer. Maar 'hulle' en 'hierdie' mag. Het is natuurlijk wel oneerlijk maar eveneens begrijpelijk: het Zuidafrikaans ligt veel verder van ons bed, het is misschien wel een soort Deens dat we wonderlijk genoeg toch zo maar kunnen begrijpen, terwijl het Vlaams voor ons gevoel meer een vermakelijk Nederlands dialect is.

Een van die belangrikste "toe-eienings" van Eybers (wat ook deur E.C. Britz weergegee word in *Beeld*, 16.5.89), is deur Willem Jan Otten. Sy *NRC Handelsblad*-resensie van *Rymdvaag* word opgeneem in *Een Jaar Boek: Overzicht van de Nederlandse en Vlaamse Literatuur* (1988:87-88) en hierin wys hy daarop dat Ida Gerhardi, Annie M.G. Schmidt en Vasalis allerweë beskou word as die Grote Dames van die Nederlandse poësie, terwyl Eybers nog nooit die titel gekry het nie. Hy meen die rede "moet gelegen zijn in de aard van het Nederlands dat zij schrijft: Afrikaans". Otten wys daarop dat baie Nederlandse resensente altyd 'n kort waarskuwende beskouing oor Eybers se taal gee, maar hy vind dit onsin.

> Dit Afrikaans is niet raarder dan het Nederlands van Lucebert, of Gezelle, of Roland Holst. Ieder poëtisch oeuvre wordt geschreven in een andere taal, of beter: een persoonlijk dialect. Wie Nederlands wil schrijven om gangbaar te zijn, komt nooit op de gedachte om een gedicht te schrijven.

'n Hele paar ander resensente is ook uitgesproke ten gunste daarvan om Elisabeth Eybers as 'n Nederlandse digter te beskou. Durk van der Ploeg (*Leeuwarder Courant*, 11.5.90) skryf:

> Eybers heeft in de 55 jaar dat zij publiceert een constante toonhoogte bereikt en is eigenlijk zowel Afrikaans als Nederlands dichter.

Ed Leeflang is hieroor ook baie duidelik aan die einde van sy resensie oor *Noodluik* (*Vrij Nederland*, datum onbekend):

> Misschien verbaast het dat ik Elisabeth Eybers zo nadrukkelijk tot de Nederlandse poëzie reken, hoewel ze in het Zuidafrikaans schrijft. Het is geen poging tot toeëigening. Maar wie even moeite doet zich te verdiepen aan de grammatica van haar taaleigen, leest haar gedichten zonder moeilijkheidswaardige problemen. Zij heeft een trouwe aanhang van Nederlandse lezers en dat alleen al stempelt haar tot een figuur in de *Nederlandse* literatuur. Een zo grote persoonlijkheid met zo'n indrukwekkend oeuvre had al lang de P.C. Hooftprijs moeten krijgen.

Die enigste resensent wat baie sterk van dié algemeen-gevoelde standpunt verskil, is Hans Warren. Sy bespreking van *Versamelde gedigte* (1990) gebruik hy hoofsaaklik om die P.C. Hooftprys-toekenning aan Eybers nog te probeer voorkom. (Sien 2.2.) Wanneer hy kort ná die uitreiking van die prys *Teëspraak* resenseer (*Provinciale Zeeuwsche Courant*, 14.6.91), konsentreer hy weer op hierdie kwessie en open sy resensie soos volg:

> Dat Elisabeth Eybers een dichteres van betekenis is, zal niemand tegenspreken. Maar dat zij met de P.C. Hooftprijs voor poëzie werd onderscheiden, blijft een merkwaardig besluit. Immers, zij schrijft niet in het Nederlands doch in het Afrikaans (...) Waarom dan wel deze prijs bestemd voor Nederlandse literatuur aan haar toegekend? Er zijn formeel gesproken geen geldige motieven voor te bedenken. We zijn getuige van een geval van inlijving.

Warren het 'n voorkeur vir haar "wijze observaties over het mensdom, de intense gedichten over liefde":

> Maar helaas behoren al deze verzen tot de Afrikaanse, niet tot de Nederlandse literatuur. Een dichteres van deze orde komt alle mogelijke prijzen toe, behalve de P.C. Hooftprijs.

Behalwe die Nederlandse literêre pryse wat Eybers ontvang (sien veral Hoofstuk 2 en 'n uitspraak soos dié van Inge van den Blink, *Utrechts Nieuwsblad*, 16.3.90 toe Eybers die Huygens-prys ontvang het: "Daarmee werd ze definitief ingelijfd in de hoogste regionen van onze dichtershemel"), is daar nog enkele ander duidelike aanduidings dat Eybers gereken word tot die Nederlandse literatuur.

Een daarvan is haar opname in bloemlesings; dit dui ongetwyfeld op 'n aanvaarding van haar poësie in Nederlandse verband. Om sy uitgewery se veertigjarige bestaan in 1985 te gedenk, vra Van Oorschot ses digteresse om elk tien gedigte uit hulle werk te kies vir 'n jubileum-uitgawe wat eenvoudig *Gedichten* genoem is. Die meeste van hierdie digteresse (Elisabeth Eybers, F. Harmsen van Beek, Judith Herzberg, Hanny Michaelis, Annie M.G. Schmidt en M. Vasalis) se gekose gedigte het nie oorspronklik by Van Oorschot verskyn nie, sodat 'n mens mag aanneem dat die uitgewer hulle gekies het omdat hy hulle as die beste in die land beskou. (Ida Gerhardt het nie haar medewerking verleen nie.) In Querido

se *Dit is poëzie* neem die samesteller Jan Kuijper drie Eybers-gedigte op. In *Moeder-dochter-liefste-vrouw* (1990), 'n keuse deur Marga Kool, word gedigte van Eybers saam met o.a. Anna Bijns, Neeltje Maria Min en Eva Gerlach gepubliseer. In Maaike Meijer en Annetje Dia Huizinga se *Dit maakt ons ademloos bij haar geluid. De mooiste gedichten door vrouwen geschreven* (1987) is nege Eybers-gedigte.

9.5 EYBERS WORD SAAM MET NEDERLANDSE DIGTERS IN GEMENGDE RESENSIES BESPREEK

Rein Bloem (*Vrij Nederland*, 6.10.73) bespreek Eybers se *Kruis of munt* in 'n resensie saam met nuwe werk van mindere digters soos Waterman, Vroegindeweij, Gelderblom, Messing, Schuddeboom, Babylon en Dandillo. Die poësie van Eybers is volgens hom "de enige (...) van alle nu gen die mij soms omverkegelt".

Rudi Boltendal skryf in *Leeuwarder Courant* (2.11.74) 'n resensie waarin hy digters vergelyk wat onderskeidelik uitgegee word deur Querido, Athenaeum-Polak en Van Gennep, en De Bezige Bij. Van Toorn, Warmond, Otten en Kuijper is in die goedkoper Querido-klas, terwyl Bernlef, Kouwenaar en Eybers in die "'luxe' hoek van Querido's dichterstal" onderdak vind. Hulle bundels word mooier uitgegee en kos byna dubbeld soveel as dié van eersgenoemde outeurs. Boltendal vergelyk die "goedkoper" en "luxe" digters nie kwalitatief met mekaar nie, maar uit sy bespreking blyk baie duidelik hoe Boltendal dit as vanselfsprekend beskou dat Eybers 'n volwaardige lid van die "luxe stal" van Querido is en daarmee tot die Nederlandse digters van formaat gereken word.

In 'n ander versamelresensie van Rudi Boltendal, "Van amusement op rijm tot poëzie van hoog gehalte" (*Leeuwarder Courant*, 2.12.78), word bundels van Drs. P., Gerrit Komrij, selfs Lucebert en Hans Andreus, as nie goed as Eybers se *Gedigte 1958-1973* en Chr. J. van Geel se *Dierenalfabet* beskou nie.

Bernlef bespreek *Einder* (*HP*, 10.12.1977) in een artikel saam met bundels van Arie Gelderblom en Alain Teister. "De autobiografische feiten waarvan deze dichters uitgaan decreteren bijna een wat parlando-achtige vorm (...) Dat het ook anders kan bewijst Elisabeth Eybers in (...) *Einder*. (...) Ook in haar poëzie komen zeer veel persoonlijke details voor maar ze functioneren slechts als aanleiding voor het gedicht zelf dat met een light understatement als constant ingrediënt steeds als een organisme naar voren komt."

In die enkele resensies waarin Eybers se werk saam met ander digters s'n bespreek word, word Eybers dus altyd baie positief gewaardeer.

9.6 OPMERKINGS OOR DIE NEDERLANDSE PERIODE IN EYBERS SE WERK N.A.V. DIE TEMA "ONTHEEMDING"

Dubois merk in sy resensie van *Onderdak* (*Het Vaderland*, 26.4.69) op dat Eybers

> niet slechts losgemaakt is van haar 'gemeenschap', maar ook van haar taalgebied, al is dat dan met Nederlands nauw verwant. 'Maar sy't haar eie baaierd saamgebring', schrijft zij in 'Ontheemde' en die 'baaierd' is haar wezen dat onder welke sterrenhemel ook haar eigen spanningsveld blijft.

In sy resensie van *Kruis of munt* voer Dubois (*Het Vaderland*, 15.9.73) hierdie gedagte veel verder:

> Eybers (is), ook in haar vroegere bundels, altijd veel meer de dichteres geweest van de verwondering en de vereenzaming dan van de wanhoop en de verlatenheid. (...) De verwondering heeft (...) geen - en zeker niet uitsluitend of zelfs voornamelijk - betrekking op de geobjectiveerde buitenwereld, maar veeleer op de *relatie* tussen de waarneemster en de wereld om haar heen. De verwondering is dus tevens de ontdekking van een vervreemding, de vaststelling van een proces van vereenzaming. Dat is niet hetzelfde als de volstrekte subjectivering van een thematiek, waarin het isolement als onontkoombaar gegegeven is en daarmee ook de wanhoop.

Resensente wat sterk ingaan op die Nederlandse agtergrond van baie van Eybers se gedigte, merk op dat dit met ontheemding gepaard gaan. Warren lê byvoorbeeld klem op die referensiële herkenbaarheid van die gedigte in *Onderdak* (*Provinciale Zeeuwse Courant*, 21.5.69) as hy verwys na "een paar nieuwe Amsterdamse impressies" en hieraan toevoeg:

> Zij neemt zelfs het beeld van Lazarus na de opstanding ter illustratie, en acht een nieuw alfabet, een nieuwe taal nodig voor een herrezene. Men kan zich indenken hoe moeilijk het voor een Zuidafrikaanse dichteres moet zijn, haar taal onbesmet en eigen te houden in een Hollandse omgeving. Het andere land, de andere geliefde, de nieuwe taal, ze eisen haar op, en zwaar is de strijd om het eigene te behouden.

Aangesien Eybers volgens hom "immers een echte vrouw-moeder (is), en een nieuw moederschap door haar leeftijd uitgesloten" is, gaan Warren in hierdie denktrant voort. Hy meen: "Er is niets meer in haar wat 'regstreeks wekbaar is' dan de taal, en helaas, zij is ook te oud geworden om de nieuwe taal nog te leren beheersen"!

Jan van der Vegt (*NRC*, 31.5.69) meen Eybers se werk is ná 1957 "wat harder" weens die besef "dat de vergankelijkheid onherroepelijk het bestaan binnendringt". Hy meen daarom:

> De overgang van Zuid-Afrika naar Nederland is in de verdere ontwikkeling van haar poëzie een belangrijke factor. Uit veel gedichten die ze de laatste tijd schreef, blijkt Nederland voor haar te betekenen: een ander klimaat, een andere taal, andere gewoontes en normen, kortom de noodzaak van aanpassing. Het is dan vanuit haar persoonlijkheid gezien, begrijpelijk dat ze, om opnieuw 'onderdak' te vinden, behoefte heeft aan een dominerende, sterke persoonlijkheid naast haar. Meer dan eens is dat in haar verzen te vinden.

Tom van Deel (*Prisma-Lectuurvoorlichting*, 2.10.73) haal "Ek wortel elders, hoe sou ek my hier/ kan tuis maak" aan en voeg by: "Zuid-Afrika zal dat 'elders' in de realiteit wel zijn, maar in feite doelt Elisabeth Eybers op een veel fundamentelere ontheemdheid." Jan Deloof (*Ons Erfdeel*, nov./dec. 5:1980) noem dat *Balans* gedigte bevat wat nog in Suid-Afrika ontstaan het, maar dat daarin ook die eerstes staan wat in Nederland geskryf is. "Dat dubbele afscheid - van land en eigen haard - liet natuurlijk diepe sporen na in haar werk, maar deze poëzie beweegt zich torenhoog boven het strikt persoonlijke." Jan van der Vegt (*De nieuwe linie*, 22.11.78) wys na aanleiding van "Paarrym" daarop dat Eybers besef "dat vreemdelingschap een afstand kan geven die rust garandeert".

J. Iven (*Nieuws van Limburg*, 21.5.79) skryf dat Eybers se verblyf in Nederland en die daarmee gepaard gaande heimwee na Zuid-Afrika 'n eksistensiële probleem en onderwerp in haar poësie is. "De tegenstelling verbittering-verzoening, die haar relatie met de man beheerst, maakt plaats voor de tegenstelling terugtrekken-aanpassen m.b.t. haar verblijf in Nederland. Het probleem van het immigrantenbestaan is dat de immigrant niet thuishoort in het land dat hij verliet, maar evenmin in het land waar hij (nooit echt) aankomt." "Voetjie vir voetjie" (VG-352) word ter illustrasie aangehaal.

Rein Bloem (1979) vermoed dat dit "geen pretje" is om "balling in Nederland" te wees nie en hy verwys na gedigte wat "nogal wat snieren over de Nederlandse opvang van immigranten" bevat. Die inhoud van haar poësie is getuienis van "een ontworteld bestaan en dat niet alleen als Zuidafrikaanse". Die ironie waarmee sy haar "penibele bestaansvoorwaarden" objektiveer, beskou hy as die groot krag van haar poësie.

Hans Ester skryf in *De Nieuwe* (27.10.78) oor *Gedigte 1958-1973* dat Eybers se werk sedert haar vertrek uit Suid-Afrika vir "een aanzienlijk deel in het teken staat van een zoektocht naar houvast, geborgenheid, vertrouwdheid temidden van het kille, vreemde land. (...) De gedichten uit de tijd na 1961 worden in tegenstelling tot de eerste bundels van deze dichteres veelal gedragen door een verfrissende ondertoon van zelfspot over zelfbeklag." (Ongeveer dieselfde bewoording gebruik Ester ook weer in *Trouw*, 28.2.85). Hy meen dat daar in *Onderdak* in die verwoording van ervarings op Nederlandse bodem wel 'n aksentverskuiwing te bespeur val in vergelyking met *Balans*: "Het sprekend ik verweert

verweert zich geducht tegen de formele en onvriendelijke wijze, waarop het door de Nederlandse ambtenaren wordt behandeld."

Ester skryf in sy resensie van *Bestand* (*Trouw*, 2.9.82) dat Eybers sedert 1961 haar vrywillige landverhuising in elke nuwe digbundel getematiseer het. Sy gaan in debat met

> haar nieuwe, nooit helemaal vertrouwd wordende omgeving. Tegenover het benauwende, dat haar naar de keel vliegt, scherpt de spreekster haar eigen geduchte wapen, de poëzie, en weet zij de aanvallen op haar identiteit met verrukkelijke ironie te pareren. Als tegenwicht tegen het bedreigende schept zij een eigen wereld in woorden.

Vir hom is dit baie duidelik dat die tematisering van die bewussyn dat sy in twee wêrelde leef, veel meer inhou as die opmerk van Nederlandse eienaardighede.

> De tegenstelling tussen hier en daar is in de eerste plaats in ruimtelijke zin aanwezig, maar wordt verdiept tot een tegenstelling tussen toen en nu.

Ester gee 'n goeie karakterisering van hoe die Suid-Afrikaanse verlede en Nederlandse hede bepalend is vir die poësie van Eybers se Nederlandse periode:

> Het toen is soms zelfs zo machtig, dat het heden overspoeld dreigt te worden door herinneringen aan een onvoltooid verleden. De ruimtelijke afstand dreigt zelfs als schijnoplossing te worden opgeheven (..) De bedreiging van het ik komt derhalve van de kant van de nieuwe omgeving, die nooit volledig een thuis zal zijn en van het eigen innerlijk, dat zich aan ruimte en tijd weinig gelegen laat liggen en zijn eigen, soms verraderlijke weg gaat.

Eybers se bundels is wat titels betref sedert *Balans* sowel in Afrikaans as in Nederlands tuis, skryf Ester in sy resensie van *Noodluik* (*Trouw*, 9.11.89). Na aanleiding van "Papier is geduldig" meen hy dat Nederland die benouende tyd en ruimte is waarna verwys word met die versreël "Vir elke kneliing van nou en hier".

> Het vreemdelingschap in Nederland en de daarmee verbonden poging om zichzelf, de eigen taal en de poëzie van die taal te handhaven, (staat daaarmee) op een prominente plaats. (...) Met het thema van de tot tegenspraak provocerende omgeving en de harde tongval van die omgeving is de reflectie op de tijd ten nauwste verbonden.

Eybers gaan volgens Ester "opnieuw een noodzakelijke discussie aan met het land, dat niet het land van haar oorspronkelijke, zorgvuldig in het onbewuste opgeslagen ervaringen is". Sy standpunt is dat Eybers se Nederlandse verblyf "nooit een obstakelloze, vanzelfsprekende aangelegenheid wordt (die in dat geval tot een verlies van taalbewustheid en van poëzie zou leiden)". Ewe min word haar verlede in Suid-Afrika geneutraliseer. "Het één is voorwaarde voor het andere. De herinneringen aan vroeger duiken onverhoeds op, met een kracht die het heden haast overspoelt." Dit is die rede

waarom hy (soos ook ander kritici) "Opgawe" (VG-568) so 'n aangrypende gedig vind. Dié gedig laat sien "welke machtige presentie dat verleden heeft".

> Al die gure gewaarwordings warrelig verwek
> uit krenkbaarheid, instulping, selfsug en so
> het my weggaan geteken. Benselwigheid,
> 'n ononthegbare binnehuid, strek
> tussen my en die strak grou-en-groen plattegrond
> wat verdwaasde asielsoekers gasvry verstrik.
> Ruimte, misterie, wanorde, tragiek
> van 'n maatloos ontginbare kontinent
> was in my gevesel, hoe kon ek krimp
> tot voorgeskrewe omgewingsmimiek?
> Ek ondervra die verlede nog steeds,
> sprokkel destyds gesmokkelde brokkies liriek.

Volgens Dubois (*Het Vaderland*, 2.7.77) word Eybers se vroeër werk gekenmerk deur "verwondering en eenzaamheid". Hy meen dat dit in *Einder* verander:

> De verwondering werd voor de dichteres verwondering over de wereld om haar heen in relatie tot haarzelf; zij kreeg elementen van vervreemding, de eenzaamheid verscherpte tot isolement, bracht soms klanken van versomberde wanhopigheid met zich.

Rob Schouten (*Vrij Nederland*, 30.10.82) meen dat nasionalistiese gevoelens nie in Eybers se werk aanwesig is nie, maar dat haar buitelandse verblyf tog 'n sterk invloed op haar het:

> De titels van bundels die ze, na haar emigratie naar Nederland schreef, geven bij elkaar de indruk van een niemandsland, waarin haar poëzie ontstaat. (...) De beschrijving van een modus vivendi in een vreemd land is een van haar opvallendste thema's na '61 geworden. (...) Het bestand dat gesloten wordt, is vooral dat tussen de ontheemdheid in Nederland en de binnenwereld van eigen intieme gevoelens.(...) Zij trekt zich terug uit de lawaaiwereld van Amsterdam en het alledaagse leven überhaupt, in de woordwereld van het gedicht.

Willem Jan Otten (*NRC Handelsblad*, 13.3.87) meen dat Eybers se karakterisering van 'n gedig as iets wat "wortels afsweer en weggly in sy eie dampkring" (in "Dichtung und Wahrheit", VG-452), sonder moeite toepasbaar is op haar lewe as 'nie-politieke' balling: "Zij is vervreemd geraakt van haar moedertaal, waardoor ze des te beter haar 'essentiële taal' heeft kunnen 'beskerm'."

In sy resensie van *Rymdwang* (*NRC Handelsblad*, 11.12.87) skryf Otten dat Eybers self al dikwels gesê het dat sy beter tuis is in haar gedigte as in Nederland.

> Beter in haar vriendschappen ook, want die kunnen, zoals ze in een gedicht in (...) *Rymdwang* schrijft 'uit vervreemding geboren worden'. Ook tussen vrienden ontstaat een eigen taal, in dit geval: 'een uitwyktaal'. Bedoeld wordt niet alleen dat beide vrienden geen Nederlands spraken, maar elk een eigen taal, en dus dat ergens halverwege een lingua franca ontstond, maar ook dat deze nieuwe taal een

> uitwijkmogelijkheid bood uit *de* taal en *het* land, ook wel 'hierdie mini-linialeland' genoemd. In eerdere bundels sprak Eybers van de 'essenslële taal' die zij beter heeft kunnen beschermen *dank zij* haar uitlandigheid (...) Deze tegenstrijdigheid is tamelijk algemeen in onze ballingschappeneeuw. Bij Eybers is die essentiële taal een mirakel van toon.

'n Ander idee wat volgens Otten hierby aansluit is:

> Op één of andere manier is de ouderdom waarover veel gedichten in *Rymdwang* gaan een *metafoor* voor die bevreemding, een extra mogelijkheid om het verbazingwekkende lichaam, en zijn 'verborge lotgenoot, die gees', nog eens op hun raadselachtige plaats te zetten.

Hierdie afdeling kan afgesluit word met 'n verwysing na Hans Ester (*Suid-Afrika*, januari 1988) se voortgesette insig dat Nederland van besondere belang is as stimulasie en inspirasie vir Eybers :

> De uiterlijke eigenaardigheden van het klimaat in Nederland vormen voor Elisabeth Eybers de fysiek weliswaar hinderlijke maar tegelijkertijd vitale impuls om van het menselijk bestaan in ruimte en tijd rekenschap af te leggen. Afgezien van de vraag of Elisabeth Eybers in Nederland gelukkig is, is dit land met al zijn haken en ogen, als een soort permanente drempel nodig, of in ieder geval belangrijk, om de dichteres te laten struikelen en schrijven. Nederland is het ondermaanse bij uitstek. Maar dit ondermaanse leent zich nochtans voor een tijdelijk onderdak.

In *Trouw* (28.1.88) wysig Ester sy bewoording effens. Hy noem dat Eybers die lewe "in deze kille moerasdelta" as tema neem in die bundels sedert 1962. Weer praat hij van die "krachtige impuls" en sê dat Nederland as "Fremderfahrung" vir Eybers se poësie nodig is.

In Hoofstuk 3 is in verband met die tweedeling in Eybers se werk vasgestel dat Nederlandse resensente nie formeel periodiserend ingestel is nie. Uit bostaande sal dit egter duidelik wees dat hulle weens die klem wat hulle plaas op die belang van die Nederlandse omgewing en taal op Eybers, wel 'n vernuwende tendens waarneem wat 'n direkte gevolg is van haar Nederlandse verblyf.

9.7 OPSOMMEND

Ten spyte van die voortdurende klem op Eybers se vervreemdende taalgebruik, is daar 'n byna eensgesinde gevoel by resensente dat hulle dit as positief ervaar. Steeds meer referensiële herkenningspunte in haar werk dra daartoe by dat Nederlandse lesers aansluiting vind by Eybers se poësie. Haar vindingryke verwoording van "oerou" temas

word hoog gewaardeer en dit is opvallend met watter vanselfsprekendheid Eybers as *Nederlandse* digter beskou word.

VERWYSINGS BY HOOFSTUK 9

1. Hy bedoel natuurlik "West-Transvaals".

2. Christiane Kuby (in *Surplus* 2, september/oktober 1988) interpreteer "aanswelnag" as "de naderende winter".

3. Jan Deloof (*Ons Erfdeel*, 1980) beskik later wel oor biografiese gegewens (vergelyk sy bibliografie waarin hy na Kannemeyer 1978 verwys) want hy [illegible] oorsigtelike artikel wel die doodskarakter van die gedigte en sê selfs - in navolging van Kannemeyer - [illegible]ie geliefde in Mei 1967 oorlede is (Deloof 1980:753).

4. In 'n resensie waarin hy onder meer Nico Scheepmaker se *Happer's Holland* en Eybers se *Kruis of munt* bespreek, tref Gabriël Smit in *de Volkskrant*, 2.2.74 'n vergelyking tussen die digters se Vondelpark-gedigte: "Het gemiddelde van deze in zijn genre aantrekkelijke, sympathieke bundel (van Scheepmaker) komt onder meer het best tot uiting in dit Amsterdamse gedicht:

> Dit is mijn stad, waar in het Vondelpark
> de boterbloemen mensen zijn geworden,
> die in een door Le Roy geschapen orde
> uit heel de wereld zijn bijeengeharkt.
>
> Zij zitten overdag bij 't Monument
> te luisteren naar 't getokkel van gitaren
> terwijl de Amsterdammers naar ze staren;
> niet een die hier zijn jeugd herkent.
>
> Maar wel de droom ervan: een vaag besef
> dat dit het was wanneer je op je rug
> de lucht bekeek, met alle sterren aan.
>
> Maar ja, je had geen rugzak en geen lef,
> en keerde haastig weer naar huis terug
> als het je tijd werd om naar bed te gaan.

Smit noem dat Scheepmaker se vers gefnuikt was deur die Amsterdamse Vondelpark, en sê dan: "Het is minstens boeiend (...) zijn visie (...) te vergelijken met die van Elisabeth Eybers. Aan het 'Einde van die seisoen' legde zij na een wandeling door het park haar indrukken vast." Smit haal "Einde van die seisoen" volledig aan sonder enige kritiese kommentaar daarop.

5. Dit is ironies dat JEP in *Deventer Dagblad* (10.3.79) juis 'n negatiewe [illegible]spreking van Warren se bundel *Behalwe linde, te. aritde en banaan* begin deur uit "Dagbladresensent" (VG-20 [illegible]) te haal: "Waar hy noukeurig aankruip knars die oes/ voor die onwrikbre ywer van die vraat"!

6. Opperman word in die Afrikaanse literatuurgeskiedenis tradisioneel as 'n "Veertiger" beskou.

HOOFSTUK 10

DIE SUID-AFRIKAANSE RESEPSIE VAN ELISABETH EYBERS SE "NEDERLANDSE" BUNDELS

Terwyl Nederlandse kritiek onmiddellik gekonfronteer word met die problematiese vreemdheid van Eybers se taalgebruik, is dit vir Suid-Afrikaanse kritiek nie 'n opvallende kenmerk van haar werk nie. Sy is immers vanaf haar debuut in 1936 'n bekende figuur in die Afrikaanse letterkunde en sy skryf ná haar vertrek uit Suid-Afrika in 1961 steeds haar gedigte in Afrikaans. Al haar "Nederlandse" bundels word in Kaapstad uitgegee deur Human & Rousseau en deur die Suid-Afrikaanse media geresenseer. Human & Rousseau het deurentyd 'n samewerkingsverband met Em. Querido in Amsterdam in verband met die publikasie van Eybers se werk. Balans, Onderdak *en* Kruis of munt *word saam met Querido in Nederland gedruk en gebind;* Einder, Bestand *en* Dryfsand *is saam met Querido in Nederland gedruk en in Suid-Afrika gebind;* Rymdwang, Noodluik *en* Teëspraak *word vir die Suid-Afrikaanse mark in Suid-Afrika gedruk en gebind.* Versamelde gedigte *(1990) word in Nederland gedruk en gebind. In Suid-Afrika is dit 'n gesamentlike uitgawe van Human & Rousseau en Tafelberg en in Nederland 'n gesamentlike uitgawe van Querido en Van Oorschot.*[1] *Sien veral Bibliografie III/A en B.*

10.1 INLEIDING

'n Oorsig van die Suid-Afrikaanse resensies van *Balans* (1962) tot en met die *Versamelde gedigte* (1990) en *Teëspraak* (1991) lewer 'n heel ander beeld van Eybers op as die Nederlandse resepsie.

Veral in die sestigerjare is verwysings na Eybers se Nederlandse verblyf baie sydelings en 'n verbandlegging tussen haar lewe en werk word vermy. Dit is sekerlik 'n gevolg van die teoretiese tradisie in Afrikaans om die mens-agter-die-boek sover moontlik uit die formele letterkundige bedryf te hou. (Sien Wiehahn 1965 vir 'n oorsig van benaderingswyses in die Afrikaanse poësiekritiek tot 1963, asook Hoofstuk 1.) Juis wanneer Eybers se "Nederlandse" periode begin, is die klem baie sterk op streng teksgerigte kritiek.

'n Tipiese voorbeeld van hoe Suid-Afrikaanse kritici wegskram van die feit dat Eybers in Nederland woon en dat dit konsekwensies vir haar werk mag hê, is 'n resensie van A.P. Grové (in *Die Huisgenoot*, 1963; ook opgeneem in *Oordeel en vooroordeel*). Grové merk op dat Eybers se groei as digter in die verlede meermale ten nouste verbind is met haar ontwikkeling as mens.

> Ook die nuidige bundel sou biografies te lees wees, want hier is genoeg verse wat te make het met die digteres se verblyf in Holland (...), genoeg verse wat iets van 'n krisis laat deurskemer, iets van 'n gevoel van ontreddering en gemis (...) So 'n benadering bring ons egter nie ver nie; dis onvrugbaar en by die vasstelling van literêre kwaliteit volkome ontoereikend.

Omstandigheidsgegewens kom baie selde voor. Daar is ook geen taalfilosofiese besprekings oor die verstaanbaarheid van Eybers se "Nederlandse" poësie nie.

E. Lindenberg is een van die eerste resensente wat konsekwensies verbind aan Eybers se Nederlandse verblyf. Hy skryf in 'n huldigingsartikel (*Beeld*, 26.2.75):

> Byna twintig jaar reeds is die digteres (sy woon dan 13 jaar en sewe maande daar - EJ) woonagtig in Amsterdam en dus eintlik 'n emigrant. Het hierdie uiterlike omstandighede haar poësie beïnvloed? Aanvanklik slegs uiterlik en tematies, in gedigte oor aanpassingsprobleme, oor die *andersheid* van die nuwe tuiste. Geleidelik reik die invloed dieper, dring die nuwe ervarings deur tot die wortels van die taal, soos in 'Kwiksilwertong' waar die aanleer van die nuwe taal ook die ontdekking van die liefde is.

Sien ook Lindenberg 1977:43. Ná hierdie opmerkings gaan jare van Eybers-resepsie verby waarin bykans niks verder hieroor gesê word nie. Hoe meer afstand kritici op 1961 kry, hoe duideliker word dit egter dat die feit van Eybers se Nederlandse verblyf wel betrek moet word.

Lina Spies som dit goed op (*Insig*, April 1989):

> Binne die geheelbeeld van Eybers se poësie blyk dit dat haar immigrasie na Nederland en haar vestiging in Amsterdam in 1961 van beslissende belang was vir haar digterskap. Die reduksering van poësie tot biografie is 'n onderskatting van die kompleksiteit van die kuns en die ervaring waaruit die gedig gegenereer word. Elisabeth Eybers se landsverhuising was 'n lewenskrisis wat as biografiese feit omskep is tot digterlike waarhede met algemeen-menslike geldigheid.

In 1990 word vir die eerste keer in die Suid-Afrikaanse kritiek pertinent gesuggereer dat Eybers miskien vir haar Afrikaanse lesers 'n vreemdeling kan begin word omdat haar werk "'n seldsame tussengebied geword (het) waarin Nederlandse lesers hulself eweseer kan tuisvoel as Suid-Afrikaanse lesers. En ondertussen miskien selfs meer" (Jansen, *De Kat*, Februarie 1990). In hierdie artikel word daarop gewys dat dit vir Suid-Afrikaners

skynbaar vreemd is dat Eybers se werk deur Nederlandse lesers so hoog aangeslaan word,

> maar miskien moet ons ons begin afvra of dit nie 'n raaisel is dat ons ons nog nooit regtig besin het oor die feit dat haar Afrikaans dalk vir ons vreemd aan die word is nie. Die taal wat sy daagliks om haar heen hoor is tog al byna dertig jaar lank Nederlands, die landskap wat sy sien dikwels laag en grys.

Lucas Malan (*Beeld*, 1.3.90) bevestig dit:

> Nederland (...) het haar reeds formeel en andersins as 'n belangrike digter in daardie taaldomein erken en opgeëis. So 'n anneksering deur 'n land wat politiek erg krities teenoor die Suid-Afrikaanse bestel staan, beklemtoon dus die hoë waarde van Eybers se poësie in die groter arena waar taal- en kultuurkonflikte in die spel is.

10.2 WERKWYSE

Daar is heelwat minder Suid-Afrikaanse as Nederlandse resensies van Elisabeth Eybers se "Nederlandse" bundels. Die Suid-Afrikaanse resepsiemateriaal wat hier gebruik word, bestaan ook nie net uit aktuele resensies nie, maar is aangevul deur besprekings wat soms jare ná die verskyning van 'n betrokke bundel in literêre tydskrifte en byvoorbeeld in *Ter wille van die edel spel* (1975) verskyn het. Ek gee elke keer tussen hakies die getal Nederlandse resensies waaroor ek beskik ter vergelyking. Van *Balans* weet ek van 6 besprekings in Suid-Afrikaanse koerante, tydskrifte en boeke (Nederland: 28), van *Onderdak* 4 (12), *Kruis of munt* 9 (11), *Einder* 7 (9), *Bestand* 8 (9), *Dryfsand* 8 (9), *Rynduwang* 8 (13), *Noodluik* 5 (16), *Versamelde gedigte* (1990) 4 (27), van *Teëspraak* 2 (2).[3] Die kleiner getal Suid-Afrikaanse resensies is 'n gevolg van die beperkter hoeveelheid tydskrifte en koerante in Suid-Afrika wat op 'n gereelde basis poësiebundels resenseer en kan nie geïnterpreteer word as 'n afname in belangstelling in Eybers sedert sy in Nederland woon nie.

In Hoofstukke 8 en 9 het ek Nederlandse resensies bespreekbaar gemaak deur veral te let op aandag wat gegee is aan taalaspekte, die referensiële kader van die gedigte, en poëtikale aspekte. Om 'n vergelyking te vergemaklik sou die Suid-Afrikaanse resensies op dieselfde manier bespreek moet word. Vanweë die ander gesigspunt van waaruit Suid-Afrikaanse kritici Eybers se werk benader, is alle fasette van bogenoemde drie aspekte egter nie hier van toepassing nie. Die redes waarom ek sommige fasette weglaat en ander effens wysig, word hieronder verstrek.

Suid-Afrikaanse resepsie van "Nederlandse" bundels

ad 1 "Kommentaar oor Eybers se taalgebruik" (10.3.1):

ad "Word Afrikaans as 'n struikelblok ervaar?" Aangesien Eybers se Afrikaans die moedertaal van die meeste Suid-Afrikaanse kritici en lesers is en hulle 'n goeie kennis daarvan het, is daar geen rede vir Suid-Afrikaanse resensente om Afrikaans as 'n struikelblok te ervaar en algemene opmerkings hieroor ten behoewe van hulle lesers te maak nie. Die keersy van dié aspek, "Word Nederlands as 'n struikelblok ervaar?" is uiteraard nie van toepassing nie omdat Eybers haar "Nederlandse" bundels steeds in Afrikaans bly skryf. Enkele probleme in verband met Nederlandse uitdrukkings word wel ervaar en onder "Voorbeelde van taalprobleme" (10.3.1.2) bespreek. Terwyl dikwels in die Nederlandse pers bespiegel is oor die vraag of Eybers in Nederlands sou begin skryf, kom so 'n gedagte nooit by Afrikaanse resensente op nie.

ad "Word Eybers se Afrikaans as 'n positiewe faktor ervaar?" Hierdie aspek is uiteraard nie relevant in Suid-Afrikaanse resepsie nie. Die omgekeerde, "Word Nederlandse invloede as positief ervaar?", word wel kortliks bespreek (10.3.1.1). Terwyl Nederlandse resensente dikwels probeer om moontlike emotiewe besware uit die weg te ruim wat hulle lesers teen Afrikaans kan hê weens byvoorbeeld die "apartheidstaal"- en "gekke dialekttaaltjie"-assosiasies, het Afrikaanse resensente/lesers geen dergelike vooroordele teen Nederlands nie. Teen Nederlandismes in 'n oorwegend Afrikaanse taalgebruik is kritici egter wel gekant. Probleme met enkelbegrippe word in "Voorbeelde van taalprobleme" (10.3.1.2) bespreek.

ad "Die subtiliteit van Eybers se taalgebruik word beklemtoon sonder dat die nodige taalkennis aanwesig is." Wanneer Nederlandse resensente opmerkings maak oor die subtiliteit van Eybers se taalgebruik, ontstaan die vraag onmiddellik wat hulle kennis van die Afrikaanse standaardtaal is. Afrikaanse resensente beskik uiteraard oor hierdie kennis.

ad 2 "Verwysings na die Eybers-referensieraamwerk" (10.3.2):

ad "(Suid-)-Afrikaanse verwysings veroorsaak wanbegrip." Uiteraard is dit nie iets waarmee Afrikaanse resensente probleme sal hê nie. Dié faset kan geherfraseer word tot "Nederlands(e) verwysings veroorsaak wanbegrip", en dit word bespreek onder die opskrif ""Gedigte wat spesifiek na die Nederlandse werklikheid verwys" (10.3.2.1).

ad "Politieke besware." In die Suid-Afrikaanse literatuurkritiek is die eis van "politieke relevansie" nog nooit aan Eybers gestel nie, terwyl jonger Afrikaanse digters uit wie se werk geen betrokkenheid by die Suid-Afrikaanse situasie blyk nie, wel soms daaroor verwyt word.[3] Ook is Eybers se Nederlandse verblyf haar nog nooit kwalik geneem as byvoorbeeld 'n "onpatriotiese" daad nie.

ad "Temas." Nederlandse resensente beklemtoon graag die algemeen-menslike temas in Eybers se werk aangesien dit 'n aanbeveling is met betrekking tot haar toeganklikheid vir Nederlandse lesers. Hierdie soort aanprysing is vir Afrikaanse resensente nie nodig nie. Alhoewel Suid-Afrikaanse resensies dikwels aandag vestig op haar tematiek, is die motivering hiervoor anders en dit word daarom buite rekening gelaat.

***ad* 3 "Algemene poëtikale aspekte" (10.3.3):**

ad "Onderskeid tussen Eybers en ander[s]aanse poësie." Eybers het 'n duidelike posisie binne die Afrikaanse literatuurgeskiedenis en sy word deur Suid-Afrikaanse resensente nooit anders beskou as behorend slegs tot die Afrikaanse letterkunde nie. Alhoewel artikels in *Ter wille van die edel spel* (veral Dubois 1975) reeds dui op die feit dat Eybers ook tot die Nederlandse letterkunde gereken word, dring hierdie besef eers veel later tot die algemene persepsie in Suid-Afrika deur. Dit word bespreek onder die opskrif "Eybers se verwantskap met die Nederlandse poësie en vergelykings met Afrikaanse digters" (10.3.3.2).

ad "Die direktheid van Eybers-poësie word vergelyk met duister Nederlandse poësie." Hierdie faset kan verander word tot "Die direktheid van Eybers-poësie word vergelyk met duister Afrikaanse poësie." Aangesien die Afrikaanse poësie nie dieselfde tradisie as die Nederlandse het wat sedert die Vyftigers oorheers is deur 'n esoteriese tipe poëtika nie (sien Meijer 1989), sal 'n mens dié tipe vergelyking nie in Suid-Afrikaanse resensies verwag nie en daarom laat ek dit weg as besprekingspunt in hierdie hoofstuk. Tog kom 'n dergelike siening 'n enkele keer voor. Daniel Hugo (*Die Volksblad*, 18.1.86) sluit sy resensie van *Dryfsand* só af:

> Nadat 'n mens in die afgelope tyd deur die woordgimnastiek van twee ander digteresse verbluf en vermoei is - Wilma Stockenström se *Monsterverse* en Antjie Krog se *Jerusalemgangers* - was die lees van die direk-sprekende, klassieke verse in *Dryfsand* 'n dubbele vreugde.

ad "Eybers word saam met Nederlandse digters in gemengde resensies bespreek." Selfs wanneer "Nederlandse" vervang word deur "Afrikaanse", kom dit nie voor nie. Die verskyning van 'n nuwe Eybers-bundel is altyd 'n groot geleentheid vir die Afrikaanse letterkunde en geen boekeredakteur sal daarvan droom om 'n Eybers-bundel in 'n gemengde resensie te laat bespreek nie. André P. Brink skryf byvoorbeeld (*Die Burger*, 11.10.73):

> In 'n oeuvre soos dié van Elisabeth Eybers - tien bundels versprei oor byna veertig jaar - is elke nuwe titel dadelik opvallend en belangrik. Daarom is die verskyning van *Kruis of munt* (...) vanself 'n mylpaal in ons literêre kalender.

ad "Toe-eiening tot die Nederlandse letterkunde." Wanneer hierdie opskrif verander word tot "Toe-eiening tot *die* Afrikaanse letterkunde" blyk dit in hierdie hoofstuk irrelevant te wees. Terwyl dit vir Nederlandse resensente belangrik is om Eybers vir hulle lesers ter verduideliking in 'n vergelykende verband te plaas met die Nederlandse poësie, bestaan hierdie behoefte nie by Afrikaanse resensente nie. Jonger digters (bv. Lina Spies, Antjie Krog of Eveleen Castelyn) sal soms met Eybers vergelyk word, maar die omgekeerde gebeur nie; Eybers se posisie in die Afrikaanse letterkunde word as vanselfsprekend beskou. Die mate waarin resensente bewus is van Eybers se Nederlandse ontvangs, word bespreek onder die opskrif "Erkenning van Eybers se posisie in Nederland" (10.3.3.3).

10.3 DIE SUID-AFRIKAANSE RESEPSIE

In die lig van bogenoemde argumente kan hierdie hoofstuk nie 'n spieëlbeeld van Hoofstukke 8 en 9 genoem word nie. Die Suid-Afrikaanse resensies bestaan hoofsaaklik uit 'n bespreking van verstegnieke, die vasstelling van hooftemas en analises van enkele gedigte ter illustrasie daarvan. Alhoewel hierdie soort resensie 'n goeie beeld gee waarom daar soveel waardering is vir Eybers in die Afrikaanse letterkunde, is dit vir die onderwerp van my proefskrif nie van spesifieke belang nie en daarom word in geen besonderhede hierna verwys nie. In die volgende paragrawe gee ek 'n indruk van hoe Suid-Afrikaanse resensente - meestal sydelings - ingaan op dié aspekte van Eybers se werk wat juis in Nederlandse resensies dikwels die hoofaksent dra. Onderstaande uitsprake is nie - soos in die geval van die bespreking van Nederlandse resensies - 'n seleksie van verwysings nie, maar meestal die somtotaal van uitsprake oor 'n bepaalde aspek.

10.3.1 KOMMENTAAR OOR EYBERS SE TAALGEBRUIK

Detailkommentaar oor onder meer Eybers se sinskonstruksies, rympatrone en beeldgebruik kom gereeld in Afrikaanse resensies voor. In hierdie onderafdeling is dit egter nie spesifiek relevant nie. Van meer belang is dat Afrikaanse resensente nie nodig het om Eybers se taalgebruik per definisie vreemd te vind nie. Hulle hoef hulle dus nie te verwonder oor die feit dat hulle haar verstaan of probleme te artikuleer weens 'n omvattende taalverskil tussen sender en ontvanger nie. Meer opmerkings oor Eybers se taalgebruik sou 'n mens egter wel verwag - veral op grond van gegewens wat in Hoofstuk 11 aan bod kom.

10.3.1.1 WORD NEDERLANDS AS 'N POSITIEWE FAKTOR ERVAAR?

Soms het 'n resensent waardering vir aspekte van Eybers se werk wat in 'n groot mate beïnvloed is deur haar Nederlandse taalomgewing. Antjie Krog (*Die Burger*, 19.3.74) noem talle voorbeelde van vernuwende woordgebruik in *Kruis of munt* wanneer sy sê:

> Eybers toon in hierdie bundel weer eens haar wonderlike vermoë om vergete en verwaarloosde Afrikaanse woorde heeltemal nuut en in nuwe verband sinvol te gebruik: nikkelhelder, pligplegingloos, metterdaad, attar, leefletsel, korundum, asfalt, Bruidsboekette (...) ransel.

Vreemd genoeg vra Krog haar nie af of hierdie woordgebruik miskien beïnvloed is deur Nederlands nie.

Een van die enigste kritici wat melding maak van die veelsydigheid van Eybers se gebruik van Nederlands is Daniel Hugo in sy resensie van *Dryfsand* (*Die Volksblad*, 18.01.86). Hy haal die laaste strofe van "Deesdae" (VG-500) aan:

> Hy sê opeens *het duurt nog héél héél lang*
> *voor jij doodgaat - nog meer dan honderd dagen.*
> Gulheid oorskry sy rekenkunde,
> skraag en vertroos ons, maak ons
> bly en amper bang.

Dan skryf Hugo:

> Gelees binne die Nederlandse konteks van die gedig word die 'amper' in die slotreël dubbelsinnig. Teenoor die Afrikaanse betekenis 'byna' beteken 'amper' in Nederlands 'skaars' of 'nouliks'. Die rymwoorde 'dagen/skraag en' is ook 'n tipiese truuk van die Nederlandse poësie, waarmee die Nederlandse betekenismoontlikheid van 'amper' waarskynlik gemaak word. Eybers se poësie het aan vernuftigheid sekerlik niks ingeboet nie!

Gerrit Olivier (*Die Vaderland*, 3.3.86) beskou "Deesdae" as een van Eybers se beste gedigte: "'n gesprek met haar kleinseun waarin op 'n ironiese spreektoon en in alledaagse taal verslag gedoen word van die teenstelling tussen ouderdom en bloeiende jeug. Die kontras tussen Afrikaans en Nederlands is hier slegs die oppervlakkigste manifestasie van veel groter teenstrydighede, en dis kostelik om te sien hoe die spreker met ironie die vyfjarige as gesprekgenoot aanvaar, haar byna aan sy gesag onderwerp."

Ernst van Heerden skryf in *Rapport* (22.10.89): "Soos in al haar vorige bundels, lewer ook *Noodluik* 'n ryke skat van taalvondste op." Veral die neologistiese samestellings is vir hom opvallend: asielsoekers, gietstaal, kontoerherstel, neonbeklemtoonde, smeulkaggel, knekelballet, mensdomaanhangers, hiernamaalsvrye, skroeigeur. Hy sê "daar is deurgaans maneuvers met die taal wat bydra tot die kasjet van 'n uiters noukeurige taalgebruiker:

warrelig (p.8), instulping (p.8), herrieloos (p.22), onhaperbare (p.30) en 'sprokkel destyds gesmokkelde brokkies liriek' (p.8)."

Sommige van hierdie woorde (vgl. "asielsoekers") of onderdele van die samestellings ("knekel") behoort tot die alledaagse Nederlandse woordeskat en word reëlmatig in Nederland gehoor. Dit is egter verbasend dat Van Heerden hom (nes Krog hierbo) nie afvra of Nederlands moontlik die inspirasiebron vir die "ryk· skat van taalvondste" kan wees vir Eybers wat immers hoofsaaklik Nederlands om haar heen hoor en dikwels lees nie.

10.3.1.2 VOORBEELDE VAN TAALPROBLEME

Geen van die Afrikaanse resensente van *Balans, Onderdak* of *Kruis of munt* konstateer enige probleme nie. Johann Johl (*Die Volksblad*, 26.10.77) is die eerste resensent wat, in 'n bespreking van *Einder*, kla oor die "dikwels irriterende gebruik van nederlandismes, anglisismes en 'geleerde' woorde bloot ter wille van hul rymwaarde". Dit "opper" volgens hom "weer die tradisionele beswaar van stoplapwoorde wat veral m.b.t. vroeë bundels gehoor is". Die woorde wat hy as voorbeelde van sy misnoeë aanhaal is: "sigarettemerk", "waaraan ek my allengs gewen", frases soos "verdoolde paladyn", "'n tydvak het gedaag". Tim Huisamen (*Rapport*, 30.1.1983) het beswaar teen "die Nederlandismes", maar noem as enigste voorbeeld "'raam' i.p.v. 'venster'".

Soms sou resensente wel kon wys op probleme, maar hulle doen dit nie. M. Nienaber-Luitingh (*Beeld*, 30.8.82) haal byvoorbeeld 'n gedig met 'n hele paar moeilike Nederlandse uitdrukkings aan, sonder om te verduidelik na watter soort situasie verwys word in "Aanbieding" (VG-457).[4] In die gedig kom die vraag voor: "Wat vind jy van die hede/ hoe voel jy vir vandag/ kersvers en onbeskadig/ en bowendien voorradig?" Hierdie idioom (waarby "hede" en "vandag" wel vervang sal word deur byvoorbeeld "andijvie" en "spruitjes") sou in enige Nederlandse groentewinkel gebesig kan word sonder om op te val as poëtiese taal. Die woorde "vind" (dink), "kersvers" (sc · ars soos kersies) en "voorradig" (in voorraad) moet deur Afrikaanse lesers egter "vertaal" word, terwyl Nederlandse lesers slegs geringe grammatikale en spellingaanpassings hoef te maak: "die hede" = "het heden, "vir" = "voor", "vandag" = "vandaag", "onbeskadig" = "onbeschadigd".

H.C.T. Müller (*Buurman*, Desember 1982) het probleme met Eybers se taal in *Bestand*.

> Enkele eienaardighede in die woordgebruik val op. *Ontwen* in 'toe't ek die vergesig ontwen' (p. 11) vereis om natuurlik te klink 'n refleksiewe konstruksie,

terwyl die vorm van die deelwoord in 'Nee, terugtrek het ek my nie' (p. 31) te wyte mag wees aan 'n drukfout(?). In die vers oor die bedorwe brok, Klaas-Hannes (p.17), is daar geforseerde wendinge wat swakker reëls tot gevolg het:

> Is dit die ergste, fluister ons, of sal
> sy knalkas kwaaier as die ander knal?

en nog meer so in:

> Hy kan sy kos in één asem verswelg
> terwyl hy haar en die heelal uitdelg.

Die volgende reëls bevat, naas die onfunksionele enjambement op 'by', ook 'n woordspel wat effens gesog aandoen:

> dink ernstig daaroor na vóór ons besluit
> en laat wat soos 'n bus sluit nou nie by
> die een oor in en by die ander uit
> soos onlangs nog.

Dit is duidelik dat Müller geen toegewing maak aan die invloed wat Nederlands miskien op Eybers se poëtiese taal kan hê nie. Dat dié invloed funksioneel sou kon wees, word nie oorweeg nie. Müller ken skynbaar nie die idiomatiese Nederlandse uitdrukking, "dat sluit als een bus" nie,[5] en dit het 'n aantal gevolge: i) hy beskou die reël as 'n "gesogte woordspeling"; ii) hy beskuldig Eybers van lompheid terwyl hierdie voorbeeld van haar tussentaligheid juis positiewe identifikasie by 'n ander stel lesers in Nederland bewerkstellig, iii) dit is duidelik dat sommige Afrikaanse Eybers-lesers nie bevoeg is om te kan onderskei tussen wat oorspronklike Eybers-woordgebruik is en wat oornames uit Nederlands is nie.

10.3.2 VERWYSINGS NA DIE EYBERS-REFERENSIEKADER

Suid-Afrikaanse Eybers-resensente skryf min hieroor in vergelyking met Nederlandse resensente. Dikwels word dit slegs as onderdeel van die temas in Eybers se werk genoem. Vergelyk:

> Elisabeth Eybers laat die 'voelhorings van ironie' ook dwaal oor 'n uitgebreide reeks kruis-en-munt-pare soos man - vrou, drome - werklikheid, verlede - hede, Suid-Afrika - Nederland, verlies - behoud, jonk - oud, liefde - haat, liefde - profyt, taal - daad, goed - kwaad ...
>
> (Pretorius in Nienaber-Luiting 1975:86)

Alhoewel hierdie tipe omskrywing uiteraard juis is, het dit tot gevolg dat die invloed van Eybers se leefwêreld op haar werk verdoesel en selfs geabstraheer word.

10.3.2.1 GEDIGTE WAT SPESIFIEK NA DIE NEDERLANDSE WERKLIKHEID VERWYS: AANDAG DAARVOOR EN PROBLEME DAARMEE

Terwyl die Nederlandse situering van Eybers-gedigte vir Nederlandse resensente altyd 'n interessante aanknopingspunt bied en 'n vaste onderdeel vorm van hulle besprekings van haar bundels, word dit nie dikwels spesifiek uitgesonder deur Afrikaanse resensente nie. Dis begryplik dat Nederlandse resensente se motivering om dit te doen - dit benadruk Eybers se herkenbaarheidsfaktor vir Nederlandse lesers - by Suid-Afrikaanse kritici ontbreek. 'n Mens sou egter verwag dat op 'n meer konsekwente basis hierop wys sal word omdat dit so 'n duidelik vernuwende aspek in Eybers se poësie is en vir Suid-Afrikaanse lesers juis 'n element kan wees wat vervreemdend is en uitleg benodig.

Uit *Balans* haal Louw (*Die Burger*, 11.1.63) enkelstrofes van "Immigrant" en "November" aan, maar sonder verdere kommentaar. Alhoewel alle Nederlandse resensente van *Balans* "Twee kleuters in die Vondelpark" uitsonder vir spesiale aandag en dit byna almal ook aanhaal, verwys Louw glad nie daarna nie en Grové (1965:93) noem dit sonder verdere uitleg slegs as een van die "toppunte" van die bundel. Antonissen (1966:57) vind in hierdie gedig "die mees omvattende sintese van die verwikkelde ewewigsveelvoud" en hy beskryf dit as "in die geheel van Elisabeth Eybers se digkuns tot dusver een van die grootste skeppings". Oor die Nederlandse verwysingswêreld sê hy niks nie.

In "Oor die 'onderdak'-tema in Elisabeth Eybers se voorlaaste bundel" vind Nienaber-Luitingh (1975:75-76) dit belangrik dat die gedigte in *Onderdak* geskryf is van November 1962 tot Junie 1967:

> Daarmee verwys sy tewens na bepaalde jare in haar *lewe*. Dit is trouens bekend dat Elisabeth Eybers in 1961, na haar egskeiding, Suid-Afrika verlaat het en dat sy haar in Nederland gaan vestig het. (...) Dit is trouens opvallend dat daar na die buitewêreld waarin die mens wat sonder "onderdak" is, moet ronddwaal, herhaaldelik verwys word in beelde wat òf ontleen is aan die Nederlandse winterklimaat (...) òf aan die woestynwêreld.

Gedigte wat referensiële probleme vir Suid-Afrikaanse lesers mag oplewer (vgl. "Geslote park"; VG-323), word egter nie verklaar nie.

Krog (*Die Burger*, 11.10.73) beskou "Orkaan" (VG-358) as "een van die beste verse" in *Kruis of munt* en sy wys op die "pragtige beeldspraak", maar sonder om - soos wat Van Deel (1973) kan doen - blyk te gee van kennis van die werklikheidsgehalte van die gebeurtenis wat aanleiding gegee het tot die gedig. Brink beskryf dit as "die nogal opsetlik 'gedramatiseerde' vers" (*Die Burger*, 11.10.73).

T.T. Cloete (*Hoofstad*, 23.11.73) skryf dat in "Einde van die seisoen" (VG-346) vertel word

> hoe die nomadiese Europese jeug (die jesusswerwers) wat die somer deurgebring het in 'n openbare park (Vondelpark?) met die kom van die winter 'langsaam, met dromerige gebare' hulle goed *inpak en vertrek*.

Terwyl Nederlandse resensente geen twyfel het oor die situering van die gedig nie, is dit vir 'n Suid-Afrikaanse leser soos Cloete 'n saak om oor te bespiegel.[6]

Rena Pretorius konstateer in "*Kruis of munt*: Skoonheid gebore uit gemis" (in Nienaber-Luitingh 1975:83-103) nie slégs teenstellings in Eybers se poësie (soos wat miskien in 10.3.2 gesuggereer is) nie, maar bespreek die belang van die Nederlandse omgewing in Eybers se werk in konkrete besonderhede.

> 'Verlies' en 'verlede' word in hierdie bundel assosiatief verbind met Suid-Afrika. Nederland - Suid-Afrika figureer meermale in die digteres se jongste poësie as teenpole. In 'Afstand' word na Nederland verwys as 'hierdie land ... ver van huis':
>
> Ek wortel elders, hoe sou ek my hier
> kan tuis maak.
>
> En hierdie 'elders', haar éintlike tuiste, is 'my minerale stad': Johannesburg.

Pretorius bespreek "Winter" (VG-371) en wys daarop dat "die kruis-munt-paar Nederland-Suid-Afrika in klank, woord, beeld, toonaard, ritme skerp teenoormekaar gestel" word. Sy meen dat 'n "traag-bewegende" strofe die spreekster se reaksie op die gure Nederlandse winter beskryf, terwyl in die beskrywing van die Johannesburgse winter die gedig "meteens (begin) te sing".

> By die eerste lees van hierdie gedig wil jy besluit: Nederland en sy winter, verteenwoordigend van die spreekster se veranderde bestaansomstandighede, word op uiters negatiewe wyse afgespeel teenoor Suid-Afrika en wat sy dáár beleef het.

Pretorius wys in 'n fyn ontleding daarop dat die speels-kinderlike styl van die Johannesburgse strofe waar onbepaalde voornaamwoorde gebruik word, daartoe lei dat die beskrywing klink asof dit algemeen-geldend is.

> Nugterder en ontnugterder (want ironieser) klink die eerste strofe. Die gemoedservaring wat hierin konkreet-sintuiglik verbeeld word, word egter net *soms*, dit wil sê, af en toe, só beleef; deur die gebruik van die persoonlike voornaamwoord 'ek' wil die spreekster nie voorgee dat dit die universele gevoel oor die Nederlandse winter is nie - dit is 'n hoogs-individuele gevoelsbelewenis. En dan: hoe guur die weer, hoe lank en eentonig die winter, hoe moeisaam die meemaak van hierdie seisoen: sy *moet* haar 'klewerige stewels' daar*deur sleep*. (...) Die spreekster het geléér om haar lewensomstandighede te 'verduur'. Ek wil verder ook beweer: met haar ongunstige en oënskynlik onverloenbare omstandighede het sy, deur die ironiese aanvaarding daarvan, tot versoening gekom.
>
> (Pretorius in Nienaber-Luitingh 1975:89-90)

"Kritiek" (*Einder*) word deur talle Afrikaanse kritici spesifiek genoem (vergelyk Cloete 1978: "waarin 'n Hollandse kritikus beetgeneem word omdat hy vanuit sy ingeligte wêreld net swart of wit gesien het"), maar niemand voeg hier iets by in die trant van "dus Eybers se bundels word in Nederland geresenseer" nie. J.C. Kannemeyer (*Oggendblad*, 30.6.77) verwys na Toon van den Heever, L.D. du Plessis en Uys Krige se spotgedigte oor hulle kritici, maar sê: "As reaksie op 'n bepaalde stuk kritiek is dié vers uniek in die Afrikaanse letterkunde." In 'n voetnoot hier en in *Geskiedenis van die Afrikaanse Literatuur* (1978:481) word volledige besonderhede in verband met Warren se resensie gegee.

Merwe Scholtz - in sy bespreking van "Identiteit" (VG-350) in Nienaber-Luitingh (1975:104-112) - is een van die min Suid-Afrikaanse kritici wat spesifiek wys op 'n begripsprobleem wat Suid-Afrikaanse lesers mag ervaar. Die eerste reëls van die gedig lui:

> In die omslote vierkant tel ek tien.
> Vroeër het ek iets soortgelyks gesien
>
> maar toe nie in verband met soveel groen.

Scholtz (106) vra waarom daar nie staan "omheinde vierkant" nie, en antwoord dan: "Omdat dit 'n Hollandse weiland is, met waterslote pleks van draadheinings, aldus synde 'omslote'." In sy resensie van *Einder* (*Die Burger*, 11.8.77) haal Scholtz "Swymelrym" (VG-394) aan. Daarin is 'n beskrywing van Nederlandse klimaatsomstandighede ("Eers voorjaar in Februarie/ nou weer winter in Maart/ die tyd slaan bolmakiesie/ en kom nie tot verhaal") wat vir Suid-Afrikaanse lesers problematies kan wees. Scholtz gee hier geen toeligting nie.

Wanneer Hilda Grobler (*Hoofstad*, 17.11.77) aanhaal uit "Kluisenaar" (VG-372), "Hier lê hy op die kneukels van sy vuis/ en maak 'n kraakpand van die ewigheid", word die Nederlandse neologisme "kraakpand" nie verduidelik nie terwyl Eybers dit self wel in 'n uniek-voorkomende voetnoot verklaar. Grobler praat van "woorde in ongewone semantiese kombinasies" wat "'n frisheid of 'n varsheid" aan haar werk verleen, en noem "die verrassende nuutheid in haar stelwyse" wat in elke bundel "op een of ander wyse na vore kom". 'n Mens sou verwag dat onder meer die Nederlandse invloed as rede geopper sou word. Grobler kla wel dat daar "'n Nederlandisme ingeglip het" in "Kritiek" (VG-384), maar bring dit nie in verband met die feit dat die gedig 'n reaksie is op 'n Nederlandse resensent se kritiek op die "Zuidafrikaansheid" van Eybers se werk nie.

Nienaber-Luitingh (*Beeld*, 30.8.82) meen dat die "dag van bestand" baie intens en bewus beleef word in *Bestand*, Eybers se vyfde "Nederlandse" bundel:

> Telkens weer blyk hoe sterk die aandag vir en die kontak met die werklikheid bewaar gebly het. Daarvan getuig byvoorbeeld die kritiek op gebeure in Suid-Afrika ('Regspraak', 'Kontrasfoto') én die nugtere ironiese oordeel oor die mentaliteit ('Nolens volens') en omstandighede ('Somers' ensovoorts) wat in Nederland ervaar word.

Ook Cloete (*Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, Desember 1983) meen dat die werklikheid in *Bestand* baie konkreet beleef word. "Die twee sentrale gedigte met hulle verwante titels, 'Terug' (...) en 'Terugkeer van Klaas-Hannes' is albei goeie voorbeelde van werklikheidsgerigte gedigte." Huisamen (*Rapport*, 30.1.83) beskou "Terugkeer van Klaas-Hannes" in *Bestand* as "'n soort antwoord" op "Twee kleuters in die Vondelpark" uit *Balans*. H.C.T. Müller (*Buurman*, Desember 1982) noem dat die gedigte tot en met p. 20 van *Bestand* dié is waarin "verskillende aspekte van die digteres se verbinterisse met Suid-Afrika en Nederland ter sprake kom". Hy verstrek geen toeligting en maak geen gevolgtrekkings daaruit nie.

Daniel Hugo (1987) haal onder meer in sy resensie van *Rymdwang* "April" en "Eerste sneeu" aan. Hy meen dat Eybers se beskrywing van die merelsang in "April" ook op haar verse van toepassing is, maar verduidelik dan nie vir Suid-Afrikaanse lesers wat die betekenis van die titel en die gedig self is in die lig van die feit dat April nie 'n herfsmaand is nie, maar die vroeg-somer inlui in Nederland:

> Die merels het dit eerder reeds gesê.
> Die merels sal dit later weer herhaal.
> Luister, wat wil jy uitgesprokener hê
> dan hierdie haarfyn pizzicato-taal
> wat dagbreek en aandskemering versier
> met trillers wat die jaar April in stuur.

M. Nienaber-Luitingh skryf wel oor *Rymdwang* (*Beeld*, 12.10.87) dat intens waargenome en verwoorde natuurimpressies ("Eerste sneeu", "April", "Sonneblom") "sorgvuldig in sy tydsmoment geplaas" word. Volgens haar gee die wyse waarop verskillende dae, maande en seisoene beleef word ("Goeie Vrydag", "Gure Paasdag", "April", "November", "Februarie", "hierdie maartse middag" in "Dooi", "Die winter het slu teruggekruip" in "Voorland I", en "Winters") "'n sterk Nederlandse atmosfeer" aan Eybers se poësie.

10.3.2.2 VERWYSINGS NA SUID-AFRIKAANS-GESITUEERDE GEDIGTE

In *Die Suidwester* (4.5.84) word in verband met *Bestand* gewys op "gedigte wat in die Afrikaanse aktualiteit wortel". *Bestand* is ook vir Tim Huisamen (*Rapport*, 30.1.83) die aanleiding om te wys op die situering van Eybers-gedigte:

> Die verlede in Suid-Afrika en die nog diepe verbintenis met die ou vaderland word opgeroep. As antwoord daarop word in die daaropvolgende drie gedigte direkte kritiek op die huidige apartheidspolitiek uitgespreek, asook, indirek, op W.E.G. Louw se *Vensters op die vrees* (in 'Uit die verte').

Huisamen meen dat dit "op die oog af lyk of 'n klein wêreldjie bestryk word, maar dit is juis 'n hele lewe, 'n hele lewensbouding en -filosofie waarmee vrede gemaak word".

Lina Spies skryf in *Die Vaderland* (28.10.82) 'n belangrike resensie oor *Bestand* (ek verwys later weer hierna) waarin sy onder meer die "politieke wisselwerking" noem wat Eybers ervaar as gevolg van haar verblyf in Nederland. Spies skryf dat "Regspraak" en "Nolens volens" "naas mekaar binne bundelverband die 'aktualiteit' van rassisme in twee gedaantes genadeloos teen mekaar uitspeel: Suid-Afrika bedryf rassisme en moet ontdek 'dat skending van 'n medemens/intiem aan selfontering grens'; Nederland 'trakteer' Suid-Afrika by 'n 'fuif' waar die Suid-Afrikaanse immigrant 'gas' is, op amptelike monomane haat'. Haat is haat."

10.3.2.3 VERLANGE NA SUID-AFRIKA

P.D. van der Walt is die Suid-Afrikaanse resensent wat waarskynlik die gevoeligste is vir hierdie tema in Eybers se werk. Reeds in sy resensie van *Balans* (*Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, September 1965; opgeneem in Van der Walt 1969) skryf hy dat hierdie bundel "anders van toonaard" is as *Die helder halfjaar* waarmee dit volgens hom "sekerlik in waarde" vergelyk kan word.

> Dit is juis in die 'ballingskapverse' dat daar 'n sekere weerloosheid is, dat die verdriet wil deurskroei. Misklen hoort dit ook so in juis dié soort gedig:
>
> Wie het geweet dat leegte ooit so swaar
> sou word en onbelemmerdheid so 'n las
>
> dat daar soveel keer sprake sal wees van heimwee en eensaamheid, van elende selfs. Want dié soort vers gaan mos letterlik oor el-lendigheid: uitlandigheid, natuurlik ook in meer as streng geografiese sin.

Ten spyte daarvan dat hy titels noem soos "Amsterdam, 13 Maart" en "Twee kleuters in die Vondelpark", dat hy "November", "Vriesweer" en "Heimwee" "triester" en meer "winters" noem as vroeër gedigte, is Van der Walt met geen woord eksplisiet oor die nuwe Nederlandse omgewing nie.

Van der Walt wy later bykans 'n hele resensie, "Elisabeth Eybers se heimwee" (*Die Transvaler*, 29.10.73) aan die tema van verlange.

> *Kruis of munt* bewaarheid op skrynende wyse die motto wat 'n mens lees bo aan Breyten Breytenbach se gedig 'Septembersee', te wete 'Dis 'n swaar werk, die ballingskap.' Elisabeth Eybers se selfopgelegde vreemdelingskap in Nederland vind neerslag in hierdie verse, en dié tema kry des te tragieser aksente omdat ballingskap gepaard gaan met 'n toenemende besef van ouer word en eensaamheid (...) Die ballingskap is meer as 'n geografiese toestand: dis 'n geestelike noodlot, en daarom is daar in die gedigte ook die steeds terugkerende motiewe van verlange en droom en verkenning van die verlede: die jeug, die geboorteland, veral die eertydse geliefde en die vroeëre geluk (...) Hierdie wrang en essensiële poësie van heimwee en smart is ontroerend en aangrypend, maar by alle besef van die onafwendbare beweeg van die lewe 'selfaangedrewe afgrondwaarts', is daar ook 'n bewonderenswaardige weerbaarheid van lewensgevoel èn demonstrasie van wat die digteres noem 'creative doom'.

Antjie Krog (*Die Burger*, 19.3.74) skryf na aanleiding van "Afstand": "Nog nooit is met soveel ingetoë en byna onwillige verlange deur Eybers geskryf nie."

Hilda Grobler (*Hoofstad*, 17.11.77) meen dat Eybers se verlange getemper raak:

> In *Onderdak* skryf sy in 'Ontheemde' van haar weggaan uit haar vaderland, van haar voorsorg: 'Maar sy't haar eie baalerd saamgebring' (p. 12). In *Einder* kom dié tema weer voor, maar nou is daar 'n aksentverskuiwing want sy het nie meer behoefte aan die onderdak van die baalerd nie. Nou is dit vir haar deel van haar wete, van haar weet:
>
> My oë koppig afgewend
> van oi versoenlike sement
> versin 'n eie suide: troos
> teen sn erige plavei en lug.
>
> Nou dink sy met deernis daaraan dat haar beminde in haar 'geweldige vaderland met geen wegwyser as my hand' (p. 25) verlore sal wees. In 'Terugkeer uit Gelderland' probeer sy dus nie meer haar vaderland verplaas nie, maar is sy in staat om met dromerige vertedering die kontras tussen die bekendheid van die beminde se Gelderland en die 'geweldige vaderland' daar te stel.

Joan Hambidge (*Transvaler*, 20.2.86) beskou *Dryfsand* as 'n afsluiting van Eybers se oeuvre op grond van haar woorde in "Memorabilia" (VG-492): "Hierby sê ek aan poësie vaarwel." Hambidge skryf:

> Eybers, besef 'n mens, skryf tegnies 'veilig', omdat sy inderdaad klaar is met die poësie.[7]

Eybers se gedigte waarin Suid-Afrika 'n rol speel, word soms gebruik om "verstegniese" stellings te maak. C.J.M. Nienaber (*Beeld*, 30.12.85) skryf byvoorbeeld oor *Dryfsand*: "Kritiek op die geboorteland kom ook voor in die gedig 'Ontheemde', wat begin met die reël 'Hier in die vreemde en sonder 'n masker aan ...' Hierdie woorde verwys tewens na waarskynlik dié wesenstrek van Eybers se latere verskuns (...): maskerloosheid."

F.J. van Rensburg (*Beeld*, 20.11.89) skryf in "Die woord as ontsnapluik: ver land spook kragtig by Elisabeth Eybers" dat "Dooi" uit *Rymdwang* die indruk laat

> dat haar verhuisingsnood in bedwang gebring is, haar verskeurdheid tussen twee lande. *Noodluik* toon egter dat dit net 'n momentele beswering was. "Die ongewonne stryd van hoof teen hart" duur steeds voort. Die gesplete bestaan het alleen draaglik geword danksy die ontwikkeling van "'n onontheabare binnehuid": eenselwigheid.

Ook Ernst van Heerden (*Rapport*, 22.10.89) vind die titel *Noodluik* uiters veelseggend: "(Dit) bevestig 'n deurlopende kode wat veral in die mees resente werke opvallend funksioneer. Dit is om van die poësie 'n ontsnappingsmeganisme te maak: ontsnapping uit pynlike herinneringe, ontsnapping uit 'n vermaledyde land."

10.3.3 ALGEMENE POËTIKALE ASPEKTE

Net soos in die geval van die Nederlandse resepsie is die positiewe waardering vir Eybers se werk 'n gegewe wat opsommenderwys afgelei kan word uit die algemene erkenning wat sy geniet (en waarop ek uitvoerig in Hoofstukke 1 en 2 gewys het). Bowendien kom dit indirek na vore uit aspekte van die Eybers-resepsie wat hier aangehaal word. Suid-Afrikaanse resensente is hoofsaaklik daarop ingestel om redelik indringend analiserend te werk te gaan in kort bestek en om nuwe bundels telkens kwalitatief met die voriges te vergelyk. Aandag aan poëtikale aspekte beslaan meestal die grootste deel van hulle resensies.[6]

10.3.3.1 NEGATIEWE KRITIEK

Oor die algemeen word Eybers se werk baie positief in Suid-Afrika ontvang. Indien negatiewe kritiek op haar werk voorkom, is dit teen die agtergrond van oorwegend hoë verwagtings.

Van Heerden (1969:85) is die enigste resensent van *Balans* wat meen dat "heelwat van die nuwe verse misluk". 'n Rede wat hy aanvoer, is "'n hinderlike neiging tot sinonimiese opsomming" en sy indruk dat die bundel "in die meeste opsigte 'tipies' gebly het" (Van Heerden 1969:89).

Brink (*Die Burger*, 11.10.73) se resensie van *Kruis of munt*, "Tekens van slyp én slyt by Elisabeth Eybers", is op grond van soortgelyke redes dikwels negatief: Eybers se "sekuur

gemanipuleerde slotwending" word soms vir hom "te voorspelbaar (...), 'n té bewuste *truc* (...), kenmerkende prosedures (...) begin verstar tot cliché". Ook Lindenberg is kritiés. Hy meen (in *Oggendblad*, 31.1.74) dat die gedigte minder opwindend is, asof die versvorm verslap as gevolg van "'n *groter* mildheid en rypheid" en "'n pretensielose eerlikheid".

Johl sluit hom aan by Brink se kritiek uit 1973 wanneer hy *Elnder* bespreek (*Die Volksblad*, 26.10.77). Hy meen dat die "slytasie" nou nóg sterker op die voorgrond tree: "Die vonke 'pyn' en 'afstandneem' wat die digproses laat vlam, is oorbekend." Daar is volgens hom minder ironie in vergelyking met vorige bundels.

Die aspek "Negatiewe kritiek" is veral nagegaan om vas te stel of verstaanbaarheidsprobleme uitgesonder word as grond vir kritiek. Uit bogenoemde voorbeelde, in samehang met die enkele gevalle van taalprobleme wat reeds in 10.3.1.2 geïdentifiseer is, kan gesien word dat Suid-Afrikaanse kritici geen wesenlike probleme het met Eybers se verstaanbaarheid nie. Ooreenkomstig die groot klem in die Afrikaanse kritiek op verstegniek is klagtes oor onder meer procédé-eenselwigheid die belangrikste punt van kritiek.

10.3.3.2 EYBERS SE VERWANTSKAP MET DIE NEDERLANDSE POËSIE EN VERGELYKINGS MET AFRIKAANSE DIGTERS

Dié onderwerp word baie selde aangesny. Hieronder volg 'n paar vergelykings tussen Eybers en Nederlandse digters, asook met Van Wyk Louw se "Nederlandse" bundel, *Tristia* en ander Afrikaanse digters se werk.

W.E.G. Louw (*Die Burger*, 11.1.69) tipeer die laaste gedigte in Eybers se eerste "Nederlandse" bundel met 'n aanhaling uit A. Roland Holst se *Een winter aan zee*:

> Zij voorspelden mijn lied
> ijl einde in leegte en koude -
> Maar zij begrepen niet
> wat heimwee kan: tot wonden verhevigt het verouden
> oog en oor, en brandschat
> de taal, om te doorgronden
> wat de wereld vergat.

Volgens Louw brandskat Eybers "op haar eie wyse en in haar eie toonaaard" Afrikaans en haar eie poëtiese taal. "En dit is pure winsl" Die vergelyking met Roland Holst plaas Eybers in die Nederlandse wêreld.

Suid-Afrikaanse resepsie van "Nederlandse" bundels

Dit is opvallend dat Antonissen (1966:57-58) in sy intensiewe en waarderende bespreking van *Balans* (hy beskou dit as "'n bundel op die hoogte van *Die helder halfjaar*") glad nie melding maak van die nuwe verwysingswêreld nie. Hy maak tog die volgende vergelykend-literêre uitspraak:

> Ek glo nie daar word vandag in Afrikaans poësie geskryf wat ook maar by benadering só streng op ewewigtigheid bedag sou wees nie. (...) Ook wat dit betref, is die paradoks van hierdie poësie: dat dit wesenlik 'van die hart' is, terwyl die hoof deurentyd oor hom in beraad sit. Breindroom word woord. (Dit wil my voorkom dat Elisabeth Eybers se poësie al hoe meer ooreenkomste gaan vertoon met die digkuns van die 'romanties-realistiese' generasie van laat-dertig in Nederland.)

Oor die feit dat *Onderdak* kan beteken dat die kunstenaar 'n tuiste vind in die kreatiwiteit en dat die woord dus reeds 'n spesifieke poëtiese lading het, skryf Nienaber-Luitingh (1975: 76):

> In hierdie sin is die woord 'onderdak' reeds deur die Nederlandse digter J.J. Slauerhoff gebruik in sy bekende gedig 'Woninglooze' (uit die bundel *Serenade*, 1930) waarvan die eerste twee reëls lui:
>
> Alleen in mijn gedichten kan ik wonen,
> Nooit vond ik ergens anders onderdak ...

Gerrit Olivier (*Vaderland*, 3.3.86) is die enigste resensent van omvangse Eybers-bundels wat 'n verband lê tussen haar werk en dié van 'n Nederlandse digter: "By die lees van (...) *Dryfsand* word ek dikwels herinner aan die werk van J.C. Bloem, wat hom in sy latere bundels van kleiner omvang by 'n paar bestendige temas bepaal het."[8]

Dit val Pretorius (in Nienaber-Luitingh 1975:98) op dat daar in Eybers se poësie, spesifiek in *Kruis of munt*, so 'n "fyn balans tussen haar oorspronklike konsepsie en haar verstegniek (is). Ten spyte van die uiterste beknoptheid en kernagtigheid van die vorm maak die verse tog die indruk van spontaneïteit en onmiddellikheid."

> Anders as haar dertiger-genoot, N.P. van Wyk Louw, wat hom in sy laaste bundel, *Tristia*, as beoefenaar van die moderne vrye vers getoon het, bly Elisabeth Eybers steeds die digteres van 'n konvensionele tipe vers.

Kannemeyer (1978:476) wys op 'n ooreenkoms tussen verse in *Balans* met Louw se *Tristia* wanneer hy skryf:

> Terwyl sy dus vroeër die belydende ek vir die gestalte of die objektiewer hy verruil het, keer die ek-spreker in hierdie bundel toenemend terug, maar dan verhul deur die ironie en spel met die taal, waardeur dit 'n verwantskap met Van Wyk Louw se *Tristia*verse toon.

Die slot van sy hoofstuk oor Eybers lui:

> (Sy skryf), ten spyte van 'n betreklik eenselwige tematiek en beperkte wêreld, na Van Wyk Louw die indrukwekkendste poësie onder haar tydgenote en haar vers groei ná 'n aarselende begin tot 'n suiwerheid en rypheid wat haar een van die belangrikste figure in die Afrikaanse literatuur maak.
>
> (Kannemeyer 1978:483)

Suid-Afrikaanse resensente vind dit uiteraard onnodig om Eybers op te eis as Afrikaanse digter omdat dit vir hulle so vanselfsprekend is. Sheila Cussons (*Transvaler*, 7.2.83) stel dit byvoorbeeld so:

> Vir my bly die wonder van Elisabeth Eybers haar voortdurende selfvernuwing, waardeur ons eerste digteres van dekades gelede, vandag steeds een van die belangrikste, aktiewe digters in ons taal is, 'n voldrae Tagtiger, soos weer eens bewys deur elke strofe van haar letterlik en figuurlik splinternuwe *Bestand*.

Cloete (1985) meen na aanleiding van *Bestand* dat Eybers "steeds aan die beweeg (is) op die voorpunt van ons poësie". Sy word dus byna vyftig jaar ná haar debuut as 'n invloedryke en potensieel-vernuwende figuur beskou.

Daniel Hugo (*Die Volksblad*, 18.1.86) skryf dat Eybers se steeds digtende tydgenote soos Ernst van Heerden, S.J. Pretorius of S.V. Petersen nie vanselfsprekend ook oor die ouderdom skryf nie. Hy meen dat haar ouderdomsgedigte in *Dryfsand* slegs vergelyk kan word met Boerneef s'n. Eybers se later bundels "vorm die vroulike teenhanger van sy 'ou man se pieker en wag'". Eybers se gedig "Korsmos" word uitgesonder vir negatiewe kritiek omdat dié beeld "ongelukkig reeds indrukwekkender deur Ina Rousseau in haar bundel *Taxa* gebruik is".

Ernst van Heerden skryf oor *Noodluik* (*Rapport*, 22.10.89): "Waar baie tydgenootlike Afrikaanse poësie as amorf en/of triviaal voorkom, is hierdie inhoudvolle, beeldryke en formeel-georganiseerde verse van Eybers 'n vreugde."

10.3.3.3 ERKENNING VAN EYBERS SE POSISIE IN NEDERLAND

Met die verskyning van die eerste huldigingsbundel vir Eybers, *Ter wille van die edel spel* (1975), skryf P.D. van der Walt (bron onbekend) 'n resensie daaroor. Hy vind alle bydraes interessant, ook dié wat "handel oor die persoon van die digteres en haar woning leefwyse in Amsterdam, Nederland, waar sy tans in selfopgelegde ballingskap woon". Volgens hom het

> die opstelle van Nederlanders en Afrikaners 'n sinvolle en veral insiggewende afgeronde geheel gevorm - en bevestig die boek die waarde van Elisabeth Eybers se poësie. Sy is bepaald een van die groot digters in Afrikaans, maar sy staan ook

> in die verhewe posisie van een van die enkele uitsonderlike digteresse in die Dietse kultuur, wat begin by Hadewych in die Middeleeue, loop oor digteresse soos Henriëtte Roland Holst en strek tot tydgenootlike figure soos Vasalis.

Onder die Dietse sambreel kan natuurlik álle Afrikaanse digters skuil en Van der Walt se waardering van Eybers in Dietse verband beteken nie dat hy daartoe kom om te beklemtoon dat sy spesifiek ook tot die Nederlandse poësie gereken word nie.

Ten spyte van die algemene beeld wat deur middel van *Ter wille van die edel spel* verkry kan word oor die posisie wat Eybers in die Nederlandse letterkunde beklee (vgl. veral Dubois in Nienaber-Luitingh 1975), word hierdie feit nie op só 'n wyse in die Afrikaanse kritiek geassimileer dat hiermee gereeld rekening gehou word nie. Charl-Pierre Naudè (*Weekly Mail*, 15-21.4.88) is die enigste resensent wat voor die verskyning van die Eybers-jubileumuitgawes van 1990 op die belang daarvan wys dat Eybers ook in Nederland 'n digter van aansien is.

> The word 'great' is often abused in reference to literature in provincial cultures such as 'white South Africa' (...) The word may very well apply to this poet, who has built up a well-deserved reputation here and in Europe.

Die invloed van Nederland word as volg beskryf:

> Eybers has lived in the Netherlands for the latter part of her life. Her relationship with the country is a strange mixture of cultural attraction and alienation. It all makes a kind of enigmatic sense within the framework of the holistic approach she has to opposites of feeling and experience.

Britz (1989) baseer 'n verbaasde artikeltjie in *Beeld* op Otten se konstatering dat Eybers een van die "Twee Groot Dames" van die Nederlandse poësie is. Hierdie verbasing is 'n direkte gevolg daarvan dat in die Suid-Afrikaanse Eybers-kritiek bykans geen erkenning gegee word aan wat dan reeds dertig jaar lank 'n bekende standpunt in Nederland is nie.

Jansen (Februarie 1990) skryf 'n populêre artikel in *De Kat* waarin gewys word op die feit dat Eybers al jare lank gereken word tot die Nederlandse literatuur. Artikels in *Uit liefde en ironie* (1990: Cornips, Dubois, Ester, Jansen, Nienaber-Luitingh, Rubinstein e.a.) bevestig dit. Nienaber-Luitingh skryf in *Die Suid-Afrikaan* (Junie 1990) 'n resensie oor *Noodluik* nadat *Versamelde gedigte* en *Uit liefde en ironie* al verskyn het. Sy noem heel prominent die rede waarom hierdie uitgawes sowel in Suid-Afrika as Nederland verskyn:

> Elisabeth Eybers (...) is die enigste digter(es) wie se werk sowel deur Afrikaanse letterkundiges tot die Afrikaanse as deur Nederlandse literatore tot die Nederlandse letterkunde gereken word. Boonop besit sy in al twee lande 'n kring van troue en tot oordeel bevoegde lesers wat elke nuwe bundel van haar hand met 'n warme belangstelling begroet.

Hierdie soort vermelding van Eybers se posisie in Nederland het voorheen nie voorgekom nie. Nienaber-Luitingh beskryf dit so:

> Sy (slaag) daarin om in bundel ná bundel die hoë literêre peil en die trefsekere woordkeuse te handhaaf wat vir kenners van die Afrikaanse en Nederlandse poësie al sinoniem geword het met die naam Elisabeth Eybers.

Na verwagting sal toekomstige resensies van Eybers se werk rekening hou met hierdie aspek. Dié verwagting word gewek deur die manier waarop resensente van die Eybers-jubileum-uitgawes in 1990/1 sterk konsentreer op gegewens uit bogenoemde artikels in *Uit liefde en ironie*. Dit is asof 'n reeds lang-bestaande faset van Eybers se digterskap en resepsie nóú eers 'n onderwerp van bespreking in die Afrikaanse kritiek word.

Joan Hambidge (*Beeld*, 21.5.90) verwys byvoorbeeld na "Eybers die vreemde eend":

> Jansen argumenteer heel oortuigend dat Eybers in 'n soort tussentaal dig. Maar sy voel dat sowel Afrikaanse as Nederlandse lesers meer aandag moet gee aan talige en referensiële kwessies ten einde Eybers beter te begryp. Kortom: Eybers is 'n Afrikaanse digteres, maar sy woon al so lank in Nederland dat vele gedigte nie meer vir die Afrikaanse leser voor-die-hand-liggend is nie. Die Nederlandse leser het vanselfsprekend weer 'n ánder stel probleme.

J.C. Kannemeyer (*Die Burger*, 14.6.90) interpreteer die feit dat die huldigingsbundels "op inisiatief van sowel Eybers se Suid-Afrikaanse as haar Nederlandse uitgewers geskied, (as) 'n aanduiding van die hoë agting en aansien wat sy in beide taalgebiede geniet". Hy is egter duidelik teleurgesteld oor die kwaliteit van die Nederlandse bydraes in *Uit liefde en ironie*:

> Wat 'n mens tevergeefs soek, is 'n ondersoek na die redes vir Eybers se gewildheid in Nederland en wie haar leserspubliek daar uitmaak. Dat vooraanstaande Nederlandse en Vlaamse kritici nog nie tot intensiewe studie van haar poësie gekom het nie, blyk uit die afwesigheid van die prominentste Neerlandici in die bundel.[10]

Kannemeyer beskou Nienaber-Luitingh en Jansen se bydraes as "die belangrikste opstelle" omdat "Eybers se posisie as 'n figuur van belang in sowel die Afrikaanse as die Nederlandse literatuur (deur hulle) nagegaan word" en omdat die artikels "biografiese besonderhede (registreer) wat soveel jare al neerslag gevind het in Eybers se verse of ontheemding". Argumente wat deur Jansen in "Eybers die vreemde eend" aangevoer word, lei Kannemeyer daartoe om te skryf:

> Daarmee raak sy 'n uiters boeiende aspek van Eybers se posisie as digter in twee lande aan, 'n aspek wat beslis in die toekoms tot 'n vollediger en vrugbare studie van hierdie belangrike poëtiese oeuvre kan uitgroei.

In 'n aantal huldigingsartikels rondom Eybers se 75ste verjaardag word dergelike aspekte ook na vore gehaal. Ernst van Heerden (*Rapport*, 25.2.90) skryf byvoorbeeld:

> 'n Ondernemende student kan miskien ook nog nagaan hoe Elisabeth Eybers se lang verblyf in Nederland en haar daaglikse omgang met die Nederlandse taal die woordgestalte in die Afrikaanse gedigte beïnvloed het. 'n Vlugtige verkenning toon 'n latere vermyding van oer-Afrikaanse woorde en wendinge, subtiele verskuiwings in die klankpatrone, toenemend die byhaal van Europese sfere en gebeurtenisse, 'n metaforiek wat Hollandse oorspronge het.

10.3.3.4 OPMERKINGS OOR DIE NEDERLANDSE FASE IN EYBERS SE WERK N.A.V. DIE TEMA "ONTHEEMDING"

W.E.G. Louw (*Die Burger*, 11.1.63) antisipeer nie 'n Nederlandse fase wanneer hy *Balans* bespreek nie. Hy dui wel op 'n wending omdat haar beste verse verander het van "ekstatiese sang" na "'n vertroulike en bewoë praat". Die slotgedeelte van sy resensie lui soos volg:

> 'n Groep gedigte wat ek vir besondere aandag in dié bundel wil uitsonder, is dié wat in die laaste jaar of wat tydens haar verblyf in Nederland geskryf is. Hulle begin so ongeveer by dié vers wat sy Immigrant noem:
>
> Niks as my hande en voete het ek hier,
> die res het met die oortog soek geraak:
> die kwatswink hart, die prikkelbare kiler,
> wat moet mens bowendien met huile maak?
>
> Allermerkwaardigste suiwer verse is dit dié, een vir een, persoonlike getuienis weliswaar, maar in woorde gesê wat selfs die pynlikste situasie uithef in 'n ánder, grootser verband (Louw haal 'November' (VG:272) aan - EJ). Ek dink ook aan ánder verse: Afloop, Vriesweer, die ontroerende Heimwee, die verbete Navrae en die byna patetiese klein Wins.

Louw het met die verskyning van die vyftien laaste gedigte in *Balans* nog geen idee dat al Eybers se verdere poësie in Nederland geskryf sal word nie, maar desondanks roer hy essensiële sake aan: die konstatering dat "Immigrant" 'n "groep gedigte" inlui wat "besondere aandag verdien" in die bundel, dat heimwee 'n verhewigde waarnemingsvermoë (dink aan die groter beeldende woordgebruik van Eybers) en "brandskatting" van taal tot gevolg sou hê, en die "vertroulike" praattoon van die gedigte.

In sy resensie van *Onderdak* beskryf Louw (*Die Burger*, 30.12.68) min of meer konstante onderwerpe in Eybers se poësie en voeg dan by:

> 'n Nuwe tema wat 'n mens nie van die begin af teëgekom het nie, is vanselfsprekend dié wat regstreeks verband hou met haar nou reeds jare lange verblyf in Nederland - die koue van daardie wêreld, die stugheid van sy amptenare, maar ook die warmte en intimiteit van sy binnehuise, sy 'malagietgroen' tuine e.s.m.

Hy noem die realisme van haar woordgebruik:

> Wat by énige ander Afrikaanse digter aan die rand van die retorika sou lê, gaan by haar op werklikheid terug: 'die wind wat uit Siberië keer', "n rooi-gespoelde ruit', 'n bruid en bruidegom 'in hul janklasespel agter die raam'.

Dit is vir Louw belangrik dat Eybers uit haar werklikheid van "selfgekose [illegible]ingskap" ("dit álles is immers ook universeel") die ervaring "afsonder van die omringende baaierd van menslike gevoelens en gewaarwordinge, en dit deur die alchemie van haar woord in poësie verander".

E. Lindenberg (in Nienaber-Luitingh: 1975:54) skryf: "In die tweede helfte (van *Balans*) begin, wil dit my voorkom, die 'Hollandse' periode". Hierdie mening word ook in J.C. Kannemeyer se *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur* (1978) aangetref:

> *Balans* word afgesluit met die eerste gedigte uit Eybers se 'Nederlandse' periode, wat van die moeilike aanpassing in 'n vreemde land getuig.
>
> (Kannemeyer 1978:474)

Wanneer Kannemeyer se hoofstuk oor Eybers bekyk word, is dit duidelik dat hy telkens klem lê op haar ontheemdheid. Hy praat van haar "Hollandse bundels", van die "moeilike aanpassing in 'n vreemde land" wat blyk uit die laaste verse in *Balans* (1978:474). Die titel van *Onderdak* het volgens hom "in die eerste plek betrekking op 'n tuiste en beskutting waarna die ontheemde mens ná sy ontworteling in 'n nuwe land soek" (1978:477) en hy wys op die heimwee wat spreek uit *Kruis of munt*. Oor *Einder* skryf hy dat dit "in hoofsaak 'geleentheidspoësie' (is) wat steun op die belewenisse van elke dag" - in Nederland dus. In Hoofstuk 3 het ek al daarop gewys dat hierdie konstaterings Kannemeyer nie daartoe lei om sy onderskrywing van die tradisionele tweedeling van Eybers se poësie met *Die helder halfjaar* as markeringspunt, te wysig nie.

Phil du Plessis (*Jewish Affairs*, 1969) skryf 'n resensie onder die opskrif "Afrikaans poet in exile":

> Elisabeth Eybers' self-imposed exile continues with no public declarations as to the reason. One suspects it to be deeply personal - like her poetry. To young South Africans she has become almost a myth.

In sy laaste paragraaf sluit hy af met die opmerking dat "one cannot have South Africa's major poetess rotting away in another land". Du Plessis word in 'n volgende nommer van *Jewish Affairs* van repliek bedien deur Ruth Miller (Johannesburg) in 'n ingesonde brief:

> The implication here appears to be that Elisabeth Eybers' poetry is 'rotting' (as well as she) - a word that no-one dare apply to a volume which reveals an already fine poet at her greatest heights yet of wisdom, sensitivity and command of language.

Die enigste verwysing van Brink (*Beeld*, 11.10.73) na die feit dat Eybers in Nederland woon, is:

> Ook die kontras tussen vaderland en aangenome land, bekend sedert *Balans*, keer hier (in *Einder* - EJ) terug - met gevoelige nuanseringe in 'Voetjie vir voetjie'; minder bevredigend in 'Identiteit' en 'Afstand'.

In sy resensie van *Rymdwang* (25.10.87) gaan Brink, ná wel andersins lowende resensies van Eybers se tussenliggende bundels, vir die eerste keer meer eksplisiet hierop in wanneer hy na aanleiding van "Vir Karel, i.p.v. 'n brief" skryf:

> Ander gedigte sit hierdie visentering van die ouderdom voort en verfyn dit algaande (o.m. deur dit ook te verstrengel met die immigrantekode wat veral sedert *Balans* al in dié oeuvre ondersoek word).

Dit is duidelik dat ontheemding, die vreemdheid van 'n ander land, as't ware metafoor word vir soveel van die vervreemdende ervarings wat die mens meemaak en waaroor Eybers dig. Wanneer Brink Léon Bloy aanhaal, "Man has places in his heart which do not yet exist, and into them enters suffering in order that they may have existence", is die onbekendheid van vestiging in 'n vreemde land dus op 'n manier gelyk te stel aan die ervaring van nuwe en vreemde ervarings soos siekte, ouderdom en 'n intense bewussyn van die dood.

Stephan Bouwer (*Rapport*, 18.11.73) meen dat "die dilemma van verlies, vreemdelingskap en afsondering (...) met nugterheid verwoord" word deur Eybers. Volgens hom wissel gedigte oor haar "'vreemdelingskap' (oftewel buitelandse verblyf) van intense verlange - soos in 'Afstand' en 'Winter', waar die 'ses stopverfmaande' naas 'Julie in Johannesburg' geplaas word - tot die skitterende 'Alternatief', waar die spreker deur 'n geamuseerde selfbeskouing haar 'situasie' objektiveer, en 'Voetjie vir voetjie' met dié raak beskrywing van Holland: 'teennatuurlike terras'".

In 'n ietwat naïewe resensie van *Kruis of munt* skryf C.W.M. (*Die Volksblad*, 20.12.73): "Op 'n meer persoonlike noot is daar naas die gedigte oor die ouderdom die enkele interessante filosofieë oor immigrant-wees ('Afstand' en 'Voetjie vir voetjie' word genoem - EJ) (...) Ouderdom, vreemdelingskap, eensaamheid en nostalgiese terugflitse op die verlede kenmerk die somberder gedigte." Daar word nie spesifiek op die Nederlandse ontstaansomgewing van die gedigte gewys nie.

D.H. Steenberg (*Die Vaderland*, 22.1.74) se resensie van *Kruis of munt* begin met 'n aanhaling uit "Voetjie vir voetjie" omdat dit volgens hom die gemene deler van die gedigte kernagtig verwoord:

> die van vasgevang wees tussen twee ulterstes van 'eldors' en 'hier' ('Afstand'), van immigrant wees, uit en gestrand wees, maar nêrens tuis nie. Immigrant is sy dan nie net in haar geografiese omgewing nie maar ook op die 'teennatuurlike terras' van haar bestaan tussen herkoms en bestemming - iets wat nou saamhang met die 'onderdak'-tema in die vorige bundel en die ewewigsgedagte in *Balans*.

Steenberg praat van die "onsekerheid in hierdie 'ontheemdheid'" wat haar werk beïnvloed, soos in "Kans" verwoord.

Ouerword en vreemdelingskap is volgens Cloete (*Hoofstad*, 23.11.73) temas wat om die beurt of gesamentlik in *Kruis of munt* voorkom:

> In 'Afstand' is daar 'n verband tussen oud word en die 'langsaamaan' tuis raak in die vreemde en dit verduur. 'Voetjie vir voetjie,' sê sy in 'n gedig met dié titel, het sy immigrant geword, en 'stap vir stap' word daar in 'Uitsig' 'selfaangedrewe afgrondwaarts beweeg'.

Cloete wys daarop dat ook die kunstenaarskap so 'n langsame proses, "'n langsaam blootlê, kies en konstrueer" is, en lê hiermee 'n verband tussen verskele van Eybers se belangrikste temas. Alhoewel Cloete niks spesifiek sê oor die versoening van die uiterstes Nederland/Suid-Afrika nie, beskou hy dit in die algemeen as kenmerkend van haar poësie. In sy resensie van *Einder* (*Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, Junie 1978) skryf hy dat al die oorheersende trekke van die bundel terug te voer is tot 'n paradoks: "die saamhou in één verband van dinge wat andersins nie saamhorig is nie, die pas van ongelyke en strydige helftes in mekaar". Weer word geen verwysing na Nederland/Suid-Afrika gemaak nie, terwyl dit sy tese beslis sou ondersteun.

Merwe Scholtz meld heel aan die einde van sy resensie "*Einder*: Gebore uit geluk" (*Die Burger*, 11.8.77)

> volledigheidshalwe nog dit: daar is ook gedigte wat buite hierdie sentrale tematiese spektrum ('geobjektiveerde' geluk - EJ) val, gedigte b.v. waarin die bekende problematiek van die ontheemde verdig word.

Hy noem geen voorbeelde nie.

In 'n belangrike resensie, "Elisabeth Eybers se blywende bronne van verwondering", skryf Lina Spies na aanleiding van *Bestand* (*Die Vaderland*, 28.10.82) dat Eybers so "Hollandse periode" dan reeds oor twintig jaar strek. 'n Direkte verband word sonder verdere verduideliking gelê tussen Eybers se woonplek en die indeling van haar werk. Spies skryf dat die openingsgedig "Terug" "onmiddellik die groot oorheersende teenstelling van haar latere werk aan die orde stel: die teenstelling tussen Suid-Afrika en Nederland, die verlede en die hede, die wêreld van 'n boorling en die wêreld van 'n ex-patriaat. Sedert *Balans* is sy tuis in Nederland sonder om ooit tuis te raak, maar die skerp grense het

verdwyn." Na aanleiding van Yeats se woorde, "I recognise that the limit itself has become a new dimension", skryf Spies dat die "pyniging van die grens" vir Eybers opgehou het (vergelyk die vreesloosheid waarmee die dood verken word). "Die helderheid van die verledetydsdinge maak die dinge van die hede ook skerper waarneembaar." Oor "Terugkeer van Klaas-Hannes" skryf Lina Spies:

> Die ge-immigreerde ek word hier deel van 'n gemeensame ons wat die ironie, sonder dat dit getemper word deur enige toegeeflikheid van die ek, tog vermild tot humor.

Spies gaan ook in op die tema van verhuising. "In die plek van die groot landverhuising waaroor *Balans* handel, kry ons in *Bestand* in twee verse die digterlike getuienis van 'n klein verhuising binne een stad - 'n mens sou dit 'n verhuising ter wille van die behoud en bewaring van die sintuie en die digterskap (onlosmaaklik verbonde) kon noem." Eers word "Terugkeer van Klaas-Hannes" bespreek en dan:

> In die direk-daaropvolgende vers, 'Verhuising', word die vlug uit die rumoerige buurt die gekonsentreerde verhaal van 'n hele lewe; die verhaal van herhaalde behoud waaroor die ek ná die 'soveelste smeulende brug' die versugting kan slaak: 'kortasem maar tog in my woordwêreld terug' - die eindpunt waarheen die digter deur alles wat sy lewe uitmaak telkens onherroeplik gelei word.

Spies raak hier 'n wesenlike element van Eybers se digterskap aan: die afstand tot die vertroude, die geliefde ("gaan weg dat ek van jou kan skryf") is 'n noodsaaklike voorwaarde. Ontheemding is geen toevallige omstandigheid nie, dit is allesbepalend. In haar resensie van *Rymdwang*, "Eybers se jongste - deur die lewe gedwing" (*Die Burger*, 22.10.87), skryf Spies: "By geen ander Afrikaanse digter kan 'n mens die parallel tussen lewe en oeuvre so pertinent aandui as by Elisabeth Eybers nie." Sy beskou *Rymdwang* as 'n bundel van versoening, "met die man van wie sy 'al die pyn/ moes aanneem' (...) en met die land waarheen sy geïmmigreer het en wat nou uiteindelik ná 'vyf-en-twintig jaar' haar tuiste word".

F.I.J. van Rensburg (SAUK: "Skrywers en Boeke", 26.11.82) meen *Bestand* "sit die tema voort wat ons sedert haar eerste 'Nederlandse' bundel *Balans* ken. Die stryd tussen Nederland en Suid-Afrika in haar gemoed is nog steeds onbeslag." Hy wys op die belang daarvan : "Terug" "hierdie tema van slingering tussen twee lande onmiddellik en sterk aan die orde stel", en beskou die "soeke na 'n ewewigspunt tussen ekstreme" as so kenmerkend van haar werk dat dit ook in haar liefdesgedigte na vore kom.

R.H. Pheiffer (*Die Burger*, 21.11.85) praat van "die onmiskenbare tema van die oorgang tussen twee wêrelde, tyd en nie-tyd, soos gemanifesteer in die siektetoestand ('Siek') waar die niemandsland tussen die 'hier' en die vergetelheid van die dood betree word, maar

waaruit daar weer teruggekeer word na die lewe. (...) Dié tema van huiwering en weifeling tussen twee wêrelde, twee modi van bestaan, loop dwarsdeur die bundel."

Soos wat o.a. Charl-Pierre Naudè in *Weekly Mail* (15-21.4.88) al opgemerk het ("Her relationship with (Holland) is a strange mixture of cultural attraction and alienation"), beweer Barend J. Toerien in 'n resensie van *Rymdwang* (*World Literature Today*, datum onbekend): "She has come to terms with the Netherlands, (...) and she now affectionately calls it a 'minilinear land', where one can live 'softly and uncompromised'."

Dit wil voorkom asof Suid-Afrikaanse resensente eers vanaf *Bestand* in meer besonderhede aandag begin gee aan die invloed van Nederland op die tematiek van Elisabeth Eybers se poësie.

10.4 OPSOMMEND

Aan die hand van bogenoemde agt punte van bespreking kan die volgende afleidings gemaak word:

1. Alhoewel W.E.G. Louw reeds met die verskyning van *Balans* (1962) konstateer dat daar 'n "groep" gedigte is wat in Nederland ontstaan, duur dit tot ongeveer 1975 voordat kritiek (Lindenberg, Kannemeyer en Spies) begin om van die "Nederlandse periode" in Eybers se werk te praat. Hierdie vasstelling vind geen neerslag in Kannemeyer se tweedeling van haar werk nie.

2. Tot 1990 word bykans geen aandag in Suid-Afrika geskenk aan die feit dat Eybers ook in Nederland 'n hooggewaardeerde digter is nie.

3. Eybers se Nederlandse omgewing word baie selde as 'n invloed (positief óf negatief) op haar poësie in ag geneem.

Die feit dat Afrikaanse resensente hulle lesers nie hoef te probeer oortuig van Eybers se verstaanbaarheid nie, lei daartoe dat die klem op talige en referensiële toeganklikheid wat juis in die Nederlandse kritiek vooropstaan, nie voorkom in Suid-Afrikaanse resensies nie. Daar word byna geen aandag geskenk aan die praktiese effek wat 'n langdurige verblyf in Nederland op 'n Afrikaanse digter soos Eybers mag hê nie. Enkele gevolge hiervan is:

1. Suid-Afrikaanse lesers is nie daarop bedag dat talige en referensiële probleemgebiede in Eybers se poësie 'n spesifieke soort leesinspanning van hulle mag verg nie.

2. Suid-Afrikaanse lesers word nie bewus gemaak van Eybers se toeganklikheid en die waardering van haar poësie in Nederland, óf van haar uniekheid deurdat sy sowel binne die Afrikaanse as die Nederlandse letterkunde 'n belangrike posisie het nie.

3. Suid-Afrikaanse lesers onderken nie die moontlikheid dat daar 'n ikoniese verband tussen Eybers se dubbele posisie binne twee letterkundes en haar vreemdelingskap mag bestaan nie. Aan die dimensie van vreemdelingskap wat Nederlandse lesers so boei, word deur Suid-Afrikaanse lesers baie min aandag gegee.

Die indruk kon misluiden in 10.3 gewek gewees het dat Suid-Afrikaanse resensente wél baie aandag gee aan Eybers se vreemdelingskap. Ek wil weer beklemtoon dat dit oor die algemeen nie die geval is nie. Verwysings na dié aspekte wat besonder baie klem kry in Nederlandse resensies, is in Afrikaanse besprekings ingebed in resensies wat in hoofsaak teksanalise, bundeltipering en 'n beklemtoning van ander temas is. (Vergelyk Scholtz 1978.)

Oor die algemeen word Nederlandse resensies vir "gewone lesers" geskryf met die bedoeling om hulle vir Eybers se vreemde poësie te win. Suid-Afrikaanse resensente skryf meer vir vakgenote wat vertroud is met die digter Eybers se vroeër werk, met die Afrikaanse poësie in die algemeen, en met literatuurwetenskaplike jargon. In Nederlandse resensies is daar 'n groot bewussyn van probleme waarmee lesers te kampe mag hê en leesmetodes word voorgestel om probleme op te los. Afrikaanse resensente gee geen aandag aan taal- en referensiële probleme wat Suid-Afrikaanse lesers mag ondervind nie. Die aspek van verhoogde lesersbetrokkenheid - wat aansluit by teorieë oor poëtiese taalgebruik (sien Hoofstuk 13) - staan sterk op die voorgrond in Nederlandse resensies, maar word nie geaktiveer in die Afrikaanse Eybers-kritiek nie.

VERWYSINGS BY HOOFSTUK 10

1. Hierdie feite word deur J.J. Human verstrek. In 'n persoonlike onderhoud (29.11.91) vertel hy dat hy as hoof algemene publikasies van Nasionale Boekhandel vir Elisabeth Eybers in 1956 in geselskap van D.J. Opperman in Johannesburg ontmoet het. Nadat G. Bakker sy uitgewery Constantia aan die einde van 1957 oorgemaak het aan Nasionale Boekhandel, het *Neerslag* (1958) daar verskyn, maar toe Human & Rousseau in 1959 as selfstandige uitgewerafirma begin, besluit Eybers om voortaan haar bundels bestem vir Suid-Afrika daar uit te gee.

2. Volgens Kannemeyer (1978) het daar oor Eybers se eerste sewe "Suid-Afrikaanse" bundels onderskeidelik slegs 1, 3, 3, 2, 3 (plus 2 verdere resensies met 'n herdruk), 4 en 3 resensies verskyn.

3. Vergelyk Van Niekerk 1989 wat na aanleiding van twee debuutbundels skerp krities is oor hoe hierdie Afrikaanse digters hulself sien in die Suid-Afrikaanse konteks.

4. Nienaber-Luitingh kan weens haar eie Nederlandse herkoms sekerlik as een van die min werklik "geïnformeerde" (Fish 1972) Eybers-lesers beskou word!

5 In *Idiome-woordeboek. Verklarings met afsonderlike Afrikaanse en Engelse begrippelyste* noem M. de Villiers en R.H. Gouws by die lemma "bus" die omskrywing op: "Dit sluit soos 'n bus: Dit pas perfek in mekaar" (1998:12). Alhoewel dié uitdrukking wat dikwels in Nederland gehoor word, in De Villiers en Gouws voorkom, kan Müller m.i. nie van 'n gebrek aan kennis van die Afrikaanse idiomeskat beskuldig word nie; 'n mens hoor die uitdrukking nooit in Afrikaans nie.

6. Die vraende stelwyse kan natuurlik 'n ander oorsaak hê: "Die stilistikus met 'n suiwer linguistiese probleemstelling onderskei hom van stilistici met ander metodes daardeur dat hy hom enkel bemoei met wat *op die wyse van die taal gegee word.*" Sien Hellinga & Scholtz 1955:1. As daar nie "Vondelpark" staan nie, mag Cloete hom eintlik nie bemoei met die werklikheid waarna die gedig verwys nie.

7. Hambidge is natuurlik verkeerd bewys. Ander resensente het die gedig nie so letterlik opgeneem nie. R.H. Pheiffer (*Die Burger*, 21.11.85) noem dit "so 'n ironiserende stukkie goëlwerk. Die bundel self verloën dit." Brink (*Rapport*, 8.12.85) is ook "huiwerig (...) om Eybers se woorde op sigwaarde te neem, want die poësie self bly, deur die res van die bundel, voor stroom".

8. Dit hang saam met die groot kiem wat op die digterskapstema by Eybers gerus is. Hieraan is in die Afrikaanse literêre kritiek baie aandag gegee. Vergelyk die verhandelinge van Brink (1971:177-178), Gouws (1979:164-171), Ohlhoff (1971:96-124) en Pretorius (1963: 46-55, 178-202). Van Niekerk (1987:202) wys m.i. tereg daarop dat hierdie tema soms oorbeklemtoon is ten koste van ander voor-die-hand-liggende temas: "Selans (is) veral waardeer vir sy digterskapsverse en die immigrantepoësie het relatief min nadruk ontvang. In sekere besprekings van *Onderdak*, byvoorbeeld dié van Cloete (1969a:127-133), is die digterskapsgedagte weer op die voorgrond gestel - (...) dié keer tot nadeel van die liefdesaspek. (...)." Van Niekerk wys daarop dat die preokkupasie met die digterskapstema daartoe kan lei dat 'n verlang-gedig soos "Vers vir die afwesige" (VG-320) totaal verkeerdelik verstaan word (vgl. Ohlhoff 1971:124). 'n Beheptheid met die digterskapstema het tot gevolg dat in resensies dikwels baie gou weggebeweeg word van die konkreetheid van die "wêreld van Eybers-poësie" na 'n suiwer tegnies-poëtikale bespreking.

9. Wanneer Eybers se uitsprake oor poësie (byvoorbeeld in *Voetpad van verkenning*, haar 1963-toespraak in Brussel, dankwoorde en onderhoude) vergelyk word met Bloem se essays "Het verlangen", "Over poëzie I" en "Over poëzie II (opgeneem in *Poëtica*, 1969), is daar bowendien talle ooreenkomste tussen die twee digters se eksplisiete poëtikas.

10. In 'n gesprek het Ester hom verbaas afgevra wat Kannemeyer hiermee sou bedoel aangesien prominente Neerlandici meer as dertig jaar lank aandag aan Eybers se werk gee. Lucas Malan (1990) is ook baie krities oor die meeste Nederlandse bydraes: "'n Mens (...) wonder of dié vriende wel weet watter standaard daar gehandhaaf is in vroeëre boeke van hierdie aard, en hoe hoog Eybers deur haar vakgenote in Afrikaans geag word." Dubois en Rubinstein se bydraes gee Malan ook die "ongemaklike gevoel (...) dat deur iewers van 'n ondermyning sprake is".

IV

'N SISTEMATIESE LEESVERSLAG VAN ELISABETH EYBERS SE "NEDERLANDSE" BUNDELS

HOOFSTUK 11

DIE IDIOLEK VAN ELISABETH EYBERS IN HAAR "NEDERLANDSE" BUNDELS

Die een doelstelling met hierdie studie - om aan te toon dat Eybers in twee letterkundes 'n figuur van belang is - is in I, II en III uitgewerk. Alhoewel duidelik blyk dat Eybers-bundels goed ontvang word deur sowel Nederlandse as Suid-Afrikaanse kritici, meen ek dat hierdie goeie ontvangs dikwels nie gebaseer is op 'n deurgronding van die taal en wêreld wat in Eybers-gedigte voorkom nie. 'n Verdere doelstelling van hierdie studie is daarom om die aandag van albei stelle Eybers-lesers te vestig op probleemgebiede in haar "Nederlandse" bundels. Daar is twee redes waarom Nederlandse en Suid-Afrikaanse Eybers-lesersgroepe elk verskillende probleme ondervind:

1. *Nederlandse lesers beskik oor die algemeen nie oor genoegsame kennis van Afrikaans om gesaghebbend te kan oordeel oor Eybers se taalgebruik nie. As gevolg hiervan kan selfs "professionele" lesers (resensente en kritici) die lesers van hulle resensies ook nie wys op alle soorte begripsprobleme nie.*
2. *Suid-Afrikaanse kritici beskik oor die algemeen dikwels wel oor 'n basiese kennis van Nederlands. Dit is verkry danksy onder meer die tradisionele saamgaan van Afrikaanse en Nederlandse letterkundes in een vakverband aan Suid-Afrikaanse universiteite. Ten spyte hiervan is hulle kennis van die Nederlandse spreektaal oor die algemeen nie voldoende om aktief bewus te kan wees van die uitsonderlike wisselwerking van Nederlandse en Afrikaanse leksikale, sintaktiese en referensiële subtiliteite in Eybers se gedigte nie. Daarom attendeer hulle ook nie "gewone" lesers daarop nie.*

Soos wat in Hoofstukke 8 en 9 aangetoon is, begin Nederlandse kritici se resensies meestal met 'n erkenning van begripsprobleme, maar in Hoofstuk 10 is vasgestel dat Suid-Afrikaanse kritici nie die moontlikheid onder oë sien dat hulle probleme met Eybers se taal sou kon hê nie. Wanneer ek die aandag daarop vestig dat Eybers se poësie weens haar besondere tussenposisie slegs deur lesers met 'n goeie kennis van sowel Afrikaans as Nederlands goed op alle tanlvlakke verstaan kan word, stel ek my ten doel om:

1. *ten behoewe van Afrikaanse lesers 'n sistematiese kategorisering te maak van begripsprobleme wat oorwin moet word alvorens tot interpretasie oorgegaan kan word;*
2. *'n Nederlandse komponent hieraan toe te voeg; dus ook 'n kat.: orisering van die belangrikste begripsprobleme wat Nederlandse lesers mag ondervind.*

In dié verband het ek die volgende hipoteses:

1. *Eybers se "Nederlandse" bundels word deur Afrikaanse lesers onadekwaat gelees tensy erken word dat taal- en referensiële probleme vir hulle bestaan en opgelos moet word.*
2. *Eybers se Afrikaans is vir haar Nederlandse lesers toeganklik danksy talu talige en referensiële raakpunte, maar dit word onadekwaat verstaan tensy taalprobleme oorbrug word.*
3. *Die taalprobleme wat die twee lesersgroepe ervaar, is verskillend.*

Hipoteses 1, 2 en 3 word ondersoek in Hoofstuk 11 en dit is onder meer gebaseer op bevindinge van die vorige tien hoofstukke. Potensieel problematiese taalverskynsels in Eybers se "Nederlandse"

(pp. 225 + 226 omitted in pagination.)

bundels word gesistematiseer met die doel om te agterhaal wat één stel lesers paraat het aan taal in vergelyking met die ander. Die gebruik van Nederlandse woorde en uitdrukkings in 'n Afrikaanse taalomgewing kan beskou word as kenmerkend van Eybers se idiolek (die taalgebruik van een bepaalde individu in 'n bepaalde tyd). Taalverskynsels wat "normaal" en "maklik" vir een groep is, is ongrammatikaal en dus opvallend vir die ander groep. Sien veral Bibliografie I, II, III/A, B, F, G en H.

11.1 INLEIDING

Nederlandse kritici lewer in resensies van Eybers se "Nederlandse" bundels gereeld kommentaar oor haar taalgebruik. Oor die algemeen word die Afrikaans wat sy gebruik as 'n positiewe faktor en nie as 'n struikelblok ervaar nie en resensente meen dat taalprobleme deur lesers met 'n bietjie moeite opgelos kan word. Hierdie moeite word bowendien as ekstra stimulans ervaar by die lees van Eybers se poësie. Stuiveling (VARA, 1963) het met die verskyning van *Balans* byvoorbeeld al gesê: "Wie poëzie leest, hoeft (tegen een lichte inspanning meer) geen bezwaar te hebben, want het lezen van poëzie vergt altijd inspanning."

In teenstelling tot die Nederlandse standpunt word by die hoogste uitsondering in die Afrikaanse kritiek spesifiek melding gemaak van Eybers se taalgebruik. Enkele klagtes oor Nederlandismes kom voor, maar wanneer op "nuwe" woorde gewys word, word die moontlike invloed van Nederlands nie oorweeg nie.

In hierdie hoofstuk word taalprobleme wat Nederlandse en Afrikaanse lesers onderskeidelik mag ondervind in die Eybers-bundels vanaf *Balans* (1962) tot en met *Teëspraak* (1991) gesistematiseer. Probleme kom veral voor op die gebiede van klank en spelling (11.2), die morfologie (11.3), die leksikon (11.4), vaste en idiomatiese uitdrukkings (11.5), sintaksis (11.6) en ander deelgebiede (11.7). Telkens sal ek aandui dat wat vir een stel lesers 'n probleem mag wees, vir die ander stel bekend is. Die terme "ongrammatikaliteit" en "vooropstelling" wat gebruik word in teorieë oor poëtiese taalgebruik (sien Hoofstuk 13), word dikwels gehanteer.

My uitgangspunt is dat Nederlands sedert 1961 'n baie spesifieke invloed het op Elisabeth Eybers se taalgebruik en dat haar idiolek in die "Nederlandse" bundels in 'n groot mate daardeur bepaal word.[1] Die Eybers-idiolek kan beskryf word as 'n afwyking van Afrikaans wat gekenmerk word deur 'n kombinasie van onder meer die volgende verskynsels:

1. Nederlandse woorde in 'n oorwegend Afrikaanse teksomgewing;
2. direkte aanhalings uit Nederlands;
3. Afrikaanse weergawes van Nederlandse uitdrukkings;
4. woorde waarvan die betekenis binne gedigverband, as gevolg van Nederlandse invloed, verskil van die algemene Afrikaanse betekenis;
5. woorde wat 'n hoër gebruiksfrekwensie het in Nederlands as in Afrikaans;
6. Nederlandse invloede in sekere Eybers-neologismes.[2]

Hierdie kombinasie van verskynsels kom slegs voor in Eybers se "Nederlandse" bundels (sien ook Van Niekerk 1987:225) en dit het twee gevolge: enersyds maak dit haar poësie toegankliker vir Nederlandse lesers, en andersyds vreemder vir Afrikaanse lesers. Die feit dat Eybers dig in wat oorwegend as Afrikaans beskryf kan word, lewer uiteraard oorkoepelende probleme op vir Nederlandse lesers.

11.2 KLANK- EN SPELLINGVERSKILLE: PROBLEME VIR NEDERLANDSE LESERS

Geskrewe taal is slegs by benadering 'n weergawe van gesproke taal. Die spelreëls vir die geskrewe vorms van Afrikaans en Nederlands is die *Woordenlijst van de Nederlandse taal* (1954; hersien in 1990) en die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* (1966; hersien in 1991). Aangesien Eybers in Afrikaans skryf, ervaar Afrikaanse lesers nie spellingprobleme nie, maar Nederlandse lesers moet rekening hou met die Afrikaanse spelling.

Daar is i) verskille in die uitspraak en klank van sommige gemeenskaplike woorde wat nie in die spelling weerspieël word nie. Sommige vokale word byvoorbeeld in Nederlands anders uitgespreek as in Afrikaans. Die lang vokaal word meer gespanne uitgespreek (vergelyk *straat, been, dier, toer, boom, keur*), terwyl kort vokale (vergelyk *man, bol, stuk*) weer met 'n ietwat laer tongstand as in Afrikaans uitgespreek word, en dié *i* in *tik* weer 'n hoër tongstand as in Afrikaans het. In diftonge (in byvoorbeeld *koud, trui*) is die Nederlandse uitspraak meer geartikuleer en gespanne as die Afrikaanse "slapper" artikulasie. In Afrikaans word dikwels genasaleer in gevalle soos *mens, kans, gons, ongeluk* en by baie sprekers ook in gevalle soos *aangesit* en *ingedagte*. Die lugstroom gaan by die artikulasie van die vokaal ook deur die neus en die nasale konsonant val weg. Hierdie verskynsel ken die Nederlandse uitspraak nie. Die halfvokaal [w] wat in Afrikaans gehoor word in byvoorbeeld *twee, kwaai, swaard, dwaas*, word in Nederlands net as 'n frikatief [v] in die ooreenstemmende woorde gehoor. Sien Pheiffer in Botha 1989:73.

Uiteraard het hierdie klankverskille belangrike konsekwensies vir die hoor van poësie, maar dit behoort nie begripsprobleme op te lewer nie.[3] Probleme kan wel opduik wanneer klankverskille in die spelling weerspieël word en wanneer daar verskille in spelling is wat byna geen klankverskille verteenwoordig nie, maar wat tog vir 'n Nederlander vreemd *lyk*.

In plaas daarvan om die belangrikste verskille op die gebied van vokale en konsonante uit 'n algemene taalkundige bron op te noem (vergelyk Pheiffer in Botha 1989:74-77), kan hierdie verskille konkreet in 'n Eybers-gedig aangetoon word. Ek neem "Vooraand" uit *Balans* (VG-264) as voorbeeld. Dit is geskryf kort voor Eybers se vertrek uit Suid-Afrika.

> Wat lank na einde lyk, blyk 'n begin.
> Nou, met die leë afloop van die dag,
> het grouheid van my weggegly. Die wag,
> weet ek, sal langsaam die klein dood oorwin:
> wat donker opgeberg is, sal ontwaak
> soos uit die saaddop as die reën dit raak.
>
> Binne 'n bleek verskiet van lood en lei
> moet oë troosteloos meetkundig wei.
> Die winter het my stil vooruitgeloop,
> stingels vertrap en takke kaalgestroop:
> wat harsdig toegegrendel is, sal skrik
> soos uit skorsweefsel as die son dit tik.
>
> Gevoeg tot 'n vergetelheid van saad
> wat onder broeierige korrels kwyn
> snak ek na bytlug, koel nasmaak van pyn.
> Ontwaking bly altyd 'n wanhoopsdaad:
> 'n skeut moet waswit uit die pit oopkrul
> dat die benoudheid hom nie meer omhul.
>
> Uitwissing is denkbeeldig, dink ek. As
> een wat die skemer haarfyn ken hier was
> sou hy koelbloedig en met sagte vlyt
> beslag lê op elke besonderheid,
> oplossing teen die lig bekyk en dood
> telkens 'n voelsprietlengte verder stoot.

In dié gedig - soos in soveel ander - is daar woorde wat geen probleme hoegenaamd vir die Nederlandse leser sal oplewer nie: *begin, met, afloop, dag, wag, weet, klein, dood, donker, bleek, lood, troosteloos, meetkundig, winter, stil, vergetelheid, broeierige, korrels, snak, koel, nasmaak, ontwaking, wanhoopsdaad, pit, meer, uitwissing, denkbeeldig, een, hier, koelbloedig, en, oplossing, telkens, voelsprietlengte, verder.*

Daar is ook ii) woorde wat ongeveer gemeenskaplik is aan albei tale maar waarby spellingaanpassings wel deur Nederlandse lesers gemaak moet word. Hieronder word voorbeelde van dergelike woorde uit onder andere "Vooraand" gegee.

VOKALE

Afrikaans het in die reël *i* voor *-ng* en *-nk* waar Nederlands 'n *e* gebruik, bv. *stingels* = *stengels*. In Afrikaans kom in geslote sillabes soms die kort *e* voor waar Nederlands die kort *i* het, bv. *ek* = *ik*. Ander belangrike voorbeelde van vokaal-veranderings is waar die vokaal in onbetoonde sillabes in 'n aantal Nederlandse woorde in die ooreenstemmende Afrikaanse woorde deur 'n neutrale vokaal verteenwoordig word of heeltemal verdwyn (bv. *vooral, voor, bijtijds, geloven, verrekken* teenoor *veral, vir, betyds, glo, vrek*). In 'n groot aantal woorde het Nederlands *a* of *aa* voor die triller waar Afrik. ans het, bv. *darm, paard, staart, schaar, waard* teenoor *derm, perd, stert, skêr, werd*. In 'n ander groep woord [illegible] die verskynsel net andersom: Nederlands het byvoorbeeld *gerst, hersens, vers* waar Afrikaans *gars, harsings, vars* het. In baie Afrikaanse woorde kom 'n *eu* voor waar die beskaafde Nederlands net 'n *oo* erken; bv. *heuning, seun, deur, meul* teenoor *honing, zoon, door, molen*. Sien Raidt 1991:203-204.

KONSONANTE

Die intervokaliese *g* en *d* tussen 'n beklemtoonde sillabe en 'n onbeklemtoonde sillabe met neutrale vokaal in Nederlandse woorde, het in Afrikaans weggeval. Spellingaanpassings wat Nederlandse lesers van "Vooraand" moet doen, is dus *leë* = *lege, reën* = *regen* (sien ook *oë* = *ogen*, VG-229; *verboë* = *verbogen*, VG-239). Voorbeelde van die intervokaliese *d* is *zadel* = *saal, schouder* = *skouer, teder* = *teer*. Die intervokaliese *v* word dikwels in Afrikaans weggelaat sodat *aand* = *avond, oorwin* = *overwinnen*. Waar *v* in Nederlandse woorde soos *brieven, leven, zeven, tevens* voorkom, is dit in Afrikaans met 'n *w*: *briewe, lewe, sewe, tewens*. Ander konsonant-verskille waarop Nederlandse lesers van "Vooraand" bedag moet wees, is dat hulle *ch* in Afrikaans *g* is; dus bv. *wag* = *wachten, lug* = *lucht*. Die stemhebbende *z* word 'n stemlose *s* in Afrikaans, dus *langsaam* = *langzaam, son* = *zon, saad* = *zaad*; *sch* word *sk* in Afrikaans, bv. *verskiet* = *verschiet, skrik* = *schrik, skors* = *schors, skemer* = *schemer*. In Afrikaans word die Nederlandse meervouds-*n* weggelaat; dus *takke* = *takken*.

Verder is daar ook iii) verskille in spelling wat uiters geringe klankverskille verteenwoordig. Die belangrikste skryfvorme om mee rekening te hou, is "y" wat anders in Nederlands gespel word: bv. *byt* = *bijt, pyn* = *pijn, fyn* = *fijn*. Waar *-lik* in die suffiks voorkom, is dit in Nederlands *-lijk*; dus *heerlik* = *heerlijk*.

Wanneer hierdie drie hoofkategorieë van klank- en spellingverskille tussen Afrikaans en Nederlands in ag geneem word, is dit duidelik dat daar in Eybers se gedigte vir Nederlandse lesers baie spellingprobleme is wat egter redelik maklik opgelos kan word. Tegnieke vir lesers sonder 'n grammatikale kennis van Afrikaans sluit in 'n sensitiwiteit vir die konteks waarin 'n woord voorkom, asook die hardop sê van so 'n woord waardeur die klankooreenkoms met die ooreenstemmende Nederlandse woord help om die vreemdheid van die woordbeeld te verdring. In talle Nederlandse resensies word hierdie advies aan Eybers-lesers gegee (vergelyk Rubinstein: *Vrij Nederland*, 11.9.82). Kritici wat self hierdie "tegnieke" toepas, bied soms vertalings van woorde vir hulle lesers aan; byvoorbeeld van *murg* = *merg* (VG-235, 283, 30[illegible] 448), *derm* = *darm* (VG-288), *as* = *als* (VG-303), *onversteurbaar* = *onverstoorbaar* (VG-303), *lawe* = *laven* (VG-317), en die Eybers-neologisme *hiënalag* = *hiënalach* (VG-447).

Spellingverskille is vir Nederlandse lesers uiteraard opvallend, maar dit word nooit as 'n belemmering beskryf nie. Interessant genoeg word dit eerder soms pertinent uitgesonder as 'n positiewe faktor. Anneke van Luxemburg (*Haarlems Dagblad*, 20.11.79) skryf byvoorbeeld dat Afrikaans "ook door de spelling iets van een kindertaal heeft, alsof de woorden speciaal (...) zijn verzonnen". Zeeman (*Leeuwarder Courant*, 12.8.88) meen:

> De zonderlinge spelling van vertrouwde woorden en het voorkomen van bijna fonetische samentrekkingen verlenen aan die taal iets sprankelends, iets van een kindertaal, maar dan niet in de meewarige zin van het woord.

11.3 MORFOLOGIESE VERSKILLE: PROBLEME VIR NEDERLANDSE LESERS

'n Vergelyking tussen Afrikaans en Nederlands toon aan dat woorde in Nederlands meer buiging of fleksie ondergaan as in Afrikaans. Dit kom veral in twee kategorieë voor, naamlik die nominale (naamwoorde en verwante kategorieë) en die verbale sisteme.

NOMINALE VORME

Dit is vir Nederlandse lesers van byvoorbeeld "Vooraand" onmiddellik opvallend dat slegs *die* as bepaalde lidwoord gebruik word in plaas van *de* en *het*: *die dag, die wag, die klein dood, die reën, die lig* is in Nederlands *de dag, het wachten, de kleine dood, de regen, het licht*. Afrikaans se een klassisteem word voortgesit by die aanwysende (*hierdie* en *daardie* in plaas van *deze, die, dit, dat*) en relatiewe voornaamwoorde (*wat* teenoor *die* en *dat*).

VERBALE VORME

Die ingrypendste morfologiese verskille tussen Nederlands en Afrikaans kom by die werkwoordvorme voor. Afrikaans ken telkens slegs een vorm van 'n werkwoord in die presens en verlede tyd, terwyl daar in die Nederlandse stelsel verskillende persoons- en getalsvorme voorkom. Die hele kategorie vorme van die sogenaamde "onvoltooide" verlede tyd of imperfektum, insluitende die onderskeid tussen swak en sterk werkwoorde, kom byna glad nie in Afrikaans voor nie. Die Nederlandse perfektum het in Afrikaans wel 'n ekwivalente konstruksie, maar die plusquamperfectum bestaan nie in Afrikaans as 'n samegestelde verbale vorm nie. Afrikaans gebruik slegs die hulpwerkwoord *het* vir die verledetyds- *em*, terwyl 'n aantal Nederlandse werkwoorde *zijn* in plaas van *hebben* as hulpwerkwoord in die perfektum het. Afrikaans het, in teenstelling tot Nederlands, ook nie 'n formeel kenbare infinitiefvorm van die werkwoord nie (behalwe in die twee werkwoorde *hê* en *wees*). Vergelyk Raidt 1991:220 en Pheiffer in Botha 1989:77-88.

In "Vooraand" sal 'n hele aantal Afrikaanse verbale vorme deur Nederlandse lesers "in gedagte" aangepas word tydens die leesproses. Die derdepersoonsvorme *lyk, blyk, raak, tik, bly, omhul* is byvoorbeeld in Nederlands *lijkt, blijkt, raakt, tikt, blijft, omhult*. Nederlandse lesers sal *het weggegly, het vooruitgeloop* vertaal as *is weggegleden, is vooruitgelopen*. Ná die modale hulpwerkwoorde *sal* (3x), *moet* (2x) en *sou* (1x) in die slotstrofe sal Nederlandse lesers 'n formeel kenbare infinitiefvorm verwag, dus in plaas van *sal oorwin, sal ontwaak, sal skrik, moet wei, moet oopkrul* en *sou beslag lê, (sou) bekyk, (sou) stoei*, word dit in Nederlands *zal overwinnen, zal ontwaken, zal schrikken, moet weiden, moet openkrullen* en *zou beslag leggen, (zou) bekijken, (zou) duwen*.

Wat die interpretasie van die gedig betref, is dit selfs waarskynlik dat weens die opmerklike verskil wat Nederlandse lesers met die vorme sal ervaar, die belang van die konjunktief-vorm *sou* pertinenter vooropgestel sal wees as vir 'n Afrikaanse leser.

Soos in die geval van spellingverskille, word ook morfologiese verskille deur Nederlandse Eybers-lesers deurgaans as positief ervaar. Van Dis (*NRC Handelsblad*, 26.8.77) skryf byvoorbeeld: "Het wegvallen van de grammaticale uitgangen maakt haar poëzie voor de Nederlandse lezer alleen maar nog kernachtiger en nog economischer." Jan Eijcking (*Prisma-Lectuurvoorlichting*, 26.8.69) praat van Eybers se "weerbarstige, hoekige Afrikaans" en Jan van der Vegt (*De nieuwe linie*, 22.11.78) meen dat Afrikaans by uitstek 'n geskikte uitdrukkingsmiddel is vir die moderne digter:

> Het is een taal die door zijn syntactische en grammaticale eigenaardigheden de mogelijkheid biedt tot pregnant formuleren en tegelijkertijd een grote soepelheid

> vertoont. Met is daardoor ook een taal die zich gemakkelijk naar strakke vormen voegt, vormen zoals ook Elisabeth Eybers die aan haar verzen geeft.

Afrikaanse lesers sal sleg. monologiese probleme ondervind in die enkele gedigte waarin Nederlandse sinsnedes voorkom, vergelyk "Deesdae" (VG-500). Die vier gekursiveerde Nederlandse sinne daarin, *"Laat maar, want jij bent oud"*, *"Je hoeft niet mee,/ dan wordt je haar zo nat"*, *"Wat ben je stil vandaag"* en *"het duurt nog héél héél lang/ voor jij doodgaat - nog meer dan honderd dagen"*, is veral in verbale opsig vir Afrikaanse lesers opvallend.

11.4 LEKSIKALE VERSKILLE: PROBLEME VIR NEDERLANDSE EN AFRIKAANSE LESERS

S.P.E. Boshoff het in *Volk en taal van Suid-Afrika* (1921) die Afrikaanse woordeskat ingedeel in erfgoed, leengoed en eiegoed. L.C. Eksteen (in Botha 1989:372) maak vir sy omskrywing van die Afrikaanse leksikon grootliks daarop staat. Hierdie kategorieë word kortliks bespreek met inagneming veral van die moeilikheidsgraad wat woorde uit elk van hierdie groepe vir Nederlandse Eybers-lesers sal hê.

Raidt (1991:177) wys op die volgende feite in verband met die samestelling van die Afrikaanse woordeskat:

> Die hedendaagse Afrikaanse woordeskat bestaan uit sowat 'n driekwartmiljoen woorde, komposita ingesluit. Hiervan is baie woorde neologismes van die 20ste eeu. Omstreeks 1900 het die Afrikaanse woordeskat op net sowat 50 000 woorde gestaan. Beskou 'n mens hierdie kernwoordeskat, dan word die voedingswortels duidelik. Volgens 'n skatting van J. Combrinck is ongeveer 95% van alle leksikale items in Afrikaans van Nederlandse herkoms, en voor 1806 het geen vreemde taal meer as 1% van die totale woordeskat bygedra nie. Na 1806 het Engels wel 'n aansienlike invloed uitgeoefen. Die Europa-wortels is dus hoofsaaklik dié van (sewentiende-eeuse) Nederlands, met klein, amper minimale bydraes van Duits, Frans en Portugees, en 'n sterker invloed van Engels ná die wordingstydperk. Afrika-wortels is in 'n aantal Khoi-woorde te sien, terwyl die Asië-wortels in Maleise en Kreools-Portugese leenwoorde herkenbaar is.

ERFGOED

Afrikaans het 'n groot deel van sy woordeskat dus uit Nederlands geërf. Sewentiende-eeuse literatuurtaal, seemanstaal, handelstaal en volkstaal, klugte en volksliedere, Duitse en Franse leenwoorde in Nederlands, was die belangrikste herkomsgebiede. By 'n groot aantal woorde is daar gevolglik weinig verskil tussen Nederlands en Afrikaans sodat dit 'n gemene deelgebied is wat as die basis van gemeenskaplikheid beskou kan word wat Eybers se resepsie deur twee verwante taalgroepe moontlik maak. Voorbeelde van die

gemeenskaplike woordeskat het reeds duidelik geblyk in 11.2 waar Afrikaanse woorde uit "Vooraand" opgenoem is wat selfs nie eens wat spelling betref verskil van die Nederlandse woorde nie.

Daar is ook erfgoed-woorde wat in die loop van die 17de en 18de eeue uit Europese (Standaard-) Nederlands verdwyn het, maar aan die Kaap bly voortleef het; vgl. *borsspeld (broche), bult (heuvel), party (enige, menige)*. Aangesien Afrikaans hoofsaaklik uit die 17de-eeuse volkstaal ontwikkel het, terwyl aan die ABN die taal van die stedelike burgery van Amsterdam en Den Haag ten grondslag lê, is dit begryplik dat talle woorde uit die Nederlandse dialekte bly voortbestaan het, maar nie in ABN opgeneem is nie (vgl. *dennebol, runnik, vat, spog*). Sien Raidt 1991:177,179.

LEENGOED

Afrikaans het, net soos Nederlands, deur direkte kontakte baie woorde aan Europese tale ontleen. Soms neem Nederlands en Afrikaans leenwoorde uit twee verskillende Europese tale vir dieselfde begrip. Die Franse leenwoord *parapluie* is byvoorbeeld gebruiklik in Nederlands, terwyl die Portugese leenwoord *sambreel* in Afrikaans gebruik word. Indien Eybers *pincet, bougie* in 'n gedig sou gebruik, sou geen Nederlander dié woorde hoef na te slaan nie, maar Afrikaanse lesers wat gewoond is aan elegoed soos *haartangetjie* (of die Engelse *tweezer*) en *vonkprop* (of die Engelse *spark plug*) wel.

Soms het oorspronklike leenwoorde hulle so aan 'n taal se klanksisteem aangepas dat hulle vreemde herkoms byna nie meer opval nie (vgl. die oorname in Nederlands van Engelse sportterme soos *racen, hockeyen* en die Afrikaanse *brekfis* van die Engelse *breakfast*). Soms is die ontlenings sterk vervorm (vgl.die Afrikaanse *arrie-warrie* van die Franse *au revoir*). Leengoed in Afrikaans waarmee Nederlanders besondere probleme sal ondervind, is dié woorde wat aan veral Khoekhoens, Afrika- en Oosterse tale ontleen is. Voorbeelde uit Eybers-gedigte word in 11.4.1.2 bespreek.

Ek wil nie in besonderhede ingaan op die verskynsel ontlening nie. Bowendien wil ek die begrip hier spesifiek gebruik om die direkte oorname van woorde, vaste uitdrukkings of literêre en ander verwysings uit Latyn, Frans, Italiaans en Duits in Eybers-gedigte mee te omskryf. 'n Onderskeid kan gemaak word tussen algemeen gebruikte, ingeburgerde leenwoorde in Afrikaans (waarvan voorbeelde in 11.4.1.2 bespreek word) of Nederlands (bv. *pied-à-terre*), "literêre" begrippe uit die westerse poësie-tradisie (*in memoriam sororis*), terme uit vakgebiede (*hemi-facialis spasme*), en aanhalings uit ander tale (*non, ne me quitte pas*). 'n Aantal van die woorde of vaste uitdrukkings hieronder is baie meer bekend in die

Eybers-idiolek

Nederlandse omgangstaal as in Afrikaans, maar volledigheidshalwe gee ek alle woorde van direkte vreemde herkoms weer.[4]

Die Franse woorde wat Eybers gebruik is "petit feu" (VG-234), "métier" (VG-336), "pied-à-terre" (VG-441), "clair-obscur" (VG-461), "force majeure" (VG-495 en VG-584), "grande dame" (VG-543), "non, ne me quitte pas" (VG-581) en "truc" (VG-584). Latynse uitdrukkings is "In extremis" (VG-277), "homo sapiens" (VG-315), "In absentia" (VG-331), "Lectori Salutem" (VG-377), "Modus vivendi" (VG-400), "Nolens volens" (VG-439), "In memoriam sororis" (VG-515), "Fata morgana" (VG-555), "Hemi-facialis spasme" (VG-579 en TS-19/43), "Vademekum" (VG-598) en "status quo" (TS-11/35). "Dichtung und Wahrheit" en "Das Ding an sich" (VG-531) is Duitse "literêre" terme, en dan is dit ook die Italiaanse musiekterm "sotto voce" (VG-592) en die "nuwe wêreld"-woord "eldorado" (TS-20/44). Eybers maak soms haar eie Afrikaanse woord van 'n vreemde woord. Vergelyk "siborie" (VG-498).[5]

Begripsprobleme wat sowel Afrikaanse as Nederlandse lesers as gevolg van hierdie direkte oornames uit ander tale mag ondervind, hoort by die "normale" tipe begripsprobleme (dikwels moet dit met behulp van ensiklopedieë opgelos word) waarmee poësielesers soms te kampe het. In teenstelling egter tot 'n digter soos Ida Gerhardt wat "Aantekeningen" verskaf aan die einde van bundels waarin byvoorbeeld Hebreeuse, Griekse en Latynse woorde voorkom (Gerhardt 1988:729-740), gee Eybers geen verklarings nie.

EIEGOED

Om verskeie redes en met verskeie middele is 'n groot woordeskat opgebou wat in Afrikaans self gevorm of geskep is. Die nuwe woordformasies is meestal samestellings, afleidings, kontaminasie- of analogie-vorme wat op die Nederlands-Germaanse patroon van woordvorming gebaseer is (Raidt 1991:183). Daarom sal Nederlandse lesers groot probleme hê om te onderskei of Eybers-woorde wat nie tot die Nederlandse woordeskat behoort nie, oorspronklike Eybers-neologismes of algemene gebruiksafrikaans is.

WERKMETODE

Soos wat reeds in 11.2 en 11.3 met betrekking tot spelling en morfologie geblyk het, is daar talle gemeenskaplikhede maar ook belangrike verskille tussen Afrikaans en Nederlands. Dit geld ook met betrekking tot die woordeskat. Die invloed van leen- en eiegoed is groot, ten spyte van die groot hoeveelheid erfgoed, en dit verklaar waarom

Afrikaans baie woorde het wat in Nederlands onbekend is, of wat 'n betekenisverandering ondergaan het in vergelyking met Nederlands, terwyl die omgekeerde hiervan ook waar is (sien Pheiffer in Botha 1989:91).

Om vas te stel in watter mate Eybers se twee stelle lesers met taalprobleme gekonfronteer s. kwees wo: ns verskillende basiese taalkompetensies, is dit nodig om spesifieke probleme in gedigte te identifiseer. Een metode van identifikasie sou 'n steekproef-opname onder die twee groepe lesers kon wees. In 1989 het ek dié metode op die proef gestel deur 'n opname aan die hand van Eybers-gedigte te onderneem met 25 derdejaarstudente in Afrikaans en Nederlands (van wie baie se moedertaal Engels is) aan die Universiteit van die Witwatersrand. Dit het geblyk dat individue se taalkennis en aanvoeling vir die "vreemdheids"-waarde van woorde onderling só verskil dat dit vir my doel 'n uiters arbitrêre ondersoeksmetode is.

Ek verkies 'n werkwyse wat minder onderhewig is aan die toevallige en willekeurige taalkennis van individue. Nederlandse en Afrikaanse verklarende woordeboeke word in hierdie hoofstuk telkens as norm gebruik om vas te stel of 'n bepaalde woord tot Afrikaans en/of Nederlands se woordeskat gereken word. Elk van die twee stelle lesers word dus op grond hiervan "gekrediteer" met 'n potensiële kennis van al dié woorde wat in woordeboeke van die standaardvorm van die betrokke stel se taal opgeteken is.[6]

Eksteen (in Botha 1989:359) wys daarop dat 'n groot deel van die versameling van alle items wat in 'n taal se leksikale voorraad voorkom, in woordeboeke opgeneem word, maar hy voeg by: "Die omvang van die woordeskat van 'n taal is oneindig, sodat geen woordeboek dit totaal kan weergee nie." 'n Woordeboek kan dus slegs beskou word as "'n deelversameling van die versameling leksikale items in 'n taal". Weens die omvattende ensiklopediese en dialektiese aard van die reeds voltooide dele van die WNT en die WAT, het ek 'n bewuste keuse daarvoor gemaak om nié hierdie woordeboeke te gebruik nie, maar eerder kompakter woordeboeke wat veral gerig is op die standaardvorms van Nederlands en Afrikaans. Ten spyte van Eksteen se waarskuwing dat selfs die omvattendste woordeboek nie volledig is nie, beperk ek my "kontrole" tot woordeboeke wat myns insiens potensieel nader as die WNT en WAT, of selfs Van Dale, staan aan die gemiddelde taalgebruiker se persoonlike leksikale kennis. Dié woordeboeke is M.J. Koenen en J. Endepols se *Verklarend Handwoordenboek der Nederlandse Taal*, 27ste druk, 1974; en P.C. Schoonees e.a. se *HAT: Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*, derde druk, 1971. Die verskyningsdatums van die woordeboeke is ongeveer tien jaar ná die begin van Eybers se "Nederlandse" fase.

Dit is nie nodig om elke woord in Eybers se meer as 350 gedigte sedert die verskyning van *Balans* in woordeboeke na te gaan nie. My keuse van naslaan-woorde is bepaal deur persoonlike kennis van die twee tale en 'n daarop-gebaseerde vermoede dat 'n woord in een of selfs albei van die twee tale onbekend mag wees. Woorde uit Eybers se "Nederlandse" bundels wat ek identifiseer as potensieel eie aan Afrikaans of eie aan Nederlands en wat moontlik vir die een of die ander groep lesers dus probleme mag oplewer, word in albei tale se woordeboeke nagegaan om vas te stel of hulle wel in albei, slegs in een van die twee woordeboeke of selfs in géén van die woordeboeke voorkom.

As gevolg van die feit dat Nederlands en Afrikaans 'n groot gemeenskaplike woordeskat het, kom die meeste woorde in Eybers-gedigte uiteraard in albei tale se woordeboeke voor en geen aandag word verder hieraan gegee nie omdat dit vir albei groepe lesers ewe "normale" en toeganklike woorde is. Woorde wat slegs in een van die twee woordeboeke voorkom, word beskou as behorend hoofsaaklik/slegs tot daardie taal en dus as problematies en vooropgestel vir die ander taal se lesers.

11.4.1 LEKSIKALE PROBLEME VIR NEDERLANDSE LESERS

'n Noukeurige lees van Eybers se "Nederlandse" gedigte lewer ongeveer sestig Afrikaanse woorde op wat geen herkenbare verwantskap met Nederlandse woorde het nie, of wat etimologies so vreemd ontwikkel het dat begripsprobleme nie maklik deur Nederlanders met behulp van bv. analogie- of afleidingstegnieke opgelos kan word nie. Hierdie probleemwoorde behoort tot die kategorieë "verbasterde" erfgoed, leengoed en eiegoed waaruit die Afrikaanse woordeskat saamgestel is.

11.4.1.1 "VERBASTERDE" ERFGOED

Talle van die woorde wat hieronder opgenoem word, het volgens Afrikaanse etimologiese bronne (ek verwys na Boshoff & Nienaber 1967) 'n Nederlandse herkoms en word dus in Afrikaans as "erfgoed" bestempel.[7] Vir Nederlanders is hierdie woorde egter onbekend.

In Eybers-gedigte is onder meer die volgende "verbasterde" erfgoed-woorde aanwesig: *katools* (VG-243) in die betekenis "bronstig, loops" (Boshoff & Nienaber 1967:345 beweer dat dit verband hou met die Nederlandse woord "Katholiek"), *katswink* (VG-269) in die betekenis "duiselig, flou" (volgens Boshoff & Nienaber 1967:346 miskien verbandhoudend met die Nederlandse "katzwijm"), *bolmakiesie* (VG-265; sien Boshoff & Nienaber 1967:177),

bra (sien Boshoff & Nienaber 1967:183), en in kombinasie, *ramkat* (VG-292), *getorring* (VG-303; volgens Boshoff & Nienaber 1967:653 afkomstig van Nederlands "tornen/torren"), *doepa* (VG-333 en -511; toorgoed; volgens Boshoff & Nienaber 1967:201 uit Maleis via Nederlands in die 17de eeu), *rinnewasie* (VG-410; volgens Boshoff & Nienaber 1967:543 oorspronklik van die Nederlandse "ruïneer" afgelei[5]), *honou* (VG-450; volgens Boshoff & Nienaber 'n uitdrukking om diere tot stilstand te bring en 'n verbuiging van "nou" met die Nederlandse woorde "hal" en "hol"), *goiingsak* (VG-493; sien Boshoff & Nienaber 1967:264. Lieske 1986:384 vind dit tereg nodig om vir sy lesers die vertaling "jute" te gee), *horreltjies* (VG-501; volgens Boshoff & Nienaber 1967:292 is die herkoms van hierdie uitdrukking wat beteken om rus of uitstel by kinderspel te vra, terug te voer tot die Nederlands "horrel" wat "hapering/stoornis" betek..n), *kasarm* (VG-504; volgens Boshoff & Nienaber 1967:342 herleibaar tot die Nederlandse woord "kaserne" of soldatekwartier wat in Afrikaans 'n "hele boel, menigte" geword het).

Woorde wat verder moeilik vir Nederlandse lesers sal wees, is *gasie* (VG-295; volgens Boshoff & Nienaber 1967:238 afkomstig van Nederlandse "gage", wat, soos Raidt 1980:170 aandui, 'n Franse leenwoord is), *oulap* (VG-328; volgens Boshoff & Nienaber 1967:473 is dit afkomstig van Nederlands "ou(de) lap" en dui dit op iets minderwaardig, 'n klein bedrag), *ritteltit* (VG-450; volgens Boshoff & Nienaber 1967:544 hou dit miskien verband met Ndl. "ritselen" in die betekenis "beef, bibber, ril, sidder").

'n Woord wat in Nederlands ook nie meer bekend is nie, is *kaperjol* (VG-547, TS-19/43). Dit beteken in Afrikaans klugtige sprong, verspottigheid, dwase streek. Nederlandse lesers sal moontlik aan die woord "kaper" dink: iemand wat die kaapvaart/seerowery beoefen. Miskien sal "capriool" (Fr. van oorsprong) wat bokkesprong of "malle streek" beteken, Nederlandse lesers te binne skiet as die toepaslike betekenis w nneer hulle lees:

> (...) soms verras
> 'n vinnige hartkaperjol jou

en

> Die kaperjolle van verval (...).

11.4.1.2 LEENGOED

Veral woorde wat Afrikaans uit Oosterse en Afrika-tale oorgeneem het, is onmoontlik vir Nederlandse lesers om tuis te bring sonder die hulp van 'n Afrikaanse woordeboek. In Eybers se gedigte is die volgende woorde voorbeelde hiervan: *geabba* (VG-417; volgens

Eybers-idiolek

Boshoff & Nienaber 1967:121 van Korana- en Nama-oorsprong en beteken dit om byvoorbeeld 'n kind op jou rug te dra), *baie* (VG-537; beteken "veel" of "erg" en volgens Boshoff & Nienaber 1967:149 afkomstig van die Maleise woord "banja(k)"[9]), *Korannawagtertjie* (VG-350; sien Boshoff & Nienaber 1967:366), *knopkierie* (VG-489; Boshoff & Nienaber 1967:351 wys op die Khoi-San-herkoms van die woord. Lieske 1986:384 gee tereg as vertaling van die tweede komponent "stok").

Ander ingeburgerde leenwoorde wat Eybers gebruik, is hoofsaaklik uit Engels afkomstig. Vergelyk *gekleim* (VG-441; volgens Boshoff & Nienaber 1967:354 van die Engelse "claim").

11.4.1.3 EIEGOED

Afrikaanse eiegoed bestaan in 'n groot mate uit woorde wat geskep word uit 'n samevoeging van reeds bestaande enkelwoorde wat dikwels behoort tot die gemeenskaplike woordeskat van Afrikaans en Nederlands, maar wat as komposita vir Nederlanders onbekend is. Voorbeelde hiervan is *duikweg* en *verkeerslig* vir die Nederlandse *tunnel* en *stoplicht*. Die oorblywende Afrikaanse woorde in Eybers se gedigte waarmee ek meen Nederlanders dus ook spesifiek probleme sal hê, is komposita waarin ten minste een van die samestellende dele se betekenisse vir Nederlanders as bekend veronderstel kan word, maar wat as komposita onbekend in Nederlands is.

So is "trap" en "s/zoet" bekende Nederlandse woorde wat albei net soos in Afrikaans meer as een betekenis het, maar ten spyte van 'n visueel-noukeurige beskrywing (VG-265), is dit te betwyfel of Nederlanders 'n chameleon sal herken in:

> Die krom *trapsoetjies* op sy tak ontsluit
> 'n dromerige handjie en strek dit uit.

Ook in Afrikaans is *trapsoetjies* 'n sogenaamde ondeursigtige kompositum omdat die kompositumbetekenis nie sonder meer uit die betekenisse van die samestellende dele afgelei kan word nie (vergelyk Gouws in Botha 1989:385). Vir 'n Afrikaanssprekende is die p[illegible]el egter bekend.

Komposita wat probleme sal oplewer, maar wat "vertaalbaar" behoort te kan wees vir Nederlandse lesers wat moeite doen om elk van die samestellende dele se betekenis te ondersoek, is o.a. *wilde-als* (VG-235), *kabbelhawe* (VG-317), *boomskraap* (VG-399), *blaastyd* (VG-447; nie in Boshoff & Nienaber), *haakspeld* (VG-502), *aankapkniel* (VG-509), *borriegeel*

(VG-527), *aasvoël* (VG-578), *potklei* (VG-580) en *rissiesap* (VG-585). Nederlandse lesers sal veel langer moet stilstaan by hierdie woorde as Afrikaanse lesers.

Terwyl 'n huis in Afrikaans "verbou" maar ook "omgebou" kan word wanneer die basiese vloerplan uitgebrei word, is die woord *ombou* (VG-309; titel van 'n gedig) slegs via Duits bekend in Nederlands. "Witte brood" is bekend, maar nie in die Afrikaanse betekenis van "gunsteling" in *witbroodjie* (VG-440) nie. Springbok is bekend as uitheemse diersoort, maar die woord "biltong" in kombinasie daarmee in *springbokbiltong* (VG-492) sal sekerlik probleme oplewer.[10] *Ouma* (VG-481) in plaas van "Oma" sal opval en waarskynlik meer letterlik opgeneem word as deur die Afrikaanse leser. Die reduplikasie van werkwoorde is in Nederlands onbekend (sien Raidt 1991:225), maar *voel-voel* (VG-593) sal waarskynlik wel as "al voelend" vertaal kan word deur Nederlandse lesers. *Op pad na* (VG-509) vir "onderweg naar", *nie waar* (VG-459) vir "niet waar" en *end-uit* (VG-509) vir "tot aan het einde", sal vreemd maar waarskynlik verstaanbaar wees.

'n Enkelwoord soos *slát* (VG-539) vir "sla(an," sal begryplik wees, maar *looi* (VG-369) in ongeveer dieselfde betekenis is vir Nederlanders totaal onbekend (nie vermeld in Boshoff & Nienaber 1967 nie).

'n Ander groepie moontlik problematiese Afrikaanse woorde is *opsluit* (VG-472) in die betekenis van "absoluut, beslis", *warrelig* (VG-568), *staanspoor* (VG-582) en *rittelende* (VG-586). Soms is 'n woord idiomaties van aard en word deur Afrikaanssprekendes nie letterlik opgeneem nie; vergelyk *hardepad* (VG-360) vir tronkstraf (nie in Boshoff & Nienaber 1967).

Die woorde wat hierbo aangedui word, is almal problematies vir Nederlandse lesers. Verhoudingsgewys is dit egter nie 'n besonder groot hoeveelheid vreemde woorde om mee gekonfronteer te word in 'n totaal van 365 gedigte in Eybers se "Nederlandse" bundels nie. Ek gaan hier nie verder daarop in nie, maar dit is belangrik om te onthou dat in sommige kontekste "onverstaanbare" woorde die interpretasie van die gedig waarin dit voorkom, sterk kan beïnvloed, terwyl dit in ander kontekste dalk nie so bepalend sal wees nie.

Die sestigtal woorde wat hierbo genoem word, is oor die algemeen vir Afrikaanse lesers glad nie vreemd nie. Die *konteks* waarin veral informele woorde soos "honou", "bra ramkat", "rinnewasie" en "geabba" gebruik word, sal egter ook vir 'n Afrikaanse leser opvallend wees. Ek beweer met die aandui van hierdie woorde as problematies vir

Nederlandse lesers dus nie dat hulle geen poëtiese vooropstellings-funksie vir Afrikaanse lesers sal hê nie.

11.4.2 LEKSIKALE PROBLEME VIR AFRIKAANSE LESERS

'n Honderd en vyftigtal woorde in Eybers se "Nederlandse" gedigte is volgens my ondersoek uiters problematies vir Afrikaanse lesers. Hierdie probleme wissel van woorde wat heeltemal onbekend is in Afrikaans tot woorde wat met 'n bietjie verbeeldingryke inlewing begryplik sal wees. In vergelyking met die sestigtal woorde wat in 11.4.1 genoem is, is die getal vreemde woorde waarmee 'n Afrikaanse leser te kampe het, dus aanmerklik hoër. Daar moet egter in gedagte gehou word dat ek hier konsentreer op *enkelwoorde* en nie op die algemene *inbedding* van hierdie woorde nie. Omdat Afrikaanse lesers oor die algemeen vertroud is met die spelling, morfologie en sintaksis wat in Eybers-gedigte voorkom, is die algemene "gedig-omgewing" vir hulle baie meer vertroud as vir Nederlandse lesers en het hulle dus steeds 'n groot begripsvoorsprong.

11.4.2.1 WOORDE HEELTEMAL ONBEKEND IN AFRIKAANS

Baie Nederlandse woorde het deurgedring tot Afrikaans en in ongeveer dieselfde vorm en betekenis behoue gebly. Daar is egter 'n groot persentasie van die Nederlandse woordeskat wat glad nie in Afrikaans bekend is nie.

Terwyl daar nog relatief min van hierdie eg-Nederlandse woorde in Eybers se eerste "Nederlandse" bundels is, word die frekwensie daarvan steeds groter in haar later bundels. Hier onder volg 'n lys van woorde wat Afrikaanssprekendes nie ken nie. In enkele gevalle ken hulle wel die figuurlike, maar nie die letterlike betekenis nie (vgl. "bolwerk").

"Spaakbeen" (VG-235), "apepak" (VG-304), "ober" (VG-314), "dukdalf" (VG-317), "tentamen" (VG-104), "suppoost" (VG-334), "agenda" in die betekenis van "dagboekie" (VG-336; vergelyk "agendalose dae", VG-401), "spullebaas" (VG-336[11]; sien Van Niekerk 1987:111), "janklaasespel" (VG-341), "afgepas" (VG-345, asook TS-18/42; van "afpassen" - sien Van Niekerk 1987:181), "kraakpand" (VG-372), "grabbelzak" (VG-378), "grabbelende" (VG-398) en "grabbel" (VG-19), "bolwerk" (VG-406), "grondsop" (VG-415), "tamtam" (VG-387), "bel" (gebruik soos in VG-431), "marsjandeer" (VG-441), "armslag" (VG-441), "remise" (VG-456), "aanbieding" as "uitverkoping" en "kersvers" (VG-457), "middenstandsbankdak" (VG-475;

gebaseer op 'n eienaam - van die Nederlandse Middenstandsbank), "sikkeneurig" (VG-485) "spatte" as selfstandige naamwoord (VG-480), "elmboogbog" (VG-504), "aanfluiten" (VG-506; sien Van Niekerk 1987:97), "ingeteer" (VG-510; van "interen" - sien Van Niekerk 1987:187), "samesjor" (VG-554), "plattegrond" (VG-568), "elpekleurig" (VG-575), "straatsteen" (VG-578), "kutteltjies" (VG-584[12]), "aaibaar" (VG-584[13]), "stakker" (VG-591), "monter" (VG-592) en "vademekum" (VG-598).

Alhoewel "kit" as selfstandige naamwoord wel in HAT voorkom, is dit baie onbekend in Afrikaans. Eybers gebruik die woord in "Reflek-" (TS-12/36) in 'n werkwoordelike funksie:

> aan hierdie omgewing
> hoe skeef dit ook sit
> bly ek voorlopig
> blindelings gekit.

In Nederlands is "kitten" wel bekend: "door middel van kit of een kitmiddel, watervast bindmiddel, aaneenlijmen".[14]

Vir vertalings van die meeste woorde word die Afrikaanse leser verwys na 'n Nederlandse woordeboek soos dié van Koenen & Endepols.[15]

11.4.2.2 ONBEKENDE WOORDE BEGRYPLIK BINNE GEDIGKONTEKS

Behalwe bogenoemde vreemde woorde is daar ook 'n groot aantal Nederlandse woorde in Eybers se poësie waarvan die betekenis afgelei sal kan word deur Afrikaanse lesers danksy die konteks. Dit is woorde wat dikwels verband hou met bekende Afrikaanse woorde (vgl. "fietsers" i.p.v. "fietsryers" of "sindsdien" vir "sedertdien") en wat vir die Afrikaanse leser opvallend is. As sodanig sal die vooropstellingsfunksie hiervan vir die Afrikaanse leser dus ooreenkom met woorde in 11.4.1 wat weer vir Nederlandse lesers problematies is.

Onbekende woorde sluit die volgende in: "lessing" (VG-241), "gerig" oftewel "gericht" in Nederlands wat regsproses beteken (VG-248), "sindsdien" (VG-254), "kier" (VG-254), "langsaamaan" (VG-257) en "langsaam" (VG-433), "ontstyg" (VG-275), "vuilnisemmers" (VG-280), "kou" vir "koue" (VG-292), "baan" vir "loopbaan" of "weg" (VG-294[16]), "huid" (VG-295), "eens" vir "een keer" (VG-296), "geteur" vir "gesanik" (VG-298 en VG-501), "afding" (VG-301), "sigsag" (VG-303), "gewend" (VG-316), "adembenemend" (VG-332), "druktemaker" (VG-338), "warm bakker" (VG-341), "afgepaste tydverdryf" (VG-345) en

"afgepas" (VG-412) - albei is afleidings van "afpassen" wat beteken om afstande tussen gegewe punte af te tree; "met de pas afmeten", "jaareinde" (VG-353), "veelal" (VG-354), "sinds", "fietsers", "dykwagters", "nieubou" en "asosiale" (VG-358), "meld aan loket" (VG-361), "blommeman" (VG-370), "vergiet" vir "vergietes" en nie as werkwoord nie (VG-371), "weggestop" (VG-379), "juis gelee" vir "gerieflik gelee" (VG-389), "af te wen" (VG-389), "sjieker sigarettemerk" (VG-399), "gedoe" (VG-400), "afloop" en "aanvang" (VG-401), "raster" (VG-404), "heelnis" (VG-408), "niks meer te vertel" (VG-411), "herfsdeun" (VG-412), "afgepas" (VG-412), "plots" (VG-421 en VG-497, TS-10/34 en 20/44), "dampige" (VG-413), "skrikdraad" (VG-416), "te doen"" (VG-423), "veelal" (VG-424), "librarium" (VG-434; sien Van Niekerk 1987:149), "stopligte" (VG-434), die titel "bestand" (VG-4[illegible] en 469) in die betekenis "wapenstilstand" en "totaal van gelyksoortige gegewens; aantal beskikbare hoeveelheid", "kip" (VG-447), "voorhoof" (VG-453), "heuningraat" (VG-453), "Neergang" (VG-464; sien Van Niekerk 1987:158), "aftands" (VG-468), "ondiep" (VG-471), "kadewal" (VG-474), "hort" (VG-496), "dit hoef nie meer" (VG-493), "vollemaan" (VG-498), "gaan fiets" (VG-500), "dit daargelaat" (VG-501), "binnel>ggie" na anologie van die Nederlandse woord "binnenpret" (VG-509), "ingeteer" (VG-510), "deer" (VG-510), "buro" vir "kantoor" (VG-518), "aanfluit" (VG-518), "klaar" vir "helder" (VG-525; ook in die uitdrukking "klaar voor die gees", VG-21), "rondult" (VG-531), "roostertrou" (VG-534), "ontstentenis" (VG-534), "uitstalwaar" (VG-537), "seldsaam mooi" en "spiegeling" (VG-555), "snel" VG-(556), "dit luk" (VG-557), "van digby" (VG-557), "warrelig" (VG-568), "maatloos" (VG-568), "gedrenk" (VG-571), "winterhard" (VG-575), "bejaarde mevrou", "straatsteen" en "gesmak" (VG-578), "piepjong" (VG-584), "nooit van gehoor" (VG-589), "voer vir die joernalistiek" vir "materiaal" (VG-591) en "bergplek" vir "stoorruimte" (VG-595).

Hierdie lys sluit enkele woorde in wat ook in HAT voorkom (vergelyk "kier", "straatsteen" en "gesmak"), maar hulle is relatief ongebruiklik in Afrikaans terwyl dit die mees alledaagse en gangbare woorde, of afgeleide vorme daarvan, is om in Nederlands vir daardie betekenisse te gebruik.

Van Niekerk (1987:162) wys in 'n analise van "Puntdig" (VG-512); daarop dat dié woord in sowel Afrikaans as Nederlands beteken "op een korte, geestige en vaak scherpe manier een waarheid ten beste geven". Sy wys ook op die letterlike betekenisse van "verskilpunt" en "koppig" wat in hierdie gedig "'n ekstra betekenislading verkry met betrekking tot die geslagtelike". Dit is van belang om te wys op die konteks-spesifieke of "occasionele" betekenis wat woorde dikwels in poësie het. Volgens Van Luxemburg, Bal en Weststeijn (1981:199) is daar sprake van "occasionele betekenis" wanneer 'n woord deur die konteks bepaal word, en bybetekenisse wanneer 'n mens betekenisse ook buite die konteks met die hoofbetekenis kan assosieer: "De bijbetekenis wordt dikwijls door het woordenboek

gegeven en door de tekst alleen geactiveerd, de occasionele betekenis wordt eenmalig door de context gecreëerd".

> Binne die konteks van 'Puntdig' verkry die woord 'verskilpunt' 'n letterlike bybetekenis, en die titel 'puntdig' asook die woord 'koppig', 'n 'occasionele' betekenis.
>
> (Van Niekerk 1987:162)

'n Gevolg van die feit dat Afrikaanse lesers wel moeite moet doen om die betekenis van bogenoemde woorde te agterhaal, is dat hulle aandag baie pertinent op hierdie woorde gerig word. Vir Nederlandse lesers is dit weer vertroude plekke van herkenning in gedigte wat op allerlei ander gebiede probleme bied.

11.4.2.3 GEBRUIK VAN NEDERLANDSE SINSNEDES

Tydens haar Brussel-lesing in 1963 sê Eybers: "Soms vra iemand my of ek dalk later in Nederlands sal gaan skrywe as ek lank genoeg in Holland gebly het om die taal goed baas te raak. Dit kan ek my nouliks voorstel. Afrikaans is nie alleen die taal van my bewuswording nie, maar ek voel oortuig dat dit poëties bruikbaarder is as Nederlands" (Hennipman in Nienaber-Luitingh 1975:9). Tot op hede het Eybers getrou gebly aan hierdie voorspelling in verband met haar werk. Nederlands kom in haar gedigte slegs voor by wyse van aanhalings wat die doel het om haar posisie - dikwels juis van ontheemde en vreemdeling - te kwalifiseer. Vergelyk "Afloop" (VG-271) waar die verwysing na "50 vel prima gelinieerd" papier wat gekoop word by "Kantoorboekhandelaars Gebr. Winter" (let op die naam!) 'n duidelike teken is dat die spreker haar in die vreemde Nederland bevind.

In 'n aantal "portret-gedigte", gebruik Eybers Nederlands wanneer sy mense aanhaal of antwoord.[17] Die eerste voorbeeld is "Ode aan kontroleur de Laar" (VG-295). Eers word sy woorde nog in Afrikaans weergegee: "'Soek eers die juiste syfers en kom terug.'" De Laar se "skamper kommentaar", "'Allichtl U bent niet meer in Afrika!'" is die eerste direkte Nederlands in Eybers se oeuvre. In die slotstrofe gebruik die spreker self 'n Nederlandse sinsnede:

> Die keurigste vereffening kos pyn,
> meneer de Laar, of vindt U het wel fijn?

In "Niets van uw dienst?" (VG-315) word die son voorgestel as 'n huis-aan-huis-verkoper wat sy ware aanbied. Aangesien die ek-spreker die son antwoord in (in Afrikaans vertaalde) terme wat in Nederlandse verkoopsituasies gebesig word ("Ek moet my nog

bedink" en "Dankie, nee, geen bestelling vir vandag"), is die veronderstelling dat die son Nederlandstalig is. Nederlandse lesers sal dadelik die groenteboer-jargon herken, terwyl Afrikaanse lesers hierdie reëls nie so maklik sal kan plaas as variasies op 'n geykte patroon nie.[18]

Soos reeds in Hoofstuk 9 aangedui is, is Eybers se gedig "Kritiek" (VG-384) 'n skerp repliek op Warren se resensie oor "Einde van die seisoen". Eybers gebruik 'n passasie uit sy resensie as motto en maak in die hele gedig doelbewus gebruik van Warren se woorde wat weens die kursivering daarvan ook letterlik "uitstaan": "héél lelijk", "Zuidafrikaans", "woedend", en "waar houdt die op?". Sy beklemtoon die tegniek deur telkens te vermeld: "sy selfbewuste term", "(weer sy eie woord)" en "(U merk dat ek van tyd tot tyd siteer.)" Soos in die geval van "Ode aan kontroleur de Laar" is daar skynbaar 'n behoefte om die beskrewe persoon so direk as moontlik te kritiseer en dus word hierdie persone vir ekstra impak gedeeltelik in Nederlands aangespreek.

Die "graffiti-woede" wat Amsterdam reeds lank in sy greep het, vind ook in Eybers se werk 'n neerslag. Sy haal letterlik aan wat sy teen 'n muur lees: "De mensen sterven en zijn niet gelukkig" ("Individualis", VG-413). Dis opvallend dat sy dan met 'n verwysing na J.C. Bloem se beroemde gedig "De Dapperstraat" hierop kommentaar lewer, maar dan wel in Afrikaans:

> Hoewel nooit opvallend kloek
> wandel ek weer vandag daarlangs
> en ondiepsinnig vergewis
> ek my dat 'k leef en selfs, danksy
> jy-weet-wat, stomgelukkig bly.

Deurdat 'n Nederlandse woord - "binnenkwam" - in "Die bommel-ding" (VG-494) voorkom, word die Nederlandse omgewing waarin die gediggebeure sig afspeel, beklemtoon. Die Nederlandse imperfektum-vorm in plaas van die Afrikaanse "binnegekom het", is vir Afrikaanse lesers volkome vreemd en kan dus vir hierdie lesers die misterie oor die "ding" vergroot.

> Die bommel-ding
> *(n.a.v. 'n dagbladberig)*
>
> Iets het vandag die rus verstoor,
> 'n sonderlinge ding, 'n bommel-
> ding wat gemaskerd 'binnenkwam',
> konstabels moes die buurt fynkam
> maar van die stomme ding geen spoor.
>
> 'n Koppeling laat die klemtoon skommel,
> sy narrenaam klink soos 'n grap.
> In my borsholte pols 'n dowwe trommel,

hoe kon hy tussen omstanders ontsnap?
Waar bly die bommel-ding?
Ek wag
tot hy hom aanmeld op 'n dag.

Die woordspel in verband met bom-melding - mits dit natuurlik raakgesien word - is gelukkig in albei tale ewe genoeglik! Behalwe dat Nederlandse lesers geen probleme met "binnenkwam" het nie, speel 'n referensiële en selfs intertekstuele aspek vir hulle mee by die lees van die gedig: Bommel is 'n Nederlandse pleknaam wat selfs voorkom in 'n baie bekende Nederlandse gedig, Martinus Nijhoff se "De moeder de vrouw": "Ik ging naar Bommel om de brug te zien" (Nijhoff 1964:212).[19]

Nederlandse woorde word soms ingevoer om 'n persoon in 'n gedig mede te karakteriseer. In "In absentia" (VG-331) kom die beskrywing "klein doch voornaam" in aanhalingstekens voor. Waarskynlik roep dié woorde - in óf die "ek" óf 'n gemeenskaplike kennis se woordeskat - die eerste indruk op van iemand wat vier jaar later die spreker se geliefde is. Afrikaanse lesers behoort geen probleme hiermee te ondervind nie. Dat dit 'n Nederlandse gas is wat arriveer in "Herstel" (VG-421), is ook duidelik danksy die gekursiveerde groet:

Plots medepligtig knal die voordeur oop,
jy ink die tonnelmonding van die gang.[20]
Dag, roep jy, al wat yl is neem die loop
en ek word in jou swaartekrag gevang.

Die kleinseun in "Deesdae" (VG-500) se dikte Nederlandse woorde word ook gekursiveer. Die funksie hiervan is onder meer om die verskil (ouderdom/jeug) tussen die twee "karakters" in die klein toneelstuk nog skerper te aksentueer.

Die muse skyn my deesdae te vermy.
Niks aan te doen. Geduldig verder gaan.
My kleinseun - vyf-en-'n-half - en ek verstaan
mekaar. *Laat maar, want jij bent oud* sê hy

wanneer ek blyk van onbehendigheid
by die seamstel van 'n speelgoedhyskraan gee.
Hy wil gaan fiets. Dit reent. *Je hoeft niet mee,*
dan wordt je haar zo nat. Dis geen verwyt.

Die dae wedywer om hom te laat gedy,
elke kontoer word liefderyk afgerond,
gepoets, albasterglimmend en gesond.
Die dae het iets anders voor met my.

Wat ben je stil vandaag. Geboë oor
sy lego als hy meer geselligheid.
Ek sing 'n liedjie uit my kindertyd.
Ben jij vra hy beleef *ook lid van het koor?*

Eybers-idiolek

> Hy sê opeens *het duurt nog héél héél lang*
> *voor jij doodgaat - nog meer dan honderd dagen.*
> Gulheid oorskry sy rekenkunde, skraag en
> vertroos ons, maak ons bly en amper bang.

Die dialoog tussen ouma en kleinseun - as dit bv. vergelyk word met die dialoog in "Ode aan kontroleur De Laar" - dui op die intieme taalverbondenheid van die spreker met Nederland(s) wat met verloop van jare ontstaan het.

11.4.3 DIE EYBERS-IDIOLEK: LEKSIKALE PROBLEME VIR NEDERLANDSE EN AFRIKAANSE LESERS

In 11.4.1 en 11.4.2 het geblyk dat Elisabeth Eybers woorde gebruik wat as "vreemd" deur óf Nederlandse óf Afrikaanse lesers aangedui kan word. In Eybers-gedigte kom bowendien baie woorde voor wat vir sowel Afrikaanse as Nederlandse lesers onbekend sal voorkom.

Soms buit Eybers juis die gegewe poëties uit dat woorde onbekend aan gedigkarakters (én aan ontvangers van die gedig) mag wees. 'n Aantal gedigte handel spesifiek oor taal en het die samevoeging van Afrikaans en Nederlands as onderwerp. Veral sewe gedigte uit die "Nederlandse" periode is van belang. In die "Suid-Afrikaanse" gedeelte van *Balans* gaan "Beurtsang" (VG-232) reeds pertinent oor taal:

> Hoe lank kan sinnebeelde ons verbind?
> Verlange put alleen uit die moment
> om te gedy,
> word oud en impotent
> as hy geen mikpunt vir sy voelers vind.
>
> Taal het ons uit twee pole saamgetrek:
> sy wisselstroom sal in die woorde duur
> wat *ons* mekaar ontlok, mekaar toestuur.
> Hy kan sowel bevestig as verwek,
> ál ons kanale binnedring en sluit
> teen elke andersoortige geluid.

Dit is 'n raaiselagtige gedig in Eybers se oeuvre wat nie verklaar kan word op dieselfde wyse as dié groepe gedigte wat 'n nuwe (Hollandse) geliefde beskryf in *Onderdak* en *Kruis of munt* nie. Dat taal as 'n wisselstroom gesien word (dat dit in een baan al hoe swakker word en dan weer in teenoorgestelde rigting gaan), is tekenend van die verlangde wisselwerking tussen mense wat slegs taal as kommunikasiemiddel het. Wanneer "Brief

in Januarie" (VG-245) betrek word, blyk dit wel hoe belangrik kontak vanuit 'n ander wêreldeel vir die spreker is.

In "Ter sake" in *Onderdak* (VG-307) word die ontdekking van 'n nuwe liefde in 'n nuwe omgewing gelykgestel aan 'n hergeboorte en die gepaardgaande aanleer van taal:

> Die eerste (ná ontswagtling)
> wat Lasarus nodig het
>
> om die wonderuur te keur
> is 'n nuwe alfabet ...
>
> Half-tuis nog in die grotland
> waaruit ek tastend keer
>
> moet ek van jou 'n huistaal
> vir hierdie lewe leer

"Kwiksilwertong" (VG-313) behandel 'n soortgelyke aspek van nuwe ervaring wat deurdring tot die wortels van die taal, terwyl die tema ook in "Akkoord" (VG-319) en "Tongval" (VG-321) verder uitgewerk word. In "Verset" (VG-322) en "Woordeskat" (VG-337) kom hierdie aspekte weer na vore. Vergelyk onderskeidelik:

> Die woorde weet hul eie weg. Ek bly
> kort op hul hakke, laat my nie mislei.
> Telkens kom jy met jou bedoeling by.

en

> 'n Ongehoorde woord uit my lektuur
> word dan deur jou verduidelik in die uur
> van mymerende praat

Einder begin met drie gedigte wat handel oor taal en poësie: "Lectori salutem" (VG-377), "Woorde" (VG-378) en "Poësie" (VG-379). In "Woorde" vestig die spreker die aandag op twee tale waartussen sy beweeg:

> Woorde verbeur hul oggendblos
> ook in my moedertaal,
> laat staan die star sintaksisbos
> waar ek nog voel-voel dwaal.
>
> En op my klungeltong verkleur
> woordtinte in ˌ ˈsprek,
> alleen alléén kan ek hulle weer
> met potloodhale wek.

In onderhoude het Eybers al beklemtoon dat haar moedertaal eintlik Engels was (vgl. Lieske & Otten 1990:6). 'n Mens kan dus nie summier aanneem dat sy hier noodwendig na Afrikaans verwys in vergelyking met die "star sintaksisbos" wat dan dalk Nederlands

is nie. Wanneer die vereenvoudigde sintaksis van Afrikaans in ag geneem word, is dit in ieder geval van toepassing.

Die moontlikheid bestaan dat veral Nederlandse lesers sal veronderstel dat " are" woorde behoort tot Afrikaans se algemene woordeskat, terwyl Afrikaanse lesers weer sou kon dink dat dit Nederlandse woorde is. Dit sluit woorde in wat moontlik wel in een of albei tale bestaan, maar wat so 'n lae gebruiksfrekwensie het dat hulle op 'n skaal van argaïes tot neologisties gerangskik sal word deur lesers. Alhoewel die omskrywing argaïes of "woordeboek-agtige", dus negatiewe konnotasies mag hê in teenstelling tot die meer positief-klinkende "neologismes", is dit nie die bedoeling om 'n waardeskaal aan te bring nie. Die aktivering van álle denkbare woorde binne 'n veelseggende verband behoort sekerlik tot die moontlikhede en funksies van poëtiese taalgebruik.

11.4.3.1 "WOORDEBOEKAGTIGE" WOORDE

Van die relatief-onbekende, maar wel bestaande woorde met 'n lae gebruiksfrekwensie in algemene Afrikaans (in Nederlands is dit dikwels hoër) is byvoorbeeld "sondeer" (VG-242 en 424), "eer" (VG-255), "gelaat" (VG-257), "skeut" (VG-254), "van meet af" (VG-300), "berekenaars" (VG-302), "akoliet" (VG-311), "flodderlose" en "beroepsku" (VG-316), "ikonoklas" (VG-318), "uranofaan" (VG-334), "posodonie" (VG-337), "klodder" (VG-360), "ektoplasmies" (VG-383), "nodelose" (TS-13/37).

"Grou" in die betekenis van "grys" word dikwels deur Eybers gebruik, bv. in "Februarie" (VG-550): "Grou straatplavelsel sprei die donker slym/ van nagreën deur die flou dag toegelig". In "31 Desember 1980" (VG-474) kom die woord in die bestek van drie reëls twee keer voor. Meeue se "dwarrelvlug"

> versplinter ook die pleistergroue lug:
> is die see dan onherbergsamer as die land?
> Grou maak amok. Donker gryp toe. Straks sal
> ons eet, daarná, as ons dit kan verduur,
> kyk na die televisie-oujaarsaandvermaak.

Dit is sekerlik nie ondenkbaar dat in die geval van "Grou maak amok" ook "laere volksmassa; gepeupel" (HAT), "het gepeupel" (Koenen & Endepols) bedoel word nie. Dan word 'n meer "woordeboekagtige" betekenis geaktiveer.

Hierdie kategorie woorde hou ek baie klein omdat dit die subjektiefste groep is: dit is ulteraard onmoontlik om te skat watter woorde deur 'n verteenwoordigende groep lesers

van albei taalgroepe as ongebruiklik beskou word. Bogenoemde woorde kom almal voor in sowel HAT as Koenen & Endepols.

11.4.3.2 VERWARRENDE WOORDE WEENS VERSKILLENDE BETEKENISSE IN AFRIKAANS EN NEDERLANDS

'n Sinchroniese vergelyking tussen Standaard-Nederlands en Standaard-Afrikaans toon duidelik aan dat daar tans belangrike verskille is tussen die twee tale wat drie eeue gelede as't ware nog dieselfde was. Talle woorde van 17de eeuse Nederlands (beskaafd en dialekties) het mettertyd aan die Kaap 'n nuwe betekenis gekry omdat koloniste in die nuwe omgewing na dinge verwys het wat wel 'n sekere ooreenkoms met soortgelyke dinge van hulle stamland gehad het, maar wat tog eintlik van 'n ander aard was. Raidt (1991:180-183) wys op 'n aantal dergelike woorde - bv. *dam, drif, skof* en *pad*, terwyl *opdraand, steeks, baken* en *bank* in Afrikaans 'n betekenisverruiming ondergaan het. 'n Interessante betekenisontwikkeling is byvoorbeeld in *dalk*, saamgetrek uit *dadelik*. Terwyl lg. 'n bywoord van tyd is en "middellik, gou" beteken, is *dalk* 'n bywoord met modale funksie en beteken dit "miskien, moontlik".

Sommige woorde in Eybers-gedigte wat in die twee tale verskillende betekenisse het, sal uiteraard konsekwensies hê vir die interpretasie. Lesers wat net Nederlands of net Afrikaans magtig is, sal nie bewus wees van die verskille nie en dus nie besef dat hulle voor 'n interessante leksikale "probleem", 'n geval van dubbelduidigheid in Eybers-poësie te staan kom nie.

In een van die kwatryne in "Memorabilia" (VG-493) staan:

> My kop klop my wakker, weer
> so 'n gollingsak-oggend wanneer
> my lewer wat lewenskuns leer
> my toefluister *dit hoef nie meer.*

Die potensieel-problematiese woord in hierdie gedig is *wat*. In Afrikaans is dit 'n betreklike voornaamwoord sodat "wat lewenskuns leer" 'n byvoegilke bysin is. In Nederlands kan "wat" slegs ná "dat(gene), al(les), en iets" 'n betreklike voornaamwoord wees. In die sinskonstruksie wat hier voorkom moet die indruk van 'n Nederlandse leser wees dat dit 'n onbepaalde voornaamwoord is, dat dit dus beteken "'n bietjie". Ten spyte van die verskillende betekenisse wat "wat" vir Afrikaanse en Nederlandse lesers het, sal dit nie drastiese begripsprobleme tot gevolg hê nie. In ander gedigte met soortgelyke moontlikhede tot verwarring is die grammatikale konteks vir albei taalgroepe meestal

duidelik genoeg om te verseker dat geen leser radikaal ontspoor nie. Die gekursiveerde woorde "Dit hoef nie meer" sal deur Nederlandse lesers nie kan verstaan word as dat die spreker nie meer wil lewe nie, terwyl Afrikaanse lesers meer letterlik sal dink "Dit is nie meer nodig nie."

Dit is belangriker om te wys op die afwykende betekenisse wat 'n twintigtal ander woorde in Eybers se gedigte het.

In "Desember" (VG-291) skryf sy:

> (...) Ek hou van jou
> maar moes self vort verlede jaar
> om iets wat heel was te onthou.

In Afrikaans is *hou van jou* 'n relatief ligte en vryblywende uitdrukking van vriendskaplike geneentheid, terwyl dit in Nederlands beteken "ek het jou lief/ ek bemin jou". Dit is duidelik dat twee stelle lesers totaal verskillende indrukke sal hê van die gevoelens wat beskryf word. Vir albei stelle lesers is *onthou* ook 'n baie ambivalente woord. Dit kan beteken "achterhouden"/"terughou" of "in het geheugen houden"/"handeling van nie vergeet nie".

Die aangrypende slotstrofe van "Deesdae" (VG-500) is:

> Hy sê opeens *het duurt nog héél héél lang*
> *voor jij doodgaat - nog meer dan honderd dagen.*
> Gulheid oorskry sy rekenkunde, skraag en
> vertroos ons, maak ons bly en amper bang.

Die verwarrende woord hier is *amper*. Soos wat Boshoff & Nienaber (1967:137) aandui, beteken "amper" in Nederlands "byna nie" oftewel "ternouernood", terwyl dit in Afrikaans net "byna" beteken. As jy dus in Afrikaans sê: "Ek het amper die trein gehaal", dan staan jy nog op die perron, terwyl 'n Nederlander puffend, maar wél agteroorgeleun in die kompartement sal sit wanneer hy sê: "Ik heb amper de trein gehaald." Alhoewel talle kritici na hierdie gedig verwys (o.a. Nienaber, 1985; Olivier, 1986; en Hambidge, 1986), is dit net Hugo (1986) wat sy lesers attendeer op die ambiguïteit in Eybers se gebruik van "amper":

> Gelees binne die Nederlandse konteks van die gedig word die 'amper' in die slotreël dubbelsinnig (vir lesers wat albei tale ken - EJ). Teenoor die Afrikaanse betekenis 'byna', beteken 'amper' in Nederlands 'skaars' of 'nouliks'. Die rymwoorde 'dagen/skraag en' is ook 'n tipiese truuk van die Nederlandse poësie, waarmee die Nederlandse betekenis-moontlikheid van 'amper' waarskynlik gemaak word. Eybers se poësie het aan vernuftigheid niks ingeboet nie!

In "Alleen is makliker" (VG-405) het Eybers waarskynlik sekerlik die Afrikaanse betekenis van "armoedige" voor oë met die woord *ampertjies*:

> Alléén is so 'n soort ampertjies bestaan.

Tog val die Afrikaanse en Nederlandse betekenisse in hierdie konteks grootliks saam.

In "Aanwins" (VG-549) skryf Eybers oor "die slaap en *amperslaap*" waar twee betekenisse moontlik is vir laasgenoemde woord. Volgens 'n Afrikaanssprekende slaap die spreker steeds net nie, terwyl 'n Nederlander sal dink dat sy ternouernood tog slaap.

Hieronder volg 'n kort samevatting van enkelwoorde wat verskillende betekenisse het in Afrikaans (A; telkens eerste as omskrywing gegee) en Nederlands (N; as tweede omskrywing gegee).

blarewrongel (VG-323): A= vasgevoegde hare of tou; N= gestremde melk waaruit kaas gemaak word. Waarskynlik is eersgenoemde betekenis van "wrongel" toepaslik in:

> wreefdiep beweeg ons deur ou blarewrongel

pareer (VG-323): A en N= 'n woord uit die skermkuns wat beteken om 'n steek af te wend. N= word dit dikwels in oordragtelike sin gebruik, bv. "in een discussie een aanval pareren", en ook nog 'n woord uit die rykuns om 'n perd tot stilstand te bring. Waarskynlik is veral die Nederlandse oordragtelike betekenis van toepassing in:

> (...) toneel
> van blindelingse uitval en pareer
> twee jaar gelede plotseling afgespeel.

krinkel (VG-393): A en N= kronkel, draai en krul; N= ook nog 'n deur 'n virus veroorsaakte plantsiekte waarby punt en rand van blare ombuig en kroes word. Waarskynlik is eg. betekenis korrek, maar die tweede, slegs Nederlandse betekenis, verleen 'n interessante ekstra, ironiese betekenis aan die beginreël van "Opstanding:

> Teer knoppies krinkel, waaier oop
> ter delging van die swart versuim:

gedoe (VG-400): A= minder gebruiklike wisselvorm van gedoente; N= uitermate hoë (informele) gebruiksfrekwensie en beteken drukte of lastigheid. Lg. gevoelswaarde speel m.i. hier mee:

> Eendersgesind versaak hulle af en toe
> die daaglikse dwangmatige gedoe,

Eybers-idiolek

asvaal (VG-440): A= 'n vaste uitdrukking vergelykbaar met byvoorbeeld pikswart, spierwit ens. Blanke Suid-Afrikaners wat "asvaal van die skrik" is, word sekerlik bedoel in:

> Hy wulf die spektrum weg, beklink
> 'n kerker vir asvaal getint.

In Nederlands is elk van die samestellende dele bekend, maar nie in kombinasie nie. Nederlanders sal miskien aan "asgrauw" dink - wat dieselfde betekenis as vir Afrikaanse lesers sal oplewer.

rad (VG-442): A= minder gewone, deftige vorm van rat; N= wiel. Lg. (dus 'n halwe bolmakiesie) word sekerlik bedoel in:

> Orion die kopstaan-harlekyn
> het sy smal middel ingebind
> en rats 'n halwe rad geslaan

stulp (VG-465): A= laat ophou, strem, droefheid lenig, dik word, stol; N= "als een stolp plaatsen over', binneste buite keer (bv. 'n kous). Hier is dus verskillende betekenisse. Indien Nederlandse lesers egter besef dat "stulp" ooreenkom met "stelpen", sal hulle en Afrikaanse lesers dieselfde verstaan onder:

> diep uit jou kronkelskulp
> sypel dit skaamteloos,
> 'n slym wat niks kan stulp.

vag (VG-465): A= 'n hele stuk wol, vlies wat van 'n skaap of ander dier geskeer is met die wol daaraan; N= wol, maar ook die behaarde huid van 'n dier. Die wol-betekenis is waarskynlik korrek, alhoewel 'n "vag" as sodanig eintlik nie ge"weef" kan word nie en dus metafories gelees word:

> weef dromerig 'n vag
> wat jou geheel inhul.

nerf (VG-478): A= riffelrigheid of oneffenheid op vel of huid, dus ook van 'n mens; N= riffelrigheid, maar slegs op die huid van 'n dier. Wanneer die betekenis beperk word tot die vel van 'n dier, word die suggestie van verontmensliking in die derde reël sekerlik versterk:

> Terwyl die waarheid klaarder skyn
> sal die getye ons nerfkaal stroop,
> afsigtelikheid kom reeds in sig.

'n Ander Nederlandse betekenis van "nerf" wat waarskynlik hier die sterkste meespeel, is dat blare ook "nerven" het. Voordat 'n blaar totaal verteer in die herfs, is die "nerven", die skelet, nog daar.

selfbewus (VG-506): A= (volgens HAT) met besef van eie waarde, met 'n sterk bewustheid van jouself, maar in die alledaagse taal beteken dit veel eerder verleë, ongemaklik; N= met 'n besef van innerlike krag en waarde. Alhoewel die HAT dieselfde betekenis as N aan die woord gee, is dit hoogs waarskynlik dat Afrikaanse lesers sal dink die ontheemde wat geportretteer word, is skaam terwyl Nederlanders die woordeboekbetekenis aan haar antwoord sal heg:

> Jy antwoord selfbewus:
> argwaan en haat is te verdra
> tussen gelykgeregtigdes wat nie
> verordenend mekaar verneder,
> menswees met rubbertjap betwis.

onkreukbaar (VG-531): A= ontwyfelbaar, streng, suiwer; N= regskape. Hierdie betekenisse lê na aan mekaar, maar dit is m.i. waarskynliker dat veral eg. betekenis direkter van toepassing is in "Sonneblom":

> Onkreukbaar in sy vlammekrans
> straal hy 'n trillende balans:

gerei (VG-532): A= gereedskap, byvoorbeeld skryf- of eetgerei; N= kan ook hierdie betekenisse, plus tulg van 'n trekdier, en verder is dit bekend in die uitdrukking: "ik ben de hele dag in het gerei/in de weer geweest", druk besig. Laasgenoemde uitdrukking is sekerlik relevant, maar dit is waarskynlik dat die betekenis wat gemeenskaplik is aan albei tale hier bedoel word. Dié indruk word versterk deur die klem op die hande se kundigheid. Die vermoede ontstaan dan dat die ontmoeting byvoorbeeld met iemand soos 'n tandarts is:

> soos elke ander voetganger, nou vry
> van die vertroude vorsende gerei
> en sonder monsterende blik op pad.

voorland (VG-536): A= lot, noodlot, eindbestemming; N= 'n stuk land wat in die see uitsteek, oningedykte land, en as derde betekenis word toekoms, lotsbestemming genoem. Die betekenis wat aan albei tale gemeenskaplik is, word waarskynlik bedoel in die tweedelige gedig "Voorland".

brak (VG-536): A= 'n basterhond, maar dit word ook minagtend van 'n mens gesê; N= 'n jaghondjie wat die wild agtervolg en na die jagters dryf, 'n speurhond. Eers as tweede betekenis word deugniet genoem. Die konteks van "Voorland I" bepaal dat die Afrikaanse betekenis korrek is:

> Die winter het slu teruggekruip, 'n brak
> wat bitsig jou pantoffelwaartse hak
> beetpak.

rinkink (VG-537): A= baljaar, jakker, uitbundig spee', lartel, boksspring; N= rinkel, byvoorbeeld van rammelende kettings. Albei betekenisse is moontlik, alhoewel dit uiteraard totaal verskillende gevoelswaardes vir die gedig se verdere verloop tot gevolg het en die Afrikaanse betekenis weens die kontraswerking "rinkink"/"verkalkende" meer waarskynlik lyk:

> Sóveel versinsels rinkink
> nog deur my verkalkende kop

In hierdie geval is dit baie duidelik dat één woord twee sterk uiteenlopende interpretasies tot gevolg kan hê. Indien 'n leser bewus is van albei betekenisse, kry die gedig selfs meer ironiese diepgang.

Uit bogenoemde voorbeelde is dit duidelik dat slegs wanneer die twee tale se verskillende betekenisse van een en dieselfde woord naas mekaar geplaas word, vasgestel kan word hoe die Afrikaanse en Nederlandse betekenisse van mekaar verskil, watter een waarskynlik bedoel word, of hoe hulle mekaar dalk aanvul. 'n Leser wat nie oor 'n parate kennis van albei tale beskik of spesifiek moeite doen om hierdie verskille vas te stel nie, kan maklik tot 'n "verkeerde" interpretasie verlei word. Die feit dat selfs teenoorgestelde betekenisse van een en dieselfde woord afgelei kan word deur lesers uit verskillende taalgroepe, kan problematies wees, maar dit dra sekerlik by tot die aantreklikheid van Eybers se poësie.

Van Niekerk (1987:232-233) wys glad nie op bogenoemde woorde as problematies nie, maar beskou wel "wal" (VG-275), "eens" (VG-295), "faal" (VG-326), "tentamen" (VG-329), "pak" (VG-340 en 450), "vaag" (VG-413 en -476), "krabbel" (VG-414), "ink" (VG-421; Van Niekerk dink, soos reeds genoem, hier aan "inkel"), "vind" (VG-457), en "geur" (VG-560) as "Nederlandse woorde (...) wat wel in Afrikaans voorkom, maar dan soms nie in dieselfde betekenisverband (...) as waarin die Nederlandssprekendes en die digteres dit aanwend nie".

"Wal" word in "Heimwee" (VG-275) inderdaad gebruik vir "muur" (in Nederlands is óók nie in dié verband gebruiklik nie), maar "eens" en "faal" se betekenisse is myns i in albei tale ongeveer dieselfde. "Tentamen" is in Afrikaans grootliks onbekend. interpretasie van "ink" het ek reeds gewys. Die ander vyf woorde is wel interessa Niekerk wys tereg daarop dat "pak" in die spesifieke gedigte beteken die "manier w... men iets pakken of aangrijpen moet" en nie "in 'n houer opberg" nie, dat "vaag" die "handeling van vagen, wrijven of strijken" is, dat "krabbelen" beteken "met de benen spartelen", dat "vind" in plaas van die Afrikaanse "dink", en dat "geur" as werkwoordvorm in plaas van "ruik" gebruik word.[21]

11.4.3.3 EYBERS-NEOLOGISMES

In 'n onderhoud met Lieske en Otten (1990:26) sê die onderhoudvoerders n.a.v. die gedig "Terugblik" (VG-195): "U schetst Calvijn met een ontzettend mooi Zuidafrikaans woord af als een spin", waarop Eybers dan antwoord: "*Garingbuik*. Dat is geen Zuidafrikaans, dat is een zelfbedacht woord." Dit laat die onderhoudvoerders dan besef: "O. Wij dachten: wat een ongelooflijk moole taal is dat, Zuidafrikaans. Dat is het probleem met ons, Nederlandse lezers, dat wij de gedichten nog mooier zouden kunnen vinden dan we ze al vinden als we wisten welke woorden u bedacht had."

Alhoewel ek in omgekeerde rigting geen dergelike uitspraak deur Afrikaanse kritici aangetref het dat hulle meen bepaalde Eybers-neologismes sal wel Nederlands wees nie, moet hierdie idee waarskynlik tog soms by Afrikaanse lesers bestaan.

Eybers se neologismes is basies 'n niemandsland waar albei stelle lesers hulleself ewe tuis of ewe vreemd behoort te kan voel, maar soos wat blyk uit Lieske en Otten se uitspraak, is dit moontlik dat die oorspronklikheid en interessantheid van woorde nie besef word nie omdat gemeen word dit sal wel afkomstig wees uit die ander taal. Neologismes in Eybers-gedigte dra grootliks by tot die konkreetheid van haar poëtiese taal. Alhoewel Eybers op die gebied van selfstandige naamwoorde die belangrikste en grootste hoeveelheid nuwe woorde skep, is daar ook in ander woordgroepe hoogs uitsonderlike woorde.

11.4.3.3.1 SELFSTANDIGE NAAMWOORDE

Die belangrikste groep Eybers-neologismes is komposita waarvan die samestellende dele afsonderlik dikwels wel bekend is (soms in albei tale, soms net in Nederlands óf Afrikaans). So 'n kompositum word dikwels na analogie van bestaande woorde gevorm en is meestal 'n baie kernagtige metaforiese stelwyse: iets wat die beeldende krag van Eybers se werk uitermate sterk maak. Hieronder volg 'n lys van selfstandige naamwoorde.

"Slingerlood" (VG-238), "wolkkrappers" (VG-245), "warsoortiges", "anderleed" en "van moederslyf" (VG-304), "pasmuntname" (VG-307), "heelmaker" (VG-319), "gretyekoors" (VG-320), "boomdendriete" en "Sondagroes" (VG-323), "lendenedialoog" (VG-328), "hart-arm" (VG-331), "verwekkingsritueel" (VG-332), "seskantsteentjie" (VG-333), "slingerspoor" (VG-336), "degensluk" (VG-337), "waarheidskermis", "jesuswerwers" en "nie-geweld" (VG-346), "aftastaal" (VG-349), "dagbreekvuur" (VG-350), "eenlopendheid" (VG-356), "woordesoet"

(VG-357), "bromryers" (VG-358), "breinkronkels" (VG-360; iemand wat in Nederlands "een kronkel heeft", is "een beetje gek"), "leefbeletsel" (VG-361), "bultrugreuse" (VG-368), "stopverfmaande" en "binnestadtorings" (VG-371), "sintaksisbos" en "klungeltong (VG-378), "sintuigsente" en "feite-storthoop" (VG-379), "loketteweldjie" en "prikvlaggies" (VG-384), "hemelakrobate" en "kaftanpotentate" (VG-387), "netelsweem" (VG-388), "treurtaak" (VG-390), "dobberlig" (VG-391), "winterdeugde" (VG-393), "Gabriëlasem" (VG-395), "drentelgrens" (VG-402), "peinsriffels", "roffelstem", "flitsmimiek" en "binnewond" (VG-404), "Sonderdag", "boekebolwerk" en "weerhaakskrif" (VG-406), "heelnis" (VG-408), "heelalverdriet" en "ontnugteringsdrif" (VG-413), "waandoelwit" en "immerbuur" (VG-425), "oer-impresario" (VG-426), "onrusveer" (VG-428), "voorraamleuse" (VG-431), "geloofbaarheidsverlies" (VG-429), "afstandswaas" (VG-441), "kopstaan-harlekyn" (VG-442), "bromfietseskader", "hormonevertoning" en "opruimingsknal" (VG-446), "roei-elmboë" en "waggelswier" (VG-447), "staalkokers" (VG-450), "heliumvinger" (VG-453), "moerasherinnering" (VG-457), "tweekamerspeelruim", "wolkestolsel" en "sintvitusgebare" (VG-469), "herinneringsflitse" (VG-470), "'n borrel blyheid" (VG-470), "kettings van dekades" (VG-462), "snoustand" (VG-488), "golingsakoggend" (VG-493), "dulding" (VG-497), "oorskietstertjie" (VG-502), "televisiehel" (VG-503), "drometog" (VG-504), "ribbegeribbel" (VG-509), "oerversoening" (VG-512), "oernag" en "deurskynkwarts" (VG-523), "luisterloosheid" (VG-525), "koloratuurgerinkel" en "hooiprikkels" (VG-530), "meeldraadwimpers" (VG-531), "die vaal-vau-vel" (VG-534), "drosterson" en "aanswelnag" (VG-547), "amperslaap" en "dagperk" (VG-549), "melkwegstoet" (VG-553), "ooglidwink" (VG-555), "omgewingsmimiek" (VG-568), "kontoerherstel" en "kartelbuis" (VG-571), "bloedvatknik" en "skertsbevele" (VG-579), "riktus" (VG-582), "smeulkaggel" en "knekelballet" (VG-586), "mensdomaanhangers" (VG-587), "woordegegogel" (TS-7/31), "basisberoepe" (TS-9/33), "horisonhap" en "maanspaander" (TS-10/34), "gedagtedans" en "lighonger" (TS-11/35), "klankflarde" (TS-13/37), "gildebroersluim" (TS-21/46), "mega-insameling" en "asemfaling" (TS-45).

11.4.3.3.2 WERKWOORDE

In hierdie woordgroep is daar baie minder Eybers-neologismes. Volgens my ondersoek kom "iriseer" (VG-322), "vermineraal", "(om sy oë te) ontlid" (VG-372), "verrusper" (VG-456), "mistrou" (VG-510), "ontstol" (VG-536) en "afskif" (TS-14/38) in aanmerking.

11.4.3.3.3 BYWOORDE

In dié woordgroep is Eybers heel vindingryk en haar neologismes is dikwels variante op bekende woorde. Vergelyk: "sandblind" (VG-317), "nikkelhelder" (VG-363), "sit loodmoedig" (VG-386), "onbejaard" en "oningekring" (VG-394), "oerontvanklik" (VG-403), "erkerbreed" (VG-404), "harwarloos" (VG-405), "nietersaakliker" (VG-470), "kleurgesorteer" (VG-527), "anderaards" en "ligmoedig" (VG-571), "letselvatbaar" (TS-16/40), "wrikloos" (TS-17/41), "splintergewyse" (TS-20/44) en "belofteloos" (TS-21/46).

11.4.3.3.4 BYVOEGLIKE NAAMWOORDE

Ook hierdie woordgroep is 'n produktiewe bron vir neologismes. Streng gesproke is sommige woorde nie algehele nuutskeppings van Eybers nie, maar weens die splinternuwe konteks en die dikwels besonder verletterlikte gebruik van hierdie woorde, verkry hulle 'n neologistiese waarde. Vergelyk: "verdraaider vesels" (VG-287), "hegemoniële rug" (VG-295), "hoe dit sal voel om weer ontwaan te wees" (VG-303), "kortskedelige profiel" en "noteerdol vuis" (VG-317), "spitskorrelige weerstand" (VG-319), "onomlynder halfheid" (VG-320), "lig bevreemde vreemdeling" (VG-321), "nougesette gewel" (VG-341), "omslote vierkant", (VG-350), "teennatuurlike terras" (VG-352), "selsoenlose gebeente" (VG-358), "doemdeurtrokke woorde" en "ter aarde onbestel" (VG-359), "bewussynwerende gesig" (VG-368), "'n windswael, glad, lasnuromglans" (VG-386), "dobberlig", "kabbelstil" en "bly-verbaas" (VG-391), "botterblom-banaal" (VG-391), "transekwatoriale swaartekrag" (VG-437), "sifdun fasade" (VG-446), "seilgeviekte water" (VG-480), "pasgemunte maan" (VG-498), "skraalgestoffeerde borskas" (VG-508), "stewig-ombekkende buik" (VG-509), "knekelharde grond" (VG-526), "satynwit", "borriegeel" en "poustertblou" krokussies (VG-527), "dampgedempte dal" (VG-534), "pantoffelwaartse hak" (VG-536), "sluierige aksent" (VG-546), "chroomgeskedelde heer" (VG-558), "grou-en-groen plattegrond" (VG-568), "neonbeklemtoonde eer" (VG-582), "tuisbringbare straat" (VG-589), "sondeerlose poësie" (VG-599), "weterige stemme" en "asbleek plafon" (TS-14/38), en "eerlose voorjaarsmerels" (TS-22/47).

11.4.4 OPSOMMEND

Weens die grootskaalse oorvleueling van Nederlands en Afrikaans is Eybers se Afrikaanse gedigte toeganklik vir Nederlandse lesers. Met ongeveer 60 woorde sal hulle ernstige probleme hê, terwyl Afrikaanse lesers ongeveer 150 woorde slegs met behulp van 'n Nederlandse woordeboek kan verstaan. Daar is verder meer as 175 woorde wat vir albei

stelle lesers ewe vreemd sal wees maar wat saamgestel is uit komponente wat in die meeste gevalle in albei tale bekend is.

11.5 VASTE EN IDIOMATIESE UITDRUKKINGS: PROBLEME VIR NEDERLANDSE EN AFRIKAANSE LESERS

'n Gebied in die Afrikaanse taalkunde waaroor nog min sistematiese navorsing gedoen is, is die verskil tussen Nederlandse idiome, gesegdes en vaste uitdrukkings en dié van Afrikaans. Pheiffer (in Botha 1989:92) wys op 'n aantal idiomatiese wendinge en uitdrukkings in die Nederlandse spreektaal wat nie woordelikse ekwivalente met dieselfde betekenis in Afrikaans het nie. Verder is daar ook Afrikaanse idiome en uitdrukkings sonder woordelikse ekwivalente met dieselfde betekenis in Nederlands.

Eybers se gedigte is 'n boeiende versamelplek vir sowel Afrikaanse as Nederlandse idiome en idiomatiese uitdrukkings. Dikwels pas sy 'n idiomatiese uitdrukking aan, maar die verwysingskader wat ter sake is, moet wel bekend wees by lesers om die oorspronklikheid en woordspeling te kan waardeer. Wanneer Suid-Afrikaanse lesers iewers sou lees "Heerlijk helder Woordenboek" (vergelyk 'n reeks 1990-biervilitjies waarop bieringrediënte soos "hopbel" en "gerst" onder hierdie algemene opskrif verduidelik word), sal hulle heel anders daarna kyk as Nederlanders vir wie die reklameboodskap "Heerlijk helder Heineken" so bekend is soos "koffiekapitaal" in verband met Cremora vir 'n Suid-Afrikaner.

In hierdie onderafdeling word lyste gegee van idiomatiese uitdrukkings gebruik deur Eybers wat bekend is in albei tale, van Nederlandse uitdrukkings sonder woordelikse ekwivalente in Afrikaans, en van Afrikaanse uitdrukkings sonder woordelikse ekwivalente in Nederlands.

11.5.1 IDIOME EN IDIOMATIESE UITDRUKKINGS BEKEND IN ALBEI TALE

Hierdie groep uitdrukkings is belangrik omdat dit die gemeenskaplike verstaanbaarheid van Eybers-gedigte mede moontlik maak. Dit behoort geen spesiale begripsprobleme op te lewer nie en albei stelle lesers behoort vernuwende woordspelings of byvoorbeeld die ironiese aanwending van dergelike uitdrukkings te kan waardeer. In al die gevalle wat hieronder gegee word, word direk uit Eybers se gedigte aangehaal sodat duidelik is wanneer sy 'n spreekwoord onveranderd gebruik en waneer sy variasies aanbring.

"Praat van die duiwel" en "ruik ek dan (...) weer bloed?" wat inspeel op "lont ruik" (VG-300) - wat wel voorkom in "ruik aandagtig lont" (VG-377), "speel jy met vuur" (VG-300), "boontjie kry sy loontjie" (VG-302), "'n paal bo water staan" (VG-306), "voet by stuk" (VG-309), "van liewerlee" (VG-320), "so gemaak so laat staan" (VG-328; dit kom ooreen met die Nederlandse "zo gezegd zo gedaan"), "ontvang nou 'n klop op die skouer" (VG-334), "met sak en pak laat staan" (VG-336; vergelyk die Nederlandse "bepakt en bezakt"), "die park op stelte set" (VG-346), "voetjie vir voetjie" (VG-350 en -573), "'n stok in 'n wiel" (VG-382), "uit noodsaak vee jy hier voor eie deur" (VG-383), "stuur haar liewer na haar lees" (VG-401; dit roep "skoenmaker hou jou by jou lees" op), "Teerheid op vrye voete" (VG-434), "by/ die een oor in en by die ander uit" (VG-453), "Wie laaste lag lag roekeloos en sag" (VG-485) roep "wie laaste lag lag die lekkerste" op; "die laaste baken steek" (VG-497; dit roep [die nogal argaïese] "baken steek" op [van 'n ryding afval]), "Hart, wat het jý op die hart" en "koring was dit op my meul" (VG-501; let op hoe die assonansie van "koren/molen" verlore gegaan het in Afrikaans), "oud/ aanstons tot in die puntjies koud" (VG-502; speel in op "oud maar nog nie koud"), "En die onbetaalde gelag van die verlede" (VG-506; dit verwys na "wie sal die gelag betaal"), "Dis 'n saak van lewe en dood" (VG-508), "Wie ooit aanvang saai (...) moet beëindiging maai" (VG-510), "wat 'n hart steek onder die riem" (VG-514; in omgekeerde vorm bekend in Afrikaans), "tussen twee vure" (VG-517), "van kant gemaak word" (VG-536), "As jy goed en wel oud is" en "met die gebakte pere bly sit"[21] (VG-559), "nie van die baan" en "bly op die been" (VG-562), "moord in koele bloede" (VG-562), "kant nog wal bereik" (VG-563), "'n skommeling van baat of skaad" (VG-572; wat inspeel op die uitdrukking "baat dit nie dan skaad dit nie"), "meer geluk as wysheid" (VG-577), "oor ons hart kry" (VG-589), "maklik gesê en nie minder maklik gedaan" (TS-7/31).

11.5.2 AFRIKAANSE IDIOMATIESE UITDRUKKINGS: PROBLEME VIR NEDERLANDSE LESERS

Die uitdrukking "op die punt van jou tong" (VG-307) word in Afrikaans gebruik, terwyl dit in Nederlands ook moontlik is om te sê: "ik heb het woord op mijn lippen". Eybers gebruik in "Ter sake" dus uitdrukkings uit albei tale wat mekaar oproep:

> en wat op die punt van jou tong is
> my tussen die lippe lê.

Uitdrukkings, of variasies daarop, wat onbekend in Nederlands is, is: "'n splinternuwe draal sou gool" (VG-336), "die Kaap sal altyd Hollands wees" (VG-348), "hoe haal ons

daardie paal?" (VG-394), "'n voorproef van heropneming in Alles en Niks" (VG-503) verwys na "alles of niks".

Hierdie afdeling is klein omdat allerlei taalverskynsels as gevolg van die feit dat Eybers in die algemeen Afrikaans skryf, meer spesifiek onder ander beskrywingspunte tuisgebring kan word.

11.5.3 NEDERLANDSE VASTE EN IDIOMATIESE UITDRUKKINGS: PROBLEME VIR AFRIKAANSE LESERS

Eybers gebruik besonder baie tipiese Nederlandse uitdrukkings - meestal in vertaalde vorm. Hierdie uitdrukkings is in haar werk veel meer opvallend as die tipiese Afrikaanse uitdrukkings omdat dit ingebed is in 'n oorwegend Afrikaanse grammatikale struktuur. Die oormekaarskuif van twee idiomatiese sisteme veroorsaak - onder meer - die vooropgestelde of ongrammatikale effek waaroor in Hoofstuk 13 geteoretiseer word.

Hier volg 'n lys van sinsnedes waarin Nederlandse uitdrukkings oorgeneem is, meestal in 'n aangepaste vorm: "waarby ek my te pas voel", "in 'n impuls om normaal te doen" en "dat alles in die war loop deur die sneeu" (VG-304), "waar moet ek dan my leeftog haal?" (VG-312), "hy krimp nog altyd aan dieselfde paal" (VG-325; enigsins argaïes: hier kan paal dui op "een in de grond vastgezette staak enz., bestemd om als strafwerktuig te dienen; dus al naar het verband schandpaal enz."), "staal na staal"[23] (VG-396), "wat soos 'n bus sluit"[24] en "soos onlangs nog" (VG-453), "Hierdie wartaal word my te veel" (VG-501), "As haakspelde en toutjies jou/ van uitmekaarval moet weerhou// hoef, op die ondenkbare bedag,/ jy niks te doen as af te wag" (VG-502), "om (...) alles weer goed te maak" (VG-514), "doen asof" (VG-513 en 516), "laat/ geen landgenoot my aanfluit van verraad" (VG-518; dit is 'n kontaminasie van "van verraad betichten" en "een aanfluiting" = voorwerp van bespotting), "om mee te doen" (VG-537), "Verkrop jou meely" (VG-542), "iets seldsaam mooi en dol bedink" (VG-555), "hulle groei (...) nog 'n paar dae deur" (VG-560), "dan is dit so ver dat 'n losgelate veer/ die nodige doen" (VG-561), "wat ek gedoog" (VG-562), "Terwyl begeerte op afsterf staan" (VG-562), "uit (...) selfsug en so" (VG-568), "nooit van gehoor" (VG-589) en "praat 'n woordjie mee" (een woordje meespreken) (VG-592), "hoe dan ook" (TS-20/44).

11.6 SINTAKTIESE VERSKILLE: PROBLEME VIR NEDERLANDSE EN AFRIKAANSE LESERS

Scholtz (1980:90) konstateer dat die sintaktiese struktuur van Afrikaans grotendeels ooreenstem met dié van hedendaagse Nederlands. "Talryke gewone enkelvoudige en saamgestelde sinspatrone in Afrikaans wyk in geen opsig van die Nederlandse af nie." Met hierdie waarneming in gedagte gaan Pheiffer in sy oorsigtelike artikel "Afrikaans en Standaard-Nederlands" (in Botha 1989:72-95) slegs in op sewe verskynsels waar die Nederlandse sinsbou wel van dié van Afrikaans verskil. Met dit as leidraad vergelyk ek nou Eybers se Afrikaans met Standaard-Nederlands.

Aangesien Eybers in Afrikaans skryf, vorm die Afrikaanse sintaksis die grondslag vir haar gedigte. Daarom word hier telkens veral ingegaan op gevalle waar Eybers se taal nader aan Nederlandse sintaktiese patrone as aan Afrikaans is. Sintaktiese verskuiwings in die rigting van Nederlands kan beskou word as 'n belangrike kenmerk van Eybers se idiolek in die "Nederlandse" bundels. Dit kom nêrens anders in die Afrikaanse poësie in so 'n mate voor nie en dit is waarskynlik 'n belangrike rede waarom Eybers se gedigte wél vir Nederlandse lesers aanvaarbaar is en ander Afrikaanse digters s'n nie.

11.6.1 "DUBBELE ONTKENNING"

Die sogenaamde dubbele ontkenning is vir Nederlanders 'n baie opvallende kenmerk van Afrikaans. Die eerste ontkenning in Afrikaans kom ooreen met die Nederlandse *niet*, of ook soms *geen, niemand, nooit*. As die Nederlandse ontkennende woorde aan die einde van die bereik van die ontkenning staan, is daar nie 'n verskil met Afrikaans nie. Vergelyk *Het orgel speelt niet* met *Die orrel speel nie*. Wanneer die Nederlandse ontkennende woorde nie aan die einde van die bereik van die ontkenning staan nie, is daar wel 'n verskil. Dan vereis Afrikaans 'n tweede ontkenningspartikel ná die sinsdeel waarop die ontkenning betrekking het. Vergelyk *Het orgel speelt niet vandaag* met *Die orrel speel nie vandag nie* (Pheiffer in Botha 1989:88).

Indien Eybers se gebruik van die ontkenning met die Afrikaanse vorm vergelyk word, is dit baie duidelik dat sy wat hierdie aspek betref, oor die algemeen nader aan die Nederlandse sintaksis as aan Afrikaans is. Alhoewel Eybers reeds in gedigte van voor haar "Nederlandse" periode die dubbele ontkenning weglaat (vergelyk in "Afspraak", VG-149), is dit 'n baie tipiese eienskap van haar poësie ná 1961. Voorbeelde van gedigte waarin die tweede "nie" weggelaat word, is op VG-287, 299, 322, 335, 338, 394, 456, 457,

459, 461, 468, 485, 493, 500, 506, 510, 517, 518, 554, 562, 583, 591, 592, 59C, 597 en 598. Sien ook TS-7/31 (2x), 13/37, 14/38. Een van die mees prominente weglatings van die tweede "nie" is in die titel: "Die ouderdom is nie noodwendig saai:" (VG-554). In 'n baie klein minderheid gevalle gebruik Eybers wel die dubbele negatief (VG-501, VG-583 en VG-592).[25]

Dit wil voorkom asof daar stilistiese oorwegings is waarom Eybers soms wel die dubbele ontkenning gebruik. In "Domineesdogter" (VG-583) dien die tweede "nie" byvoorbeeld om 'n sterk nadruklikheid te gee aan haar stelling: "Ek kon hom nie volg nie." Wanneer in dieselfde slotreël van die gedig die volgende sin sonder die dubbele negatief is ("Ek kan hom nie minder skat."), lyk dit minder nadruklik. Dit is interessant dat Eybers in verband met die verlede tyd die nadruklike tweede "nie" toevoeg, maar nie in die geval van die presens-sin nie.

Uit "Dank" (VG-517) sou 'n mens kan aflei dat daar 'n van-huis-uit-opsetlikheid skuilgaan agter die enkele "nie" wat Eybers oor die algemeen gebruik. In hierdie gedig skryf sy:

> In 'n verkeerde luim sou ek sê *verwyt*,
> maar goed, Vader en Moeder, ek dánk julle nou
> vir alles wat ek op rym en maat kon kwyt-
> raak en versaak en sódoende behou.

Sy dank haar vader onder meer vir sy "skoon, skerp woordeskat uit die Karoo". Dan rig sy haar tot haar moeder:

> Moeder, jou moeite om jou aan te pas,
> 'n Engelse verlede af te sweer:
> by boere en delwers 'n vername gas
> wat nooit die dubbele negatief kon leer.

As Eybers die tweede negatief séllf nie "leer" oftewel gebruik nie, kan dit deur Afrikaanssprekendes beskou word as 'n taal-teken van haar onaangepastheid, van haar buitestaanderskap. Ironies genoeg het die weglating van die tweede "nie" haar moeder in die Afrikaanse gemeenskap as buitestaander geteken, terwyl Eybers emigreer na 'n taalgebied waar dit juis die omgangsvorm is om dit nié te gebruik nie en Eybers se weglating van die tweede "nie" haar dus beter laat aansluit by die Nederlandse taalgemeenskap waarin sy haar bevind. "Dank" eindig met 'n opsetlike weglating van die tweede nie - en dit is sekerlik om meer as "rymdwang"-redes:

> Dis júlle toedoen dat ek altyd leef
> tussen twee vure en nie van beter weet.

Die feit dat Eybers so selde die dubbele ontkenning gebruik, maak haar sintaksis "normaler" vir Nederlandse lesers. Vir Afrikaanse lesers is die weglating van die tweede "nie" egter opvallend. Geen Afrikaanse resensent het nog kritiek daarop gehad nie - waarskynlik omdat die tweede "nie" in die gekonsentreerde vorm van poësie in ieder geval dikwels as redundant ervaar word.

11.6.2 DIE KONSTRUKSIE MET *VIR*

Die konstruksie *vir* (Nederlands *voor*) het in Afrikaans 'n baie wyer gebruik as in Nederlands. Scholtz (1980:91) wys daarop dat *vir* in Afrikaans i) in plaas van of naas sekere voorsetsels wat met Nederlands ooreenkom (*naar, om, op*) gebruik kan word; ii) voor 'n indirekte voorwerp in sekere konstruksies waar dit in Nederlands nie moontlik sou wees nie; en iii) voor 'n persoonlike voorwerp in gevalle soos *ek sal (vir) jou help*. Dit moet gebruik word in 'n konstruksie soos *ek sal môre vir jou help* (Pheiffer in Botha 1989:89).

Alhoewel *vir* in 'n aantal gevalle dus net soos in Nederlands weggelaat kan word in Afrikaans, is dit meer gebruiklik om dit te behou. Wanneer Eybers dit weglaat, is dit 'n sintaktiese afwyking in die rigting van Nederlands. 'n Voorbeeld hiervan is in die slotreël van "Aritmie" (VG-501);

> Hierdie wartaal word my te veel.

11.6.3 REDUPLIKASIE

Woorde uit verskillende kategorieë (werkwoord, bywoord, telwoord, substantief, e.a.) kan in Afrikaans onmiddellik na mekaar herhaal word. So 'n verdubbeling bring dan meestal 'n bywoordelike konstruksie tot stand. Dit is 'n taamlik vrugbare sintaktiese patroon (van Maleise oorsprong) in Afrikaans, maar uiters seldsaam in Nederlands. *Sing-sing, speel-speel, gou-gou, een-een, rye-rye* is uitdrukkings wat deur reduplikasie gevorm word.

Eybers gebruik dit nie dikwels nie, maar reduplikasie kom wel voor, bv. "voel-voel" (VG-593). In 'n resensie skryf Lenze L. Bouwers (1990) hieroor: "Prachtig dat *voel-voel*."

11.6.4 INFINITIEF-KONSTRUKSIES

Die manier waarop Nederlandse werkwoorde soos *liggen, staan, zitten* en *lopen* deur middel van 'n "te" verbind word met ander werkwoorde (vergelyk *zij zit te lezen*) ken Afrikaans nie (wel *sy sit en lees*). Die Nederlandse soort verbinding kom nie in Eybers se gedigte voor nie, maar myns insiens staan 'n infinitiefkonstruksie in "Herfsaand" (VG-571: "albei gedrenk deur eie lektuur, daarnaas/ deelnemers aan afwisselende relaas/ skuil ons tevrede en ligmoedig saam/ innig mekaar se beeldwerk te beaam") wel onder Nederlandse invloed.

11.6.5 DIE KONSTRUKSIE *OM TE*

Die konstruksie *om te* plus infinitief word in Nederlands minder dikwels gebruik as in Afrikaans. In Nederlands word dit slegs gebruik om doelmatigheid uit te druk (vgl. "Dat doe ik om u te helpen"). Die Afrikaanse sintaksis vereis 'n konstruksie met *om te* in gevalle soos *ek is bereid om daarop te antwoord* en *ek reken daarop om jou môre te sien*. In Nederlands word die *te* sonder *om* gebruik. Vergelyk *ik ben bereid hierop te antwoorden; ik reken er op je morgen te zien*.

Van al die sintaktiese verskuiwings wat in Eybers se taalgebruik in die "Nederlandse" bundels voorkom, is die weglating van *om*, naas die weglating van die dubbele ontkenning, die mees algemene. Hierdie konstruksie kom reeds voor in die Suid-Afrikaanse gedeelte van *Balans*. In "Wet" (VG-268) skryf Eybers:

> Gewone mense roep soms halt en slaan,
> sonder te weet wat hulle daarheen stuur,
> 'n rigting in wat in die sterre staan.

Die sin, "Sonder seker te weet waarteen vingers en voete stuit/ vorder ek voel-voel" in "Antwoord" (VG-593), bevat behalwe die tipies-Afrikaanse reduplikasie dus óók 'n tipies-Nederlandse konstruksie waar die "om" weggelaat is. Die slotvers in "Herfsaand" (VG-571) bevat 'n baie vreemde konstruksie met "te" wat saamhang met die infinitief-gebruik waarop in 11.6.4 gewys is:

> skuil ons tevrede en ligmoedig saam
> innig mekaar se beeldwerk te beaam.

Die woorde "besig om" is hier weggelaat sodat lesers eintlik met 'n elliptiese sin gelaat word.

11.6.6 VERBONDE VERBALE VORME

In sekere verbonde verbale vorme vereis die Afrikaanse sintaksis 'n vaste volgorde waar die Nederlandse sintaksis 'n variabele volgorde toelaat (sien Pheiffer in Botha 1989:90). Alhoewel Eybers nie noodwendig vaste volgordes oortree nie, is my indruk dat die variabele volgorde van Nederlands haar wel beïnvloed om byvoorbeeld 'n sinsvolgorde te gebruik soos "Vreemd vind jy dit" (VG-235).

11.6.7 LIDWOORD EN SUBSTANTIEF

In Nederlands bestaan daar die moontlikheid om 'n lidwoord deur langer bepalings van sy substantief te skei as wat in Afrikaans gebruiklik is. Dit hang saam met die gebruik van die deelwoord in "absolute bepalings" wat eintlik net in formele skriftelike taalgebruik voorkom en gedeeltelik net 'n stilistiese aangeleentheid is. In Nederlands is 'n konstruksie soos "een bij allen zeer bekende en geziene figuur" baie gebruiklik, terwyl "'n by almal baie bekende en gesiene figuur" as sintaktiese verskynsel selde in Afrikaans voorkom (Pheiffer in Botha 1989:90). By Eybers is die invloed van die Nederlandse gebruik soms sigbaar, alhoewel die voorbeeld wat ek noem streng-gesproke ook sou kon deurgaan as normale Afrikaans. Vergelyk: "Hierdie maartse middag toe die - byna bloot -/ son soos 'n gloeikous deur die newel lek" (VG-551; die versreël-verdeling maak die skeiding tussen lidwoord en substantief selfs nog groter).

11.6.8 ALLERLEI

In die onderafdelings hierbo is 'n kort opsomming gegee van konstruksies waaroor taalkundiges dit eens is dat Afrikaans en Nederlands van mekaar verskil. Uit Eybers se "Nederlandse" bundels is voorbeelde geneem om aan te dui dat sy soms 'n voorkeur het vir Nederlandse konstruksies. Omdat die tussentaal van Eybers se idiolek egter geensins 'n konsekwente of patroonmatige oorskakeling van een sintaktiese sisteem na 'n ander behels nie, is die voorbeelde wat genoem is dikwels uitsonderinge en kom die Afrikaanse konstruksies meestal meer dikwels voor. Ek wil nou op 'n paar ander na Nederlands neigende sintaktiese eienaardighede van Eybers se taalgebruik wys. Of liewer: Ek wil nou verwys na 'n paar ander sintaktiese eienaardighede van Eybers se taalgebruik wat na Nederlands neig.

11.6.8.1 VERGELYKENDE KONSTRUKSIES

In Afrikaans word die vergelykende konstruksie gevorm deur "as" as skakelwoord tussen die twee vergelykende komponente, terwyl "dan" in Nederlands gebruik word. Dit is daarom vir 'n Afrikaanse leser vreemd, maar vir 'n Nederlandse leser bekend wanneer Eybers byna sonder uitsondering die "dan"-konstruksie gebruik.
In "Eva en haar man" (VG-299) kom dit byvoorbeeld voor:

> My aandeel - uitgebreider dan die borg
> van daardie klein litteken in jou sy -

An[illegible]voorbeelde is in "Binnensmonds" (VG-328): "o hoe hard is die teerheid nog harder/ dan haat wat nie tweespraak gedoog"; in "Wag" (VG-339): "jy mag hom hou/ langer dan elke vrou"; in "Najaar" (VG-353): "Verlies beloof meer dan behoud"; in "Soeklig" (VG-425): "Donker is nêrens donkerder/ dan langs die soom van lig"[26]; "Trefpunt" (VG-490): "Die oorgeblewe tyd is, vreemd genoeg,/ noudat dit wegsink, ruimer dan tevore." In "Variant" (VG-491): "Liefde kan ook registerloos bestaan,/ (...) dwingender/ dan plegtighede"; "April" (VG-528): "wat wil jy uitgesprokener hê/ dan hierdie haarfyn pizzicato-taal". Ander voorbeelde in *Rymdwang* is "anders dan" (VG-549), "korter dan" (VG-552), "niks kosbaarder (...) dan daardie oomblikke" (VG-556); "reken meer eer aan die letter dan aan die gees" (VG-598) en "inskakel by dié/ wat weerbaarder dinge beoog/ dan sondeerlose poësie", "basisberoepe waarvan trouens die een/ terughoudender dan die ander word bejeën" (TS-9/33).

In "Paroksisme" (VG-577) word die spreekwoord "meer geluk as wysheid" wel in sy Afrikaanse vorm in die gedig geïntegreer. In Eybers se "Nederlandse" periode is dit die enigste keer dat "as" bo "dan" verkies word.

11.6.8.2 ANDER KONSTRUKSIES BEÏNVLOED DEUR NEDERLANDS

Hieronder volg nou 'n lys sinsnedes uit gedigte waaruit dit blyk dat Eybers se poëtiese taalgebruik soms afwyk van die te verwagte gebruiklike Afrikaanse vorm en neig na Nederlandse vorme.

In "Wanhoop" (VG-576) is die slotwoord van die eerste versreël nie weens rymdwang (ná "nag" en "vrag") sonder die uitgangs-s gelaat nie, maar waarskynlik eerder omdat 'n Nederlandse invloed (die woord "onverwacht") meespeel: "Wanhoop kom soms boosaardig onverwag".

In Afrikaans bepaal die klank- en sillabiese struktuur van die betrokke adjektief of 'n byvoeglike naamwoord verbuig word (Raidt 1991:209-210). Dit val daarom vir 'n Afrikaanse leser op wanneer Eybers afwyk hiervan en haar deur die Nederlandse sisteem (wat saamhang met woordgeslag) laat lei. Die volgende voorbeelde van verbuigings wat afwyk van die Afrikaanse sisteem, kom in haar werk voor: "puur natuur" (bowendien 'n bekende Nederlandse reklamespreuk) en "ope wond" in "Wet" (VG-268). "Dartelande" sou eerder in Afrikaans verwag word as die vorm van die adjektief in "geen bedreiging vir die dartel lem" (VG-387). In *Telspraak* is die Nederlandse invloed (ook van die verbale sisteem in laasgenoemde twee gevalle) sterk merkbaar in "fouteloos" en "sarnegeflans" (TS-13/37), "sametrek" (TS-20/44), "opeskuif" (TS-21/46).

Hier volg 'n verdere lys van sinsnedes waarin, skynbaar onder invloed van Nederlands, afgewyk word van Standaard-Afrikaans. Vergelyk: "Hy was van die begin af nooit geneig/ om wat ook hom ontroer te formuleer -" (VG-364), "deur-die-weekse dis" en "dat hulle verder veelal aas verteer" (VG-387; "veeleer" kom voor in TS-17/41); "ek mag my aan hom warm soos aan/ 'n veelal veilige vulkaan" (VG-424); "Ná die loswring van rame (...) kry/ ek my (...) kortasem maar tog in my woordwêreld terug" (VG-448); "laat wat soos 'n bus sluit nou nie by/ die een oor in en by die ander uit/ soos onlangs nog" (VG-453), "Bitterheid rommel drie, vier nagte na" (VG-459); "Die sparteling hoe halfhartig ook bevat/ genoeg teater om jou te laat lag/ die oorgeblewe weerstand weg te glad" (VG-485); "daarby doen ek aan uiterstes en breek/ eerstens my neus, my stuitjie agterna" (VG-497); "Die muse skyn my deesdae te vermy" (in Afrikaans is die "dit lyk asof"-konstruksie gebruiklik) en "Die dae het iets anders voor met my" (VG-500); "Dit alles nou daargelaat" en "Hierdie wartaal word my te v···" (VG-501), "hoef, op die ondenkbare bedag,/ jy niks te doen as af te wag" (VG-502); "hiernaas/ in die geselskapkamer" (VG-503); "Hy doen asof" (VG-516); "kom dit nog inderdaad eendag daartoe" (VG-518); "Jy kan daar wel of nie op ag slaan" (VG-523); "dan is dit sover dat" (VG-561); "Terwyl begeerte op afsterf staan" (VG-562), "Gek hoe mens (...) (VG-563); "wat slaag om daar elke keer/ outentieker uit te sien" (VG-575; "daar" vervang die gebruiklike Nederlandse "er" in die segswyse); "om die weeksel te warm" (VG-586) is ongebruiklik - in Afrikaans moet dit wees "om dit te verwarm". In Afrikaans sal 'n mens ook nie sê "hy wat so *seldsaam* letselvatbaar is -" (TS-16/40 - my kursivering).

Soos wat uit bogenoemde voorbeelde afgelei kan word, oorvleuel sommige wel met wat ook reeds as idiomatiese uitdrukkings aangedui is.

11.7 DIE OPLOSSING VAN TAALPROBLEME

In die volgende twee onderafdelings word die onderskeie resensentgroepe se konstaterings van en menings in verband met die oplossing van taalprobleme weergegee.[27]

11.7.1 WENKE VAN NEDERLANDSE RESENSENTE

Dit gebeur dikwels dat Nederlanse resensente woordverklarings gee in hulle besprekings van Eybers se werk. Hierdie verklarings en vertalings is 'n goeie aanduiding van probleemgebiede en dit is opvallend dat oor die algemeen redelik "gewone" woorde verklaar word wat met behulp van geringe spellingaanpassings duidelik word. Sien 8.2.4 en 9.2.4.

Wanneer Nederlandse resensente 'n Eybers-woord naslaan in 'n Afrikaanse verklarende woordeboek, is hulle geïntrigeer deur bykomende betekenisse. 'n Goeie voorbeeld is wanneer Lieske (1986) "BBC Wêreldomroep" (VG-444) aanhaal en verwys na die woorde: "ontvou 'n Grieks-afgryslike verhaal". "'Grieks' heeft in het Zuidafrikaans ook nog de betekenis van 'totaal onverstaanbaar': 'Grieks wees vir iemand' betekent 'totaal onverstaanbaar wees'. Grieks-afgryslike verhaal betekent dus ook een verhaal dat in zijn afschuwelijkheid totaal onbegrijpelijk is. Inhoud en vorm, emotie en mededeling staan in wanverhouding ten opzichte van elkaar. Het verhaal is afschuwelijk, de taal is smetteloos gemoduleerd, dat wil zeggen: met gepaste stembuigingen voorgedragen." Lieske gee verder Nederlandse vertalings van 'n hele aantal Eybers-woorde. Vergelyk: *kierie* = *stok*, *goiing* = *jute* (1986:384).

'n Interessante voorbeeld van die vraag of Eybers vertaal moet word, is af te lees aan die feit dat *Surplus: tijdschrift over literatuur van vrouwen* in 1988 sy lesers in die gereelde vertaalrubriek vra om "Die ouderdom is nie noodwendig saai:" (VG-554) in Nederlands te vertaal. Aanvanklik is daar min inskrywings: "Vermoedelijk waren er (...) lezeressen die de noodzakelijkheid van een vertaling uit het Zuid-Afrikaans niet inzagen, vooral omdat dit gedicht van Elisabeth Eybers ook zonder vertaling begrepen kan worden." Die redaksie het self 'n standpunt hieroor: "Ook binnen de jury bestaat hierover verschil van mening. Wel zijn we het erover eens dat het vertalen van poëzie, ook van poëzie in een taal die heel sterk op de eigen taal lijkt, een veel grotere betrokkenheid met het gedicht met zich meebrengt en dat sommige betekenissen en vormaspecten daardoor vaak pas aan het licht komen." Die redaksie wonder egter of "vrije vertalingen" nie meer gepas by Eybers sal

wees nie, en verder of voetnote nie miskien voldoende sal wees nie. Uit inskrywings blyk dit dat ook lesers verskillende opvattings het oor die meriete van poësievertalings "bij zo'n contrastarm talenpaar" soos Afrikaans en Nederlands.

Die wennende vertaling word gepubliseer in die Januarie/Februarie-nommer:

> De ouderdom is niet zo saai:
>
> Wat diep gehurkt verborgen zat
> wordt opgeschrikt door pijn;
> 't lichaam wint terrein.
>
> Je zinnen aangescherpt gehaast
> peilen wat komt,
> en te verdwijnen staat.
>
> Ervaring valt van alp omlaag
> trekt door woestijngebied.
> Vloeit door de glooiende vallei
> en kabbelt aan de oevers.
>
> Resteert 't slapend mijnenveld
> zonder 'n enkel baken.
> Dat niemandsland dat twee verbindt
> en uit elkaar doet raken.

Surplus se redaksie oordeel, ten spyte van die eensgesinde bevinding dat Yvon de Kinkelder se insending die beste is, soos volg hieroor: "Deze vertaling heeft een opvallend interpreterend karakter. Het is de vraag, of deze strategie de juiste genoemd kan worden voor het gedicht (...) dat zich in veel opzichten uitstekend leent voor een vrij letterlijke vertaling. Interpreterend vertalen van poëzie heeft als nadeel dat het de geheimzinnige vaagheden waar veel gedichten hun schoonheid juist vaak aan ontlenen, expliciet maakt (...) Jammer is ook dat een sprookjesachtig woord als 'kalahari' verdwenen is." Die felt dat Van Kinkelder se vertaling 'n gedig "op eigen benen" is en dat haar vertaalopvatting "doortastend en consequent" deurgevoer word, is as pluspunte beskou.

Hierdie voorbeelde van die talle woorde en sinsnedes uit Eybers-gedigte wat Nederlandse resensente ten behoewe van hulle lesers vertaal, is maar 'n puntjie van die ysberg. Tog is die aard van vertalings nooit sodanig dat dit impliseer dat Eybers se werk daarsonder vir Nederlandse lesers onverstaanbaar sou wees nie. Wanneer afdelings 11.2, 11.3, 11.4.1, 11.5.2 in ag geneem word, is dit egter verbasend dat Nederlandse resensente tog nie self meer woordverklarings aanbied of versoek dat dit ingesluit moet word in Nederlandse uitgawes van haar werk nie.

11.7.2 BESWARE VAN AFRIKAANSE RESENSENTE

Opmerkings oor Eybers se taalgebruik wat dui op die bewussyn van Nederlandse invloede daarop, kom uiters selde voor. Johl 1977 is na my wete die eerste Afrikaanse resensent wat hieroor skryf. Sien verder 10.3.1.2.

Dikwels is Afrikaanse kritici se besware nie eens geldig nie. In 'n resensie van *Bestand* skryf Tim Huisamen (1983) oor "die Nederlandismes in haar werk", maar noem slegs "bv.'raam' i.p.v. 'venster'". Die woord "raam" kom wel in die betekenis van venster voor in HAT en is beslis nie 'n Nederlandisme nie. Dit wil voorkom of Eybers die woord verklee. Vergelyk VG-449, 450, 474 en 527. Sy gebruik ook "ruite" (vergelyk VG-469). "Uit die verte" (VG-411) speel in op W.E.G. Louw se bundel *Vensters op die vrees*, en in haar gedig praat Eybers van "'n bekorte luik" waardeur sy moet kyk.

Wanneer afdelings 11.4.2, 11.4.2.1 en 11.4.2.2 in ag geneem word, is dit verbasend dat Afrikaanse resensente so selde skryf oor die invloed van Nederlands op Eybers se taalgebruik. Dit beteken dat die afwykendheid van Eybers se taal, die feit dat Nederlands so bepalend vir haar idiolek is, nog nie genoegsaam onderken is nie en dat 'n belangrike aspek van Eybers se "Nederlandse" bundels deur die Suid-Afrikaanse kritiek verswyg word.[29]

VERWYSINGS BY HOOFSTUK 11

1. Vir 'n omskrywing van die begrip "idiolek" verwys ek na Eco (1976:270-273). Volgens sy omskrywing verkry 'n kunswerk weens afwykings van gegewe sisteme of norme 'n "super sign-function". Hy skryf:

> Insofar as the aesthetic text has a self-focusing quality, so that its structural arrangement becomes one of the contents that it conveys (and maybe even the most important one), the way in which the rules are rearranged on one level will represent the way in which they are rearranged on another. Furthermore, it is the ambiguous arrangement of one level that provokes a reassessment on another: in /a rose is a rose is a rose is a rose/ the puzzling redundancy of the lexical level stands for a semantic complication on the definitional one. Thus the deviational matrix not only represents a structural rearrangement: it entails a rearrangement of the codes themselves. It thus represents the proposal of a *new coding possibility*. This new code is apparently spoken by only one speaker, and understood by a very restricted audience; it is a semiotic *enclave* which society cannot recognize as a social rule acceptable by everyone. Such a type of private code is usually called an 'idiolect'. The rule governing all deviations at work at every level of a work of art, the unique diagram which makes all deviations mutually functional, is the *aesthetic idiolect*. (...) The ruling presence of the aesthetic idiolect can be either detected by a critical analysis or confusedly 'felt' by an intelligent though non-technical reading.

2. In 11.4.3.3 word talle voorbeelde gegee van wat ek beskryf as Eybers-neologismes. Dié woorde sal deur taalkundiges eerder geleentheidsamestellings genoem word omdat 'n neologisme streng gesproke verwys na 'n gelekseliseerde nuwe woord. Aangesien so baie aspekte van Eybers se taalgebruik as geleentheidsverskynsels beskryf sou kon word, verkies ek tog om woorde soos "garingbuik" en "hlënalag" Eybers-neologismes te noem.

3. In " (13.2.2.2) bespreek ek klank as 'n aspek van poëtiese taalgebruik en noem voorbeelde van klankverskuiwing wat in Eybers-gedigte voorkom. Rymklanke kan bv. wissel na gelang van 'n leser se eie taal. Vergelyk ook Jonckheere oor Van Wyk Louw (in Van Heerden e.a. 1966:91-92): "Tot mijn spijt moet ik bekennen dat ik minder goed hoor hoe hij schrijft. Maar dit komt doordat mijn oor nooit helemaal zeker is van de Afrikaanse uitspraak die ik met mijn Vlaamse mond tracht mee te murmelen."

4. In Eybers se "Nederlandse" bundels is 'n paar Engelse gedigte ("Confrontation with an artist", VG-374; "Looking back" uit *Drysand*, [weggelaat uit *Versamelde Gedigte*]; "Receive", VG-519), maar hulle word nie in aanmerking geneem nie.

5. Volgens *The Concise Oxford Dictionary* is "ciborium" 'n argitektuur-term. Die maan word dus vergelyk met 'n "canopy, canopied shrine; receptacle for reservation of Eucharist, shaped like shrine, or cup with arched cover [Gk. *kiborion* seed-vessel of water-lily, cup so shaped]."

6. 'n "Kontrole" in verband met my vermoede watter woorde vir 'n Afrikaanssprekende problematies is, is Van Niekerk (1987). Sy gee egter nie op 'n konsekwente basis rekenskap van alle on-Afrikaanse woorde nie en hoogstens vyf tot tien voorbeelde word genoem vir 'n paar van die kategorieë wat ek bespreek. Dit is opvallend hoe min woorde Van Niekerk as problematies aandui, m.i. weens die heel ander fokus van haar studie. Bowendien gaan sy nie in op die "vooropstelling"-implikasies van vreemde woorde in Afrikaanse gedigte in verband met poëtiese taalgebruik in die algemeen nie. Van Niekerk (1987:236) vind dit wel van besondere belang dat "die uitgebreide voorkoms van *Nederlandse woorde* en die aantoonbare invloed daarvan, die grootste bykomende faktor" maas nuwe temas is wat die afbakening van 'n "Nederlandse" lose "onteenseglik steun". Alhoewel die titel van Van Niekerk se verhandeling, *Die digter as immigrant: Elisabeth Eybers se "Nederlandse" bundels*, 'n oorvleueling met my studie suggereer, is dit nie die geval nie. Haar verhandeling is hoofsaaklik tematies georiënteer en gedigte uit die bundels tot en met *Rymdwang* word dienooreenkomstig geanaliseer.

7. Enkele Afrikaanse woorde van Nederlandse oorsprong is polities so belade, byvoorbeeld *apart* wat Eybers op drie plekke gebruik (VG-427, 440 en 526), en *tuisland* (VG-440), dat Nederlanders random hierdie woorde sekerlik sal soek na politieke betekenisse. Die spesifiek Suid-Afrikaanse betekenisontwikkeling wat hierdie erfgoed ondergaan het, het tot gevolg dat dit selfs eerder as Afrikaanse elegoed beskou kan word.

8. "Rinnewasie" kom nie in Nederlandse woordeboeke voor nie, maar in die spreektaal word soms "verrinneweren" gebruik; met name deur mense wat die woord "ruineren" nie goed ken nie, of vir die grap.

9. *Baie* is een van die enigste Afrikaanse woorde wat heel veel Nederlanders "ken", maar dit is uiteraard wel vir hulle 'n vreemde woord.

10. Raidt (1991:184) wys op Teenstra se omskrywing van die woord biltong: "vleesch uit den achterbout van een bokje, dat zeer malsch is, hetwelk men in den rook heeft laten droogen en eene langwerpige gedaante heeft', veel met een schapentong in grootte overeenkomende". Interessant genoeg is "bil" as bout, oftewel ook "dijspier van slachtvee', as enkelwoord nie meer bekend in Afrikaans nie.

11. Van oorsprong is "spuljebaas" die eienaar van 'n kermis, maar kan tans ook die baas of bestuurder van byvoorbeeld 'n maatskappy wees.

12. "Kutteltjies" is 'n verafrikanisering van "keuteltjes".

13. "Aalbaar" is waarskynlik afgelei van Rudy Kousbroek se begrip "aalbaarheidsfactor". Aangesien "aalen" 'n bekende Nederlandse werkwoord is, neem ek aan dat Nederlanders hierdie woord sal begryp, terwyl dit in Afrikaans heeltemal onbekend is.

14. Die woord "kitten" is ook deur Vasalis gebruik in die gedig "Steen" uit *Vergezichten en gezichten* (1954).

15. Van Niekerk (1987:230-231) wys slegs op agt woorde in die bundels tot en met *Rymdwang* wat vir 'n Afrikaanssprekende nie verstaanbaar sal weeg nie. Een van die woorde is "bommel". Sien 11.4.2.8.

16. In Nederlands word "baan" dikwels gebruik i.p.v. "werk" of "loopbaan". In "Ontheemde" is dit 'n moontlike betekenis, maar dit is ook waarskynlik dat die Vlaamse betekenis van "baan" = "(snel-)weg" meespeel. Dus: "haar kinders volg elkeen hulle eie weg".

17. In "Tweegesprek" (VG-189) uit *Neerslag* (1958) wil dit voorkom asof die "sy" tydens 'n afskeid in antwoord op die "hy" se vraag "Besef jy wat ek sê?" in Nederlands antwoord: "Jawel."

18. Vergelyk byvoorbeeld dat Van Niekerk (1987:226) dit nie noem in haar bespreking van "Niets van uw dienst?" nie, en skynbaar nie agterkom dat in "Aanbieding" (VG-457) ook ingespeel word op Nederlandse winkel-omgangstaal nie.

19. Sommige Nederlandse lesers sal hulle herinner dat die cabaretier Ton van Duinhoven 'n soortgelyke woordspel-grappie in die jare sewentig gemaak het. Dit wil voorkom asof Van Niekerk (1987:230) net die ding sien en nie die melding nie! Sy neem die gedig baie ernstig op en skryf dat die titel "'n samevattende funksie" het: 'In hierdie gedig val die klem aanvanklik op die konkrete 'bommel', die 'prop van een vat, bom', en teen die einde kom daar 'n verdieping wanneer die doodsgedagte na vore tree as gevolg van 'n tweede betekenis van 'bommel': die uitdrukking 'hij is op weg naar bommel' beteken 'hij gaat sterven'." Die uitdrukking kom inderdaad in Van Dale voor, maar nie in Koenen & Endepols nie en is in die algemeen nie 'n bekende Nederlandse segswyse nie. Waarskynlik is Van Niekerk deur die Nijhoff-gedig - waarna sy trouens nie verwys nie - verlei om die gedig slegs ernstig te interpreteer.

20. Van Niekerk (1987:135) gee die volgende uiteg aan "jy ink die tonnelmonding van die gang": "Die woord 'ink' kan dui op die man se *donker gestalte* aan die einde van die gang, maar na aanleiding van die Nederlandse woord 'inkel', wat beteken 'trechter van netwerk zoals er een of meer in een vislfuik zijn uitgespannen', kan 'ink' hier ook beteken dat hy die 'tonnel', die gang, maar dan ook die vrou se aandag, na hom toe 'tregter', op hom vestig.' Woorde soos "dryf", "tonnelmonding", "gang" en "gevang" kan die "inkel"-lesing ondersteun, maar as dit die "outeursbedoeling" was, sou Eybers waarskynlik nie gehuiwer het om die woord "inkel" heel spesifiek so in haar gedig te gebruik het nie. Myns insiens is die wagtende ek se behoefte daaraan dat die niewsige jy weer aan haar "omtrekkyne" gee, genoeg ondersteuning vir die metaforiese lesing waarby ink skryf- of tekenvloeistof ("inkt") is.

21. Aangesien ek Van Niekerk se skripsie nú my eie taalondersoek gerandpleeg het, is dit boelende vergelykingsmateriaal. Die feit dat .y so min woordverskille opmerk, is verbasend.

22. Vergelyk die openingsparagraaf van Hans Ester (1988) se resensie: "Laat Elisabeth Eybers wel eens Nederlandse woorden in haar Afrikaanse gedichten doorslipelen? In het gedicht 'Goed en wel' (...) meende ik haar op een typisch Nederlandse uitdrukking te betrappen. De laatste regel van het gedicht luidt namelijk: 'Tot jou kinders met die gebakte pere bly sit.' Maar niks hoort in het 'Kernwoordeboek van Afrikaans' vind ik als verklaring: 'die gevolge van 'n ander se dwaasheid of foute moet verdra.'"

23. Van Niekerk (1987:230) vermoed (na aanleiding van 'n Sneuvels-verwysing in Van Dale) dat met staal die steel of stingel van plante hier bedoel word. M.i. word in hierdie gedig, wat volgens my interpretasie 'n vertoning van vakansie-skyfies (dias) beskryf, met "staal" 'n proef, voorbeeld of monster bedoel; die woord is ongebruiklik in Afrikaans. "Staal" kan ook "verhaal" beteken.

24. H.C. Müller *sê*: "Hier is ook 'n woordspel wat gesog aandoen." Soos reeds genoem, getuig hierdie mening van 'n gebrek aan kennis van die Nederlandse idioom.

25. Ook Van Wyk Louw laat dikwels die dubbele ontkenning weg, selfs in sy prosa; vergelyk *Die digter as intellektueel*.

26. Vergelyk hier Ida Gerhardt se *De zonnen van het licht*.

27. Hier moet genoem word dat begripsprobleme nie noodwendig met bloot 'n goeie kennis van Afrikaans en Nederlands opgelos kan word nie. 'n Paar (vir my) raaiselagtige Eybers-gedigte is: "Die tweede winter" (VG-312), "Redder" (VG-326; veral die slotreël), "Verraad" (VG-338; vergelyk Kannemeyer se ontleding van hierdie gedig aan die hand van biografiese gegewens), die raaiselagtige "Vier goue adelaars" (VG-387), die laaste reël van "Dichtung und Wahrheit" (VG-452) asook die verwysing na die "twee-en-sestigjarige/ Mafia-voorman" in "Toekoms" (VG-553). Die probleme in hierdie gedigte word veroorsaak deur 'n kombinasie van duister referensiële aspekte wat ook nie met behulp van die bekende biografiese gegewens oor Eybers maklik opgelos sal kan word nie. Dit wil selfs voorkom asof die digter opsetlik misterieus is. Vergelyk die slotstrofe van "Vier goue adelaars":

> Terselfdertyd en duskant die kanaal
> weerklink 'n onheilspellender tamtam.
> Vier goue adelaars het daar neergedaal,
> vier geel Japanners het hier opgestyg:
> dié feite het ek op één dag geleer.
> Verband, indien aanwesig, word verswyg.

28. Eybers se "Nederlandse" bundels kan dalk vir taalkundiges 'n interessante studiegebied wees. Die manier waarop Afrikaans tydens drie eeue uit Nederlands ontwikkel het, sou vergelyk kan word met die manier waarop 'n individu se Afrikaans tydens 30 jaar in die 20ste eeu weer Nederlandse invloede assimileer!

HOOFSTUK 12

ELISABETH EYBERS SE TUSSENWÊRELD: REFERENSIËLE PROBLEME

In hierdie hoofstuk word gekonsentreer op wat Lotman (1973) die ekstratekstuele relasies van tekste noem. Aandag word gegee aan geografiese verskille tussen Nederland en Suid-Afrika soos wat dit tot uiting kom in Eybers se poësie, aan verskillende klimaatsomstandighede en sosiale verskille, aan lesers se reaksies op verwysings na Eybers se persoonlike lewe in haar gedigte, en aan die literêre kontekste waarna Eybers se "Nederlandse" bundels verwys.

Sommige referensiële verwysings is meer toeganklik vir Nederlandse lesers en ander meer vir Suid-Afrikaanse lesers. Nederlandse lesers herken byvoorbeeld Nederlandse klimaatsomstandighede in Eybers-gedigte en dit verhoog die "toeganklikheid" van haar gedigte, terwyl verwysings na Suid-Afrikaanse droogtes, "gramadoelas" en "biltong" vreemd vir hulle is. In Hoofstuk 13 word in meer besonderhede ingegaan op die verskynsel dat wisselende kombinasies van herkenning en vervreemding Eybers se "Nederlandse" bundels vir sowel Nederlandse as Suid-Afrikaanse lesers herkenbaar/toeganklik en vreemd/"poëties" maak.

Alhoewel die klem hier sterk geplaas word op referensiële verwysings in Eybers se "Nederlandse" gedigte, wil ek nie daarmee suggereer dat dit die belangrikste aspekte van die betrokke gedigte is nie. Verder is gedigte wat te make het met die spreker se aanpassing by nuwe omstandighede, heimwee, 'n vergelyking tussen twee omgewings, en die verwoording van die probleme van 'n tussenmens, vir die interpretasie daarvan ook geensins van 'n intieme kennis van Eybers se persoonlike omstandighede afhanklik nie. Selfs die "persoonlikste" gedigte is meestal tot volledige onafhanklikheid georganiseer: die inligting wat vir die verstaan daarvan nodig is, is in die gedigte self teenwoordig.' Lesers kom agter dat die ruimte in Eybers-gedigte in sommige gevalle vir hulle vertroud en in ander weer vreemd is. Dié mengsel van vertroudheid en vreemdheid veroorsaak tegelykertyd Eybers se toeganklikheid en haar "dubbele poëtisiteit" (wat in Hoofstuk 13 bespreek word). Vir 'n begrip van sentrale temas in Eybers se oeuvre is dit van belang dat lesers bewus is van hierdie "dubbelheid" in die bundels sedert Baluns. Sien veral Bibliografie I, II, III/A, B, E en F.

12.1 INLEIDING

Volgens Lotman (1973:85ff.) is dit by die dekodering van 'n gedig nodig dat die leser sowel die ekstratekstuele as die intratekstuele relasies van 'n teks in ag sal neem. Ekstratekstuele relasies kan onderverdeel word in nie-literêre en literêre relasies. In die

eerste geval kan relasies van die teks met die biografie van die skrywer of die werklikheid nagegaan word, en in die tweede geval kan relasies van die teks met ander literêre tekste betrek word. In hierdie hoofstuk word ekstratekstuele relasies van Eybers se "Nederlandse" tekste veral betrek op basis van die potensiële herkenning daarvan deur een of albei stelle lesers. Ek gaan daarvan uit dat kennis van ekstratekstuele raamwerke dikwels nodig is vir 'n begrip van bepaalde gedigte, maar onderskryf die standpunt dat dit

> egter veral die intratekstuele relasies (is) wat die leser 'n werklike toegangspoort tot die gedig verskaf.

(Sien Gräbe in Senekal 1986:12. In Hoofstuk 13 word veral aandag gegee aan intratekstuele relasies.)

Soos wat in Hoofstuk 1 betoog is, is biografiese feite oor Eybers se landverhuising en haar Nederlandse verblyf algemene kennis wat wel mag meespeel by die interpretasie van haar gedigte; die agtergrondkennis van die leser is iets wat nie weggeredeneer kan word nie. Dit beteken dus dat lesers wat bekend is met Eybers se oeuvre en die publikasiegegewens in verband met haar werk, nie hoef te maak asof haar gedigte "in 'n bottel na ons toe aangedryf" kom nie (Grové 1957).

As gevolg hiervan kan lesers sekerlik 'n rekonstruksie maak van die ervaringswerklikheid van die spreker en byvoorbeeld aan denotatiewe voornaamwoorde soos "hier" en "daar" as mees waarskynlike denotata Nederland en Suid-Afrika toeken, selfs al word dit nie eksplisiet in soveel woorde in elke gedig geskryf nie. Bax-Botha (in Nienaber-Luitingh 1975:30) stel dit so: "In haar 'Hollandse' bundels is daar genoeg direk herkenbare weerspieëling van wat sy hier ervaar en waargeneem het. Daar is wel die herinneringsverse, gepeins oor vroeër, heimwee. Maar steeds in balans geruk deur die nugter wéét van die hier-en-nou en die immanente toekoms. Haar beheptheid met wat sy onthou, word dan nie soseer 'n staan en omkyk nie (...) as telkens 'n blik in die terugkyk-spieël, juis om so veilig as moontlik die pad vooruit te ry."

12.2 GEOGRAFIESE VERSKILLE TUSSEN NEDERLAND EN SUID-AFRIKA

Alhoewel Nederland die "stamland" van die meeste Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners is, is daar bykans geen geografiese ooreenkoms tussen die twee lande nie. Nederland is in die noordelike halfrond; dis 'n digbevolkte, klein, welvarende, oorwegend plat en nat land met tot onlangs nog 'n redelik homogene Europese bevolkingsamestelling. Suid-Afrika is 'n uitgestrekte gebied met sterk wisselende klimaatsomstandighede en

landskappe aan die suidpunt van Afrika bewoon deur 'n verskeidenheid bevolkingsgroepe. Eybers maak aktief gebruik van haar kennis van hierdie uiteenlopende lande. Verwysings daarna sluit dikwels heel konkreet aan by 'n algemene tendens in haar poësie wat Rena Pretorius (in Nienaber-Luitingh 1975:93) na aanleiding van 'n enkelbundel só verwoord:

> *Kruis of munt* laat 'n mens vermoed dat Elisabeth Eybers die lewe as 't ware in terme van teenstrydighede begryp: haar poëtiese verkenning van haar wêreld is daarom 'n verkenning van die uiterstes wat dit beheer.

By "'n uitgebreide reeks kruis-en-munt-pare soos man - vrou, drome - werklikheid, verlede - hede, (...), verlies - behoud, jonk - oud, liefde - haat" hoort ook Suid-Afrika - Nederland:

> Tussen hierdie uiterstes staan sy sonder om haastig kant te kies; hieruit skep sy telkens 'n 'flikkerende mosaïek' waarin die teenstrydige dinge se versoeningsmoontlikhede prinsipieel gedemonstreer word.
> (Pretorius in Nienaber-Luitingh 1975:86)

Belangrike geografiese verskille moet as sodanig herken word om die reikwydte van Eybers se "flikkerende mosaïek" ("Muse", VG-360) te kan plaas. Alhoewel verwysings na plekke of omstandighede in Nederland en Suid-Afrika so dikwels in die "Nederlandse" bundels voorkom, word die lande selde by name genoem. Meestal benoem 'n deel die geheel. Suid-Afrika word slegs in "Nolens volens" (VG-439) eksplisiet benoem: "Suid-Afrika, toe ek jou moes verlaat (...)". Vir die algemene "Exil"-problematiek (sien Hoofstuk 4) is dit seker nie so belangrik wátter kouer en noordeliker land deur die spreker bewoon word nie. Sy praat byvoorbeeld van "hierdie mat en platgrys land" (in "Ontwortelde", VG-516) en "hierdie mini-linealeland" ("Vir Thérèse", VG-546). Die noem van spesifieke plekke (in gedigte soos "Amsterdam, 13 Maart", VG-280; "Twee kleuters in die Vondelpark", VG-281; "Terugkeer uit Gelderland", VG-397; asook "Doof", VG-551) laat egter geen twyfel by die leser dat die spreker haar in Nederland bevind nie. In "Orkaan" (VG-358) noem sy dit die "hol land" en telkens is daar spesifieke beskrywings.

Die afgebakende beperktheid van die land word dikwels vergelyk met die uitgestrektheid van Suid-Afrika. Vergelyk in "Terugkeer uit Gelderland" (VG-397):

> As ons die lieflikheid verken
> van stip gekadastreerde groen
> waaraan ek my allengs gewen
> en jy presies weet wat gedoen
> moet word en hoe gegaan
> dan dink ek soms
> hoe sou jy kyk hoe sou jy lyk
> as jy eens naas my op die aardkors staan
> van my geweldige vaderland

met geen wegwyser as my hand.

Hierdie gedig is 'n goeie voorbeeld van die herkenningsmoontlikhede wat die gedig bied aan eers die een en dan die ander groep Eybers-lesers. Nederlanders sal weet van die presies-gekaarte wandelpaadjies in Nederlandse bosse en Suid-Afrikaanse lesers . wat bedoel word met die "vaderland"-se landskap wat ook letterlik "geweld" ken.[2]

12.2.1 INTERPRETASIEPROBLEME IN VERBAND MET "HIER" - "DAAR"

Denotatiewe voornaamwoorde kom dikwels in Eybers se gedigte voor sonder dat denotata (byvoorbeeld Johannesburg, Amsterdam, Suid-Afrika, Nederland) noodwendig verstrek word. 'n Belangrike aspek wat alle lesers daarom in ag moet neem, is dat die land waarin hulle is, hulle "hier", dikwels nie met die liriese spreker s'n sal saamval nie. Dit is iets wat Suid-Afrikaanse lesers - wat tradisioneel geneig is om aan haar te dink as slegs 'n Afrikaanse digter - bewus in berekening moet bring. Hulle moet juis meer dikwels as Nederlandse lesers 'n groter verbeeldingsvlug onderneem wanneer "hier" ingevul word. Suid-Afrikaners moet hulle verplaas na Eybers se Nederlandse omgewing en besef dat Eybers se "hier" meestal vir hulle "daar" en haar "daar" vir hulle "hier" is. Aan die ander kant is dit vir Nederlandse lesers - wat eerder geneig sal wees om aan Eybers as vreemdeling te dink weens die feit dat sy in Afrikaans skryf - 'n bandskeppende gegewe dat Eybers se "hier" sedert 1961 meestal hulle Nederlandse "hier" is: kompleet met verwysings na gragte, kanale, merels, dykgras en fietsers.

In talle Eybers-gedigte nog voor haar "Nederlandse" periode is dit duidelik dat die onmiddellikheid van die omgewing waarin sy haar bevind met "hier" of "hierdie" aangedui word. In "Witwatersrand" (VG-244) vra die digter:

> Kan ooit in hierdie flitsende verskiet
> van kwarts en doleriet
> iets sags geskied?

Dikwels word "hierdie" selfs verder gespesifiseer met die besitlike voornaamwoord "my". In "Brief in Januarie" (VG-245) word byvoorbeeld gepraat van "my minerale stad" waar die spreker "die troostelose klipperigheid noteer" wat in so 'n skerp teenstelling staan tot die "kristalfyn sprokie" wat opgetower is deur die brief se woorde: "*...en toe ek wakker word was alles wit ...*".[3]

Referensiële probleme

Die gedigte "Besluit" (VG-267) en "W 68) - wat net voor die eerste "Nederlandse" gedigte in *Balans* voorkom - dui op adering van plek wat deur die ek oorweeg word. In eersgenoemde staan:

> Die golfstroom laat my - uit 'n oop verskiet
> in hierdie koers getregter - nooit meer los.
> Op steil Itaka flikker nog vannag
> wit marmergroewe, vlymende kwartsiet,
> alwyn en kaktus, wag-'n-bietjie-bos.
> Die jong maan het sy angel opgelig
> maar aan die boegkant glim die einder sag.
> My voetsole onthou die diep venyn
> van te veel letsels: selfs die sober pyn
> - jou swye - buig my roerpen nie meer terug.

Van Niekerk (1987:27) wys daarop dat "die onomkeerbaarheid van die besluit om te emigreer" hier verwoord word. Sy wys op die belang daarvan dat die plek wat verlaat word Itaka genoem word: "a symbol of the celestial homeland - of eternity assuming the aspect of temporal existence" (Cirlot 1981:253).[4] Die plantegroei van Itaka in die gedig is dipies Suid-Afrikaans en die "vlymende kwartsiet" roep ander gedigte in herinnering waarin die Witwatersrand beskryf word. In teenstelling met die hardheid en die gelede pyn is daar "hierdie (nuwe) koers", die belofte van toekomstige sagtheid, koestering, heling van die pyn: "... aan die boegkant glim die einder sag."

As oorgangsgedig in verband met die inslaan van "'n rigting (...) wat in die sterre staan", is "Wet" (VG-268) belangrik. Eybers put weer uit die Griekse mitologie. Die ironie van die "absolutisme", dat "Geskeidenheid, so ..ke ope wond" noodwendig sal herstel, lê in die verloop van die mite waarna verwys word. Leander se geliefde, Hero, het elke aand 'n fakkel aangesteek, en met behulp van dié lig het Leander oor die Hellespont na haar toe geswem. Tydens 'n storm het die fakkel een aand uitgewaai, maar Leander het in die Hellespont gespring "voor hy die brandertoppe tel", dus voor hy die gevare in ag geneem het. By die aanskoue van sy uitgespoelde lyk het Hero haarself in die see gewerp. Hulle "geskeidenheid" is nie "halsoorkop weer deur die bloed herstel" nie, maar hulle is finaal van mekaar "losgeskeur".

In die gedig "Immigrant" (VG-269) word 'n geografiese verplasingsproses voltrek:

> Niks as my hande en voete het ek hier,
> die res het met die oortog soek geraak.

In die lig van die Eybers-oeuvre kan met 'n redelike mate van stelligheid beweer word dat die spreker se "hier" vanaf "Immigrant" Nederland is.[5] Die eerste gedig ná "Immigrant" waarin die woorde "hierdie" en "hier" voorkom, is "Heimwee" (VG-275):

'n Huis is iets wat teen 'n helling staan
deur son gekonfronteer aan elke kant.
Maar let op: sê jy huis in hierdie land
dan dui jy drie beknelde kamers aan.

Hier is geen op- of afwaartsneiging (...)

Sonder dat die land waarin die spreker haar bevind, in die gedig genoem word, is daar genoeg buite-kontekstuele feite en bundel-immanente aanwysings om af te lei dat met "hierdie land" Nederland bedoel word.

Wanneer in "Wegwysers" (VG-306) die aanwysende voornaamwoord "hier" voorkom, is dit duidelik dat die spreker 'n behoefte het om haar omgewing te spesifiseer in vergelyking met 'n ongenoemde "daar":

Hier word niks aan die toeval oorgelaat:
die reguit rigtingpale staan geplant (...)

Die "hier" is beslis nie net in die algemeen gebruik om die spreker se posisie op 'n willekeurige snelweg aan te dui nie, maar het 'n informatiewe funksie wat wyer as die gedig self uitkring, naamlik om die andersheid ten opsigte van 'n ander vroeër bekende omgewing ('n gebied waaruit vermoedelik sowel die spreker as veronderstelde ontvangers van haar boodskap afkomstig is) te spesifiseer.

In "Snags" (VG-366) rig die ek-spreker haar nadruklik tot 'n jou uit haar verlede, en weer is dit opvallend dat "hierdie" in 'n funksie gebruik word wat 'n onderskeid veronderstel met 'n ander omgewing wat waarskynlik bekend is aan die jou:

Snags as ek, wawyd aan die slaap, wegglip
uit hierdie leë huis om rond te staar
deur al die jare tot ek jou gewaar (...).

'n Gedig wat hierby aansluit, is "Terug" (VG-437):

Transekwatoriale swaartekrag
het my hierheen gebagger. Elke nag
tregter my terug na my geboorteland,
die einder dobberend tussen son en sand.

Wie'k dáár aantref keer weer van verder weg
(...)

vreemd hoe ek steeds die hede en hier verraai,
sodra ek kans kry go: 'n Kaapse draai

beskryf (...).

Referensiële probleme

Die "hede en hier" is pertinent nié die "geboorteland" wat nou droomdomein geword het nie. Dieselfde afleiding kan gemaak word van Eybers se gebruik van "hierdie" in "Afstand" (VG-367):

> Van tyd tot tyd nog steeds die vreemde vraag:
> jy - meestal u - het langsaamaan wel tuis
> geraak in hierdie land?
> Ek neurie nie die nag
> is donker ek is ver van huis
> maar knik welmenend vaag
> en vals. Ek wortel elders, hoe sou ek my hier
> kan tuis maak. Dinge en ek gaan aan mekaar verby
> sonder herkenning. Daarom laat hulle my
> met rus, versin geen hinderlaag, lê nooit beslag
> en daarom kan ek hulle goed verduur.

In "Nolens volens" (VG-439)[6] is dit baie duidelik dat die "daar" waarvan afskeid geneem is, Suid-Afrika is:

> Suid-Afrika, toe ek jou moes verlaat
> nie om jou domheid maar om ele seer
> - met tongval wat my land van herkoms meld -
> wis ek nog nie dat ek ook as gas sou geld
> by hierdie fuif waar hulle jóú trakteer
> op amptelike monomanie haat.

In "Ontheemde" (VG-506) is dit ook geregverdig om "hier" as Nederland en "daar" as Suid-Afrika te interpreteer:

> Hier, in die vreemde, en sonder 'n masker aan...
> Die mense is hier nie minsamer as daar, gewis
> nie toleranter. Wat of wie
> hou jou hier vas? Dáár was die lewe beter
> en niks belet jou om weer terug te gaan.

'n Ander, ligharliger eksplisitering van die "hier/daar"-gegewe is in die gedig "Notisie" (VG-472) te vinde:

> In hierdie halfrond steier die halwemaan
> soms kersregop met skietloodmiddellyn.
> Waar ek vandaan kom en hy skerper skyn
> lê hy gewoonlik agteroor gevly
> (
> Badwater, as dit gorrelend wegloop, kolk
> hier linksom, téén die klok, dáár tol dit méé.

Na ..é gedig is uitgebreid verwys in 'n resensie van *Bestand* (Kusters 1982). Dit het nege (meestal "tegniese") ingesonde brief-reaksies opgelewer (*NRC Handelsblad*, 29.10.82 en 19.11.82) - sekerlik 'n bewys van die mate waarin Nederlandse lesers hulleself identifiseer met die werklikheidsgehalte van die "hier" en "daar" in 'n Eybers-gedig!

Merwe Scholtz (in Nienaber-Luitingh 1975:109) gee na aanleiding van "Identiteit" (VG-350) 'n interessante bespreking van die kwessie van "hier/daar", "nou/toe" en "hulle".

> Ons sou veel sekuurder (...) in die Hollandse vierkant gestaan het met: '*Maar hier* staan hulle op houtpote ...') (Eybers skryf '*En nou* staan hulle ...' - EJ). Die chronologiese tydskakelaar 'nou' en die anaforiese steekopteller 'hulle' laat nog steeds die Suid-Afrikaanse vaal drawwers skommel. Maar intussen het daar iets gebeur, iets verander: die tydaanduiding 'nou' is *nou*, en *nou* is *hier*, en nou en hier is die tyd en plek van die ek se 'mymering': met die 'nou' (wat ook 'hier' is), is die Suid-Afrikaanse 30,000,000 verhollands tot die onmiskenbare tien.

'n Bespreking van "kruis-en-munt-pare" soos verlede - hede en Suid-Afrika - Nederland staan sentraal in Pretorius (in Nienaber-Luitingh 1975:86) se betoog oor "skoonheid gebore uit gemis", maar Scholtz is die enigste kritikus wat met soveel nadruk wys op die belang daarvan om 'n onderskeid te maak tussen die Nederlandse en die Suid-Afrikaanse verwysingswêreld wat dikwels gelyktydig in Eybers-gedigte voorkom. Alhoewel die inhoudelike spanninge tussen teenstellings formeel gereflekteer word deur die "hier"-"daar"-aanduidings, is dit asof die formele ewewig wat behou word, dit weerspreek wanneer Eybers tog geen finale versoening tussen opposisies teweeg bring nie. Dit blyk byvoorbeeld uit die ontroerende gedig "1 Desember" (TS-10/34) wat in 1989 geskryf is (sien Lieske & Otten 1990:17,22) waar die afwesigheid van "hier-daar" geensins afbreuk doen aan die duidelikheid en intensiteit van opposisies nie:

> Die grillige son in die mom van 'n vuurrooi ballon
> laat hom versigtig deur stekelige takke afsak,
> word weggesuig in één gulsige horisonhap.
>
> Met sy boggel gekeer na 'n fosforesserende ster
> ontpop 'n maanspaander hom plots uit die spaarsame dag,
> lê op die huiwerige afsluiting silwer beslag.
>
> Dan hemelse manna: 'n hoëveldse Julienag.

Wanneer "1 Desember" vergelyk word met vorige eksplisiete "hier"-"daar"-gedigte is dit duidelik dat dié opposisie-tema in Eybers se werk dermate sterk geword het dat dit ten spyte van die "elliptiese" stelwyse herken word. Die "chronologiese tydskakelaar" *dan* is voldoende - mits die leser rekening hou met 'n ongenoemde "hier"-omgewing van waaruit die gedig oopvou in 'n "daar"-perspektief wat gelyktydig aanwesig gestel word. Dit is belangrik dat lesers die plotseling-ervaarde ooreenkoms tussen 'n winterse Nederlandse sonsondergang en 'n hoëveldse Julienag kan visualiseer.

Ter afsluiting van hierdie onderafdeling kan verwys word na die speels-nonchalante wyse waarop Eybers in "Aftelrympie" (VG-505) die ruimtelike uiterstes van haar lewe opvoer:

> Alles van heinde
> en ver loop ten einde

Referensiële probleme

merendeels lewendig
nader jy sewentig
vaderland ver
soveel bakens omver
(...)

Die drie-voudige herhaling van "ver" is m.i. 'n beklemtoning van die feit dat Suid-Afrika vir die digter ondertussen werklik "daar" geword het.

12.2.2 INTERPRETASIEPROBLEME IN VERBAND MET "HULLE"-"ONS"

In die algemeen kan veronderstel word dat Suid-Afrikaanse lesers verwag dat Eybers na Nederlanders verwys wanneer sy die woord "hulle" gebruik. In "Afstand" (VG-367) gebruik sy "hulle" om na "dinge" te verwys, maar dit kan ook meespeel in verband met die "vreemde"-linge, haar nuwe landgenote met wie sy oor die algemeen nog op 'n afstandelike voet verkeer (vergelyk "jy - meestal u"):

(...) Daarom laat hulle my
met rus, versin geen hinderlaag, lê nooit beslag
en daarom kan ek hulle goed verduur.

Alhoewel Nederlanders dikwels met "hulle" bedoel word, is dit nie altyd die geval nie. Vergelyk byvoorbeeld "Welvaart" (VG-348):

Die tydskrifte my toegestuur
op vaderlandse rekening
onthef my wel van heimwee, stel
my maandeliks opnuut gerus:
die Kaap sal altyd Hollands wees.
Die statistiek, lugtig borduur
met nulletjies, maak my bewus
hoe pront hul voel, presies hul tel (...)

Soos wat Lindenberg aantoon (in Nienaber-Luitingh 1975:56), klink die derdepersoonsvorm hier "kil-afwysend" teenoor Eybers se voormalige landgenote. Die oormekaarskuiwing van twee ruimtes deur die aktivering van die idioom "die Kaap is Hollands" is ironies en dit skep wel die indruk dat sy ook "kil-afwysend" oor haar Nederlandse landgenote is. Met "Hul tydgehelligde beleid" in verband met finansiële sake, word egter veral dié van Suid-Afrikaners bedoel wat "hulle winsmotiewe met vroomheid verbloem".

"Naturalisasie" (VG-518) bied 'n interessante begripsprobleem wat aansluit by die "hulle"-verskynsel. Die situasie in die gedig is dat die spreker aansoek doen om Nederlandse

burgerskap. Die burokratiese omstandighede in "my geboorteland" (Suid-Afrika) word dan vergelyk met die veel saaier burokrasie in Nederland. In die laaste paragraaf staan:

> Of die omtowering voortvloei uit 'n wens
> gekweek in 'n verwisselbare hart,
> of dit jou lewe anders maak en hóé
> is bysaak, maar ek wonder soms. En laat
> geen landgenoot my aanfluit van verraad,
> kom dit nog inderdaad eendag daartoe.

Dit is onduidelik of Suid-Afrikaners of Nederlanders met "geen landgenoot" bedoel word. Miskien is dit 'n "oop plek" wat na believe deur welke land se lesers dan ook ingevul kan word!

"Hulle" en "ons" moet net soos "hier" en "daar" nie as vaste antiteses van mekaar veronderstel word waarby konstante waardes aan die een of ander toegeken kan word nie.

12.2.3 INTERPRETASIEPROBLEME IN VERBAND MET NOORD/SUID

Wanneer na noord en suid in Eybers-gedigte verwys word, sou 'n mens verwag dat daarmee onderskeidelik Nederland en Suid-Afrika bedoel word. Geografiese aanduidings in enkele gedigte maak dit immers duidelik dat die spreker tyd na haar landsverhuising die ewenaar oorgesteek het ("November": "wat ek met my mee wou dra/ het die ewenaar afgekeur", VG-272. Vergelyk ook "Notisie", VG- 472).

In twee gedigte is daar sprake van 'n geïdealiseerde suide. Dié gedigte is albei in *Einder* (1977) - 'n bundel wat onteenseglik in die teken staan van 'n nuwe liefde in die spreker se lewe in Nederland. Hier volg albei gedigte:

> Asiel
>
> Al weer 'n bars wat ritselend gly
> uit die kosyn. My huis sak skeef
> geabba op 'n pappery.
> Kan mens dié sondvloed straks oorleef?
>
> Suidwaarts sprei 'n solieder wyk,
> ek dra 'n sleutel met die krag
> om die swaar deur te laat beswyk
> waar jy met kruis-oop arms wag.
>
> (VG-417)

Om onderweg te neurie

Die kleur van lood die kleur van grint
teken die somber labirint
wat ons apart hou en verbind

My oë koppig afgewend
van onversoenlike sement
versin 'n eie suide: troos
teen smerige plavei en lug

En niemand weet behalwe ek
hoe voor die vuis en suiwer soos
'n straalvliegtuig sy pluimspoor trek
hoe sonder raamwerk en gewig
verlegbaar en materieloos
'n voetbrug na jou vesting strek

(VG-427)

Dit kan Eybers-lesers (vergelyk bv. Grobler na wie verwys word in 10.3.2.3) nie kwalik geneem word indien hulle in albei gedigte variasies op die bekende Eybers-tema van verlange vanuit die koue somber Nederland na 'n sonnige en "aardser" Suid-Afrika sou lees nie. Tog moet die leser versigtig wees om nie in 'n gemaksugtige metaforiese leeswyse te "gly" (sien "Van harte", VG-426) wanneer geografiese aanduidings in gedigte aanwesig is nie. Die spreker moet veral ook heel letterlik opgeneem word wanneer sy beweer dat sy die "eie suide" oor 'n weg van sement en plavei kan bereik.

"Asiel" is 'n woord wat duidelik hoort binne die ballingskap-paradigma en die verwagting bestaan dat Nederland dan Eybers se "asiel" sal wees.[7] Tog blyk dit dat 'n piek "suidwaarts" die ek se toevlugsoord is - iets wat tog strydig is met die feit dat die land vanwaar gevlug is die suidelike een is. Myns insiens moet die twee strofes veel letterliker opgeneem word as wat die nogal belade titel - gesien Eybers se verblyf in Nederland - laat vermoed. Hiervoor het die leser wel 'n kennis van Nederlandse topografie, en veral dié van Amsterdam nodig. 'n Skeefgesakte huis met barste wat uit die kosyn gly, is geen ongebruiklike verskynsel in ouer Amsterdamse woonwyke nie, en die sondvloed waarna verwys word, dui hier nie op die Bybelse een (sien Genesis 7) nie, maar op die feit dat die spreker se huis as't ware op water dryf.[8]

Wanneer die eerste strofe letterlik opgeneem word, is dit makliker om te begryp dat daar inderdaad "solieder" stadswyke kan wees wat nié op so 'n pappery gebou is nie. In die geval van Amsterdam bestaan dergelike wyke hoofsaaklik in 'n suidelike rigting vanaf die ou stadskern uit. Wanneer die spreker praat van 'n sleutel wat sy dra "met die krag/ om die swaar deur te laat beswyk" waar 'n "jy met kruis-oop arms wag", meen ek dat

"Asiel" in hoofsaak as 'n liefdesgedig gelees moet word wat letterlik gebruik maak van Amsterdamse stadsbou-gegewens om die fragiliteit van die spreker te kontrasteer met die solieder krag van die beminde by wie sy haar toevlug (in 'n "droër" woonwyk) soek. Binne bundelverband, en ook in die kader van die talle gedigte waarin Eybers in hierdie trant oor die vrou/man-verhouding skryf, word met "suidwaarts" hier niks méér as 'n ander deel van dieselfde stad, van Amsterdam bedoel nie. Suid-Afrikaanse lesers sal waarskynlik meer moeite as Nederlanders hê om die gedig so te verstaan.

Alhoewel Nederlandse lesers van huis uit kan beskik oor referensiële kennis wat by die interpretasie van hierdie gedig nodig is en hulle dus 'n voordeel het bo Suid-Afrikaanse lesers, moet daarop gewys word dat hulle weer moeite sal hê met die woord "geabba". Hierdie Afrikaanse woord (van Korana en Nama-herkoms: sien Boshoff & Nienaber 1967:121) beteken om iets, meestal 'n kind, op jou rug te dra.

Ook in "Om onderweg te neurie" word met "'n eie suide" die suidelike deel van Amsterdam bedoel. Terwyl Eybers oor die algemeen altyd leestekens gebruik, is dit opvallend dat dit hier weggelaat is. Met Lucebert se opvatting in gedagte dat punktuasie 'n hek in die taal vorm, is my vermoede dat hierdie doelbewuste weglating van kommas en punte 'n formele daad is om obstakels te elimineer; om die weg na die jou te verkort. Dit blyk uit die gedig dat daar in ieder geval obstakels genoeg is op weg na "jou vesting": lood en grint is die weinig opbeurende kleure onderweg, "onversoenlike sement" en "smerige plavei en lug" die terrein waarlangs die ek in die "somber labirint" voortbeweeg. Wat egter die weg verkort en wat troos, is die feit dat sy "'n eie suide" "versin" of verbeel. Hierdie versinsel se effek word in die slotstrofe beskryf: in kontras met die beskrewe somberheid vorm dit 'n ligte materielose oorbruggingsmoontlikheid om die bestemming voor te stel, in die gees reeds te bereik. Die versinsel alleen al van "'n eie suide" is dus genoeg om 'n delikate toegangsmoontlikheid te bewerkstellig. Die spontane en suiwer aard daarvan word vergelyk met 'n straalvliegtuig se "pluimspoor" - iets wat in die suidelike deel van Amsterdam dikwels gesien word omdat Schiphol daar naby is. Hierdie vergelyking evokeer uiteraard interkontinentale oorbruggingsmoontlikhede (Nederland/Suid-Afrika), maar na my gevoel is die belangrikste aspek van die vergelyking wat geaktiveer word, die eteriese en ligte dimensie van 'n straalvliegtuig se spoor op 'n visuele vlak. Die gedágte aan die geliefde is reeds "'n eie suide", 'n geheime troos, 'n voetbrug - dit bied oombliklike kontakmoontlikheid.

Net soos in "Asiel" meen ek dat baie Eybers-lesers geneig sal wees om in "Om onderweg te neurie" 'n "dieper" betekenis te soek agter "suid". Ook in hierdie tweede gedig dui dit myns insiens egter glad nie op Suid-Afrika nie. Die voornaamwoord "eie" kontrasteer

hierdie suide juis uitdruklik met 'n algemene suide wat inderdaad dalk Suid-Afrika kan beteken, 'n plek wat in hierdie stadium van Eybers se oeuvre dikwels baie positiewe konnotasies het.[9]

12.2.4 INTERPRETASIEPROBLEME IN VERBAND MET PLEKNAME

Eybers gebruik nie dikwels plekname nie. Uiteraard sal dié in Suid-Afrika vir Suid-Afrikaanse lesers potensieel bekend wees, maar problematies vir Nederlandse lesers. Die omgekeerde is ook waar.

Nederlandse lesers herken 'n hele aantal spesifieke Nederlandse plekke in Eybers-gedigte: in "Amsterdam, 13 Maart" (VG-280), "Twee kleuters in die Vondelpark" (VG-281), "Besoek" (VG-304 en 305: "Centraal Station uit die verligte trein./ Noord, weet ek, lê die haweyswoestyn,/ die gragtegordel suid."), "Terugkeer uit Gelderland" (VG-397), "Besoek aan 's-Graveland" (VG-411), "Vollemaan bo Amsterdam" (VG-498), die Noord-Hollandse dorp Groet in "Vir Thérèse" (VG-546), Amsterdam in "Dooi" (VG-551), en die "Nachtwachtlaan" in "Aan F.D." (VG-589). Alhoewel Amsterdam as stad sekerlik bekend veronderstel kan word by sommige Suid-Afrikaanse Eybers-lesers, is daar waarskynlik relatief min met 'n intieme kennis daarvan. 'n Bekendheid daarmee is vir baie provinsiale Nederlanders ook geen vanselfsprekendheid nie, maar die kanse is groter dat hulle weens bekendheid met ander Nederlandse stede 'n baie duidelike voorstelling kan maak van byvoorbeeld 'n kade of park wat beskryf word.

Die steekproef onder Wits-derdejaarstudente waarby hulle gevra is om alles aan te teken wat vir hulle vreemd is in Eybers se gedigte en te motiveer waarom dit vir hulle so is (sien 11.4), het aan die lig gebring dat hulle gou geneig is om 'n "dieper" betekenis te soek agter plekname wat vir die gemiddelde Nederlander as woord of náám nie veel beteken nie, maar bloot 'n aanduiding van geografiese ligging is. Suid-Afrikaners se "onkunde" oor Nederlandse geografie maak hulle uiteraard meer ontvanklik vir die letterlike woord waarmee daarna verwys word. Dit is moontlik dat Eybers self bewustelik die woordpotensiaal van sommige plekname uitbuit - veral aangesien sy so selde werklik spesifiek is daaroor.

In "Aan F.D." (VG-589) is dit byvoorbeeld vir die spreker 'n opsigtelike skok om in "sondronk verwatring" die "Nachtwachtlaan" op te merk. Kontraswerking (dag/nag, lewe/dood) met behulp van hierdie eienaam (in die algemeen beteken dit "persoon die

gedurende de nacht de wacht houdt", maar die straatnaam verwys waarskynlik eerder na die bekende skildery van Rembrandt) is hoogs relevant.[10]

"Besoek aan 's-Graveland" (VG-411) maak nêrens eksplisiet melding van 'n graf of begraafplaas nie, alhoewel daar talle beskrywings is wat daarop dui dat die spreker saam met iemand 'n begraafplaas besoek ("jou ouers reghoekig ingeraam", "sober rye", "datumpare", "die marmer akte, swart op wit"). Terwyl 's-Graveland vir Nederlanders in eerste instansie 'n woord-assosiasie sal hê met die grawe en patrisiërs wat in die middel van die sewentiende eeu landhuise daar aan die suidrand van die Gooi opgerig het, was die Suid-Afrikaanse studente se enigste gedagte dat dit nie 'n pleknaam is nie, maar eintlik begraafplaas beteken. Die onbekende pleknaam versterk dus vir Suid-Afrikaanse lesers die "inhoud" van die res van die gedig.

Aangesien "Vir Thérèse" (VG-546) in eerste instansie oor 'n ontmoeting gaan, is deur die studente gemeen dat die pleknaam Groet 'n ekstra betekenis moet hê. Nederlanders sal besef dat die Noord-Hollandse omgewing waarin die aangesproke Thérèse haar met 'n "suidelike en sluierige aksent" bevind, die rede is waarom sy as "kripto-immigrant" beskryf word.[11]

Spesifieke Suid-Afrikaanse plekname kom baie selde voor in Eybers se "Nederlandse" bundels. Na die Witwatersrand en die Hoëveld word 'n aantal kere verwys. Nederlanders sal moontlik veel gouer as Afrikaanse lesers geneig wees om nog die letterlike betekenisse van die woorde "Hoëveld" en "Witwatersrand" te aktiveer. Vir Suid-Afrikaners het laasgenoemde woord geen natuurassosiasie meer nie, maar verwys dit bloot na die digbevolkte stedelike myngebied rondom Johannesburg. Wat betref die hardheid van die Witwatersrandlandskap, behoort Nederlandse lesers uit die gelyknamige gedig (VG-244) wel 'n goeie voorstelling te kan maak:

> Kan ooit in hierdie flitsende verskiet
> van kwarts en doleriet
> iets sags geskied?

"Brief in Januarie" (VG-245)[12] volg op "Witwatersrand" (VG-244) en dit is duidelik dat die spreker haar steeds daar bevind wanneer sy "staar",

> ligduiselig deur die wye leegte waar,
> uit erts gepers, my minerale stad
> regstandig uit die kim skiet, krat op krat:
> reklamepanorama van karton
> meedoënloos ontliggaam deur die son.

Referensiële probleme

Slegs in "Winter" (VG-371) word Johannesburg spesifiek benoem. In "1 Desember" (TS:10/34) word "'n hoëveldse Julienag" gekontrasteer met die einde van 'n Desemberdag in Nederland. In "Sug" (TS-20/44) dink Eybers terug aan die verlede en sonder dat Johannesburg of die Witwatersrand benoem word, herken lesers dit weens sommige woordelikse ooreenkomste met bogenoemde vroeër gedigte:

> Die skemering waarin ek versink
> kan plots die verlede terugwink
>
> eldorado van t'ntelende lig
> onuitputlike vergesig
>
> oase wat heeljaarlang
> granietheuwels weelderig omvang
>
> uitwaaierend buite die stad
> so veerkragtig aaneengekrat
> (...)

Stellenbosch word in "Februarie" (VG-550) by wyse van kontras met Nederland in twee reëls beskryf:

> (...) Wat ek magteloos onthou
> is druiwekorrels, nefriet of kobaltblou,
> hoe hulle swel van sonop tot soel aand.

Suid-Afrikaanse lesers weet dat Stellenbosch omring word deur wingerde op wynplase, maar Nederlandse lesers deel nie hierdie kennis nie en sal nie besef hoe algemeen-tipies Eybers se keuse is om "druiwekorrels" te benoem as verteenwoordigend van haar herinnering aan Stellenbosch nie.

Ander Suid-Afrikaanse plekverwysings is na die Kalahari in "Die ouderdom is nie noodwendig saai:" (VG-554) en die "Transvaalse kalkaarde" in "Trip" (VG-578), maar dit is minder spesifiek as die stad- en dorpsname. Dat dit wel 'n herkenningsfunksie vir Suid-Afrikaanse lesers het, is duidelik. In "Trip" merk die spreker wat "vir die soveelste keer" op straat geval het op:

> (...) Dalk
> het die harde Transvaalse kalkaarde my toegerus
> om derglike swaartekragaanslae uit te lok
> in 'n stroewe omgewing.

Die Kalahari-verwysing word as kontraswerking ingevoer:

> Ervaring vloei van alp tot oewerriet,
> van kalahari tot fluweel vallei ...

In die wennende Nederlandse vertaling van dié gedig (sien 11.7.1 oor die redaksie van *Surplus* se vertaalwedstryd) staan:

> Ervaring valt van alp omlaag
> trekt door woestijngebied.

Die redaksie het spesifiek beswaar teen die weglating van die Afrika-pleknaam: "Jammer is ook dat een sprookjesachtig woord als 'kalahari' verdwenen is." Hierdie opmerking dui daarop dat plekname inderdaad twee funksies kan hê: identifikasie weens bekendheid en eksotiese sjarme weens onbekendheid met die spesifieke gebied.

12.3 KLIMAATSVERSKILLE TUSSEN NEDERLAND EN SUID-AFRIKA

Eybers-lesers wat hulle aan verskillende kante van die ewenaar bevind, moet op 'n ander referensiële kwessie bedag wees wat verbonde is aan veroorsaak deur diese verskille. Vir 'n Nederlander is Julie somer en Desember winter terwyl die omgekeerde ir Suid-Afrikaners geld. Aangesien Eybers se nege "Nederlandse" bundels ongeveer dertig gedigte bevat waarin pertinent sprake is van die weer en die uitwerking wat dit op die spreker het, is dit belangrik dat Eybers-lesers by die sien van titels soos "Augustus" (VG-69,-265), "November" (VG-272,-547), "Vroegmaart" (VG-429) en "Februarie" (VG-550) dus weet wat hulle te wagte moet wees. Vergelyk byvoorbeeld "1 Desember" uit *Teëspraak* waarin Eybers die twee winters visueel met mekaar in verband bring.

Die belang van die Nederlandse klimaat vir Eybers se poësie is as volg deur Hans Ester (1988) beskryf:

> De uiterlijke eigenaardigheden van het klimaat in Nederland vormen voor Elisabeth Eybers de fysiek weliswaar hinderlijke maar tegelijkertijd vitale impuls om van het menselijk bestaan in ruimte en tijd rekenschap af te leggen. Afgezien van de vraag of Elisabeth Eybers in Nederland gelukkig is, is dit land met al zijn haken en ogen, als een soort permanente drempel nodig, of in ieder geval belangrijk, om de dichteres te laten struikelen en schrijven. Nederland is het ondermaanse bij uitstek. Maar dit ondermaanse leent zich nochtans voor een tijdelijk onderdak.

Net soos Jansen, Nienaber-Luitingh en Olivier (almal in Ester & Lindenberg 1990) beskou Ester "Dooi" (VG-551) as die triomfantelike bewys daarvan dat Eybers hierdie onderdak vind:

> Hierdie maartse middag toe die - byna bloot -
> son soos 'n gloeikous deur die newel lek
> en die sneeukombers hom krummelig terugtrek
> en die wiegelende ysmembraan ervaar
> dat hy in die antrasiet kanaal vergaan
> kom só 'n warmte in my opgestoot

met skokgolfies - aanwysbaar waarvandaan -
wat, op die nippertjie, ook Amsterdam
omvat. Eindelik ná vyf-en-twintig jaar.

12.3.1 SPESIFIEKE VERGELYKINGS VAN KLIMAATSOMSTANDIGHEDE

In 'n aantal gedigte word ooreenkomstige seisoene eksplisiet met mekaar vergelyk. Elk van Eybers se stelle lesers kan dan ten minste een duidelike voorstelling maak uit eie ervaring, en bowendien word die onbekende omstandighede beeldend beskryf en sodoende bekend gemaak. Nederlandse lesers wat die "spits van 'n hoëveldse winter" of die "hoogty van herfs" in die Boland nie ken nie, en Suid-Afrikaanse lesers wat nie weet hoe somber 'n Nederlandse winter is en hoe v gdevol die daaropvolgende lente nie, het elk 'n referensiële "oop plek" wat deur Eybers se beskrywings "ingevul" word.

In "Brief in Januarie" (VG-245) en "Voorjaar" (VG-256) - gedigte voor "Immigrant" in *Balans* - is die posisie van waaruit geskryf word Suid-Afrikaans. In Januarie is dit somer in die "minerale stad" Johannesburg:

reklamepanorama v n karton
meedoënloos ontliggam deur die son.

Suid-Afrikaanse lesers kan 'n goeie voorstelling maak van hierdie hitte, en ook besef hoe opgewonde die beskrywing uit 'n (sekerlik buitelandse) brief die spreker *moes* gemaak het: "*...en toe ek wakker word was alles wit ...*". Dis opvallend dat Eybers volstaan met die konstatering dat "uitgelate beelde (...) 'n kristalfyn sprokie" voorstel. Sy gee nog geen eerstehandse konkrete beskrywing van 'n prille sneeuoggend nie.

Alhoewel dit nie moontlik is om met stelligheid te sê dat die spreker haar nog in Suid-Afrika bevind wanneer sy skryf oor die terugkeer van die "klein skerp trekswaeltjies" in "Voorjaar" (VG- 256) nie, dui die bundelkonteks tog daarop. Die spreker identifiseer haar nie verwelkomend nie, maar in 'n omgekeerde rigting met die swaeltjies:

Klein en verkluim in hierdie leë ruim,
gesnawel en gewiek en somersiek
spits sy haar dag na dag in teëvlug.

In teenstelling tot die swaels wat die somer kom opsoek, soek sy "'n nis wat tussen newels is"; soek sy skuiling van die somer.